


1985 072 572 01



U.O.V.S. - BIBLIOTEK
198507257201220000019


HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

DIE MUSIEKGESKIEDENIS VAN OOS-LONDEN 1872 - 1922

deur Widor du Toit

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Doctor Philosophiae in Musiekwetenskap in die Fakulteit
Lettere en Wysbegeerte (Departement Musiek) aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Promotor: Prof. Dr. J H Potgieter
Medepromotor: Prof. Dr. M C E van Schoor

Bloemfontein
Junie 1985

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

BL: IN

24 11 1985

T 780.968755 TOI

BIBLIOTEC

Hiermee wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor:

- Die Here, sonder wie se krag en genade geen taak moontlik is nie.
- Prof. Dr. J. H. Potgieter vir sy duidelike vakkundige leiding, volgehoue belangstelling en besondere moeite.
- Prof. Dr. M.E.C. van Schoor vir uiters waardevolle en nuttige wenke.
- Die Openbare Biblioteek, Oos-Londen, vir die beskikbaarstelling van die Daily Dispatch en ander belangrike bronnemateriaal.
- Die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, vir die verskaffing van informasie oor die vroeë musiekgeskiedenis van Oos-Londen.
- Die Oos-Londen Museum en veral mev. Jill Vernon vir waardevolle inligting.
- My vrou, Linda, wat nie net toegewyd en onvermoeid die proefskrif getik en versorg het nie, maar feitlik ook al die voorlopige tekste.
- Mnr. D. Botha vir die taalversorging.
- Mejj. L. Heydenrych en C. Avenant vir hul moeite in die afneem van informasie.
- Mnr. P. Ware en R. de Lange vir die neem van foto's.
- Kirsten's Office Supplies vir die beskikbaarstelling van hul toebehore.
- Griffith Standard vir die netjiese bindwerk.
- N. G. Kerk, Nahoon, vir die gebruik van hul tikmasjien.

Widar du Toit

I N H O U D

<u>Voorwoord</u>	(i)
<u>Verduideliking</u>	(iii)
<u>Die totstandkoming van Oos-Londen</u>	(iv)
I 1872 - 1902	1
1 <u>KONSERTE 1872 - 1902</u>	1
1.1 Enkele georganiseerde pogings 1877-1879	1
1.2 'n Moeisame groeiproses 1881-Julie 1898	3
Twee nuwe sale stimuleer aanbiedinge 1881-1882	3
Sporadiese opflikkering 1884-1892	5
'n Lewelose tydperk te midde van enkele verdienstelike bydraes 1884-1887	5
Drastiese afname in aanbiedinge	8
'n Dooiepunt 1893-1894	11
'n Wisselvallige periode 1895-Julie 1898	11
Betrokkenheid van die jeug 1896-1897	12
Konserte deur volwassenes suksesvol	13
Resultate wisselvallig	14
Positiewe klemverskuiwings Julie 1898-Januarie 1899	15
Instrumentale ontwikkeling Julie 1898-November 1898	15
Toetrede van instrumentale en vokale ensembles 1899	17
Aktiwiteite op die Wesbank Junie 1899	19
Kerkgeboue vir sekulêre konserte	20
1.3 Historiese, argitektoniese en kwalitatiewe verwickelinge Augustus 1899-1900	20
Die Anglo-Boere-oorlog	20
Argitektoniese ontwikkeling	21
Ingebruikneming van nuwe stadsaal	21
Die Beach Reading Room	22
Kwalitatiewe groei 1900	22
Betekenisvolle mylpale	24
1.4 Opvallende oplewing na aanvanklike slakkepas	26
Twee betekenisvolle vokale konserte	26
Die Ows-kwartet	26

	Exhibition-konsert	28
	Voortsetting van ensemble-musisering	29
1.5	Ernstige musiek in toenemende mate beoefen 1902	29
	'n Effense insinking	36
	Wendt en Moeller verantwoordelik vir ver- dere verryking	37
1.6	Samevatting	39
2	<u>GEWYDE AANBIEDINGE 1872 - 1902</u>	41
2.1	Aanbiedinge yl gesaai 1872-1882	41
2.2	Enkele ligpunte in 'n dorre periode 1883-1888	43
2.3	Langsame ontplooiing 1889-1892	
	Twee bemoedigende pogings	45
	Cornuel vir momentum verantwoordelik	46
	Groter ewewig tussen instrumentale en vokale werke 1891	47
2.4	Momentum ontbreek 1893-1894	50
	'n Enkele hoogtepunt	50
	Geringe oplewing 1894	51
	Groter doelgerigtheid 1895	53
2.5	'n Onverklaarbare insinking April 1897- Desember 1899	56
	'n Enkele werk verleen momentum	57
	Enkele ligpunte	57
2.6	Bemoedigende verwikkelinge Junie 1902- Desember 1902	59
	Nuwe orrel 'n stimulant	59
	'n Oratorium	60
	Kritiese beskouings oor die beoefening van kerkmusiek in Oos-Londen se gemeentes	61
2.7	Samevatting	
3	<u>VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1872 - 1902</u>	65
3.1	'n Slakkepas 1872-1881	65
	Aanbiedinge yl gesaai	66
	Musiek as plooiibare medium	67
3.2	Klemverskuiwings	68
3.2.1	Wesbank-bedrywighede 1881-1894	69
	Uiteenlopende verskynsels	69
	Aanbiedinge slegs sporadies 1891-1902	70
3.2.2	Verskeidenheidskonserte op die Oosbank 1881-1902	71

	Aktiwiteite 1881-1883	71
	Musiek as funksionele medium	71
	Verskeidenheid meer opvallend	72
	Drastiese afname in aanbiedinge 1884-1892	73
	Musikale oplewing	74
	Verrykende tendense 1893-1896	75
	Ensemble-musisering	75
	Musikale inhoud verstewig	76
	Aanbiedinge met historiese betekenis	77
	Langsame ontplooiing 1897-1901	77
3.2.3	Die rol van die spoorweë in verskeidenheidskonserte	82
	Finansiële doelwitte	82
	Die Railway Orchestral Band	83
	Afplatting gevolg deur geringe oplewing	83
	Aanbiedinge skaars in 1892-1896	84
3.2.4	Betrokkenheid van die plaaslike militêre regiment by verskeidenheidskonserte 1888-1894	85
	Optredes in groepsverband	85
3.2.5	Jeugbedrywighede	87
3.2.6	Die rol van kerk- en welsynsorganisasies in verskeidenheidskonserte 1889-1902	89
	Kerk-organisasies	89
	Welsynsorganisasies	90
	International Order of Good Templars	90
	Die Temperance Musical Society	91
3.2.7	Smoking Concerts 1883-1898	92
3.2.8	Soirees	94
3.2.9	Die Seamen-instituut	94
3.2.10	Aanbiedinge gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902	97
3.3	Samevatting	99
4	<u>VERENIGINGS 1872 - 1900</u>	101
4.1	Die East London Choral Society 1872	101
	'n Kortstondige bestaan	101
4.2	Die East London Choral Society 1882-1893	102
	Klem op ligter werke	106

4.2.1	Positiewe- en negatiewe verwickelinge	108
	Verwarring 1884	108
	Afwesigheid van kooresemble	108
	Jaarverslag	110
	Bondige oorsig	110
	Instelling van Popular Entertainments	111
	'n Ernstige aanbieding	113
	Populêre konserte steeds gewild	114
4.2.2	'n Wankelrige periode 1886- Augustus 1890	115
	Drie ligpunte	116
4.2.3	'n Relatief lewendige tydperk Oktober 1890-Februarie 1892	118
	Momentum gehandhaaf	121
4.2.4	Tydperk van verval en oplewing	124
	Hyde se afwesigheid 'n gevoelige slag	124
	Effense oplewing	125
4.3	Die East London Choral and Orchestral Union 1894-1898	126
4.3.1	'n Nuwe era	126
	Assistering deur buitelandse sangers	130
	Bondige oorsig	132
4.3.2	Trae momentum ten spyte van positiewe verwickelinge 1896-1897	133
4.3.3	Onenigheid en ontbinding September- Desember 1898	136
	Polemiek voortspruitend uit opvoering	137
	Griewe voortspruitend uit opvoering in King William's Town asook ontevredenheid oor vereniging in die algemeen	138
	Laaste konsert	140
4.4	Samevatting	141
	Die East London Choral Union	141
	Die East London Choral and Orchestral Union	142
4.5	East London Philharmonic Society	143
	'n Nuutgestigte vereniging	143
	Plotselinge beëindiging van vereniging	144
4.6	Die East London Musical Association	144
	Indrukwekkende debuut	145

	Die Skepping - teenstrydige indrukke	145
	Opvolgende pogings suksesvol	149
4.7	Samevatting	150
5	<u>AANBIEDINGE DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS</u>	152
	<u>EN GESELSKAPPE 1872 - 1902</u>	
5.1	Konserte 1872-1902	152
5.1.1	Aanbiedinge slegs sporadies 1872-1883	152
5.1.2	'n Dooiepunt 1884-1887	153
5.1.3	Aanbiedinge steeds sporadies dog ver- rykend 1888-1897	153
	Uitstaande vokale en instrumentale bydraes	153
5.1.4	Plotselinge stilstand Augustus 1900- Maart 1902	163
5.1.5	Teenstrydige elemente Maart 1902- Desember 1902	163
5.1.6	Samevatting	166
5.2	Verskeidenheidskonserte 1872-1902	168
5.2.1	'n Slakkepas 1872-1883	168
5.2.2	Momentum steeds traag 1884-1890	169
5.2.3	Momentum 1891-1893	170
5.2.4	Verskeidenheidselemente gering	172
5.2.5	Wisselende kwaliteit	172
5.2.6	Verskeidenheid gehandhaaf	174
5.2.7	Verskeidenheidskonserte gedurende die Anglo-Boere-oorlog	175
5.2.8	Samevatting	176
5.3	Opera 1872-1902	178
5.3.1	Aanbiedinge yl gesaai 1872-1902	178
5.3.2	Groter reëlmatigheid; klem steeds op ligte werke 1888-1897	178
5.3.3	Jeuggeselskappe 1898-1901	181
5.3.4	Twee geselskappe verbreek eensydighed van jeuggeselskappe 1899-1902	184
5.3.5	Samevatting	185
5.4	Blaasorkeste 1872-1902	187
5.4.1	Geen bedrywighede 1872-1885	187
5.4.2	'n Taamlik aktiewe periode 1886-1890	187
5.4.3	Weer eens geen aktiwiteite 1891-1898	188
5.4.4	Hernieuwe oplewing 1899-1902	188
5.4.5	Samevatting	190

6	<u>PLAASLIKE BLAASORKESTE 1872 - 1902</u>	191
6.1	Blaasorkeste afwesig in Oos-Londen se wordingsjare	191
6.2	Spoorwegorkes	191
	6.2.1 Optredes sporadies 1882-1891	191
6.3	Die Kaffrarian Regiment-orkes	193
	Enkele optredes	193
	Promenadekonserte 1887	193
	6.3.1 Momentum 1890-1894	194
	6.3.2 Insinking	196
	Fred Howe tree uit	197
	Levy Howe nuwe kapelmeester	197
	Geskil oor orkesverhoog	197
	6.3.3 Positiewe gebeurlikhede	198
	Her-oopstelling van parke en Sondagoptredes	198
	Eerste buitelugkonsert	199
	Wyer publiek betrek	200
	6.3.4 Aktiwiteite gering tydens Anglo-Boereoorlog 1899-1902	201
6.4	Wesbank-blaasorkes	202
6.5	Samevatting	203
7	<u>SKOOLKOORKOMPETISIE 1899 - 1902</u>	205
7.1	Inisiëring	205
7.2	1899	205
	Kultuurverrykende gebeurtenis	206
7.3	1900	206
7.4	1901	207
7.5	1902	207
7.6	Samevatting	209
8	<u>MUSIEKONDERWYSERS 1881-1902</u>	210
8.1	Opvallende veelsydigheid	210
8.2	Samevatting	221
9	<u>EKSAMENAKTIWITEITE 1891 - 1902</u>	222
9.1	Eerste teoretiese inskrywings suksesvol	222
	Toename in inskrywings 1893	222
	Afname in inskrywings	223
9.2	Praktiese eksamens oorweeg	224
9.3	London College of Music	224
9.4	London College of Music geniet steeds aftrek	226

9.5	Praktiese eksamens steeds afwesig by Trinity College	226
9.6	London College of Music se aktiwiteite 1899	226
	Konflik	229
9.7	Toename in inskrywings, Trinity College 1899	231
9.8	London College of Music 1900	233
9.9	Universiteit Kaapstad	233
9.10	London College 1902	234
9.11	Samevatting	235
10	<u>HANDELAARS, FIRMAS EN STEMMERS 1882 - 1902</u>	237
10.1	Handelaars/Firmas sporadies bedrywig 1882-1902	237
	Mendelssohn se Music and Pianoforte Depot	237
	Hebbes en Kie.	238
	Hermann Kröger en Vennote	238
	Mendelssohn steeds aktief	238
	Bedrywigheste gestaak	239
	Gemis aan gevestigde verskaffer	240
	Hammerland se East London Music and Piano Warehouse	241
	Hebbes en Kie.	241
	Hammerland verstewig sy posisie	242
	Percival Grout en Carl Moeller	242
	Jackson Brothers	243
10.2	Stemmers	243
11	<u>OORSIGTELIKE SAMEVATTING 1872 - 1902</u>	248
II	1903 - 1914	250
1	<u>KONSERTE 1903 - 1914</u>	250
1.1	Progressiewe tendense te midde van stagnante faktore 1903-1907	250
1.1.1	Franz Moeller se Orchestral Class 1903-1906	250
1.1.2	Betrokkenheid van kerke by konsertaanbiedinge 1903-1904	253
	Klem op ligte werke	253
	Popular Shilling Concerts	254
1.1.3	Konserte van Patriotiese en Historiese aard	256
1.1.4	Mev. Baker se opbouende bydraes 1905-1907	260

1.1.5	Gebrekkige momentum 1905-1907	267
1.1.6	Ensemble-musisering	267
1.1.7	Voortstuwing 1906	268
1.1.8	Klassieke komponiste geniet verteenwoordiging	270
1.1.9	Retrogressie 1907	271
1.2	Progressie en verval 1908-1912	273
1.2.1	Eweredige verdeling tussen ligte en ernstige items 1908	273
1.2.2	Toename in verteenwoordiging van werke van ernstiger aard Januarie 1909-Okttober 1909	275
1.2.3	Afplatting November 1909- Desember 1912	277
	Getal daal November 1909- Desember 1910	277
	Kwaliteit daal Januarie 1911- April 1912	278
	Kerk stimuleer aanbiedinge	278
1.2.4	'n Laagtepunt Mei-Desember 1912	280
1.2.5	Bemoedigende faktore te midde van slakkepas Januarie 1913- Julie 1914	281
1.3	Samevatting	284
2	<u>GEWYDE AANBIEDINGE 1903 - 1914</u>	286
2.1	Konstruktiewe tendense te midde van trae pas 1903-1907	286
2.1.1	Opflikkering op instrumentaal-vokale vlak 1903	286
	Beduidende leiding deur Chapman	286
	Twee orkesensembles	289
	Little Orchestra	289
	Beach Orchestra	290
	Inwyding van kerkorrel	291
	St. Andrew-kerkkoor	291
2.1.2	Positiewe en negatiewe verskynsels 1904	291
	Aktiwiteite gering Januarie- Julie 1904	292
	Opvoedingswerk voortgesit	292
	Oplewing	293
2.1.3	Teenstrydige verwikkelinge 1905	294
	'n Remmende faktor	294
	Toename in koor-optredes	295
2.1.4	Progressie 1906	300
	Oplewing in koorwerke duur voort	300
	Instrumentale aktiwiteite	303

2.1.5	Afname in aanbiedinge	1907	303
2.2	Gangbare momentum	1908-1910	304
2.2.1	Verstarring	1908	304
	Koor-aktiwiteite		305
	Instrumentale-aktiwiteite		305
2.2.2	Aanbiedinge sporadies	1909	306
2.2.3	Momentum ten spyte van afwesigheid van koor-ensembles		309
	Orreluitvoerings		309
	Sondagaandkonserte		311
2.3	Vaudevilles smoor gewyde aanbiedinge		314
	Januarie 1911-Julie 1914		314
2.3.1	Orreluitvoerings keer insinking	1911	314
2.3.2	Sondagaandkonserte		315
	Vokale konsert		316
2.3.3	Verdere agteruitgang	1912	316
2.3.4	Effense oplewing		318
	The London Imperial Orchestra		318
	Orreluitvoerings		321
	Koor-aanbieding		322
2.3.5	Aktiwiteite gering	Januarie 1914-Julie 1914	322
2.4	Samevatting		323
3	<u>VERSKEIDENHEIDSKONSERTE</u>	<u>1903 - 1914</u>	326
3.1	Musikale verryking gering	1903-1910	326
3.1.1	Alle smake geakkommodeer		326
3.1.2	Enkele uitstaande en nuuswaardige geleenthede	1904-1906	327
	Excelsior Male Voice Party		327
	Orpheus Orchestra		330
	Hungarian Band		330
	Musical Evenings		330
	Ernstiger items ingesluit		331
	'n Kwantitatiewe hoogtepunt		331
3.1.3	Verskeidenheidskonserte as insamlingsgeleenthede		332
3.1.4	Stewiger inhoud ná swak verteenwoordiging van musiekitems	1908	333
3.1.5	Toetrede van ensembles	1909	333
3.1.6	Toename in ernstiger items	1910	334
3.2	Stimulering ten spyte van verval	1911-1913	335

3.2.1	Opvallende uiteenlopendheid	335
3.2.2	Vooruitgang ten spyte van vaudevilles 1912-1913	337
	Die Doraymees	337
	Aanbiedinge steeds verkwikkend	338
	St. John Glee Party	339
	Mev. Ogilvie se pogings	339
	Hertoetrede deur Doraymees	341
	'n Potpourri 1913	342
3.3	Samevatting	343
3.4	Verskeidenheidskonserte op kleiner skaal	344
	Smoking Concerts	344
	Instrumentale items verleen verskeiden- heid	344
	International Order of Good Templars	345
	Young Men's Christian Association	346
3.5	Verskeidenheidskonserte in Cambridge	347
	Verbreiding na aanvanklike enge same- stellings	347
3.6	Seamen's Institute	349
	Stimulus vir besoekende seelui en plaas- like amateurs	349
	Toename in aanbiedinge	351
3.6.1	Samevatting	356
4	<u>VERENIGINGS 1904 - 1913</u>	357
4.1	East London Choral Society 1904-1913	357
4.1.1	Herlewing van die East London Choral Society	357
4.1.2	Voortsetting van aktiwiteite 1905- 1906	358
4.1.3	Gaskunstenaars betrek	359
4.1.4	Samevatting	367
4.2	East London Orchestral Society 1905	368
4.2.1	Geen ontplooiing	368
4.3	West Bank Choral Society 1905-1908	369
4.3.1	Optredes verdienstelik dog sporadies	369
4.4	East London Operatic Society 1903-1909	370
4.4.1	Vereniging populêr ingestel	370
4.4.2	Insinking	371
4.4.3	Oplewing	371
4.4.4	Herstrukturering geslaagd	372

4.4.5	Agteruitgang	373
4.4.6	Samevatting	373
5	<u>BESOEKENDE KUNSTENAARS EN GESELSKAPPE</u> <u>1903 - 1914</u>	375
5.1	Konserte 1903-1914	375
5.1.1	Verrykende invloed in 1903	375
5.1.2	Hoogtepunte in 1904	377
5.1.3	Uitstaande instrumentaliste 1905	380
5.1.4	Afname in aanbiedinge, dog peil gehandhaaf 1906-1908	384
5.1.5	Toename in konserte deur besoekende kunstenaars 1909-1910	386
5.1.6	Kontralto's oorheers 1911	390
5.1.7	Sprankel verdof in 1912	392
5.1.8	Drastiese afname in konserte 1913- 1914	393
5.1.9	Samevatting	394
5.2	Verskeidenheidskonserte 1903-1914	396
5.2.1	Omvangryke verskeidenheid	396
	Von Biene	396
	Biograph Concerts	396
	Westminster Glee Concert Party	397
	Charles Saunders	397
	London Gaiety Company	397
	London Musical Comedy Company	398
	Steele-Payne Bellringers	398
	Twee internasionaal-erkende ensembles	399
	Austro-Hungarian Ladies' Band	399
	Besses o' th' Barn Band	399
	Musical Madcaps en Scarlet Troubadours	401
	Troubadours, Steele-Payne Bellringers en Merry Mascots	401
	Maud Allan	401
	Royal Strolling Players	402
	London Trocadero Orchestra	402
	Komedie-geselskappe	403
5.2.2	Samevatting	403
5.3	Operas en operettes 1903-1914	404
5.3.1	Opvoerings slegs sporadies	404
	Moody-Manners Grand Opera Company	404

	King William's Town-geselskap	405
	John Ridding opera-geselskap	405
	King William's Town-geselskap	406
5.3.2	Samevatting	406
5.4	Besoekende Blaasorkeste 1903-1914	407
5.4.1	Besoeke van blaasorkeste verrykend	407
	Hungarian Military Boys' Band	407
	16th Lancers-blaasorkes	407
	Cape Mounted Riflemen	408
	3rd Manchester Regiment	408
	4th Royal Irish Dragoon Guards	409
	Cape Mounted Riflemen	410
	5th Dragoon Guards	411
	Band of the 3rd Hussars	412
	2nd Welch Regiment	413
	1st Battalion King's Own Yorkshire Light Infantry	413
	Duke of Cornwall's Light Infantry Band	414
	March King Sousa-orkes	414
	Duke of Cornwall's Light Infantry Band	415
	Pleidooi om populêre musiek	416
	Sixth Dragoon Guards	417
	2nd Bedfordshire Regiment Band	418
	King William's Town Borough Band	419
5.4.2	Samevatting	420
6	<u>JEUGKONSERTE 1903-1913</u>	422
6.1	Beduidende ontplooiing	422
6.2	Afname in leerlingkonserte, dog gehalte goed	426
6.3	Besondere oplewing	430
6.4	Vooruitgang te midde van wisselvallige meriete	432
6.5	Drastiese afname in leerlingkonserte 1912-1913	438
6.6	Samevatting	439
7	<u>VAUDEVILLES 1911-1914</u>	441
7.1	Onmiddellike aanklank	441
7.1.1	Ryke verskeidenheid 1911	442
	Sang domineer	443
	Verskeidenheid	444
	Sang weer oorheersend	445

7.2	Vaudevilles in oorsvloed	1912	446
7.3	Standaard en momentum gehandhaaf	Januarie - Mei 1913	454
7.4	'n Afname in die getal aanbiedinge	Junie - Desember 1913	456
7.5	Aktiwiteite weer eens bedrywig	Januarie - Julie 1914	459
	7.5.1 Bondige lys van optredes		461
7.6	Samevatting		463
8	<u>KOMPETISIES</u>	<u>1903 - 1912</u>	465
8.1	Skoolkoorkompetisies	1903-1912	465
	8.1.1	1903	465
	8.1.2	1904	465
	8.1.3	1905	468
	8.1.4	1906	468
	8.1.5	1907	469
	8.1.6	1908	470
	8.1.7	1909 en 1910	471
	8.1.8	1911 en 1912	471
	8.1.9	Samevatting	471
8.2	Algemene kompetisies	1904-1908	472
	8.2.1	1904	472
	8.2.2	1905	472
	8.2.3	Mei 1906	473
	8.2.4	Augustus 1906	474
	8.2.5	Belangstelling kwyn drasties	1907-1908 476
	8.2.6	Samevatting	477
9	<u>DIE KAFFRARIA REGIMENT-BLAASORKES</u>	<u>1903-1913</u>	478
9.1	Momentum herwin		478
9.2	Promenadekonserte word 'n instelling		480
9.3	Allerlei strominge en verwikkelings	1906-1907	481
	Pleidooi vir stigting van Town Band		481
	Wheeler nuwe kapelmeester		482
	Stigting van String Band misluk		482
	Programinhoud gekritiseer		483
	Inwyding van nuwe orkesverhoog		484
	Tremdienste lei tot meer optredes		484
9.4	Afname in optredes	Februarie - Junie 1908	485
	Moeller nuwe kapelmeester		485
	Wenslikheid van besoekende blaasorkeste		486
	bevraagteken		

9.5	Periode van oplewing en insinking Junie 1910 - Desember 1913	487
9.6	Samevatting	491
10	<u>MUSIEKONDERWYSERS 1903-1914</u>	493
11	<u>OORSIGTELIKE SAMEVATTING 1903 - Julie 1914</u>	498
III 1914 - 1918		
1	<u>KONSERTE GEDURENDE DIE EERSTE WÊRELDOORLOG 1914 - 1918</u>	500
1.1	Oplewing en opvallende klemverskuiwings	500
1.1.1	Patriotisme oorheers	500
	Aanbiedinge ten bate van die Belgian Widows' and Orphans' Fund	504
	Enkele ernstiger items	505
1.2	Afplattung: konserte steeds vir finansiële gewin 1914	506
1.2.1	Groepsaanbiedinge	506
	Ernstige items skaars	507
1.3	Toename in aanbiedinge 1916	508
1.4	Aanbiedinge 1917	510
1.4.1	Mev. Ogilvie se pogings	511
1.4.2	Die Lyrics	513
1.4.3	Aanbiedinge deur groepe dames	515
1.4.4	Twee prysenswaardige aanbiedinge	516
1.4.5	Twee aanbiedinge sonder oorlogtemas	517
1.5	Konserte 1918	518
1.5.1	Konserte van ernstiger aard	518
1.5.2	Verskeidenheidskonserte	520
	The White Diamonds	520
	'n Reeks winterkonserte	520
	The Catholic Choral Union	522
1.6	Samevatting	523
2	<u>GEWYDE AANBIEDINGE 1914 - 1918</u>	525
2.1	Afname in getal aanbiedinge, maar handhawing van standaard 1914	525
2.1.1	Orreluitvoerings	525
2.1.2	Ensembles	526
2.2	Soortgelyke tendense 1915	527
2.2.1	'n Kantate	527
2.2.2	Orreluitvoerings	528

2.3	in Laagtepunt	529
2.4	Meer konserte met afplating in gehalte 1917-1918	529
2.4.1	Orreluitvoerings	530
2.4.2	Goeie balans tussen vokale- en instru- mentale items	531
2.4.3	Mev. Peterson se aanbiedinge	531
2.4.4	Mev. Jack se aanbieding	533
2.4.5	Mev. Peterson weer werksaam	533
2.4.6	Aanbiedings met ernstiger inhoud	534
2.5	Samevatting	535
3	<u>AANBIEDINGE DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS EN/ OF GESELSKAPPE 1914 - 1918</u>	536
3.1	Konserte 1914-1918	536
3.1.1	Dapper pogings maar momentum ontbreek	536
	Kaapstadse munisipale-orkes	536
	Grahamstadse-geselskap	537
	Alfred Hollins	538
	Brockless	539
	Montaque Borwell	539
	John Connell	540
	William Jackson	541
	Cherniavsky-trio	542
3.1.2	Samevatting	543
3.2	Verskeidenheidskonserte deur besoekende gesel- skappe	543
3.2.1	Opvoerings slegs sporadies	543
	Pantomime en Masqueraders	544
	Scarlet Troubadours	544
	in Revue	544
	The Three Queries	545
	Weer in Revue	545
	Die Bellringers	545
	Die Musical Mionas	546
	in Revue en die Bellringers	546
3.2.2	Samevatting	546
3.3	Opera en operettes, Augustus 1914-1918	547
	Gaiety-geselskap	547
	Royal Comic-geselskap	547
	King William's Town-geselskap	547

4	<u>BLAASORKESTE</u>	<u>1914 - 1918</u>	548
4.1	'n Verwarrende tydperk		548
	4.1.1	Imperial Orchestral Band	548
	4.1.2	Pogings tot hergroepering van orkes misluk	549
4.2	Besliste oplewing		550
	4.2.1	East London District Band	550
	4.2.2	Kaffrarian Rifles Band	551
	4.2.3	Stigting van munisipale orkes	552
		Gemengde reaksie	552
		Eerste uitvoering	553
4.3	Oorlog vertroebel verhoudinge		554
4.4	Wilson-orkes		555
	4.4.1	William Smith nuwe kapelmeester	556
4.5	Samevatting		557
5	<u>MUSIEKONDERWYSERS</u>	<u>1915 - 1918</u>	558
6	<u>OORSIGTELIKE SAMEVATTING</u>	<u>1914 - 1918</u>	560
IV	1919 - 1922		562
1	<u>KONSERTE</u>	<u>1919 - 1922</u>	562
1.1	Enkele ligpunte, Maart 1919 - Mei 1920		562
	1.1.1	Soliste verbreed opset	562
	1.1.2	Toetrede van orkesensembles	563
	1.1.3	Patriotiese konserte	564
	1.1.4	Trinity Guild konsert	564
1.2	'n Nuwe era, Julie 1920 - Desember 1921		564
	1.2.1	Programme getuig van ernstiger inhoud	564
	1.2.2	Tydlike insinking	567
	1.2.3	Tendens met betrekking tot ernstiger werke duur voort	569
1.3	Konserte verval in ou populêre groef 1922		572
	1.3.1	Effense oplewing	573
	1.3.2	Populêre konserte weer oorheersend	574
1.4	1.3.3	Vertroostende faktore	574
1.5	Samevatting		575
2	<u>GEWYDE AANBIEDINGE</u>	<u>1919 - 1922</u>	577
2.1	'n Wisselvallige periode 1919-1922		577
	2.1.1	'n Armoedige tydperk 1919	577
		Orreluitvoering	577

	Kantates		577
2.1.2	Toename in gewyde aanbiedinge	1920	577
	Instrumentaal-vokale konserte		579
	Orreluitvoerings		579
2.1.3	Beduidende vooruitgang	1921	580
	Goodacre en Chapman se bydraes		580
	Kooraktiwiteite		582
2.1.4	Insinking	1922	584
	Kantates		584
	Sondagaandkonserte		585
	Kerkmusiek		586
	Orreluitvoerings		587
2.1.5	Samevatting		587
3	<u>VERSKEIDENHEIDSKONSERTE</u>	<u>1919 - 1922</u>	589
3.1	'n Bloeitydperk	1919	589
3.1.1	Pogings deur ensembles		589
	Die White Diamonds		589
	The Lyric Concert Party		590
	Catholic Choral Union		590
	Die Irresponsibles		590
3.1.2	Konserte georganiseer deur amateur- musici		590
	Mev. Ogilvie		591
	Mnr. Raphael		591
3.1.3	Verskeidenheid gehandhaaf		592
3.2	Momentum gehandhaaf	1920	594
3.2.1	Dominoes Concert Party		594
3.2.2	Ensemble-musisering en dansitems opval- lend		594
3.3	Afplatting	1921	595
3.4	Afplatting duur voort	1922	596
3.5	Samevatting		587
4	<u>AANBIEDINGE DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS/ GESELSKAPPE</u>	<u>1919 - 1922</u>	599
4.1	Konserte	1919-1922	599
4.1.1	Invloed van oorlog negatief	1919	599
4.1.2	Geringe oplewing	1920	599
4.1.3	1921 'n Hoogtepunt		601
	Sydney Rosenbloom		602
	Mona Watson		603

	Mark Hambourg	604
	Fort Hare Native Choir	605
	Kaapse Simfonie-orkes	605
	Ellie Marx, Elsie Hall, Pattie Price	606
	Sydney Rosenbloom	608
4.1.4	Standaard gehandhaaf 1922	609
	Arnold Harmonic Quartette	609
	Kaapse Simfonie-orkes	610
	Harold Samuel	611
	Kaapse Simfonie-orkes	612
4.1.5	Samevatting	612
4.2	Verskeidenheidskonserte 1919 - 1922	613
4.2.1	Afplatting	613
	Steele-Payne Bellringers	613
	African Theatres	613
	New London Company	613
	Musical Comedy Company	614
	New Musical Comedy Company	615
	Sleeping Beauty	615
	Musical Madcaps	615
	Steele-Payne Bellringers	616
	Momentum traag 1922	616
4.2.2	Samevatting	616
4.3	Operas 1919 - 1922	617
4.3.1	Oplewing ontbreek	617
5	<u>KOMPETISIES EN KUNSWEDSTRYDE 1921 - 1922</u>	618
5.1	Musical Competition 1921	618
5.2	Oos-Londen se eerste volwaardige kunswed- stryd, Januarie 1922	620
6	<u>VERENIGINGS 1919 - 1922</u>	622
6.1	Cambridge Music Society	622
6.2	West Bank Society	625
7	<u>BLAASORKESTE 1919 - 1922</u>	626
7.1	Verwikkelinge lei tot stewige grondslag	626
7.1.1	Wilson's Band	626
	Nuwe voorstelle	626
7.1.2	East London Municipal Band	627
7.1.3	East London City Band	627
7.2	Samevatting	630

8	<u>MUSIEKONDERWYSERS 1919 - 1922</u>	632
9	<u>OORSIGTELIKE SAMEVATTING 1919 - 1922</u>	633
	<u>Slot</u>	635
	<u>Verwysings</u>	642
	<u>Bylae A</u>	683
	<u>Bylae B</u>	703
	<u>Bibliografie</u>	712

VOORWOORD

Die bronnemateriaal van hierdie proefskrif is feitlik geheel en al geneem uit die plaaslike nuusblad, die Daily Dispatch, wat dikwels gedetailleerde verslae oor Oos-Londen se konsert-aktiwiteite gepubliseer het. Aangesien daar baie min ander stof met betrekking tot hierdie onderwerp oor die tydperk 1872-1922 bestaan, is die proefskrif dus in hoofsaak 'n breedvoerige uiteensetting en evaluering van die konsertlewe van Oos-Londen soos uit beriggewing in die Daily Dispatch geneem. Hierdie evaluering het hoofsaaklik om twee aspekte gewentel, naamlik die aard en kwaliteit van werke wat uitgevoer is, en die frekwensie van aanbiedinge binne sekere periodes en omstandighede. Bespreking het binne 'n relatiewe raamwerk geskied, met ander woorde, uitstaande teenoor minder noemenswaardige gebeurtenisse en/of tendense binne slegs Oos-Londen self se musikale milieu is in oënskou geneem. Daar is nie geëvalueer in verhouding tot meer ontwikkelde musiekentra in Suid-Afrika of oorsee in die dienooreenkomstige tydperk nie. Konserte is volgens hulle musikale betekenis en aard in verskillende kategorieë opgedeel om evaluering te vergemaklik. Met hierdie indeling kon sekere tendense en riglyne makliker geïdentifiseer word. Daaruit-spruitend was dit moontlik om die geheelbeeld duidelik te omskryf.

Die problematiek van hierdie projek het hoofsaaklik daarin gelê dat die Daily Dispatch feitlik die enigste bron vir navorsing was, en dat dié bron se gegewens uiteraard eensydig was. Oos-Londen se konsertbedrywighede is gerapporteer hoofsaaklik met die doel om kultuur te bevorder, wat 'n mate van eensydigheid onvermydelik gemaak het. Daarbenevens het die feit dat belangrike musiekgeleenthede slegs selde plaasgevind het (soos blyk uit hierdie bron) en die feit dat baie min ander relevante bronnemateriaal bestaan en dat persone wat eerstehandse kennis gedra het oor die periode onder bespreking reeds oorlede is, die vloei en deurlopendheid van die proefskrif bemoeilik.

Deeglik bewus van die feit dat talle van die verslae deur subjektiwiteit gekleur is, dat aktiwiteite nie altyd deur persone geresenseer is wat artistieke aanvoeling gehad het nie, en dat resensente soms sekerlik bloot opbouend wou wees, is die ontwikkeling en ontplooiing van Oos-Londen se musiekgeskiedenis nie soseer aan dié gegewens gemeet nie, maar aan die konkrete gebeure. Gebeure soos onder meer die dorp se koorvereniging wat na 'n lang sukkelbestaan plotseling werke van hoogstaande gehalte uitvoer, die totstandkoming van instrumentale- en vokale ensembles, en die solo-uitvoerings van gewigtige werke deur 'n amateur in 'n dorp waar konserte deur talle items van populêre aard op een program gekenmerk is, is maatstawe wat gebruik is vir beoordeling. Aanhalings en kommentaar van resensente dien meestal hoofsaaklik om die tydsgees, die benadering en musikale milieu van die periode weer te gee. Daarbenewens is die plasing van volledige programme 'n nuttige metode om die konsertgeskiedenis van die dorp meer volledig te weergee. Ongelukkig kan die afwesigheid van sommige komponiste in die programme nie verhelp word nie, aangesien die koerant nie die betrokke programme volledig gepubliseer het nie.

Die proefskrif is dus 'n poging tot 'n getroue weergawe en evaluasie van die musiekgebeure in Oos-Londen gedurende die tydperk 1872-1922.

VERDUIDELIKING

Die verwysingstegniek wat in hierdie proefskrif gebruik word, volg die riglyne van:

1. Reaney, G., Manuscripts of Polyphonic Music, 11th-early 14th Century, Répertoire International des Sources Musicales B IV 1, Henle München, 1966.
2. Roux, P.J.A., Referensietegniek, Departement Bibliografie en Biblioteekkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1967.
3. Van Schoor, M.C.E. en Eales, M., Handleiding by die saamstel van werkstukke, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1977.

DIE TOTSTANDKOMING VAN OOS-LONDEN

Aanhoudende onrus in die Grensgebied veroorsaak deur Xhosabendes het die vestiging van 'n staande troepemag gedurende die dertiger en veertiger jare van die negentiende eeu noodsaaklik gemaak.¹

Dit was ná die Oorlog van die Byl wat geduur het vanaf Maart 1846 tot Desember 1847², dat die regering oortuig geraak het dat 'n veilige hawe naby die oorlogsfront nodig was.³ Die militêre pos is Fort Glamorgan genoem en die eerste inwoners was die offisiere en soldate van 'n Skotse regiment.⁴

In Januarie 1848 is 'n klein nedersetting aan die Wesbank gevestig en op 14 Januarie het die Goewerneur van die Kaap, sir Harry Smith, die riviermond en die gebied 'for two miles all round' geannekseer en geproklameer as Oos-Londen.⁵

Om groter stabiliteit aan dié gebied te verleen, het sir George Grey in 1856 Brits-Duitse Legioenssoldate na Oos-Londen laat kom⁶, terwyl 153 Ierse jonge dames asook 21 Engelse huisgesinne aan die einde van November 1857 in Oos-Londen aangeland het.⁷

Afgesien van die Duitse soldate het daar ook vyf skeepvragte Duitse boerefamilies tussen Junie 1858 en Januarie 1859 in Oos-Londen geland. Soos die soldate is hulle deur die gebied Kaffraria versprei. Dié wat in Oos-Londen aangebly het, het hulle tuisgemaak op die oostelike oewer van die rivier.⁸

In 1874 is die aanbou van 'n spoorlyn van Oos-Londen na King William's Town, wat langs die oostekant van die Buffelsrivier sou afloop, deur die owerheidsweë onderneem. Die gevolg is dat die oostelike deel van Oos-Londen, wat tot op daardie tyd 'n vreedsame dorpie van Duitse

Setlaars was, ewe skielik in 'n toneel van bedrywigheid verander het. Die spoorwegarbeiders het die bevolking kom aanvul en in 'n kort tydperk het Cos-Londen se swaartepunt van die westelike na die oostelike oewer van die Buffelsrivier verskuif.⁹

Cos-Londen se inwonerstal was in 1880 sowat agthonderd.¹⁰

D E E L I 1872 - 1902

1 KONSERTE 1872 - 1902

Buiten die kortstondige bestaan van 'n koorvereniging in 1872 was die samestelling en omstandighede van die dorpie nog veels te wankelrig om musiek op 'n georganiseerde basis te kon beoefen. Verskeie faktore was vir hierdie situasie verantwoordelik. Rondom die tydperk 1872 - 1879 het Oos-Londen bestaan uit 'n stewige kosmopolitiese samestelling van Skotte, Engelse, Duitsers en Iere, wat in hul huislike kringe dikwels musiek en dan veral eie volksmusiek beoefen het.¹ Daarbenewens het Oos-Londen tot en met 1873 uit drie aparte nedersettings bestaan, naamlik Oos-Londen-Wes en Oos (wat gestrek het van die Buffelsrivier tot by Unionstraat) en Panmure (wat na Lord Panmure vernoem is). Ordonnansie 37 van 1873 het hierdie drie nedersettings in een munisipaliteit geamalgameer by wyse van 'n proklamasie op 22 April 1873 deur die Goewerneur, sir Henry Barkly.² 'n Aantal vooraanstaande openbare figure het as munisipale kommissarisse opgetree, onder andere mnr. John Gately wat as voorsitter opgetree het en later president van die East London Choral Society sou word.³

Hierdie vormingsjare van die dorpie is om begryplike redes gekenmerk deur slegs enkele verdwaalde pogings tot musikale uitvoerings, waartydens hoofsaaklik musiek van populêre aard baeoefen is. Heelwaarskynlik het die gebrek aan 'n geskikte saal ook tot so 'n kulturele leegte bygedra. Hoe dit ook al sy, musiek is wel beoefen nieteenstaande verskeie remmende faktore.

1.1 Enkele georganiseerde pogings 1877 - 1879

Soos reeds gemeld het musiekaande op 'n ongeorganiseerde grondslag aan huise plaasgevind, en ofskoon die dorpie ná 1873 op verskillende terreine meer momentum openbaar

het, het die eerste georganiseerde konsert eers in 1877 plaasgevind.

Vokale solo's, duette asook 'n klavierduet is deur bykans tweehonderd belangstellendes aangehoor toe 'n Amateur Concert op 29 Junie 1877 ten bate van die Panmure-biblioteek in die pakhuis van mnr. Walters en Vincent, Commercial Square, aangebied is.⁴ Bondig is gemeld dat hierdie aanbieding 'in every way all that could have been desired' was.

By gebrek aan geskikte akkommodasie is nog 'n konsert in 'n pakhuis aangebied, dié keer op Maandagaand 22 April 1878 in die New Store on the Market Square, Panmure, ten bate van die nuwe Anglikaanse kerkgebou wat op die Oosbank ver-rys het.⁵ Te midde van die gebrek aan aanbiedinge het die rese-sent sy dankbaarheid uitgespreek oor die verblydende opkoms wat hierdie aanbieding gekenmerk het:

We are quiet easy going people and we certainly do not, nor indeed can we, complain of being overburdened with public amusements, so that whatever it be that caters to us from a Punch and Judy show to a high toned concert, is pretty sure of securing an audience, but when we have laid before us a programme on which appear the names of those who constitute our local talent and who willingly render their services in the advancement of such a cause as the erection of a church, it is no marvel that we meet with such an audience as that which attended the concert given on Monday evening.

Talryke liedere, meesal van populêre aard, is met genoegdoening aangehoor: Whip poor Will, Sweet Home, Sweet-Hearts, Nancy Lee⁶, Let me dream again, Barney O' Hay; terwyl verskeidenheid verleen is deur vokale duette en 'n vokale kwartet, gelewer deur mejj. Tapson en Shepperson en mnr. Ellis en Attwell.

Kort daarna is 'n konsert in die middel van Junie 1878 in die groot lokaal van die spoorwegstasie aangebied, weer ter verstewiging van fondse vir die Anglikaanse kerkgebou.⁷ Liedere en vokale duette het oorheers, maar is aangevul deur 'n klarnet en vioolduet 'which was exceedingly well executed and formed a very pleasant break in the programme'.

Vroeg in Januarie 1879 is die Railway Station Waiting Room weer gebruik vir 'n aanbieding wat gekategoriseer is as 'one of the best of its kind that has yet been given in East London'.⁸ Die mees uitstaande items was die volgende liedere: White Blossoms, Let Me Dream Again en Angus Macdonald, die vokale duet The Sailor Sighs en die klavierduet Sweetheart's Waltz.

Meer betekenisvol was 'n aanbieding wat in Oktober deur mnr. F Barratt gereël is en wat in die pakhuis van mnr. Whitaker, Dyer en Dyer plaasgevind het.⁹ 'n Ouverture in D majeur van DIABELLI met mnr. Barratt (viool), mev. Barratt en mej. Wilson (klavier) en mej. Gately (orrel) as kunstenaars het die konsert geopen, gevolg deur 'n vokale kwartet vir eerste en tweede sopraan en eerste en tweede alt. Daarbenewens het mnr. en mev. Almond (klarinet en klavier) 'n aantal keurspele uit Oberon vertolk gevolg deur mej. C Donoghue van King William's Town, wat haar 'powerful voice' oortuigend aangewend het in die lied Warblings at Eve.

1.2 'n Moeisame groeiproses 1881 - Julie 1898

Oos-Londen se musikale aktiwiteite het maar stadig toeneem in getal en gehalte gedurende die tydperk 1881 - 1898. Daar was egter wel 'n aantal aanbiedinge wat van inisiatief en ondernemingsgees getuig het, en op groei gedui het.

Twee nuwe sale stimuleer aanbiedinge 1881 - 1882

'n Opvallende toename in meer ambisieuse werke, 'n ryker verskeidenheid, en 'n hoër musikale gehalte het die aanbiedinge van 1881 - 1882 gekenmerk. Die oopstelling van twee sale, die Mutualsaal en die Spoorweginstituut, het waarskynlik bygedra tot 'n meer entoesiastiese musikale ingesteldheid.

Min informasie bestaan oor die oprigting en akoestiese kwaliteit van die Mutualsaal. John Denfield het wel in sy boek Pioneer Port berig dat daar geen amptelike openingseremonie was nie en dat die eerste funksie die Queen's Birthday Ball, net na afloop van die Buffalo Regatta, op 24 Mei 1880 was.¹⁰ Dit het plaasgevind net voordat die gebou voltooi is. Die eerste vokaal-instrumentale konsert aldaar het op 2 Julie ten bate van die Wesleyaanse kerk plaasgevind.

Ter versterking van die War Relief Fund is 'n suksesvolle konsert op 5 Januarie 1881 in die Mutualsaal gehou waartydens twee indrukwekkende koorwerke, The Heavens are Telling en Die Hallelujakoor onder leiding van mons. Audouin aangehoor is.¹¹ Ander verruklike items was die liedere A Leaf upon the Spray van MAY, La Zingara van DONIZETTI, Kathleen Mavourneen van CROUCH¹², 'n serenade van GOUNOD met begeleiding op klavier, viool en harmonium, 'n vokale duet uit Il Trovatore van VERDI, 'n klavier en harmonium-duet Robin Hood van LEFEBRE-WELY, en 'n vokale kwartet Good Night Beloved. Hierdie lywige dog tintelende program wat met 'undiminished interest' aangehoor is, het voorts bestaan uit 'n klavierduet van ROSSINI, liedere van ASCHER, ADAM, MOLLOY, PONIATOWSKI, asook gleees en 'n harmoniumsolo. 'n Soortgelyke konsert het op Dinsdag 8 Februarie plaasgevind met gunstige gevolg.¹³

'n Konsert wat in Aprilmaand plaasgevind het, het die verkwikkende verskeidenheid behou toe liedere, kooritems, 'n kwartet, 'n klaviersolo, 'n vokale trio en 'n vokale duet aangebied is.¹⁴ As sangeres het mev. Powell, wat ook met onderskeiding opgetree het in die konsert van 5 Januarie, haar manjifieke stem treffend laat geld in A Leaf from the Spray, John Anderson my Jo en The Last Rose of Summer.¹⁵

Op Woensdagaand 13 Julie was mev. Powell ook 'n prominente deelneemster aan die openingskonsert van die nuwe Spoorweginstituut - 'n 'roomy apartment about 150 feet long by 20 feet wide'.¹⁶ Tydens dié geleentheid het sy uitgeblink

in die sing van die liedere Kathleen Mavourneen (CROUCH) en Non Piu Mesta (ROSSINI).

Tydens 'n genotvolle Grand Concert wat in November in die Mutualsaal aangebied is en waarin onder andere die Queens-town Band opgetree het, het mev. Powell weer eens haar besondere begaafdheid as sangeres getoon.¹⁷ Benewens skynbaar foutlose vertolkings van verskeie 'beautiful songs', het sy geskitter in die lied Non piu mesta met blaasorkesbegeleiding. Tydens 'n Grand Concert wat op Saterdag 14 Januarie 1882 aangebied is, het sy weer met die louere weggestap.¹⁸

Behalwe vir 'n konsert wat op 28 November in die Mutualsaal plaasgevind het¹⁹, was dit die werksaamhede van die East London Choral Society wat vanaf Mei 1882 die plaaslike toneel oorheers het (kyk Deel I, p. 102).

Sporadiese opflikkering 1884 - 1892

Konsertaktiwiteite, en meer spesifiek Vocal and Instrumental Concerts, is nie in die tydperk 1884 - 1892 deur noemenswaardige vooruitgang wat kwaliteit of kwantiteit betref, gekenmerk nie. Talle plaaslike amateurs het energiek en onbaatsugtig hul steun aan konserte toegesê, maar dit was slegs enkele uitstaande individue soos mev. Edwards, die plaaslike klavieronderwyseres, en die Hydes wat van King William's Town afkomstig was, wat af en toe betekenisvolle bydraes tot die andersins beskeie konsertaktiwiteite van Oos-Londen gemaak het. Die grootste nie-musikale invloedsfaktor was finansies en in hierdie opsig het musiekaanbiedings 'n waardevolle, funksionele rol vervul.

'n Lewelose tydperk te midde van enkele verdienstelike bydraes 1884 - 1887

Konsertaktiwiteite het in 1884 begin met 'n treffende Vocal and Instrumental Concert wat op Vrydagaand 18 Januarie in

die Mutualsaal plaasgevind het. Veral die ouverture van SOÏELDIEU Caliph of Bagdad op klavier, viool en harmonium het gunstige reaksie uitgelok.²⁰

Twee maande later op Saterdagmiddag 29 Maart, het wakker optrede deur die plaaslike Mendelssohn en Kie firma tot gevolg gehad dat 'n nuwe Brinsmead-vleuelklavier wat vir Queenstown bestem was, inderhaas in die Mutualsaal ingeskuif is vir 'n konsert waartydens die plaaslike musiekonderwyseres mev. Edwards 'n waardevolle bydrae gelewer het.²¹ Sy het werke van 'n hoë artistieke peil voorgespeel. Die instrument is gekenmerk deur 'beautiful finish' en 'fine tone'. Haar program was as volg:

<u>Konsert in g mineur</u>	MENDELSSOHN
<u>Arabeske</u>	SCHUMANN
<u>Sonate in F majeur</u>	PARADIES
<u>Rondo Piacevole in E majeur</u>	W S BENNETT
<u>Impromptu in E-kruis majeur op. 90 (sic!)</u>	SCHUBERT
<u>Sonate in c-kruis mineur (Maanlig)</u>	BEETHOVEN
<u>Lieder Ohne Worte</u>	MENDELSSOHN
<u>No. 1 in E majeur</u> Boek 1	
<u>No. 6 in A majeur</u> Boek 5	
<u>Tarantelle in A-kruis majeur op. 85 (sic!)</u>	HELLER
<u>Wals in A-kruis majeur op. 42 (sic!)</u>	CHOPIN

Geen verdere besondere konserte het in 1884 plaasgevind nie.

Daadwerklike meelewendheid by die afsterwe van 'n sekere mev. Maclean se gade het daartoe gelei dat die gemeenskap van Oos-Londen 'n konsert op 7 Februarie 1885 geloods het waarvan die opbrengste finansiële verligting vir die dame sou meebring.²² 'n Bemoedigende bedrag van oor die £20 is ingesamel met 'n program wat onder meer twee ouvertures, die eerste Prelude van BACH en vokale en instrumentale trio's ingesluit het.

Steeds gemik op broodnodige finansiële steun het 'n leidende welwillendheidsorganisasie, die Ladies' Benevolent Society, voordeel getrek uit twee konserte wat in Junie en November aangebied is.²³ Twee ensembles, die blaasorkes van die Kaffraria Regiment en die Railway Institute Glee Society het tydens die eerste konsert met flink optredes vorendag gekom. Organisatoriese hapering tydens die tweede konsert, wat in die Duitse kapel plaasgevind het, het die volgende kommentaar uitgelok:

we would suggest in future that the curtain be a little more securely fastened as well as a little thicker. In the present case those sitting in the body of the hall could without difficulty see what was going on behind the scenes, the curtain notwithstanding.

Konserte as funksionele finansiële middele is voortgesit toe daar op 29 Desember 'n konsert in die plaaslike klooster aangebied is ter versterking van die beufondse vir die Rooms Katolieke Kerk.²⁴ Mnr. en mev. James Hyde, die vermaarde kunstenaars uit King William's Town (kyk Deel I, pp. 118 - 124) het hul onbaatsugtige dienste aangebied en die artistieke vlak van die konsert merkbaar verhoog:

the concert derived its brilliancy from the presence of these capable executants.

Mev. Hyde se vertolking van die lied The Lost Chord²⁵ is gekenmerk deur 'liquid enunciation and pure rendering of the music', terwyl mnr. Hyde se vioolsolo 'entrancing' was.

Na 'n tussenpose van 'etlike maande waarin slegs 'n konsert in Januarie 1886 ter ere van die Skotse Digter BURNS (patriotiese konserte word behandel in Deel II, p.256) aangebied is²⁶, het die Hydes Oos-Londen weer op 6 Mei besoek met 'n konsert in die Mutualsaal.²⁷ Benewens 'n duet vir konsertina en klavier deur mnr. en mev. Hyde het mev. Hyde 'n komposisie van haar man The Land of Good Hope²⁸ voorgesing, 'n komposisie wat gekomplimenteer is deur die gedagte 'it deserves to live'.²⁹ Nieteenstaande die musikale oorheersing van die Hydes het 'n dertienjarige dogter van Oos-Londen, ene R Vallé, beïndruk met 'n oortuigende weergawe

van die lied The Banks of Allan Water.

Nogeens met die voortreflikhede van die Hyde-egpaar as grondslag, vir opbrengste wat weer aan die Rooms Katolieke Kerk geskenk sou word, en 'n konsentrasie op ballades, is 'n konsert op Vrydagaand 3 Desember 1886 in die Mutualsaal aangebied.³⁰ Mev. Hyde het weer haar man se komposisie voorgesing, en 'n duet vir viool en klavier deur hulle is hoë lof toegeswaai:

Anything more beautifully harmonious and affective has seldom if ever been heard on the boards of the Mutual Hall.

Voorts het mev. Hyde gesing O bitt Euch Liebe Vögellein (GUMBERT). James Hyde het 'n vioolsolo Un Ballo in Maschera (ALARD) voorgespeel terwyl albei in 'n duet vir viool en klavier uit La Sonnambula van BELLINI opgetree het.

Die Ladies' Benevolent Society het weer (soos in 1885) 'n gebrek aan fondse ondervind en met die oog op finansiële verligting is 'n konsert op 13 April 1887 in die Mutualsaal aangebied, wat deur uiters bemoedigende ondersteuning gekenmerk is.³¹ Mev. Edwards wat tevore in 1884 met die aankoms van die Brinsmead-vleuelklavier vermelding geniet het, het by die geleentheid die volgende komposisies voorgespeel: Sonata in E-mol majeur van DUSSEK, Home Sweet Home van THALBERG, en KUHE se Come Back to Erin wat sy genoodsaak was om te herhaal.

Drastiese afname in aanbiedinge

'n Besliste afname ten opsigte van konsertaanbiedings het in die jare 1898 - 1892 voorgekom. (Hierdie verslapping was ook by die aktiwiteite van die East London Choral Society waarneembaar.) 'n Duidelike klemverskuiwing na gewyde konserte, vermaaklikheidskonserte en enkele optredes deur die besielende Hydies het egter die musieklewe in hierdie tydperk aan die gang gehou.

Sommige konserte is deur 'n onopgesmukte atmosfeer gekenmerk. 'n Goeie voorbeeld was die gebruiklike BURNS-herdenkings

wat meesal in die Mutualsaal gevier is, maar in Januarie 1890 langs die oewers van die Buffelsrivier gehou is en waartydens die Spoorwegorkes welkome verskeidenheid aan 'n vokaal-instrumentale program verleen het.³² Ook omring deur vrolikheid en ongebondenheid was die Vocal and Instrumental Concert wat op Woensdagaand 9 April in die Mutualsaal plaasgevind het na afloop van 'n basaar wat die oggend om 09h30 'n aanvang geneem het.³³ Opbrengste sou aan die Wesleyaanse Kerk oorhandig word. 'n Wyduiteenlopende program van gleees, vioolsolo's, sang, 'n vokale duet, 'n trio bestaande uit klavier, orrel en viool, en 'n orrelkeurspel is aangebied.³⁴ 'n Mnr. Cheshire het in hierdie konsert uitmuntend gesing en sy vertolking van die praglied Rank and File 'brought down the house'. Die Frontier Standard was ook van mening dat mnr. Cheshire uitstekend gesing het en het sy vertolkings as die 'palm of the evening' beskryf.³⁵ Voorts was die nuusblad van mening dat die begeleidster, mev. Street, 'n amateur van besondere gehalte was wat met haar 'handsome arms and hands, lovingly' die 'softest murmurs as well as the grandest sounds' uit die klavier gehaal het.

By 'n latere geleentheid, tydens 'n konsert in die Homan-saal op Saterdagdaand 5 Julie, het Cheshire hom weer onderskei deur 'n geïnspireerde vertolking van The Longshoreman, met 'n resultaat soortgelyk aan dié van die vorige konsert - 'he quite fetched the house'.³⁶ Daarbenewens het twee sittersolo's deur 'n mnr. D Muller, die Lyra Waltz en die Zaltsburg Bells, gunstige reaksie uitgelok.

'n Konsert wat beslis 'n vars musikale briesie gebring het deurdat nuwe items ingesluit is, het op Saterdag 12 September 1891 in die Mutualsaal plaasgevind.³⁷ Die volledige program was:

Klaviersolo	<u>La Regatta Veneziana</u>	LISZT Mej. Carrington
Lied	(Naam nie gegee nie)	Mnr. W Dickie
Lied	<u>Won by a Rose</u>	RORCHEL Mev. Hodges
Sekstet-mars	<u>The Salute</u>	OTTO ROEDER Mev. Street, Mej. Coutts, Mnre. Z Bayly, S Bayly, Cheshire Fraser

Lied	<u>White Wings</u>	PINSUTI Mev. Gasson
Lied	<u>Thy Sentinel am I</u>	Mnr. Mills
Lied	<u>The River of Years</u>	MARZIALE Mev. Brookes
Klaviersolo	<u>Les Soupirs</u>	GODIFROID Mej. Carrington
Lied	<u>The Monarch of the Woods</u>	CHERRY Mnr. Pakeman
Sekstet	<u>Bagatelle</u>	ERNEST REITER
Lied	<u>Auld Robin Grey</u>	Mej. Esson
Lied	<u>Kathleen Mavourneen</u>	CROUCH Mev. Gasson
Vokale duet	<u>The Echo Duet</u>	BRAHAM
Sekstet	<u>The Old Guards' Waltz</u>	OTTO ROEDER

Senuweeprobleempies het veroorsaak dat mej. Carrington nie kon laat reg geskied aan LISZT se La Regatta Veneziano nie³⁸, maar 'n sekstet bestaande uit mev. Street (klavier), mej. Coutts (orrel), mnr. S Bayly (klarinet), mnr. Z Bayly (tweede viool), mnr. Cheshire (eerste viool) en mnr. Fraser (fluit) het die resensent genoop om die gunstige invloed van die ensemble op die ontvanklike gemoedere van die toehoorders as volg te beskryf:

Some expectation was rife as to the performance of this body of instrumentalists, and we may confess to a feeling of gentle surprise at the excellent results attained.

Nie alleen het die resensent van die Frontier Standard die indrukke van die reeds aangehaalde resensent onderskryf nie, maar die hoop uitgespreek dat:³⁹

As orchestral music has at last been introduced at our concerts, let us hope it will take a firm stand. No music is so effective and pleasing as that produced by a combination of instruments.

Die geliefde lied Kathleen Mavourneen is besonder verdienstelik deur mev. Gasson gesing, terwyl haar vertolking van White Wings as die 'palm of the evening' deur die resensent van die Standard bestempel is. Selfs die nuwe Ravestaff-vleuelklavier is lof toegeswaai weens sy 'distinctly superior tone as well as build'. Hierdie voortreflike aanbieding het warm komplimente en aanmoediging uitgelok:

Our best congratulations are offered to the array of talent brought forward on this occasion, and we trust that the instrumentalists will continue to cultivate sweet harmonies and favour a discriminating audience on many more opportunities.

'n Dooiepunt 1893 - 1894

Gedurende die tydperk 1893-1894 was daar nie van hierdie soort Vocal and Instrumental Concerts nie. Alle aktiwiteite is gekanaliseer in konserte deur die verskeie verenigings, besoekende kunstenaars, en in gewyde aanbiedinge en vermaaklikheidskonserte.

'n Wisselvallige periode 1895 - Julie 1898

Vanaf 1894 was daar egter weer 'n effense oplewing op die gebied van Vocal and Instrumental Concerts alhoewel die musikale meriete van die aanbiedinge wisselvallig was.

Twee konserte is deur die Junior Club van Oos-Londen gereël en wel op Saterdag 2 Maart en Saterdag 20 Julie 1895.⁴⁰ In die eerste konsert het 'n mev. Newcombe se vokale bydraes geesdriftige applous ontvang en in albei konserte het 'n sekere mnr. Knobel gunstige kritiek uitgelok met sy banjo-spel. Die tweede konsert is gekenmerk deur die feit dat 'the programme was not so remarkable for its length as for its items of both classical and popular composers'. Mnr. D J Griffith se sangsolo's In Sheltered Vale en The Bugler, en mnr. Franz Moeller se vioolsolo's Carnival de Venice en German Patrol was van die voortreflikste items. Franz Moeller het daaropvolgend in 'n konsert in die Public School op Woensdagaand 7 Augustus op die Wesbank opgetree, waar 'n ovasie hom te beurt geval het vir sy verkwikkende vioolspel⁴¹, terwyl ouvertures deur 'n orkesensemble bestaande uit mev. Lewis en mnr. Lewis en Williams van 'becoming vivacity' getuig het. Mnr. Knobel was weer eens op die voorgrond met 'n welkome banjosolo, terwyl die alomteenwoordige liedere asook komiese liedere sonder haakplek verloop het.

Die jaar 1896 het nie juis veel meer belofte getoon nie en die wurggreep van Verskeidenheidskonserte⁴² het slegs 'n skrale aantal Vocal and Instrumental Concerts toegelaat.

Weer was dit die East London Junior Club wat met inisiatief vorendag gekom het met 'n verdienstelike konsert op Saterdag 4 Julie 1896.⁴³ 'n 'Well-assorted and balanced orchestra' bestaande uit viole (mre. Moeller, Seaward en Andre), klarinette (mre. Geddie en Longmore), eufonium (mnr. McAlister), kornet (mnr. F Howe), kontrabas (mnr. Farmer), klavier (mnr. Day) en dirigent (mnr. J Tryal Beavan) het vir 'n lofwaardige vertolking van Le Reveille de Lion gesorg en ook 'n 'very stirring set' van Engelse Airs voorgespeel. Franz Moeller se vioolspel het weer beïndruk, hierdie keer met vertolkings van Scotch Airs en Souvenir de Lubeck.

In dieselfde maand, op Dinsdagaand 21 Julie, is die eeufeesherdenking van die Skotse digter ROBERT BURNS in die Mutualsaal gevier met 'n konsert wat bestempel is as 'n Grand Vocal and Instrumental Concert.⁴⁴ Vooruitstrewende amateurs naamlik mnr. Lowe-Gillings (sang), mnr. Beavan (klavier) en mnr. Moeller (viool) het hoogstaande bydraes gelewer wat verder versier is deur die vaardige spel van die orkes van die East London Choral and Orchestral Union.

Betrokkenheid van die jeug 1896 - 1897

Onder die toegewyde sorg van die goed toegeruste musikus Tryal Beavan, wat besig was om besonder verdienstelike baanbrekerswerk in Oos-Londen te verrig, is die Panmure Junior Singing and Instrumental Society gestig wat op Saterdag 14 November hulle openingskonsert in die Mutualsaal aangebied het.⁴⁵ 'n Juniororkesensemble met 'n instrumentasie van klavier, trompette, 'cuckoos, rattles, drums with thrush and nightingale' het HAYDN se Speelgoed-simfonie uitgevoer. Dié uitvoering is ongelukkig belemmer deur swak intonasie. Defektiewe intonasie het ook gepla toe die seniorleerlinge ROMBERG se Speelgoed-simfonie aangedurf het. (Die resensent van die Standard was egter van mening dat albei orkeste 'excellent' vertoon het.)⁴⁶ Nieteenstaande

opsigtelike tekortkominge was die konsert op verskeie ander vlakke 'n luisterryke en betekenisvolle gebeurtenis. In die tweede helfte is die kantate-operette The Two Queens van VINCENT opgevoer, asook twee Vocal Waltzes van CROWE, naamlik Little Sailors en Fairie Voices.

Die betrokkenheid van jeug by die musisering van 'n ontwikkelende dorpie was nie net 'n bemoedigende teken nie maar ook 'n essensiële vereiste. Verblydend dus was die feit dat leerlinge weer vir 'n openbare optrede ingespan is toe mev. Robertson se leerlinge op Woensdagaand 12⁴⁷ Mei 1897 in die Good Templar-saal opgetree het waar mej. Beatrice Mills se klavierspel en die sang van mej. Chrissie Hector positief ontvang is. 'n Skrapse verslag het verskyn, maar die resensent het sy geldige redes gegee waarom hy nie 'n meer gedetailleerde verslag voorgelê het nie:

to mention anyone's performance in particular it would be unfair as those whose playing did not reach the perfection of others, may have only been pupils for a short period, and in other cases the pieces chosen were of a very different character and not so pleasing to the ear.

Konserte deur volwassenes suksesvol

Op die volwasse front sou Franz Moeller, die energieke amateurviolis wat geleidelik groter bekendheid verwerf en met gesagna vore getree het, met die hulp van 'some capital talent' op Woensdagsaand 16 Junie 'n Grand Farewell Concert in die Mutualsaal aanbied voordat hy na Europa sou vertrek 'in persecution of his musical studies'.⁴⁸ Mej. Willatts het geskitter in die lied Good-Bye⁴⁹ en mnr. Griffiths en Bastow in die liedere Bells of St. Eldred en The Distant Shore, terwyl mnr. BEAVAN artistieke aanvoeling getoon het in die vertolking van 'n eie klavierkomposisie Andante and Rondo in E^b.⁵⁰ 'n Strykkwartet is met genoegdoening aangehoor en mnr. Moeller self het drie vioolwerke met keurigheid en afronding voorgedra.

Die East London Standard het die konsert as 'of a first class nature' bestempel en voorspel dat Moeller in sowel musikale- as sosiale kringe gemis sou word.⁵¹ Voorts is hy bedank vir sy volgehoue bereidwilligheid om op te tree

en is die publiek ingelig 'that he is going home for the purpose of study for several years'.

Daaropvolgend is 'well-known vocal and instrumental pieces' op Woensdagaand 11 Augustus in die Baptistekerk in Buffalostraat aangehoor⁵², en is dieselfde program 'with a few alterations' weer op Dinsdagaand 24 Augustus in die ou hofgebou op die Wesbank aangebied⁵³.

Resultate wisselvallig

Oorsigtelik geëvalueer het vokale en instrumentale konserte oorwegend op 'n populêre vlak gefunksioneer met die gevolg dat die genre geen beduidende bydrae tot ernstige musiek gemaak het nie. Nieteenstaande die gemis, was die betrokkenheid van vele ywerige amateurs en programsamestellings van groter elasticiteit, bemoedigende faktore.

Beslis van meer ambisieuse aard was die opvoering van MEE PATTISON se operette Sherwood Queen, deur 'n koor en orkes onder leiding van mnr. J Preston op Saterdag 6 November 1897 voor 'n volgepakte Mutualsaal.⁵⁴ Opvallend was die aanvallige kostumering en sprankelende spel en sang van mnr. Scott (Robin Hood) en Travers (Friar Tuck), terwyl die spel van die orkes bo verdenking was. Die ensemble het bestaan uit twee viole, 'n hobo, klarinet, kornet, tjello, timpani en klavier. Die werk is twee weke later weer opgevoer met goeie gevolg.⁵⁵

Konserte het in die eerste ses maande van 1898 maar yl voorgekom en alhoewel 'n aanbieding wat op Saterdag 2 Julie in die ou hofgebou op die Wesbank aangebied is, deur 'n instrumentale kwartet en voortreflike konsertina- en vioolsolos versier is⁵⁶, het ook dié program getuig van populêre behepthed.

Positiewe klemverskuiwings Julie 1898 - Januarie 1899

Stadig maar seker het 'n verblydende ommeswaai teen die middel van Julie 1898 begin deurdat 'n begin gemaak is daarmee om 'n hoër artistieke vlak na te streef.

Instrumentale ontwikkeling Julie 1898 - November 1898

'n Aanbieding wat op Vrydageand 15 Julie in die nuwe Lutherse saal in Parkstraat plaasgevind het en waartydens 'n program van meer gevestigde gehalte en welkome verskeidenheid aangebied is⁵⁷, het die nuwe rigting ingelui. Die samestelling van dié program was een van die weiniges wat 'n gesonde balans tussen vokale en instrumentale werke weerspieël het:

Lied	<u>Die Nacht ist gekommen</u>	HAUPTMANN Gemengde koor
Klaviersolo	<u>Auf Flügeln des Gesanges</u>	LISZT Mej. Kretschmann
Lied	<u>Nach, O Nacht</u>	CHWATAL Mannekoor
Vioolsolos	<u>Arie mit Variationen</u> <u>Berceuse</u>	DANCLA Mej. Malcomess
Klaviersolo	<u>Faust Walzer</u>	TAUSIG Mej. Kretschmann
Lied	<u>Mein Mutter'l war so gut</u>	Mnr. Sievers
Klavier en twee viole	<u>Ein Abend in der Sehhütte</u>	WENZEL Mej. Kretschmann Mej. Malcomess
Lied	<u>Aus der Jugendzeit</u>	ROECKE Mannekoor
Klavierduet	<u>Zwei Spanische Tänze</u>	MOSZKOWSKI Mej. Kretschmann Mnr. Schneider
Vioolsolos	<u>Intermezzo</u> <u>Cavatine</u>	MASCAGNI RAFF Mej. Malcomess
Klaviersolo	<u>Mazurka</u>	GODARD Mej. Kretschmann
Klavierduet	<u>Jubelouverture</u>	WEBER Mej. Dretschmann Mnr. Schneider

Die verrykende resultate van hierdie konsert was volgens die resensent hoofsaaklik te danke aan die bydrae van mej. Kretschmann van die Rhenish Instituut van Stellenbosch. Sy het voorheen aan die Konservatorium van Leipzig studeer.

Twee konserte wat in Augustus in die Baptistekerk en in Oktober in die Wesleyaanse saal plaasgevind en van verdienstelikheid getuig het, het die poging van 15 Julie opgevolg.⁵⁸ Balans tussen instrumentale en vokale items het nou 'n kenmerk van konserte geword en 'n konsert op Saterdag 29 Oktober in die Mutualsaal ten bate van 'n Presbiteriaanse kerk⁵⁹, het dié tendens bevestig. Orkes-items, klavieritems, liedere, 'n vokale kwartet, banjoso's en 'n klavierduet is aangehoor. Weer eens het die energieke mnr. Beavan 'n leidende aandeel in die verrigtinge gehad. Dit is 'n bemoedigende faktor wat van musikale bewustheid getuig dat instrumentale items 'n meer regmatige plek in die samestelling van programme toegesê is.

'n Ander energieke figuur, wat voorheen 'n leidende rol in die musiekaktiwiteite van Oos-Londen gespeel het, mnr. Franz Moeller, het aan die einde van September 1898 weer na Suid-Afrika teruggekeer na voltooiing van sy studies aan die Royal Conservatories van Wenen en Brussels, en op Vrydag 4 November in 'n Grand Evening Concert in die Mutualsaal opgetree.⁶⁰ Pertinent is gewag gemaak van Moeller (viool) se 'improved polish and style, only to be acquired under the masters'. Hierdie vooruitgang het hy openbaar in vertolkings van Obertass van WIENIAWSKI, Berceuse Slave van NERUDA en Air Marie no. 5 van DE BERIOT. Mnr. BEAVAN het 'n gewigtige bydrae tot die konsert gemaak, nie net as leier van die Choral Union wat met skitterspel vorendag dag gekom het nie, maar ook met sy 'customary precision' in sy eie klavierkomposisie Improvisatore en CHOPIN se Polonaise in A majeur.

Konsertaanbiedinge wat besliste vooruitgang getoon het in die opsig van programbou, is in 1898 op Dinsdag 10 Desember

afgesluit met die Concert and Prize Distribution van die publieke skool in die drilsaal, waar sewehonderd mense teenwoordig was.⁶¹ 'n Kantate Brittannia, Queen of the Ocean, was 'n treffende stukkiewerk en 'n orkessie van ses lede onder leiding van mnr. Howe het baanbrekerswerk op begeleidingsvlak verrig.

Toetrede van instrumentale en vokale ensembles 1899

Die nuwe jaar was nog kraakvars toe 'n betekenisvolle aanbidding op 14 Januarie in die Mutualsaal plaasgevind het. Twee nuutgestigte groepe, die East London Orchestra en die Orpheus Glee Singers, het by hierdie geleentheid met merkwaardige vertonings vorendag gekom.⁶² As leier van die orkes het Franz Moeller inspirerend opgetree, en 'n mars en 'n mazurka is in 'n 'promising way' voorgespeel, terwyl hy as individu geskitter het in 'n vertolking van RODE se Konsert no. 4. Die Orpheus Glee Singers onder leiding van mnr. Hugh Gwynne het onmiddelik aanklank gevind met sang wat hulle 'wonderfully good training' gereflekteer het.

Mnr. Gwynne het vervolgens onderneem om sy eerste Vocal and Instrumental Concert op Saterdag 25 Maart aan te bied, weer met bovermelde ensembles in aksie.⁶³ Hierdie ensembles se deelname en die aangekondigde konsert is met blye verwagting in die koerant aangekondig:⁶⁴

A special feature will be the part singing of the Orpheus Glee Singers, an organisation which bids fair to become quite an institution not only in our town but throughout the district. Also the newly formed East London Orchestra under Mr. Franz Moeller, is an attraction. Altogether a most enjoyable evening may be anticipated.

'n Maksimum-toehoorderstal het hulle verlustig in 'n program van twee en twintig items:⁶⁵

It would have been a very exacting audience that could have found fault with the programme, however, and from the many manifestations of approval, and the fact that the great majority of those present kept their seats to the last item, it is only fair to assume that the concert was a highly successful one.

Mnr. Moeller en sy orkes is in geen onsekere terme nie gelukgewens met hulle spel en daar is voorspel dat die ensemble 'bids fair to eclipse anything of the kind previously attempted in East London'. Verblydend was die feit dat 'n aantal opgeskote jong dame-violiste hul verskyning in die orkes gemaak het. Onder andere is die ouverture Liebesgotter (sic!) en 'n Hongaarse dans Elona Csardas (sic!) aangehoor. Mnr. Gwynne se koor is weer eens besonder gunstig ontvang, veral na die meerstemmige liederes Two Roses en The Image of the Rose, laasgenoemde met solosing teen neurie-begeleiding. Die kritikus van die East London Standard was van mening dat hulle beste item Dr. PARRY se Sailor's Chorus was.⁶⁶

Hierdie voortreflike koorensemble het hulle momentum behou deurdat hulle op Saterdag 13 Mei 'n Grand Concert sou aanbied met die belofte:⁶⁷

The Glee Singers will introduce some excellent new part songs, which they have been perfecting under their conductor Mr. Hugh Gwynne.

Die nuutgestigte East London Orchestra sou ook optree.

Opreg waardierend het die resesent hierdie koorgroep se meriete uitgespel, en die oorsaak genoem waarom sovele ander verenigings al skipbreuk gely het:⁶⁸

There is an earnestness and an enthusiasm among the members which, combined with good vocal talent, augurs well for success - and we trust they will continue to work on in that spirit and endeavour to keep out the demon of jealousy and discord which has wrecked so many musical societies.

Hulle vertolking van veral Men of Harlech was besonder effektief. Die opbloeiende East London Orchestra het die konsert met BACH se The awakening of Spring ingelei en die resesent was van mening dat hulle 'great strides' gemaak het vergeleke met hulle vorige optrede. Tiperend van daardie tyd was klaviersolo's nie juis baie gewilde items nie, maar 'n mej. Deal het tog wel aandag getrek met haar vertolking van CHOPIN se Impromptu no. 1.

Mnr. J H Whipp wat hom geruime tyd naarstiglik beywer het vir die uitbouing van die koorvereniging, en wat Oos-Londen ongelukkig sou verlaat, is op 15 Mei tydens 'n vaarwelkonsert in die Drilsaal vereer deur die teenwoordigheid van die twee flinke ensembles hierbo vermeld.⁶⁹ Afgesien van hul teenwoordigheid het vele ander amateurs hul dienste aangebied. 'n 'Excellent attendance' is gerapporteer en boeiende spel het die East London Orchestra se openingsnommer The Trumpet Call gekenmerk.⁷⁰ Benewens die Orpheus Glee Singers se positiewe bydrae het nog 'n ensemble, die East London Amateur Orchestra, onder leiding van mnr. Preston keurspele uit Romala voorgespeel. 'n 'Gallant array of vocalists' het die program verder versier.

Bogenoemde ensembles het beslis nuwe stukrag en momentum aan konserte in die genre verleen. Hulle inisiatief en vlytigheid het sekerlik ook 'n positiewe uitwerking op die gemeenskap en amateur-kunstenaars gehad. Daarbenewens het dit die oorheersing van vokale items teengewerk en 'n gesonder balans daargestel.

Onvermoeid het die Orpheus Glee Singers hulle dienste aangebied en op Saterdag 20 Mei 'n konsert in die ou hofgebou op die Wesbank gegee waar hulle aangehoor is in Men of Harlech, A Soldier's Love, The Soldier's Chorus, The Banner's Wave, The Tree Chafers en The Two Roses.⁷¹ Voorts het Hugh Gwynne sy suksesvolle groep buite die grense van Oos-Londen geneem en op Saterdagmiddag 1 Julie voor 'n stampvol stadsaal in King William's Town laat optree, bygestaan deur mev. Hudson, Turner en Street en mnr. Randall, Dickerson, Travers en Rees.⁷² 'n Ontvangs 'of the most cordial description' het hulle te beurt geval. Toegifte deur die sangers was aan die orde van die dag terwyl die Orpheus Glee Singers 'unstinted applause' ingeoes het.

Aktiwiteite op die Wesbank Junie 1899

Buiten die toenemende aktiwiteite van die Orpheus Glee Singers

en die East London Orchestra, is verskeie konserte op die Wesbank aangebied waar konserte opvallend toegeneem het. In die meeste gevalle het die konserte in die ou hofgebou op die Wesbank plaasgevind, onder meer onder die beskerming van die East London Mutual Improvement Society, 'n organisasie wat konserte op 'n 'open night on the first Thursday in each month' beoog het.⁷³ So is daar op Donderdagaand 1 Junie 'n konsert aangebied wat 'n potpourri van komiese en karakterliedere bevat het.⁷⁴ Nog 'n aanbieding op Donderdagaand 3 Augustus is gerugsteun deur die bystand van Oos-bankers, en populêre vokale nommers soos The Cradle Song, The Carnival, In Sheltered Vale en Rocked in the Cradle of the Deep⁷⁵ het die toehoorders plesier verskaf.⁷⁶

Ander optredes, weer eens hoofsaaklik vokaal en in die ou hofgebou, het plaasgevind op 14 Julie⁷⁷ en 7 Augustus.⁷⁸

Kerkgeboue vir sekulêre konserte

Benewens die hofgebou is kerkgeboue vir sekulêre konserte beskikbaar gestel, maar dan slegs met die oogmerk van eie finansiële gewin. So byvoorbeeld het 'n konsert in Buffalostraat plaasgevind waarvan die opbrengs aan die kerk se klavierfonds oorhandig sou word⁷⁹, terwyl die opbrengs van 'n konsertpoging wat op Vrydagaand 1 September in die St. Paul Presbiteriaanse Kerk plaasgevind het, aan die betrokke kerk se skulddelgingfonds oorhandig is.⁸⁰ Agt orkeslede van die Oos-Londen Koor- en Orkesvereniging het by hierdie geleentheid opgetree en as 'n miniatuur-ensemble die program versier met onder meer 'n ouverture Highland Wreath en 'n komposisie genaamd Violetta.

1.3 Historiese, argitektoniese en kwalitatiewe verwikkelinge Augustus 1899 - 1900

Die Anglo-Boere-oorlog

Die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog het ingrypende

veranderde omstandighede teweeggebring.⁸¹ Die Ladies' Relief Committee het baanbrekerswerk verrig om die nood van vele te verlig, maar 'n tekort aan fondse is ondervind.

Met die oog op die versterking van hul fondse is 'n Grand Evening Concert op Dinsdagaand 30 Oktober aangebied waaraan 'n aantal persone wat uit Johannesburg gevlug het ook hul deelname toegesê het.⁸² 'n Redelike groot toehoorders-tal het werke van 'n populêre aard aangehoor. Benewens talle gewilde liedere het die East London Orchestra onder leiding van Franz Moeller die Spring Song-ouverture van MENDELSSOHN en die Czarina-ouverture van PASCHAL uitgevoer.

Argitektoniese ontwikkeling

Die oprigting van 'n nuwe stadsaal en 'n vergaderplekkie naby die strand het 'n heilsame invloed op die musieklewe van Oos-Londen gehad.

Ingebruikneming van nuwe stadsaal

In 1897 is die hoeksteen van die beoogde nuwe stadsaal deur die burgemeester mnr. Davis Rees gelê⁸³, en aan die einde van September 1899 het Oos-Londen op argitektoniese vlak 'n mylpaal bereik toe die stadsaal voltooi is.⁸⁴ Die gekose perseel, die Waterloo-plein, het egter 'n vete tot gevolg gehad omdat baie inwoners van mening was dat die stadsaal meer sentraal geleë kon wees, 'Waterloo Square being on the outskirts of the town'. Die amptelike opening het op Donderdag 5 Oktober om 12h00 plaasgevind.⁸⁵ Musiek is deur die regimentorkes verskaf. Tans word die akoestiese kwaliteite van die grootsaal algemeen betwyfel, maar in 1899 is die saal geprys vir 'the acoustic properties of the building, the suitability of the stage fittings, and the excellence of the general arrangements'.⁸⁶

Die eerste musiekaanbieding wat in dié gebou plaasgevind het was 'n konsert van aantreklike orkeswerke en liedere

asook 'n opvoering van DIBDIN se 'charming Ballad Opera' The Waterman onder leiding van Hugh Gwynne op Saterdag-⁸⁷aand 9 Desember 1899. Die program en die nuwe stadsaal, wat hopelik meer doelgerigte aansporing onder amateurs sou bewerkstellig, het gunstige kommentaar uitgelok:

We can safely say that a more attractive or popular programme could hardly be given. The various artists who have rehearsed in the New Hall speak highly of its acoustic properties.

Die Beach Reading Room

Nog 'n vergaderplek, die Beach Reading Room, het vanaf 1900 'n belangrike samekomsplek vir konserte geword, alhoewel op 'n kleiner skaal. Op 12 Januarie 1900 het 'n konsert daar plaasgevind waartydens vokale en instrumentale nommers gelewer is en 'n rooskleurige toekoms vir die lokaal voor-⁸⁸spel is.

Kwalitatiewe groei 1900

Te midde van die ontwrigting wat die oorlog meegebring het, en die gepaardgaande feit dat aanbiedings slegs sporadies voorgekom het, het daar tog konserte van 'n hoër gehalte plaasgevind. Veral die laaste twee aanbiedinge van 1900 het daarvan getuig.

Benewens voortreflike spel deur die East London Orchestra onder leiding van Franz Moeller tydens 'n Grand Concert wat op Donderdagaand 25 Januarie in die Lutherse saal plaasgevind het en waar talle voortreflike liedere en vioolsolo's aangebied is, is BEETHOVEN se Sonata Pathetique vir die eerste keer in Oos-Londen voorgespeel deur 'n mej. Nicolay.⁸⁹ Ongelukkig het die resensent geen kommentaar oor die werk gelewer nie - 'n aanduiding dat hy nie daarin belang gestel het nie?

'n Periode van ses maande het verloop voordat 'n aanbieding in hierdie genre weer voorgekom het toe mnr. C Lowe Gillings sy eerste Grand Concert met die assistering van die East London Orchestral Society op Saterdag 7 Julie gegee het.⁹⁰

Vokale items is met opvallende entoetiesiasme aangehoor en dit was veral mej. Gertrude Logan, mev. M Ries en mnr. Gillings self wat uitstaande was. Mev. Ries se For the sake of the Past en mnr. Gillings se Thy Sentinel am I was van die aand se hoogtepunte. In pas met die milieu van die militêre gebeurtenisse het 'n voortreflik afgerigte kindergroep, die Lads of Red, White and Blue, 'n militêre skouspel aangebied.

Daarna het nog twee konserte met militêre konnotasies gevolg: een op Maandag 16 Julie, getitel 'n Grand Fashionable Military Vocal and Instrumental Concert waaraan lede van die blaasorkeste van die vierde Bataljon van Somerset, die Derby and Royal Irish Regiment en die Kaffrarian Rifles deelgeneem het ⁹¹, en 'n Grand Fashionable Orchestral and Vocal Concert op Saterdag 4 Augustus ten bate van die Widows and Orphans of the Cape Mounted Rifles, 'who have fallen during the War'. ⁹² Die program van 4 Augustus het onder meer orkeswerke van VON SUPPE, GODFREY, JONES en SINGING bevat, liedere van CELLIERS, TEMPLE, PICCOLOMINI en CHERRY, enkele humoristiese liedere asook kornet-, viool- en eufonium-solo's.

Onder die leiding van Kapelmeester McLouglin het die orkes, saamgestel uit prominente Oos-Londen-amateurs asook verskeie lede van militêre orkeste wat hulle toe in die dorp bevind het, 'n uitmuntende vertoning gelewer. Die ensemble het 'n interessante samestelling gehad: viole - G Ginsberg (leier), J B Preston, A W Arenhold, A W Judge, R Ryan, F Howe, C Perkins, A Thoms, H Jackson; altviool - H J Bennet; tjello - J P Preston; kontrabas - P Grout, A Miller; hobo - W H Preston; piccolo - H Shepperd; fagot - H Brown, klavier - W Mills; fluite - W Wainright, J Timms, G C Sida, W Hutchinson; klarinette - W Holdsworth, A Barrett, S Bayly, W H Glynn; kornet - L Howe, J Tooley; Franse horing - mnr. Lee; eufonium - mnr. Sowgen; skuif-trompet - weerman Hopkins; trom - C Hutchinson; groot trom - mnr. Gooche; orrel - J Hopkins.

Die verslaggewer was van mening dat die instrumentale deel van die program 'the best that has been heard at East London' was. Spesiale melding is gemaak van die pragvioolspel van die elfjarige Rosa Davis en mnr. Gustav Ginsberg se vioolitems van verwerkings uit Tannhäuser.

Betekenisvolle mylpale

Twee aanbiedinge van uiteenlopende aard het 'n onstuimige 1900 op 'n hoë noot afgesluit en Oos-Londen se vooruitgang op musikale terrein bevestig. WALLACE se 'evergreen charming English opera' Maritana is op Vrydagaand 7 Desember in die stadsaal onder leiding van Frank Hyde opgevoer waarby meer as vyftig persone betrokke was.⁹³ As hoofsoliste het mev. Ries die rol van Maritana met oortuiging geprojekteer, terwyl ander belangrike rolle deur mev. Newcombe, mej. Logan en mnr. Rodger, Chevens, Griffiths en Smith vertolk is. Mnr. Hyde het die orkes knap gelei en 'n geslaagde tweede opvoering het op Maandagaand 10 Desember plaasgevind.⁹⁴

Ongetwyfeld was Franz Moeller se eerste leerlingkonsert wat op Vrydagaand 21 Desember in die Temperance-saal plaasgevind het, 'n hoogtepunt.⁹⁵ Hierdie konsert was 'n belangrike mylpaal en deurbraak in dié opsig dat dit 'n weerspieëling was van die latente, sluimerende talente van Oos-Londen se jeugmusici en terselfdertyd ook 'n insig-gewende blik gewerp het op die onvermoeide ywer van Franz Moeller as onderwyser. Sy onbaatsugtige werk is hoog aangeprys:

After last Friday's success we can but say that we feel there should reign a mutual pride between Mr. Moeller and his pupils - they for the thoroughness of his work and the blending of that artistic touch into the training that plays such an important part in the students' more mature work, and he for the quiet determined manner in which each individual pupil carried through its item seemingly bent on upholding the master's reputation and proving themselves worthy of his patient care and tuition.

'n Verdienstelike program is voorgelê:

Vioolkwintet

(Naam van werk en komponis nie gemeld nie.)

Orkes	<u>War March of the Priests</u>	MENDELSSOHN Leerlingorkes
Vioolduet	<u>Dream de Sennerin</u>	LABITZKY Mejj. Munn en Coldrey
Klavierduet	<u>Romain Pilgrim's March</u>	KOLLING Mej. Koch en Jongehr. Koch
Vioolsolo met orkes- begeleiding	<u>Souvenir de Lubeck</u>	REICKEN (sic!) Mej. Goldrey
Klaviersolo	<u>Wals in E-mol majeur</u>	MATHEW Mej. Rein
Lied	Keurspel (sic!)	Mnr. Rohr
Klavieroktet	<u>Spring Song</u>	MOZART Mejj. Tapson, Lishman, Townsend, Tucker, H Rein, E Rein, E Peel en K Peel
Vioolsolo	<u>Carnival de Venice</u>	HAESSNER Mnr. Howe
Klaviersolo	<u>Rondo Capriccioso</u>	MENDELSSOHN Mej. Tapson
Vioolsolo	<u>Reverie</u>	QUATERMANN Mej. Maeder
Klavierkwartet	<u>Fantasia</u>	ZAMPA Mejj. Townsend, Rein, Tucker en Pullen
Koorlied	<u>Song of Spring</u>	
Orkes	<u>Speelgoed-simfonie</u>	HAYDN Leerlingorkes

Die klavieroktet het geesdriftige applous uitgelok, terwyl die vioolkwintet nieteenstaande die 'tender ages' van die voordraers bekoorlik uitgevoer is. Die aanbieding van HAYDN se Speelgoed-simfonie het mnr. Moeller se ferme hand weerspieël:

The time was perfect right through and although the continual breaks of the different instruments gave every opportunity to the young performers to become confused, such was the complete command in which they were held, and such the attention paid to their parts that there was not even a suspicion of a hitch anywhere.

1.4 Opvallende oplewing na aanvanklike slakkepas

Behalwe vir 'n suksesvolle opvoering van die operette Trial by Jury in April 1901, het die eerste ses maande van die jaar nie van musikale vooruitgang getuig nie. St. Patrick-dag is op Saterdag 16 Maart gevier⁹⁶ (Patriotiese konserte word in Deel II in meer detail behandel) terwyl die Cambridge Public School 'n Grand Concert op Vrydag 22 Maart aangebied het.⁹⁷ Die ambisieuse voorsitter van die skoolkomitee het die skoolkoor tydens die geleentheid toespreek en daarby nogal heelwat kennis van koorsang openbaar. Hy het onder meer gesê:

Each should be independent, and yet try to blend their voices in one harmonious whole. A good voice should not try to dominate and drown the other voices, but to moderate its tone so as to lead on and help the others of inferior quality, and thus produce harmony. He illustrated his points by reference to rowing on the river.

Voorts het 'n 'enormous audience' op Saterdag 27 April 1901 die stadsaal volgepak vir 'n uitvoering van die operette Trial by Jury en die kommentaar oor die aanbieding was kort en kragtig:⁹⁸

About this performance the audience, like the Jury, had but one word - Rapture!

'n Begeleidende ensemble van agt lede bestaande uit eerste en tweede viole, 'n klarinet, fluit, trompet, kontrabas en klavier onder leiding van Franz Moeller, het luister aan die konsert verleen. Op spesiale versoek het 'n tweede aanbieding op Dinsdag 30 April in die Seamen's Institute plaasgevind.⁹⁹

Twee betekenisvolle vokale konserte

Die Owls-kwartet

In teenstelling met 'n relatief gryse eerste ses maande het die tweede helfte van 1901 merkbare oplewing en vernuwung getoon, wat ingelui is met 'n skitterende konsert

op Saterdag 6 Julie in die stadsaal.¹⁰⁰ 'n Nuwe mannekwartet The Owls het by dié geleentheid hul buiging gemaak. Hierdie aanbieding het die bereidwilligheid van 'klankbeoefenaars' in Oos-Londen geïllustreer, en ook getoon dat hulle in staat was om 'n konsert van musikaal-bevredigende gehalte aan te bied. In sy skik het die kritikus na aanleiding van die poging verklaar dat Oos-Londen oor 'plenty of musical talent of no mean order' beskik het. 'n Prysenswaardige gebaar was dat die opbrengs aangewend sou word om die laste van die vlugtelinge wat hulle in Oos-Londen bevind het, te verlig. Onder die geïnspireerde leiding van Franz Moeller het 'n 'really fine orchestra of Ladies and Gentlemen' die aanbieding ingelei met die Andante uit HAYDN se Simfonie no. 8, gevolg deur 'n Hongaarse Dans van MISKA, 'n Serenade van SCHUBERT en WALDTEUFEL se Golden Rain. Die ensemble het bestaan uit ses eerste viole, sewe tweede viole, twee klarinette, twee kornette, 'n fluit, skuiftrompet, eufonium, kontrabas en klavier. Die Owls-kwartet, wat bestaan het uit mnr. T W Millward, kapt. McCheane en mnr. G Griffith en F T Dickerson, se optrede was oorweldigend en die kritikus het ekstasies verklaar:

The enunciation of the 'Owls' was all that could be desired and their voices blended admirably. The words came from them as from one man and the harmonies were exceedingly true. Behind the apparent simplicity and ease of their partsongs, there must have been an infinite deal of earnest practice. The 'Owls' are evidently not content with mediocrity and indeed, a mediocre male quartette is not a thing to be desired to make one rejoice. The performance of the 'Owls' on Saturday night was a most finished one and the audience were not slow to appreciate the merits of it, the quartette being recalled after each 'turn'. We hope to hear these extremely tuneful 'Owls' again at no remote date.

Die kritikus van die Standard was dit eens dat die groep 'n spog-ensemble was, maar was van mening dat 'the only defect noticeable was a little shakiness possibly due to slight nervousness, in taking some of the modulations and chords there from'.¹⁰¹ Daarbenewens het mnr. Gustav Sinsberg (viool) die gehoor betower met BACH se Aria on the G String, een van BRAHMS se Hongaarse danse, DE SERIOT

se Scene de Ballet Fantasie en JOACHIM RAFF se Cavatina.

Exhibition-konsert

Nog 'n invloedryke en prikkelende aanbieding was die First Children's Exhibition Concert wat op Donderdag 1 Augustus in die stadsaal onder die beskerming van die Departement van Opvoeding plaasgevind het.¹⁰² Ongeveer drie honderd en vyftig leerlinge, bygestaan deur 'n stewige orkes, het 'n ambisieuse program aangebied, bestaande onder meer uit COSTA se God Save the King, AUBER se Come O'er the Moonlit Sea, WOOLLEY se Tally-Ho, SCHUMANN se Bring me the Blossoms, SMART se Cradle Song, PINSUTI se Good Night Beloved,¹⁰³ MENDELSSOHN se Be Not Afraid uit Elijah en die Hallelujah-koor uit Die Messias van HÄNDEL.

Die skouspel van driehonderd leerlinge geklee in hulle skooldrag, en 'n orkes - 'and a very good orchestra it was' - van vyf-en-twintig lede was 'n feestelike lus.¹⁰⁴ Die koor se interpretasie van die verskillende komposisies was indrukwekkend, veral die lied van AUBER waarin die crescendo's met fyn aanvoeling uitgevoer is, asook die Hallelujah-koor. Die Kaapse Onderwysdepartement se musiek-inspekteur, mnr. Farrington, het die koor gelei en is net die hoogste lof toegeswaai:

There is naturally a great tendency on the part of children, especially when they are more or less in a state of excitement, to run away altogether in a chorus of this kind, from the tenors and basses who find it impossible to keep pace with the youthful voices. But last night Mr. Farrington had them well under control and the magnificent strains of the chorus were brought out with wonderful effect. A better conductor than Mr. Farrington it would be hard to find, the slightest sign on his part being at once understood and obeyed by the chorus.

Mnr. Farrington het voorts sy dinamiese leiding bevestig deur 'n boeiende demonstrasie van bladsang, gebaseer op handtekens.

Benewens die sukses van die saamgestelde koor het die Owls-kwartet geskitter in die werke The Banks of Allan Water, Tom, Tom the Piper's Son en She was a pretty little gosling. Ongetwyfeld was hierdie aanbieding 'n klinkende sukses en

'n klimakteriese gebeurtenis in die ontwikkeling van die musiekgeskiedenis van Oos-Londen.

Voortvloeiend uit die geslaagde Children's Exhibition Concert, het die Departement opdrag gegee dat 'n sekere deel van die opbrengs beskikbaar gestel moes word om as prysgeld te dien vir mededinging in sang en gehooropleiding op skoolvlak.¹⁰⁵ In die tweede week van April 1902 het die departementele inspekteur, mnr. Farrington, aan hierdie opdrag gehoor gegee. Die Girl's Public School het uitmuntend vertoon deur twee kwartetpryse in te oes na instudering van die voorgeskrewe Verdant Fields van SILCHER vir S.S.A.A. Pryse is ook gekanaliseer na leerlingonderwysers vir gehooropleiding en aan leerlinge onder tien en bo tien jaar. Met die lofwaardige inisiatief het die Departement nie net die potensiaal van die kind ontgin nie, maar 'n fundamentele aspek van die musiekonderrig, naamlik gehooropleiding, op 'n aantreklike wyse bekend gestel.

Voortsetting van ensemble-musisering

Ná die heuglike belewenisse van die kinderkoor het die verkwikkende Owls-kwartet hulle eerste verskyning op die Wesbank op Saterdag 24 Augustus 1901 gemaak, waar hulle die 'bonne bouche' van die aand was¹⁰⁶, terwyl 'n aanbieding op 10 September in die Wesleyaanse saal gekenmerk is deur 'n puik uitvoering van die East London Amateur Orchestral Society en talryke liedere wat groot genoegdoening verskaf het.¹⁰⁷

1.5 Ernstige musiek in toenemende mate beoefen 1902

Musisering is in 1902 gekenmerk deur aanbiedinge wat 'n steeds groeiende tendens na die beoefening van werke van ernstige aard weerspieël het, en wat gevolglik aan konserte 'n gewigtiger musikale inhoud verleen het. So byvoorbeeld het 'n konsert wat op 5 April 1902 plaasgevind het, nie alleen 'n gesonde balans tussen instrumentale en vokale werke bevat nie, maar ook 'n beduidende ernstige aanslag gehad:¹⁰⁸

Strykkwartet	<u>Adagio Cantabile</u> (Kaiser- kwartet)	HAYDN Mejj. I en E Bell Mnre. Bennett en Rein
Lied	<u>The Diver</u>	Mnr. Griffiths
Vioolsolo	<u>Allegro en Andante Sostenuto</u>	BRUCH Mej. I Bell
Lied	<u>I Fear No Foe</u>	PINSUTI Mnr. Morgan
Tjellosolo	<u>Allegro, Molto Allegro</u>	SAINT-SAËNS Mej. E Bell
Lied	<u>Life</u>	BLUMENTHAL Mej. Newberry
Lied	<u>The Sailor's Grave</u>	SULLIVAN Mnr. Morgan
Vioolsolo's	<u>Legende</u> <u>Capriccio</u>	WIENIAWSKI BÖHM Mej. I Bell
Lied	<u>The Spring Has Come</u>	MAUD WHITE Mev. Newberry
Tjellosolo	<u>Spanish Dance</u>	POPPER Mej. E Bell
Lied	<u>The Lifeboat</u>	STARK Mnr. Griffiths
Trio	<u>Pizzicato</u>	THOME Mejj. I en E Bell e Mnr. T Wendt

Nieteenstaande die feit dat die resensent mej. I Bell se vioolspel in die BRUCH-werk as foutloos beskou het, het hy die musiek nie 'particularly interesting' gevind nie, 'n aanduiding dat vele nog nie ontvanklik was vir enige musiek wat nie onmiddellike populariteit uitgestraal het nie.¹⁰⁹ Hierdie tendens het verklaar waarom mej. E Bell, ten spyte van puik hantering van die SAINT-SAËNS-konsert, meer spontaan toegejuig is in 'n uitvoering van POPPER se Spanish Dance. Hoe dit ook al sy, die konsertlewe in Oos-Londen het 'n nuwe tydvak betree en die bekendstelling van gestandaardiseerde klassieke werke is verder gevoer met 'n Pianola Recital wat op Dinsdagaand 8 April in die stadsaal plaasgevind het.¹¹⁰ Benewens die bekendstelling van CHOPIN se Konsert in e mineur op. 11, het die Pianola onder meer werke van WIENIAWSKI, MENDELSSOHN en DE KONTSKI gespeel.¹¹¹

Ongelukkig het slegs 'n karige groepie belangstellendes hulle opwagting by die geleentheid gemaak. Volgens die resensent het dié instrument - wat gekoppel was aan mnr. Grout se 'magnificent 200 guinea Steinway concert grand piano' - van 'the finest music ever written' voorgespeel deur 'none but pianists of the greatest executive power'.¹¹² Vir die ernstige amateur moes hierdie uitvindsel sekerlik 'n belewenis en openbaring gewees het, byvoorbeeld die lopies in CHOPIN se Klavierkonsert - 'n werk wat vir die eerste keer in Oos-Londen aangehoor is - 'were executed with a crispness and a clearness which most players would give much to emulate'.

Voorts het twee nuwelinge in Oos-Londen, 'n mej. Van den Hoven wat 'n 'splendid reputation' in Johannesburg opgebou het en oor 'n 'powerful soprano voice' beskik het en mnr. Theo Wendt, 'n 'pianist of great ability', die voortstuwende tendens gehandhaaf met indrukwekkende optredes in 'n konsert wat op 19 April in die stadsaal aangebied is.¹¹³ Veral mnr. Wendt het getref met 'n vertolking van MOSZKOWSKI se Scherzo-Valse en CHOPIN se Polonaise in c-kruis mineur, alhoewel die resensent die mening toegedaan was dat die werk 'hardly effective as a concert piece' was - weer eens 'n aanduiding van die gegroefde gemoedere van plaaslike musiek liefhebbers.

Mnr. Theo Wendt se vestiging en optredes in Oos-Londen het geblyk 'n besliste bydrae tot die dorp se musikale groeiproses te wees. Min inligting oor hierdie musikus wat later eerste dirigent van die Kaapstadse Simfonie-orkester sou word, is verskaf. Die Daily Dispatch het net bondig gemeld dat hy by die Cologne Konserwatorium en die Royal Academy gestudeer het en later die Sterndale-Bennett-beurs vir komposisie ontvang het.¹¹⁴ Afgesien van bovermelde bydraes het hy 'n Grand Evening Concert op Saterdag 3 Mei 1902, waartydens mej. Florence Fraser, 'the South African Nightingale' ook opgetree het, gegee.¹¹⁵ 'n Belowende program wat etlike werke van 'n ernstige aard bevat het, is aangebied:¹¹⁶

Trio	<u>Waltz Fairy Tales op. 56</u>	SCHÜTT Mejj. Bell en Mnr. Wendt
Lied	<u>Serenade</u>	SCHUBERT Mnr. Morgan
Klaviersolo	<u>Ballade in g mineur</u>	CHOPIN Mnr. Wendt
Lied	<u>The Bells of St. Ethelred</u>	BARNBY Mnr. Griffiths
Lied	<u>Roberto toi che adoro</u>	MEYERBEER Mej. Fraser
Klaviersolo's	<u>Autumn</u>	HARRIS
	<u>Etude Mignonne</u>	SCHÜTT
	<u>Etude de Concert</u>	GODARD Mnr. Wendt
Trio	<u>Peer Gynt Suite</u>	GRIEG Mejj. Bell en Mnr. Wendt
Liedere	<u>Ich Liebe Dich</u>	GRIEG
	<u>Widmung</u>	SCHUMANN Mej. Fraser
Klaviersolo's	<u>Valse Gracieuse</u>	WENDT
	<u>Mazurka</u>	WENDT
	<u>Air de Ballet</u>	WENDT Mnr. Wendt
Lied	<u>Erlking (sic!)</u>	SCHUBERT Mnr. Morgan
Lied	<u>Promise of Life</u>	COWEN Mej. Fraser
Lied	<u>Song of Hybrias the Cretan</u>	ELLIOT Mnr. Griffiths
Klaviersolo's	<u>Frühlingsrauschen</u>	SINDING
	<u>Valse Impromptu</u>	SCHYTTE Mnr. Wendt
	<u>GOD SAVE THE KING</u>	

Aangesien hierdie poging indringend en breedvoerig deur die resensent behandel is en omdat sekere belangrike afleidings uit die verslag gemaak kan word, word dit hier in sy geheel aangehaal: ¹¹⁷

The musical public of East London had an opportunity on Saturday night of judging of the abilities as a pianist of Mr. Theo Wendt, A.R.A.M. Two things prevented him from being heard to the best advantage. First, the grand

piano which had been ordered for the concert was by reason of the shipping delays now of such frequent occurrence not landed in time and the pianist had therefore to use an up-right piano, a fine instrument of its kind, but not powerful enough for a concert room of the size of the Town Hall. Second, Mr. Wendt had not only to play his own solos but had to take part in the trios and accompany every song as well, and an accompaniment like that of the Erl-King calls for a considerable amount of manual exertion in itself. From the beginning to the end of the programme he had absolutely no rest and the strain must have been severely felt by him. However, in spite of these disadvantages there can be no doubt that Mr. Wendt showed himself a pianist of exceptional ability.

The pieces which he chose were all of a modern character, thoroughly imbued with the spirit of the romantic school. In his playing of these he did not, as some present day players do, unduly exalt the merely sensuous elements of melody and tone-colour at the expense of the emotional and the intellectual. He gave a well-balanced rendering of the pieces, showing a perfect understanding of their thematic development and general constructive design no less than their aesthetic and their mental characteristics. His rendering of the CHOPIN Ballade in a minor was a particularly sympathetic interpretation of that exquisite musical poem. The 3 Concert Studies by CLEMENT HARRIS, EDWARD SCHÜTT and BENJAMIN GODARD respectively were most happily chosen and delightfully rendered. The 3 graceful compositions of his own solo received fine treatment and were much enjoyed by the audience. Particularly was this the case with Air de Ballett, which by the way, we see in the English papers had just been performed in its orchestral form with much success at the Crystal Palace by August Manns' orchestra. The 2 concluding pieces on the programme were SINDING'S Frühlingsrauschen and L SCHYTTE'S Valse Impromptu, both charming compositions. But in them the fatigue which the pianist could not but have felt after his exertions during the evening, was slightly noticeable. Mr. Wendt made an admirable choice of pieces for his first concert in East London, where the musical education of the public has been sadly neglected, and where PADEREWSKI himself would probably have a smaller house than a man who could play the piano with his toes. There was, however, a remarkably good house on Saturday night for a high class concert, and with the exception of a few persons (to whom we shall refer again) it was a most appreciative one.

One of the attractions of the evening was the singing of Miss. Florence Fraser of Bloemfontein, known throughout the sub-continent as the South African Nightingale. Her first song was the famous aria from MEYERBEER'S Robert the Devil - Roberto, toi che adoro. The aria was well calculated to show to advantage the fine quality of Miss. Fraser's beautifully-trained voice and it was sung with a dramatic power and intensity seldom heard in this country.

The bravura passages were brilliantly executed and at the conclusion of the song a storm of applause greeted the singer. As an encore piece Miss. Fraser gave Killarney which delighted the audience in spite of the familiarity. Her next 2 songs were GRIEG's beautiful song Ich Liebe Dich and SCHUMANN'S charming Widmung. That they were admirably sung goes without saying, in fact, these 2 songs undoubtedly constituted Miss. Fraser's best performance at the concert, but they did not seem to appeal to the audience so much as did the hollow brilliance of MEYERBEER'S aria. Possibly the fact that they were sung in what to most people present was a foreign language had something to do with it. The Roberto aria was sung in a foreign language also, but in its case the vocal gymnastics made up for that fact, while in the GRIEG and SCHUMANN songs there were no bravura to astonish or delight the audience. Miss. Fraser had nevertheless to return, and she sang Widmung again. She had been asked by several people to sing COWEN'S Promise of Life but the copy had at the last moment unfortunately been mislaid and she sang TOSTI'S Good-Bye, which was given fine expression. Her encore was Comin' thro the rye.

Each half of the programme was begun with a trio, in which Miss. I Gordon Bell played the violin, her sister the 'cello and Mr. Wendt the piano. The first trio was EDWARD SCHÜTT'S Walzer Märchen which received a delicate interpretation at their hands, the final fairy tale in particular being well rendered. The item was felt to be a little too long and would probably have been better received if one of the Märchen had been omitted. The second trio was from GRIEG'S Peer Gynt Suite - Ases Tod and Anitra's Tanz being the numbers chosen. A fine performance of these numbers were given, the correct balance of tone being well preserved throughout and the players had to comply with the demand for an encore, giving in response to the call the second number once again.

Mr. A I Morgan sang SCHUBERT'S lovely Serenade and his marvellous setting of GOETHE'S Erl König. The first song was the more successful of the 2 though both were ably sung. As an encore to the first, Mr. Morgan sang in good style, Thy Sentinel am I. The second SCHUBERT song would have been more successful if the singer had thrown out his voice a trifle more. A feature of this item was Mr. Wendt's brilliant playing of the weird accompaniment, in which the tramp of the galloping horse and the moan of the night-wind in the trees is so wonderfully reproduced. His rendering of the accompaniment made us wish that he had included on this programme LISZT'S transcription of the song. The popular bass singer, Mr. D J Griffiths who appeared twice on the programme, was not heard to advantage, as was only natural in that he had practically risen from bed to take part in the concert. As a matter of fact, it was against the doctor's orders that he was out at all, but rather than disappoint Mr. Wendt he pluckily

took his place on the stage. His songs The Bells of St. Ethelred and The Song of Hybrias the Cretan were well rendered under the circumstance.

Great annoyance was caused to the audience just before Mr. Wendt's solos at the end of each part of the programme by the painful ill-breeding of a few individuals who made a stampede for the door. If they did not wish to hear the music, why were they there at all? And if they wanted to get out of the hall, they might have gone out in the interval between the items. It seemed in some cases as if they deliberately waited for the pianist to appear before making for the door. They seemed to forget that though they might not enjoy the music, the rest of the audience did, and that by their clumsy haste to leave the concert-room, they were interfering with the pleasure of those who were left. The only redeeming feature of their conduct, which to say the least of it, showed a lamentable lack of good taste, was that by removing themselves from the audience they weeded it of the few undesirables there.

To-morrow night Mr. Wendt is giving a concert at King William's Town and he will be assisted on that occasion also by Miss. Fraser and Mr. A I Morgan.

Die resensent het in sommige opsigte fyn aanvoeling en insig openbaar, maar dit het nie die feit verdoesel dat die verslag verskeie knelpunte van 'n onontwikkelde gemeenskap bevat het nie:

1. Daar is gereken op die koms van 'n vleuelklavier, maar die 'frequent occurrence' van skepe wat nie betyds arriveer het nie, is nie in gedagte gehou nie.
2. Mnr. Wendt se klavierkeuses - werke van CHOPIN, SINDING en SCHYTTÉ - is almal geklassifiseer as van 'n 'modern character', alhoewel darem 'thoroughly imbued with the spirit of the romantic school'.
3. 'n Persoon 'who could play with his toes' sou 'n voller saal as PADEREWSKI getrek het - 'n sarkastiese dog raak verwysing na die onwilligheid van die publiek om hulle in ernstige musiek te laat onderrig. Ongelukkig was hierdie verwysing waar en het die publiek van Oos-Londen vir 'n lang tydperk in gebreke gebly om konserte van ernstiger aard te ondersteun.
4. Voortspruitend en ter bevestiging van bovermelde faktor

het die resensent gewag gemaak van die feit dat Ich Liebe dich en Widmung die gehoor minder aangegryp het as die 'hollow brilliance' en 'vocal gymnastics' van MEYERBEER.

5. Die uittartende, laakbare gedrag van 'n sekere groep van die gehoor.
6. Verslag van 'n ongewone, onbeholpe lengte, alhoewel die resensent sekerlik bedoel het dat dit leersaam moes wees.

Benewens hierdie kenmerke het resensies oor die algemeen bykans sonder uitsondering net positiewe kommentaar gelewer, wat dus daarop gedui het dat eerlike kunsevaluering nie die hoogste prioriteit geniet het nie, maar dat daar eerder op sosiale bouwerk gekonsentreer is.

Aanvullend was Franz Moeller doenig met baanbrekerswerk onder die jongelui in Oos-Londen soos weerspieël is in 'n Grand Charity Concert wat op Saterdag 17 Mei 1902 in die stadsaal aangebied is, met 'n fondsinsameling vir die Frere-hospitaal as oogmerk.¹¹⁸ Onder Moeller se begeesterde leiding het 'n 'capital orchestra' van bykans vyf-en-twintig lede, wat hoofsaaklik van skoolgaande ouderdom was, met flink, beheersde spel vorendag gekom. 'n Deel uit MENDELSSOHN se Klavierkonsert op. 25 deur mej. Edith Norris was besonder geslaagd, terwyl die jong violis Wilhelm Rein belowend vertoon het in 'n vertolking van DE BERIOT se Air Varié no. 3.

'n Effense insinking

Opvolgend het beide Franz Moeller en Theo Wendt waardevolle hulp verleen aan 'n Grand Evening Concert wat op Donderdagaand 3 Julie in die stadsaal aangebied is en verband gehou het met 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysunie¹¹⁹; Moeller met sy orkes wat albei helftes geopen het en Wendt met 'n 'brilliant concert study' voor die klavier. Globaal beoordeel was die samestelling van die program egter stereotiep populêr en selfs die resensent het dié aspek uitgewys:

The concert was much enjoyed, though possibly the enjoyment would have been greater if most of the songs had not been so hackneyed.

Wendt en Moeller verantwoordelik vir verdere verryking

Gelukkig was die insinking wat gegroefde programsamestellings betref van korte duur, want benewens 'n voortreflike program deur 'n aantal vooraanstaande amateurs tydens die Wesley Guild se jaarlikse konsert op Dinsdag 26 Augustus¹²⁰, was dit weer eens Theo Wendt wat Oos-Londen se konsertlewe vitaal gehou het, hierdie keer onder die vaandel van die East London Amateur Operatic Society as dirigent van 'n koor van veertig stemme en 'n spesiale orkesensemble van sestien lede in 'n opvoering van die opera The Mikado op Saterdag 29 November en Maandag- en Dinsdagaand 1 en 2 Desember 1902 in die stadsaal.¹²¹ 'An exceptionally good house' was teenwoordig, en dit was vir almal duidelik dat die opera-ontervinding wat Theo Wendt 'at Home' opgedoen het, baie bygedra het tot die sukses van die opvoering.¹²² As hoofsoliste het mnr. D Myers (Ko-Ko) aansteeklike vitaliteit openbaar, terwyl mej. Kathleen Ryan wat Yum-Yum vertolk het, gelukkig is met die woorde 'exceedingly well suited to the part'. Ook die koor is geloof vir hulle ondersteunende bydrae en die resensent was van mening dat die ensemble 'particularly strong' was. Die resensent se oorsigtelike indruk was gewis bemoedigend en opheffend:

There were now and then the usual slight hitches inevitable on the first performance, but, taking the performance altogether, the East London Amateurs may rest satisfied that they have given the best amateur production yet seen in the town.

Moeller het ook nie op hom laat wag nie, en met kenmerkende toewyding en geesdrif 'n Grand Evening Concert georganiseer wat op Woensdag 3 Desember in die Lutherse saal plaasgevind het.¹²³ Mnr. Wendt en Moeller het dus met hulle volgehoue ywer die aanvanklike oplewing wat in 1902 ervaar is, voortgesit en uitgebou.

Die saal was gevul 'to its utmost capacity', 'n aanduiding dat Moeller se onvermoeide pogings nie ongesiens verbygegaan het nie. As dryfveer vir voortgesette pogings met die orkes moes die indrukke van die resensent sekerlik 'n onderskraging vir Moeller gewees het:

The several performances by the orchestral class were the most important features of a varied and attractive programme, judging from the excellent manner in which the orchestra acquitted themselves last evening. Mr. Moeller is certainly deserving of congratulation for the high standard of perfection his class has attained.

Die volgende werke is deur hulle voorgespeel: LANGEY se Myositis-ouverture, 'n keurspel uit The Runaway Girl, die Felsenmühle-ouverture, REISIGER en ROSE se Mars in G majeur, die Fantasia uit Il Trovatore van VERDI, en die Karnthauer Lieder Mars van SIEPERT. Voorts het mej. Rosa Davis (viool) geskitter met pragvertolkings van DE BERIOT se Militaire-konsert en HAUSER se Bird in the Tree, volgens 'n voorafgaande berig 'both very high class'.¹²⁴ Daarbenewens het 'n koor onder die humoristies beskrywende titel, die Halbe Lunge Choir - in werklikheid die Southernwood Male Choir - 'n keurspel voorgesing. Ander ensembles, waaronder die Lutherse kerkkoor en 'n vioolkwartet, het bygedra tot 'n verfrissende verskeidenheidsryke program.

Onteenseglik het die konsert getoon dat Oos-Londen oor die potensiaal beskik het om 'n konsert van standaardgehalte geslaagd aan te bied.

Franz Moeller en sy leerlingorkes het hulle sukses voortgesit met oortuigende spel tydens 'n Grand Vocal and Instrumental Concert in die Cambridge-stadsaal op Saterdagmiddag 13 Desember¹²⁵, en ook tydens 'n konsert wat op Woensdag 17 Desember in die St. John's Parish Room plaasgevind het.¹²⁶ So en behalwe Moeller se bemoedigende sukses met sy orkes, was dit veral twee van sy jong viool-leerlinge, mej. Rosa Davis en mnr. W Rein, wat die aandag getrek het met uitstaende spel tydens verskeie geleenthede.

In die laaste aanbieding het mnr. Rein byvoorbeeld getref met puik vertolkings van VIEUXTEMPS se Souvenir d' Amerique en ELGAR se Salut D'Amour.

1.6 Samevatting

Nà die verloop van 'n lang groeiproses waarin konserte by tye 'n knellende laagtepunt bereik het, wat frekwensie so-wel as programinhoud betref, het konserte in die laaste vier jaar van dié tydperk opvallende vooruitgang gemaak. Ofskoon die laaste vier jaar 'n toename in die beoefening van ernstige musiek openbaar het, is die geheelindruk een van onsekerheid en traagheid waarin verknogtheid aan populêre items en 'n afwesigheid van lewendige betrokkenheid deur talle van Oos-Londen se voorste amateurs, die konsertlewe benadeel het. Hierdie remmende faktore is duidelik weerspieël in die feit dat werke van gestandaardiseerde gehalte uiters sporadies voorgekom het, byvoorbeeld die Hallelujah-koor in 1881, die Maanlig-sonate (BEETHOVEN) in 1884, La Regatta Veneziano (LISZT) in 1891 en die Speelgoed-simfonie (HAYDN) in 1896. Daarbenewens het slegs 'n handjievol amateurs inisiatief en durf openbaar, en ook maar eers werklik vanaf 1896 deur die werk van mnr. Moeller, Beavan, Gwynne en Wendt.

Drie van dié vier here het beduidende suksesse met hulle ensembles behaal - Moeller met sy leerlingorkes, Gwynne met sy mannekwartet, The Owls, en Beavan met sy Panmurevereniging - en oombliklik kleur en vitaliteit aan 'n vale-rige situasie verleen.

Samevattend was dit dus slegs 'n klein groepie amateurs wat konserte uit 'n doolhof van geykte, stereotipe aanbiedinge gelig het. Nieteenstaande hul ywer en drif, het die oorgrote meerderheid amateurs en musiekkliefhebbers egter nog geen meeleving ten opsigte van die beoefening van ernstige musiek openbaar nie. Daarvoor was die aspekte van

voorkeur aan populêre items, onkunde en onverskilligheid by resensente aangaande die aanbied van nuwe werke, asook 'n oppervlakkige evalueringstandaard en gebrekkige ondersteuning by konserte van hoër gehalte, nog te oorheersend in die gemeenskap.

2 GEWYDE AANBIEDINGE 1872 - 1902

2.1 Aanbiedinge v1 gesaai 1872 - 1882

Net soos in die geval van konserte, het daar ook geen gewyde aanbiedinge in die vroeë sewentigerjare van die negentiende eeu in die dorpie plaasgevind nie. Ofskoon konserte later in die sewentigerjare darem wel sporadies voorgekom het, was gewyde aanbiedinge nog skaarser.

Oos-Londen se eerste georganiseerde gewyde konsert het vroeg in Januarie 1876 plaasgevind, met 'n aanbieding in die Wesleyaanse kerk in Panmure, waar meesal vokale items asook klavier- en orrelitems gelewer is.¹ Hierdie eerste kerkgebou van die Wesleyaanse kerk was suid van die toenmalige vlei geleë - vandag die perseel van die stadsaal - maar 'the noise from the vlei made by the frogs was so bad that the doors of the church had to be kept closed, in order that the congregation might hear a little of the sermon.'²

Meer as twee jaar het verloop voordat daar weer 'n Concert of Sacred Music aangebied is, die keer op Vrydagaand 15 Maart 1878 in die Presbiteriaanse gemeente.³ Hierdie aanbieding het verband gehou met die 'arrival of their New Instrument' - 'n harmonium uit Engeland vir gemeentelike doeleindes. Die koor van die gemeente sou voort's op Woensdag 10 Julie 1879 'n Amateur Concert in die Victoria-saal aanbied, bygestaan deur vriende uit King William's Town.⁴ Ongelukkig is geen verslag aangeteken nie.

In kontras met hierdie tentatiewe poging kies het 'n aanbieding in 1882 van 'n hoër musikale inhoud getuig, waar die volgende program op Dinsdagaand 9 Mei ten bate van die St. John-orrelfonds in die Mutualsaal aangebied is:⁵

Ouverture	(<u>Die Messias</u>)	HANDEL Mnr. Cornuel
Resitatief	<u>Comfort Ye</u> (<u>Messias</u>)	HANDEL Mnr. Dickie
Koor	<u>And the Glory of the Lord</u> <u>But the Lord is mindful of</u> <u>his own</u> (<u>St. Paul</u>)	HANDEL MENDELSSOHN Mej. Tapson
Kwartet	<u>God is a Spirit</u> (<u>Woman</u> <u>of Samaria</u>)	BENNETT Mejj. Urry en Tapsc Mnre. Kay en Whipp
Resitatief en Air	<u>Angels ever Bright end Fair</u> (<u>Theodora</u>)	HANDEL Mej. Janion
Solo	<u>O Rest in the Lord</u> (<u>Elijah</u>)	MENDELSSOHN Mej. Browning
Solo	<u>How willing my paternal love</u> (<u>Samson</u>)	HANDEL Mnr. Martin
Solo en koor	<u>O Thou That Tellest</u> (<u>Messias</u>)	HANDEL Mej. Tapson
Klaviersolo	<u>Martha</u>	FLOTOW Mej. Dollar
Solo en koor	<u>Three Chafers</u>	(Komponis nie genoem Mnr. Martin
Lied	<u>Non E' ver</u>	(Komponis nie genoem Mnr. Kay
Lied	<u>The Blind Girl's Dream</u>	(Komponis nie genoem Mej. Urry
Klaviersolo	<u>Le Chant de Naiads</u>	ASCHER Mev. Palmer
Lied	<u>Rocked in the Cradle of the</u> <u>Deep</u>	KNIGHT
Klavier en vioolduet	<u>Air Varie</u>	DE BERIOT Mev. Palmer en Mnr. Hind
Voordrag		Mnr. Hind
Glee-koor	<u>Carnovale</u>	(Komponis nie genoem Koor

Nieteenstaande die feit dat mejj. Janion en Browning volgens die resensent 'heavy works' aangedurf het, is hulle gekrediteer vir hulle verdienstelike pogings, terwyl die koor onder leiding van mnr. W J Green ook gunstige kommentaar uitgelok het vir hul vertolking van And the Glory of the Lord.⁶ Daarbenewens het mev. Palmer se klavierspel

hoë lof ingeoes: 'she manipulates it with exceeding taste and corresponding effects, being vociferously recalled'.

2.2 Enkele ligpunte in 'n dorre periode 1883 - 1888

Hierdie betekenisvolle aanbieding is egter weer gevolg deur 'n armoedige tydperk, ooreenstemmend met dié wat bovermelde konsert voorafgegaan het en waartydens slegs een aanbieding in die jare 1883 - 1885 die lig gesien het. Gelukkig het dié aanbieding - wat op Vrydagaand 18 April 1884 in die Baptiste kerk in Noordeinde plaasgevind het⁷ - van 'n hoë artistiese gehalte getuig toe 'n koor van twintig stemme WARD se populêre kantate Nativity opgevoer het.⁸ Twee koorwerke uit die kantate, To God in the Highest Glory en O list the grand chorus we heard is beskryf as 'remarkably good' en die hoop is uitgespreek dat die ensemble hulle weg sou oopsien om die werk te herhaal by 'n latere geleentheid. 'n Eerste helfte wat uit individuele bydraes bestaan het, het onder meer 'n uitstaande vertolking van MOZART se Gloria in Excelsis Deo vir klavier en klarinet bevat.

Gewyde aanbiedinge kon maar net nie aan die gang kom nie, en eers in Junie 1886 is melding gemaak van 'n orreluitvoering, deurspek met vokale items, wat op Vrydag 2 Julie in die St. John-kerk plaasgevind het.⁹ Onder meer is bekende snitte uit beminde oratoriums aangehoor: Overture uit Die Messias (HANDEL) deur mnr. Cornuel (orrel), Comfort, Ye (Messias) deur mnr. Kay, And the Glory of the Lord (Messias) deur die koor onder leiding van mnr. Green, But The Lord is mindful (St. Paul) van MENDELSSOHN deur mej. Morris, But Thou didst not leave (Messias) deur mnr. Hawthorne, en Lift up your Heads (Messias) ook deur die koor. Cornuel se vertolkings is met 'marked pleasure' aangehoor, terwyl die koor geprys is vir oortuigende vertolkings van hul koorwerke.¹⁰ Hierdie betekenisvolle konsert het

die resesent genoodsaak om die verloop van gewyde musiek in Oos-Londen met groter optimisme te bejeën:

It would be gratifying to know the cultivation of sacred music is going on steadily at East London, and that we may look forward some day to a popular festival on an extensive scale.

Voortvloeiend uit die aanbieding is besluit dat 'short selections of sacred music' vanaf die eerste Sondag in November ná die aanddiens op die St. John-kerkorrel voorgespeel sou word.¹¹ Hierdie stap het momentum aan gewyde musiek in Oos-Londen verleen. 'n Keurspel uit Die Skepping van HAYDN sou by die eerste aanbieding aangehoor word.

Opvolgende optredes het plaasgevind op Sondag 21 en 28 November en 12 Desember waartydens werke van MOZART, MENDELSSOHN en ROSSINI gelewer is. Veral die Cujus Animam uit die Stabat Mater van ROSSINI was 'n gewilde keuse.¹²

Hierdie prysenswaardige pogings is egter ná die belowende begin nie volgehou nie, en is eers weer op Sondagaand 5 Junie 1887 hervat.¹³

Die koning van die instrumente het hom stadig maar seker ingegrave in die musieklewe van Oos-Londen. Die behoefte aan 'n soortgelyke instrument het die Presbiteriaanse kerk van Oos-Londen-Oos gedwing om 'n gewyde konsert op Woensdag-aand 15 Junie aan te bied met die oog op 'n fondsinsameling vir die instrument.¹⁴ Dié program het ook soos die konsert van Julie 1886 imposante arias uit belangrike oratoriums bevat: O Thou that tellest (Die Messias), In native worth (Die Skepping), en O Rest in the Lord (Elijah). Al die deelnemers het met voortreflike vertolkings vorendag gekom.¹⁵ WHITFIELD se werk I will lift up mine eyes en STAINER se gesang What are these? is met treffende lig- en skadu-effekte deur die koor vertolk, terwyl

mnr. Sutherland en mev. Jackson se solo-bydraes, The Guardian's Angel van GOUNOD en die air Angels ever bright and fair almal van hoogstaande gehalte was. Laasgenoemde lied is geprys as die 'gem of the evening'.

Die plaaslike gemeenskap het in 1888 weer 'n armoedige tyd-jie beleef in soverre dit gewyde aanbiedinge aangegaan het.

2.3 Langsame ontplooiing 1889 - 1892

Gedurende die tydperk 1889-1892 het gewyde aanbiedinge maar weer eens slegs sporadies voorgekom. Gelukkig het die orreluitvoerinkies op Sondagaande van die energieke Cornuel, orrelis van die St. John-gemeente, en 'n paar konserte wat instrumentale en vokale werke ingesluit het in 1891 plaasgevind.

Twee bemoedigende pogings

Dit was eers in die laaste paar maande van 1889 dat dié genre weer bietjie lewe getoon het met twee bemoedigende pogings. Vir die inwyding van die nuwe orrel van die Wesleyaanse kerk het ruim driehonderd belangstellendes hulle opwagting gemaak op Donderdag 24 Oktober.¹⁶ Mnr. Cornuel het keurspele van HANDEL en MOZART smaakvol voorgedra op 'n instrument wat positiewe kommentaar uitgelok het:

The tone is generally excellent, and the solo and soft stops are very effective while the bass notes are telling and heavy.

'n Belangrike aspek van gewyde musiek, naamlik vokale musiek en in die besonder resitatief en aria, is in oorvloed ingesluit in 'n Service of Song wat op Vrydag 1 November 1899 (All Saints Day), tydens 'n dankseggingsdiens in die St. Peter-kerk op die Wesbank plaasgevind het.¹⁷ Mej. Willetts het met uitmuntende sang vorendag gekom in twee resitatiewe en arias, naamlik Angels ever Bright and Fair en Eve's Lamentation. Die plaaslike koor is deur verskeie lede van die St. John-kerk bygestaan.

Op publieke aandrang sou die dankseggingsdiens later in November in die St. John-kerk herhaal word.¹⁸

Cornuel vir momentum verantwoordelik

Afgesien van die feit dat verskeie konserte in 1890 deur vokale items (liedere en kooritems) versier is, was dit die orrelbydraes van die ywerige Cornuel wat momentum aan gewyde aanbiedinge verleen het.

Sy dienste is vroeg in die nuwe jaar bekom toe die Wesleyaanse kerk op 8 Januarie sy nuwe instrument tydens 'n gewyde konsert op die proef gestel het.¹⁹ Keurspele uit MOZART se Mis no. 12 snitte uit die Stabat Mater van ROSSINI en die Halleluja-koor is deur mnr. Cornuel op die orrel vertolk terwyl mej. Willetts haar ryk resonante stem met vrug aangewend het in 'n imposante interpretasie van COWEN se The Better Land.

Die kultuurverrykende gebruik van Cornuel om 'short selections of organ music' ná die aanddienste voor te speel, het egter na 'n vlytige begin in November 1884, net sporadies weer opgeduik. So het hy byvoorbeeld op Sondagaand 7 Februarie en Sondagaand 13 April belangstellendes op kort keurspele vergas.²⁰

Hierdie orrelis se onbaatsugtige diens op gewyde vlak is weer eens beklemtoon toe hy op Vrydagaand 26 September 'n orreluitvoering in die St. Andrew-kerk in Oos-Londen-Wes aangebied het.²¹ Benewens enkele keurspele uit die eerste, tweede en twaalfde Misse van MOZART het Cornuel The South African March van TREGARTHORN uitgevoer. Daar is gerapporteer dat Cornuel 'n meester van sy kuns was en dat toehoorders die grootste applous gegee het by die aanhoor van laasgenoemde komposisie.²²

Op Sondagaand 14 Desember het hy sy aktiewe bydraes voortgesit met 'n kort orreluitvoering na die aandsiens in die St. John-kerk.²³ Sy aangebode program was as volg:

<u>Andante in e mineur</u>	BATISTE
<u>Harvest Thanksgiving March</u>	CALKIN
<u>Andante in G majeur</u>	BATISTE
<u>Grand March (Simfonie in c mineur)</u>	BEETHOVEN

Die getranskribeerde snit uit die BEETHOVEN-simfonie het sekerlik 'n wenkbrou of twee laat lig. Nieteenstaande die feit dat Cornuel 'n beduidende energieke bydrae tot die musikale aktiwiteite van Oos-Londen gelewer het, is dit tog jammer dat nie meer werke van werklik klassieke gehalte bekend gestel is nie. Dit is slegs 'n bespiegeling, maar een rede vir die oorwegend populêre samestellings kon wees dat ondersteuning andersins agterwaë sou bly.

Groter ewewig tussen instrumentale en vokale werke 1891

Ofskoon Cornuel nog steeds vir die meeste aanvoorwerk in dié genre verantwoordelik was, het daar vanaf 1891 'n meer ewewigtige balans tussen instrumentale en vokale werke ingetree. Die tendens is ingelei met 'n gewyde konsert van 'n verskeidenheidsryke aard wat op Vrydagaand 16 Januarie 1891 in die Wesleyaanse kerk plaasgevind het.²⁴ Benewens orrelsolo's is ook koorwerke, klaviersolo's, sangsolo's en kwartette aangehoor. 'n Getranskribeerde weergawe van die Andante uit die Septet van BEETHOVEN, heelwaarskynlik op klavier of orrel, is onder meer deur twee dames voorgespeel.

Intussen het die Presbiteriaanse kerk ook 'n nuwe orrel bekom. Dit is op Vrydagaand 19 Junie deur Cornuel ingewy en kooriteme is ook gelewer.²⁵ Cornuel het dié geleentheid ingelei met 'n uittreksel uit Die Towerfluit, terwyl Cujus Animam uit ROSSINI se Stabat Mater, uittreksels uit 'n Mis van MOZART en TREGARTHEN se mars South Africa die res van sy bydrae uitgemaak het. Die orrel was 'one of Estey's', met twee en twintig registers en 'fitted with all the latest improvements'. Lift Thine Eyes uit die

Elia en And the Glory of the Lord uit Die Messias was hoogstaande vokale bydraes wat die gehalte van die konsert noemenswaardig verhoog het.

'n Week later was die bedrywige Cornuel weer voor die orrel, hierdie keer met 'n orreluitvoering in sy eie gemeente op Vrydagaand 26 Junie.²⁶ Die werke wat hy aangebied het, was toe al sekerlik aan die publiek bekend: uittreksels uit ROSSINI se Stabat Mater, MOZART se Twaalfde Mis en BEETHOVEN se Simfonie in c mineur. Verskeie plaaslike kunstenaars het verdienstelike vokale bydraes gemaak, maar weer eens was dit mej. Willetts se vertolkings wat geïmponeer het. Haar interpretasie van There is a Green Hill far away en Ora Pro Nobis²⁷ het die volgende kommentaar uitgelok:

she is the owner of a good voice which she well knows how to manage. The lady has a remarkably good register, (sic!) the lower notes being reached with apparently as small an effort as the more extreme ones.

Bykans tweehonderd mense het triestige weersomstandighede getrotseer om die konsert by te woon, 'n aanduiding dat gewyde musiek van aantreklik-populêre aard aanklank by die publiek gevind het.

Vervolgens het nog 'n orreluitvoering, 'interspersed with vocal music', op Vrydagaand 4 September in die St. John-kerk plaasgevind, weer met Cornuel aan die stuur van sake.²⁸ Volgens die resensent van die East London Standard was Cornuel se beste pogings Fac ut Portem en Inflammatum.²⁹

Cornuel se voortreflike orreluitvoerinkies was beslis prysenswaardig, aangesien geen ander musikus in Oos-Londen soveel inisiatief in hierdie genre openbaar het nie, maar dit is tog jammer dat die werke van 'n begrensde, geïkte aard was.

Daarna het 'n gewyde aanbieding wat weer eens die strekking van 'n meer ewewigtig instrumentaal-vokale samestelling onderstreep het, op 30 Oktober in die Wesleyaanse kerk

plaasgevind.³⁰ Opbrengste sou aangewend word vir die oprigting van 'n pastorie vir hierdie gemeente, en die saal was stampvol. Cornuel wat hierdie keer nie opgetree het nie, se invloed het tog deurgesypel in die sin dat ROSSINI se Cujus Animam (Stabat Mater) in getranskribeerde vorm deur mev. Hellier en Brookes op die klavier voorgespeel is. Ander getranskribeerde werke naamlik In Native Worth en dele uit HAYDN se Skepping is deur mev. Hellier voorgespeel. Weer eens het mej. Willetts met uitstaande sang vorendag gekom en groot sukses behaal in vertolkings van SPOHR se Bow Down en PICCOLOMINI se Ora Pro Nobis, terwyl die koor twee kwartette gelewer het, naamlik WEBBE se Come ye Disconsolate en SMITH se I Will Pray the Father.

Afgesien van die aanbod van programme van meer gebalanseerde aard, het Cornuel sy lofwaardige diens aan Oos-Londense musiek-liefhebbers ten opsigte van gewyde musiek gehandhaaf met nog 'n kort orreluitvoering op Sondagaand 22 November waartydens hy werke van BATISTE, BEETHOVEN (Mount of Olives) en HANDEL voorgespeel het.³¹

In 1892 was gewyde aanbiedinge nie baie in getal nie, maar gelukkig is die ewewig tussen instrumentale en vokale werke gehandhaaf.

Op Dinsdagaand 12 Julie 1892 het verskeie amateurs van die Oos- en Wesbank meegedoen aan 'n geslaagde konsert in die St. Peter-kerk³², waartydens 'n sekere mnr. Bentley³³ se orrelspel natuurlike vaardigheid openbaar het, terwyl die vokale vermoëns van mej. Willetts weer eens lof toegeswaai is. Bentley het onder meer Great and Glorious van HAYDN en Deus Tibi van MOZART uitgevoer.

Hierdie konsert is opgevolg deur twee verskeidenheidsryke aanbiedings op 30 Augustus en 1 September in die Presbiteriaanse- en St. Andrew-kerke respektiewelik.³⁴ Afgesien van uitstaande vokale nommers het 'n ensemble, bestaande uit

mnre. Williams (eerste viool), Macdonald (tweede viool), Seymour (kontrabas), Lewis (fluit), Macdonald (orrel) en mev. Lewis (klavier), snitte uit MOZART se Mis no. 12 (Gloria, Qui Tollis en Credo) voorgespeel.

Steeds steunend op die talryke bronne van gewyde musiek, het plaaslike amateurs op 15 Desember FARMER se gewyde kantate Christ and His Soldiers in die Wesleyaanse kerk opgevoer.³⁵ Die resensent wat hierdie werk as 'only moderately difficult and fairly artistic' geklassifiseer het, het gewag gemaak van die feit dat die talle resitatiewe, solo- en koorgedeeltes wat hierdie kantate gekenmerk het, op lofwaardige wyse uitgevoer is. 'n Begeleidende ensemble van twee klaviere en 'n orrel is gebruik.

Binne die ruim, waardige omvang van gewyde musiek het aktiwiteite in hierdie genre dus eers moeisaam maar gaandeweg met meervoortstuwning na vore getree, wat getoon het dat 'n daadwerklike groeiproses gestalte verkry het.

2.4 Momentum ontbreek 1893 - 1894

Ongelukkig is die momentum wat gaandeweg oor die jare 1889 - 1892 opgebou is nie in die jare 1893, 1894 voortgesit nie.

'n Enkele hoogtepunt

Benewens 'n gewyde aanbieding op Woensdagaand 1 Mei 1893 in die Baptistekerk ten bate van fondse vir 'n sendeling wat gesondheidsprobleme ondervind het³⁶, was dit net die uitvoering van die kantate Under the Palms van ROOT, wat op 8 Augustus in dieselfde kerk opgevoer is, wat aan dié genre in 1893 enige aansien verleen het.³⁷ Beide die kinder- en volwasse koor het met stylvolle gebalanseerde sang vorendag gekom en is begelei deur 'n orkesensemble bestaande uit mej. Cassel (orrel), mev. Hammerland (klavier), mnre. Pickett en W M Jackson (viole) en mnre. Reynolds (fluit).

Hierdie kantate is op 22 Augustus herhaal, aangevul deur 'n

'miscellaneous' program.³⁸ Uitgesproke dog waarskynlik geregverdigde kritiek is teenoor 'n item - mnr. T Rodger se vertolking van PAUL RODNEY se A dream of Bethlehem - uitgespreek:

It is a common occurrence to have a cold, but an inexcusable breach of good taste on the part of a young singer to attempt a song with which he is not thoroughly acquainted. People go to concerts to hear a finished performance, not to attend a practice. Mr. Tom Rodger possesses a tenor voice - still in its infancy - of no mean order, and we can only offer him this hackneyed advice, for which we will charge nothing: practice! practice! practice!

Geringe oplewing 1894

Gewyde musiekaktiwiteite het in 1894 skrale oplewing getoon: 'n vete oor kerksang, enkele aanbiedinge en sporadiese orrel-uitvoerinkies deur Cornuel.

Die sang van die St. John-gemeente het 'n persoon, wat onder die skuilnaam Churchman geskryf het, so verontrus dat hy sy verontwaardiging as volg uitgespel het:³⁹

The singing in St. John's Church (a churchman writes) is degenerating just now. The choir is almost invariably flat. A question prompted by the services of the last two Sundays is whether the organ or the choir should lead. Be the answer what it may, the fact of a single treble voice being repeatedly heard to pipe fully a beat before the organ and the remainder of the choir is due or ready to commence is not calculated to produce a pleasing effect nor likely to lead to harmonious rendering of psalm or hymn. Pre-center where art thou?

Onmiddellike reaksie het gevolg deur Another Churchman wat Churchman se aantyginge in spottende toon ondersteun het:

I rather fear 'A Churchman' who complained in your last issue of the singing in St. John's Church, is cultivating too fine an ear altogether. He has only just discovered that the singing is degenerating and the choir is invariably flat. He ought to know that the organ should not lead, and that it is no part of the duties of the organist to keep the choir in proper tune and time; and that there should not be the slightest sympathy between accompanied and accompanist. He also ought to know that the rule is, if the singers go flat, the organ should fall flattish. And, further, he ought to know that the organ is not powerful or effective enough (it is only a double manual pedal organ with a few hundred pipes and twenty odd stops) to keep a choir of thirty voices from falling flat, or to raise them

to know that they do. And, again, he ought to know that the precentor cannot be present at all the services, and that the choirmaster, who used to lead, has virtually abdicated in function. Can there be any wonder then that a kind treble feels like giving a lead of some sort, with no uncertain sound?

Ongelukkig is die onderonsie - wat hopelik tot wakkerder ingesteldheid by die orrelis en koor gelei het - nie verder gevoer nie.

Die eerste gewyde aanbieding van 1894 het op Dinsdagaand 20 Februarie plaasgevind toe 'n gewyde konsert van vokaal-instrumentale aard in die St. Peter-kerk aangebied is waartydens onder meer 'n feestelike Te Deum van die residensiële orrelis mnr. H Bentley, aangehoor is.⁴⁰

Cornuel se orreluitvoerings was soveel stukrag aan gewyde aanbiedinge verleen het in die tydperk 1889 - 1892, het in 1893 - 1894 slegs uiters sporadies voorgekom. Behalwe vir 'n optrede in Junie 1893⁴¹, het hy 'n uitvoering gelewer op 15 April 1894, ongelukkig weer eens gekenmerk deur 'n program van oorbekende items: BATISTE se Andante, die Kyrie Eleison, Gloria in Excelsis en Benedictus uit MOZART se Twaalfde Mis en die sogenaamde Marcia Triomfale uit BEETHOVEN se Simfonie no. 5.⁴² Opvolgend het Cornuel by die vertrek van 'n predikant van die St. John-gemeente op 29 April, ROSSINI se Cujus Animam uit sy Stabat Mater en VIVIANI se Silver Trumpets voorgespeel.⁴³

Die tweede gewyde aanbieding van 1894 het die assistering van die nuutgestigte Choral Union Orchestra onder leiding van mnr. Levy Howe geniet. Dit het op Woensdagaand 21 Mei in die Baptistekerk plaasgevind onder beskerming van die Young People's Christian Union.⁴⁴ Die werke La Ruche d'or en Le Diademe - vertolk deur die orkes - is gunstig ontvang, terwyl die welbekende liedere Rocked in the Cradle of the Deep en The Holy City voortreflik deur mnr. Whipp en Davies onderskeidelik vertolk is. 'n Welkome toevoeging was die aanbieding van twee vokale kwartette getiteld Behold, I stand at the Door en Cast Thy Burden on the Lord.

Cornuel se gebruik om na aanddienste op te tree het deurgesypel na die St. Peter-kerk op die Wesbank toe daar in Desember 'n vokaal-instrumentale konsert ná die aanddiens aangebied is.⁴⁵ 'n Groot opkoms is ondervind en werke uitgevoer deur mnr. Bentley (orrel), J W Day ('n orrelis van 'n naburige dorp), F E Mills en mev. Newcombe (sang) is geesdriftig ontvang.

Groter doelgerigtheid 1895

Die geringe dog verblydende oplewing wat in 1894 voorgekom het, is nie alleen in 1895 en 1896 gehandhaaf nie, maar ook deur groter musikale doelgerigtheid gekenmerk.

Ten aanvang het die St. Peter-kerk op die Wesbank sy suksesvolle aanbieding in Desember 1894 opgevolg met nog 'n voortreflike poging op Sondag 20 Januarie 1895.⁴⁶

Daaropvolgend het twee gemeentes met die uitvoering van kantates vorendag gekom wat aan die genre groter stukrag en doelgerigtheid verleen het.

Die eerste van die twee pogings het op Vrydagaand 10 Mei plaasgevind toe die koor van die Presbiteriaanse kerk 'and their friends' COLERIDGE TAYLOR se kantate, Ancient Mariner opgevoer het.⁴⁷ Verskeie funksies op dieselfde aand het verhinder dat 'n groter gehoor teenwoordig kon wees, wat betreur is aangesien die resensent van mening was dat die produksie 'n 'distinct success' was. As soliste het opgetree: mej. Bella Dempster, mev. Newman en mnr. Travers en Randall, en tesame met die koor hoë lof ingeoes. 'n Klein begeleidende ensemble, mej. Beatrice Mills (klavier, 'who played astonishingly well for one so young'), mnr. H J Bennett (viool), T B Preston (tjello) en F E Mills as dirigent, het welkome assistering verleen.

Die tweede poging is deur die Wesleyaanse gemeente geloods toe die kantate Jesus of Nazareth, aangevul deur vokale en instrumentale solos, op Saterdag 28 September aangebied is.⁴⁸

Mej. Dempster het haar voortreflike vokale kwaliteite ook hier getoon. Sy is bygestaan deur verskeie belowende plaaslike amateurs en 'n koor van 30 stemme onder leiding van mnr. A W Barnsley. Die beduidende sukses van hierdie uitvoering het daartoe gelei dat die werk op 2 November herhaal is.⁴⁹

Nieteenstaande die feit dat gewyde aanbiedinge op die Oosbank meer voortstuwingsgetoon het, het die St. Peter-kerk op die Wesbank die belangstelling gaande gehou met nog 'n sinvolle verskeidenheidsryke program op Dinsdagaand 26 November waartydens die orrelis, mnr. J W Day, geskitter het in 'n aantal orrelitems.⁵⁰

Die oplewing wat hierdie genre in 1895 openbaar het, is in 1896 opgevolg deur 'n effense verslapping, dog die aanbied van enkele werke van uitnemende gehalte het 'n insinking verhoed. Benewens twee puik aanbiedinge deur die gemeentes van die Church of the Immaculate Conception⁵¹ en die Baptistekerk⁵² in Februarie en Julie onderskeidelik, was dit die uitvoering van 'n kantate in Augustus en Die Messias in Desember wat aan gewyde aanbiedinge stukrag verleen het.

CYMPSON se kantate The Ruler's Daughter is op Woensdagaand 26 Augustus deur die wakker Wesleyaanse orrelis mnr. A W Barnsley, en 'n 'band and chorus of fifty performers' uitvoering wat in sy geheel 'n bevredigende indruk gelaat het, dog die resensent het nie gekroom om sekere steurnisse uit te lig nie:

The Choruses cannot be described as being evenly balanced, the trebles largely preponderating over the altos, and the tenors jerking painfully over all occasionally, but perhaps this is only a detail.⁵³

Op publieke aandrang sou die werk weer op Sondagaand 30 Augustus ná die aanddiens uitgevoer word.

Die enigste ander aanbieding van betekenisvolle aard was die uitvoering van Die Messias op Saterdag 19 Desember nadat 'n plaaslike komitee met die gedagte vorendag gekom

het dat die werk weer aangebied moes word.⁵⁴ (Kyk onder East London Choral Society vir eerste uitvoering van Die Messias, Deel I, p. 120.)

Tereg het die kritikus in sy verslag daarop gewys dat diegene wat hul onkunde en nonchalante houding ten toon gestel het deur hulle afwesigheid - 'n duidelike weerspieëling van die ongekwanseldheid van die oorgrote publiek in Oos-Londen - geensins skade aan die grootsheid van die werk gedoen het nie:⁵⁵

It was quite right of the promoters to describe the event of Saturday last at the Mutual Hall as the 'Musical Festival' of the year. That very many of the public would not regard it in that light, is neither here nor there. It is unfortunately too true that the idea of a musical feast varies most considerably in different minds and so if it did not occur to every mind that the performance of HÄNDEL'S grand oratorio would be of itself a festival indeed, there is no more to be said about that.

As leier van die koor en orkes het Levy Howe hoë lof ingeoes:

The performance had the advantage of one of the most skillful and capable conductors who has ever appeared on the boards at East London - Mr. Levy Howe, to wit. His method of management throughout seemed exceedingly good, for without fuss or demonstration he had everyone on the spot at the right moment and so the orchestration and the choruses were presented for the most part admirably in point of promptitude. Seeing how difficult it must be sometimes to secure discipline amongst amateurs, this comment may not be out of place.

Al die soliste, naamlik mev. Newcombe (kontralto - 'one of the best singers of oratorio music possessed by East London'), Mather (sopraan van King William's Town), en mnr. Bastow (tenoor) en Stainsby (bas) het voortreflike werk verrig terwyl die koor toenemend beter vertoon het namate die oratorium sy verloop geneem het. Nieteenstaande 'n beduidende dominansie deur die tenoor- en baspartye, is For Unto Us uitmuntend geïnterpreteer, terwyl Lift Up Your Heads 'n 'very fine effort' was, 'and it is sufficient to say that the audience sprang to their feet at the sound of the Hallelujah Chorus with the inclination to join in that rare product of musical inspiration'. Die kritikus van die East London Standard het die mening onderskryf dat die bas- en tenoorpartye by tye hinderlik oorheers het,

en was voorts van mening dat 'more attention to the shades of expression would have relieved the choruses from a certain monotony'.⁵⁶

Die orkes wat 'admirably arranged' was, het bestaan uit viole, altviole, klarinette, trompette, 'n eufonium, 'n fagot, 'n kontrabas, 'n klavier 'n orrel en timpani. Sommige persone was van mening dat die strykers nie aan die gevraagde dinamiese vereistes voldoen het nie, maar die kritikus het gevoel dat 'the general instrumental harmony produced under the baton of Mr. Howe, was very fine, and generally equalised'.⁵⁷ Met betrekking tot die spel van die orkes het die kritikus van die Standard hom egter by diegene geskaar wat van mening was dat die orkes nie aan die verwagtinge voldoen het nie, maar simpatiek bygevoeg dat die partituur 'by no means an easy one' is.⁵⁸ Ten spyte van verskeie musikale gebreke was die uitvoering van die werke volgens die resensent van die nuusblad 'n sukses.

Op spesiale versoek is die oratorium weer op Dinsdag 2 Maart 1897 tydens die Burgemeesterskongres in Oos-Londen met medewerking van die King William's Town-koorvereniging opgevoer.⁵⁹ Dit is gevolg deur 'n Return Concert op 13 Maart in King William's Town.

2.5 'n Onverklaarbare insinking April 1897 - Desember 1899

In die daaropvolgende jare, 1897 tot die middel van 1902, het daar plotseling 'n onverklaarbare insinking in die aanbod van gewyde konserte ingetree en het aanbiedinge slegs uiters sporadies voorgekom. Hernieude geesdrif op konsertvlak in 1898 - 1899, aangevoer deur die totstandkoming van die East London Orchestra en die Orpheus Glee Singers was waarskynlik deels verantwoordelik vir die toedrag van sake. Slegs enkele aanbiedinge het in die tydperk Januarie 1897 - Desember 1898 voorgekom: 'n uitvoering van die kantate The Rose Maiden op Dinsdagaand 27 April 1897 in die Presbiteriaanse kerk onder leiding van mnr. J Tryal Beavan wat op

Maandag 3 Mei in die Presbiteriaanse kerk op die Wesbank herhaal is⁶⁰, 'n uitvoering van die kantate The Holy City op Woensdagaand 2 Maart, weer deur die koor van Beavan⁶¹, en 'n gewyde instrumentaal-vokale konsert op 19 Oktober 1898 in die St. Andrew-kerk op die Wesbank.⁶²

'n Enkele werk verleen momentum

In 1899 was dit net 'n aantal uitvoerings van die kantate The Holy City van ALFRED GAUL wat aan die genre momentum verleen het.

Dié kantate, wat ook in Maart 1898 deur Beavan en sy flinke Presbiteriaanse kerkkoor uitgevoer is, is weer op Woensdagaand 30 Augustus 1899 deur dieselfde koor uitgevoer met treffende gevolg:⁶³

The rendering of The Holy City by the choir of voices on Wednesday evening reflects the greatest credit to Mr. Beavan, who must have gone to great trouble with the choir who gave such a good interpretation of DR. GAUL'S fine work.

Mnr. Beavan (orrel) en mev. Street (klavier) wat die begeleiding behartig het, het 'n leeu-aandeel gehad in die sukses van die opvoering. Sorgvuldige instudering en betrokkenheid het die koor se vertolkings gekenmerk, veral in Thine is the Kingdom en Great and Marvellous are Thy Works, Lord God, terwyl mev. MacLagan en mnr. Dickie en Mills beïndruk het met Come, ye blessed of my Father, My soul is a-thirst for God en And I heard the the voice of harpers.

Aangevuur deur die sukses van die werk, het Beavan en sy koor die werk voorts met klinkende suksesse opgevoer in die Presbiteriaanse kerk in Cambridge op Maandagaand 11 September⁶⁴, en die Presbiteriaanse kerke op die Wesbank en Strand in September en Oktober.⁶⁵ Hierdie ensemble se suksesse was dan ook die enigste noemenswaardige glanspunte van die genre in 1899.

Enkele liggunte

Gewyde aanbiedinge kon maar net nie aan die gang kom nie

en inteenstelling met die opbloeï wat op sekulêre vlak ondervind is, het gewyde konserte steeds teen 'n slakkepas beweeg. Daarbenewens het die verwarring van die Anglo Boereoorlog die genre net nog verder geknou. Oor 'n tydperk van twee en 'n halwe jaar het slegs twee aanbiedinge die lig gesien.

Die eerste was deur die Rooms-Katolieke kerk, wat op 7 Februarie 1900 'n verfrissende, veelsydige program voor-gehou het waartydens onder meer 'n aria van HÄNDEL, Comfort Ye My People, 'n koorwerk van MOZART Gloria in Excelsis, en 'n lied van MENDELSSOHN O Rest in the Lord gesing is.⁶⁶

Nieteenstaande enkele onreëlmatighede, was die resensent beïndruk met die gehalte van die koor, wat onder leiding van mnr. Frank Hyde gestaan het:

At times one of the voices were heard above others, but there was no discord, and the careful training and preparation they had gone through was clearly perceptible.

'n Klein dog effektiewe ensemble het die begeleiding verskaf: mnr. Franz Moeller, J Tryal Beavan en W Rein (viool), H J Bennett (altviool), W Glynn (klarinet), Levy Howe (kornet) en P Perry (skuiftrumpet).

Die tweede aanbieding was 'n direkte uitvloeisel van die Anglo-Boereoorlog. Die konflik en verwydering wat veroorsaak is deur die oorlog het tot gevolg gehad dat verskeie vlugteling hulle in Oos-Londen bevind het, van wie sommige geoefende musici uit die groter sentra soos Johannesburg was. Hulle kon dus nou hul dienste op plaaslike vlak aanbied.

So het dit gekom dat 'n kantate van ROOT, Under the Palms, op Woensdagaand 19 September in die Victoria-kerk naby die strand uitgevoer is onder die 'direct control' van mnr W Benny van Johannesburg, 'who has brought many years of musical experience to its aid'⁶⁷, terwyl van die vlugtelingdames hulle dienste aan die koor toegesê het. Die kerkgebou was met palmtakke versier en 'n besonder groot gehoor het 'n verruklike uitvoering van die werk aangehoor, met 'n koor van meer as vyftig stemme en uitstaande soliste. Die eerste helfte

van die werk sou tydens 'n erediens in die Beach Reading Room op 28 Oktober herhaal word.

Behalwe vir 'n orreluitvoering deur 'n besoekende orrelis van Fordsburg op Sondagaand 5 Mei 1901 in die St. Peter-kerk Oos-Londen-Wes (orrelwerke nie gemeld nie), waartydens onder meer liedere van MENDELSSOHN deur plaaslike amateurs vertolk is - Cast Thy Burden upon the Lord en For the Mountains shall be past (sic!)⁶⁸ (kwartet) het geen verdere gewyde aanbiedinge in dié tydperk voorgekom nie.

2.6 Bemoedigende verwikkelinge Junie 1902 - Desember 1902

Nuwe orrel 'n stimulant

Met die beoogde inwyding van 'n nuwe orrel vir die St. George Presbiteriaanse kerk in Junie 1902 - 'the finest in town'⁶⁹ - sou daar gelukkig 'n bietjie hernieude lewe in gewyde aktiwiteite intree en sou dit veral op instrumentale vlak wees dat die genre nuwe geesdrif sou inspireer.

Die orrel se spesifikasie is in die Daily Dispatch gepubliseer:⁷⁰

Great: Double diapason, 16 ft; open diapason, 8 ft; dulciana, 8 ft; stopped diapason, 8 ft; wald flute, 4 ft; mixture, 2 ranks; trumpet, 8 ft.

Swell: Double diapason, 16 ft; open diapason, 8 ft; lieblich gedacht, 8 ft; cor anglais, 8 ft; voix celeste, 8 ft; principal, 4 ft; harmonie fifteenth, 2 ft; mixture, 2 ranks; horn, 8 ft; oboe, 8 ft.

Pedal: Open diapason, 16 ft; bourdon 16 ft.

Couplers: Swell to great; swell octave; great to pedals; swell to pedals.

Op Sondag 1 Junie is die nuwe instrument deur 'n orrelis van King William's Town, mnr. Higgs ingewy wat benewens verskeie vryspelmusiek, MENDELSSOHN se Sonate in c mineur en die Halleluja-koor van HÄNDEL uitgevoer het.⁷¹

Meganiese probleme het die volle vermoëns van die orrel onmoontlik gemaak, maar gelukkig het die instrument op Maandagaand 2 Junie beter gereageer toe mnr. Higgs 'n orrel-uitvoering gelewer het.⁷² Die resesent se verslag het weerdie feit gereflekteer dat Oos-Londen se musiekliedhebbers - en heelwaarskynlik die kritikus self ook - nog nie 'n gekultiveerde ontvanklikheid vir gestandaardiseerde klassieke werke ontwikkel het nie - hele sinsnedes uit die verslag het hierdie feit bewys. Mnr. Higgs het sy program geopen met 'n Sonata (nommer nie aangegee nie) van MENDELSSOHN wat deur die resesent geklassifiseer is as 'a piece not calculated to impress the ordinary run of audiences', maar vervolg dan met:

In BATISTE'S Andante the really beautiful stops in the organ were allowed to be brought into play by Mr. Higgs, and the audience showed by their rapt attention that their sense of the beautiful in music was now being appealed to, and at the finish of BATISTE'S Offertoire the audience could not restrain themselves from applauding.

Verskeidenheid is onder meer verleen deur mev. A W Reid met MENDELSSOHN se D rest in the Lord, Franz Moeller (viool) met BRAGA se La Serenata en mnr. A J Morgan met Star of Bethlehem. Die gebrek aan gewyde aanbiedings het die resesent laat pleit dat soortgelyke aanbiedings ten minste een maal per maand moes plaasvind, en hy het met 'n tikkie verwyt en veroordeling toegevoeg dat 'thus was concluded a musical treat which up to the present has been denied the people of East London'.

Hierdie nuwe instrument het tog vir 'n opflikkerinkie op gewyde vlak gesorg toe mnr. J Tryal Beavan nog in dieselfde maand en wel op 29 Junie 'n geslaagde orreluitvoering ná die aanddiens daar aangebied het.⁷³

'n Oratorium

Benewens die opflikkering wat die nuwe orrel teweeggebring het, is aangekondig dat JOHN FARMER se 'celebrated oratorio' Christ and His Soldiers op Woensdagaand 17 September in die

stadsaal ten bate van die Seamen's Institute met 'n koor van bykans vyftig stemme en 'n orkesensemble van dertig onder leiding van Franz Moeller opgevoer sou word.⁷⁴

'Remarkable precision' het die orkes - wat hoofsaaklik bestaan het uit studente van Franz Moeller - se spel gekenmerk, maar die resensent het nie geskroom om opvallende tekortkominge met betrekking tot die koor te noem nie:

The chorus did its work well on the whole, but was very ill balanced. The basses were very strong, too strong in fact, for the rest of the chorus and at times this was emphasized by a tendency to bellow, but they sang well. The altos were not strong enough in numbers but their equality was particularly good. The sopranos were there in good numbers but there ought to have been more of them. In their singing they were a little too loud at times, probably due to the fact that the basses were so powerful. The tenors were very good as far as quality went but there were only 5 of them and consequently they could not take their proper place in the chorus.

Kritiese beskouings oor die beoefening van kerkmusiek in Oos-Londen se gemeentes

Die hernieude oplewing wat by gewyde aanbiedinge ingetree het ná die inwyding van die Presbiteriaanse kerkorrel, is verder verstewig toe in Septembermaand aangekondig is dat:⁷⁶

As the interest in importance of this branch of worship grows every year (and rightly so) we propose to devote some space towards increasing this interest, by publishing a review of church music as rendered in the different churches in East London and district.

Hierdie verantwoordelike taak sou rus op die skouers van mnr. R Anderson Smith wat al noemenswaardige ondervinding as kerkmusikus opgedoen het:

Mr. Smith has had considerable experience in church music affairs, both as a chorus singer and bass soloist, having sung as principal in some of the leading churches in Glasgow, Manchester and Newcastle on Tyne, and who has also acted as musical critic for a Glasgow paper for some considerable time.

Mnr. Smith sou elke tweede Sondag 'n ander kerk besoek en 'n verslag oor die 'musical position of the service' sou dan gepubliseer word. Hy sou onder die skuilnaam Fortissimo

skryf en op Sondag 21 September die St. George Presbiteri-
aanse kerk besoek.

Inleidend tot sy indrukke van die beoefening van kerkmusiek
in die vermelde gemeente, het mnr. Smith sy impressies met
betrekking tot kerkmusiek openhartig uitgespel:⁷⁷

Hymns and Psalms of cheerful nature, well selected music
to suit these hymns, a well arranged church, enthusiasm in
the rendering of the music, well-trained voices, and last
but not least a thorough musician as organist and choirmas-
ter. In St. George's Church there are few, if any, of these
elements wanting.

Hy was vol lof vir die spel en leiding van mnr. W I Chapman⁷⁸,
die orrelis van die gemeente, en het verklaar dat 'the lea-
ding element for good music in churches exists in St. George's'.
Mnr. Smith het Chapman geklassifiseer as 'n musikus 'perhaps
second to none in the Colony' en pertinent gewag gemaak
van Chapman se simpatieke begeleiding en korrekte frasering.
Aangaande die koorsang het die kritikus gevoel dat daar 'n nei-
ging by talle van die koorlede was 'to pay very scant atten-
tion to expression marks' en aangesien die orrelis sy regis-
ters 'in a masterly manner to give his choir their use'
hanteer het, was hulle benadering des te meer onvergeefbaar.
Samevattend het Smith verklaar:

St. George's Church has a clever organist, a building of
the acoustic properties, and a choir capable of rendering
music of a high order, and if choristers take an enthusias-
tic interest in their work by attending rehearsals, with
the feeling that it is their duty to attend practice, there
is nothing to hinder the church from possessing the finest
choir in East London.

Daaropvolgend het Smith sy indrukke van musiekbeoefening in
die Baptistekerk, Buffalostraat, waar mej. J Strugnell as
orreliste en mnr. R Rodger as koormeester opgetree het,
weergegee.⁷⁹ Mnr. Rodger is geprys vir die oordraging
van 'light and shade'; nie net op die koor nie, maar ook
op die sang van die gemeente. Ofskoon die koor van bykans
twintig lede 'mostly composed of fresh young voices', die
lied Oh Worship the Lord in the beauty of holiness in 'good

time and in good tune' vertolk het, was Smith van mening dat 'n bietjie meer 'light and shade' - blykbaar 'n besonder teer punt by hom - aanwesig kon wees:

It is really astonishing how softly one can sing and yet give a carrying music sound, but it has always been a hard task to get amateur choirs to sing concreted music with true pianoising (sic!) effect.

Dié kritikus se positiewe beredeneerde styl het waarskynlik bygedra tot die bevordering en uitbouing van kerkmusiek in Oos-Londen.

2.7 Samevatting

Anders as in die geval van konserte - wat meesal deur afgebakende periodes van vooruitgang en verval gekenmerk is - het gewyde aanbiedinge 'n uiters wisselvallige, fluktuierende patroon van kortstondige oplewings en langdurige insinkings beleef en kan daar met reg verklaar word dat gewyde musiek nie tot ontplooiing gekom het in die tydperk 1872 - 1902 nie.

Heelwaarskynlik het die publiek se voorkeur aan en beheptheid met sekulêre musiek, ligte musiek en verskeidenheidskonserte nie net bygedra tot die feit dat 'n gewyde tradisie nie aan die gang kon kom nie, maar ook verhinder dat gewigtiger gewyde werke bekend gestel is. (Die aanbied van Die Messias - wat in elk geval deur gebrekkige ondersteuning gekenmerk is - was 'n uitsondering.) Hiérdie faktor is duidelik toegelig deur die feit dat werke soos die kantate The Holy City en soetsappige komposisies van BATISTE onmiddellike aanklank gevind het, terwyl 'n MENDELSSOHN-orrelsonate gekategoriseer is as 'n 'piece not calculated to impress the ordinary run of audiences'.

Te midde van die feit dat gewyde konserte, globaal beoordeel, nie daadwerklike impak gemaak het nie, was daar tog 'n aantal gebeurtenisse wat 'n mate van status verleen het: mnr. Cornuel se orreluitvoerinkies wat ten spyte van gegroefde repertoirekeuses tog vir 'n mate van voortstuwung gesorg het, 'n groter ewewigtigheid tussen vokale en instrumentale werke ná 1890, en die uitvoering van talle kantates deur verskillende gemeentekore.

Dit is egter te betreur dat baie van Oos-Londen se voorste musici soos Chapman, Beavan, Howe en Moeller, nie groter inisiatief aan die dag gelê het deur dié ryke genre se bronne te ontgin nie om sodoende Oos-Londen se musikale aktiwiteite op 'n hefter grondslag te plaas nie.

3 VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1872 - 1902

Die uitgangspunt van verskeidenheidskonserte was uiteraard vermaak en verskeidenheid en om dié redes het die musikale inhoud meestal nie veel diepte gehad nie. Waarskynlik as gevolg hiervan was verskeidenheidskonserte die gewilde en oorheersende tydverdryf vir Oos-Londen se amateurs. 'n Ander faktor in die guns van die konserte was dat hulle inkomste dikwels aangewend is om finansiële steun aan openbare projekte en instansies te verleen. Dit het bygedra daartoe dat die amateurs gewillig was om deel te neem en dat die publiek gretig was om te ondersteun.

3.1 'n Slakkepas 1872 - 1881

Alvorens verskeidenheidskonserte op sosiale, militêre, welwillendheids-, jongeling- en liefdadigheidsvlak 'n betekenisvolle rol gespeel het, het ook hierdie genre - soos al die ander vorme van musisering van daardie tydperk - in sy vormingsjare stadig gevorder voordat daadwerklike momentum vanaf ongeveer 1890 verkry is.

Splinter-ensembles soos byvoorbeeld die Amateur Christy Minstrel-geselskap en die Bulgarian Minstrels, het met 'n paar flink vertonings vorendag gekom, maar dan sonder enige opvolgende pogings weer van die toneel verdwyn. Vermaaklikheidsaktiwiteite was hoofsaaklik op die Wesbank gesentreer, waar die Oddfellow-saal, die hofgebou en die Victoriasaal as vernaamste vergaderlokale gedien het terwyl die goedgunstige medewerking van eienaars van ruim pakhuse op die Oosbank (Panmure) aanbiedinge daar geakkommodeer het.

Aanbiedinge yl gesaai

'n Oorsig van verskeidenheidskonserte in die vroeë dagbreekjare van Oos-Londen het getoon dat aanbiedinge maar yl gesaai was: 'n Amateur Christy Minstrels-groep - goedertrou deur die resesent geëtiketteer as 'n 'band of niggers' - het op Donderdagaand 26 Augustus 1875 in die Oddfellowsaal opgetree met verdienstelike sang en grappe van 'original and local' aard.¹ Dieselfde groep het weer met onderskeiding opgetree in 'n opvoering in Panmure in September 1875.²

Dié tentatiewe pogings is opgevolg deur 'n reeks winter-Entertainments wat op Maandag 8 Mei 1876 in die hofgebou 'n aanvang geneem het en 'unquestionably a great success' blyk te gewees het.³ Twee gleees, All among the Barley en Ye Shepherds Tell, 'n komiese lied, 'n komiese duet Very Suspicious, en twee klaviersolo's onder meer Lucrezia Borgia was van die mees voortreflike items in 'n vonkelende aanbieding, wat ook nog 'n toneelsnit uit Julius Ceasar ingesluit het. Volgehoue belangstelling het hierdie reeks gekenmerk, ook die daaropvolgende aanbiedinge op 22 Mei⁴, 'n aanbieding vroeg in Junie⁵ en nog een vroeg in Julie⁶ is baie goed bygewoon.

Met die aanbreek van die 1877-winterseisoen is berig dat 'an attempt at public entertainment is being made', deur middel van 'n voorgenome reeks aanbiedinge aan die einde van Junie op die Oosbank in mnr. Walters en Vincent se ruim lokaal, waarvan die opbrengste aan die Panmure-biblioteek oorhandig sou word.⁷ Geen verslae oor die reeks is gepubliseer nie.

Ter aanvulling het 'n energieke paar, mnr. en mev. Edwin Palmer, met plaaslike assistering twee populêre Musical Entertainments

getiteld Begone Dull Care op Maandag 16 en Dinsdag 17 Julie in die Victoriasaal aangebied waar Petite Musical Comedies, Musical Farces, Burlesque Duets, Burlettas en komiese sang en dans aan die orde van die dag was.⁸ Bondig is gemeld dat die aanbiedinge 'pleasant' was en dat verdere optredes vir 20 en 21 Julie beplan is.⁹ Gunstige reaksie het die Palmers genoop om 'n verdere aanbieding vir Maandagaand 23 Julie te beplan, wat afgesluit sou word met die gevierde Opera Bouffe Duett, Cupid in the Kitchen met mnr. en mev. Palmer as die hoofkarakters.¹⁰

Benewens die voortreflike pogings van die Palmers en die reeks winter-konserte, was al ander opgetekende konsert 'n aanbieding deur 'n nuutgevonde groep, die Bulgarian Minstrels, wat op 13 September met sukses in die Oddfellowsaal opgetree het.¹¹ Geen opvolgende berigte het oor dié groep verskyn nie.

Geen verdere nuuswaardige aanbiedinge het gevolg nie en dit was eers weer in September 1878 dat melding gemaak is van 'n verdienstelike konsert, wat in die Victoriasaal plaasgevind het ten bate van fondse vir die kerk.¹² Dit was voor die hand liggend dat 'some defect existed in the construction of the stage arrangements', aangesien 'none of the singers were able to appear to advantage, in consequence of the body of the sound, instead of reaching the audience spending itself in the roof of the building'. Nieteenstaande die defek is al die items goed ontvang.

Musiek as plooibare medium

In die milieu van verskeidenheidskonserte het musiek 'n plooibare vermaaklikheidsrol vervul; 'n rol nie net vir verskeidenheidskonserte voorbehou nie, maar ook vir aanbiedinge van oorheersend literêr-dramatiese en militêre aard.

Tydens twee geleenthede - albei in die Victoriasaal - het 'n keurspel van musiek op Woensdag 8 Januarie en Dinsdag

25 Februarie 1879 as afleiding tussen klugspele gedien.¹³
Eersgenoemde aanbieding is genoem 'n Dramatic Entertainment
en die tweede 'n Musical and Literary Entertainment.

Voorts het twee Grand Military Concerts, wat aan die einde
van Desember 1876¹⁴ en die begin 1877¹⁵ deur die Band of
the Buffs in die New Hall aangebied is, musiek as vermaak-
likheidsmedium verder beklemtoon. 'n Blik oor die program van die
tweede konsert toon dat dit 'n relatief stewige inhoud gehad het:

Ouverture	<u>Rosamunde</u>	SCHUBERT
Koor	<u>From our home gracious Lord (Lombardi)</u>	VERDI
Duet	<u>All's Well</u>	BRAHAM Mnre. Eccles en Bryant
Glee	<u>March of the men of Harlech</u>	
Serenade	<u>Quant lu Chantes</u>	GOUNOD
Lied	<u>Gentle Jenny Gray</u>	OSBORN
Groot Fantasia	<u>Erin</u>	BASQUIT
Ouverture	<u>L'Italiana in Algisri (sic!)</u>	ROSSINI
Glee	<u>Glorious Apollo</u>	WEBBE
Lied	<u>Will O' the Wisp</u>	CHERRY
Wals	<u>Songs of the Thames</u>	GUNG'L
Koor	<u>The Miserere (Il Trovatore)</u>	VERDI
Keurspel	<u>Scotch Medley</u>	CAVALLINI

3.2 Klemverskuiwings

Ná die voltooiing van die Mutualsaal op die Oosbank in 1880
het klemverskuiwings ingetree met die gevolg dat die Wesbank
sy monopolitiese houvas verloor het. Akkumulatief het die
ontwikkeling van die dorpie op allerlei terreine (industriëel
en sosiaal) meegebring dat verskeidenheidskonserte oor 'n
breër omvang met wyduiteenlopende doelstellinge beoefen is.
Benewens gebiedsverskuiwings, het verskeie instansies en
verenigings in Oos-Londen tot stand gekom wat verskeiden-
heidskonserte op sy eiesoortige manier aangewend het.

3.2.1 Wesbank-bedrywighede 1881 - 1894Uiteenlopende verskynsels

Nieteenstaande die drastiese vermindering in aanbiedinge aan die Wesbank, is die aanbiedinge wat wel ná 1881 sporadies daar plaasgevind het deur twee uiteenlopende verskynsels gekenmerk: goeie ondersteuning en ongevraagde ongepoetsheid.

So byvoorbeeld was 'n 'crowded audience' teenwoordig tydens 'n Amateur Concert and Christy Minstrel Performance wat op Dinsdag 19 April 1881 in die Victoriasaal op die Wesbank plaasgevind het.¹⁶ Verskeie gleees, 'n klavier- en sangduet, liedere en natuurlik die 'whimsicalities, nigger absurdities and jokes' van die Christy Minstrels het die gehoor deurgaans geprikkel. Opvolgend is in Februarie 1884 ongekende ondersteuning ondervind toe 'n aanbieding in die Victoriasaal bestaan het uit 'n konsert in die eerste helfte en uittreksels uit Pinafore deur die Juvenile Amateurs in die tweede helfte:

The Victoria Hall was crowded almost to the ceiling, and there was a further contingent who had to take outside places, and hung on to⁷ the window sashes, by no means improving the ventilation.

Tydens die aanbieding van snitte uit Pinafore het volwasse sangers wat agter die verhoog versteek was die jongelinge se pogings ondersteun. Mnr. G Venn se onvermoeide leiding was 'n deurslaggewende faktor in die sukses van die opvoering.

Aansienlike belangstelling het ook voorgekom by 'n aanbieding in die Oddfellowsaal op die Wesbank op Woensdagaand 21 Julie 1886.¹⁸ Nieteenstaande onordelike gedrag was die aangebode instrumentale keurspele vir klavier, viool en fluit 'uncommonly good'. Die uitsonderlik gunstige ondersteuning wat aanbiedinge op die Wesbank geniet het, is weer eens onderstreep tydens 'n aanbieding op Dinsdagaand

2 Augustus 1887 ten bate van fondse vir die Presbiteriaanse kerk toe 'n aantreklike dog oorwegend vokale program op die planke gebring is.¹⁹

Trou aan hulle entoesiastiese ondersteuning van verskeidenheidskonserte, was Wesbankers op 26 April 1888 getuie van 'n Entertainment wat in die Oddfellowsaal ten bate van die Wesbankse Publieke Skoolfonds deurgevoer is.²⁰ Mejj. Murray en Grunow het onderskeidelik reg laat geskied aan hul vokale items I love my Love en The Blind Girl to her Harp, maar mnr. Ellis se vertolking van The Old Irish Gentlemen was die hoogtepunt van die aand, 'fairly bringing down the house'.

Swak gedragpatrone het nogeens kop uitgesteek in 'n Entertainment wat op Vrydagaand 4 Julie 1890 in die Oddfellowsaal aangebied is.²¹

The gods were as usual most ungodly, and it seems a pity that audiences in East London should behave in such a noisy manner.

Hierdie ongelukkigheid ten spyt, was die musikale dis van genoeglike aard. Mev. Snooke en mej. McCarthy het die program geopen met die ouverture Der Freischütz (klavier) terwyl mej. McCarthy se item Les Huguenots (klavier) as 'exceptionally good' geklassifiseer is. Voorts het prof. Slater die volgepakte saal vergas op sy Musikale Skets (viool).

Aanbiedinge slegs sporadies 1891 - 1902

Opvolgende verskeidenheidskonserte op die Wesbank het ná 1890 slegs sporadies voorgekom en vertonings deur die Christy Minstrels, humoristiese toneelwerke en tablo's was hoofbestanddele van dié konserte.²² 'n Klaskamer van die Publieke Skool is vir die meeste van die aanbiedinge gebruik.²³

Benewens die feit dat konserte in hierdie tydperk maar dun gesaai was, is kritiek uitgespreek oor die buitensporige lengte van sommige aanbiedinge. So byvoorbeeld het die lengte van 'n 'breaking up' Entertainment in 1895 'n resesent genoop om te verklaar: 'May we be spared to enjoy

many more such'.²⁴

Minstrel-groepe het nog steeds die botoon gevoer²⁵, maar vanaf 1897 het 'n mnr. Lewis en sy seun jongehr. W Lewis, se piccolo- en klavierduette groot belangstelling uitgelok²⁶, terwyl violitens²⁷ asook meerstemmige liedere²⁸ gaandeweg groter voorkeur geniet het om sodoende aan verskeidenheidskonserte 'n stewiger musikale struktuur te verleen.

3.2.2 Verskeidenheidskonserte op die Oosbank 1881 - 1902

Aktiwiteite 1881 - 1883

Tot en met 1883 het verskeidenheidskonserte - wat nie spesifiek aan een of ander instansie soos byvoorbeeld die spoorweë, gemeentes en dies meer verbonde was nie - redelik aktief gefunksioneer voordat opvallende verval ingetree het met hier en daar kortstondige opflikkinge. Vanweë die uiters uiteenlopende en buigsame aard van verskeidenheidskonserte het musikale elemente 'n geringe byna nie-bedeutende rol gespeel. Tog het die publiek aanklank gevind by hierdie vorm van musisering en vermaak wat 'n atmosfeer van ontvlugting, uitgelatenheid en ongeunsteldheid uitgestraal het.

Musiek as funksionele medium

Die burgemeester van Oos-Londen was in Mei 1881 die dryfveer agter die gedagte dat 'n reeks populêre vermaaklikheidskonserte in die Mutualsaal aangebied moes word met die doel om die netto winste aan die Public Hospital Endowment Fund te oorhandig.²⁹ Geen verdere beriggewing het hierdie voorstel van die burgemeester vergesel nie, alhoewel dit nie onwaarskynlik was dat 'n voorstel wat in September 1881 geopper is - naamlik die aanbied van 'n reeks Sixpenny Entertainments ook met finansiële steun vir hospitalisasie as doelwit - verband gehou het met die aanvanklike voorstel nie.³⁰

Oorsigtelik het 'n brokkie nuus in November 1881³¹ berig dat

die subkomitee van die vereniging wat die Sixpenny Entertainments behartig het, bemoedigende resultate met hulle aanbiedinge verkry het:³²

Not the least symptom of rowdyism has manifested itself at their pleasant meetings, which have been thoroughly successful in every respect.

In April 1882 is 'n balansstaat ter insae voorgelê en daaruit het dit geblyk dat 'n bedrag van £79 7s 10d aan die tesourie van die Frere-hospitaal oorhandig kon word.³³

Daaruitspruitend is besluit dat 'n vergadering op 22 April finale uitsluitel sou gee of daar met die hou van Popular Entertainments voortgegaan sou word al dan nie.³⁴ 'n Joernalis van die Daily Dispatch was egter van mening dat dit onnodig sou wees om die aanbiedinge te staak aangesien meer as £79 uit 'n totale inkomste van £109 aan die hospitaal oorhandig kon word, wat 'n bewys was van die finansiële sukses van die reeks konserte.³⁵

Vermaaklikheidsaanbiedinge se funksionele element is verder geïllustreer deur twee konserte wat vroeg in 1882 plaasgevind het. Eerstens was daar op 25 Januarie 1882 'n Scottish Entertainment ter ere van BURNS, weer met die versterking van Oos-Londen se hospitaalfonds as doelwit³⁶, en tweedens 'n aanbieding in die Assembly Room met as finansiële doelwit die Christ Church-orrelfonds.³⁷

Verskeidenheid meer opvallend

Verskeidenheid was uit die aard van die saak 'n inherente eienskap van die aanbiedinge. In 1882 het dit egter 'n nog meer opvallende kenmerk van die konserte geword: aanbiedinge het nie alleen 'n heerlike potpourri van liedere, instrumentale items, karakterliedere, danse, lesings, voordragte en dies meer ingesluit nie³⁸, maar selfs items soos selfverdediging en 'Indian club excercises' is opgeneem³⁹. Beslis van meer suiwer musikale aard was die Variety Shows wat mnr. Bertie Phillips in Februarie en September 1883 aangebied het. Ene mnr. Woodcock het onder meer 'n klavierversetolking van die kabaretwerk Judd Browning's description of Rubinstein's Piano Playing aangebied.⁴⁰

Nog 'n konsert

wat te midde van 'n wyduiteenlopende program musikale meriete bevat het, het in Augustusmaand van dieselfde jaar plaasgevind toe klavier- en vioolduette ingesluit is.⁴¹

Drastiese afname in aanbiedinge 1884 - 1892

Verskeidenheidskonserte se relatiewe wakker patroon het aan die einde van 1883 drasties afgeneem. Dit was grotendeels te wyte aan versplintering, meegebring deur verskillende instansies wat hulle eie oogmerke wou verwesenlik en dus nie meer so spontaan diens aan die algemene publiek gelewer het nie.

Die eerste verskeidenheidskonsert wat nie aan een of ander instansie of instituut verbonde was nie, het eers weer in Junie 1886 plaasgevind.⁴²

Te midde van die afname in die getal konserte, was 'n verfrissende gebeurtenis 'n Humming Bee-aanbieding wat vroeg in Julie in die Spoorweginstituut plaasgevind het, en waar betrokkenheid van die gehoor verlang is.⁴³

A leading feature of the affair was that the vocalists concerned would compete for prizes to be awarded on the voting of the audience.

Nieteenstaande die flink ondersteuning wat hierdie aanbieding met sy kompeterende basis - die eerste in Oos-Londen - gekenmerk het, het die voorsitter sy spyt uitgespreek oor die feit dat geen damesinskrywings ontvang is nie. Daar is in twee kategorieë meegeding: 'sentimental and comic effusions'. In eersgenoemde afdeling is verskeie 'serio-comic ditties' opgedis, maar 'most of them were sadly marred by a pianoforte terribly out of tune manipulated by Mr. Barfield, who must have been in torture. The committee are hardly treating the public fairly in inflicting instrumental discord on them'. In die tweede kategorie het mnr. Love die prys verower met The Old Brigade, terwyl mnr. Milford die komiese vokale kategorie ingepalm het met Betsy Waring,

wat in damesmondering opgevoer is en wat as 'n 'undeniable hit!' geklassifiseer is. Twee voorlesings, orkesmusiek en 'n klaviersolo deur mev. Street het verskeidenheid aan die verrigtinge verleen.

Hierdie prysenswaardige poging is in dieselfde jaar op Saterdag 30 Oktober deur 'n Miscellaneous Concert met Tableaux Vivants in die Mutualsaal opgevolg, waartydens die ongekunstelde smaak van die publiek van Oos-Londen duidelik blootgelê is.⁴⁴ Die veelsoortige eerste helfte het onder meer bestaan uit 'n klavierduet, 'n ballade My Sweetheart when a Boy, 'n violosolo, en 'n vokale trio bestaande uit mej. Venn en mre. Venn en Whipp wat The Earl King van SCHUBERT met sorg voorgesing het. Die resensent het die musiek as sodanig twyfelagtig gevind:

it is not the class of music that can be set down as popular music.

Dit was 'n onomstootlike bewys dat die publiek van Oos-Londen nog geen aanklank by gestandaardiseerde klassieke werke kon vind nie en dat die klem totaal oorheersend op die populêr-sentimentele geval het.

Weer eens was daar 'n lang tussenperiode waarin geen verskeidenheidskonserte plaasgevind het nie. Eers weer in 1888 het konserte van die aard wat nie aan een of ander instansie verbonde was voorgekom.⁴⁵ Aanbiedinge van gevarieerde meriete het plaasgevind in Julie, Augustus en November, maar dit was die bydraes van mnr. en mev. Lewis (piccolo en klavier) in Junie wat aanbiedinge in hierdie genre bo die gemiddelde geplaas het.

Musikale oplewing

Weer eens het 'n lang tussenperiode gevolg waarin verskeidenheidskonserte afwesig was. vertroostend egter was die feit dat 'n Grand Concert and Tableaux Vivants wat op 11 Augustus 1892 in die Mutualsaal plaasgevind het, van 'n former musikale inhoud kon getuig.⁴⁶ Bo en behalwe uitstaande sang deur mej. Alice Esson en mev. G Gibberd, is 'n orkes geloof vir hulle suiwer metrum en intonasie, terwyl 'n vokale kwartet Good Night, gesing deur mev. Seymour en

McJannet en mnr. Jenkins en Pakerman, as die hoogtepunt van die aand bestempel is.

Nog 'n gebeurtenis wat van musikale oplewing getuig het was 'n aankondiging in November dat 'n Grand Amateur Singing Competition op Saterdag 5 November in Oos-Londen aangebied sou word. Dit sou die tweede keer wees dat musiek op 'n kompeterende basis beoefen word. 'n Pragtige manstoiletas en 'n fraai versilwerde pyp⁴⁷ sou as eerste en tweede pryse uitgelooft word. Ongelukkig is geen verslag van die gebeurtenis geplaas nie. Al reaksie in die Daily Dispatch op die kompetisie was die skrywe van 'n hoogsverontwaardigde C F Robinson waarin hy die gedrag van 'n sekere groep toehoorders wat sy poging in die sangkompetisie beduiwel het, skerp tereg gewys het.⁴⁸ Hy het aangevoer dat die lied wat hy voorgesing het Sweet Spirit Hear my Prayer uit die opera Lurline se moeilikheidsgraad besonder hoog was, maar dat sy poging gefnuik is deur die 'unruly and scandalous behaviour of those learned gentlemen or know-alls in the gallery'. Mnr. Robinson het voorgestel dat diesulkes liefs nie in 'n konsertsaal tuishoort nie

rather than enter to expose their ignorance in public, and if any one of these worthy gentlemen can sing the song better, let him come forward and do so.

Verrykende tendense 1893 - 1896

Ensemble-musisering

In teenstelling met die voorafgaande jare wat hoofsaaklik deur individuele bydraes gekenmerk was, is die tydperk 1893 - 1896 opvallend verryk deur die toevoeging van ensemble-musisering. Nie alleen was die toename in ensembles 'n inspuiting vir Oos-Londen se gegroefde musikale gewoontes nie, maar het dit ook terselfertyd gepaard gegaan met 'n klemverskuiwing na werke van instrumentale aard.

Op Maandagaand 2 Januarie 1893 het 'n klein vokale groepie

amateurs onder die titel The Orpheus Combination in die Mutualsaal opgetree en die groot gehoor vergas op uiters verdienstelike sang.⁴⁹ Hulle vertolking van die werk The Viennese Band is bestempel as 'one of the most side splitting things we have seen for a long time'.

'n Andersoortige ensemble, naamlik 'n Grand Orchestra van twaalf spelers onder leiding van mnr. Levy Howe, het weer met 'very agreeable' spel vorendag gekom in 'n Grand Fashionable Farewell Entertainment, wat op Saterdag 14 Oktober in die Mutualsaal plaasgevind het ter ere van mnr. en mev. Bellingham, twee uitstaande toneel- en voordragkunstenaars wat Oos-Londen sou verlaat.⁵⁰

Ensembles het ook voorgekom in 'n Musical and Dramatic Entertainment wat op 18 Oktober aangebied is toe 'n vokale kwartet To the Woods en 'n banjoduet aangehoor is.⁵¹

Musikale inhoud verstewig

Afgesien van die toename in ensemble-items is enkele aanbiedinge voorts gekenmerk deur 'n stewiger musikale inhoud. Ver al twee aanbiedinge, een in Oktober 1894 en een in Junie 1896 het die neiging uitgewys. Eersgenoemde het gunstige kritiek uitgelok:⁵²

The first part of the programme showed that the port has a good stock of amateur musical talent of the first order still in it, while the second part evidenced that the place is not altogether devoid of intelligent exponents of the drama.

Besonder stimulerend was die uitvoering van die Ave Maria deur 'n kombinasie van harp, tjello, viool en klavier, die komposisie Meditation met 'n kombinasie van harp, tjello en klavier, La Serenata met obligaatviool en die vokale duette The Wind and the Harp en Army and Navy.

Die tweede geleentheid het 'n oorwegend klassieke inslag gehad waaraan sommige van Oos-Londen se mees vooraanstaande musici deelname gehad het.⁵³ Uitstaande items was mej. Phillips

en mnr. J T Beavan se vertolking van RAFF se Tarantelle op die klavier, mnr. Beavan se sprankelende klavierspel van die Andante en Rondo Capriccioso van MENDELSSOHN, mnr. D J Griffiths se vokale interpretasie van The Storm Fiend en mnr. Franz Moeller se vioolspel in Souvenir de Lübeck van REINKEN.

Aanbiedinge met historiese betekenis

In September 1896 het daar twee aanbiedinge plaasgevind om historiese gebeurtenisse te herdenk, en verblydend was die feit dat ook hierdie aanbiedinge ensembles geakkommodeer het.

Ter herdenking van die Geveg van Sedan het die Duitse klub van Oos-Londen op Dinsdagaand 1 September 'n Concert and Ball aangebied. 'n Historiese uitleg het daarop gewys dat op daardie dag die hoeksteen van die Duitse ryk gelê is deur Von Moltke, Bismarck en Wilhelm I.⁵⁴ Die program het bestaan uit 'n instrumentale kwartet, banjo- en vioolsolo's, mandoliensolo's, liedere, 'n mannekwartet, 'n klavierduet en 'n gimnastiekvertoning.

Die ander aanbieding het op Dinsdag 29 September in die Dril-saal by wyse van 'n Commemoration at Home plaasgevind.⁵⁵ Hierdie herdenkingsgeleentheid, gereël deur die Kaffrarian Rifles, het aanwesiges na aan die hart gelê omdat dit 'n gebeurtenis ter plaatse was wat herdenk is:

Nineteen years have passed away since the volunteers of East London known as the Buffaloes, marched to the front to do their share in the defence of the colony in the presence of a Kaffir rising.

Bykans agthonderd mense het 'n gevarieerde program aangehoor waartydens die Regimentorkes verskeie keurspele voorgespeel het. Daarbenewens is ook talle liedere, viool-, kornet- en banjosolo's aangehoor.

Langsame ontplooiing 1897 - 1901

Gelukkig was die ontwikkelings tendense wat in die tydperk

1893 - 1896 voorgekom het ook in die daaropvolgende jare aanwesig, alhoewel die tempo verslap het. 'n Sangkompetisie in 1897, die insluiting van ensembles soos die Oos-Londense orkes en die uitnemende vokale groep, The Owls, het aan verskeidenheidskonserte musikale stukrag verleen gedurende die periode 1897 - 1901.

Onder die leiding van mnr. Levy Howe sou 'n kultuurverrykende gebeurtenis in die vorm van 'n sang- en voordragkompetisie op Saterdag 10 Julie 1897 in die spoorweginstituut plaasvind.⁵⁶ Belonings verbonde aan hierdie kompetisie het ingesluit 'n prys van £1 vir die beste sentimentele lied, £1 vir die komiese lied en £1 vir die beste voordraer. Deelnemers kon in enige klas sing of voordra 'in chorus or otherwise'.

Drie 'efficient' beoordelaars sou die finale oordeel fel en mnr. J W Day het goedgunstelik ingewillig om al die begeleidingswerk te behartig. Nieteenstaande die feit dat die resensent inleidend gerapporteer het dat die 'singing and reciting competition passed off jubilantly' moes hy oombliklik daaraan toevoeg dat 'it can hardly be termed a good exhibition of local talent or a fair trial amongst the competitors'.⁵⁷ Twee uiteenlopende faktore het die kompetisie benadeel:

In the first place, the judges should never have been kept behind a screen. One cannot do justice to a singer or reciter if one is barred from observing the expressions, which acts as the key to that which the executant wishes to convey to the audience.

Secondly strict silence should be maintained during the rendering of the items and the committee will do well in future if they insist upon a fair hearing for all. If people who are in the habit of ruthlessly hooting a performer could only conceive the torture so inflicted, they would, when confronted with a like scene, bow their heads in abject woe.

Mnr. Kindman se voordrag van die lied Marie was een van die min liedere wat deur orde gekenmerk was, maar mnr. Millard se onbegeleide Stand by my Friend het 'n gaggigal veroorsaak. Aanvullende bydraes wat gunstig ontvang is was Tom Bowling deur mnr. Robinson, The White Squall deur mnr. Rees en Come back to Erin deur mnr. Kindness. Die wenitem was How Rube Played wat deur mej. Litchfield vertolk is, maar die resensent was daarvan oortuig dat sy sou 'admit of both favourable and adverse criticisms'.

Ter staving van sy standpunt het die resesent verklaar:

If started in dialect, then dialect should have been continued through out and not dropped shortly after the start and taken up again near the finish.

Ten spyte hiervan was die resesent van mening dat die voordragmeriete van die werk en die 'brightness of Miss. Litchfield's personality' die knoop vir haar deurgehaak het.

Afgesien van die onwelkome elemente en 'n gebrek aan deeglike beplanning, het dié kompetisie tog musikale betekenis gehad. Menige deelnemer het sekerlik met groot oorgawe en intense toewyding aan sy/haar item voorberei en alhoewel die gebeurtenis nie deur merkwaardige artistieke standaarde gekenmerk is nie, was dit tog 'n opbouend en verkwikkende gedagte en poging.

In teenstelling met bovermelde vokale oorheersing, het instrumentale items weer 'n regmatige plek ingeneem in 'n aanbieding wat op Woensdagaand 8 Desember 1897 in die Homansaal plaasgevind het.⁶⁰ So en behalwe die alomteenwoordige liedere, is 'n hobo en klavierduet en klarinet- en banjoso's aangehoor.

Andersoortige instrumente was ook op die voorgrond in 'n promenade konsert wat op Saterdag 23 Julie 1898 in die Spoorweg-instituut plaasgevind het.⁶¹ Afgesien van die teenwoordigheid van die nuutgevonde East London Amateur Orchestra is piccolo- en kornetsolo's aangehoor.⁶²

By uitsondering het dit gebeur dat 'n aanbieding deur negatiewe - of was dit miskien in werklikheid 'n meer objektiewe, reële beeld? - kritiek oorval is, wat tot gevolg gehad het dat amateurmusici onmiddellik die pen opgeneem het om die toedrag van sake te bevraagteken. Die positiewe gevolg van so 'n polemieek was dat dit tot kritiese inskerping kon lei.

Ter illustrasie kan ongunstige kommentaar van 'n konsert wat op Saterdag 8 Julie 1899 in die Mutualsaal deur die Thorne-Tuttle-geselskap aangebied is, genoem word.⁶³

Volgens die resesent was die groot toehoorderstal diep teleurgesteld as in aanmerking geneem is dat die aanbieding as 'n 'grand affair' geadverteer was. 'n Uitgesoekte orkes het die verrigtinge met 'n Overture geopen, 'but time and tune were sadly wanting'. Vir sy vertolking van Yes, Let me Like a Soldier Fall⁶⁴, is mnr. Griffiths vir 'n toegif gevra, maar die resesent het gevoel dat mnr. Griffiths by vorige geleenthede beter gesing het. Oor sy vertolking van In Happy Moments uit Maritana was die resesent ook nie gelukkig nie en hy het aangevoer dat mnr. Griffiths nie reg laat geskied het aan die lied nie, 'his voice being most unsuitable'. 'n Trio, Turn on Old Time uit Maritana is deur mej. Thorne en mnre. Halsey en Randall gesing en weer eens het die kritikus beswarend gerapporteer dat 'we were not favourably impressed with Mr. Halsey as a tenor singer'. Opsommend het die resesent die feit beklemtoon dat daar 'good talent in East London was', maar dat die publiek nie deur beloftes mislei moes word wat nie tot 'n werklikheid kon kristalliseer nie.

Driftige teenkanting by monde van ene mnr. C C Tuttle is geopenbaar in 'n skrywe aan die Daily Dispatch.⁶⁵ Hy het aangevoer dat die kritikus se uitsprake nie gegrond was nie, en getuig het van gebrekkige kennis van musiekkomposisies- en musiekvorme. 'n Plasing van die brief in sy geheel openbaar sy verontwaardiging, asook die vrymoedigheid van spraak wat 'n kostelike kenmerk van daardie tydperk was:

While admitting that on the stage one is open to criticism, still public characters at least expect some mede of fairness, together with demonstrations (on paper, I mean) of capability of criticism on the part of the writer. In your notice of the above entertainment, your informant begins by saying that the orchestra opened with an overture, 'time and tune being sadly wanting'. This, I publicly state, is an absolute falsehood. The overture is my own music, it had been played here in public before, and by the same gentlemen, and on both occasions the audience gave a long sustained salvo of applause - especially did they on Saturday night. Indeed the 'finish' on the latter occasion was worthy of the praise award. If your writer did not approve of the overture, why could he not point out where the time and the tune failed? Next, he says Miss. Thorne sang Listen to the music of the Bells. Now, sir, I have had some years practical acquaintance with music generally, and my wife

with 'Coon' songs in particular, since they were first sung in London, and we do not know of such a song, nor does any list show us such a composition. Sir, may I inform you that Miss. Thorne sang one of the most hackneyed, at the same time most popular of Coon songs, viz., Oh Honey, my Honey. So much for your critique's knowledge of Coon songs. Mr. D J Griffiths earned a vociferous recall for Let me like a Soldier Fall and admitted himself that he was never in better voice. The audience seemed to think so also. As for Scenes that are brightest if your writer has any practical professional knowledge of the manner in which this solo should be sung, he ought to remember that it is not a song wherein paroxysms or stage effect ever appear. The art of true rendition is the justice done the song in purity of tone and vocalisation. Again, Mr. Frank Beavan's encore was not a lively march, but a characteristic morceau of negro melody. So far as Dargai is concerned, it is evident that your writer has never taken the opportunity of learning what a Maxim gun's report is like, or the fire of musketry either! The trio Turn on old time actually earned an encore which was not granted and had not Mr. Halsey done justice to his part an East London audience would not have behaved as it did. Our audiences are difficult and discriminating. I am thankful to note that only misrepresentations and not criticism characterized your notice of the musical portion of the programme, but cordially endorse the eulogisms on Miss. Ward's acting. At the same time, why was, or were, rather, the remainder of the cast unnoticed? I mean, Penelope and the soldier, particularly. Why was not the part Miss. Ward played also stated?

I would ask whether four bars of Rule Britannia - which formed my lever de rideau on Part II - can be termed a 'selection' and wish to add that the orchestra played The Queen which was not sung by the audience. Further, Mr. Day (unmentioned) deserved every praise for his brilliant piano work, as he, in conjunction with the orchestra, accompanied throughout the evening. As we obtained four encores, and a warm reception for every item, I really think that my audience could not have been disappointed. In any case, at our forthcoming concert, we hope to please as well, and proud shall we be. As for 'the gods' not only was their behaviour favourably commended on, but, Inspector Clarke, who was in the gallery, eulogised their conduct. My wife and I take this opportunity of thanking them too.

(If our report of the Thorne-Tuttle concert was untrue, as Mr. Tuttle wishes to make out, we should have received letters from those who were there saying so. Not a single murmur has reached us from the public. We are sorry that the report does not suit Mr. Tuttle. Our reporter has given a fair and unbiased report, and adheres to the correctness of the same - Editor.)

Verskeidenheidskonserte se bont bestanddele is in 1901 verder beklemtoon toe die East London Amateurs op Saterdag 14 September

'n aanbieding in die stadsaal gehou het wat deur die resesent in drie kategorieë verdeel is, naamlik musikaal, dramatiese en skouspelagtig.⁶⁶ Menige lieder is in die musikale seksie aangehoor, onder meer mnr. A Symons met 'n paar Negerliedjies wat op 'n skaflike wyse vertolk is, 'but we doubt if his voice was heard halfway down the hall'. Mnr. F Shepherd se piccolo-solo L'oiseau du bois het ten spyte van 'n gewigtige lengte, spontane toejuiging uitgelok en hy moes op aandrang 'n gedeelte daarvan herhaal. Soortgelyke komplimente het die Ouls-kwartet te beurt geval. In plaas van net drie geskeduleerde optredes het hierdie groep uiteindelik sewe aangebied. 'n Uitvoering van The old folks at home met banjobegeleiding 'brought down the house'. Ongeveer 'n halfdosyn tableaux vivants het onder die skouspelagtige-kategorie geresorteer terwyl die dramatiese deur die klug The Area Belle verteenwoordig is.

3.2.3 Die rol van die spoorweë in verskeidenheidskonserte

Die industriële groei en opbloei wat Oos-Londen rondom 1880 - 1881 ondervind het, het daartoe gelei dat die spoorweë se bedrywigheids dienoooreenkomstig gedy het, wat weer op sý beurt verskeidenheidskonserte 'n nuttige kapstok gemaak het vir die wel en wee van die organisasie.

Finansiële doelwitte

Die eerste aanbieding wat hierdie instansie se belange op die hart gedra het, was 'n Vocal and Instrumental Entertainment wat op Maandagaand 10 September 1883 in die Spoorweginstituut plaasgevind het.⁶⁷ Die fondse sou aangewend word vir die aankoop van nuusblaaië en tydskrifte vir die Spoorwegwerknemers van Touwsrivier. Daar is nie net na eie belange omgesien nie, want op Maandagaand 19 Mei 1884 sou 'n komitee van die Spoorweginstituut 'n Musical Entertainment aanbied met die versterking van die Frere-hospitaal se rekening as doelstelling⁶⁸, terwyl die Railway String Band in Oktober bygedra het tot die fondse van 'n bootmaatskappy.⁶⁹

Voorts het die Railway Institute Glee Society op 30 Mei 1885

met 'n vermaaklikheidspoging vorendag gekom wat 'n potpourri van liedere, komiese liedere, glee's, klaviersolo's, viool- en klavierduette, asook orkesspel ingesluit het.⁷⁰ In Desember 1886 is weer na eie belange omgesien toe die opbrengste van 'n aanbieding in die Spoorweginstituut aan die Spoorwegorkes oorhandig is.⁷¹ Die skokkende toestand van die klavier het egter die musikale meriete van die konsert in die wiale gery:

The pianoforte music by Mr. and Miss. Barfield was good considering the crazy condition of the piano, which appears to be entitled to the next benefit given at this Institution.

Die Railway Orchestral Band

Benewens die bestaande blaasorkes het 'n nuutgevonde Orchestral Band van die spoorweë op Saterdag 13 Augustus 1887 sy debuut in die Spoorweginstituut gemaak, deur die voorspel van 'capital lively music'.⁷² Kort daarna, op Saterdag 17 September, het hierdie ensemble weer tydens 'n Popular Entertainment opgetree en summier is die kwaliteite van dié groep met die van die bestaande Spoorwegorkes vergelyk:⁷³

it has not yet reached the same pitch of proficiency as the Brass Band.

Nie alleen is 'n andersoortige instrument, 'n klarinet, gehoor nie, maar is gehoor gegee aan die dringende versoek om die bestaande uitgemergelde klavier met 'n nuwe te vervang.

Afplatting gevolg deur geringe oplewing

Verskeidenheidskonserte met spoorwegkonnotasies het in 1888 en 1889 'n afplatting getoon en eers weer in 1890 oplewing beleef toe die Spoorwegblaasorkes op Donderdag 8 Mei met groot onderskeiding in die Spoorweginstituut opgetree het, aangevul deur 'some very clever performances on the violin' deur prof. Slater, 'playing the instrument in all conceivable positions', en vokale bydraes deur mnr. Cheshire en Kirkland met The Bugler en Battlefields of Scotland. Mnr. Kirkland het voorts nie net tydens 'n lesingaanbieding by die Instituut

op 7 Junie opgeval met sy stylvolle voordrag van The Sexton nie, maar ook tydens 'n aanbieding op Saterdag 19 Junie voor 'n volgepakte saal.⁷⁵ Gedurende die konsert het 'n sekere mnr. Lloyd die lied Killahoe vertolk en 'scattered all the features of his face in true Irish fashion'.

Op Saterdag 2 Augustus het nog 'n nuutgevonde ensemble, die East London Railway Christy Minstrels, 'n baie geslaagde vertoning in die Spoorweginstituut gelewer waar vokale en instrumentale items, 'n komiese skets, 'n klugspel en 'n 'stump Speech' voorgehou is.⁷⁶

Hierdie paar verstrooide aanbiedinge is in 1891 deur 'n reeks vermaaklikheidskonserte vervang wat op 2 Mei 'n aanvang in die Spoorweinstituut geneem het met die volgende oogmerke:⁷⁷

These unpretending 'At Home' concerts are gatherings more especially arranged for the amusement of the Railway employees and their families, a small entrance fee being charged merely to defray expences.

Slegs die sterkere geslag het by hierdie eerste aangeleentheid, wat deur komiese liedere gedomineer is, opgetree. 'n Karakterlied On Guard, is deur ene mnr. Battle op oortuigende wyse geïnterpreteer, 'the realistic shots causing a slight astonishment amongst the ladies', terwyl 'n amateur-blaasorkes twee geslaagde instrumentale nommers gelewer het.

'n Soortgelyke aanbieding het op Saterdag 6 Junie onder voorsitterskap van die verkeershoof van Oos-Londen, mnr. T Price, plaasgevind.⁷⁸

Aanbiedinge skaars in 1892 - 1896

Etlike jare het daarná verstryk voordat vermaaklikheidsbedrywigheede rakende die spoorweë hervat is. Eers weer op Saterdag 29 Junie 1895 het 'n geslaagde aanbieding in die Spoorweginstituut plaasgevind, bestaande uit instrumentale en vokale items.⁷⁹

Bykans 'n jaar later was die gebou weer beset vir 'n aanbieding onder beskerming van die Railway Institute Rangers Football

Club⁸⁰. Van die imposantste nommers was 'n vokale trio Ye Shepherds tell me met mnr. Scott, Gillings en Randall, die ballade Come into the Garden Maud⁸¹ gesing deur mnr. Scott, 'n vokale duet Love and War deur mnr. Scott en Randall en 'n solo- en koorwerk Good Night deur mnr. Barnsley en koor.

Ofskoon hierdie instansie se pogings tot finansiële gewin vir hul eie liggaam sowel as vir ander instansies prysenswaardig was, en verskeie vermaaklikheidsgroepe uit dié oogmerke ontstaan het, was die musikale effektiwiteit van die aanbiedinge maar valerig en onbeduidend. 'n Oordosis items van middelmatige gehalte was vir die toedrag van sake verantwoordelik.

3.2.4 Betrokkenheid van die plaaslike militêre regiment by verskeidenheidskonserte 1888 - 1894

Optredes in groepsverband

Verskeidenheidskonserte is nie net deur ywerige jong amateurs, spoorweginstansies, jongelui en drama-organisasies beoefen nie, maar ook deur die plaaslike militêre regiment, die Kaffrarians, gehou. 'n Groep uit hul eie geledere, die Kaffrarian Minstrel Troupe, het in Desember 1888 met twee Grand Christy Minstrel Entertainments in die Drilsaal vorendag gekom⁸², terwyl die regiment se blaasorkes op 20 April 1889 musikale kleur verleen het aan 'n opvoering in die Mutualsaal ten bate van fondse vir die King William's Town Volunteer Artillery.⁸³

Geen verdere berigte van die militêre eenheid se betrokkenheid by vermaaklikheidsaangeleenthede is gemeld nie, totdat daar op Maandagaand 4 April 1892 'n vergadering in die Non-Commissioned Officer's Room by die Drilsaal van die Kaffrarian Regiment gehou is met die oog op die stigting van 'n Minstrel Troupe.⁸⁴ Sersant-majoor Maclean het die voorsitterstoel beklee en gedurende die vergadering is 'n voorstel eenparig aanvaar dat die geselskap as die Kaffrarian Minstrel Troupe bekend sou staan. Verskeie here met ondervinding van die organisasie van vermaaklikheidsgeleenthede is benoem om in die bestuur te dien. Op Saterdag 28 Mei het hierdie geselskap hulle eerste Grand Entertainment in die Drilsaal aangebied.⁸⁵

Die eerste helfte van die program was 'n klugspel Slasher and Crasher terwyl die tweede helfte 'n aantal Minstrelnommers voorgehou het wat bestaan het uit solo's en kore, 'with the usual interpolation by Mr. Johnson and the Corner Men'. Die resensent het sy bedenkinge uitgespreek oor die geselskap se 'powers of enunciation' en dit was uiters moeilik om vas te stel 'what a song was about'. Daarbenewens was die kritikus van mening dat daar onvoldoende verskeidenheid aanwesig was, 'and a good walk or two would have much improved that part of the programme'. Die kritikus van die East London Standard het sy verontwaardiging oor dié groep se vertoning in baie sterker terme uitgespreek en was van mening dat die aanbieding uit 'n finansiële oogpunt 'n sukses was, 'but from no other point'.⁸⁶ Hy het die groep se sang as 'execrable' bestempel en hulle grappe as 'coarse or old, or both'. Gelukkig het hy 'n goeie woord vir die orkes oorgehad.

Dit wil voorkom asof die regiment se musikale talente meer in die rigting van instrumentale spel gelê het, aangesien die regimentorkes onder leiding van mnr. Levy Howe beïndruk het tydens 'n Instrumental, Vocal and Dramatic Entertainment wat op Saterdag 4 Junie 1894 in die drilsaal plaasgevind het.⁸⁷

Sekere verbeteringe is aan die Drilsaal aangebring, maar weer kor die Minstrel-geselskap van die regiment nie op Saterdag 3 Augustus 1895 daarin slaag om positiewe reaksie uit te lok nie: the programme as executed by the troupe cannot honestly be said to have elicited all-round commendation.

'n Ouverture Tit Bits, het die program geopen waarvan die instrumentale deel geslaagd was, 'but the remark must not be taken to apply equally to the vocal portion'. Voorts is gevoel dat mnr. Fred Knobel se komiese lied Handy Pandy baie meer effektief sou gewees het as hy meer vir die gehoor as vir die orkes gesing het. Daarenteen het mnr. D D Blyth 'n afgeronde voordrag van die sjarmante ballade Sweet Marie gelewer, 'but the preponderance of accompanying instruments was against him'. In 'n poging om variëteit aan die program te verleen, het mnr. Knobel 'n banjoso solo aangedurf, 'but not many bars had

been struck when a string broke and he retired'. Die orkes-ensemble - wat telkens deur die pen van die skerpsinnige kritikus geraps is - het 'n interessante samestelling gehad: mnr. Bennet, Moeller, Bayly en Ryan (viole), F Reynolds (fluit), W H Preston (hobo), Glynn en Seaward (klarinet), Howe en Tooley (kornette), J McAlister (eufonium), Preston (tjello), T Farmer (kontrabas), F Dickerson (tromme) en Dodge (klavier). Nieteenstaande die feit dat die aanbieding in ligte, onopgesmukke trant aangebied is, het die resensent nie gehuiwer om 'n mate van kritiese evaluering toe te pas nie, wat uiteindelik net tot voordeel van die betrokkenes kon wees.

'n Verblydende uitvloeisel van die aanbiedinge deur die regiment was die vorming van die Minstrel-groepe wat nieteenstaande hulle gebrek aan vokale sukses, tog 'n noemenswaardige bydrae op verskeidenheidsvlak gemaak het, naamlik met die bekendstelling van instrumentale ensembles. Hulle het ook die meeste van hul sukses te danke gehad aan die instrumentale groepe, al was sulke ensembles maar 'n rariteit in daardie tydperk in Oos-Londen.

3.2.5 Jeugbedrywigheide

Die jongelui van Oos-Londen het in die laat tagtigerjare ontluiking openbaar en alhoewel sporadies, tog verdienstelike bydraes gelewer tot die uitbouing en skakering van verskeidenheidskonserte in Oos-Londen.

Die jeug se toetrede tot hierdie genre is in 1888 ingelui met 'n Juvenile Dramatic Entertainment wat op Dinsdag 3 Julie in die Drilsaal plaasgevind het. Benewens 'n klugspel is ook klaviersolo's, sangsolo's en voordragte aangehoor.⁸⁹ 'n Groot toehoorderstal het die aanbieding ondersteun, maar die resensent wou nie gedetailleerde kommentaar lewer nie, aangesien die deelnemers nog so bloedjonk was. Senuweeprobleempies het ook kop uitgesteek:

One little man took his appearance on stage so badly that he took himself off before he had well got on.

'n Lang periode het verstryk voordat die leerlinge van die plaaslike klooster teen die einde van die Junie 1892- en 1893-semester met twee kantates Children Visiting the Fairies en Five O' Clock Tea vorendag gekom het.⁹⁰ Afgesien van vokale en instrumentale items wat rondom hierdie werke geborduur is, was die twee kantates in albei gevalle die hoof-items. Laasgenoemde kantate is weer op Dinsdagaand 26 September 1893 opgevoer met verrykende gevolg:⁹¹

The music of this cantata is pretty, and the singing of it by such mites was astonishingly good. The soloists, all below ten, never sang a false note or made a slip; the harmonies were well started and kept up in good time. The training of these 34 juveniles evidenced miracles of patience and skill. The tableaux alone were worth the six-dollar paid for entrance.

Die jongelui se onbetwiste sukses met die kantate was daarvoor verantwoordelik dat dit weer op Saterdagmiddag 21 Oktober in die Mutualsaal herhaal is.⁹²

Leerlinge van die East London Public School het nie op hulle laat wag nie en het op Vrydagaand 16 Desember 1893 en Dinsdagaand 20 Maart 1894 met pogings vorendag gekom wat gekenmerk is deur 'n verskeidenheid vokale en instrumentale items.⁹³ In laasgenoemde aanbieding het 'n aantal dogters, getooi in veelkleurige kostuums, die koorwerk The Merry Zingara voorgedra. Die jongelui is in verskeie ander glee- en kooritems deur harmoniumbegeleiding ondersteun.

Verdienselike opvoerings het 'n kenmerk van die skoliere van die klooster geword en in Junie 1894⁹⁴ en September 1895⁹⁵ het hulle hul hoë vermaaklikheidspeil gehandhaaf met oortuigende opvoerings van die opera Poor Henry. Die kritikus van die Standard het die leerlinge geprys vir hulle voortreflike poging in Junie en het sy oortuiging uitgespreek dat die jongelinge wat aan dié operette van RHEINBERGER meegedoen het, heelwaarskynlik gedokter is met 'n 'antidote against that terrible enemy of the amateur - nervousness'.

Voorts het die kloosterskool beïndruk met verskeidenheidskonserste in April 1896 en Junie 1897, toe koorwerke en 'n operette onder meer ingesluit is.⁹⁶

Die St. John-meisieskool het hulle by die optredes van die jeug gevoeg en in Desember 1894 met 'n lofwaardige opvoering van die kantate The Picnic vorendag gekom.⁹⁷

In die daaropvolgende jare het dié twee inrigtings flinke konserte - hoofsaaklik aan die einde van semesters - aangebied. Uit 'n musikale- en ondersteuningsoogpunt was hulle deurgaans geslaagd.

3.2.6 Die rol van kerk- en welsynsorganisasies in verskeidenheidskonserte 1889 - 1902

Kerk-organisasies

Verskeie gemeentes het van hulle godsdienstige en barmhartigheidsopdragte onder die vaandel van 'n organisasie getiteld Band of Hope volvoer. Meesal het dié liggaam tweeweeklikse vergaderings gehou, waartydens musiekitems welkome lafenis en kontras verskaf het, en dit was veral die Wesleyaanse en Presbiteriaanse gemeentes wat die items en voordragte gereeld by hulle vergaderings ingesluit het. Veral die Presbiteriaanse Band of Hope het 'n stewige deel van hulle verrigtinge aan verskeidenheidsitems toegesê.

Soos wat dit maar met alle aanbiedinge in die laat negentiende eeu die geval was, het vokale items (wat meesal van populêre aard was) die botoon gevoer. Af en toe is liedere met 'n godsdienstige inslag soos byvoorbeeld Come to the Saviour, 'n plekkie toegestaan terwyl gewyde liedere as vokale trio's by meer as een geleentheid voorgekom het: die gesang Weary Gleaner Whence Comest Thou in Mei 1889⁹⁸, en die gesang Though your sins be as scarlet van DCANE in April 1894⁹⁹. Instrumentale solo's is nie totaal agterweë gelaat nie en vioolsolo's, asook verskeie orrelsolo's het die verenigings se vergaderings opgehelder.¹⁰⁰

Benewens die reeds vermelde gemeentes het die Baptiste Band of Hope ook met nuuswaardige verskeidenheidsprogramme van omstreeks 1893 na vore gekom.¹⁰¹ 'n Aanbieding deur dié gemeente in Desember 1894 het puik resultate opgelewer:¹⁰²

The seating capacity of the church was taxed to its utmost limit and despite the threatening state of the weather many had to retrace their steps, being unable to gain admission. Judging from the emphatic demonstration which followed the rendering of each item the audience appeared mightily pleased with the entertainment.

'n Vokale kwartet Hail to the Chief¹⁰³, verskeie liedere en voordragte is gelewer.

Teen die einde van die negentigerjare en vroeg in die twintigste eeu het die Band of Hope hulle relatief konserwatiewe programsamestellings uitgebrei en tablo's¹⁰⁴, asook 'exhibitions of club swinging¹⁰⁵ in hulle programme ingesluit.

Ten spyte van die feit dat musiek 'n ondergeskikte rol by dié organisasies gespeel het, het dit tog aan menige amateur die geleentheid gebied om sy talente ten toon te stel en het die invoeging van musiekitems sekerlik in menige gevalle bygedra tot die opheldering van funksies.

Welsynsorganisasies

International Order of Good Templars

Plaaslike takke van die welsynliggaam die International Order of Good Templars het in Oos-Londen baanbrekerswerk op die gebied van barmhartigheidswerk gedoen, en net soos in die geval van instansies binne kerkverband, ook hulle vergaderings met verskeidenheids-items opgehelder.

Benewens die gebruiklike vokale en instrumentale items¹⁰⁶ is die organisasie se vergaderings of aanbiedinge in die negentigerjare met koor-, orkes- en kwartet-items versier. So byvoorbeeld het 'n Grand Evening Concert deur die Unity Lodge of Local Good Templars in Mei 1895 bestaan uit 'a couple of ouvertures by an orchestra, vocal quartettes, songs to suit everybody's taste, a vocal duet, a recitation, an oboe solo and a reading'.¹⁰⁷ In April van dieselfde jaar het die Star of Buffalo Lodge 'n aanbieding van stapel gestuur wat onder meer koorwerke bevat het.¹⁰⁸ Tydens die

viering van die liggaam - 'the first lodge of Good Templars planted in East London' - se een en twintigste bestaansjaar is 'n Soiree and Entertainment in dieselfde jaar op Dinsdagaand 18 Junie in die Mutualsaal aangehoor, waartydens die Institute Orchestral Band 'n aantal keurspele voorgespeel het en die Lodge Choir glees aangebied het.¹⁰⁹

Musiek het dus 'n belangrike nuwe-funksie in die organisasie vervul en die totstandkoming van bovermelde ensembles was nuttige uitvloeiels uit die ontwikkeling van Oos-Londen se musikale lewe wat die bereidwilligheid van talle amateurs onderstreep het.

In 1897 is 'n nuwe Temperance-saal opgerig en ná 'n openingskonsert op 18 September, waar al die gebruikelike verskeidenheidsitems aangehoor is¹¹⁰, het verskeie losies van die saal gebruik gemaak met die gevolg dat aanbiedinge deur die verskillende plaaslike losies aansienlik toegeneem het.¹¹¹

Die Temperance Musical Society

Voortspruitend uit die aktiwiteite van die hoofliggaam, het 'n musiekvereniging, The Temperance Musical Society tot stand gekom wat van die begin van Maart 1895 met doelgerigte reëlmatigheid elke tweede Saterdag sinvolle verskeidenheidskonserste aangebied het.¹¹² Hulle tweede konsert, wat op Saterdag 2 Maart plaasgevind het, het getuig van opvallende verskeidenheid toe'n program van klaviersolo's, piccolosolo's, vokale solo's en -duette, asook 'n kwartet, in die Good Templar-saal aangehoor is. (Ongelukkig het verslae oor die aanbiedinge nie die werke gemeld nie.) Soorgelyke verskeidenheid het opvolgende konserte gekenmerk en die vereniging is ná afloop van 'n aanbieding op Saterdag 7 Junie vir hul 'success and sociability noticeable at these meetings' geprys.¹¹³

In kontras met die geesdrif en reëlmatigheid van die aanbiedinge in 1895 het 'n merkbare afplatting in 1896 ingetree. 'n

Vergadering gehou op 18 April het egter besluit dat daar met die hou van die aanbiedinge voortgegaan moes word¹¹⁴, en op Saterdag 9 Mei is die eerste van 'n nuwe reeks aanbiedinge gehou. Dit was egter die enigste poging in 1896.¹¹⁵ Hierdie vereniging het nie gaan lê nie en in die volgende jaar 'n reeks winterkonserte, beginnende op Saterdag 29 Mei, aangebied. Die opbrengste sou vir 'benevolent and charitable purposes' aangewend word.¹¹⁶

Ten spyte van die afwesigheid van formaliteit en 'n voorkeur aan spontane musisering waarin bekende werke aangebied is - populariteit is hoog aangeslaan deur die oorgrote meerderheid van die publiek in Oos-Londen - het die vereniging skynbaar ná 1897 doodgeloop aangesien geen opvolgende berigte verskyn het nie.

3.2.7 Smoking Concerts 1883 - 1898

Hierdie genre het feitlik uitsluitlik aan die sterkere geslag behoort en slegs manlike amateurs is ingespan om die vele manlike ondersteuners - hoofsaaklik oujongkêrels - te vermaak. Toegang was gratis en die aard en atmosfeer beslis gemoedelik, spontaan en ongekunsteld. Liedere, en veral humoristiese liedere, was die hoofbestanddeel van die aanbiedinge, maar die invoeging van aantreklike instrumentale items, wat gewissel het tussen klavier, viool, banjo, hobo en kornet het verdere prikkeling aan die konserte verleen.

Soos reeds gemeld het liedere die botoon gevoer in die aanbiedinge. 'n Smoking Concert wat in Augustus 1883 in die Homan-saal aangebied is en waar 'n 'intelligent audience' teenwoordig was, het egter ook 'n stewige hoeveelheid vokale kwartette, voordragte en klavier- en vioolduette - waaronder 'n werk van MOZART - ingesluit.¹¹⁷ Verrasend genoeg is dié werk - 'n komposisie vir klavier en viool - uitgesonder vir spesiale vermelding. Vir aanbiedinge van dié aard, waar joligheid en uitbundigheid hoogty gevier het, was dit 'n pluimpie vir MOZART, asook vir die 'intelligent audience'.

Dié aanbieding was nie die enigste waar hoogstaande items

programme binnegesluit het nie. In Oktober dieselfde jaar het die roeiklubs van Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-Londen 'n Grand Smoking Concert in die Mutualsaal aangebied, waar sowaar 'n werk van HAYDN, sy Sonate no. 1 vir klavier en viool, voorgehou is.¹¹⁸ Mnr. G Krome het aanprysing met sy spel uitgelok, maar ongelukkig het twee defektiewe snare - 'one having snapped and the other lowered several notes' - 'n sierlike passasie in die Sonate geskend.

Net soos met alle vorme van musisering in Oos-Londen in die laat negentiende eeu het Smoking Concerts ook periodes van oplewing en insinking beleef.¹¹⁹ Nieteenstaande die wisselvalligheid het enkele Smoking Concerts van 'n bo-gemiddelde peil getuig. Een so 'n poging was 'n Pianoforte Recital and Smoking Concert op 8 November 1890 in Boorman se Central Hotel, waartydens 'n gevierde pianis, mnr. E Ashleigh - 'acknowledged by the Press of England, America, Germany, Belgium, Cape Colony and Transvaal, to be the most marvellous Extemporaneous Pianist ever heard' - met besondere sukses opgetree het.¹²⁰ 'n Ander verdienstelike poging waarby die Grand Lodge of the Sons of England betrokke was het in Oktober 1894 plaasgevind.¹²¹ Talryke bekende liedere is aangehoor asook 'n banjo- en hobo-solo.

Vanaf 1897 is die plooibare aard van die konserte verder uitgebrei met die invoeging van 'step dancing, skirt dancing' en sowaar ook stoeigevegte.¹²² In Desember 1898 is plek gemaak vir die Edison-fonograaf, terwyl 'n ander aanbieding in dieselfde maand 'n 'clever acrobatic and contortionist exhibition' gelewer deur twee besoekende kunstenaars, ingesluit het.¹²³

In sy geheel beoordeel het Smoking Concerts 'n sosiale funksie vervul en was die kortstondige musikale oplewings wat hier en daar ingesluit het 'n blote toevalligheid. Tog het die aanbiedinge aan talle here en veral diegene met sangtalent, die geleentheid gebied om hulle op hierdie vlak te waag.

3.2.8 Soirees

Soiree-aanbiedinge was 'n belangrike platform vir die verjaardagfunksies van gemeentes. Die gebruiklike verskeidenheid van liedere, gleees en instrumentale solo's is ingevoeg om die geleentheid op te helder.¹²⁴ Daarbenewens is dié soort aanbieding ook aangewend vir die verwelkoming van nuwe leraars.¹²⁵

Verskeie welsynorganisasies het ook van Soirees gebruik gemaak vir funksies wat gewissel het van die herdenking van belangri- Engelse figure tot die herdenking van die verjaardae van instansies.¹²⁶

Die rol van musiek in dié aanbiedinge was beslis slegs een van aan- en opvulling, met die gevolg dat geen noemenswaardige musikale tendense genoem kan word nie.

3.2.9 Die Seamen-instituut

Aanbiedinge wat verband gehou het met dié instituut wat in November 1898 vir seelui tot stand gekom het, kon op twee bronne peil trek, naamlik bereidwillige plaaslike amateurs en besoekende seelui.

Die instituut was in 1899 nog in sy kinderskoene en omdat toereikende geriewe aanvanklik nie beskikbaar was nie, is probleme ondervind. Hulle het byvoorbeeld nie oor 'n vaste plek van samekoms beskik nie, met die gevolg dat verskeie sale vir die instansie se doelwitte gebruik is. Die afwesigheid van 'n duidelik gedefinieerde musikale struktuur het gelei tot konserte van wyduiteenlopende aard.

Een van die eerste konserte deur die instituut was 'n Drawing Promenade Entertainment wat op 27 Februarie deur die bemanning van die RMS Briton aangebied is en deur grappige verpersoonlikings oorheers is.¹²⁷ Aanvullende items is gelewer deur die bedrewe Briton-orkes met die Raymond-ouverture. 'n Lid van die orkes het The Village Blacksmith op 'n eufonium

voorgespeel, en 'n aantal here het humoristiese liedere gesing.

By gebrek aan 'n eie lokaal is sekere lokale van die Mutualsaal aan die instituut toegesê. Daar het die bemannings van die SS Comeric en ander 'vessels in the river' op Maandag-aand 5 Junie 'n groot gehoor getrakteer op 'n aantal uitbundige liedere.¹²⁸

Totaal kontrasterend was 'n Drawing Room Entertainment wat op 29 Julie in die Mutualsaal plaasgevind het.¹²⁹ Die Oos-Londense orkesvereniging onder leiding van mnr. Franz Moeller was teenwoordig en 'n nuutgevonde vokale groep van nege dames en agt here, die Magpies, het die program verder verstewig terwyl daar boonop ook nog 'n uitvoering van CHARLES DIBDIN se ballade-opera The Waterman was. Die orkes se twee aangebode ouvertures het die volgende kommentaar uitgelok:

The opening overture consisted of A Serenade (SCHUBERT) - a dreamy movement with pretty melody, and Largo (HANDEL). The second overture was MOZART'S Marriage of Figaro, a composition with a weird but not unpleasing tune.

Dit is weer 'n bewys dat Oos-Londen se musiekkliefhebbers nog geen-sins 'n gekultiveerde smaak ontwikkel het nie. Ongelukkig het die resensent geen lig gewerp op die musikale kwaliteite van die Magpies nie, maar geesdriftige erkenning het die petite opera The Waterman te beurt geval:

We have nothing but praise. It was very well played indeed.

Die instituut se eerste bestaansjaar is op Dinsdagaand 28 November 1899 gevier met 'n aanbieding wat ook 'n eiesoortige karakter gehad het, naamlik 'n 'tea and concert' vir die seelui in die hawe, asook vir die 'Imperial soldiers now visiting us'.¹³⁰ 'Friends from town', asook bemanningslede van die HMS Barrosa, die ACS en ASC en die Trojan het hul gewig by dié geleentheid ingegooi.

Met die verloop van tyd het die aanbiedinge uitgekristalliseer in funksies van spontane en joviale aard waar die klem hoofsaaklik op ligte, humoristiese liedere en aansteeklike bekende melodieë en werke, gelewer deur besoekende seelui se orkesgroepe,

geval het. Daarbenewens het die aanbiedings in getal toegeneem en in 1900 vir lang periodes op 'n weeklikse basis gefunksioneer. 'n Verteenwoordigende voorbeeld van konserte wat op dié basis plaasgevind het, het plaasgevind op Maandagaand 16 Julie toe 'n volgepakte kamer van matrose en soldate 'n program van klaviersolo's, liedere, 'n lied met outoharp-begeleiding, banjokeurspele, partytjieliedere, 'n piccolosolo, 'n koorlied en 'n komiese lied aangehoor het.¹³¹

'n Uitstaande poging wat uitsluitlik deur plaaslike amateurs aangebied is, het op Saterdag 27 Oktober in die Mutualsaal plaasgevind, toe die volgende prikkelende program ten bate van die instituut aangebied is.¹³²

Ouverture	<u>Le Diadème</u>	Kaffrarian- orkes
Tableau	<u>An Evening at the Institute</u>	
Lied	<u>Awake</u>	Mej. Dallas
Vioolsolo	<u>Air Varié no. 2</u>	Mnr. Israel
Keurspel	<u>Militêre mars (Andante)</u>	HAYDN Oos-Londense- orkes
Tableau	Verwerking	Mev. Jarvis
Komiese lied		Mnr. Chevens
Ouverture	<u>Songs of England</u>	Kaffrarian- orkes
Vioolduet	<u>Traum der Zigeunerin (Patience)</u>	Mnre. Israel en Moeller
Voordrag	<u>Trouble in the Amen Corner</u>	Mnr. Shaw
Lied		Mej. Logan
Keurspel	<u>La Czarina</u>	Oos-Londense- orkes
Operette	<u>My Uncle the Ghost</u>	Mev. Symons (Produksieleier)

Die totstandkoming van die instituut en die daaropvolgende aktiwiteite wat onderneem is, het 'n sinvolle interaksie met plaaslike inwoners teweeggebring. Nie alleen het dit aan die plaaslike amateurs en besoekende bemannings die geleentheid gebied om hulle talente op die proef te stel nie, maar is hulle en ander plaaslike vermaaklikheidsliefhebbers getrakteer op 'n heel aardige verskeidenheid van items deur besoekende seelui. Humor was die hoofbestanddeel van die instituut se aanbiedinge, maar 'n deurslaggewende faktor vir die sukses van die pogings was die konstante, ryke verskeidenheid musiekitems.

3.2.10 Aanbiedinge gedurende die Anglo-Boere-oorlog
1899 - 1902

Onbaatsugtige barmhartigheidsdiens en vurige patriotisme was kardinale faktore wat aanleiding gegee het tot verskeidenheids-konserte vir troepe, gewondes en ander persone wat op een of ander wyse met die oorlog gemeed was.

In Oktober 1899 is 'n program van ligte liedere en voordragte aangebied vir lede en vriende van die Wesleyaanse gemeentes van Johannesburg¹³³, terwyl 'n program van vermaak op 1 Januarie 1900 op die dek van 'n skip groot vertroosting aan gewondes gebring het.¹³⁴ Die milieu waarin die aanbieding plaasgevind het was hartroerend:

The main deck of the ship was gaily decorated with flags, flowers, etc. and looked very much like a drawing room. Those of the wounded who were in a fit condition were brought on deck and the others below were able to hear distinctly.

Verskeie vokale keurspele uit Dorothy is aangehoor, asook klavier-en vioolsolo's.

Voorts is daar ter versagting van die lot van die vrouens en kinders van gesneuweldes, gewondes en vermistes van beide bataljons van die vyfde fusillier, 'n Variety Entertainment op Saterdag 13 Januarie in die stadsaal aangebied wat as 'n 'pronounced success' beskryf is, nieteenstaande die ongewone karakter van die aanbieding:¹³⁵

In ordinary times the programme drawn up would appear incongruous and bizarre. For instance, Mrs. MacLagan's exquisite little song, It was a dream, was sandwiched in between a comic song and a 'sand dance', but in some fashion everything seemed to fit in on this occasion.

'n Ouverture deur die blaasorkes van die tweede bataljon van die vyfde fusillier het die groot gehoor onmiddellik in 'n genoeglike stemming geplaas, wat opgevolg is met 'n sangsolo, British Boys, deur 'n korporaal ten volle geklee in kakiekleurige regimentsdrag, 'and emphasising the patriotic sentiments of the verses by occasional discharges of blank cartridges'.

Nog 'n orkeslid het 'n piccolo-item Spanish Maiden gelewer, gevolg deur 'n aantal liedere The Woodland Serenade, It was a Dream en All through a dear Little Lady. Die slotparagraaf van die verslag het die gehoor se begryplike uitbundigheid onderskryf:

Mrs. Turner again charmed all hearts with Killarney and in response to deafening applause, sang SULLIVAN'S setting of The Absent-Minded Beggar which roused a perfect outburst of enthusiasm, and a shower of silver coins on the stage - the injunction to 'Pay, Pay, Pay' being literally obeyed. It was then announced that a similar concert will be given next Saturday night. The band struck up the National Anthem and as the first note sounded the large audience sprang to their feet and made the hall resound again with the strains of God Save the Queen.

'n Hewige toestroming is by 'n opvolgende poging met dieselfde doelwitte ondervind waar 'unstinted applause' 'n oorheersende kenmerk van 'n puik program was.¹³⁶ Afgesien van vokale en instrumentale items, was daar ook danstoertjies en gimnastiekvertonings.

Nog 'n aanbieding ten bate van die agterblewenes van die vyfde fusilliers het op Saterdagand 27 Januarie in die Good Templar-saal in Cambridge plaasgevind.¹³⁷

'n Onbetwiste hoogtepunt met betrekking tot dié aanbiedinge is op 7 Maart bereik toe 'n Grand Military Cafe Chantant met besondere welslae in die stadsaal aangebied is:¹³⁸

Never before in the History of East London has an entertainment of any kind - patriotic, charitable or of any other description - been so extremely patronised as the Cafe Chantant in aid of the Soldiers, Widows' and Orphans' Fund which was given last night at the Town Hall. The people began to assemble before seven o'clock and by a quarter past a crowd of gigantic proportions had assembled outside the Town Hall.

'Living pictures of scenes in war times' is voorgehou, aangevul met beskrywende spel deur die East London Orchestra. Benewens dié items is talle liedere gelewer, asook 'n klomp danse en 'n Cutglass Display.

Daaropvolgende aanbiedings wat verligting aan oorlogbetrokkenes gebring het was:

- 'n Social Tea and Grand Concert op Woensdag 23 Mei 'for all the troupes in camp' in die Wesleyssaal.¹³⁹
- 'n Musical and Dramatic Entertainment op Vrydagaand 22 Junie, deur die St. Joseph High School, ten bate van die Widows and Orphans of the Colonial Troops. Hierdie aanbieding het onder meer 'n kantate, The Seasons, ingesluit.¹⁴⁰

- 'n Entertainment op Dinsdagaand 7 Augustus 1900 in die Beach Reading Room vir vlugteling. ¹⁴¹
- 'n Entertainment op 28 Augustus in dieselfde lokaal. ¹⁴²
- 'n Gramophone Entertainment and Concert in die Beach Reading Room op 2 Oktober 1900. ¹⁴³
- 'n Konsert deur die East London Wesleyan Band of Hope by die Militêre-hospitaal op Vrydagaand 17 Mei 1901 ter finansiële steun van personeel en pasiënte. ¹⁴⁴
- 'n Vlootkonsert deur manskappe van die HMS Thrush in die vorm van 'n Variety Entertainment op Saterdag 27 Julie op die Wesbank. ¹⁴⁵

3.3 Samevatting

Die klank- en vermaaksamestelling van verskeidenheidskonserte het aanklank by die oorgrote meerderheid van die publiek van Oos-Londen gevind. Die suiwer musikale sy van hierdie konserte in die tydperk 1872 tot 1902 het oorwegend bestaan uit 'n bont mengelmoes van alles en nog wat, en geen aantoonbare rigting of neiging blyk daaruit nie. Een van die grondliggende oorsake hiervoor was die feit dat vele instansies, elkeen met sy eie oogmerke, die konserte tot die verwesening van eie doelstellings ingespan het, met die gevolg dat die geheelbeeld een van losstaande, nieverbandhoudende gebeurtenisse was. So byvoorbeeld het verskillende gemeentes se kerk- en welsynorganisasies hulle eie geslote funksies aangebied, waarin musiekitems in baie gevalle 'n sekondêre rol vervul het.

Die konstant wissellende samestelling van programme het meegebring dat musiekitems hul regmatige aandeel in sommige aanbiedinge geniet het, terwyl musiekitems in ander aanbiedinge 'n minderwaardige rol toegesê is.

Nog 'n belangrike faktor wat musikale ontwikkeling in die verskeidenheidskonserte geknou het, was die gegroefde, populêre voorkeure van die publiek. Dit is sprekend en pynlik uitgewys toe 'n resensent ná die aanhoor van die ouverture uit die Huwelik van Figaro verklaar het: 'a composition with a weird but not unpleasing tune'.

Te midde van dié oorheersend donker prentjie het die genre egter tog enkele ligpunte uitgestraal. Instrumentale en vokale ensemblegroepe, soms in items van waarde, het 'n toenemende rol gespeel. Ook het die aanbied van twee sang-kompetisies - een in 1892 en een in 1897 - meegewerk dat musiek op 'n meer geordende wyse beoefen is. Ongelukkig was die prysenswaardige pogings verdwaalde ligpunte wat nie werklik momentum en status aan verskeidenheidskonserte kon verleen nie.

4 VERENIGINGS 1872 - 19004.1 Die East London Choral Society 1872'n Kortstondige bestaan

Voor die totstandkoming van die werklik funksionerende East London Choral Society in 1882, het 'n soortgelyke liggaam kortstondig en vermaaklikheidsgeoriënteerd onder dieselfde naam in 1872 fungeer. Hierdie vereniging het op Woensdagaand 16 Oktober 1872 sy eerste Entertainment in 'n 'perfectly packed' hofsaal aangebied en gunstige kommentaar uitgelok met 'n aantreklike program wat bestaan het uit verskeie glees, sololiedere, duette asook 'n vokale kwartet Sweet and Low.¹ Die opbrengste van die aanbieding sou vir die aankoop van 'n nuwe harmonium vir die Engelse kerk aangewend word. Begryp-likerwys kon die jong gemeenskap van Oos-Londen nog nie effek-tief vermaaklikheidsaanbiedinge van stapel stuur nie aange-sien geen gehoorsaal beskikbaar was nie en die bevolking-samestelling uiters kosmopolities was. Desnieteenstaande was die totstandkoming van die koorvereniging 'n welkome ligpunt in die heel vroeë bestaansjare van die dorpie en is die vereniging tot groter aktiwiteit aangespoor:

It is to be hoped that the Society will not allow any great length of time to lapse between their entertainments; such reunions are calculated to effect great good in such a dull place as East London has hitherto been, and the oftener the entertainments occur, the better perhaps for the community at large.

'n Tweede Entertainment het op Woensdagaand 13 November plaas-gevind, weer met die werwing van fondse vir die harmonium as doelwit.² Glees en vokale solo's is met genoegdoening aangehoor en 'n onbaatsugtige heer, ene mnr. Whitaker, het nie net 'n klaviersolo met 'n 'masterly hand' voorgelê nie, maar gedurende die pouse ook nog 'n 'extra piece' voorge-speel.

Nog 'n Entertainment, geskoei op die basis van die vorige aanbieding, het aan die einde van November plaasgevind³,

In honour of and intended as a farewell to Mr. Whitaker, the energetic leader of the Society, who was about leaving the village, and whose subsequent departure is much regretted by a large circle of friends, and will doubtless be seriously felt by the Society itself.

Glees soos Now is the month of Maying, See our Oars, All among the Barley en liedere soos Man the Life Boat, The Wreath, Annie Laurie en Rock me to Sleep, Mother het toehoorders deurgaans geprikkel.

Mnr. Whitaker se vertrek het die fungering van die vereniging intens geraak, aangesien sy bedrywighede summier tot 'n einde gekom het en 'n volle dekade sou verloop voordat 'n werklik effektiewe koorvereniging tot stand sou kom.

4.2 Die East London Choral Society 1882 - 1893

Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat pogings om musiekaktiwiteite op 'n georganiseerde basis te beoefen, aangewend is. Die behoefte vir so 'n vereniging het egter eers in 1882 daartoe gelei dat met die oog op die totstandkoming van 'n koorvereniging, 'n vergadering op Maandagaand 22 Mei 1882 om 20h00 in die eetkamer van die Mutualsaal belê sou word.⁴ Die feit dat 'n effektiewe musiekvereniging nog nie die lig gesien het nie is indringend in die Daily Dispatch bespreek:

We have often been surprised that in a town like ours, where progress has been so marked during the past few years no musical association, apart from church choirs, has existed.

Wat volgens die berig nog meer ironies was, was die feit dat daar tien jaar vroeër 'when five people were a mob' 'n vooruitstrewende koorvereniging op die Wesbank werksaam was.

Die verbrokkeling van die vereniging is veroorsaak deur die vertrek van sommige lede wat nie vervang kon word nie.

Die skrywer het voorts aangevoer dat uit 'n totaal van sewe bestaande kerkkore aan beide kante van die Buffelsrivier, met 'members of which all have more or less ability', daar genoegsame materiaal beskikbaar was om 'n musiekvereniging

effektief te laat funksioneer. Baie pertinent is die vraag gestel:

Shall we fail with a Choral Society? Perish the thought!

Sewe en twintig belangstellendes, 'all of whom have more or less of a reputation as vocalists', het hulle opwagting by hierdie voorlopige vergadering gemaak wat onder voorsitterskap van mnr. Richard Walker fungeer het, en waar besluit is dat die vereniging bekend sou staan as The East London Choral Society.⁵ (Hierná genoem die ELCS.) Al die teenwoordiges is as lede van die koorvereniging gekonstitueer en 'n aksiekomitee van sewe lede is gekies wat op Woensdag 31 Mei voorskrifte en reëls sou voorlê. Die naam van mnr. S Barratt is geopper as moontlike dirigent. Alhoewel geglo is dat die vereniging suksesvol sou funksioneer, was daar nog 'n leemte:

What can they do without ladies? We sincerely trust there will be at least one lady for every gentleman so that they may have some musical treats during the long winter evenings.

Na afloop van die vergadering is die volgende besluite bekend gemaak:⁶ die inskrywingsfooi sou £1 15s per jaar vir mans en 10s 6d vir dames wees terwyl van erelede £2 2s geëis sou word. Hulle sou dan op tien konsertkaartjies gedurende die jaar geregtig wees. Mnr. Barratt sou die dirigentpos beklee terwyl die organisatoriese sy van die vereniging deur mnr. A Dawson, G Leask, Nightingale, E G Bompas, J H Whip, Dickie en W S Welch behartig sou word.

Die eerste repetisie van die ELCS sou op Dinsdagaand 5 September in die Supper Room van die Mutualsaal plaasvind en lede is aangeraai 'to be in their places, so that a proper start may be made'.⁷

Repetisies is weekliks gehou⁸, en die positiewe gevolg van hierdie gebruik was dat die komitee van die vereniging met genoeg aankondig dat die eerste konsert op Vrydag 17 November sou plaasvind.⁹

Die ondersteuning was teleurstellend, maar die resesent het lede van die vereniging aangeraai om nie neerslagtig te wees nie aangesien hulle van 'better stuff' gemaak was, en het aan die hand gedoen dat die toegangsfooi van 5s 'n besliste negatiewe faktor was, as in ag geneem is dat dit 'n amateuraanbieding was.¹⁰ 'n Ander belangrike faktor was die onvoldoende voorafgaande publisiteit.¹¹ Die dirigent, mnr. Barratt, is gelukkig met wat hy vermag het in die kort tydjie tot sy beskikking, veral as in gedagte gehou is dat sommige koorlede oefensessies slegs sporadies bygewoon het. The Market Chorus uit Masaniello is uitgesonder as die beste glee, terwyl die vokale duet Down the Sparkling Stream deur mev. Jenkins en mnr. Dickie hoë lof ingeoes het. Benewens talryke ander vokale items en 'n viool-solo, is 'n instrumentale trio bestaande uit mnr. Gott (viool), Barratt (harmonium) en Woodcock (klavier) in Caliph of Bagdad gehoor. Ambisieus is gerapporteer dat die vereniging die opvoering van The Merry Men of Sherwood Forest vir 1883 beoog het en 'n beredeneerde optimistiese beskouing het die toedrag van sake as volg opgesom:

At all events, if their future improvement is proportionate to their present progress, the treat is assured.

Kort na afloop van die eerste konsert het mnr. Barratt na Kimberley verhuis¹² en mnr. Green, wat goedgegunstiglik ingewillig het om die leiding van die operette te behartig, is as dirigent aangestel, 'n stap wat allerweë verwelkom is. Daar is gepleit dat 'good useful members' hulle by die koor moes skaar:

There are many good singers in town who have not yet identified themselves with this movement.

Die aantal ingeskrewe lede van die koor tot op daardie stadium was 52 (24 dames en 28 mans), terwyl die bywoning van die repetisiesessies as bevredigend beskryf is.¹³

Hierdie ywerige vereniging sou hulle tweede konsert in die Mutualsaal op 20 April 1883 om 20h00 aanbied met solo's en duette, instrumentaal en vokaal, as eerste helfte, terwyl die tweede helfte uitsluitlik aan SIRCH se pastorale operette The Merry Men of Sherwood Forest gewy sou word.¹⁴

Die program, tesame met die boek Book of Words for Operetta, kon teen slegs 3d aangekoop word by Mendelssohn se musiekdepot. Die vorige resensie wat bedenkinge geopper het oor die toegangsfooi van 5s, se wenk is ongetwyfeld ter harte geneem aangesien bespreekte sitplekke se prys verminder is na 3s. Nieteenstaande die sukses van die opvoering het die konsert die gebrekkige volume van die koor as 'n geheel ontbloot.¹⁵ In die besonder was daar 'n opmerklike leemte aan basse en alte.

Die eerste jaarvergadering van die ELCS het onder die voorsitterskap van mnr. J Gately op 4 Junie in die Supper Room van die Mutualsaal plaasgevind, waar die werksaamhede van 1882 asook die verkiesing van 'n komitee vir 1883 bespreek is.¹⁶ Ongelukkig is ook dié vergadering, soos die een in 1882, gekenmerk deur 'n totale afwesigheid van dames en swak bywoning oor die algemeen. Die jaarverslag het openbaar dat mnr. Barratt as eerste dirigent aangestel is met 'n salaris van £50 per jaar. Bladmusiek was moeilik bekombaar en al het die komitee alles in sy vermoë gedoen, kon repetisies eers in September 1882 'n aanvang neem. Alhoewel die eerste konsert suksesvol verloop het, was die swak bywoningsyfer onteenseglik toe te skryf aan die onrealisties hoë toegangsfooi. Tog het die opbrengste 'n gesonde invloed op die vereniging se fondse gehad. Mnr. Barratt se verhuising na Kimberley kort na afloop van die eerste konsert was 'n gevoelige verlies vir die vereniging, maar mnr. Green se onmiddellike bereidwilligheid om sonder vergoeding as dirigent op te tree, het die innige waardering van al die lede weggedra. Die daaropvolgende konsert is geklassifiseer as 'in every respect a success'. Voorts is gerapporteer dat mnr. Weidemann aangebied het om 'a fine upright grand piano' aan die vereniging te verhuur of te verkoop, 'on liberal terms'. Die sekretaris wat die verslag voorgelees het (mnr. Geo Leask) het die aanwesiges meegedeel dat die klavier nog gehuur kon word met die uiteindelijke doel om dit in besit te neem, en het voorgestel dat die nuutgekose komitee moes werk maak daarvan. In sy eerste bestaansjaar het die vereniging se ledetal op twee en vyftig te staan gekom, 24 dames en 28 here, en repetisies was oor die algemeen bevredigend bygewoon.

Sewe menere het erelidmaatskappelde betaal en die hoop is uitgespreek dat die getal sou groei. Die totale opbrengs uit alle bronne was £102 10s 6d, waarvan £86 5s 8d aan uitgawes bestee is, wat dus 'n balans van £16 4s 10d getoon het, maar 'n eis van mnr. Barratt was nog uitstaande. Mnr. Gately is eenparig herkies tot president terwyl mej. Gately as begeleidster aangestel is.¹⁷

Klem op ligter werke

Hierdie vereniging se derde konsert het op Vrydagaand 22 Junie in die Mutualsaal plaasgevind, waar onder andere uittreksels uit MENDELSSOHN (sic!) se Faust ingesluit is.¹⁸ Ongelukkig het die konsert wat sowel gehalte as ondersteuning betref nie aan die verwagtinge voldoen nie.¹⁹ - 'n duidelike teken dat deelnemers en toehoorders nog nie toegerus was om werke van ernstiger aard aan te pak of aan te hoor nie. Die feit dat die operette The Merrie Men of Sherwood Forest weer op Vrydag 29 Junie op aandrang van die publiek uitgevoer sou word, voorafgegaan deur die gebruiklike glee's, solo's en duette (vokaal en instrumentaal), onderstreep bovermelde opmerking.

Die tweede opvoering van bogenoemde operette het die ondersteuning van 'n 'large and appreciative audience' geniet:²⁰

It was given on the occasion without any excisions, and the full text of it as thus placed before the audience, received the appreciation it deserved.

As leidende sopraan is mev. Jenkins uiters gunstig ontvang terwyl die spel en sang van mnr. Brentnall as die Sheriff van afronding getuig het. Die afwesigheid van strykinstrumente het afbreuk gedoen aan die geheeleffek alhoewel die klavierbegeleiding wat deur mnr. Woodcock behartig is, bo verdenking was. Die verskeidenheid van die eerste helfte is terdeë geniet. Mnr. Green het sy gebruiklike vaardigheid as dirigent getoon, maar sou Oos-Londen ongelukkig vir Port Elizabeth verlaat. Na afloop van die konsert is 'a handsome cigar case and matchbox' deur lede van die ELCS aan hom oorhandig as gebaar van waardering vir die vrugbare dienste wat hy gelewer het.

4.2.1 Positiewe- en negatiewe verwickelinge

Repetisies is weer op Dinsdagaand 14 Julie hervat onder leiding van mnr. Jones, die nuwe dirigent wat homself bewys het as 'n goed toegeruste vakman, wat sonder twyfel geen 'falling off' sou duld nie en wat 'n eerstehandse kennis van 'Eisteddfod Choirs etc. at home' opgedoen het.²¹ Uittreksels uit Acis en Galatea sou waarskynlik ten uitvoer gebring word. Mnr. Jones se aanstelling was egter onderhewig aan die voorlegging van bevredigende getuigskrifte uit Engeland.²² Die getuigskrifte het intussen gearriveer en een van die getuigskrifte wat geadresseer is deur die komitee van die kooreisteddfod wat 'n kunsfees in Birmingham in 1881 gehanteer het, het gunstige kritiek oor sy musikale vermoëns uitgespreek. Daarin is gemeld dat:

Mr. Jones rendered most prominent assistance; whilst another Birmingham testimonial is also entirely satisfactory.

Opvolgende berigte oor die bedrywigheide van die koor het gemeld dat hulle besig was met die instudering van Acis en Galatea.²³ Die rubriekskrywer was egter verheug om te hoor dat die opvoering van JAMES HYDE van King William's Town se kantate The Wreck of the Hesperus oorweeg sou word.²⁴ Dit was 'n verdienstelike werk - deur die skrywer bestempel as 'n werk van 'artistic justice' - en die uitvoering daarvan sou neerkom op 'n 'grateful recognition of the abilities of the Composer and a substantial encouragement of original merit that is only too rare in South Africa'.

'n Brand wat op Vrydagaand 28 September in die Mutualsaal uitgebreek het net voordat 'n vertoning van die Mabel Hayes Company ('n dramageselskap) 'n aanvang sou neem, het ernstige skade aan die klavier van die vereniging veroorsaak.²⁵ Die skade het £80 beloop en 'n ernstige beroep is op die publiek gedoen om die bedrag te verhaal. 'n Klavierfonds is onmiddellik in die lewe geroep en sekere lede van die komitee sou die bydraes in ontvangs neem. Dieselfde berig het gemeld dat erelede wat 'n jaarlikse bedrag van twee ghienies betaal het, op tien konsertkaartjies geregtig was, asook die bywoning van repetisies. Voorts is die publiek daarop gewys dat ledegeld vir

dames sou verval, met die hoop dat die vereniging groter ondersteuning op dié wyse sou kon trek.

Die terugslag het die vereniging nie ontsenu nie aangesien 'n Grand Evening Concert vir Desember in die Mutualsaal beoog is, bestaande uit 'n mengsel van glee's, solo's, duette, kwartette (vokaal en instrumentaal) in die eerste helfte, en JAMES HYDE se kantate The Wreck of the Hesperus in die tweede helfte.²⁶ Dit sou die eerste werk van 'n Suid-Afrikaanse komponis wees wat in Oos-Londen opgevoer word.²⁷ Die uitvoering van die kantate is geloof met die woorde: 'the execution was such as to warrant a large share of commendation'.²⁸ Mev. Jenkins het haar solo op uitmuntende wyse voorgedra, terwyl die koor beïndruk het met geslaagde projeksie van forsheid en oordeelkundigheid. Ander gelewerde items 'comprised nothing remarkable', alhoewel die instrumentale sy uitgesonder is as 'most effective'.

Verwarring 1884

Sommige gebeurtenisse het meegebring dat die koorvereniging se fundamentele doelstellings in 1884 skadelig gely het.

Afwesigheid van koorensemble

Die eerste konsert in die nuwe jaar wat op Vrydagaand 15 Februarie aangebied is as 'n Special Miscellaneous Concert, waartydens 'n bedrewe sangeres van Queenstown, mme. Mendelssohn, haar sangtalent gedemonstreer het, was merkwaardig veral weens die afwesigheid van 'n gesamentlike vokale optrede.²⁹ Die feit is betreur, aangesien die lede van die vereniging nou die passiewe rol van luisteraars moes vervul. vertroostend het die resensent gemeld dat 'the presence and voice of Madame Mendelssohn of Queenstown' - wat 'n skitterende ontvangs gekry het - vergoed het vir die afwesigheid van 'vocal harmony'. Heftige applous het mme. Mendelssohn te beurt geval

na die sing van die liedere Robert toi qui j'aime en Sing Sweet Bird. Benewens 'n hele aantal bydraes deur die manlike geslag, is die konsert se algemene standaard verhoog deur die uitmuntende klavierspel van mev. Edwards wat studeer het aan die Royal Academy of Music.

Hierdie talentvolle musiekonderwyseres (mev. Edwards) sou in April weer haar pianistiese vermoëns ten toon stel toe Oos-Londen se musiekkliefhebbers in Maart daarop gewys is dat 'n vleuelklavier, gebou deur die Brinsmead-maatskappy, 'n wyle in Oos-Londen sou vertoef voordat dit na die finale bestemming, die nuwe stadsaal in Queenstown, aangestuur sou word.³⁰ Daar is bespiegel dat die oornag-kuiertjie van die klavier baie moontlik met 'n Grand Evening Concert deur die koorvereniging vroeg in Aprilmaand vereer sou word. 'n Gerug het juis in hierdie tyd die rondte gedoen dat die huidige dirigent mnr. Humphreys-Jones, Oos-Londen sou verlaat 'for the rising town of Cathcart' en dat mnr. Green, wat vroeër die dirigentpos bekleed het en na Oos-Londen teruggekeer het, heelwaarskynlik die plig sou hervat.

Die vleuelklavier het in die middel van Maart gearriveer³¹, en 'n Grand Evening Concert het kort daarna op Dinsdagaand 22 April in die Mutualsaal plaasgevind, waartydens onder andere mme. Mendelssohn en mev. Edwards, albei uitstaande musici, opgetree het.³² 'n 'Capital audience' het die baie bevredigende aanbieding ondersteun. Mev. Edwards se keurige en vaardige spel op die nuwe vleuelklavier is waardeer, 'while the manipulation of Mr. Woodcock did justice to the capabilities of the instrument'. (Werke voorgedra nie gespesifiseer nie.) 'n Duet vir fluit en klavier Il Tazzo deur mnr. W J Griffith en Woodcock is uitgesonder as een van die hoogtepunte van die aand, terwyl mme. Mendelssohn van Queenstown se bydraes bestaan het uit 'n aria uit Ernani van VERDI, Nightingale's Trill van GANZ³³, en Inflammutus, 'n werk vir soliste en koor.

Jaarverslag

Na afloop van 'n repetisie op Dinsdagaand 3 Junie het die tweede jaarlikse vergadering van die vereniging, wat deur welwillende ondersteuning gekenmerk is, onder voorsitterskap van mnr. John Gately plaasgevind.³⁴ Uit die jaarverslag is die volgende gebeure behandel: die vyf konserte wat aangebied is, indienseneming van drie dirigente en drie pianiste in verskillende stadiums, asook die brand in die Mutualsaal wat die vereniging se gunstige balansstaat omvergegooi het. Afgesien van informele samekomste is agt en dertig vergaderings gereël om sake te hanteer, en alhoewel daar periodes was waarin sake minder rooskleurig blyk te gewees het, was die oorwegende gevoel tog dat sukses behaal is. Die totale inkomste van die jaar (1883 - 1884) het op £176 17s 10d te staan gekom, met 'n balans van £2 15s 7d. Alhoewel daar nog uitstaande skulde was wat verhaal moes word as gevolg van die beskadigde klavier, het die komitee geglo dat met 'n 'fair measure of support, these will soon be reduced'. Mnr. Gately is as voorsitter herkies en weer eens is 'n beroep op die publiek gedoen om hulle broodnodige steun aan die vereniging toe te sê, terwyl die feit betreur is dat net agt mense erelede was. vertroostend is gemeld dat daar 'n merkbare verbetering in die standaard van kerkkore te bespeur was, wat 'n besliste positiewe uitvloeisel van die koorvereniging se aktiwiteite was, ten spyte van die liggaam se afwesigheid in kooroptredes.

Bondige oorsig

'n Vlugtige analise toon dat die koorvereniging tot op daardie stadium nog nie aan sy wesenlike doel beantwoord het nie, aangesien die oogmerke van vokale ensemble-musisering beslis nog nie tot effektiewe ontplooiing gekom het nie. Benewens enkele tentatiewe pogings in die operette-kantate-sfeer, was al die ander pogings afhanklik van individuele items waar die aard van 'n koorvereniging geensins merkbaar was nie.

Instelling van Popular Entertainments

'n Stap wat die koorvereniging se fundamentele doelstellings verder gevoelig geskaad het, was die aankondiging in Junie 1884 dat die eerste van 'n reeks Shilling Entertainments op Saterdag 5 Julie van stapel gestuur sou word³⁵ - 'n duidelike bewys dat

- die vereniging nie by magte was om leiding op die gebied van ernstige musiek te behartig nie en
- dat Dos-Londen se musiekliefhebbers geensins gewilligheid getoon het om deur musiek van ernstiger aard verryk te word nie.

Met genoegdoening het die organiseerders verneem dat hul eerste Shilling Entertainment suksesvol was.³⁶ Daar was onder meer 'n klavier- en vioolduet - Galathe van SUPPÉ, die liedere Poor Jack Brown en The Little Hero (gesing deur 'n mnr. Dickie met 'remarkable expression and feeling'), Polka de la Reine op die klavier, die duet Morning en die ouverture Poet and Peasant ('excellent') en 'n vioolsolo deur 'n mnr. Hess op 'n 'strange instrument, unfortunately with only three strings'.

Smee die yster terwyl dit warm is, was heelwaarskynlik die koorvereniging se leuse na die sukses van die eerste aanbieding, want 'n tweede en derde Popular Entertainment is dadelik vir Saterdag 2 en Saterdag 16 Augustus beplan.³⁷

Die aard van die verskeidenheidskonserte is duidelik weerspieël in die program wat tydens die tweede aanbieding aangebied is:³⁸

Ouverture	<u>Flotte Bursche</u>	SUPPÉ Mej. Barnes en Mnr. Krome
Duet	<u>Army and Navy</u>	Mnre. Dickie en Gordon
Lied	<u>In my Wild Mountain Valley</u>	Mej. Browning
Vioolsolo	<u>Romanza in G majeur</u>	BEETHOVEN Mnr. Krome
Voorlesing		Mnr. Tucker
Lied	<u>I Arise from Dreams of Thee</u>	Mnr. Kay

Klaviersono	<u>Robert Le Diable</u>	PRUDENT Mej. Barnes
Ouverture		SUPPÉ Mej. Barnes en Mnr. Krome
Lied		Mej. Hartley
Voordrag	<u>Christmas Day in the Workhouse</u>	Mnr. Amos
Klaviersono	<u>L'Elisire de Amour</u>	Mev. Couper
Lied	<u>For Ever and Ever</u>	Mnr. Bell
Duet	<u>Money Matters</u>	Mej. en Mnr. Venr
Kwartet	<u>To the Battlefield</u>	Mnre. Dickie, Green, Whip en Martin

Hierdie vermaaklikheidskonsert het 'n groter toehoorderstal gelok waartydens mej. Barnes se klavierspel en die sang van die kwartet besonder waardeer is.³⁹

'n Volgepakte saal, wat gedui het op die snelgroeiende belangstelling in musiek van ligter aard, het die derde aanbieding wat op 16 Augustus plaasgevind het, ondersteun.⁴⁰ Ook hierdie poging was 'n groot sukses. Ongelukkig moes die koerant rapporteer dat die gedrag van 'n sekere deel van die toehoorders op die galery veel te wense oorgelaat het, 'and we should think it will soon be a consideration with the committee whether that part of the house should not be snuffed out'.⁴¹

'n Latere berig het daarop gewys dat, nieteenstaande die minimale toegangsgeld wat by hierdie konserte gevra is, finansiële sukses nie agterweëgebly het nie. Daar sou ook voortdurend gepoog word om konserte aan te bied wat by die publiek byval sou vind.⁴² Dit kan miskien beskou word as 'n ongelukkige besluit, aangesien die baie begrensde publieke smaak op so 'n wyse nie verruim en verryk sou word nie.

'n Vierde aanbieding is vir Saterdag 30 Augustus in die vooruitsig gestel, waar onder meer die verhoortoneel Bardell versus Pickwick opgevoer sou word, terwyl daadwerklike stappe teen die orde-verstoorders aangekondig is:⁴³

Lovers of order will be pleased to learn that the names of the leading rowdies who take at times a prominent part at these entertainments without being put down in the programme, have been furnished to the committee, who will take steps, should it be necessary, to suppress the nuisance, and appeal to their friends to assist in the matter.

Om en by vierhonderd mense het hierdie vierde aanbieding van die koorvereniging ondersteun, waarin twee sangers klin-kende sukses behaal het.⁴⁴ Mej. Hartley het die lied Lassie geïnterpreteer 'with the quiet and unrestrained manner that always sits well upon a young amateur, whilst yet doing great justice to her music with a voice that is very pure in tone and of capital compass', terwyl mnr. Bell luid toegejuig is vir sy vertolking van No clouds can linger o'er me. Nog 'n uitstaande vokale item was mnr. Hammerland se interpretasie van The Village Blacksmith.⁴⁵

'n Ernstige aanbieding

Meer in ooreenstemming met die verklaarde beleid van die koorvereniging, is die reeks Popular Entertainments onderbreek deur 'n aankondiging dat die vereniging sy agste Grand Concert op Vrydag 19 September in die Mutualsaal sou aanbied waar-tydens keurspele uit MENDELSSOHN se Athalie en JAMES HYDE se volledige Wreck of the Hesperus uitgevoer sou word.⁴⁶ As hoofsangere sou optree mev. Puzey en McJannet, Mejj. Janion, Griffith, Browning en Hartley en mnr. Hammerland en Whipp, met mnr. Green as dirigent en mnr. Cornuel voor die orrel. Terselfdertyd is die vyfde Popular Entertainment aangekondig wat op 27 September sou plaasvind.

Ongelukkig kon hiérdie Grand Concert nie getuig van 'n geïnteresseerde publiek nie.⁴⁷ Die droewig klein opkoms was 'n duidelike weerspieëling dat Oos-Londen se musiek liefhebbers nog geensins oor die wil, insig en opvoeding beskik het om 'n aanbieding van dié aard aan te hoor nie en die resensent het die situasie sonder pretensie geskets:

It would appear that the simpler and less classical the programme put forward by the Society, the greater the appreciation shown by the public. This may not speak much for musical education in East London, but one speaks of facts as they are. Not a hundred people attended this concert, to which the prices of admission were but two shillings and a shilling and upon the preparation for which a large amount of pain had been bestowed. On the same evening there were some five hundred persons at the circus.

Teen die verwagting in het opvolgende verskeidenheidskonserte in 1884 nie die goeie ondersteuning wat die vorige pogings gekenmerk het, gehandhaaf nie.⁴⁸ Onvoldoende reklame en gure weersomstandighede is genoem as oorsake vir die verskynsel.

Populêre konserte steeds gewild

Ten spyte van die feit dat verskeidenheidskonserte in 1885 deur 'n hele aantal sinvolle bydraes verstewig is, het nie een poging die vereniging se kerndoelstellings verteenwoordig nie. In Maart is BIRCH se operette The Merrie Men of Sherwood Forest, weer opgevoer⁴⁹ terwyl die regimentorkes een van die aanbiedinge in Mei verryk het met twee ouvertures.⁵⁰ 'n Besliste hoogtepunt in hierdie reeks was die konsert wat in Oktober plaasgevind het waartydens die vermaarde James Hyde en sy gade van King William's Town, status aan die verrigtinge gegee het.⁵¹

Mnr. en mev. Hyde se bydraes was die skitterpunte en Oos-Londen se toehoorders was in vervoering.⁵² Die resesent was daarvan oortuig dat 'the appearance of these two favourites was altogether one of the richest pleasures in a musical way that have recently fallen to the lot of East London. He was watched and heard intently throughout - or at least when attention was at all diverted from him it was to note the brilliant fingering of the instrument by Mrs. Hyde, and this very charming performance at its conclusion brought down the house'. Die feit dat hulle hul items van geheue af voorgedra het, het die resesent verbaas:

The utter scorn of the use of the music-sheet, which appears to be a habit with Mr. and Mrs. Hyde, is something to think about.

Alhoewel die nuusblad gemeen het dat die konsert wel die bestaansrede vir die vereniging gereflekteer het - hoe die resensent tot die gevolgtrekking gekom het is nie duidelik nie - is gemeld dat die koor as sodanig nie gefunksioneer het nie. 'n Ontstellende feit was dat die koor as funksionele entiteit selde gehoor is.

4.2.2 'n Wankelrige periode 1886 - Augustus 1890

Die periode 1886 tot Augustus 1890 was beslis nie 'n rooskleurige tydperk vir die vereniging nie en slegs enkele verstrooide pogings het dit van ondergang gered. Behalwe vir die feit dat kooritems hoegenaamd nie 'n rol gespeel het nie, het geen verskeidenheidskonserte in 1886 voorgekom nie, met die gevolg dat die vereniging se bestaansreg in die gedrang gekom het.

In die vierde jaarverslag van die vereniging is voorgestel dat die komitee die wenslikheid al dan nie van die voortgesette werksaamhede van die vereniging moes ondersoek.⁵³ Voortspruitend uit die bespreking is besluit om dit nie te ontbind nie, maar dat repetisies eers weer by 'n gunstiger geleentheid 'n aanvang sou neem. Nieteenstaande die beteuterde situasie, het die komitee in Maart 1886 besluit om repetisiewerk te hervat met die oog daarop om op 17 Julie die GILBERT en SULLIVAN opera, Trial by Jury, op die planke te bring. Ná hierdie opvoering sou oorweging geskenk word aan die vraag of deelnemende kunstenaars lede van die vereniging moes wees of nie, asook die wenslikheid al dan nie van die kontinuering van repetisies. 'n Uitleg van die finansiële staat het 'n inkomste van £35 3s 6d getoon, asook 'n kontantbedrag van 1s 5d. Uitstaande laste het £23 bedra, maar gelukkig het die klavier wat in die Mutualsaal gebruik is en 'n waarde van £80 had, as sekuriteit gedien, soos ook 'n groot voorraad geskrewe musiek.

Die beoogde opera-aanbieding sou deur 'n eerste helfte van allerlei items voorafgegaan word:

Glee	<u>The Little Drummer</u>	KAFFEY Koor
Liedere	<u>You and I</u>	CHARIBEL Mnr. Makin
	<u>The Viking's Song</u>	STEPHEN ADAMS
Violsolo	<u>Lieder ohne Worte no. 2</u>	MENDELSSOHN Mnr. Coester
Liedere	<u>Alone on the Raft</u>	PAUL RODNEY Mej. Vincent
	<u>I Fear no Foe</u>	PINSUTI Mnr. Whipp
Meerstemmige lied	<u>On the Sea</u>	MENDELSSOHN Koor

Hierdie konsert wat op 23 Julie herhaal is, het uiters gunstige kommentaar uitgelok.⁵⁴

Ná hierdie opvoering was die veragtering ten opsigte van aanbiedinge - populêr en klassiek - pynlik opvallend en was dit duidelik dat die koorvereniging se bestaansreg nou werklik in gedrang was. Slegs een Popular Entertainment is in die tydperk Augustus 1886 - Desember 1887 aangebied (Julie 1887) waartydens die spel van die blaasorkes van die regiment onder leiding van kapelmeester Fred Howe en die fluitspel van mnr. Dewing entoesiastiese reaksie uitgelok het.⁵⁵

Drie ligpunte

Oefensessies is in 1888 eers ná die middel van Junie op Dinsdag 19 Junie hervat, en dit was duidelik dat die eens florerende vereniging 'n wankelrige toekoms binnegetree het.⁵⁶ Die doel van die oefensessies was om 'n koorkomposisie in te studeer vir 'n konsert ten bate van fondse vir die Ladies' Benevolent Society, en 'n vriendelike beroep is op die broodnodige ondersteuning van 'Lady and Gentleman Vocalists' gedoen. Onder leiding van mnr. R L McDonald is oefensessies in die Mutualsaal hervat, waar die bywoning tot in Juliemaand baie bemoedigend was⁵⁷, en waar gewerk is aan die instudering van verskeie glee's asook 'n humoristiese kantate getiteld Ali Baba.

Die voorgenome konsert het op 11 Augustus plaasgevind, maar sonder die insluiting van die kantate.⁵⁸ Meerstemmige liederes, liederes en glee asook 'n Konsertstuk in f mineur (vermoedelik deur WEBER) was bestanddele van die program. Die kritikus het die koorvereniging geluk gewens, nie alleen met die feit dat hulle in so 'n kort tydsbestek 'n hegte, nuttige ensemble kon vorm nie maar ook 'on it's present qualifications for providing a good concert'.⁵⁹ Ongelukkig was die bywoning swak. Uitstekende balans en geslaagde stemsamesmelting was positiewe elemente van die koor se optrede, maar die resensent het gevoel dat nuanses ontbreek het. Op instrumentale vlak het mej. Wetzlar oortuigende delikaatheid openbaar met haar klavierspel van die Konsertstuk in f mineur.

Bemoedigend was die feit dat gunstige kommentaar die koor weer eens toegeswaai is tydens 'n optrede op Woensdagaand 19 Desember in die Mutualsaal toe ROGER se humoristiese kantate The Forty Thieves opgevoer is.⁶⁰ Daarbenewens is COSTA se serenata The Dream aangehoor, waarin 'n mev. Hodges keurige delikaatheid openbaar het en waarin 'n vokale trio se sang uit dieselfde werk beskryf is as 'pure vocalism'.

Te midde van die feit dat die vereniging in die tydperk 1886 - 1888 onsekerheid beleef het, wou dit voorkom asof die twee voortreflike optredes van die koor in Augustus en Desember 1888 die wankelrigheid teëgewerk het.

Twee maande later, op 16 Februarie 1889, het die koor weer opgetree in 'n program wat onder die beskerming van die lede van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat gestaan het.⁶¹ Dit wou lyk asof die vereniging hernieuwe momentum opgebou het. The Forty Thieves is weer opgevoer terwyl die invoeging van 'n hele aantal solo's en meerstemmige liederes, waaronder twee werke van MENDELSSOHN, On the Sea en The Woods, verskeidenheid aan die program verleen het. Die kantate het 'n lewenslustige interpretasie geniet en die leidende rolle is tot algehele goedkeuring vertolk deur mev. Seymour (sopraan), mev. W H Gordon (alt), mnr. C Miller (tenoor) en mnr. W H Gordon (bas), terwyl hoë lof die twee begeleidsters, mevv. Street en

Allaway, asook die dirigent mnr. R L McDonald, toegeswaai is.

Die drie optredes van die koor in die tydperk Augustus 1888 tot Februarie 1889 was egter net 'n tydelike opflikking en behalwe vir deelname aan mej. Christie Fuller se konsert op 31 Mei 1890⁶² het die vereniging niks aangebied in die periode Maart 1889 - Augustus 1890 nie.

4.2.3 'n Relatief lewendige tydperk Oktober 1890 - Februarie 1892

Plotseling is die onsekere toestand verlig toe in Oktober 1890 aangekondig is dat die dienste van mnr. James Hyde van King William's Town as dirigent bekom is, en dat hy teenwoordig sou wees by 'n repetisie wat op 22 Oktober gehou sou word.⁶³ Repetisietye sou nou na Woensdagaande om 20h00 verskuif word, in plaas van op Dinsdae. Dit was beslis 'n heilsame skuif en onder sy uiters bekwame leiding sou die vereniging gedy. Kort ná mnr. Hyde se aanstelling is aangekondig dat 'n konsert op Vrydagaand 21 November sou plaasvind, waartydens 'n kantate The May Queen van BENNETT opgevoer sou word, asook verskeie sangsolo's, 'n glee en 'n meerstemmige lied.⁶⁴

Die bekombaarheid van James Hyde, wat ongetwyfeld 'n gesaghebbende musikale figuur in die Grensgebied was, as dirigent van die koorvereniging was 'n kultuurverrykende gebeurtenis. Enkele gegewens oor hom is as volg:⁶⁵ James Hyde (1849 - 1939) is in Birmingham, Engeland gebore en het in 1874 na Suid Afrika geïmmigreer. Vanaf April 1877 het hy hom in King William's Town, dertig myl van Oos-Londen af, gevestig waar hy eienaar was van die Kaffrarian Music Warehouse en ook onderrig gegee het in viool en klavier. Voordat hy na Suid-Afrika geïmmigreer het, het hy talle goeie musiekbetrekkings in Engeland beklee. Mej. Berta Foresta van die Milan en Naples opera-huise het sy bevoegdheid as volg uitgespel:

I consider him the cleverest conductor I ever knew as well as one of the most kindhearted and amiable of men.

As gevolg van optredes saam met sy vrou het die musiekkritikus van die Port Elizabeth Telegraph hulle omskryf as 'well known throughout the Colony and as artists of the highest order'.

Die konsert op 20 November het nie alleen bemoedigende ondersteuning geniet nie, maar ook getoon dat die koor se sang merkbaar verbeter het.⁶⁶ As May Queen het mej. Willetts (sopraan) haar uitmuntend van haar taak gekwyt, terwyl mnr. Dickie die tenoorpart met oorgawe geïnterpreteer het. Mev. Hyde se items was waardevol en When the Heart is Young en The Abby Gate het getuig van 'correctness of interpretation'. Die 'orkes' wat die begeleiding van die kantate waargeneem het, het bestaan uit mev. Street (klavier) en mnr. Howe (kornet) en Ryan (klarinet).

'n Tweede Grand Concert deur die ELCS is vir Dinsdagaand 2 Desember in die Mutualsaal beplan.⁶⁷ 'n Gevierde violis, herr Otto von Booth, en 'n pianis, mnr. MacClean, sou prominente bydraes lewer. Glees en liedere sou deur lede van die koorvereniging gesing word. Oor die gebrek aan ondersteuning wat ondervind is op deelnemende sowel as luisteraarsvlak is geregverdigde misnoeë uitgespreek.⁶⁸ In die resensie wat gevolg het, het die resensent dit op hom geneem om lede van die publiek oor te haal tot daadwerklike meelewing:

Sorry to see such a thin house, as the efforts of the Choral Society as a local body of first-class amateurs, catering for the entertainment of their fellow-citizens, should meet with better encouragement at their hand, leaving the 'patronising' element out of the question altogether.

Uit 'n musikale oogpunt beskou, was die konsert egter 'n skitterende belewenis. 'n Sjarmante meerstemmige sangkomposisie van WARNER, To the Woods, was 'a fine exhibition of good singing and the Society may fairly be said to have scored here'. Die vertolkingskwaliteite van die pianis, mnr. MacClean, wat 'n Rhapsodie van BRAHMS en 'n Mazurka van GODARD vertolk het, het daarop gedui dat hy 'n 'clever pianist' was -

'his touch being such as to cause pleasure to the educated ear of an audience'.

In die daaropvolgende jaar is die positiewe invloed van mnr. Hyde as dirigent van die ELCS duidelik weerspieël in die feit dat Die Messias op 2 Mei 1891 in King William's Town en op 9 Mei in Oos-Londen met orkesbegeleiding uitgevoer sou word deur 'n gekombineerde koor van die koorverenigings van beide dorpe.⁶⁹

Beide verenigings het vir 'n aantal weke intensiewe voorbereiding gedoen onder die waaksame kennersoog van Hyde, 'whose very name as a leader in the production of high-class music means success all round and honours to all concerned'.⁷⁰ By die eerste optrede is die gekombineerde koor van 'n honderd lede se vertolking van die koorlied And the Glory gekenmerk deur 'n besondere vitaliteit. Selfs die moeilikste invalle is goed behartig deur die verskillende stempartye, terwyl beide mnr. W H Gordon (bas) en mev. Hockly (alt) met artistieke insig hulle resitatiewe en arias gesing het. For unto us het stewige ondersteuning van die orkes geniet terwyl Lift up your heads en die Halleluja-koor deur bogemiddelde vertolkings gekenmerk is - samevattend was die aanbieding 'n reuse-sukses. Die East London Standard het ook gemeen dat die opvoering van die oratorium 'n sukses was, nieteenstaande die feit dat lede van die Cape Mounted Rifles-blaasorkes die verrigtinge aan die einde van die tweede deel verlaat het, met die gevolg dat in plaas van twintig instrumentaliste daar toe net sewe oorgebly het, 'but the way in which these seven played made one almost forget the absence of the others'.⁷ Opvallend lojaal het die resensent in sy bespreking van die koor gemeen dat 'the East London ladies and gentlemen were in no way behind those of King William's Town'.

In Oos-Londen was die uitvoering van die werk musikaal opheffend en het die dirigent, soliste, koor en orkes oorfloedige komplimente gekry.⁷² In gevalle waar onbevredigende musikale resultate wel voorgekom het is die Mutualsaal geblameer:

The Mutual Hall is a room of fair proportion, but voices and orchestra, one or the other, or sometimes both, had not proper scope in such a room, the result being an occasional obliteration of it. The remark is made from a gallery standpoint, which ought to be a true one. For instance, the trumpet partly drowned the male voices in more than one of the numbers, having a very commanding position high up at the back, while the voices were on so much lower a level.

Die argitektoniese haperinge ten spyt, kon die monumentale werk peil trek op die totale toegewyde steun van die deelnemers, wat die kritikus verstout het om te sê:

The oratorio had most considerable justice done to it throughout, and the audience was undoubtedly delighted.

Ná 'n kort tussenpose waarin daar nie gerepeteer is nie, is daar op 27 Mei aangekondig dat repetisies op Woensdagaand 27 Mei in die Homan-saal hervat sou word.⁷³ Diegene wat in besit was van kopieë van die werke Judas Maccabeus en Trial by Jury moes dit saambring.

Momentum gehandhaaf

Dit was duidelik dat daar onder die dinamiese leiding van James Hyde 'n merkbare opbloei in die ELCG se aktiwiteite te bespeur was en daar kan aanvaar word dat die lof wat by die Messias ingeoes is, aansporend en stimulerend ingewerk het op die betrokkenes. Die aanbieding van 'n werk van die omvang van Die Messias asook die instudering van gestandaardiseerde werke het gesprek van Hyde se besieldheid. Voor sy aanstelling het 'n gees van verwarring en verstartheid geheers. Binne die bestek van 'n paar maande het hy die koorvereniging verhef tot 'n volwaardige, aktiewe liggaam.

Onder sy leiding sou die eerste van 'n aantal Grand Concerts op Saterdag 25 Julie in die Mutualsaal plaasvind⁷⁴; Deel I sou bestaan uit dele uit WALLACE se opera Maritana en Deel II uit die opvoering van GILBERT en SULLIVAN se opera Trial by Jury. Hiërdie konsert is deur 'n groot gehoor ondersteun waartydens Hyde homself met 'unfailing precision'

ten volle oorgegee het aan sy taak as dirigent. As begeleidster was mev. Street onberispelik. Sy is bygestaan deur mnr. Woodrow (eerste viool), Cheshire (tweede viool), Howe (eerste kornet), Tooly (kontrabas) en Dickenson (timpani). Mej. Willetts se aandeel in die vertolking van keurspele uit Maritana was uiters voortreflik. Sy het voorts haar gehoor betower met die sing van Scenes that are Brightest en is hoog aangeprys:

Miss. Willetts has acquired the deliberation of the artist, and does justice to every note of the music, up to a very high level of excellence, her voice being uniformly sweet within the whole range she can compass and that is most considerable. She had the advantage of a very sympathetic accompaniment, and the song was an extraordinary success; indeed we do not remember any success equal to it on the past of an East London amateur. The recall was loud and persistent, and Miss. Willetts repeated a part of the song with equal ability.

Benewens talle ander vokale en koorbydraes is die opera met oortuigende sukses opgevoer. Toegifte is nie gedurende die verloop van die opera toegelaat nie aangesien Hyde se gesindheid 'exceedingly business like' was.

Onder die konstante, doelgerigte ywer en vuur van James Hyde, het hierdie vereniging beslis gebot en 'n uitvoering van HANDEL se Judas Maccabeus is vir Saterdag 10 Oktober beplan.⁷⁵ Weer eens was dit Hyde se inspirerende leiding wat daarvoor verantwoordelik was dat die koorvereniging 'n uitvoering van hoë kwaliteit en musikale verdienste kon bied.⁷⁶ Alhoewel al die kooritems kragtig geprojekteer is, het balansprobleme tog voorgekom. Desnieteenstaande is die semi-koor in die koorlied See the Conquering Hero, op indrukwekkende wyse weergegee en kon 'n hartlike toegif nie onderdruk word nie, wat die resensent selfs sover laat gaan het om te verklaar:

To hear this fully-rendered chorus was one of the richest musical treats we have enjoyed in East London.

Mej. Willetts het haar 'undoubtedly magnificent voice' triomfantelik aangewend in 'n vertolking van die aria From Mighty Kings. 'n Klein ensemble het 'n reuse-begeleidingsarbeid verrig:

mnre. A Woodrow (eerste viool), Cheshire (tweede viool), Howe (eerste kornet) en serst. Varley (kontrabas) en mev. Street (klavier).

'n Verdere suksesvolle Grand Concert is op Vrydagaand 4 Desember aangebied wat saamgeval het met die wolskou in Oos-Londen.⁷⁷

Die koorverenigings van Oos-Londen en King William's Town het op Woensdagaand 23 Desember weer hulle kragte saamgesnoer en onder leiding van Hyde 'n inspirerende vertolking van Die Messias gelewer.⁷⁸ Ekstaties het die resensent ver- wys na

The performance which taken altogether made it much the most meritorious thing of the kind ever known in East London, and would give it high rank amongst the best musical performances yet given in South Africa.

Groter trefkrag is aan die orkes verleen deur die insluiting van lede van die Cape Rifles Band en die Cape Mounted Rifles-orke wat die volgende instrumente bespeel het: een eerste viool, twee tweede viole, 'n kontrabas, klarinet, trompet, skuiftrompet, bastrom en twee Franse Horings.

Die verfrissende musikale oplewing wat James Hyde in Oos-Londen teweeg gebring het, was meteens bedreig toe met 'uncommon regret' verneem is dat hy die Grensstreek sou verlaat om 'n permanente posisie as direkteur van musiek van die Wanderer's Club in Johannesburg te beklee.⁷⁹ 'n Gevoel van groot verlies is aangedui:

We are certain the departure of Mr. Hyde and his accomplished wife will mean a distinct loss to the musical world in the Border towns, and it is not much consolation to think that what is our loss will be Johannesburg's gain.

Met die oog op sy vertrek sou 'n Grand Farewell Concert op Dinsdagaand 23 Februarie 1892 in die Mutualsaal aangebied word, waartydens die Hydies sou optree in hul 'last appearance on the Frontier'.⁸⁰ Teen die verwagting in was die bywoningsyfers by hierdie geleentheid slegs redelik.⁸¹ LAHEE se kantate The Building of the Ship het die verrigtinge geopen. Mej. Stier (sopraan) en mev. McJannet (kontralto) was

voortreflik terwyl al die kooriteme groot krediet aan die dirigent laat toekom het. Mev. Hyde se klaviersolo is uitbundig geapploudisseer, terwyl Hyde se meesterlike viool-solo's 'simply brought down the house'. Gedurende die verloop van die verrigtinge het mnr. Whipp namens die dames van die vereniging 'n bos rose aan mev. Hyde oorhandig. Na afloop van die konsert het die komitee in die Central Hotel vergader om finaal van Hyde afskeid te neem. As blyk van waardering het die voorsitter van die koorvereniging, mnr. Gately, namens die komitee 'a very handsome gold mounted baton, suitably inscribed', aan Hyde oorhandig.

Onteenseglik het Hyde baanbrekerswerk in Oos-Londen verrig en die koorvereniging van gewisse ondergang gered. Verblydend was die feit dat Oos-Londen se amateurs flink gereageer het op sy besieling, maar ongelukkig het nie een van Oos-Londen se amateurs oor die insiatief beskik om sy goeie werk voort te sit nie.

4.2.4 Tydperk van verval en oplewing

Hyde se afwesigheid 'n gevoelige slag

Vroeg in Maart 1892 is aangekondig dat die weeklikse repetisies weer op Woensdagaand om 20h00 in die Mutualsaal hervat sou word.⁸² terwyl 'n advertensie wat in Mei geplaas is 'n beroep op die lede van die vereniging gedoen het om die weeklikse repetisies nougeset by te woon aangesien 'n konsert vir 25 Julie beoog is.⁸³ Hierdie voorgenome konsert het nie plaasgevind nie en in Julie is lede verwittig dat geen verdere repetisies sou plaasvind alvorens verdere kennisgewing ontvang is nie.⁸⁴ In die oorblywende maande van 1892 het geen berigte verskyn nie, behalwe vir 'n aankondiging in November wat daarop gewys het dat die weeklikse repetisies op Dinsdagaand 15 November om 20h00 in die Mutualsaal onder leiding van mnr. L Howe hervat sou word.⁸⁵

Die opvallende afwesigheid van musikale gebeure ná die vertrek van Hyde het daarop gedui dat die vereniging nou herderloos was en gevaar geloop het om weer in sy ou doelloosheid te verval.

Effense oplewing

Om een of ander rede het die vereniging tog wel met hernieuwe ywer in 1893 begin werskaf, en is verskeie aanbiedinge wat van deurdagte instudering getuig het, van stapel gestuur.

Op Dinsdagaand 21 Januarie is 'n konsert van gleees, orkestrale en talryke vokale items met mej. Willetts as vernaamste deelneemster aangehoor.⁸⁶ Mnr. Henry Clements, die gevierde Engelse tenoor, sou ook opgetree het, maar 'n 'cart-accident' het hom verhinder om teenwoordig te wees.

Die vereniging se mees geslaagde onderneming in 1893 was 'n aantal suksesvolle opvoerings van die operette The Merrie Men of Sherwood Forest in Mei.⁸⁷ Hierdie aanbieding het besonder groot belangstelling gaande gemaak:⁸⁸

All East London was on the tiptoe of anxiousness looking forward to Friday evening when the ELCS was to present in it's entirety BIRCH'S three-act opera The Merrie Men of Sherwood Forest. The booking was phenomenal, so much so that every seat in the house had been engaged days before the dates fixed and Friday evening saw the hall packed to it's utmost capacity. Many who had not been successful beforehand to secure seats had necessarily been turned from the doors.

Afgesien van die voortreflike spel en sang van die soliste en die ander spelers, was die koor as goedafgerigte, gebalanseerde ensemble 'n ligpunt. Nieteenstaande 'n 'slight weakness' ten opsigte van die gebrek aan soprane was dinamiese gradering duidelik waarneembaar. Hierdie opvoering sou op Saterdag 20 Mei in die Mutualsaal herhaal word.⁸⁹

Tydens die Suid-Afrikaanse Onderwysunie se konferensie in Oos-Londen is The Merrie Men of Sherwood Forest weer in die nuwe Drilsaal op Donderdagaand 29 Junie opgevoer.¹⁹⁰

Met verskeie optredes van die opera agter die rug, het die hele geselskap op Saterdagavond 1 Julie op King William's Town toegesak, waar hulle 'n hartlike ontvangs vir dieselfde werk geniet het.⁹¹ Besonder positiewe kritiek het die koorvereniging se poging daar begroet en dit was 'n opbouwende faktor dat kritiek uit 'n ander oord hul werk gunstig gereflekteer het:

In the music of the operetta as well as in the pieces which preceded the several acts, the orchestra proved a complete success, and was a decided feature of the entertainment. The choruses were one and all good, sung with taste, expression and vigour with the parts well balanced throughout.

4.3 Die East London Choral and Orchestral Union

1894 - 1898

4.3.1 'n Nuwe era

Tot en met 1893 het hierdie vereniging bekend gestaan as die East London Choral Society. Hulle het in vele aanbiedinge die dienste van 'n miniatuurorkes geniet, en aan die begin van 1894 is volwaardige status binne die reeds bestaande koorvereniging aan die instrumentaliste verleen. Vanaf 1894 is die vokale en instrumentale komponente saamgesnoer in die East London Choral and Orchestral Union.⁸² Die East London Standard het in Januarie 1894 gerapporteer dat 'the society has been augmented and strengthened by the formation of an orchestral branch', en genoem dat mnr. Levy Howe as dirigent van beide die koor en orkes benoem is.⁹³

Reeds aan die begin van Januarie 1894 is gemeld dat die orkes van die nuutgevonde liggaam op Woensdag 10 Januarie onder leiding van mnr. Howe met repetisies sou begin.⁹⁴ Instrumentalste wat sou belang stel om aan te sluit, moes hul aansoeke rig aan mnr. Howe of mnr. James Whipp (eresekretaris: orkesafdeling). Repetisies sou in die Homan-saal plaasvind, waar daar onmiddellik met die instudering van 'n nuwe kantate begin sou word. Verder is 'n beroep op soprane, alte en tenore gedoen om aan te sluit. Die jaarlikse inskrywingsfooi sou 2s 6d vir dames en 7s 6d vir here wees.

Hierdie stap, naamlik die opneem van 'n orkes in die koorvereniging, wat 'n aanduiding was van groei op instrumentale vlak, sou op Saterdag 3 Februarie gevier word met 'n Grand Vocal and Instrumental Promenade Concert in die Drilsaal.⁹⁵ Afgesien van die aanwesigheid van 'n volle orkes en prominente plaaslike kunstenaars, sou 'n vooraanstaande sangeres ook deelname geniet: dit sou wees die 'First and only appearance of Miss. Amy Fuller from Australia, who has been specially engaged for this concert'. Die konsert het die ondersteuning van 'a large and fashionable audience' geniet wat 'n uitgerekte, dog gevarieerde program aangehoor het.⁹⁶ Nie slegs in die openingsitem wat die orkes voorgespeel het nie, maar in al die ander items is spel gekenmerk deur juistheid van tempo en intonasie, wat daarop gedui het dat Levy Howe hierdie ensemble binne 'n kort tydjie geskaaf het tot 'n effektiewe eenheid. Optimisties is voorspel dat 'there is no doubt if they continue as they have begun, East London will boast of an orchestra second to none in the Colony'. Mej. Fuller wat vir haarself 'n hoë reputasie in Australië verwerf het, het geskitter in die lewering van drie solo's. Die program was:

Ouverture	<u>La Couronne D'or</u>	ALPHONSE HERMAN Orkes
Lied	<u>The Holy City</u>	STEPHEN ADAMS Mej. Fuller
Polka Mazurka	<u>Mosquito</u>	RIVIERE Orkes
Hobosolo	<u>Irish Airs</u>	MORETON Mnr. Preston
Lied	<u>Adieu Marie</u>	STEPHEN ADAMS Mnr. Hall
Wals	<u>Morning Glory</u>	FELIX BURNS Orkes
Lied	<u>For All Eternity</u>	MACHERONI Mev. Greenslade Mnr. Pickett - obligaatviool
Keurspel	<u>Hurly-Burly</u>	BALFOUR Orkes
Intermezzo	<u>Forget-me-not</u>	MACBETH Orkes
Lied	<u>When the Time comes in</u>	MILLARD Mej. Fuller
Klarinetsolo	<u>Scotch Airs</u>	LAZARUS Mnr. Pickett

Onder die vaandel van die koor- en orkesvereniging sou 'n Tonic Sol Fa Class Society gestig word, met mnr. Randall as leier.⁹⁷ Die nuutgestigde klas sou op Woensdagaand 21 Februarie hul eerste oefening in die Homan-saal bywoon. Heelwat later, in September, is gemeld dat hierdie klas nou 'in active operation' was.⁹⁸ As vergaderplek is die gemeentekamer van die St. John-kerk op Woensdagaande om 19h00 gebruik en is voornemende nuwe lede gewys op die 'favourable opportunity' om deelname te geniet teen slegs 2s 6d per maand.

Die koor- en orkesvereniging het voorts op Saterdag 28 April 'n Grand Promenade Concert in die Drilsaal aangebied waar weer eens van die dienste van 'n voortreflike oorsese kunstenaar gebruik gemaak is, naamlik signor Petrina van die Musiekskool in Wenen.⁹⁹ Die aanbieding is op Saterdag 12 Mei met 'n derde Vocal and Instrumental Promenade Concert in die Mutualsaal opgevolg.¹⁰⁰

Dit is met blydschap opgemerk dat die orkes se spel merkbaar verbeter het. Die East London Standard het hierdie faktor by verskeie geleenthede aangeraak na afloop van die vereniging se inwydingskonsert.¹⁰¹ Na die konsert van Saterdag 28 April het die Standard die orkes gekomplimenteer dat hulle 'seems to have improved wonderfully since their last appearance and played tastefully and well throughout the evening'.¹⁰² Ook is gerapporteer dat die orkes se optrede op Saterdag 12 Mei getuig het van 'fine form ... the music was so good that the audience remained seated during the whole performance, and did not avail themselves of the arrangements made by the committee for promenading'.¹⁰³

Al vanaf die eerste openbare repetisie op 10 Januarie is daar ywerig gewerk aan 'n nuwe kantate¹⁰⁴, en in Junie is met groot fanfare aangekondig dat 'n opvoering van die 'Grand Dramatic' kantate van BIRCH, Vortigern and Rowena, op Woensdag 4 en

Donderdagaand 5 Julie sou plaasvind.¹⁰⁵ Die poging het nie onvoorwaardelike lof - soos wat die geval maar was met byna alle aanbiedinge in Oos-Londen - ontvang nie, en die resensent was selfs van mening dat van die toehoorders hulle bedenkinge gehad het:¹⁰⁶

There was a large audience, of appreciative tendencies, but which of course left the hall with fluctuating opinions as to the exact merits of the performance from a critical point of view.

Op 'n amateur-grondslag beoordeel, was die uitvoering egter 'decidedly creditable right through'. Hinderlik was die gebrek aan verhoogondervinding wat ongemaklike styfheid in die hand gewerk het, maar redelikerwys het die resensent toegegee dat die 'cramped stage area' totaal ontoereikend was. Mej. Willetts het weer geskitter met pragtige sang, terwyl mnr. Gordon die gunsteling onder die manlike sangers was. Die orkes het deurgaans flink en energiek gereageer en aan Levy Howe, wat vir die hele produksie verantwoordelik was, is opregte dank oorgedra:

As director of the whole affair, we can but tender a word of hearty congratulation on the undoubted success which has attended his indefatigable training: he has evoked talent from which may be expected a great deal in the future.

Ten spyte van sekere gebreke het die resensent sy vertroue in hierdie vereniging se vermoëns uitgespel: 'there is nothing in the cantata to place its performance beyond the ability of the Union'. Die kantate is weer op Saterdagagaand 21 Julie herhaal, wat die East London Standard genoop het om te verklaar - en beslis op geregverdigde gronde:¹⁰⁷

The Choral Society should give us something else soon. With the material at their disposal, it is criminal to allow it to lie fallow.

Dié versoek is egter nie ter harte geneem nie, en vyf maande daarna is weer 'n werk van BIRCH, die pastorale operette Eveleen, op 15 Desember opgevoer.¹⁰⁸

Nieteenstaande die feit dat die koor- en orkesvereniging nie weer sedert die James Hyde-periode met gestandaardiseerde

werke vorendag gekom het nie, was hulle aanbiedinge tog van 'n goeie gehalte en het daar gelukkig geen tekens van insinking voorgekom nie.

Op Saterdag 9 Maart 1895 is 'n Grand Vocal and Instrumental Promenade Concert in die Mutualsaal aangebied, waar die orkes, wat in 'n 'high state of efficiency' was, onder leiding van Levy Howe die volgende werke vertolk het: Caliph of Bagdad, 'n mazurka Dark Rose, 'n Skotse bibette, 'n Oostenrykse mars, 'n wals Wiener Muller en 'n galop Vienna to Paris, aangevul deur keurige instrumentale en vokale items.¹⁰⁹

Assistering deur buitelandse sangers

'n Hele aantal daaropvolgende aanbiedinge van die vereniging het die deelname van vooraanstaande buitelandse sangers geniet. Op Woensdag 3 Julie het 'n 'fashionable and select audience' die befaamde Engelse bariton Norman Salmond, aangehoor in Honour and Arms, In Cellar Cool, I Fear no Foe en The Yeoman's Wedding, met as toegifte The Minstrel Bag en Rocked in the Cradle of the Deep, wat geesdriftig aangeprys is:

The songs rendered by the artist on Wednesday far and away excelled anything of the kind heard in the Mutual Hall for a very long time past.¹¹⁰

Onder leiding van Levy Howe het die orkes goeie spel gelewer in verskeie keurspele en die resensent was van mening dat hulle vertolkings 'superior to anything previously given' was. Mnr. Salmond self 'privately expressed himself as very pleased indeed with the orchestra and would give it high rank amongst any in South Africa'.

'n Soortgelyke aanbieding sou op Saterdag 17 Augustus met die formidabele Engelse prima donna mdlle. Antoinette Trebelli as gaskunstenaar aangebied word.¹¹¹ Oorvloedige lofbetuiginge het haar aankoms voorafgegaan en haar optrede in die Mutualsaal het dit regverdig.¹¹² Haar betowerend-artistieke optrede het genoegsame aanprysing amper onmoontlik gemaak:

On the vocal executions of the artiste we might lavish yards of eulogy and then fail to do the lady justice. It is not a mere superfluity to say that such a voice as was heard on

Saturday evening, has never before been heard in the Mutual Hall from its earliest history.

Die resensent van die Standard het soortgelyke reaksie openbaar: ¹¹³

it may be truly said that her exquisite execution was to the majority of those present, nothing more nor less than a revelation.

Haar liedere was: Ah! Fors é Lui, Ave Maria, Dear Bird of Winter en Comin thro' the Rye ¹¹⁴ met as toegifte Love has Eyes, Nightingale Trill en Laughing Song uit AUBER se Manon Lescaut. Onder die geïnspireerde klank van hierdie gevierde sangeres het die orkes, onder leiding van mnr. Levy Howe, en plaaslike soliste - mnr. Lowe-Gillings (bas) en mnr. Franz Moeller (viool) - met hul beste vertolkings vorendag gekom, wat die resensent daartoe gelei het om te verklaar:

Altogether the concert must be written down as one of the greatest successes of the East London Choral and Orchestral Union.

Ongetwyfeld moes hierdie hoogstaande optredes deur die internasionale sterre 'n heilsame invloed op plaaslike vlak uitgeoefen het. Hul optredes het artistieke norme verhoog en moes seer sekerlik menige ambisieuse ontlukende jongelinge se musikale ingesteldheid geprikkel het.

Onderhandelinge om weer die dienste van mdlle. Trebelli te bekom het geslaag, en op 24 Augustus was sy terug in die Mutualsaal met ondermeer Shadow song uit Dinorah en Ave Maria uit Cavalleria Rusticana, aangevul deur talryke geliefde liedere as toegifte. ¹¹⁵ Weer was die spel van die orkes iets besonder:

each of their selections being executed with precision and animation, light and shade being by no means a minor matter.

Die komplimente wat die orkes toegeswaai is, was 'n aanduiding dat die ensemble hul allerbeste gelewer het, aangevuur deur die musikale vitaliteit van die befaamde kunstenaars. Die koor- en orkesvereniging het hul beproefde resep, naamlik

om leidende sangers in te span in hulle aanbiedinge, voortgesit toe aangekondig is dat mej. Laura Willetts, oud-inwoner van Oos-Londen wat vroeër talryke uitmuntende vokale optredes gelower het en wat pas uit Engeland teruggekeer het, die gaskunstenares sou wees tydens 'n konsert wat vir Saterdag 21 September beplan is.¹¹⁶ In Engeland het sy onder Albert Visetti, 'n leidende Italiaanse sangmeester, studeer.¹¹⁷ 'n Koerant in Engeland het die volgende oor haar te sê gehad:

Miss. Willetts is a mezzo-soprano of great quality and power, and of perfect register.

Haar vertolking van die gewyde lied Entreat me not to leave thee is as 'n 'uncommon treat and one quite unexpected' beskryf. In hierdie aanbieding, wat as 'n 'very distinguished success' beskryf is, het sy I'm a merry Zingara van BALFE, Entreat me not to leave thee van GOUNOD, Nobil Signor van MEYERBEER en The Promise of Life van STEPHEN ADAMS gesing, terwyl sy saam met mev. W H Gordon en mnre. Dickie en Gordon voortreflik was in die vokale-kwartet van CELLIER I Swear to be good and true.¹¹⁸

Bondige oorsig

Die samesmelting van die koor- en orkesensembles in 1894 was beslis 'n verrykende stap, aangesien dit die twee ensembles tot 'n effektiewe eenheid saamgesnoer het, wat in 1894 'n hele aantal voortreflike konserte kon aanbied. Die orkes het onder die energieke leiding van Levy Howe prysenswaardig gevorder en 'n belangrike instrumentale bydrae gelewer in die musieklewe wat voorheen oorwegend vokaal was. Ook het die deelname van buitelandse sangers in die laaste helfte van 1895 sonder twyfel die artistieke vlak van hulle aanbiedinge verhoog. Dit is egter tog jammer dat die vereniging se koor in 1895 totaal opsy geskuif is en daar nie 'n werk vir koor- en orkes aangebied is nie. As leier van die gekombineerde ensembles het Levy Howe baanbrekerswerk verrig, veral met sy orkes, wat deurgaans daarin geslaag het om positiewe, opbouwende bydraes te lewer. Ongelukkig het hy in gebreke gebly om

werke van gestandaardiseerde gehalte in te sluit. Hierdie feit is te betreur omdat Oos-Londen se amateurs voorheen al onder James Hyde getoon het dat hulle wel oor die entoesiasme en bereidwilligheid beskik het om 'n werk van standaard-gehalte suksesvol deur te voer.

4.3.2 Trae momentum ten spyte van positiewe verwikkelinge 1896 - 1897

Mnr. Levy Howe is intussen ook aangestel as kapelmeester van die regimentorkes en op Saterdag 8 Februarie 1896 het hy in 'n 'masterly fashion' die vermelde ensembles gelei tydens 'n Grand Vocal and Instrumental Promenade Concert.¹¹⁹ 'n Besonder gevarieerde program is aangebied wat onder meer ingesluit het marsmusiek van BATLEY, KRAL, KIEFERT en HAMES en bekende liedere soos Queen of the Earth¹²⁰ (PINSUTI), Death of Nelson (BRAHAM)¹²¹ en Tom Bowling (DIBDIN).

Levy Howe se omvattende pligte het hom genoodsaak om sy pos as dirigent van die koor van die East London Choral and Orchestral Union neer te lê, en daar is besluit om hierdie aktiwiteit aan mnr. Tryal Beavan toe te sê, alhoewel Howe nog as dirigent van die orkes sou optree. Die hoop is uitgespreek dat die verwikkelinge vloeiend sou verloop:¹²²

All well-wishers of the union will desire a harmonious outcome of the new order of things.

Hierdie stap was beslis 'n verbetering op die bestaande opset, aangesien Levy Howe nie tegelykertyd effektief leier kon wees van die koor, orkes en blaasorkes nie. Geen konsert deur die gekombineerde kragte het egter vir die volgende sewe maande gevolg nie. Eers teen die einde van September 1896 sou 'n konsert onder die beskerming van die East London Choral and Orchestral Union aangebied word.¹²³ Engeland se 'great veteran tenor' mnr. Sims Reeves, sou as gaskunstenaar optree. Van 'n gesamentlike optrede was daar nog geen sprake nie - 'n betreurenswaardige verskynsel, aangesien die vereniging in mnr. Beavan 'n musikus van gehalte gehad het.

Mnr. Sims Reeves se vermoeiende skeepsreis van Natal na Oos-Londen het sy voordrag negatief beïnvloed, met die gevolg dat die konsert met beperkte sukses bekroon is.¹²⁴ Tydens die eerste helfte het Reeves die lied Come into the Garden Maud vertolk en nie te rooskleurige kommentaar uitgelok nie:¹²⁵

The surviving part of one of the greatest voices the world has ever known was in evidence, together with the artistic touches of the singer.

Die kritikus van die Standard was egter daarenteen prontuit verontwaardig oor Reeves se vertoning en het sy misnoeë in geen onsekere terme nie uitgespreek:¹²⁶

Those who had heard the great tenor in other days might possibly recognise a few remnants of the past, in style; but to those who had attended just for the sake of saying that they had heard him, the result must have been more than disappointing. For of the voice he has nothing left, and it is greatly to be regretted that he should have been induced to appear in South Africa to trade upon the reputation of a dim past, for speaking generally, South Africa cannot be expected to appreciate a voice showing marked senile decay.

Uiteindelik het die koor van die vereniging weer sy verskyning gemaak, dié keer op 'n Miscellaneous Programme wat op Saterdag 7 November in die Mutualsaal aangebied is met werke van oorwegend ligter aard.¹²⁷ 'n Klassieke ligpunt was mnr. Beavan se vertolking van die 'noted pianoforte solo of LISZT' (die Hongaarse Rapsodie no. 2) wat hy met 'masterly effect' voorgedra het. Oos-Londen-musiek liefhebbers is verseker dat hul met reg trots kon wees 'of possessing such an accomplished pianist'. Benewens sy instrumentale sukses is Beavan geloof vir die feit dat die koor se bydraes van keurige afronding gespreek het.¹²⁸

Mnr. Beavan het hom stadig maar seker begin ingraawe in die musiekaktiwiteite van Oos-Londen, en sy onvermoede ywer ten opsigte van koorsang is op Saterdag 12 Junie 1897 bekroon met 'n opvoering van BALFE se 'grand' opera The Bohemian Girl.¹²⁹ Dit is al van 1896 voorberei en leidende plaaslike sangers onder andere mej. Willetts en mnr. Griffith het die hoofrolle vertolk. 'Unprecedented booking' het hierdie opvoering voorafgegaan wat in sy geheel omskryf is as 'decidedly favourable'. Uitstaande toneeldekorasie was 'n glanspunt van die opvoering en alhoewel die orkes en koor se bydraes gangbaar was, het

die resensent gevoel dat die orkes 'n 'lagging tendency' in die ouverture openbaar het, terwyl die koorgedeeltes 'n gebrek aan 'go' uitgestraal het. Weer eens het mej. Willetts as Arline uitgetroon as die 'attraction of the evening' terwyl haar manlike eweknie mnr. Griffiths, oortuigend was op beide toneel- en sangvlak.

'n Tweede opvoering van die werk op Saterdag 19 Junie is gekenmerk deur merkbare verbetering op alle vlakke en weer eens 'n groot toehoorderstal.¹³⁰

Behalwe vir die opvoering van The Sherwood Queen in November 1897¹³¹, was die opvoerings van die BALFE-opera die enigste wat deur die koor- en orkesvereniging in 1897 geloods is en is dit te betreur dat die vereniging, wat oor die materiaal beskik het, nie meermale opgetree het nie, asook dat hulle self nie geneë gevoel het om werke van ernstiger aard voor te lê nie. As gevolg van die feit dat die instansie hom sedert sy samesmelting in 1894 slegs met werke van ligter aard besig gehou het en slegs met sporadiese optredes vorendag gekom het, was die vereniging se bydrae nie na wense nie.¹³¹

Gelukkig is die vereniging se aktiwiteite nie net tot plaaslike talent beperk nie en is uitstaande musici van ander sentra ook ingevoer. Dit het daartoe gelei dat twee beroemde susters, mej. Bertha (klavier) en Alice Liebmann (viool), op Maandagaand 8 November in die Mutualsaal sou optree.¹³² Hul uitvoering in Johannesburg het 'n oproer teweeggebring wat as volg aan Oos-Londen se musiekbelanghebbendes meegedeel is:

Matter of fact journalists in Johannesburg have been strung to a high pitch of enthusiasm in their flattering references to the talent of the two young ladies. We read of their farewell concert at the Wanderers, when 'all Johannesburg' was there: 'The amateur orchestra of the Wanderers is not an emotional throng, but last night they were moved beyond themselves'.

Dienooreenkomstig het die resensent in Oos-Londen hul poging besing¹³³, en geglo dat selfs nie 'a most unmusical and unpoe- tical cast could express themselves as not thoroughly delighted with the performance of the young ladies' nie. Mej. Bertha Liebmann het die konsert met 'n klavierkeurspel van BEETHOVEN

geopen, waarin haar spel van onder meer die Sonate in c-kruis mineur as 'serene' beskryf is. (Dit was sekerlik die eerste uitvoering van dié werk in Oos-Londen.) Mej. Alice se violspel was 'n openbaring en haar vuur, suiwer intonasie en uitstaande tegniek was betowerend. Haar vertolking van MENDELSSO se Vioolkonsert in e mineur is gekenmerk deur 'an ease which was remarkable in its beauty and expression'. Ongelukkig is geen verdere programdetail verskaf nie. Die Liebmann-susters sou op Donderdag 11 November nog 'n konsert aanbied. Hierdie twee befaamde Britse susters se konsert was 'n belangrike deurbraak op die plaaslike toneel, aangesien hul program uit gestandaardiseerde klassieke werke bestaan het wat so goed uitgevoer is dat dit genoegdoening verskaf het.

4.3.3 Onenigheid en ontbinding September - Desember 1898

Die koor- en orkesvereniging het in die maande September tot November 1898 kritiek op die hals gehaal wat die vereniging se beeld geskaad het en selfs te midde van voortreflike opvoerings ongetwyfeld bygedra het tot die ontbinding van die vereniging.

Onder die leiding van Tryal Beavan het die koor- en orkesvereniging die opera Yeomen of the Guard op Saterdag 3, Maandag 5 en Dinsdag 6 September in die Mutualsaal opgevoer, met prominente plaaslike amateurs en 'n orkes bestaande uit twee eerste viole, een tweede viol, twee klarinette, twee kornette, twee fluite, 'n kontrabas en orrel.¹³⁴ 'n Mutualsaal wat 'crowded in all parts' was het die eerste opvoering, wat gekenmerk is deur oortuigende solo-, koor- en orkesspel, terdeë geniet.¹³⁵ As soliste het mev. Turner en mej. Lottie Dallas asook mnr. Dickie hul uitstekend van hul taak gekwyt. Die kostumering was kleurryk en die koorsang verdienstelik. Die resensent het aangekondig dat 'a more enjoyable performance of a tune-ful amusing opera has seldom been witnessed in East London'. Dit was 'n aanduiding dat die vereniging, ten spyte van 'n klein getal opvoerings, darem nog aktief was.

Polemiek voortspruitend uit opvoering

Na afloop van die sukses wat die opera behaal het, het 'n ontstoke en gebelgde korrespondent 'n skrywe aan die koerant gerig waarin hy bytend kaspie gemaak het teen die feit dat mnr. Beavan uitgesonder is as die 'proud man' van die opvoerings. 136
Onder die skuilnaam van Fair Play het die persoon geskryf:

Now that the Yeomen of the Guard performances are over, I think that it is only right that the credit for the successful production of the same should be given to the person who really deserves it.

No, Mr. Editor, (a very emphatic 'No' please) the gentleman who should 'feel a proud man' is not the proper person to receive nearly all the praise, but poor, meek and mild 'Jack Point' (alias Mr. H Gwynne); for had it not been for this gentleman (or some other competent man) I can assure the readers of the Dispatch that the Yeomen, instead of being an accomplished fact, would now just be in its doddering infancy. I am not the only one who knows this, for the whole company can corroborate what I state.

I don't like one man to get (and take, quite unconcernedly, as a matter of course) the credit for the brains of another; hence this short letter, which I hope you will publish of the sake of 'Fair Play'.

Mnr. Hugh Gwynne self het onmiddellik kaspie gemaak teen Fair Play se aantygings: 137

I was much pained to read the letter in your issue of yesterday, re., the above, for obviously the intention of the writer was not 'to give credit to the person who really deserved it', but to vent his spleen, and what seems to me personal spite, against a respected and cultured musician'.

Voorts was Mnr. Gwynne van mening dat die resensent 'n gebalanseerde indruk van die opvoering weergegee het en Fair Play se moedswilligheid het net neergekom op doelbewuste kwaadwilligheid. Ten slotte het Mnr. Gwynne homself aan die kant van Mnr. Tryal Beavan geskaar:

Personally, I must say that the greatest praise is due to the able conductor of the Choral and Orchestral Society for his arduous duties in connection with the training of the principals and chorus, and also with his orchestra. Only those 'behind the scenes' know the extent of the work performed by him.

Dieselfde uitgawe van die Daily Dispatch het ook 'n skrywe bevat deur ene Wilfrid Shadbolt, wat baie aanvegtend mnr. Gwynne se argument ondersteun het:

If the writer would only carry out the meaning of his signature and leave the members of the Society alone, he would better serve the interests of the one he wishes to secure for his own ends. Without detracting one bit from value of Mr. Gwynne's necessary help, I for one publicly acknowledge Mr. Beavan's talents towards the successful issue of the opera.

Op die oog af het Fair Play met 'n tweede skrywe op 10 September besluit om die saak gewonne te gee: ¹³⁸

I am very sorry it does not suit Mr. Gwynne's 'Book' to take the credit publicly for the amount of work he did towards making The Yeomen a success. However, I suppose he has his game to play as well as his 'song to sing!' O, never mind, we will let that pass.

Tóg het hy weer eens beklemtoon dat sy argument waterdig was, aangesien 'those behind the scenes' met die ware toedrag van sake vertrouwd was en die twee ontstoke skrywes van mnr. Gwynne en Shadbolt 'did not alter that fact'.

Griewe voortspruitend uit opvoering in King William's Town asook ontevredenheid oor vereniging in die algemeen

Te midde van die onmin het Beavan en die vereniging die werk met klinkende sukses op Saterdag 1 Oktober in die stadsaal van King William's Town opgevoer. ¹³⁹ Nieteenstaande die vereniging se sukses met die opera, het onderliggende ontevredenheid aangaande die hantering van organisatoriese en musikale aspekte in November kop uitgesteek en 'n hewige konflik tot gevolg gehad: 'n gebelgde, verontregde lid van die vereniging, onder die skuilnaam Member of the Choral Union, het 'n skrywe aan die koerant gerig, waarin hy sy ontevredenheid uitgespreek het oor die behandeling wat hulle as lede van die vereniging van die komitee ontvang het. ¹⁴⁰ In detail het die lid die publiek ingelig oor die moeitevolle arbeid wat gepaard gegaan het met die drie opvoerings van die Yeomen of the Guard, en daarop aangedring dat hy as toegewyde lid van die vereniging geregtig was om kennis te dra van die finansiële staat van die vereniging. Hierdie betrokke lid het gedreig dat indien die komitee nie oop kaarte sou speel nie, hy en diegene wat sy siening gedeel het, sou weier om enige verdere repetisies van die werk Maritana, wat die vereniging van voorneme was om volgende op te voer, te ondersteun. Verder het hy gedreig dat, indien die komitee nie die lede in hul vertroue sou neem

nie, 'I, for one, should like to see a Choral Society established representing the musical talent which East London undoubtedly possesses (but who are debarred from admission to the present Choral Society owing to its 'exclusiveness') with a strong working committee elected by the members themselves'.

Hierdie skrywe het onmiddellik heftige reaksie ontketen. Beskuldigings, verwyte en teenstrydige menings is heen en weer geslinger in die daaropvolgende twee dae, toe nie minder nie as vier skrywes aan die koerant gerig is. Onder die skuilnaam Syndicate, het 'n persoon in November verklaar dat die voorstelle van die Member of the Choral Union 'made me smile'.¹⁴ Syndicate het sterk standpunt ingeneem teen genoemde skrywer se voorstelle en daarop gewys dat soortgelyke situasies voorheen opgeduik het sonder enige sukses:

A few years back some 'helpers' to the members of the Choral Society got together for the purpose of starting an opposing affair. What was the result? After running a few months and giving one concert it bust up. What was the reason? I know.

Samevattend was hy van mening dat die huidige opset die doeltreffendste was en het hy geglo dat enige teenaksie Oos-Londen sou skade aandoen. Vervolgens het 'n persoon onder die skuilnaam Well-Wisher sy heelhartige steun aan Member of the Choral Union toegesê, en met feitlike argumente daarop gewys dat Oos-Londen by magte was om 'n tweede koorvereniging te stig, maar ter wille van eensgesindheid en 'n samesnoering van kragte dit nie begeer het nie.¹⁴² Aanvullend het 'n skrywe deur 'n Ex-member of the Society die argument van Member of the Choral Union ondersteun en daarop gewys dat lede geregtig was op kennis oor die finansiële stand van hul vereniging.¹⁴³ Hy het voorgestel dat so 'n finansiële staat by 'n jaarvergadering voorgelê kon word met die gedagte 'to give them an opportunity of expressing their views, and also electing among themselves the Committee for the ensuing year'. Hierdie korrespondent het verder ook nog interessante menings uitgespreek:

It has, I understand, been a source of grievance for a considerable time now, that most of the musical talent in East London has been unable to have any connection with the Choral Union, owing to its 'exclusiveness', and as a result, musical

affairs in East London are, to say the least of it deplorable, so far as choral and orchestral work is concerned. A really good musical society has been a long-felt want, and, Sir, I think all lovers of good music will agree with me that the main object of a choral and orchestral society is to raise the musical taste of public generally. We have rather critical audiences here, and cannot we give them something worth criticising from a musical point of view? In a sister town we hear of such performances as Walpurgis Night, Hymn of Praise, Elijah, etc., from the works of the masters, and with regard to orchestral work, HAYDN'S First Symphony, SCHUBERT'S Rosamundè Overture, etc. This sort of example should, I think, prove far more acceptable to our audiences than the rubbish (I can scarcely call it anything else) with which the various orchestras here condescend to favour us from time to time.

The Yeomen of the Guard is all very well, and every credit is due to whoever managed to pass it through so successfully; but cannot something more consistent to a thoroughly good 'musical' performance be put on the boards now and again by way of variation, and also to proclaim the 'musical ability' of the Society and its leader? In this country the SULLIVAN and GILBERT and light opera type of music is generally left to amateurs, who, from what I can see of it, manage to give far more creditable performances than our local Choral and Orchestral Union, under a professional conductor, but let that pass!

I will not trespass further on your valuable space, but as it is high time this subject received due consideration I venture to express a hope that great improvements will be made in this direction, whether by the Choral and Orchestral Union or otherwise.

Ten slotte het hy die volgende raad aan Syndicate oorgedra:

As regards Syndicate's dictative little budget in your issue of yesterday. I see little or no argument in it. I presume the 'opposing affair' he quotes refers to the Philharmonic Society. I also know the reason why it 'bust up', as he terms it, and will state same. It was owing to the death of the conductor, which untimely event took place within a week after the third concert.

Syndicate should not be too cocksure of his method of running a choral society, unless it suits members as well as committee, but perhaps extensive experience elsewhere may have something to do with it.

Laaste konsert

Hoedanig die vete die vereniging se aktiwiteite beïnvloed het is moeilik bepaalbaar. Heelwaarskynlik was dit 'n faktor in die ontbinding van die vereniging aan die einde van 1898. Die laaste konsert het plaasgevind op Saterdag 3 Desember

toe die gevierde Suid-Afrikaanse sangeres Florence Fraser met die ondersteuning van leidende plaaslike musici in Oos-Londen opgetree het.¹⁴⁴ Haar liedere was ROSSINI se Una Voce - 'the singer and not the song was applauded', COWEN se Snowflakes, STRANGE se Damon, asook Robin Adair, Romeo and Juliet en Home Sweet Home. Plaaslike amateurs het ook entoesiasties bygedra tot die suksesvolle verloop van die aand se verrigtinge, onder andere die orkes, met twee van BEAVAN se komposisies Improvvisatore en Rondo, en MENDELSSOHN se War March of the Priests.¹⁴⁵

4.4 Samevatting

In beide die koorvereniging (1882 - 1893) en die koor- en orkesvereniging (1894 - 1898), het Oos-Londen oor media beskik wat op 'n effektief georganiseerde wyse doelgerigte leiding kon bied. Die verenigings het egter nie aan die verwagte doelstellinge voldoen nie, en behalwe die tydperk toe Hyde aan bewind was (Oktober 1890 - Februarie 1892), hoofsaaklik die minder gekultiveerde publiek probeer tevrede stel. Die gevolg was dat hulle musikale bydrae gering en hulle invloed klein was.

Die East London Choral Union

Na 'n onsekere begin het die vereniging op dreef gekom met die aanbied van 'n operette van BIRCH, The Merrie Men of Sherwood Forest. Dit is in die daaropvolgende jare by meer as een geleentheid weer opgevoer om lewe te blaas in die vereniging, wat by tye uiters wankelig was. Werke van dié aard het sukses behaal terwyl 'n werk soos GOUNOD se Faust musikaal sowel as wat bywoning betref, gefaal het. Die situasie is verder geskilder deur die feit dat die koorvereniging in 1884 op populêre verskeidenheidskonserte moes staat maak om aan die gang te bly. Dit het enersyds getoon dat die vereniging nie bereid of by magte was om werke van 'n ernstiger aard aan te pak nie, en andersyds op die publiek se minagting van artistieke waardes. Daarbenewens

het die vereniging in die tydperk 1886 - 1890 lang onaktiewe periodes ondervind, wat onsekerheid by lede en die publiek in die hand gewerk het en ook hulle effektiwiteit geknou het.

So alle twyfel was die vereniging se mees vrugbare periode gedurende die tydperk toe James Hyde as dirigent opgetree het. Onder sy leiding het die vereniging groot vordering gemaak en was die opvoerings van HANDEL se oratoriums Die Messias en Judas Maccabeus klimakteriese hoogtepunte. Sulke aanbiedings het getoon dat Oos-Londen tog wel oor die materiaal beskik het om standaard werke suksesvol deur te voer, maar dat 'n besielde persoon nodig was om die leiding te neem.

Die East London Choral and Orchestral Union

Dit is te betreur dat die gekombineerde koor- en orkesvereniging wat in 1894 tot stand gekom het en 'n logiese uitvloei-sel was van die baanbrekerswerk verrig deur Hyde, nie sy goeie werk opgevolg het en verder ontwikkel het nie.

Nieteenstaande die feit dat daar wel goeie gevolge gespruit het uit die amalgamasie, soos die spel van die orkesensemble onder leiding van Levy Howe wat bygedra het tot die vestiging van instrumentale musiek in Oos-Londen, en die kontraktering van buitelandse sangers, het die vereniging as 'n geheel minimale invloed uitgeoefen. Benewens die feit dat gesamentlike optredes (koor en orkes) maar opvallend selde voorgekom het (slegs in Julie en Desember 1894, Junie 1897 en September en Oktober 1898) was die aangebode werke van so 'n oppervlak-kige gehalte dat selfs die resensente van die twee nuusblaaië daarna verwys het.

Die voortdurende voorkeur aan werke van minderwaardige gehalte het ook nie die aandag van plaaslike musiekentoesiaste ontglim nie en een skrywer het in 1898 nie alleen prontuit die orkes se brokkiesbydraes as 'rubbish' bestempel nie, maar ook kaspie gemaak teen die feit dat geen standaardwerke onder die vaandel van die vereniging aangepak is nie.

Samevattend dus het beide verenigings, behalwe vir 'n kortstondige oplewing in 1890 tot 1892, nie daarin geslaag om die musieksituasie te verbeter nie, alhoewel hulle wel oor die potensiaal beskik het om 'n positiewe bydrae te lewer.

4.5 East London Philharmonic Society

'n Nuutgestigte vereniging

Of dit 'n raadsame besluit was om noó 'n vereniging op 'n soortgelyke basis as die koor- en orkesvereniging te stig, is 'n ope vraag. Hoe dit ook al sy, uit die niet is in Februarie 1895 aangekondig dat 'n nuutgevonde vereniging, die East London Philharmonic Society, beoog het om twee konserte tydens Oos-Londen se skouaande op 15 en 16 Maart in die Mutualsaal aan te bied.¹⁴⁶ Verbasend genoeg is in die verslag oor dié konserte gemeld dat 'n koor van byna sestig lede onder leiding van mnr. Winney verdienstelike sang in verskeie gleees gelewer het.¹⁴⁷ Die program het ook sangbydraes deur mej. Amy Fuller van Kaapstad en mnr. R A Griffith van Queenstown ingesluit. Mnr. Winney se opspraakwekkende opgang met sy koor binne 'n baie kort tydsbestek het na afloop van die tweede konsert die volgende kompliment uitgelok:

Praise must be accorded to the painstaking conductor, Mr. H Winney, who must have done something akin to miracles to have brought his choir to such perfection in so short a time.

Die resensent van die Standard het ook melding gemaak van die koorensemble: hy was beïndruk met die 'powerful choir' se vertolkings van die werke Lightly Treading, The Carnovale en Thy Voice, O Harmony.¹⁴⁸

Die dienste van mnr. Griffith van Queenstown, wat koormeester van St. Michael-kerk en dirigent van die Filharmoniese orkes in Queenstown was, is weer bekom vir 'n Grand Vocal and Instrumental Concert wat op Saterdag 13 Julie in die Mutualsaal plaasgevind het.¹⁴⁹ 'n 'Discriminating audience' het hierdie aanbieding van die nuutgevonde vereniging bygewoon, waartydens die koor die volgende meerstemmige liedere gelewer het: In the Woods, Early Spring, The Belfry Tower en The Hunting Song.

Uit eie geledere het daar ook 'n nuwe ster op die horison verskyn - die pianiste, mej. Deal, wat beskryf is as 'a tower of musical strength'. Pertinent het die kritikus verklaar dat 'n 'more thoroughly accomplished playing' van die Rondo Capriccioso van MENDELSSON en Autumn van CHAMINADE nie in die Grensstreek gehoor sou word nie. Ook die Standard was geïmponeer deur haar spel en het haar as 'n 'first-class musician who will always draw' geklassifiseer.¹⁵⁰

Plotselinge beëindiging van vereniging

Hierdie vereniging se plotselinge verskyning op die musikale front het net so plotseling geëindig. Geen verklaring vir dié toedrag van sake is in die nuusblad gemeld nie. 'n Polemiekie wat in 1898 rondom die East London Choral and Orchestral Society gewoed het, het onder meer gerapporteer dat die rede vir die verbrekking van die East London Philharmonic Society toegeskryf moes word aan die dood van die dirigent. (Kyk Deel I, pp. 137 - 140.)

4.6 Die East London Musical Association

Naas die reeds bestaande East London Choral and Orchestral Union het 'n nuwe organisasie in Julie 1897 die lig gesien, naamlik die East London Musical Association wat op Maandag-aand 26 Julie in die Drilsaal byeen sou kom 'to receive report of the committee'.¹⁵¹ Die voorlopige komitee wat die vorige Woensdag vergader het, het Levy Howe eenparig as dirigent van die nuutgestigte organisasie aangewys. Verder is voorgestel dat hierdie vereniging se openingswerk MENDELSSOHN se oratorium, Elijah, sou wees en repetisies sou op Maandag-aand 9 Augustus om 20h00 in die Wesleyaal 'n aanvang neem. Alle lede is aangesê om teenwoordig te wees en voorgenome lede kon tydens hierdie geleentheid inskryf teen 'n fooi van 2s 6d vir dames en 5s vir mans. Hierdie nuutgevonde organisasie se komitee het bestaan uit die president, mnr. D Rees; vise-president, maj. Carroll; voorsitter van die komitee, mnr. James Whipp en dirigent, mnr. Levy Howe.

In Desember is aangekondig dat die Elijah op Saterdagmiddag 18 Desember in die Mutualsaal aangebied sou word, en die orkes deur lede van die orkes van die Middlesex-regiment versterk sou word, sodat 'n indrukwekkende koor- en orkes-ensemble van om en by honderd lede aan die werk sou meedoen.¹⁵²

Indrukwekkende debuut

Die eerste aanbieding van die 'young institution' is as 'undoubtedly a successful initial performance' beskryf, veral as in gedagte gehou is dat twee derdes van die koor nog nooit voorheen by 'n 'work of this description' betrokke was nie.¹⁵³ Buiten vir enkele 'slight defects' het die koor hulle bydraes met 'general stability and vigour' gelewer, terwyl die soliste, mev. Turner en Newcombe en mnr. Forsyth en Stainsby, hul onderskeie rolle keurig en oortuigend aangebied het. Die terzetto Lift Thine Eyes was 'n juweel en die gehoor het uitbundig op 'n herhaling daarvan aangedring. Hierdie gelukkige aanbieding sou opgevolg word met die instudering van Die Skepping. Alhoewel die vereniging met nog 'n paar goeie aanbiedings vorendag gekom het was die uitvoering van die Elijah die vereniging se hoogtepunt.¹⁵⁴

Die East London Musical Association het daaropvolgend 'n Grand Vocal and Instrumental Concert op 16 Julie 1898 in die Mutualsaal aangebied, met medewerking van die mezzo-zopraan mej. Ethel Gordon, wat uitgetroon het as die 'principal attraction' van die aand met haar vertolking van die liedere A Summer Night, The Banks of Loch Lomond, Lascia ch'io Pianza en Spring is Here.¹⁵⁵ 'n Orkesensemble van tien instrumentaliste onder leiding van mnr. Howe het uitblink in die lewering van 'some charming marches and selections', terwyl mej. Deal se klavierspel veral in die Dance Fantastique entoesiastiese reaksie uitgelok het.

Die Skepping - teenstrydige indrukke

In November is weer gewag gemaak van die voorneme om Die Skepping in te studeer met die oog op 'n uitvoering rondom Kersfees 1898.¹⁵⁶ Hierdie voorneme is nie ten uitvoer gebring nie. Heelwaarskynlik het die feit dat Oos-Londen

twee verenigings met dieselfde doelwitte gehad het, tot die situasie bygedra. Gelukkig het die vereniging volhard in sy voorneme en in Januarie 1899 is aangekondig dat Die Skepping vroeg in Februarie uitgevoer sou word.¹⁵⁷ Dié voorneme is egter weer nie verwesenlik nie en eers aan die einde van Maart is die publiek ingelig dat Deel I en Deel II van hierdie oratorium op Saterdag 9 April uitgevoer sou word, met 'n koor van vyftig lede en die nuutgestigte East London Orchestra onder leiding van Franz Moeller.¹⁵⁸ Aangesien die verslag oor die uitvoering, in teenstelling met sovele ander verslae 'n meer beredeneerde, analitiese beskouing van 'n belangrike werk is, word die resensie met enkele weglatings volledig aangehaal:¹⁵⁹

With such a small orchestra it was a wonder that any part resemblance was arrived at of the composer's lovely fantasies; but, by the valuable aid of the organ (Mr. Day), the precise and feeling interpretation on the piano by Mrs. Street, and last, but not least, the tuneful (sic!) and rarely met with tympani admirably played by a new comer whose name was not on the programme, the orchestra, led well by Mr. Möeller (sic!), Miss. Malcomess, made a very satisfactory translation. The opening bar was well sustained, then came successive crescendos and diminuendos of strings, accompanied by distant rolls of thunder, the deep rolls of the b flat tympani and lighter echo of the alto drum realistically showing to the audience the works of God, musically considered. The forte passages well attacked, shone somewhat brilliantly, as no slurs marred the effects of semi-quavers, and the finale was exact, especially the last crescendo bar.

The soloists were Mrs. Turner and Mrs. Maclagan (soprano), Mr. King (tenor), Mr. Randall (bass), and Mr. Travers (barytone) (sic!) who opened the work. The bass recitatives in The Creation are distinctly hard, though the intervals are not conspicuous, yet here and there Mr. Travers ably surmounted these most difficult tests to vocal ability, albeit, towards the end of the evening his voice tired. The opening of In the beginning was true and powerfully delivered, and the solo Rolling in foaming billows was ably delivered, notably the passage 'In serpent error - in serpent error rivers flow', the run being distinct, and final note true. The accompaniment to this particular solo was delicately played, the many accidentals proving easy work to both first fiddles and pianist. The hard recitative Straight opening her fertile womb and the others undertaken by Mr. Randall brought down applause each time, this gentleman's voice being in really grand form. Had Mr. Randall but had careful instruction in phrasing, his appearance on Saturday would have been a noted success for he has a resonant tone, and his enunciation is fairly good. However, this gentleman is young, and a course of singing lessons and assiduous practice, will result in

East London owning one of the best basses in South Africa. As it is, Mr. Gwynne should be proud of the efforts of his soloists, who, moreover, valiantly assisted in the chorus, as well as singing their own solos. The tenor (Mr. King) was not so good as we expected, for though true reading characterised his labours, the soloist should not have looked to the piano so often for the dominant note. Again, his top notes were lamentably weak. Mr. King's spirit was willing, but his voice could not respond. His best expression was in the aria In Native Worth. Mrs. Turner (soprano) was warmly welcomed, and With Verdure Clad - according to precedent - and On Mighty Pens earned rounds of applause. This artiste seemed too anxious, for she chopped the last notes of each phrase. Her top b's and c's were clear, but, her singing was characterised by exactness rather than musical warmth of rendition. The concerted work of Mrs. Maclagan, Mr. Travers and Mr. King, was distinctly worth eulogy, but we would have preferred to hear more of Mrs. Maclagan, whose interpretation demonstrated the fact that she not only enunciated with clearness and roundness of tone, but phrased admirably also, and the house gave this lady a grand reception.

The best effort of the chorus was undoubtedly The Heavens are Telling; although expression was given and light and shade painted with some skill when dealing with the chorus that follows Uriel's Now Vanish Before the Holy Beams. The sopranos' ensemble was always noticeable, but the best section of a promising chorus was, undeniably, the bass. The chorus in The Heavens are Telling was much hurried, led by the bass; still, though the trio and accompanying chorus The Lord is Great was also worthy of comment, perhaps the vote for general excellence would go to the better known concerted mass of music and voices.

The orchestral work in a vocal accompaniment was generally of a fair standard, but reliable strings are badly wanted, as Miss. Malcomess and Mr. Möeller (sic!) cannot be expected to do all this important part of an oratorio. Mr. Wilson's cornet was in good tune, but might have been made more use of. We hope that ere the next Association's effort comes off the orchestra will be doubled, for we have fully fifty accomplished musicians among us, who might well sink personal feeling, or be proof to indirect persuasions, and flock together in the good cause of the Muse. The audience was, we are glad to say, distinctively appreciative, and embraced fashion, quality, and quantity. In conclusion, may we gently suggest to all oratorio soloists that not only is it extremely ridiculous from the front, when they audibly and visibly keep time with their feet during the bar's rest, but it is most inartistic. And we must point out to Mr. Gwynne, even conducting a work that contains florid music, including exceptionally difficult recitatives from the baton point of view, that it is essential for him not to try to follow and give the beat, but to emphasise where the accompaniment comes in. More decision when the 'attack' is necessary, and no pause between solo and chorus is more common than the waits that occurred on Saturday, and we need only instance the chorus of The Heavens are Telling to point out the weakness we refer to.

The word segue means follow at once, and any departure from this is equivalent to spoiling the effect, or saying that one knows better than the composer.

Hierdie verslag in die Daily Dispatch het enkele belangrike aspekte bevat wat vergelyk kan word met die opmerkings deur die resesent van die Standard, wat sy indrukke sonder pre-tensie maar tog met gefundeerde argumente weergegee het: ¹⁶⁰

- Die resesent van die Daily Dispatch het groot waarde-ring gehad vir die feit dat 'n werk van so 'n groot omvang aangepak is te midde van die gebrekkige samestelling van veral die orkes terwyl die resesent van die Standard onverbiddelik geëis het dat 'n oratorium ('and we speak particularly of the oratorios of old masters which are so full of contrapuntal writing') oor 'n groot orkes- en koorensamble moes beskik.
- Die resesent van die Standard het gewys op die probleme wat Oos-Londen-verenigings ondervind het om genoegsame ondersteuning te trek en tot die gevolgtrekking gekom dat dit onwys van die East London Musical Association was 'to attempt an oratorio of the magnitude of The Creation'. Nieteenstaande die feit dat die orkes van miniaturomvang was, het albei resesente groot lof vir die ensemble se pogings gehad. Verblydend was die feit dat die kritikus van die Daily Dispatch 'n hele aantal musikale aspekte soos crescendo en diminuendo pertinent opgehaal het - 'n faktor wat selde of ooit in verslae voorgekom het.
- Met betrekking tot die soliste het die resesent van die Daily Dispatch ook spesifieke musikale aspekte soos fra-sering aangehaal en duidelik getoon dat hy in staat was om 'n vakkundige evaluering te doen. Alhoewel hy ook die swakker punte van die sangers uitgewys het, was hy nie so kras soos die resesent van die Standard nie, wat ver-klaar het:

The soloists were a bit disappointing. Considering the beauty of the text of the music it was lamentable the little feeling they managed to instill in their rendering of the solos. This may arise from several causes; that their parts were not carefully enough studied; or that the music being difficult, the words were lost sight of in the endeavour to sing the music somewhere near the correct text, proving the unwisdom of attempting such works as The Creation.

In sy geheel beoordeel het die verslag van die Daily Dispatch opvoedkundige waarde bevat en dit duidelik gestel dat daar baie ruimte vir verbetering was. Die raad is egter op 'n opbouende, taktvolle wyse oorgedra. In teenstelling hiermee was die Standard van mening dat die vereniging 'should in future confine their attempts to works within their power and capabilities; the result would be much more satisfactory to all concerned'.

Opvolgende pogings suksesvol

As hulle volgende aktiwiteit het die vereniging 'n Grand Concert op 5 Augustus 1899 in die Wesley-saal aangebied.¹⁶¹ Die koor van vyftig lede onder aanvoering van Hugh Gwynne het 'n glee, 'n meerstemmige lied en 'n koorwerk voorgesing. Bo alle twyfel was die koorwerk Lads and Lasses uit Dorothy die suksesvolste poging, terwyl die glee Old May Day en die meerstemmige lied Thy Voice, O Harmony minder geslaagd was. Die program is opgevolg met aantreklike populêre liedere.

Die omstandighede wat die oorlogssituasie meegebring het, het die instudering van die opera Dorothy, wat sedert Junie gedoen is, gekortwiek¹⁶², maar gelukkig kon daar vroeg in Desember aangekondig word dat STEPHENSON en ALFRED CILLIERS se 'eminently successful opera Dorothy', op Donderdag 21 Desember en die twee daaropvolgende aande in die nuwe stadsaal opgevoer sou word.¹⁶³ Aanmoedigende kritiek het hierdie opvoering te beurt geval en die resensent se beskouing was bemoedigend, nadat hy hul optrede met vorige optredes in Amerika en Engeland, wat hy al bygewoon het, vergelyk het:¹⁶⁴

We have no hesitation in saying that without exception the artistes who took part in the production last night, considering that it was the initial performance and that the time given to rehearsals was but short, acquitted themselves most acceptably to the audience.

Ook die Standard, wat nie altyd so positief ingestel was nie, was beïndruk met die opvoering.¹⁶⁵

Met hernieuwe ywer en vuur het hierdie vereniging Dorothy op 2 en 3 Februarie 1900 in King William's Town opgevoer, waar vleeiende berriggewing geplaas is:¹⁶⁶

On no former occasion have the East London amateurs acquitted themselves so creditably and everyone present thoroughly enjoyed the evening's entertainment. We owe a debt of gratitude to our East London visitors and trust to see them soon again.

Hulle het die werke weer met klinkende sukses op 9 en 10 Februarie in Oos-Londen aangebied.¹⁶⁷

Voorts het lede van die musiekvereniging op 29 Maart tydens 'n Grand Concert and Operatic Performance om die New Zealand Rough Riders te verwelkom die eerste bedryf van Dorothy opgevoer.¹⁶⁸ 'n Verskeidenheidsryke eerste helfte wat onder meer 'n aantal bekende liedere ingesluit het, het die opera voorafgegaan.

Die vereniging se laaste aanbieding was 'n Grand Concert and Entertainment op Saterdag 21 April met die doel om agterstallige kostes aangegaan met die opera Dorothy te verhaal.¹⁶⁹

4.7 Samevatting

Net alleen vir die feit dat dié vereniging die durf en inisiatief aan die dag gelê het om twee oratoriums van gehalte, naamlik MENDELSSOHN se Elijah en HAYDN se Skepping, aan te bied, het die bestaan van die instansie oor en oor geregtig. Ten spyte van die feit dat die koor- en orkesvereniging 'n meer gevestigde organisasie was, was dit die East London Musical Association wat musiek van waarde op die planke gebring het. Al het die vereniging nie oor al die middele beskik om volkome reg te laat geskied aan die grootse werke nie, soos wat die Standard dit reguit gestel het, was hulle pogings tog prysenswaardig en verruimend.

Al twee verenigings, die koor- en orkesvereniging en die East London Musical Association, het aanvanklik 'n begeesterde Levy Howe as dirigent gehad, maar altwee verenigings moes toesien hoe hy eventueel eers die koor- en daarna die orkesensembles aan ander persone afgegee het. 'n Oorvol program, want Howe was ook kapelmeester van die regimentorkes, het

sekerlik tot die situasie bygedra, maar dit is tog jammer dat hy nie sy goeie werk endúit kon volhou nie.

Nieteenstaande verskeie remmende faktore soos die bestaan van 'n ander vereniging met ooreenstemmende doelstellings, 'n ernstige gebrek aan veral instrumentaliste, en die feit dat die laaste aantal aanbiedinge weer in die ligte kategorie geval het, het die vereniging in sy korte bestaan 'n besliste bydrae gelewer tot die uitbouing van musiek in Oos-Londen.

5 AANBIEDINGE DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS EN GESELSKAPPE
1872 - 1902

5.1 KONSERTE 1872 - 1902

5.1.1 Aanbiedinge slegs sporadies 1872 - 1883

Nieteenstaande die feit dat aanbiedinge deur besoekers slegs sporadies plaasgevind het, het hulle tog verrykende invloed gehad. Aanvanklik was die musikale meriete van sulke konserte maar gemiddeld, maar later was daar gewigtiger inhoud en hoër kwaliteit.

Die eerste aanbieding in hierdie kategorie was toe 'n gevierde Skotse sanger mnr. Kennedy, op Woensdag 21 Mei 1879 'n Songs of Scotland Entertainment in die Victorijsaal aangebied het.¹ Ook op die program was mej. Lizzie Kennedy (sopraan), mej. Margery Kennedy (kontralto), mnr. Dawid Kennedy (bariton), en die twee mejj. Kennedy as pianiste. 'n Volgepakte saal het die uitvoering met genoegdoening aangehoor. Mnr. Kennedy se vertolking van die liedere March of the Cameron Men, Bonnie Prince Charley en The Scottish Blue Bells het besondere byval gevind. Behalwe vir sy sang is gleees en klavierduette, asook die liedere Castles in the Air en Auld Robin Gray² in die program ingesluit.

Kort op die hakke van laasgenoemde konsert het die Mendelssohn-Orlandini-geselskap, met medewerking van mnr. Hyde van King William's Town, op Woensdagaand 11 Junie 'n Grand Concert in mnr. Coutts se pakhuis naby die Wesliaanse kapel voor 'n gehoor van bykans tweehonderd mense aangebied.³ Mnr. Hyde het geskitter in beide sy viool- en klavierbydraes, terwyl mev. Mendelssohn haar 'full rich voice' artistiek aangewend het in die liedere Robert tu che adore, Queen's Letter, Bird Song (waar die trillerpassasies met gemak en grasia hanteer is) en Kathleen Mavourneen (wat bestempel is as 'the song of the evening'). Mnr. Orlandini se solobydraes was die liedere Non è ver, Il Barbière en Martha. Verder was daar ook duette uit

Die Towerfluit en Rigoletto. Die opvallende gebrek aan 'n geskikte konsertsaal is pertinent deur die resensent uitgewys:

Excellent as the whole concert was, we are sure from having heard these Artistes elsewhere, that the effect was considerably marred by the smallness of the room. This is one of the disadvantages we at present have to put up with, but we hope that Friday evening will prove an incentive to those concerned in the erection of our Mutual Hall to lose no time. When companies of the character of this one visit our town we should at least provide a suitable hall for their reception.

Die volgende besoeker het eers weer op Woensdag 10 Januarie 1883 'n konsert aangebied, naamlik die gevierde pianis en sangeres madame Broughton wat in die Mutualsaal opgetree het met onder meer keurspele uit Il Trovatore asook verskeie ballades.⁴

Op Maandag 2 April het signor Restivo, wat bekend was vir optredes in die Theatres Royal van Pietermaritzburg en Durban, asook mnr. Henry Smith, 'n pianis van die Royal Academy of London, opgetree.⁵ Alhoewel signor Restivo die liederes Il Raleno, Attila en Non è ver uiters verdienstelik vertolk het en prof. Smith se vaardigheid voor die klavier nie te betwyfel was nie, het wangedrag deur 'n gedeelte van die gehoor die moedige pogings van beide kunstenaars in die wiele gery. Signor Restivo het Oos-Londen weer in Augustus besoek maar betreurenswaardige ondersteuning het hom dié keer begroet.⁶

5.1.2 'n Dooiepunt 1884 - 1887

Geen konserte deur besoekers is in die volgende vier jaar gegee nie. Trouens, alle soorte musisering het met enkele uitsonderings tot stilstand gekom.

5.1.3 Aanbiedinge steeds sporadies dog verrykend 1888 - 1897

Uitstaande vokale en instrumentale bydraes

Gelukkig het 'n hele aantal uitstekende konserte in die

daaropvolgende jare gevolg. Besoekende kunstenaars se bydraes was van 'n hoë gehalte en het sonder twyfel lewe gebring in Oos-Londen se musiekaanbiedings. Benewens die meriete daarvan was dit ook verblydend dat een soort aanbieding ~~soos~~ byvoorbeeld vokale musiek, nie konstant gedomineer het nie.

Uitstekende vioolspel is op 30 Januarie 1888 deur die gevierde Reményi gelewer.⁷ Hy is begelei deur mnr. James Hyde. In Mei 1890 was Oos-Londen bevoorreg om mej. Christie Fuller, 'a Highly talented vocalist', te hoor in onder meer Best of all van MOIR, Good Bye van TOSTI, Twickenham Ferry en Auld Robin Gray, terwyl sy in 'n opvolgende opvoering die resitatief Spora Euridici, Land o' the Seal en weer TOSTI se Good Bye uitgevoer het.⁸

Gedurende Oktober is drie voortreflike konserte gelewer deur die Albu-susters 'of the Royal College of Music, London, and of the Covent Garden, St. James and Piccadilly Halls and Simms Reeves' Concerts'.⁹

Ook van groot artistieke waarde was die optredes van 'n groep instrumentale musici uit Mauritius, onder die beskerming van die Artistic Society¹⁰, wat op Saterdag 22 Oktober 1892 in die Homansaal opgetree het, en daarna op Dinsdag, Donderdag en Saterdag van die volgende week in die Mutualsaal.¹¹ Hul program vir die eerste optrede was:

Virole	<u>Duet</u>	COMMANDINI Mme. Jonquier en Mnr. Peschiera
Viool	<u>Konsert no. 9</u>	DE BERIOT Mnr. Peschiera
Klavier	<u>Andante</u>	HUMMEL Mme. Jonquier
Viool	<u>Faust Fantasie</u>	SARASATE Mme. Jonquier
Viool en Klavier	<u>Andante en Allegro</u> (<u>Sonate no. 4</u>)	MOZART Mme. Jonquier Mnr. Peschiera
Viool	<u>Berceuse</u>	MESSAGER Mnr. Peschiera

Viool	<u>Mazurka</u>	WIENIAWSKI
Klavier	<u>Pasquinade Caprice</u>	GOTTSCHALK Mme. Jonquier
Viool	<u>Pizzicati</u>	THOMÈ Mme. Jonquier

Die tweede en derde aanbiedinge het onder meer ingesluit die Andante en Finale uit die Sonate in D majeur van BEETHOVEN vir klavier en viool en die Andante en Rondo uit Sonate no. 8 van MOZART, ook vir klavier en viool.¹² Die resensent het die kwaliteite van hierdie kunstenaars na afloop van hulle eerste konsert as volg besing:

Those who did not go to Homan's Hall on Saturday evening to hear this body of first class musicians simply lost a treat. The perfect and graceful manipulation of the violin, with its pouring forth of the most lovely strains of music from the bowing of Mme. L. Jonquier and Mr. G. Peschiera, when playing either seperately or together, was the very embodiment of exquisite time and precision. This company, truly styled 'artistic', discoursed on Saturday night a programme of high-class music such as we have not heard since the visit of the great maéstro REMÉNYI. It was a genuine musical feast, and we recommend all who have a soul for exceptionally good violin music not to miss the opportunity.

Ook die Standard het die kunstenaars onvoorwaardelik lof toegeswaai en was onder meer van mening dat mnr. G. Peschiera 'n 'very clever performer' was en nie 'inferior to the great REMÉNYI' nie.¹³

Hierdie instrumentale fees is in 1893 opgevolg deur 'n aantal konserte, oorwegend vokaal van aard, wat merietegewys net soveel sukses behaal het soos bovermelde konserte. Die eerste van die aanbiedinge het geskied op Saterdag 11 Maart toe twee kunstenaars van hoë gehalte, mej. Marie Stefani ('the charming Australian Nightingale, universally admitted to be the Sweetest Vocalist ever heard in South Africa'), en signor G. Verdi ('the Vocal Lion of the Melbourne Exhibition'), in die Mutualsaal opgetree het.¹⁴ Afgesien van twee klavier-solo's, 'n voordrag en twee vertellings, het die vokale-program onder meer ingesluit die Jewel Song uit Faust (GOUNOD), Les Rameaux (FAURE), La Ci Darem uit Don Giovanni (MOZART),

bekende snitte uit Maritana (WALLACE), asook dele uit die vierde bedryf van Il Trovatore (VERDI). Hierdie befaamde kunstenaars het ook op Maandag 13 Maart in Oos-Londen opgetree en die volgende reaksie by die resensent van die Standard uitgelok:¹⁵

Last evening we received a shock to our systems which made us wonder what on earth people will go to see, or hear, in this town. We doubt if there were 120 people in the Mutual Hall last night to avail themselves of the treat of hearing such singers as Mdlle. Stefani and Signor Verdi.

Nog 'n aanbieding wat van 'n hoë standaard gesprek het, was die optrede op Dinsdagaand 23 Mei deur mej. Cheron ('the Natal Nightingale') en mnr. Avon Saxon (bariton)¹⁶, wat deur 'n Grand Farewell Concert op Maandagaand 5 Junie opgevolg is, waarin die genoemde kunstenaars deur 'n plaaslike violis, prof. Proost, ondersteun is.¹⁷ Die program was soos volg:

Vioolsolo	<u>Serenade</u>	MOSZKOWSKI Prof. Proost
Liedere	<u>I Fear no Foe</u>	PINSUTI Mnr. Saxon
	<u>When the Heart is Young</u>	BUCK Mej. Cheron
Resitatief en Aria	<u>I feel the Deity within Arm, arm ye Brave</u>	HANDEL
Lied	Keurspel	Mnr. Powys
Duette	<u>A Streamlet</u> <u>Nearest and Dearest</u>	CAROCCOLO Mej. Cheron en Mnr. Saxon
Liedere	<u>The Bugler</u>	PINSUTI Mnr. Ralph Obligaatkornet - Mnr. Howe
	<u>Jewel Song (Faust)</u>	GOUNOD Mej. Cheron
	<u>Ho, Jolly Jenkin (Ivanhoe)</u>	SULLIVAN Mnr. Saxon
	<u>Il Bacio</u>	ARDITI Mej. Cheron
Vioolsolo	<u>Mazurka</u>	WIENIAWSKI Prof. Proost
Duet	<u>Ripeti a Me</u>	BADIA Mej. Cheron en Mnr. Saxon
	<u>God Save the Queen</u>	

Die resesent het verklaar dat die konsert 'one of the finest and most distinctly classical concerts ever given in East London' was.¹⁸ Al die kunstenaars is sterk aangeprys behalwe prof. Proost:

Had Mr. Proost not come before us as a 'Professor' there would have been felt less disappointment. We cannot truthfully say the local PAGANINI gave a very refined rendering of his violinselections. MOSZKOWSKI'S music is generally acknowledged to be cleverly-written but uninspired, and the executant failed to put enough vitality into his performance, without which violin music is of little account, while his technique was faulty at times, an unpleasant rasping being occasionally conspicuous.

Prof. Proost was egter nie met die behandeling gediend nie, en het op 14 Junie 'n skrywe aan die koerant gerig waarin hy die kritikus se geloofwaardigheid as musiekkenner bevraagteken het.¹⁹ Die kritikus het verkeerde aangawe van die werke erken maar sy indrukke verdedig. Die antagonistiese skryfwyse was nie sonder onderliggende humor nie en 'n volledige aanhaling van beide persone se oortuigings skilder 'n interessante konfliktsituasie:

I was not only very interested in reading the critique appended in last Saturday's Dispatch regarding Avon Saxon's Concert, but I felt highly flattered that I got such a very bad report from a man who evidently does not understand music.

Our 'local critic' judges that MOSKOWSKY'S (sic!) music as composed by him was not executed properly by myself. I wish to point out that on the night in question I never played any of MOSKOWSKY'S music, though it was announced by mistake on the programme. Instead of MOSKOWSKY'S Serenata I substituted Gavotte by CARL BOHM, which evidently the 'musical critic' took for MOSKOWSKY'S. He forgot in his report to mention that in the second part I executed one of WIENIAWSKY'S Mazurkas, for which the audience was kind enough to give me an encore.

I feel sorry for the man who undertakes to criticise music without having sufficient knowledge, through which he is liable to make such mistakes, and I advise him for the future to be satisfied by giving reports to football and cricket matches, etc., and I feel sorry for the musicians who have to be criticised by our 'local critic' who even does not know the difference between a Gavotte and a Serenate.

Die kritikus het as volg geantwoord:²⁰

I was under the impression at the time that Prof. Proost was not favouring his audience with the piece set down to him on the programme, namely MOSZKOWSKI'S (with a 'z' in the name please) Serenade, but must admit I thought he was giving a selection from the same composer's Concerto in C, portions of which work I heard, I think at St. James' Hall in London, some time ago. The 'Professor' seems surprised that I forgot to mention the indulgence of his audience in favouring him with a recall. Perhaps it is well that I did forget, or he might have written explaining that it was stated 'by mistake' on the programme that he would contribute a Mazurka by WIENIAWSKI, whereas he really 'executed' one of the CARLO MINASI'S Excercises, or FRANCO LEONI'S latest compositions. As it is, however, I am obliged for being corrected though I retract nothing from my criticism. I am not surprised to be informed of my wrong impression, but I am astonished at the subsequent remarks of the 'Professor'.

Verrassend was die feit dat die resesent van die Standard - wat as 'n reël groter versigtigheid met betrekking tot lofprysing aan die dag gelê het - rapporteer het:²¹

Prof. Proost's violin playing needs little comment. He has proved himself at Miss. Cheron's two concerts, to be a master of the instrument, both in fingering and handling the bow.

Met die medewerking van 'n bekwame pianis, Anton Strelezki, het mej. Cheron en mnr. Saxon Oos-Londen weer op 13 November 1895 besoek.²² Verrykend was die insluiting van klavierwerke van CHOPIN en LISZT, naamlik twee Etudes op. 25 no. 1 en op. 25 no. 9 van CHOPIN en La Campanella van LISZT.

Enkele goeie solistiese optredes het in die daaropvolgende jare, 1896 - 1897, voorgekom. Op Woensdag 12 en Donderdag 13 Februarie 1896 het die 'world renowned Concert Organist', mnr. Bradley, 'some of the finest writings for the Organ' in die St. John-kerk voorgespeel.²³ Dit het op 'n absolute 'musical feast' uitgeloop, hoewel die ondersteuning baie swak was. Die probleem ten opsigte van Oos-Londen musiek-liefhebbers se voorkeure is deur die resesent uitgelig:

Indeed it sometimes seems as if East London has yet to learn to appreciate classical music even when well rendered.

Ná mnr. Bradley se optrede het nog 'n belowende solis Oos-Londen op 8 Augustus besoek, naamlik mej. Beata Francis,

'n sopraan uit Noord-Wallis.²⁴ Triestige weersomstandig- hede en 'n ongerieflike seereis, wat mej. Francis merkbaar aangetas het, het dié konsert belemmer, maar tydens 'n tweede optrede op Dinsdagaand 11 Augustus het haar puik vertolkings getuig van die hoogste professionele onderrig 'that any one could possibly have received'.²⁵ Haar ver- tolking van DONIZETTI se Linda dé Chavmounix is gekenmerk deur 'the brilliancy of the upper notes', en dié hoë gehalte is gehandhaaf in die vertolking van Venetian Song, May Morning en The Ash Grove.

Solistiese aanbiedinge het nie in 1897 plaasgevind nie, behalwe vir 'n sonderlinge aanbieding op Dinsdag 14 Desember toe die gevierde Engelse harpspeler, mnr. Edwin Smith, 'works of the best composers for the Harp' voorgespeel het.²⁶ Net soos in die geval van mnr. Bradley se orreluitvoering, was die gehoor maar klein.

Gelukkig het konserte wat meesal uit vokale items bestaan het, goeie ondersteuning geniet. Dit het weer geblyk toe die gevierde bariton, signor Gulio Clampetti, 'late pupil of Signor Gambogio, the celebrated master of singing from Milan, Italy', op Donderdag 11 Augustus 1897 voor 'n groot gehoor 'n Grand Evening Concert in die Mutualsaal gegee het.²⁷ Die liedere wat hy gesing het, was The Holy City, Ora Pro Nobis, There is a Green Hill, The Death of Nelson en The Village Blacksmith. CHOPIN se Nokturne no. 2 is voortreflik deur mej. Deal uitgevoer. Verrassend egter het 'n tweede aanbie- ding van signor Clampetti op Saterdag 13 Augustus 1898 nie weer 'n groot gehoor getrek nie.²⁸

Teen die agtergrond van 'n steeds ontwikkelende gemeenskap het musiek langsamerhand 'n groter rol begin beklee. Besoe- kende kunstenaars het aansienlik tot die groter bewuswording van musiek in Oos-Londen bygedra. So sou dit byvoorbeeld die voorreg van Oos-Londen se musiekliedhebbers wees om Roger Ascham, munisipale orrelis van Port Elizabeth en 'n leidende pianis in Suid-Afrika, in twee klavieruitvoerings op 29 en 30 Junie 1899 aan te hoor.²⁹ Hy is op 28 Augustus 1864 in Londen gebore en op 31 Maart 1934 in Port Elizabeth oorlede, en was vier en twintig jaar lank die oorheersende musikale krag in Port Elizabeth.³⁰ Hy het 'n uiters gewigtige bydrae gelewer tot die uitbouing van musiek in die Oos-Kaap - iemand soos Adolph Hallis was een van sy gevierde leerlinge.

Mnr. Ascham het op waarborgbedrae van twintig pond en vyftien pond vir uitgawes aangedring vir 'n konsert wat aangevul sou word deur die orkes van die East London Orchestral Society en 'the best local talent'. 'n Indrukwekkende toehoorderstal het die eerste aanbieding bygewoon waar mnr. Ascham sy reputasie as leidende pianis gestand gedoen het:³¹

The audience was not disappointed, for Mr. Ascham soon proved himself a pianist of exceptional executive abilities combined with the style of an artist. His runs, scales and shakes can only be described as delightfully 'pearly'.

Die programkeuse was hoofsaaklik modern (vir daardie tyd) en die resesent het dit betreur dat hy nie 'n werk 'from some of the Great Masters' ingesluit het nie. Hy het ook gevoel dat die voordragte wat wel gelewer is, 'n mate van enersheid tot gevolg gehad het 'and were apt to fall a little'. Indien sy voorspelling 'there is no question but that it would have been quite a pleasure to the majority to have heard a Sonata of BEETHOVEN'S, or a Capriccio of MENDELSSOHN played by Mr. Ascham', waar sou wees, het dit gedui op 'n skielike omme-swaai by die algemene musiek liefhebber wat aan populêre werke verknog was. Tot op daardie stadium was daar egter nog geen getuienis wat so 'n gekultiveerdheid kon bevestig nie.

Ascham se openingswerk was die Pastorale en Capriccio van SCARLATTI gevolg deur CHOPIN se Scherzo op. 39 wat 'admirably performed' was, terwyl miniatuurwerke van MOSZKOWSKI, HABERBIER en GRIEG elemente van uiterste delikaatheid en keurigheid bevat het, veral Die Jongleurin en GRIEG se Troldtog. Mnr. Ascham het ook van sy eie komposisies voorgespeel wat deur die resesent as 'interesting' beskryf is, met moontlik as die beste poging die toonsetting van Weisst du Wohl noch? As laaste item het hy 'n verwerking van SAINT-SAENS se Totentanz deur LISZT, voorgespeel. Hierdie werk het nie enige besondere bekoring vir die resesent ingehou nie en hy het slegs gerapporteer dat die tegniese struikel-blokke met gemak deur Ascham bemeester is. Die resesent van die Standard het bogenoemde verslaggewer se sienswyse

aangaande die meriete van die getranskribeerde werk gedeel:³²

the piece bristles with difficulties, but it is not interesting enough as a pianoforte solo.

'n Schiedmeyer 'grand horizontal piano' verskaf deur die onderneming C Moeller is deur Ascham gebruik.

Twee betekenisvolle resultate het gespruit uit hierdie uitvoering. Vir eers was die gebeurtenis 'n deurbraak na gestandaardiseerde instrumentale solospel in Oos-Londen, en ten tweede was dit interessant dat die gehoor gunstig gereageer het op die program, wat nie so lig as die gewone programme was nie. Ander werke wat deur plaaslike amateurs tydens hierdie konsert aangebied is, was onder meer MENDELSSOHN se duet I would that my Love, die lied Damon van MAX STRANGL, DANDA se vioolkomposisie Air Varie en drie werke deur die orkes van die East London Orchestral Society, Le Diademe, Am Meer en Nautch Dance.

Vervolgens sou twee hoogstaande programme in Augustus 1900 deur vermaarde buitelandse kunstenaars, wat uit alle oorde luid besing is, in Oos-Londen aangebied word.³³ Die volgende kunstenaars sou optree: mme. Belle Cole ('the World-Famous Contralto'), mdlle. Virginie Cheron ('the Favourite Soprano'), mnr. Avon Saxon ('the Celebrated Baritone'), master Raimund Pechotsch ('the Wonderful Boy Violinist'), mnr. Jas Hyde ('the Popular Conductor of the Club, Johannesburg - pianist'), en op Saterdagand 25 Augustus die volgende werke uitgevoer:³⁴

Viool en klavier	<u>Sonate op. 30</u> <u>Allegro Assai</u>	BEETHOVEN Jongehr. Pechotsch Mnr. Hyde
Liedere	<u>Still as the Night</u> <u>Mignon</u>	BOHM D'HARDELLOT Mdlle. Cheron
Ierse lied	<u>The Ould Plaid Shawl</u>	HAYNES Mnr. Saxon
Arioso	<u>O Don Fatele (Don Carlos)</u>	VERDI Mdlle. Cole
Vioolsolo	<u>Souvenir de Haydn</u>	LEONARD Jongehr. Pechotsch

Duette	<u>Oh, Wert Thou in the Cauld Blast</u>	MENDELSSOHN Mme. Cole en Mdlle. Cheron
	<u>Nokturne</u>	DANZA Mdlle. Cheron en Mnr. Saxon
Vioolsolo	<u>Mazurka di Concert</u>	MUSIN Mme. Cole
Patriotiese lied	<u>There's a Land</u>	ALLITSEN Mnr. Saxon
Aria	<u>Nobil Signor (Les Huguenots)</u>	MEYERBEER Mdlle. Cheron
Lied	<u>The Promise of Life</u>	COWEN Mme. Cole
Trio	<u>Te Sol Quest Anima (Atilla)</u>	VERDI Mme. Cole, Mdlle. Cheron en Mnr. Saxon
	<u>God Save the Queen</u>	

Hierdie konsert het besondere entoesiasme by die groot gehoor uitgelok, en die resesent het gerapporteer dat 'it was only too evident that this talented Company had struck the keynote of the music-loving portion of their audience'.³⁵

Mme. Cole en mdlle. Cheron, asook mnr. Saxon se sang, is in die oortreffende trap geprys terwyl die jong Australiese violis Raymund Pechotsch 'n ieder en 'n elk beïndruk het met sy ferm, seker aanslag, asook sy tegniek wat hy tot 'marked perfection' getoon het in Souvenir de Haydn en American Airs.

'n Soortgelyke klankfees het die tweede konsert gekenmerk en dit was verblydend dat 'n selfs groter toehoorderstal daar opgedaag het.³⁶ Die positiewe reaksie van die publiek, ten spyte van die 'heavy programme', wil 'n mens graag laat glo dat die Oos-Londense musiekkliefhebbers besig was om beter smaak te ontwikkel, en dat die waardering wat Ascham se konsert gekenmerk het nie maar net 'n frats was nie.

'n Finale Grand Farewell Concert is op Dinsdagaand 28 Augustus aangebied, maar teen die verwagting in was die opkoms middelmatig.³⁷ Weer eens het die dames van die toergroep pragtig presteer, terwyl die plek van die jongehr. Pechotsch, wat ongesteld was, verdienstelik deur Franz Moeller ingeneem is.

5.1.4 Plotselinge stilstand Augustus 1900 - Maart 1902

Hierdie belewenisse, wat so veel bygedra het tot die verdieping van musieksmaak in Oos-Londen, is egter na die bovermelde geselskap se vertrek vir 'n lang periode glad nie opgevolg nie. Dit was eers weer in Maart 1902 dat besoekende kunstenaars Oos-Londen besoek het. Die Anglo-Boere-oorlog en die alomteenwoordige Australian Juveniles³⁸ kon deels vir die situasie verantwoordelik gewees het.³⁹

5.1.5 Teenstrydige elemente Maart 1902 - Desember 1902

Ongelukkig het die goeie bywoningsyfers wat konserte in hierdie jare gekenmerk het en gedui het op 'n wyer belangstelling by die algemene publiek in ernstiger musiek, nie in die tydperk Maart - Desember 1902 voorgekom nie. Konserte van 'n hoër gehalte is swak ondersteun terwyl aanbiedinge van populêre aard beter ondersteun is.

Op Donderdag en Vrydag, 20 en 21 Maart, sou jongheer. Cyril Ralhrul - 'the Australian PADEREWSKI, acknowledged by the press and public to be the greatest pianist ever heard in South Africa'- en 'n 'dainty child vocalist', mej. Pearl Ruby - 'absolutely the youngest grand opera singer before the public in the world' - in die stadsaal optree. Ten spyte van geweldig positiewe beriggewing en die versekering van 'n program van uitsonderlike waarde was die toehoorderstal op 20 Maart 'n 'small one'.⁴⁰ Die resensent het egter die versekering gegee dat diegene wat wel teenwoordig was, groot waardering openbaar het en hy het ook voorspel dat 'n groter gehoor hul opwagting by die konsert van 21 Maart sou maak. 'n Sekere prof. en mme. Hogg het die konsert met 'n duet vir klavier en viool geopen, gevolg deur Pearl Ruby, 'a little girl of ten years of age' wat ARDITI se Il Bacio met 'the greatest ease' voorgesing het. Jongheer. Ralhrul het sy optrede met 'n Tarantelle van LESCHETITZKY geopen en as toegif 'n aanvallige komposisie van CHAMINADE voorgespeel. Sy 'brilliant execution' het die toehoorders verstom, ook omdat hy die stywe aanslag van 'n nuwe klavier moes oorkom. Ander werke deur hom voorgedra was die Presto uit MENDELSSOHN

se Klavierkonsert in g mineur, KOWALSKI se La Cubaine, CHOPIN se Berceuse op. 57 en PADEREWSKI se Caprice. Saam met mme. Hogg het hulle 'n transkripsie van KOWALSKI se Marche Hongroise vir twee klaviere voorgespeel wat uitbundig toegejuig is, terwyl mej. Ruby 'n verdere bydrae gelewer het met die sing van COWEN se The Swallows.

Tydens die tweede uitvoering was die waardering weer eens besonder geesdriftig, maar weer is gerapporteer dat 'the audience was a very poor one'.⁴¹ Die wonderseun se werke vir hierdie konsert was PADEREWSKI se Caprice, GODARD se Mazurka no. 1 en die eerste uitvoering in Oos-Londen van BEETHOVEN se Waldstein-sonate. Hierdie geleentheid, waar die inwoners weer deur hulle afwesigheid geskitter het, is deur die resensent betreur:

The playing of Master Ralhprul was the best pianoforte performance which has been heard in East London for some time and it is to be regretted that so few availed themselves of the chance of hearing him.

Dit het duidelik geblyk dat die getal musiek liefhebbers in Oos-Londen maar baie klein was. Dit is insiggewend dat, toe die 'wonderful boy pianist' op publieke aandrang 'return farewell concerts in the Border area'⁴² aangebied het, Oos-Londen van sy reisplan geskrap is.

Van heel ander aard en sekerlik meer aantreklik uit 'n populêre oogpunt was 'n Grand Farewell Concert wat op Saterdag 21 Junie 1902 ter ere van mev. C A M Howard (voorheen mej. Hervyn) van die Society and Lyric Theatres London, in die stadsaal aangebied is.⁴³ Slegs liedere van 'n bekende, oppervlakkige aard is aangebied. Die opkoms was merkwaardig goed, waarskynlik omdat die program gewild van aard was. Die resensent het die volgende goeie raad aangebied:

It may not be out of place to suggest here that amateur singers in the Town Hall should take a lesson from Mrs. Howard as to the position they ought to occupy on the stage. In nearly every case on Saturday night they were too near the footlights to be seen to advantage, their faces being covered with dark shadows thrown from the lights at their feet. They should get in to the focus, which is only 2 or 3 paces back, and then they could be seen to much better effect. We trust amateur singers at future concerts will bear this in mind.

Daaropvolgend het mev. Martin Dower (kontralto) en mej. Dolly Donaldson (sopraan) groot sukses behaal met konserte op Saterdagagaand 19 Julie⁴⁴ en Donderdagaand 24 Julie⁴⁵. Liedere van onder andere SULLIVAN, TOSTI en BALFE is tydens die eerste konsert gesing, met medewerking van mnr. Theo Wendt (klavier) van Oos-Londen. Hy het die Derde Liebestraum van LISZT en GRIEG se An den Frühling en Troldtog gespeel.

Musiek liefhebbers se nonchalante houding teenoor aanbiedinge van hoë gehalte het nogmaals duidelik geblyk toe vier ongetwyfeld voortreflike kunstenaars, mej. Joey Bosman (sopraan) en mnr. Henry Clements (tenoor), Percy Ould (violis) en Pierre de Beer (klavier) op Saterdagagaand 15 November in Oos-Londen opgetree het.⁴⁶ Tervergeefs het die resesent gepoog om die betreuenswaardige verskynsel te verklaar:

Perhaps it is because the public have so often been taken in by third rate performers that it fights shy of all concert parties.

Hoe dit ook al sy, is onomwonde verklaar dat diegene wat nie teenwoordig was nie, 'missd the finest concert we have heard in East London'. Nieteenstaande die gebrek aan belangstelling by die publiek, kon die resesent melding maak van 'n verblydende faktor:

It was noticeable that in the audience there were to be found all the leading musicians of East London and no one enjoyed the concert more than they did. Such a concert is one to which music teachers should recommend their more advanced pupils to go as they will get more good from a first-class performance than from a dozen lessons.

Die feit dat die program oorlaai was met werke van bekende aard, het die gebrek aan belangstelling nog meer onverklaarbaar gemaak. Afgesien van puik vokale items, het Percy Ould en Pierre de Beer onderskeidelik geskitter in vioolwerke van THOME (Andante Religiose), WIENIAWSKI (Mazurka Caractéristique) en LEONARD (Souvenir de Bade), en klavierkomposisies van MOSZKOWSKI (Tarantelle), RUBINSTEIN (Romance), GODARD (Mazurka no. 4) en CHOPIN (Fantasie Impromptu). Aan die einde van die konsert het mnr. Ould aangekondig dat die geselskap van voorneme was om 'n Sacred Concert op die volgende dag, Sondag 16 November, in die stadsaal aan te bied.

Die feit dat 'nearly every member of Saturday night's audience was present again last night' was 'n bewys van hoe hoog die geselskap aangeslaan is.⁴⁷ Werke van GRIEG, MENDELSSOHN, GOUNOD, MASCAGNI en GRAY is gelewer asook 'n aria If with all my heart uit die Elijah wat deur die resesent bestempel is as 'the best tenor solo that had been heard in East London for some years'.

Op 14 Desember het hierdie geselskap weer in Oos-Londen opgetree, nou voor 'n 'exceedingly good audience'.⁴⁸ Twee groot standaardwerke was op die program: die eerste deel uit BEETHOVEN se Kreutzer-sonate vir viool en klavier, en die Harmonies du Soir van LISZT wat 'strong and sympathetic' deur Pierre de Beer vertolk is. Nog 'n konsert het op 23 Desember plaasgevind, maar die Kersseisoen het 'n goeie opkoms verhinder.⁴⁹

Wat die werklike oorsaak vir die gebrek aan belangstelling by die konserte was, is moeilik om te bepaal. Heelwaarskynlik het die Anglo-Boere-oorlog en 'n oordosis van die Australian Juveniles (kyk Deel I, pp. 183 - 184) musiek liefhebbers se ingesteldheid teenoor musiek van ernstiger aard benadeel. Dit is te betreur dat die entoesiasme wat Oos-Londen se musiek liefhebbers ten opsigte van ernstiger musiek tot en met 1900 openbaar het, nie in die daaropvolgende jare volgehou is nie.

5.1.6 Samevatting

Behalwe vir enkele periodes waarin konserte deur besoekende kunstenaars relatief kort op mekaar gevolg het (byvoorbeeld in 1892 tot 1893 en in Maart, Junie, Julie en November 1902) het sulke aanbiedinge oor die algemeen baie sporadies voorkom. Tog het hulle 'n betekenisvolle bydrae tot die uitbouing van musiek in Oos-Londen gelewer. Veral twee faktore het tot die verryking bygedra:

1. Instrumentaal-vokale balans

'n Gelukkige toevalligheid was die feit dat besoekers 'n taamlike mate van balans in die verteenwoordiging van instrumentale en vokale aanbiedinge gehandhaaf het.

So byvoorbeeld is die instrumentale konserte van die Mauritius-musici in 1892 gevolg deur die vokale Stefani-Verdi-konsert in 1893, die Grand Concert van November 1895 wat 'n balans tussen instrumentale- en vokale musiek bevat het, en die Ascham-konsert in Junie 1899 opgevolg deur die Belle Cole-Saxon-konsert in 1900.

2. Bekendstelling van klassieke werke

In hierdie opsig het besoekende kunstenaars 'n belangrike bydrae tot die uitbouing van Oos-Londen se musiekbelevenis gelewer. Veral die Grand Concert in November 1895, Roger Ascham se solo-uitvoerings in 1899, die Cole-Cheron-Saxon-konsert in 1900, Ralphrul se klavieruitvoerings in Maart 1902 en die Bosman-geselskap van November 1902 was in hierdie opsig belangrik.

Beslis verblydend was die feit dat plaaslike musiekkliefhebbers in toenemende getalle die konserte in die jare 1899 - 1900 ondersteun het, en dit is onverklaarbaar waarom die bevolking vanaf 1902 belangeloos blyk te geword het, veral omdat die aanbiedinge geensins van swakkere gehalte was nie.

5.2 VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1872 - 19025.2.1 'n Slakkepas 1872 - 1883

Die uiteenlopende, prikkelende aard van verskeidenheidskonserte het tot 'n mate vir die gebrek aan aanbiedinge in dié genre vergoed.

Verskeidenheidskonserte deur besoekers is in September 1879 deur optredes van die Loftus Troupe, 'n 'very effective troupe of entertainers', in die Buffalo Rink geopen, waartydens hulle bevoegdheede hoog aangeslaan is: 'n banjo-solis is bestempel as 'an artist of a high order', danspassies van dames is beskryf as 'in a very good manner', en 'n tenoorsanger se sang as 'possessed of an uncommonly good and sympathetic voice, and will be heard with acceptance wherever he sings'.⁵⁰ Daarbenewens is opera bouffe-items, klavier- en vioolsolo's aangehoor.

Sterk kontrasterend, maar steeds binne 'n raamwerk van vermaak en visuele opwinding, was die Colla's Automatic Troupe, wat in 1882 vanaf Saterdag 2 Desember met sewe optredes in Oos-Londen begin het.⁵¹ Op Saterdag- 2 en Maandagaand 4 Desember is 'n parodie op OFFENBACH se feë-opera, Le Voyage dans la Lune met die hulp van versierde bewegende figure met groot sukses opgevoer, en afgesluit met 'n sjarmante ballet The Silver Devil, waarin verskeie tablo's en 'very clever automatic performances' effektief geprojekteer is. Opvolgende aanbiedinge het op Dinsdagaand 5 Desember geskied toe die opera Robert the Devil opgevoer is, en op Donderdagaand 7 Desember met die toneelstuk The Flirt and her lovers waarin die outomaat alle eer toegeswaai is.

Weer eens is aanbiedinge in hierdie kategorie deur 'n lang tussenpose gekenmerk. Eers in Desember 1883 is berig dat die Leslie Anglo-American Minstrels, aangeslaan as die 'creme de la creme of English and American Minstrels', op

Maandagaand 3 Desember in 'n goederewinkel, en op 4 en 5 Desember in die Mutualsaal opgetree het.⁵² Daar is net bondig gemeld dat eersgenoemde aanbieding deur briljante instrumentale items, kore en liedere gekenmerk is.⁵³ Dié aanbieding is op 20 en 22 Desember deur nog 'n uitgesoekte geselskap die Lyndon Company opgevolg, wat onder andere mnr. Stirling Jones, 'n 'exceptionally good harpist', ingesluit het.⁵⁴

5.2.2 Momentum steeds traag 1884 - 1890

Besoekende kunstenaars en/of geselskappe het Oos-Londen beslis in die jare 1884 - 1890 afgeskeep en slegs enkele verdwaalde pogings het voorgekom. (Kyk Deel I, pp. 153 en 178.) In die verskeidenheidskategorie was die afwesigheid van besoekende kunstenaars/geselskappe nog meer opvallend en het lang periodes verloop waarin niks aangebied is nie.

Op Donderdagaand 7 Augustus 1884 het mnr. Wash Norton se The Merry Makers in die Mutualsaal opgetree.⁵⁵ Benewens 'n neger-klugspel is ook 'n opwindende vertoning van banjo- en tamboerynspel deur Norton self gelewer.

In 1885 is vermaaklikheidsgangers op Maandag- 12 en Dinsdagaand 13 Oktober getrakteer op die talente van Charles du Val wat in advertensiekolomme gekategoriseer is as 'the eminent Mimic, Humorist, Author and Composer'.⁵⁶ Hierdie veelsydige kunstenaar se sang is onder meer as 'unimpaired' beskryf en sy registeromvang as 'very extraordinary'. Nieteenstaande sy voortreflikhede het Du Val hinderlike rusverstoring tydens sy tweede optrede teëgekom en na herhaalde waarskuwings summier tot aksie oorgegaan:⁵⁷

Suddenly to the surprise of the whole of the gods, Du Val himself appeared, and in a twinkling had taken one of the very biggest of the crowd, a gentleman connected with the shipping and shot him out into the passage without saying five words, and down the stairs. He then returned and repeated the operation on another man, and afterwards proceeded to the stage and went on with his usual performance.

5.2.3 Momentum 1891 - 1893

Ná 1891 het verskeidenheidskonserte groter momentum openbaar en het aanbiedinge op 'n reëlmatige basis voorgekom. Die besoek aan Oos-Londen in 1891 en 1892 deur 'n hele aantal toergeselskappe van uiteenlopende aard het nie alleen gevariëerde en prikkelende vermaak tot gevolg gehad nie, maar ook 'n puik standaard gehandhaaf.

Vanaf Maandag 26 Oktober 1891 het die Gipsy Revellers and Ladies' Orchestra vir drie aande opgetree in onder meer uitmuntende instrumentale items op die kornet, mandolien en viool, terwyl die handklokspeelsters geesdriftig vir hulle klokkespel toegejuig is.⁵⁸ Tydens hulle laaste optrede op Woensdag 28 Oktober sou die nege klepelklokspeelsters keurspele uit Les Cloches de Corneville op meer as honderd handklokkies voorspeel.

Opvolgende aanbiedinge wat spontane geestigheid uitgestraal het en ook gestandaardiseerde ligte musiek ingesluit het was as volg:

Die Eric Ward Entertainment Company in Maart 1892 met mnr. en mev. Ward, eersgenoemde in 'intensely amusing ... side-splitting yarns', terwyl mev. Ward geskitter het in die sing van populêre ballades en in 'n aantal klavier items;⁵⁹

The Standard Musical and Comedy Company met 'n kort seisoen vanaf Woensdagaand 12 Oktober in die Mutualsaal waartydens onder meer die liedere Whistling Wife, Queen of my Heart, The Coster's Serenade en die ballades Song that reached my Heart en At Eventide voorgedra is, en die program afgesluit is deur 'n 'lively negro sketch';⁶⁰

Die Nelstone Comedy Company wat vanaf Maandag 26 Desember in die Mutualsaal vir 'n seisoen van ses konserte opgetree het met 'n program van gewilde komiese liedere en ballades, gevolg deur 'n burlesk getiteld Charlie and Flo waarin mnr. Arthur Nelstone en mej. Minnie Abbey kostelike liedere, 'side-splitting gags and wonderful dances' bekend gestel het.⁶¹ Mnr. Nelstone se manewales is omskryf as 'undoubtedly the best

eccentric dancer we have seen';

Besonder boeiend en imposant was die besoek aan Oos-Londen op Saterdag 6 Oktober 1893 van die wêreldbekende mnr. Snazelle, 'the eminent vocalist, reciter and raconteur', bygestaan deur mej. Eleanore Snazelle (sopraan), mnre. Ivan Truegold (’n gesogte Russiese pianis en orrelis) en Wilfred Roland met 'Chimes and Artistic Effects', en prof. Munro en assistente asook 'Scenosopic Manipulators'.⁶² Mnr. Snazelle se veelseortige vertoning is beskryf as

He sings well in either the sacred or the mundane vein, and is a most pleasing reciter, or rather relater of self-originated anecdotes'.

Sy medekunstenaar, die 'skilful pianist' Ivan Truegold, se optrede het hoë lofbetuiginge ingeoes:

a pupil of ANTON RUBINSTEIN, a man who is undoubtedly the best pianist the world has ever heard, and who now occupies the distinguished position of Imperial Concert Director at St. Petersburg. Mr. Ivan Truegold is himself a virtuoso, and accomplished that which we scarcely remember having been accomplished before by a pianist in East-London - that is, he commanded the undivided attention of his audience. The instrument may not have been entirely to the executant's satisfaction, but he displayed a wonderful power in his several contributions.

Die verskeidenheidsryke program was:

Klaviersolo	<u>Ouverture</u>	Ivan Truegold
'n Beskouing	<u>The beauties of the River Thames</u>	Mnr. Snazelle
Lied	<u>In Sheltered Vale</u>	Mnr. Snazelle
Voordrag	<u>The Leper</u>	Mnr. Snazelle
Geïllustreerde sang	<u>The Brook</u>	Mej. Snazelle
Klaviersolo		Ivan Truegold
Lied (met sonostafies en illustrasies)	<u>The Village Blacksmith</u>	Mnr. Snazelle
Klaviersolo		Ivan Truegold
Humor	<u>The Operatic Villain</u>	Mnr. Snazelle
Humoristiese vertelling (gegrond op die werklikheid)	<u>The Whistler</u>	Mnr. Snazelle

Lied	<u>She wore a Wreath of Roses</u>	Mej. Snazelle
Komiese lied	<u>Michael's Adventures at the Wars</u>	Mnr. Snazelle
'Poems in Marble (met toneelskilde- ring en bypas- sende musiek)		Geselskap
Vertelling (gegrond op die werklik- heid)	<u>How Bill Adams won the Battle of Waterloo</u>	Mnr. Snazelle
Klavier (illustrasie)	<u>Professor Liszt Von Bulow Rubinstein</u>	Ivan Truegold
Gewyde lied (illustrasie)	<u>Nazareth</u>	Mnr. Snazelle

5.2.4 Verskeidenheidselemente gering

In verhouding tot bovermelde optredes het aanbiedinge in 1894 nie dieselfde verskeidenheid openbaar nie⁶³, alhoewel 'n vertoning van die Harvey Minstrels op Dinsdag 24, Woensdag 25 en Donderdag 26 Julie tog onder andere 'n jongeling met 'n 'clear childish treble', mnr. Howard met sy banjo, en grappiesvertellings deur 'n sekere mnr. Weble, asook 'n 'well-written operatic burlesque' ingesluit het.⁶⁴

5.2.5 Wisselende kwaliteit

Vier aanbiedinge van wisselende kwaliteit het die vermaaklikheidsfront in 1895 versier, en sonder twyfel was die grootste gebeurtenisse die bydraes van die Australiese Payne-familie in Maart en die Amerikaanse Jubilee Singers in Desember.

Die gevierde Australiese kunstenaars bekend as die Payne-familie en bestaande uit sangers, violiste, pianiste, fluitspelers, 'n flageolettis en handklokspelers, 'including the only Lady Hand Bellringer in the World', het vanaf Maandag 25 Maart in die Mutualsaal opgetree.⁶⁵ Hierdie veelsydige groep se vertoning is as 'clever, unique ... refined' geklassifiseer, en behalwe vir die gewone vokale en instrumentale

items het 'n keurspel Last Rose of Summer wat op 'n glas-harmonika voorgespeel is, besonder beïndruk.⁶⁶ Veral hulle meerstemmige humoristiese vokale trios het geesdriftige reaksie uitgelok. Hierdie vertonings het onmiddellik ingang gevind, sodat die geselskap 'n spesiale ekstra vertoning op Saterdagmiddag 30 Maart voor driehonderd jeugdige toeskouers aangebied het.

Die plooibaarheid van die genre is voorts weerspieël deur die Valadon Granville Society Entertainers van mnr. Ernest Searelle wat op Maandag 10 en Dinsdag 11 Junie in die Mutualsaal opgetree het.⁶⁷ Hul kwaliteit was nie te vergeleke met dié van die Payne-familie nie, en die troep se aantrekkingskrag het in sy verskeidenheid gelê:

Professor Paul Valadon, Englands' Premier Illusionist, Miss. May Lynton, the world renowned and only lady lightning calculator in the world, Mr. Edgar Granville, England's great entertainer, serio-comic and lightning change artiste of the century, Miss. Marie West, the dainty and piquant serio-comic vocalist, Miss. Mabel Barlow, the charming Contralto Vocalist, and Mr. Charles Mercer, the celebrated instrumentalist.

Hulle aanbieding het egter nie aan die verwagtings voldoen nie:

The whole thing savoured very much of a cheap provincial variety show. The singing of the ladies of the troupe was execrable. Miss. Marie West, although possessed of a coy appearance, has no voice whatever. Her two attempts at serio-comic excited the pity rather than the applause of the audience. The programme would be more appreciated in the vocal portion if it were entirely omitted.

Gelukkig was mnr. Granville en Valadon se onderskeie komiese liedere en truuks darem ietwat beter.

Totaal kontrasterend in aard en kwaliteit, was 'n besoek deur die eerste Weense Ladies' Orchestral Schutzer Band, saamgestel uit viole, tjello, kontrabas, fluit, klavier, harmonium en tromme, wat op Saterdag 23, Maandag 25 en Dinsdag 26 November in die Mutualsaal opgetree het onder leiding van mej. Clara Kirchmeyer van die Imperial and Royal Prater of Vienna.⁶⁸ Opera-items, dansmusiek, marse en 'classical gems'; items wat 'a furore in the Cities of the Continent' veroorsaak het, is met artistieke spontaneïteit deur hierdie groep gelewer. Ook die Standard was in vervoering oor hulle vertoning.⁶⁹

Vermaaklikheidsgangers is op Saterdag 21 Desember 1895 getrakteer op 'n aanbieding deur die Amerikaanse Jubilee Singers wat voorheen, ook in 1882, in Oos-Londen was.⁷⁰ Klokhelder intonasie en 'really sweet harmonies' het dié groep se koorsang gekenmerk, wat as hul beste items beskryf is:

Chorus business is the strong point of the singers and the nearer these verged on to the sacred the nearer the vocalists and audience appeared to strike a chord of sympathy.

Hierdie voortreflike groep het die vakansie-atmosfeer in Oos-Londen verder gestimuleer deur optredes van Maandag 23 tot Saterdag 29 Desember.⁷¹ Hulle het weer op 28, 29 en 30 April 1896⁷² en Maart 1897 in Oos-Londen besoek afgelê.⁷³

In teenstelling met 'n relatief besige 1895 het 1896 en 1897 maar min aanbiedings gehad. Benewens die reeds vermelde besoeke van die Jubilee Singers in 1896 en 1897 was dit net die Payne-familie wat Oos-Londen in Maart⁷⁴ en September⁷⁵ 1897 besoek het.

5.2.6 Verskeidenheid gehandhaaf

Die groot verskeidenheid in die programme van besoekende geselskappe, veral dié wat vermaaklikheidsgeoriënteerd was, was 'n kwaliteit wat aan skouburggangers intense genot verskaf het en die verbreding van hulle uitkyk tot gevolg gehad het. In hierdie konserte was die musikale element dikwels genoeg op die voorgrond, en aangebied deur kunstenaars met ondervinding en deeglike voorbereiding.

Op Woensdag 28 Junie tot Vrydag 30 Junie is bogenoemde faktore weer eens beklemtoon toe mej. Marguerite Fish, voorheen bekend as Baby Benson, met die hulp van 'n 'carefully selected company' drie vertonings in die Mutualsaal gelewer het.⁷⁶ Sy is bygestaan deur mnr. Leslie Woodhouse, Suid-Afrika se pionierbariton en jongehr. Charles Denier Warren, 'the smallest comedian before the public', wat aan die aanbieding verskeidenheid verleen het. Baby Benson se boeiende, vitale vertoning het gepaard gegaan met treffende grasia en vryheid van beweging op die verhoog, terwyl haar nabootsings van

MOZART, STRAUSS, VERDI en WAGNER haar sangtalente blootgelê het. In verskeie sketse het sy die ondersteuning van mnr. Charles Warren geniet en hul skreeusnaakse spel het die gehoor rasend gehad. Haar dansuitvoering het ook van effek getuig:

she dances beautifully, ever full of grace and lithesomeness, every now and then becoming delightfully free and easy.

Voorts het Leslie Woodhouse se uitmuntende sang, die spel van die jongehr. Warren ('a grand little genius') en 'n kinematografiese en 'n toneelaanbieding verseker dat die program 'n fees was.

Die opgewekte en talentvolle Payne-familie, wat voorheen reeds met soveel sukses in Oos-Londen bekroon is, het die dorp weer van Maandagaand 21 Augustus 1899 met steeds nuwe idees en aantreklike items besoek.⁷⁷ Hierdie groep het 'n 'most successful season' van ses opeenvolgende aanbiedinge op Saterdag 26 Augustus afgesluit.⁷⁸

In 'n totaal ander milieu was twee Grand Concerts deur die Smith and Thompson's Coloured American Concert Company op Donderdag 9 en Saterdag 11 November in die Homansaal.⁷⁹ Onder andere het opgetree William Smith, die 'world famous Banjo King and Comedian, en mme. Shirley wat briljant in die vertolking van komiese liedere was, terwyl 'n banjo-duet saam met mnr. Smith, as die 'tit-bit' van die aand geklassifiseer is. Die groep het hul veelsydige vertonings in die Sea View-saal op die Wesbank, die Beach Hotel, die Beach Reading Room en die Cambridge Hotel voortgesit.⁸⁰

5.2.7 Verskeidenheidskonserte gedurende die Anglo-Boere-oorlog

Die volgehoue aktiwiteite van die Australian Juveniles en die ontwrigting meegebring deur die oorlogsituasie het daartoe gelei dat geen ander geselskappe gedurende die laaste paar maande van 1900 Oos-Londen besoek het nie. In April 1901 het die George Walton Musical Comedy Company egter opgedaag met 'n reeks aanbiedinge wat op Woensdag 17 April geopen het met die Merry Musical Comedy van CHAS HOYT.⁸⁰ Hierop het gevolg A Trip to Chinatown, A Chinese Honeymoon, The New

Mephisto en The Telephone Girl.⁸¹ Al hulle vertonings was suksesvol en na hulle dansvertonings is verwys as 'the finest that has ever visited East London'.

Kort op die hakke van dié groep het mej. Barlow se London Company, bestaande uit uitstaande musikale komediante, sangers en akteurs, Oos-Londen van 26 Junie tot 1 Julie besoek, maar nie veel sukses behaal nie.⁸² Daar was glo wel 'n aantal stewige musikale items by die openingsopvoering, soos 'n orkes onder leiding van mnr. Chas Mercer, voortreflike sang deur mejj. Annie Leaf en Billie Barlow en mnr. Grand Fallows, en 'n manjifieke vioolvertolking deur mnr. Charles Israel⁸³ van 'n Hongaarse Rhapsodie, maar die komedie- en toneel-aspekte was van 'n minderwaardige gehalte.⁸⁴

Uiteenlopende kwaliteite was teenwoordig in twee aanbiedinge in 1902.⁸⁵ Op 18 Julie het lede van die Nobel and Pollard's Australian Comedy 'lyric song and comic' aangebied, wat bestempel is as 'a new departure in musical entertainment in this town', terwyl prof. Anthony, 'England's celebrated conjurer illusionist and expert sleight of hand artist', op 24, 25 en 26 November in die stadsaal opgetree het saam met mej. Ethel Collinge (mezzo-sopraan) en mnr. Charles Steward (bariton).

5.2.4 Samevatting

Betreklik veel is aan plaaslike vermaaklikheidsgangers aangebied; vanaf 'n 'exceptionally good harpist' tot klepelklokspelers is in hierdie plooibare medium aangehoor. Lighartigheid en verskeidenheid was vanselfsprekend belangrike elemente van dié aanbiedinge, maar musiek het in vele gevalle ook sy regmatige aandeel gehad. So byvoorbeeld het die spel van die Russiese pianis Ivan Truegold, die voordragte van die Payne-familie, die spel van die Weense Damesorkes en die sang van die Amerikaanse Jubilee Singers sekerlik bygedra tot musikale bevrediging.

Slegs by uitsondering het dit gebeur dat meer as drie of vier aanbiedinge per jaar plaasgevind het (1892, 1895). In die orige tydperke het daar òf lang tussenperiodes voorgekom waarin geen bedrywighede plaasgevind het nie (byvoorbeeld 1886 tot 1890), òf periodes waarin slegs enkele aanbiedinge voorgekom het (byvoorbeeld een in 1882, een in 1883, een in 1896 en so meer).

5.3 OPERA 1872 - 1902

5.3.1 Aanbiedinge vl gesaaï 1872 - 1902

Net soos in die geval van verskeidenheidskonserte, het opera-aanbiedinge in Oos-Londen se wordingsjare wyd verspreid voorgekom en die klem op ontspanning en blyspele laat val. Die eerste opera-geselskap wat Oos-Londen besoek het was die Harvey-Turner Opera Company, wat skouburggangers in Maart 1876 trakteer het op 'n aand van danse en sang.⁸⁶ Op die program was onder meer 'General Tom Thumb, the smallest man in the world', wat 'n paar gewilde liedere en danse uitgevoer het. Sy optredes het die gehoor oorrompel, maar beslis nie 'n indruk op die resensent gemaak nie:

This diminutive being was sent on to the stage six consecutive times, and we feel sure the poor little fellow must have been as fatigued as the audience were tired of him. The less said about his singing, the better.

Die orige sangitems was egter 'really good' en die groep het Oos-Londen weer in Oktober besoek.⁸⁷

Die Vesalius-Operageselskap se opvoering van SULLIVAN se HMS Pinafore, gedra deur die Vesalius-susters se spel en sang wat oorfloedige sjarme en charisma geprojekteer het, het daarenteen in Junie 1881 artistieke waarde bevat.⁸⁸

'n Komies-georiënteerde geselskap, die Carysfort Company, het Oos-Londen in Augustus 1882 besoek.⁸⁹ Hulle aanbieding is oorheers deur die sang van mej. Gertrude Carysfort, 'n dame wat haar stem na willekeur 'from a powerful and high soprano to a rich contralto' kon variëer. Tydens hulle besoek is ADOLPH ADAMS se humoristiese opera The Swiss Cottage en GILBERT en SULLIVAN se Patience opgevoer.

5.3.2 Groter reëlmatigheid; klem steeds op ligte werke 1888 - 1897

Gevierde opera-geselskappe het Oos-Londen in die laat tagtigerjare en veral vanaf 1890 met groter reëlmatigheid besoek

en die tendens gehandhaaf van die vroeëre geselskappe wat die klem op ligte operas en blyspele laat val het.

Op Maandag 13, Dinsdag 14 en Donderdag 16 Februarie 1888 het die Searelle Opera Company van drie en dertig lede met sukses The Bohemian Girl, Die Mikado en Martha opgevoer.⁹⁰ Hul eerste vertoning is enigszins geaffekteer deur 'n ongemaklike reis en landing:

Some members of the chorus had a look on their faces which was certainly suggestive of the ocean waves, which had behaved none too well at the time of their landing, but there was a fine body of sound notwithstanding.⁹¹

Vervolgens het die Verdi Opera Company, bestaande uit 'the finest operatic talent in South Africa', Oos-Londen op 17 tot 19 Julie 1890 besoek met opvoerings van Maritana, A Comical Countess en Doctor of Alcantara, laasgenoemde twee werke albei op Vrydagaand 18 Julie.⁹² Die laaste aand was 'n Grand Volunteer Night. Hierdie geselskap se musikale versorging was puik. Hulle het Oos-Londen weer op 1, 2 en 7 Augustus besoek met opvoerings van die musikale drama Fanchon, The Royal Middy en GOUNOD se Faust.⁹³ Laasgenoemde werk het die gebrekkige fasiliteite van die Mutualsaal aan die kaak gestel:

Of course it was not to be expected that an opera of the magnitude of Faust could be staged to perfection, with the many drawbacks to be found in a small hall and with so few stage appurtenances.

Onder die titel The Sandiford Opera Company, het die groep Oos-Londen weer in November en Desember besoek met opvoerings van Les Cloches de Corneville, Gondolier, Dorothy, HMS Pinafore en The Little Duke.⁹⁴

Kort na die geslaagde uitvoerings van die Sandiford-geselskap het die English Comic Opera Company onder die direksie van mnr. Wheeler en Reid Oos-Londen in Februarie 1892 besoek met opvoerings van die operas Maritana en La Mascotte.⁹⁵ Hierin het die klem op ontspanne, ongekompliseerde humoristiese teks en sang geval. Mej. Lillian Standbridge van die Sandiford-geselskap het by hierdie groep aangesluit en

is gelukkigwens met haar 'artistic excellence' in Maritana.

Die klem op ligte vermaak is in Mei 1893 voortgesit toe 'n operageselskap suksesvol die operas La Mascotte, Falka, Princess Ida, Die Mikado en Iolanthe opgevoer het.⁹⁶

Op Saterdag 15 Junie 1895 het die King William's Town Orchestral Society met 'the Pick of the Musical Talent of that Town' die gewilde HMS Pinafore in die Mutualsaal opgevoer.⁹⁷ Gunstige indrukke is oor hul vertoning, wat deur 'n groot opkoms gekenmerk is, gepubliseer - 'their work taken as a whole was excellent'. Die wangedrag wat sporadies 'n ergernis by opvoerings was, het weer sy kop tydens dié opvoering uitgesteek en die euwel is in geen onsekere terme nie deur 'n ontstoke lid van die publiek aangeval:⁹⁸

Nervous writes: The thought occurred to me when witnessing the performance of HMS Pinafore of the King William's Town amateurs that it would in future, be found a profitable investment on the part of the public entertainers to give three or four powerful policemen free admission into the gallery, the only return to be given by the police being the forcible ejection of any rowdy and objectionable element. The noise and disturbance created by some of the angelic creatures in that part of the house were at times extremely unbecoming and vexatious, besides being distracting to the orchestra and the persons on the stage. People who cannot conduct themselves in a proper and seemly manner should stay away from places of public amusement. I trust the hint will be sufficient, and that on the next occasion better conduct will be observed.

Die ondernemende King William's Town Orchestral Society het vervolgens op Saterdag 27 Junie 1896 met 'n 'powerful cast' en 'n 'full orchestra' The Pirates of Penzance in die Mutualsaal opgevoer.⁹⁹ Puik sang en toneelspel en 'n 'eccentric dance' het die gehoor betower, terwyl die spel van die orkes bo verdenking was. Die resensent van die Standard het die Daily Dispatch se indrukke onderskryf en die koor as 'excellent', die kostumering as 'fascinating' en die orkes as 'a credit to King William's Town' bestempel.¹⁰⁰

Twee volgende aanbiedinge in 1896 en 1897 is deur ondersteunende items gekenmerk. In September 1896 het mme. Amy Sherwin 'and her unrivalled English Opera Company' Oos-Londen getrakteer op 'n potpourri van Miscellaneous Selections

and Scenes uit die eerste en tweede bedrywe van FLOTOW se Martha¹⁰¹, terwyl die opvoering van GOUNOD se tweebedryf-opera Philémon et Baucis deur 'n geselskap van mnr. Luscombe Searelle deur 'n kort konsert voorafgegaan is.¹⁰² Laasgenoemde aanbieding se hoogtepunt was die 'magical singing' van mme. Fanny Moody.

Onder leiding van dieselfde mnr. Searelle het die London Opera Company 'n operaseisoen op Maandagaand 16 Augustus 1897 in die Mutualsaal met The French Maid voor 'n volgepakte saal geopen.¹⁰³ Daar was 'n voortreflike rolverdeling van dertien prominente karakters, aangevul deur 'n groot getal byspelers in 'ample chorus work for a bevy of French Chambermaids, a squad of British stars and others'. Die musiek was 'bright and sparkling' en verskeie van die liedere en kooritems is uitmuntend aangebied, maar die afwesigheid van 'n volle orkes is betreur en daar is slegs van klavierbegeleiding gebruik gemaak. Hul volgende werke op 17 tot 19 Augustus was Bonnie Blue Boy, Dorothy en La Mascotte.¹⁰⁴ In Oktober het die geselskap die musiekblyspel A Pantomime Rehearsal en die 'celebrated sketch in one Act' A Merry Madcap, opgevoer.¹⁰⁵

Ná 'n aanvanklik onseker begin het besoekende operageselskappe Oos-Londen dus veral vanaf 1890 meer gereeld besoek en ongetwyfeld bygedra tot die streling van skouburggangers se voorkeur aan identifiseerbare melodieë ('catchy tunes'), humor-situasies en ongekompliseerde tekste.

5.3.3 Jeuggeselskappe 1898 - 1901

Gedurende die periode September 1898 tot Mei 1902 is skouburggangers meermale vermaak deur die opera-opvoerings van twee kindergeselskappe, die Lilliputians en die Australian Juveniles. Albei het groot sukses in Oos-Londen behaal en die volgehoue, entoesiastiese ondersteuning wat hulle te beurt geval het, was 'n duidelike bewys dat die publiek tuis gevoel het in aanbiedinge van oppervlakkige, vermaaklike aard.

'n 'Crowded house' was teenwoordig by die openingsopvoering van die Lilliputian -geselskap wat op Maandagaand 12 September 1898 die opera La Mascotte met 'swing and vim' aangebied het.¹⁰⁶ Die opvoering 'fairly captivated the audience'. Dit was duidelik dat geen steen onaangeroer gelaat is om die toneeldekorasies, kostumering en verhoogbykomstigheid artistiek en 'even lavish' voor te stel nie. Willie Stuart, as die Duke of Piombino 'convulsed the house', terwyl die 'dancing in the first act' en die 'evolutions in the second act' hoogs bevredigend was. 'Packed houses' het ook die res van die opvoerings gekenmerk en daar is besluit dat hulle nóg 'n week sou vertoef. Die resensent van die Standard was net so gaande oor die gehalte van die geselskap en het ná die bywoning van vier opvoerings verklaar:¹⁰⁷

It is not always that realisation is better than anticipation, especially when it has reference to a much-boomed company of whom one receives glowing accounts from other centres previous to their arrival.

Op Saterdagagaand 17 September is 'n 'packed house' weer aange-teken tydens die opvoering van die werk In Town waarin mej. Emma Pendleton se danspassies opspraak verwek het.¹⁰⁸ In die daaropvolgende week is die volgende werke voor groot gehore opgevoer: Boccaccio, Les Cloches de Corneville, The Princess of Trebizone, Pirates of Penzance, The Lady Slavy en Gentleman Joe.¹⁰⁹ In 'n oorsigtelike berig oor die meriete van die geselskap het die resensent die besoekers as volg aangeprys:

It may honestly be said that the Lilliputians have, by real merit and talent displayed, drawn large houses for a longer period than any other company which has yet visited this port. There has been a change of 'bill' every night for a fortnight, with the exception of last evening; and right throughout the pieces which have been staged have been worthy of the commendation of the most fastidious playgoer.

Ongetwyfeld het hierdie geselskap se besoek 'n opheffende invloed uitgeoefen, aangesien hulle daarin geslaag het om vir twee volle weke die belangstelling en entoesiasme van die publiek gaande te hou.

Daar bestaan geen twyfel nie oor die feit dat, afgesien van die feit dat jongelinge hulle op volwasse terrein gewaag het,

'n mengsel van humor, melodieuse musiek, prettige, aanvullige danspassies en visuele skoonheid 'n wenresep was. Die uitstekende bywoningsyfers was in elk geval 'n bewys van die publiek se sin in vermaaklikheid. Indien werklik gewigtige klassieke werke aangebied sou word, sou die prentjie heelwaarskynlik anders gelyk het.

Die uiters gewilde Lilliputians het Oos-Londen vanaf Maandag aand 30 Oktober 1899 vir 'n Grand Return Visit besoek waartydens die First Grand Production van A Gaiety Girl 'for the first time in East London' vir die eerste drie aande opgevoer is, opgevolg 'for three nights only' deur The Geisha ook 'for the first time in East London'.¹¹⁰ The Geisha het die kinders se spontaneïteit en aansteeklike entoesiasme nog beter gepas.¹¹¹ Hulle het nog langer in Oos-Londen vertoef met vier opeenvolgende vertonings van The Belle of New York, wat op Maandagaand 6 November 'n aanvang geneem het.¹¹² Hulle het Oos-Londen toe weer op Maandag 13 en Dinsdagaand 14 November besoek met twee opvoerings van die opera-komedie The Lady Slavey.¹¹³

Slegs 'n paar maande na die geselskap se besoeke is aangekondig dat 'n Australiese operageselskap by name Hall's Australian Juveniles, GILBERT en SULLIVAN se komiese opera The Gondoliers op 30 Mei 1900 in Oos-Londen sou opvoer.¹¹⁴ Sterre uit die Lilliputian-geselskap - jongheer. Willie Stewart en mejj. Elsie Norwood, Nellie Sheddon en Emma Pendleton - sou ook deel wees van hierdie geselskap. 'n Groot opkoms is tydens die eerste opvoering - wat weens verskeie omstandighede na 1 Junie verskuif is - ondervind, en 'n hoë standaard, waarin die jongheer. Stewart weer eens geskitter het, is gehandhaaf.¹¹⁵

Vervolgens het dié geselskap in die eerste week van Junie opvoerings van die werke Patience en The New Barmaid aangebied.¹¹⁶ Hierdie geselskap was op Dinsdag 31 Julie terug in Oos-Londen met 'n opvoering van die 'screaming musical comedy', Morocco Bound, waarna The New Barmaid op spesiale versoek weer op 3 Augustus opgevoer is.¹¹⁷ Opvolgend het

hulle in November die operas Go Bang en The Belle of New York opgevoer.¹¹⁸

Of ander sentra ook so 'n ophef van die Australian Juveniles gemaak het is nie bekend nie, maar dit is seker dat hulle besoeke wat met soveel geesdrif deur Oos-Londen ontvang is, 'n aansporing en inspirasie vir die groep moes gewees het. Teen die einde van 1900 was die gemiddelde Oos-Londense skouburgganger sekerlik al deurdrenk van hierdie groep se uitgelate dog eensydige opvoerings, wat sowaar op Dinsdagaand 6 Februarie 1901 weer op die planke was, hierdie keer met 'n opvoering van die musikale komedie The New Barmaid.¹¹⁹ Die groep se opvolgende opvoerings in Mei het bestaan uit The Red Hussar, The Belle of New York, Morocco Bound, An American Beauty, Go Bang, The New Barmaid, A Gentleman in Khaki, In Doll Land en Paul Jones.¹²⁰

Hierdie geselskap, en natuurlik die Lilliputians ook, het daarin geslaag om die belangstelling en geesdrif van oud en jonk oor 'n lang periode te prikkel. Dit het daarop gedui dat die gemiddelde Oos-Londen-musiek liefhebber en skouburgganger hom graag oorgegee het aan komedie met sprankelende 'catchy' airs en danse.

5.3.4 Twee geselskappe verbreek eensydigheid van jeuggeselskappe 1899 - 1902

Te midde van die talryke optredes deur die kindergeselskappe, het die steeds aktiewe King William's Town Amateur Musical and Dramatic Society op Vrydag- 17 en Saterdag 18 Junie 1899 GILBERT en SULLIVAN se The Gondoliers met groot sukses opgevoer.¹²¹ Hulle kon spog met 'n indrukwekkende orkes wat bestaan het uit twee eerste viole, vier tweede viole, een altviool, 'n tjello, 'n kontrabas, fluit, hobo, klarinet, fagot, eerste en tweede kornet, eerste en tweede horing, eufonium, timpani en klavier.

Die 'monopolie' van kinderkunstenaars is eers in September 1902 verbreek toe aangekondig is dat die gevierde D'Oyle Carte

Repertoire Opera Company - 'the original exponents of the GILBERT-SULLIVAN operas' - Oos-Londen vir 'n tydperk van twee weke sou besoek.¹²²

Op Maandag 22, Dinsdag 23 en Woensdag 24 September 1902 sou Utopia Ltd. of liewer The Flowers of Progress en op Donderdag 25 September 'and the following nights, the magnificent spectacular Fairy Opera', Iolanthe, of te wel The Peer and The Peri opgevoer word. Ander sentra het die geselskap hoë lof toegeswaai:¹²³

The public are reminded that the Cape Town press, after having the Company there for two seasons, extending over nearly four months, unanimously admit that this Company is the best, the most complete and evenly balanced that has ever presented operatic work in South Africa. This verdict was warmly endorsed in Kimberley.

Verder is die publiek die volgende oor die hoofspeelster meegedeel:

Miss. Jessie Huddleston, the principal soprano, has been very successful at the Lyceum and Drury Lane Theatres, and on extensive tours of the Provinces. Miss. Jessie Browning, the principal contralto had also a magnificent career at the principal theatres in London and elsewhere. The whole of the Company is composed of performers of the first water.

As prinses Zora was mej. Huddleston betowerend, terwyl mej. Browning in die rol van Lady Sophy, deur die kritikus geprys is as 'the finest contralto who has been heard in East London for a long time'.¹²⁴ 'n Hoogtepunt was die ongeleide Eagle High on Cloud and Soaring deur die koor, terwyl die orkes se spel groot bewondering afgedwing het en die kostumering van fyn beplanning gesprek het. Opvolgend het die geselskap ook nog Patience en The Rose of Persia opgevoer.

5.3.5 Samevatting

Operageselskappe het beslis aan die gemiddelde musiekliedhebber/skouburgganger se oorheersende behoeftes aan identifiseerbare melodieë, ongekompliseerde teks en intrige, humor en visuele genot voldoen. Hierdie feit is bewys deur die entoesiastiese opkomsie wat die geselskappe te beurt geval het. Die treffendste voorbeeld van die publiek se verknogtheid aan dié tipe aanbiedinge was die konstante toestroming

na die opvoerings van die kindergeselskappe, die Lilliputians en die Australian Juveniles. Tot vervelens toe is aanbiedinge wat maar basies dieselfde bestanddele, strekking en kwaliteite bevat het opgevoer, sonder dat daar enigsins 'n teken was dat die publiek se belangstelling in die aanbiedinge verflou het.

Uit 'n vermaaklikheidsoogpunt het die geselskappe 'n skitterende bydrae gelewer. Dit is egter te betreur dat, behalwe vir die opvoering van twee GOUNOD -operas, Faust in 1890 en Philémon et Baucis in 1897, geen operageselskap sy weg oop gesien het om 'n werk van meer gestandaardiseerde kwaliteit in Oos-Londen aan te bied nie.

5.4 BLAASORKESTE 1872 - 19025.4.1 Geen bedrywighede 1872 - 1885

Geen besoekende blaasorkeste het Oos-Londen in sy wordingsjare besoek nie.

5.4.2 'n Taamlik aktiewe periode 1886 - 1890

Vanaf 1886 was daar egter heelwat bedrywighede in hierdie genre te bespeur en was dit veral 'n aantal besoeke van orkesgroepe uit King William's Town wat verantwoordelik was dat dié genre so 'n bietjie aandag getrek het.

Die eerste besoekende blaasorkes wat in Oos-Londen opgetree het was die orkes van die Volunteer Artillery Corps van King William's Town, wat op Saterdagmiddag 24 April 1886 onder meer werke van WRIGHT, ROUND, NEWTON en NICOLAI voorgespeel het.¹²⁵ Geen gedetailleerde inligting is verskaf nie maar oorsigtelik is berig dat die aanbieding 'excellent throughout' was.

'n Periode van meer as twee jaar het verloop voordat, by monde van kapt. Carroll van die Kaffrian Regiment verneem is dat die blaasorkes van die Cape Mounted Rifles onderleiding van kapelmeester Goold, op 15 Desember 1888 in die Drilsaal sou optree.¹²⁶ 'n Toehoorderstal van etlike honderde het die blaasorkes met groot waardering aangehoor, in 'n baie geslaagde promenadekonsert.¹²⁷ Mnr. Goold het met groot doeltreffendheid gedirigeer 'and the music was rendered throughout in that singularly sympathetic manner for which the Band under Mr. Goold has become famous.'. Die bekende blaasorkes se program was as volg:

Koorgedeelte	<u>Preciosa</u>	WEBER
Ouverture	<u>Zampa</u>	HEROLD
Minuetto		BOCCHERINI
Eufoniumsolo	<u>Et Varié (Nach der Heimath)</u>	HARTMANN
Keurspel	<u>Faust</u>	GCUNOD
Wals	<u>Casino Tänze</u>	GUNG'L
Keurspel	<u>La Traviata</u>	VERDI
Beskrywende werk	<u>Echoes of the Forest</u>	REIDEL

Verblydend was die feit dat werke van klassieke kleur ingevoeg is. Op Sondagmiddag 16 Desember het die uitmuntende ensemble toehoorders op bekoorlike keurspele en werke geba-seer op Skotse wysies in die Commercial Square vergas en hartlike dank is aan mnr. Goold oorgedra vir die feit dat Oos-Londen bevoorreg was om die 'finest band music of which the Colony can boast' aan te gehoor het.¹²⁸ Teen die einde van 1890 het hiërdie ensemble weer 'n wyle in Oos-Londen ver-toef, en toehoorders op Dukersaand in Queenspark op skitter-spel vergas.¹²⁹

Die aktiewe musici van Oos-Londen se naburige dorpie, King William's Town, het weer op Saterdag 9 Oktober 1897 vir 'n skitterende vermaaklikheidsgeleentheid gesorg toe instrumen-tale solo's, trio's, en kwartette deur lede van die orkes van die Middlesex Regiment uitgevoer is.¹³⁰ Triestige weers-omstandighede het 'n groot opkoms verhoed, maar die min of meer sewentig braves wat wel teenwoordig was, 'were amply rewarded in listening to the excellent musical fare pro-vided by the popular band conducted by Bandmaster Imbusch'. 'n 'Stringband' het as 'n orkes opgetree terwyl die militêre blaasorkes self die fantasie Eric gedurende die pouse voorgespeel het. Benewens voortreflike individuele items het ses orkeslede en hul dirigent in die tweede helfte die humoristiese musikale skets Village Musicians met groot sukses deurgevoer.

5.4.3 Weer eens geen aktiwiteite 1891 - 1898

Tot en met 1898 was die besoekerslys in soverre dit blaas-orkeste betref 'n ronde nul.

5.4.4 Hernieuwe oplewing 1899 - 1902

Vanaf 1899 het daar egter hernieuwe oplewing ingetree. In Maart het die tweede Royal Berkshire regiment in Oos-Londen besoek afgelê tydens 'n toernooi wat op die ontspannings-terrein plaasgevind het.¹³¹ Dit is opgevolg deur 'n besoek

op Sondag 21 en Maandag 22 Mei deur die Queenstown Volunteer Band, wat op eersgenoemde datum gewyde musiek voor die Beach Hotel gespeel het, terwyl populêre musiekstukke op Maandagmiddag en-aand aangehoor is.¹³² Daarbenewens was daar ook die besoek van die King William's Town Guard Band op Sondagmiddag 1 Julie 1900, waar 'n groot toehoorderstal 'n hoogstaande program aangehoor het¹³³, opgevolg deur 'n Grand Evening Concert op Maandagaand 27 Mei 1901 deur die King William's Town Athletic Club Band.¹³⁴

Onteenseglik was 'n Grand Evening Concert wat op Saterdag 6 September 1902 in die stadsaal deur mnr. Theo Wendt georganiseer is, 'n hoogtepunt.¹³⁵ Tydens hierdie geleentheid het 'n strykkorps van die Royal Berkshire Regiment, wat onder leiding van mnr. G Dore fungeer het en op King William's Town gestasioneer was, 'n interessante program aangebied:

Duverture	<u>Semiramis</u>	ROSSINI
Simfonie	<u>Onvoltooide simfonie</u>	SCHUBERT
Duverture	<u>Guy Mannering</u>	BISHOP
Keurspel	<u>The Bohemian Girl</u>	BALFE
Wals	<u>Schatz</u>	STRAUSS
Mars	<u>God Save the King</u>	STRAUSS

Na byna elke item van hierdie groep het die gehoor op 'n toegif aangedring. Oor die insluiting van die Onvoltooide simfonie van SCHUBERT het die resensent hom as volg uitgelaat:

The programme was of a popular character, but lovers of so-called classical music were not forgotten, for the first half closed with the Allegro moderato and Andante Con Moto from SCHUBERT'S Unfinished Symphony. We confess that when we saw this item on the programme, we were a little dubious as to the result, but events proved that there was no need to fear an indifferent performance. The two movements were ably executed and afforded a musical treat such as we seldom have the chance of enjoying. The orchestra was well balanced and was most responsive to every sigh of the conductor, Bandmaster Dore, to whom is due the credit for the fine interpretation of the movements. All parts of the band did well, but in the Unfinished Symphony the wood-wind and the 'cellos were particularly good.

5.4.5 Samevatting

Uit die aard van die saak het blaasorkeste hulle toegelê op werke van gewilde aard en dus as vermaaklikheid groot sukses behaal. Die gebrek aan durf en inisiatief van Oos-Londen se eie musici in ag genome was die bekendstelling van die Onvoltooide simfonie 'n belangrike gebeurtenis. In sy geheel beoordeel het aanbiedinge in hierdie genre te sporadies plaasgevind om enigsins noemenswaardige invloed op die musiekaktiwiteite van Oos-Londen te kon uitoefen.

6 PLAASLIKE BLAASORKESTE 1872 - 1902

6.1 Blaasorkeste afwesig in Oos-Londen se wordingsjare

Volgens die afwesigheid van berigte het geen blaasorkeste gedurende 1872 - 1882 in die openbaar opgetree nie. Ná 1882 was daar sporadies blaasorkeskonsertere, wat weens die ligte aard daarvan goed ondersteun is. Teen ongeveer 1887/88 is promenadekonsertere ingestel waarin veral die regimentorkes dikwels gehoor is. Ook die spoorwegorkes het aanvanklik met sukses opgetree, maar vanaf 1890 is minder oor hulle berig. Die verslae het nie menings oor die gehalte van die uitvoerings bevat nie.

6.2 SPOORWEGORKES

6.2.1 Optredes sporadies 1882 - 1891

In April 1882 is vir die eerste keer melding gemaak van 'n East London Railway Band wat om 14h00 op 21 April by die Spoorweginstituut sou vergader vir hul eerste optrede.¹ Dit was 'n selfonderhoudende ensemble wat uitstekende vordering getoon het en hul totstandkoming is allerweë verwelkom.² Groot waardering is uitgespreek teenoor mnr. J Perry wat die leierspos van die orkes van twintig lede aanvaar het en daar is voorspel dat die orkes, ook bekend as die Railway Brass Band, se dienslewering vroeër of later hoë waardering in Oos-Londen sou geniet. Op bogenoemde datum het die orkes om die dorp gemarsjeer, by die Phoenix Hotel aangedoen, en daarna by die woning van die burgermeester, Mendelssohn se Musiekdepot en die lokomotiefsuperintendent se woning verbygegaan, waarna die orkeslede uiteen is. Dié historiese gebeurtenis is daardie aand met 'n ete afgesluit.

Die Phoenix Hotel is op Saterdag 8 Desember weer besoek, hierdie keer om die totstandkoming van die orkes in 1882 te vier.³ Die verrigtinge is in 'n gemoedlike stemming afgehandel:

Ample justice was done to the dinner, and the wants of the inner man being satisfied, the remainder of the evening was devoted to vocal and instrumental music, the band performing several selections with great precision and taste.

8eriggewing oor hierdie groep het selde voorgekom in die jare 1883, 1884 en 1885, en dit wil voorkom asof geen noemenswaardige vooruitgang gemaak is nie. Verblydend was dit egter om te verneem dat die ensemble op Saterdag 20 Februarie 1886 by die groentemark sou optree met die volgende program:⁴

Mars	<u>The Charmer</u>	SMITH
Lansiers	<u>Excellenza</u>	SCHALES
Wals	<u>Nearest and Dearest</u>	D'ALBERT
Fantasie	<u>Memories of Scotland</u>	NEWTON
Schottische	<u>Witchery</u>	SMITH
Wals	<u>Fairy Voices</u>	CROWE
Galop	<u>E L R</u>	WILLIAMS

Eers weer op Dinsdag 22 Maart 1887 het die spoorwegblaasorkes met kapelmeester Williams aan die stuur sy volgende konsert aangebied. Daar was 'n groot aantal toehoorders in die goedere-loods waar werke van onder andere NEWTON, BUCCALOSSI, CROWE en STRAUSS voorgespeel is.

Soos die regimentorkes, het die spoorwegorkes deelgeneem aan die Jubileumviering wat op 23 Junie plaasgevind het.⁶ Die suksesvolle poging is opgevolg met 'n ewe geslaagde promenadekonsert en 'n dans in die Mutualsaal op 5 Augustus wat aangehoor is 'with every sign of satisfaction'.⁷ Die volgende werke is aangebied: 'n Mars van DAWSON, Quadrille Majestic van LYTON, Reminiscences of Wales van GODFREY, 'n wals uit die Mikado van BUCCALOSSI, 'n Mazurka van COOK en 'n wals, Soldata Leider (sic!) van STRAUSS.

Volgende optredes was eers weer in April en Mei 1889 op die Wesbank waar die inwoners in 'great force' hul opwagting gemaak het, en waartydens die orkes puik spel gelewer het.⁸ Ook tydens 'n publieke skole-sportbyeenkoms op die ontspanningsgronde op Saterdag 22 Mei het die orkes flink vertoon in komposisies van NEWTON, SMITH, RIPLEY en WILLIAMS.⁹

Ten spyte van die feit dat die ensemble volgens berigte in musikale opsig vooruitgang getoon het, het opvolgende optredes bestaan slegs uit twee keurspele wat aangebied is tydens 'n toneelaand in September 1880¹⁰, optredes in April 1891 by die stasie¹¹, en in Oktober 1891 waar hulle die regimentorkes ondersteun het tydens Hospitaal-Sondag.¹²

6.3 DIE KAFFRARIAN REGIMENT-ORKES

Enkele optredes

Die eerste aktiwiteite van dié blaasorkes van die plaaslike regiment, die Kaffrarian Rifles, is in Mei 1885 aangeteken toe hulle behulpsaam was by 'n dramavereniging se Variety Entertainment op Saterdag 2 Mei.¹³ (Kyk ook Bylae B, p. 704.)

Benewens enkele optredes in die markskuur¹⁴ en op die strand¹⁵, het die orkes in Julie 1886 by die inhuldigingsplegtigheid van die nuwe baggerboot Lucy opgetree.¹⁶ 'n Aantreklike program is aangebied waaronder 'n komposisie van die kapelmeester, HOWE, wat hy Lucy genoem het. Daarbenewens het die orkes ook nog 'n promenadekonsert ten bate van die Ladies' Benevolent Society op Saterdagmiddag 2 Oktober gegee.

Tydens die herdenking van die koningin se verjaarsdag op 24 Mei 1887 het die orkes in die publieke tuine opgetree met 'n program wat bestaan het uit marse, polkas, walse, keurspele en fantasias.¹⁸

Promenadekonserte 1887

Vanaf 1887 is promenadekonserte gereël. Hulle is meesal met jolige danse afgesluit. Aan hierdie aanbiedinge, wat gewoonlik in die Drilsaal plaasgevind het, het die regimentorkes sy volle samewerking verleen. Op Saterdag 8 September 1888 was 'n aanskoulik verligte Drilsaal vir so 'n promenadekonsert gevul met 'n groot getal geesdriftige toehoorders.¹⁹ Keurspele is gunstig ontvang, maar die voortreflike spel van die blaasorkes was nie die hoogtepunt van die aand se verrigtinge nie:

After the promenade a selection of dances followed, in which even more interest was taken than in the preceding music, and the whole passed off very satisfactorily.

In verskeie van hierdie aanbiedinge is die plaaslike orkes deur die King William's Town Volunteer Artillery orkes bygestaan.²⁰

6.3.1 Momentum 1890 - 1894

Vanaf 1890 het die orkes se bedrywighede merkbaar toegenem. Die jaar 1890 is op 'n hoë noot ingelui met 'n aantal keurspele tydens die besoek van sy eksellensie die goewerneur en lady Loch aan Oos-Londen op Dinsdagmiddag 4 Februarie²¹, terwyl die regiment- en spoorwegblaasorkeste gesamentlik op Woensdagaand 5 Februarie om 20h30 tydens 'n waterkarnaval op die Buffelsrivier tussen die ponton en die pont opgetree het.²²

In April is nog 'n promenadekonserter aangebied, wat gevolg is deur 'n soortgelyke aanbieding op Saterdagmiddag 24 Mei in die Mutualsaal ter ere van die koningin se verjaarsdag.²³ Die bywonig was 'very considerable'. Serst. McAllister het 'n eufoniumsolo uit die keurspel Gemma de Verqy van DONIZETTI met besondere welslae voorgespeel, terwyl twee walse deur die orkes voorgespeel, Belle Myra en Lily of the Valley (met 'n Andante-beweging in saamgestelde tweeslagmaat), 'elegant pieces of execution' was.

Op die aand van 30 April het die regimentorkes onder leiding van kapelmeester Howe na die woning van burgemeester Rees gemarsjeer.²⁴ Op die veranda, wat met sjinese lanterns verlig was, is 'n 'capital selection' gelewer. Dit moes 'n skouspelagtige toneel gewees het. Mnr. Rees het die hulde wat op hierdie wyse deur die orkes aan hom gebring is met groot waardering erken, en bygevoeg dat die publiek graag meer van die ensemble sou wou hoor.

Hierna het etlike aanbiedings in 1890 gevolg, onder meer op 2 Julie in die Queenspark²⁵, promenadekerke op 13 en 27 September²⁶, en 'n optrede by die Regatta op Maandag 13 Oktober.²⁷

Queenspark het hierdie bedrywige ensemble se belangrikste vergaderplek geword. Die skulddelging op ysterstoele wat in 1890 vir publieke gebruik in die park aangekoop is uit fondse van promenadekonserte wat tydens daardie jaar gehou is, was die finansiële oogmerk van promenadekonserte wat op Saterdag 16 Mei en Saterdag 15 Augustus 1891 aangebied is.²⁸ Laasgenoemde konsert het benewens 'n aantal ouvertures ook walse, marse en 'n fantasia Athalie uit MENDELSSOHN se War March of the Priests ingesluit.

Hospitaal-Sondag is in Oktober op toepaslike wyse gevier toe die blaasorkes sy dienste gratis aan hierdie saak toegesê het, en dit was verder verblydend dat die spoorwegorkes ook deelgeneem het.²⁹ Die lofwaardige gebeure het sonder haakplek verloop:

On Sunday last considerable interest was manifested by the inhabitants in the celebration of Hospital Sunday. A procession of the local lodges of Foresters and Oddfellows, with the Wesleyan and Presbyterian Sunday School Children, and the band of the Kaffrarian Rifles under Mr. Howe, marched into the Public Park. Here a service was held, sacred music being played by the Band of the Kaffrarian Rifles and the Railway Band, and the congregation singing several hymns.

Nieteenstaande die feit dat die orkes gereelde uitvoerings gelewer het, was 'n nuwe intrekker in Oos-Londen in 1892 tog van mening dat meer van hulle gehoor kon word, en deur middel van 'n skrywe aan die koerant het hy die volgende voorstelle gemaak:³⁰

May I, through the medium of your columns, inquire why, possessing as it does a Band of more than ordinary talent, East London is not afforded more opportunity of hearing its music? It would surely not tax the band's powers to give a promenade concert once per week in the Park.

Music sounds very well in a dull shed, no doubt, but it would perhaps be better appreciated in the open air, where the public could enjoy its strains occasionally- New Comer

Hoewel sy pleidooi nie in die onmiddellike toekoms effek gehad het nie, het die orkes se aktiwiteite darem ook geen teken van agteruitgang getoon nie.

Tydens die jaarvergadering van die orkes in Januarie 1894 is 'n buitengewoon aantreklik 'ivory and gold baton' aan Fred Howe oorhandig uit dank en erkenning vir die waardevolle en doeltreffende diens wat hy vanaf 1886 as kapelmeester

gelewer het.³¹

Queenspark en die Drilsaal is die plekke wat die meeste deur die ensemble gebruik is vir die hou van hulle uitvoerings. In Februarie en Maart 1894 het die orkes egter ook die terrein van die Beach Hotel gebruik vir geslaagde uitvoerings.³² Benewens optredes by promenadekonserte - tydens een so 'n geleentheid in Augustus is onder meer WAGNER se Unter den Dopple Adler gespeel³³ - het die orkes in 1894 aan verskeie kerkparades³⁴ en die Hospitaal-Sondag op 7 Oktober deelgeneem.³⁵

'n Beuselagtigheid, naamlik die beskadiging van plantegroei in Queenspark tydens 'n konsert deur die orkes, het die stadsraad laat besluit dat verdere optredes in die park gestaak moes word. Met geregverdigde verontwaardiging het 'n belangstellende die saak by die redakteur van die koerant aanhangig gemaak:³⁶

The Town Council has settled that the band be not allowed to play in the Park. This is pretty rough. East London is not a lively town at the best of times, and just now it is a bit more dreary than usual, and the action of the Council will make it a woeful place indeed. The big array who looked forward with pleasure and rolled up like one man to hear the band play and enjoy the evening will be sadly dissappointed. Why should this be? The reason - to protect the growing shrubs - advanced to support this step is a flimsy one. There are no small trees that can be injured about the spot where the people gather to hear the music. If anybody desired to deliberately destroy flowers and plants in other parts of the Park, they could do so at any time of the day or night without being seen and as there is no evidence that any serious damage has been done at all, it seems that nobody desires to do any. Therefore, I am sorry that this has come to pass - Z A.

6.3.2 Insinking

Die orkes se bedrywighede het in 1895 merkbaar afgeneem en dit sou blyk dat gehoor gegee is aan die stadsraad se besluit om die park nie vir orkesspel beskikbaar te stel nie.

Fred Howe tree uit

In Junie 1895 het mnr. Howe, wat die pos as kapelmeester van die blaasorkes vir meer as tien jaar beklee het, besluit om die tuig neer te lê en is opregte waardering vir sy waardevolle dienste uitgespreek:³⁷

The admirable way in which the Band has been kept together during many ups and downs for this long period is very greatly due to the tact and energy of Mr. Howe and he retires with well-earned laurels.

Levy Howe nuwe kapelmeester

Kort daarna is berig dat mnr. Levy Howe die pos sou oorneem en die regiment is gelukkigwens met die aanstelling van 'so capable a musician.'³⁸ Onder sy leiding het die orkes voortreflike spel gelewer maar die aanbiedinge was maar yl gesaai.

Hierdie bekwame en veelsydige musikus, wat ook nog dirigent was van die koor- en orkesvereniging sowel as 'n kranige kornetspeler, het vroeg in 1896 sy slag gewys toe die regimentorkes saam met die verenigingorkes op Saterdag 8 Februarie opgetree het.³⁹ Onder sy leiding is die tendens voortgesit om amateurkragte saam te snoer. Tydens die koningin se diamantjubileum in Junie 1897 het die sangers mnr. Griffiths, Bastow, Dickie, Whipp en Travers voortreflike items gelewer. Die orkes het, benewens nasionale keurspele, ook 'n aantreklike mars van HOWE self, Diamond Jubilee, voorgespeel.⁴⁰ Promenadekonserte in Augustus is deur soortgelyke aanvullende items gekenmerk.⁴¹

'n Uitstaande orkespoging het op Saterdag 7 Augustus geskied, toe die serenade Don Pasquale en keurspele uit Bohemian Girl asook Dorothy voorgespeel is.⁴²

Geskil oor orkesverhoog

Ontevrede oor die plasing van die orkesverhoog en die sporadiese optredes van die orkes, het 'n sekere Musicus deur

middel van 'n skrywe aan die Standard 'n aantal voorstelle aan die stadsraad voorgelê.⁴³ Hy het voorgestel dat die 'ornament in Queenspark' (dit wil sê die orkesverhoog) van groter nut sou wees as dit nader aan die dorpsentrum geplaas sou word, byvoorbeeld op Victoriaplein. Dan sou die orkes gevra kon word om twee keer per week op te tree, en die fondse om orkeslede te betaal kon verkry word deur lidmaatskap en 'n skenking deur die stadsraad.

Musicus se skrywe het onmiddellik ondersteuning uitgelok en beide Progress en Go Ahead (twee skrywers wat op sy voorstelle gereageer het) het ook gepleit vir meer optredes deur die orkes.⁴⁴ Daarbenewens het Go Ahead ernstig gepleit vir 'n nuwe orkesverhoog:

The present Bandstand is, I think, an eyesore and disgrace to all the inhabitants of this thriving town, and when visitors from up country ask innocently how often the Band is there, it is very humiliating to have to reply that they have not played there for years.

Verder was Go Ahead van mening dat 'n verskuiwing van die orkesverhoog na 'n meer publieke punt 'n goeie skuif sou wees, maar het gevoel dat die markplein die aangewese plek was. Progress daarenteen was van mening dat die orkesverhoog nie verskuif moes word nie en dat optredes in Queenspark hervat moes word:

it is a very good situation at present as there is both accommodation for seating the public as well as a promenade.

6.3.3 Positiewe gebeurlikhede

Her-oopstelling van parke en Sondagoptredes

Na Julie 1898 het 'n aantal positiewe gebeurlikhede daartoe gelei dat die orkes meer effektief kon fungeer. Nie alleen is die park weer vir openbare optredes oop gestel nie, maar die ensemble is ook toegelaat om op Sondag daar op te tree.⁴⁵

Om 15h30 op Sondag 14 Augustus het die orkes ná 'n lang afwesigheid weer in die park opgetree, en onder meer 'n deel uit

MOZART se Mis no. 12 voorgespeel.⁴⁶ Die pragtige opkoms was 'in itself a demonstrative and most emphatic approval of the action of the Town Council in giving permission for Sunday music in the Park'. Ook was die gedrag van die skare onberispelik, sodat slegs 'light' takies deur die toesighoudende konstabels verrig moes word. Die gebruik van Sondagmiddagkonserte het sy oorsprong twintig jaar vantevore in Engeland gehad en die verslaggewer kon nie verklaar waarom die gedagte nie eerder in Oos-Londen posgevat het nie. Die instelling het in Engeland nie sonder protes van kerkliggame tot stand gekom nie:

There are doubtless many in East London who can remember the great objection the too-zealous religionists had to such an innovation. Church and Chapel alike metaphorically lifted up their eyes and hands in holy horror at such an idea.

Wat die uitvoering self betref, was dit duidelik dat die ensemble onder kapelmeester Howe in veilige hande was. Spel van 'admirable precision and harmony' is gelewer. Voortspruitend uit hierdie optrede het 'n Lover of Music 'n ernstige pleidooi gelewer vir die oprigting van 'n nuwe orkesverhoog:⁴⁷

Allow me, through the medium of your journal to suggest the next best thing for some generous and progressive gentleman (or gentlemen) to place in our most beautiful park a 'properly built' iron band rotunda. It would be both ornamented and useful. I am quite sure the bandmaster of the Kaffrarian Rifles Band (besides others who are capable of judging) will agree with me when I say that the disused 'tool shed' which his band played in on Sunday last is 'not' conducive to good music, and it is not encouraging to any amateur band to play in such an outrageous building. I will not monopolise any more of your valuable space, but will conclude by asking some of our townsmen (who are better able to arrange it than I) to take this matter up and see what can be done to provide such a rotunda as above described.

Eerste buitelugkonsert

'n Besliste hoogtepunt was die orkes se eerste buitelugoptrede op Kersaand 1898, toe om en by eenduisend-vyfhonderd mense op die strand saamgetrek het om die orkes aan te hoor wat hulle beste voet voorgesit het, 'and their best is good'.⁴⁸ Die sukses wat hierdie konsert behaal het

is in 'n skrywe aan die nuusblad beklemtoon, maar weer is 'n ernstige beroep op betrokkenes gedoen om toe te sien dat hul optredes moes toeneem:⁴⁹

Permit me to pay tribute to the praiseworthy performance of the band of the Kaffrarian Rifles, upon the Beach on Saturday, which was indeed a brilliant success, and enabled several hundred residents and visitors to spend a very pleasant evening. The entire programme was excellent, but to those who are familiar with that most exquisite of opera's - The Geisha - the selections rendered, must have come as a very welcome surprise.

Now that they have favoured us with one open air concert, and several others are promised, I sincerely trust that some arrangement can be arrived at, whereby we shall be favoured with them throughout the summer months; and in expressing this wish, I feel sure that I am only re-echoing that of all true lovers of music.

Trusting you can find space for this well-deserved compliment to a band which East Londoners are justly proud of - Halle

Hierdie ensemble het onder leiding van Levy Howe van krag tot krag gegaan met 'n promenadekonsert op Woensdag 28 Desember op die ontspanningsgronde⁵⁰, 'n promenadekonsert op Donderdag 29 Desember voor die Beach Hotel⁵¹, en 'n Open Air Concert op Saterdag 31 Desember voor dieselfde hotel⁵².

Wyer publiek betrek

Nie alleen het die orkes in 1899 met groter reëlmatigheid uitvoeringsgegee nie, maar ook hulle optredes uitgebrei na die Wesbank, die skougronde en die Beach Hotel en sodoende 'n wyer publiek betrek.⁵³

Hulle pogings het egter soms ook die wind van voor gekry, soos blyk uit 'n sekere Billy Snooks se verontwaardige uitlatings wat in Augustus aan die koerant gerig is:⁵⁴

OH! THAT BAND

What in the name of goodness is the use of having a so-called military band in town if on important occasions it cannot or will not play suitable music. This has happened several times lately, that the music supplied by this band has been out of harmony with the objects of a meeting. One hears the same old pieces in which the drum and a few brass

instruments, in a manner of speaking, run the show. Last night we waited in vain for the Girl I left behind me, Auld Lang Syne, and such like. We're all Britishers this end, and, as Kipling says, 'we know each others opinions without opening our minds' - so let the band buck up and practice English music. That is good enough for me and all the rest of us, and when our plucky lads go off to the front let us send them off in the good old English style.

6.3.4 Aktiwiteite gering tydens Anglo-Boereoorlog 1899 - 1902

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die aktiwiteite van die ensemble beperk:⁵⁵

We understand that the Band of the Kaffrarian Rifles having given up their band-room for military hospital purposes, they are now in want of a suitable place to practice in. As half the band is at the front on active service, a large place is not necessary. If there is any firm or gentleman with a suitable room or space at their disposal, kindly communicate with the Bandmaster (Mr. Levy Howe) as soon as possible. If a rental is wanted, please name the sum. Practices are to commence about the third week in January, 1900.

Die oorlogsomstandighede het egter tot gevolg gehad dat die voornemens nie ten uitvoer gebring is nie, en behalwe vir 'n geleentheidsblaasorkessie wat in Oktober en November 1900 voor die Beach Hotel opgetree het⁵⁶ en in Mei 1901 by die Buffelsrivier⁵⁷, het daar geen optredes in die tydperk Januarie 1900 tot April 1902 plaasgevind nie. Die lang stilswye is verbreek toe in Mei 1902 berig is:⁵⁸

Those who happened to be passing the music room adjoining the Drill Hall last evening, were treated to some very fine interpretations of music of the best masters by the band of the Kaffrarian Rifles, who are practising for the approaching Coronation festivities. Mr. Levy Howe wielded the baton, and the volume of melody which filled the air was such as would do credit to any body of musicians. The band will be one of the delights of the celebration.

Hierdie kroningsplegtigheid van koning Edward VII sou op Donderdag 26 Junie plaasvind.⁵⁹

Dit kom voor asof aktiwiteite nou op 'n vaster voet geplaas is, en kort daarna is op Saterdag 12 Julie 'n Public Promenade Concert in Cambridge aangebied, waar werke van onder andere

HALL, BENNETT, HOLLOWAY, GOUNOD en TYRELL voorgespeel is.⁶⁰

Opvolgend sou 'n Open Air Concert op Saterdag 2 Augustus op die strand aangebied word 'near the tram terminus'.⁶¹ Oorspronklik was dit die plan om die orkes voor die stadsaal te laat optree, maar aangesien 'n komedietrio op daardie aand die stadsaal sou beset, is die vergaderplek na die strand verskuif.⁶² Oor die orkes se aanvanklike plan om voor die stadsaal op te tree, het 'n verontwaardigde skrywer die volgende teenargumente aangevoer:⁶³

We are all delighted to hear that East London is to have music on Saturday nights, but why is East London not using its Market Square for that purpose as all other towns do? The quiet spacious square would suit admirably for a promenade, and music there would not disturb any one. Whereas, if a band performs in the Town Hall porch, readers in the Library will find it very disquieting. Theatrical companies depend on Saturday nights for a good 'house', and they would not allow a band to 'discourse sweet music in the porch'.

Hierdie opelugkonsert van die blaasorkes is ruim ondersteun en 'n 'capital programme' is suksesvol deurgevoer.⁶⁴

Dit kom tog voor asof gehoor gegee is aan die skrywer se voorstel dat die blaasorkes op die markplein moes optree, aangesien die publiek in September ingelig is dat die orkes op Saterdag 20 September daar sou optree.⁶⁵ In geval van ongunstige weer sou die Drilsaal gebruik word.

Verdere konserte het op 22 November tydens die besoek van die Edward Nable Comedy and Concert Entertainment Group plaasgevind⁶⁶, en daar was ook optredes rondom die Kersgety⁶⁷.

6.4 WESBANK-BLAASORKES

Onder leiding van mnr. W F Lewis is 'n String Band van agt lede op die Wesbank tot stand gebring wat vroeg in Augustus 1893 'n aantal keurspele op die markplein voorgespeel het.⁶⁸

Kort daarna op Maandag 25 September, het 'n ensemble onder die naam West Bank Amateur Brass Band op die Wesbank opgetree en 'some 24 pieces' van verskeidenheidsryke aard aangebied.⁶⁹ Hierdie ensemble het uit dertien spelers bestaan, ook onder leiding van mnr. Fred Lewis. Heelwaarskynlik was dit die bestaande String Band wat deur blaasinstrumente aangevul is wat gelei het tot die veranderde betiteling.

Onder Lewis se leiding het dié ensemble onmiddellik die guns van die publiek verwerf en daar is voorspel dat dit sonder twyfel 'a great acquisition' gedurende die somersaande sou wees. Benewens promenadekonserte wat in November 1839⁷⁰ en Januarie⁷¹ en Maart 1894⁷² plaasgevind het, was daar geen verdere optredes nie. Dit dui waarskynlik daarop dat dit opgehou het om te bestaan.

6.5 Samevatting

Dat die blaasorkeste van die spoorweg en die Kaffraria-regiment 'n sinvolle openbare funksie verrig het, ly geen twyfel nie. Albei het openbare instansies soos die hospitaal deur middel van Hospitaal-Sondag ondersteun, en bydraes gelewer tot die jubileum-vierings. Daarbenewens het die regimentorkes, te midde van talryke promenadekonserte, die inhuldigingsplegtigheid van die baggerboot opgevrol, en aan kerkparades deelgeneem.

Albei orkeste het stadig op dreef gekom; die spoorwegorkes gedurende 1883 tot 1885 en die regimentorkes gedurende 1885 - tot 1889. Veral die spoorwegorkes het gesukkel, en reeds gou weer aan die einde van 1891 tot niet gegaan.

Die instelling van promenadekonserte in 1887 het 'n nuwe era van vermaak en ontspanning ingelei. Die aanbiedinge is doelbewus lighartig en populêr gehou, en aandag aan artistieke waarde was bysaak. Gevolglik het die verslae nie musikale meriete genoem nie en is die samestellings van die orkeste ook nie gemeld nie. Gewilde marse,

ouvertures, polkas, fantasias en beskrywende werke het die programme gevul en slegs by uitsondering is werke van erkende komponiste ingesluit.

Vir die algemene publiek was artistieke oorwegings in elk geval nie van belang nie en hulle talle skrywes aan die koerant het duidelik weerspieël dat hulle net belang gestel het in hoe dikwels die orkes kon optree, en waar dit vir hulle die gerieflikste sou wees om die optredes by te woon.

7 SKOOLKOORKOMPETISIE 1899 - 1902

7.1 INISIËRING

Die musiekinspekteur van die Kaapse Onderwysdepartement mnr. Frederick Farrington, was in 1899 die dryfveer agter die gedagte om 'n skoolkoorkompetisie in die Grensstreek te begin.¹ Skole van Oos-Londen en King William's Town sou om 'n Music Shield meeding. Skoolkoorkompetisies wat in ander sentra van die Kaapkolonie gehou is, soos Kaapstad en Port Elizabeth, het besondere aftrek geniet, en soortge-lyke reaksie is verwag van die 1,900 skoliere in Oos-Londen en King William's Town.

7.2 1899

Die skoolkoorkompetisie, wat aan die einde van September 1899 in King William's Town sou plaasvind - Oos-Londen en King William's Town sou die kompetisie beurtelings aanbied - sou die distrikte Oos-Londen, King William's Town en Peddie betrek.² Afgesien van die voorwaarde dat geen koor dertig stemme moes oorskry nie, is die volgende bepalings opgestel:

1. A prescribed piece - SNEDDON'S Bright Feet of May (CURWEN'S Choruses for Equal Voices, Nr. 313).
2. A two-part piece chosen by the choir. The piece proposed should be previously submitted to the Departmental Instructor for approval.
3. A unison sight-test, to be sung to laa after being sung once to Sol-fa syllables or any others.
4. A two-part sight-test, to be sung in the same way.

Judges not connected with any competing school will be appointed, and the prize will consist of:

1. The Challenge Shield, to be held until the next Competition by the school to which the winning choir belongs.
2. A medal to be presented to the teacher of the choir.

3 A book to be presented to each member of the choir.

Entries must reach the Town Clerk, King William's Town, not later than 31st August, and must be accompanied by three copies of the piece chosen by the choir.

Die mededingende skole met hul eie keuses sou wees:

English Branch (Dale College), Sleep Pretty Songster; East London Girls, Whispering Hope; Poor School, Lovely Golden Day of Spring; Convent School, Speed my Bark; German branch (Dale College), Das Ahrenfeld; East London Boys, The Carnival.³

Kultuurverrykende gebeurtenis

Die eerste kompetisie wat in September in King William's Town plaasgevind het, was 'n kultuurverrykende gebeurtenis en die resesent van die Daily Dispatch het groot lof gehad vir die uitstekende sang van die skoolkore asook vir die entoesiasme van die burgemeesters van Oos-Londen en King William's Town wat die aankoop van die skild van £50 moontlik gemaak het.⁴ As beoordelaars het opgetree mnr. Hyde en Higgs. Mnr. Farrington is ongelukkig verhinder om teenwoordig te wees. Onder leiding van mnr. Williams het die Public School Boys-koor met uiters verdienstelike sang vorendag gekom, met die Kloosterskool van King William's Town in die tweede plek en die East London Girls-koor in die derde plek. Die sang van die seunskoor het beslis beïndruk:

From the opening bars it was evident to all to whom the Shield would go. The singing of the Public School boys was a revelation, showing what thorough training can do. Their precision and attack were perfect, and it was worth the whole journey to hear these boys' chaste rendering of The Carnival. They scored hands down in the sight-singing test, thanks to Mr. Williams' excellent training. And so the Shield was won and brought to East London.

7.3 1900

Vier skole, naamlik East London East Public School (Girls), Dale College English Branch, Dale College German Branch, en die kloosterskool van King William's Town, het in die daaropvolgende jaar om 20h00 op Donderdag 29 November in die stadsaal van Oos-Londen meegeding.⁵ Benewens die voorgeskrewe werk sir Arthur Sullivan se O Hush Thee my Baby, het die deelnemende kore ook 'n eie keuse voorgelê asook 'n een- en meerstemmige bladsangtoets. As beoordelaars het

opgetree mnre. Frank Hyde, D J Griffiths, Frank Emley en F Farrington. King William's Town se klooster-skoolkoor het verruklik en oortuigend die voorgeskrewe werk, asook hul eie keuse The Break of Morn voorgedra. Oos-Londen se meisieskoor was voortreflik in die voorgeskrewe werk, terwyl Dale College German Branch, se eie keuse - MENDELSSOHN se Naiglookoken und die Blumenlein - as 'extremely novel as well as charming' omskryf is. Ongelukkig het Dale College English Branch nie aan die verwagtings voldoen nie. Na lang beraadslaging is die kloosterskool as wenner aangewys, terwyl Oos-Londen se dogterskoor 'n medalje as troosprys gekry het. Ter afsluiting het mnr. Farrington 'n insiggewende en prikkelende bydrae tot die verrigtinge gelewer:

His Worship the Mayor then explained that Mr. Farrington would give an exhibition of reading by hand sign. The combined choirs were brought on the stage, and Mr. Farrington then showed this clever and novel method of conducting. The first exercise was on the dominant chord, the second introducing the mediants, and the third in 'la' only. The fourth test was that beautiful old hymn Gentle Jesus while the 5th and 6th were The Vesper Hymn and Home Sweet Home. The whole series of exercises were thoroughly enjoyed by the audience, who doubtless, found something instructive as well as amusing in watching Mr. Farrington's actions.

7.4 1901

Die verslag van die koorkompetisie van 1902 het terloops gemeld dat Oos-Londen se meisieskool die skild in 1901 verower het (kyk Deel I, p. 208). Die Daily Dispatch van die periode Oktober tot Desember 1901 is nie beskikbaar nie.

7.5 1902

In 1902 het die kompetisie op 31 Oktober in die stadsaal van Oos-Londen plaasgevind met die volgende deelnemende kore:⁶ East London East Public School (Girls), East London East Public School (Boys), East London Convent School, en Dale College English Branch, King William's Town. WHITTAKER se Winds, Gently Whisper was die voorgeskrewe werk, en as beoordelaars het opgetree mnre. D J Griffiths, W I Chapman en J Gilby Wiggins.

Die enigste besoekende skool het die kompetisie geopen en die verslaggewer was van mening dat dit 'n ietwat onregverdige prosedure was. Nietemin het hulle voortreflik vertoon. Sonder moeite egter het die East London Girls Public - die skildhouers - onder leiding van mej. Pearce hulself as gunsteling bewys. Hul vertolking van hulle eie keuse The Maybells and The Flowers was inspirerend en hulle is gekomplimenteer met die kwaliteit van hulle stemme. Die eie keuses van die ander kore was Sweet Bird of Spring deur East London Convent School, en The Carnival deur East London Boys Public School. Die besoekende skool se eie keuse is nie gemeld nie. Onderwyl die beoordelaars oor 'n wenner beraadslaag het, het mnr. Farrington al vier kore gelei in 'n genotvolle leersame aanbieding van 'hand-sign singing'. Die uitslag is onder luide applous aangekondig: East London Girls School as die wenner opgevolg deur Cambridge Road School (King William's Town), East London Convent en East London Boys' School.

Die verslag was besonder leersaam en krities-georiënteerd. Enkele indrukke oor die sang van die deelnemende kore was:

English Branch, Dale College, King William's Town: In the set piece there was a noticeable loss of pitch due no doubt to nervousness, and the tone sounded rather weak.

Boys' Public School, East London: This choir was well-balanced, and took the adagio in the set piece fairly well at the commencement, but they gradually quickened the time until the allegro passages became presto, and their intonation became indistinct owing to the speed, and in consequence lacked expression.

Girls' Public School, East London: The set piece was well sung, the quality of tone excellent and the expression good. The selected piece May Bells and Flowers (sic!) of MENDELSSOHN was well rendered, but in parts taken a little too quickly to admit of perfect intonation.

Convent School, East London: This is another well trained and balanced choir. Their performance of the set piece was the best item of the whole competition. The Unison sight test was fairly good, but the two part sight test seemed to be beyond their grasp and it is owing to the loss of marks in this item that they failed to get the second place.

7.6 Samevatting

Die instelling van 'n sangkompetisie vir die skoolgaande jeug was 'n prysenswaardige stap wat sekerlik bygedra het tot 'n groter waardering van musiek onder die jeug. Intensiewe persdekking, die betrokkenheid van talle ouers en onderwysers, bekwame, onpartydige beoordelaars en 'n gesonde kompetisiegees het van hierdie geleentheid van die min werklik betekenisvolle musiekgebeure in die Grensstreek gemaak. Nie alleen het die kompetisie vertolkingsbewustheid in die hand gewerk nie, maar het die bladsang en 'hand-sign'-toetse die skoliere se gehooropleiding bevorder.

Benewens die feit dat Oos-Londen elke jaar 'n paar skole ingeskryf het, was dit ook bemoedigend dat Oos-Londen se skole by drie van die vier geleentheid met die louere weggestap het.

Nóg 'n lofwaardige aspek van die kompetisie was die feit dat die verslae beredeneerd en objektief was. Hulle is sekerlik met aandag deur al die belanghebbendes bestudeer, en kon net lei tot meer kennis en 'n verhoogde standaard.

8 MUSIEKONDERWYSERS 1881 - 19028.1 Opvallende veelsydigheid

Nie alleen het die musiekonderwyserskorps in Oos-Londen onderrig in 'n mooi verskeidenheid instrumente aangebied nie, maar sommige het ook as individue besonder waardevolle kwaliteite openbaar. Veelsydigheid was waarskynlik nie altyd sinoniem met deskundigheid in die idiomatiese vereistes van alle instrumente waarin hulle onderrig gegee het nie, maar laasgenoemde feit het geensins afbreuk gedoen aan die belangrike diens wat hulle gelewer het nie. 'n Oorsig oor die onderwyserskorps in Oos-Londen, gedurende die jare 1881 tot 1902, wys bogenoemde feit duidelik uit.

'n Sekere mnr. J Hensworth het in September en Oktober 1881 geadverteer dat 'n Dancing Class op Woensdae tussen 7h30 en 10h00 in mnr. Brill se Assembly Rooms sou plaasvind.¹ Tariewe het blatante diskriminasie getoon:

Gentlemen, one guinea per quarter, one lesson 2s, Ladies Free!

Die plaaslike sangeres, Mev. Powell, het haar bereidwillig verklaar om leerlinge in sang en klavier te onderrig.² Sy was 'n produk van die Royal Conservatorium van Milaan en 'n student van signori Sangiovanni en Perrini, en het vervolgens by Buckingham-paleis en die mees prominente Europese operahuise konsertoptredes gegee. Informasie oor lesfooie kon op aanvraag by die Dispatch-kantore verkry word. Sy was bereid om onderrig by voorgenome studente se wonings waar te neem. (Kyk Deel I, pp. 4 en 5.)

In Augustus 1882 is Oos-Londen se musiekkorps deur die toetrede van professor Redevivus aangevul.³ Hy was gereed om 'n beperkte aantal leerlinge in viool, klavier, verskeie ander instrumente, sang en dans te onderrig. Ook was hy bereid om klaviere teen die helfte van die heersende fooie

te stem en boonop sou hy by balle, danse en partytjies behulpsaam wees en teen redelike vergoeding ook 'n orkes verskaf. Dié veelsydige professor se bevoegdhede is verder toegelig deur die aanspraak dat hy al twee en twintig jaar ondervinding in onderwys en stemmery gehad het, en die enigste persoon in Suid-Afrika was wat die viool in ooreenstemming met ou sowel as nuwe style kon onderrig.

In Desember het mnr. Hann aangekondig dat hy bereid sou wees om 'n beperkte aantal leerlinge in viool, harmonium en klavier te onderrig.⁴ Hy was beskikbaar 'opposite Mr. Frickels and above A R Attwell, Esq.'.

Die paar pas genoemde leerkragte is voorbeelde van die veelsydige musiekonderwysers in vroeë Oos-Londen. Gereelde toevoegings tot plaaslike musiekleerkragte in die tydperk 1883 tot 1884 het deurlopend bygedra tot die verskeidenheidsryke aanbod.

Mev. H Howard Browne het haarself bereid verklaar om musieklesse ná die eerste dag van Junie 1883 te behartig.⁵ So ook het herr Rabe, 'n professor in musiek en sang, die publiek meegedeel 'that he is at liberty to take a few more pupils for the new term, commencing the 1st of July'.⁶ In April 1885 het hy sy bekwaamhede as onderwyser meer spesifiek uiteengesit:⁷ leerlinge kon hulle aanmeld vir lesse in klavier, sang, viool, tenoorsang, tjello, kitaar en Bavariese siter. Klassegelde is as 'very moderate' beskryf.

Verder sou ene mnr. Humphrys-Jones 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van musiek in Oos-Londen lewer deurdat 'how to sing at sight'-klasse by hom aan huis gegee sou word.⁸ Onder die titel Elementary Singing Class sou bladsang elke Vrydagaand om 19h30 aangeleer kon word, en fooie was vooruitbetaalbaar naamlik 15s per sessie vir 'n tydperk van tien weke.

Mnr. A Barfield het hom in November as 'n onderwyser in klavier, viool, tjello en sang beskikbaar gestel.⁹ Leerlinge is genooi om gevorderde instrumentale klasse, elementêre vioolklasse of 'n vioolklas vir jongdames by te woon.

Onderriggelde en ander relevante informasie was by Mendelssohn se Music Warehouse, of by mnr. Barfield se woning in Parkstraat verkrygbaar.

Mev. John Edwards, 'n medaljehouer en 'n gekwalifiseerde onderwyseres van die Royal Academy of Music, Londen, het in Januarie 1884 bekend gemaak dat sy leerlinge in klavier, sang en harmonie sou inneem.¹⁰ 'n Latere kennisgewing in Augustus het gemeld dat haar fooi 15s per maand sou bedra¹¹, terwyl 'n advertensie in Februarie 1886 haar as 'n Professor of Music and Pianoforte Tuner betitel het.¹²

'n Dame met vyf jaar onderwysondervinding, mej. Welsford, het in 1885 aangekondig dat sy 'n dagskool by haar woning in Porterstraat sou open, waar Music, Painting, Wax and Paper Flower Modelling and Fancy Work onderrig sou word.¹³ Fooie was op navraag beskikbaar.

In die tydperk 1885 tot 1889 het 'n insinking ingetree en slegs 'n skrale drie persone het hulle by die bestaande taakmag van musiekdosente gevoeg. Eintlik net een van die nuwes, die orrelis mnr. Woodcock, het waardevolle diens gelewer. Mnr. Woodcock, 'late organist of Providence Place Chapel, Clekheaton, England', het geadverteer dat hy vanaf 1 Oktober 1885 'n beperkte aantal leerlinge vir klavier- en orrelonderrig sou inneem.¹⁴ Mnr. Woodcock het ook sang gelys as aspek van sy onderrigpektrum.

Met so baie en sulke veelsydige leermeesters in musiek oral in die dorp rond, is dit nie verbasend nie dat allerlei staaltjies die rondte begin doen het nie. Die volgende verhaaltjie is 'n voorbeeld:¹⁵

A Music Teacher starting out quite too early in the morning, lost his way in the dark and fell into one of those enormous holes in the roadway on the commonage across the Quigney. He arrived at his first destination greatly damaged, but has now got over it. Since then another professor of the pianoforte has had an ugly tumble from his horse, when riding in the suburbs, where the roads are very bad in some places, but he also is able to resume his avocation.

Vanaf 1890 het die toestroming van nuwe musiekonderwysers weer eens fluks toegeneem. Mej. Carrington, wat in besit

was van 'n eersteklas-sertifikaat van Trinity College en die Society of Arts, Londen, was begerig om 'n aantal musiekleerlinge teen redelike tariewe in te neem.¹⁶ (Sy het nie haar medium gespesifiseer nie.)

'n Mnr. F Gordon het in Julie 1890 aangekondig dat hy aand-klasse in Skotse en ander dansmusiek op die viool sou waarneem¹⁷, terwyl 'n ander besonder insiggewende aanbod deur ene W B Langford wat in Victoria-huis woonagtig was later in November aan Oos-Londen musiekliefhebbers voorgelê is:¹⁸

A class for Ladies and Gentlemen, for Light Singing and Voice-Training will meet every Wednesday Evening at quarter to eight at Homan's Hall (commencing Wednesday next 3rd December). The lessons will be in staff notation, with a short introduction in sol-fa. Subscription 5s monthly, in advance.

Hier was dus 'n gulde geleentheid waartydens liefhebbers van sang op sosiale vlak kon verkeer, maar ook tegelykertyd as ensemble musikaal verryk en georden kon word. Langford het belangstellendes verder ingelig dat die eerste byeenkoms in die Homansaal op Woensdag 7 Januarie 1891 sou plaasvind.¹⁹ Dit sou 'n 'open night' wees, 'and in addition to the usual practice, there will be a short lecture on the method'. Die gehoor sou genooi word om deel te neem aan die sang, en toegang sou gratis wees. 'n Latere berig het daarop gewys dat inskrywingsgeld 5s per maand sou beloop, vooruitbetaalbaar.²⁰

As gevolg van 'n gebrek aan genoegsame ondersteuning, het hierdie ambisieuse poging ongelukkig skipbreuk gely:²¹

Members please take notice that no fresh names having been received, the meetings will be discontinued for the present.

Mnr. Langford, 'n argitek van beroep, het hom egter nie van stryk laat bring nie en met hernieude moed in Augustus aangekondig dat 'n Singing Class vir dames en here op Dinsdagaand 1 September om 20h15 sou open.²² Die sangklas sou by sy kantoor in Oxfordstraat plaasvind. Geen verdere berigte oor dié voorneme is egter geplaas nie.

'n Jong dame wat uit Engeland geëmigreer het, het in September 1891 gemeld dat sy begerig was om 'n aantal leerlinge te ontvang

wat elementêre musikale onderrig verlang het.²³ Sy was bereid om sodanige onderrig by leerlinge se huise of enige , ander geskikte plek teen redelike terme te behartig. Sy kon by Victoria-huis gekontak word.

'n Inskrywing in Januarie 1892 het belangstellendes meegedeel dat 'n dame gereed was om 'n beperkte aantal leerlinge in te neem vir klavier en sang.²⁴ Nadere besonderhede kon verkry word deur 'n skrywe aan mej. Legg, Hanoverstraat, te rig.

Mnr. Slater, 'n Professor of Music, het in Oktober 1892 bekend gemaak dat hy onderrig in die volgende instrumente sou behartig: sang, klavier, viool, fluit en banjo.²⁵ Aangaande lesfooie kon professor Slater by die Royal Hotel gekontak word.

In die daaropvolgende jaar het 'n sekere mme. Bellingham wat pas in Oos-Londen gearriveer het, in 'n baie opsigtelike advertensie die volgende dansvorme aangedui wat deur haar onderrig sou word:²⁶

Ball-room dancing and elocution, Fancy Dances, Embrace Barn Dance, Pas de Quatre, Minuet, Cottilion, Cachuca, Sarantille, Flower Dance, Gavotti, Sailor's Hornpipe, Irish Jig, Highland Fling, and Skirt.

Daarbenewens was mme. Bellingham bereid om privaatleerlinge te onderrig in sang, klavier en Italiaanse mandolien, 'the latter being the most fashionable instrument in Europe at the present time'. Private onderrig in elokusie en dans was beskikbaar en belangstellendes kon haar persoonlik nader in Oxfordstraat regoor die Phoenix Hotel, of deur middel van 'n skrywe. Aanvullend is berig dat sy waardevolle ondervinding in Australië opgedoen het.

In November 1893 het ene mej. Clarke aangekondig dat sy bereid sou wees om 'n beperkte aantal leerlinge by hul wonings in klavier en sang te onderrig.²⁷ Fooie was op aanvraag by die Dispatch-kantoor verkrygbaar.

In Junie 1895 het ene mej. Eagan geadverteer dat sy bereid was om in klavier, harmonium, orrel en sang onderrig te gee.²⁸

'n Gesiene musikus van Parklaan, mnr. J Tryal Beavan, in 1870 in Engeland gebore en voormalige orrelis en koor-meester van die Bloemfonteinse katedraal asook grondlegger van die Bloemfontein Choral Society²⁹, is in Maart 1896 aangestel as koormeester van die St. John-kerk as opvolger van mnr. Rondeu wat Oos-Londen vir Colesberg verlaat het. Mnr. Beavan het sy opleiding by die Trinity College of Music, Londen, ondergaan en in 1892 na Suid-Afrika (Bloemfontein) geëmigreer. Hy was in besit van 'n ATCL-diploma asook 'n 'first grade certificate of the Society of Arts'. Daarbenewens het hy bovermelde eksamenliggaam se harmonie- en kontrapunteksamens met lof geslaag. Beavan sou onderrig gee in klavier, viool en sang. Aanvullend is daarop gewys dat hy boonop orrelis en koormeester van die Presbiteriaanse-kerk sou wees, asook koormeester van die Oos-Londen-koorvereniging.³⁰ Daarbenewens was hy bereid om deur middel van korrespondensie lesse aan te bied in musiekgeskiedenis met die oog op die teoretiese eksamens van Trinity College. In Julie 1897 het Beavan gemeld dat hy bo en behalwe bogenoemde lesse ook in die meer gevorderde grade van harmonie en kontrapunt sou onderrig gee, individueel of in klasverband.³¹ In die volgende jaar het hy aangekondig dat hy bereid sou wees om beginners teen verminderde tariewe te onderrig, belangstellendes in die harmonium aan te help, en boonop persone in sang en stemproduksie behulpzaam te wees - voorwaar 'n formidabele leermeester.³² Naas al hierdie bedrywigheede was Beavan ook nog die stigter van die Panmure Junior Singing and Instrumental Society, en het hul uitvoerings van die Speelgoed-simfonie van ROMBERG en VINCENT se kantate The Two cities, behartig.³³

Mej. Pike het die publiek in Julie 1897 ingelig dat sy bereid was om 'n aantal klavierstudente, verkieslik beginners, in te neem³⁴ terwyl in September berig is dat mev. Gordon-Townley, 'a first rate teacher of Music' met goeie getuigskrifte, studente op aanvraag sou onderrig.³⁵ Haar fooie was baie redelik en sy kon by Victoriahuis in Noordstraat gekontak word.³⁵

In Julie 1898 het mev. Collyer verklaar dat sy bereid sou wees om 'n beperkte aantal leerlinge in klavier en sang te onderrig.³⁶ 'n Mev. Turner het in dieselfde maand met 'n soortgelyke voorstel gekom, en sy kon op die hoek van Kerk- en Oxfordstraat om nadere besonderhede gekontak word.³⁷

In Augustus van dieselfde jaar het mej. Humphrey Reinet Villa van Southernwood, aangekondig dat sy bereid sou wees om leerlinge vir teoretiese en praktiese eksamens voor te berei³⁸, terwyl mej. Nicolay, 'n medaljehouer van die London College of Music, ook haar bereidwilligheid aangedui het om 'n beperkte aantal leerlinge in klavier te onderrig, alhoewel sy dit pertinent gestel het dat dit geen beginners sou insluit nie.³⁹

Mej. Beatrice Lloyd het in September 1898 adverteer dat sy as die houer van sertifikate van Trinity College en Kaapstad Universiteit, leerlinge in klavier sou onderrig.⁴⁰ In dieselfde maand het die gesiene musikus Franz Moeller, pas ná sy terugkeer van 'n oorsese studiereis, sy entoesiasme verklaar om in verskeie instrumente onderrig te gee:⁴¹

Mr. Franz Moeller having completed his studies at the Royal Conservatoires of Vienna and Brussels, is now prepared to give lessons for the Violin, Viola, Piano, Harmonium, Zither, Guitar, Mandola, etc. Also in Theory and Harmony. Pupils prepared for all Examinations. Communications may be addressed to Franz Moeller, care of C Moeller, Pianoforte Depot, Oxford Street, East London.

Omdat Moeller so 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van musiek in Oos-Londen gemaak het, word enkele besonderhede oor hom hier gegee: Franz Bernhard Migcod Moeller is op 22 Mei 1875 in Danzig, Duitsland gebore as die jongste seun van Carl Moeller.⁴² Sy vader was 'n goeie amateurviolis en streng op sy seuns se musikale opvoeding.⁴² Op sesjarige leeftyd het Franz met klavierlesse begin en 'n jaar later ook met die viool. Sy vader het hom by die beste beskikbare onderwysers laat les neem en self toesig gehou oor sy oefentyd. Toe hy tien jaar oud was, is hy na Berlyn gestuur om viool te neem by prof. Eberlein, wat op daardie stadium konsertmeester van die Koninklike operahuis in Berlyn was, en ook by die beroemde violis, Joseph Joachim. Terselfdertyd is die klavier nie afgeskeep nie en was sy onderwysers die komponiste

In Oktober 1898 het 'n 'first-class certificated Music Teacher on Piano and Organ' die wens uitgespreek 'to establish himself at East London' en 'n 'best and unsurpassable system (Messrs. Lebert and Stark, Professors at Stuttgart)' aangebied.⁴⁷ Diegene wat van hierdie aantreklike uitnodiging gebruik wou maak, is aangeraai om met 'R', by die kantoor van die Daily Dispatch, in verbinding te tree.

In Maart 1899 het mev. A Turner geadverteer dat sy bereid sou wees om sangklasse vir kinders waar te neem, en lesers ingelig dat haar fooie redelik was, en dat sy nog 'n paar vakatures vir sang- en klavierstudente gehad het. Geïnteresseerdes kon hul applikasies rig aan 'n adres op die hoek van Kerk- en Oxfordstraat.⁴⁸

In dieselfde maand het 'n dame in besit van sertifikate van die Universiteit van Kaapstad en Trinity College, mej. B H Lloyd, adverteer dat sy vakatures vir klavierstudente het en dat beginners teen 'n verminderde tarief kon begin.⁴⁹ 'n Mej. Vallé wou ook leerlinge in klavier, banjo en sang inneem, volgens 'n berig later in Maart.⁵⁰

Mej. Thorne, 'a pupil of the late Miss. Sarah Thorne and late of Daly's Avenue, and Gaiety Theatres, certificate RAM, Triple Eisteddfod Winner', was volgens 'n April-inskrywing bereid om 'n beperkte aantal leerlinge in sang te onderrig.⁵¹ Sy het haar ook vir oratoriumwerk, operas, konserte en At Home-konserte beskikbaar gestel, en belangstellendes kon 'n skrywe aan haar rig by Seaton Cottage, Fleetstraat. By dieselfde adres kon belangstellendes die volgende veelsoortige hoedanighede van mnr. Tuttle ook benut:

Mr. Tuttle gives lessons in Elocution, and stages Minstrel Shows and Theatrical Entertainments. Stage dancing taught, music orchestrated, scenery supplied. Open for engagements with tympani and effects.

'n Rubriek wat allerlei gebeurlikhede toegelig het, het die kwaliteite van dié twee kunstenaars onderskryf:⁵²

As will be seen in our advertising columns, our musical world has now two new recruits, each of whom should prove acceptable entrepreneurs. Miss. Thorne, a contralto, who was the famous May Yoke's understudy in London, comes with an excellent record, and is just in time for our musical season. Mr. Tuttle, who is well-known as an actor and tympani player struck the first chord on Saturday evening at the representation of The Creation and demonstrated what useful instruments the tympani are when ably handled. This gentleman is an experienced stage manager and 'corner man'.

Ook in April het mej. Getrude Macdonald, van St. Paulstraat, Noordeinde, en 'n gewese leerling van professor Barrow Dowling, haar bereid verklaar om 'n beperkte aantal leerlinge in sang in te neem.⁵³

Gedurende Mei het 'n sekere H Valentine van Noordstraat beloof om 'n aantal leerlinge 'thoroughly' in mandolien, banjo en kitaar in slegs twaalf lesse op 'n goeie standaard te kry.⁵⁴

Mnr. Montague F Young, nog 'n Professor of Music, en inwoner van die Sea-View Hotel op die Wesbank, het in Juliemaand verklaar dat hy in klavier, orrel en harmonium onderrig sou gee.⁵⁵ Voorts het hy aangebied om by danse en konserte op te tree. In Maart 1901 is genoem dat hy die voormalige direkteur van die Vesalius-, Sydney-, Wheeler-, Perkins- en Thorne-geselskappe was.⁵⁶ Gedurende dieselfde maand (Julie) het 'n mej. Humphries, 'n Lisensiaathouer van die Royal Academy of Music in Londen, aangekondig dat sy bereid sou wees om in klavier, sang, teorie en harmonie klas te gee.⁵⁷

Gedurende September het mej. Nicolay, silwermedaljehouer en 'n Associate LCM, asook 'n leerling van Franz Moeller, lesers daarop attent gemaak dat sy nog twee tot drie meer leerlinge vir klavierlesse kon inneem⁵⁸, terwyl die toevoeging van mej. E V Roberts, in besit van sertifikate van die Imperial Society of Musicians, die laaste tot die onderwyserskorps van 1899 was.⁵⁹

Die groot aantal toevoegings tot die musiekfront het vertroue in Oos-Londen se musiekpotensiaal weerspieël, en dit is duidelik dat daar aansienlike verbreding op die musikale front plaasgevind het. Dit is opmerklik dat daar 'n aanmerklike toename in klavieronderwysers voorgekom het. Vanaf 1900 het

daar slegs baie kort beriggewings van die volgende musiek-
onderwysers verskyn:

- Mej. Bertram - klavier.⁶⁰
- Mej. Carter - klavier, orrel, sang en teorie, asook Engels, Frans en Duits.⁶¹
- 'n Dametjie uit Johannesburg in besit van 'n senior eksamen van die Royal Academy of Music - klavier, viool en sang.⁶²
- Mev. Symons, voorheen van Kokstad - musiek en sang.⁶³ 'n Waarderende skrywe van die Kokstadse koorvereniging het gelui:⁶⁴

In contemplating your removal from Kokstad, the members of this society wish to place on record their high appreciation of your long and valuable services as conductor. We are deeply indebted to you for the painstaking kindness and the great ability with which you discharged your honorary duties. The present efficiency of the society is entirely due to your efforts, and we feel that by your departure the society loses an enthusiastic and devoted worker. The practices were occasions of pleasure and profit to the members, and the successful concerts which we gave under your leadership bore eloquent testimony of your skill.

In wishing you farewell, we trust that in your new home you may have every prosperity and success.

- Mnr. Charles Israel, professionele violis - beginners sowel as gevorderde leerlinge.⁶⁵
- Mnr. Frank Hyde - klavier, sang, kornet, ensovoorts.⁶⁶
- Mej. B Hockey, 'n leerling van Hayden Bailly - sang en musiek.⁶⁷
- Mej. Daisy Humphrey - klavier en teorie.⁶⁸
- Mev. E Travers, in besit van die sertifikaat 'Senior Honours, Harmony and Counterpoint' - klavier en teorie.⁶⁹
- Mej. E Clarke - klavier en stemproduksie.⁷⁰
- Mej. Gertrude Macdonald - stemproduksie.⁷¹
- Mev. D Mair, voorheen van die Constantiaskool en in besit van sertifikate van die Royal Academy of Music en College of Perceptors, South Kensington - klavier, 'Freehand and Model Drawing and Geometry'.⁷²
- Mnr. W J Day - klavier, orrel en teorie.⁷³
- Mej. Norris - klavier.⁷⁴

- Mej. Maud Watson - klavier, orrel en teorie. Sy was voorheen die orreliste van die Katolieke katedraal en St. Andrew's College te Grahamstad.⁷⁵
- Mej. Hedwig Witte - het slegs in beginners belang gestel.⁷⁶
- Mev. F R Rayner, 'late of Dresden Conservatoire and pupil of Professor Carrodus, London' - viool en klavier op elementêre en gevorderde vlak.⁷⁷
- Mej. A H Hein - klavier.⁷⁸
- Mej. Chart - klavier.⁷⁹

'n Belangrike toevoeging tot die musieklewe van Oos-Londen was die aanstelling van mnr. W J Chapman, gebore op 27 Julie 1870 in Londen en oorlede op 3 Julie 1945 in Oos-Londen, as orrelis en koormeester van die St. George Presbiteriaanse-kerk.⁸⁰ Chapman het op sewentienjarige leeftyd orrelis in sy geboortestad geword en aansienlike ervaring in Londen en Brighton opgedoen in onder meer orreluitvoerings, koorafrigting en begeleiding. Om gesondheidsredes het hy in 1900 na Suid-Afrika geëmigreer en werk as 'n klerk by 'n firma in King William's Town aanvaar. Tydens sy verblyf daar, 1900 tot Augustus 1902, was hy die orrelis van die Trinity-kerk. Chapman wat 'n uiters konstruktiewe bydrae tot die standaardisering van musiek op verskillende vlakke in Oos-Londen gemaak het, was tot sy dood 'n oujongkêrel. As leermeester sou hy belangstellendes in sang, klavier en orrel onderrig.⁸¹

8.2 Samevatting

Sonder twyfel het hierdie musiekonderwyserskorps 'n gewigtige bydrae gelewer tot die opvoeding en uitbouing van Oos-Londen se jeugtalent. 'n Konkrete bewys van hulle toegewyde arbeid was onder meer die toename in inskrywings vir musiekeksamens, asook uitstekende uitslae. (Kyk Deel I, pp. 222-236.) Nie alleen was Oos-Londen aan die einde van 1902 toegerus met 'n groot getal onderwysers wat onderrig kon gee in 'n verskeidenheid instrumente nie, maar het sommige leiersposisies bekleed. Moeller, Chapman, Beavan en Gwynne het baanbrekerswerk verrig en die musieklewe van die dorp opvallend verruim.

9 EKSAMENAKTIWITEITE 1891 - 1902

Tot en met 1890 is geen musiekeksamens in Oos-Londen afge-
neem nie. Die moeisame algemene stabiliseringsproses met
betrekking tot sosiale, ekonomiese en kulturele-aspekte in
Oos-Londen, asook die afwesigheid van inspirerende onderwy-
sers, was sekerlik faktore wat daartoe bygedra het,

9.1 Eerste teoretiese inskrywings suksesvol

Die verteenwoordigende sekretaris van die Trinity College
in King William's Town - hierdie naburige dorpie het in
daardie stadium 'n meer gevestigde musikale opset as Oos-
Londen gehad - was mnr. M Goold.¹ Hy was terselftertyd
ook die sekretaris van die Grens-streek en het belang-
stellendes in Januarie 1891 ingelig dat hy Oos-Londen op
'n weeklikse basis sou besoek ten einde voornemende kandi-
date op hoogte te hou van eksamens wat in Junie 'n aanvang
sou neem. Belanghebbendes kon ook aan hom skryf.

In September is die name van die eerste groep van agt stu-
dente wat hulle vir teoretiese eksamens, Intermediêr, inge-
skryf het en sukses behaal het in die Daily Dispatch gepu-
bliseer.² Diegene wat met die eksamen gemoeid was - kandi-
date, onderwysers en veral mnr. Goold van King William's
Town, wat die reëlings behartig het - is lof toegeswaai en
trots is verklaar dat 'no district of the Colony has done
better'. Daarbenewens is mej. Willetts gelukgewens met die
sukses wat haar twee susters, mejj. Alice en Maude, in die
junior teoretiese afdeling behaal het.³ Hulle het onder-
skeidelik 93 en 88 uit 'n moontlike 100 behaal.

Toename in inskrywings 1893

Na afloop van die Trinity College se teorie-eksamens in Junie
1893 het dit geblyk dat inskrywings tot veertien gestyg het;
tien kloosterleerlinge en vier privaatleerlinge van mej.
Willetts.⁴ Sewe leerlinge het vir die Intermediêre- en

sewe vir die junioreksamen ingeskryf. Die toename in inskrywings het meegebring dat 'n plaaslik verteenwoordigende komitee van die Trinity College, bestaande uit mnr. Rees (voorsitter), Georgeson en Willetts, mej. Carroll en Vader Kelly, in die lewe geroep is.⁵

Die sertifikate wat deur die kandidate verwerf is, is tydens 'n plegtigheid op Vrydag 24 November deur mnr. Rees oorhandig.⁶ Vader Kelly het tydens die plegtigheid daarop gewys dat alle vorige inskrywings onder King William's Town sorteer het. Hy was van mening dat

it was but fair that the presentation of certificates should be made publicly rather than that they should be sent to each successful candidate privately.

Hierdie gebruik sou in die jare wat kom gehandhaaf word.

Afname in inskrywings

In 1894 het slegs sewe kandidate teoretiese eksamens afgelê.⁷ Mnr. D Rees (voorsitter), wat ook burgemeester van Oos-Londen was, het weer die sertifikate oorhandig tydens 'n plegtigheid in die raadsaal van die stadhuis op Dinsdag 30 Oktober.⁸

Vader Kelly het erken dat die resultate van 1894 nie gunstig met die van 1893 vergelyk het nie, en dit toegeskryf aan die feit dat kandidate slegs vir die junior klas ingeskryf het, maar onmiddellik daaraan toegevoeg:

but the number of marks gained by each candidate reflected very great credit upon the work done, as there had been no failures.

Voorts het hy die volgende praktiese wenke aan klavierleerlinge gegee:

East London was a musical place, as was well known, but the rising generations of musicians should not be satisfied with being proficient in playing five-finger exercises and with being able to play a little tune. Piano playing was no mechanism. Plenty of practise was a good thing, but the students should be able to grasp what was in the minds of the composers of the pieces set before them. He trusted they would not stop at the intermediate course, and hoped the day was not distant when East London will become the first musical centre in the Colony.

Oos-Londen se eerste aantal pogings op eksamenvlak het

mnr. Gately laat verklaar dat, proporsioneel beskou, Oos-Londen gunstiger as 'a great place like Kimberley' vertoon het. Nog 'n lid van die komitee, mnr. Willetts, het melding gemaak van die feit dat sekere instansies onder die indruk was dat die eksamens net vir kloosters bedoel is, waarop vader Kelly verduidelik het dat omsendbriewe wel aan 'every school and educational establishment' gestuur is.

9.2 Praktiese eksamens oorweeg

In Desember is belanghebbendes ingelig dat die Board of Management van die Trinity College of Music, Londen, besluit het dat sekere sentra in Suid-Afrika voortaan besoek sou word met die doel om praktiese eksamens in vokale en instrumentale musiek af te neem, mits die getal inskrywings nie minder as twintig sou wees nie.⁹ Die verslaggewer was optimisties dat Oos-Londen vir so 'n sentrum sou kwalifiseer. Indien Oos-Londen en King William's Town saam 'n totaal van twintig inskrywings sou kon oplewer, sou een van die dorpe besoek word. Mnr. Mykes Birket Forster, LTCL, ARCM en FRCO, sou die eksaminator wees. (Ongelukkig is die voornemens nie in 1895 tot uitvoer gebring nie.) Die getal kandidate wat in Junie die teoretiese Intermediêre en Junior afdelings 'Pass and Honours' van die Trinity College afgelê het, was opvallend meer as die getal inskrywings van 1894.¹⁰ Vier kandidate het in die Intermediêre afdeling geslaag, en neëntien in die Junior afdeling.

9.3 London College of Music

Oos-Londen se voortuigang in die belangrike aspek van musiek-eksamens het daartoe gelei dat nog 'n eksamenliggaam, die London College of Music, daar sou kom eksamineer. Belanghebbendes is in Februarie 1896 verwittig dat die liggaam die afneem van instrumentale en vokale eksamens vanaf 1896 beoog het.¹¹ Dit was 'n bemoedigende stap, aangesien dit getoon het dat Oos-Londen se musiekaktiwiteite sodanig ont-dooi het dat twee eksamenliggame besig gehou kon word. Franz Moeller is as die plaaslike verteenwoordiger aangestel en die eerste praktiese eksamens sou op 13 April afgeneem word. Geen opvolgende

beriggewing in dié verband het verskyn nie.

Praktiese eksaminering het weer op 30 November 1896 geskied. Verblydend was die stewige aantal inskrywings en veral die aantal kandidate wat vir die hoër grade ingeskryf het.¹²

Omdat dit die eerste volwaardige praktiese eksamen was wat in Oos-Londen afgeneem is - daar kan aanvaar word dat die April 1896 eksamen nie plaasgevind het nie, aangesien kennisgewing te kort was en ook omdat die koerant (wat alle eksamenaktiwiteite gedetailleerd gerapporteer het) geen opvolgende inligting geplaas het - word 'n volledig lys van die suksesvolle kandidate hier geplaas:

Senior Grade - Pass Certificate

Beatrice Clara Mills, piano, pupil of Kimberley Road School

Intermediate Grade - Honours Certificate

Kathleen A B Chalmers, violin, pupil of Mr. F Moeller

Florence Elaine Whitehorn, piano, pupil of Mr. E Marsh

Hilda Margaret Humphrey, piano, pupil of Kimberley Road School

Intermediate Grade - Pass Certificate

Daisy Georgina Fuller, pupil of Kimberley Road School

Elementary Grade - Honours Certificate

Annie F Willcock, piano, Kimberley Road School

Maggie Harley, piano, Miss. Egan

Ethel Thompson, piano, Mr. F Moeller

Minnie Vincent, violin, Mr. F Moeller

Caroline Thompson, piano, Mr. F Moeller

Elementary Grade - Pass Certificate

Hazel Whitehorn, piano, Mr. E Marsh

Wilhelm Rein, violin, Mr. F Moeller

Miss. S A Palmer, piano, Mr. F Moeller

Lilian Impey, piano, Kimberley Road School

Janine Geddie, piano, Kimberley Road School

Ethel Dodge, piano, Miss. J A Egan

Charlotte Tooley, piano, Mrs. Hall

Frances Lumsdon, piano, Kimberley Road School

Evelyn Mills, piano, Kimberley Road School

Nelly Newman, piano, Miss. Egan

Fred Perkin, violin, Mr. F Moeller

Ada Fuller, piano, Kimberley Road School

Jessie Codd, piano, Kimberley Road School

Linda Lishman, piano, Kimberley Road School

Die Trinity College of Music se voorneme om praktiese eksamens af te neem is ook nie in 1896 tot uitvoering gebring nie. Kandidate het egter wel in Junie die liggaam se teoretiese eksamens, nou bekend as eksamens in Musical Knowledge aangedurf.¹³

9.4 London College of Music geniet steeds aftrek 1897

Hierdie liggaam, wat in sy kortstondige bestaan besondere aftrek in Oos-Londen geniet het, se volgende praktiese eksamensessie sou op 27 Junie 1897 geskied, waartydens ook eksamens in musiekteorie afgeneem sou word.¹⁴ As gevolg van die feit dat Franz Moeller na Duitsland sou vertrek vir verdere studie, sou prof. T H Slater as die plaaslike verteenwoordiger optree. Altesame drie en twintig leerlinge het geslaag in die praktiese eksamen, wat nie op 27 Junie nie maar wel op 16 Junie afgeneem is: twee op Seniorvlak, elf op Intermediêre vlak en tien op Elementêre vlak.¹⁵ Mnr. Moeller en Slater se leerlinge was opvallend goed verteenwoordig. Die teoretiese eksamen, wat op 8 Junie plaasgevind het, het elf suksesvolle kandidate opgelewer, onder wie tien leerlinge van mev. Robinson was.¹⁶ Slegs een kandidaat was onsuksesvol.

Die London College of Music se tweede eksamensessie vir 1897, prakties sowel as teoreties, sou op 29 en 30 November plaasvind.¹⁷

9.5 Praktiese eksamens steeds afwesig by Trinity College

Slegs drie uit twintig kandidate wat in Junie 1897 teoretiese eksamens afgelê het, was onsuksesvol.¹⁸ Voorts is belanghebendes ingelig dat mnr. J Tryal Beavan vir vader Kelly as plaaslike verteenwoordiger sou opvolg. Steeds het die liggaam se voorneme om praktiese eksamens af te neem, nie tot verwesenliking gekom nie.

9.6 London College of Music se aktiwiteite 1899

Om 15h30 op Vrydag 14 April 1899 het die burgemeester van Oos-Londen die oorhandiging van sertifikate in die Homan-saal behartig.¹⁹ 'n 'Large and fashionable gathering' was teenwoordig. Hierdie seremonie het breedvoerige dekking in die dagblad geniet en dit was duidelik dat musiekeksamens, en natuurlik veral die resultate, eerbiedige aandag geniet het. Die burgemeester het die kandidate, onderwysers, die London College of Music en mnr. Slater uitvoerig besing vir die baanbrekerswerk wat hulle verrig het in 'the most beautiful of arts,

music'. Oor die meriete van praktiese musiekeksamens, het hy hom as volg uitgelaat:

Practical examinations are of the utmost importance, as they serve as a zest to the teacher and create ambition in the student. The teacher is rewarded in his, or her, pupil's merit being recognised by the College, and the student in receiving this recognition in a substantial form. To parents and guardians they are a safeguard, inasmuch as their sons or daughters or wards passing is a sure proof that they are being correctly taught, and their expenditure not for naught.

Voorts het hy onvoorwaardelike geloof in die eksamenliggaam openbaar:

On account of its universal popularity and the good work it has done in this town, it will take the precedence of all other examining bodies in this country. It will for ever have my sympathy and support, also my hearty good wishes for a continuation for prosperity.

Komende uit die mond van 'n gesaghebbende figuur, het sulke gedagtes sekerlik gewig gedra. Daar is verder ook melding gemaak van die medalje wat mev. Slater, eggenoot en leerling van mnr. Slater, verower het, asook die buitengewoon hoë punte wat aan die meerderheid van die kandidate toegeken is. Een kandidaat, mej. Mary Tippet, ook 'n leerling van mnr. Slater, het 95 uit 'n moontlike 100 vir haar praktiese eksamen behaal. Die lys van suksesvolle kandidate het nie alleen 'n belowende groeiproses weerspieël nie, maar ook die harde, onvermoeide arbeid van sekere onderwysers sterk beklemtoon:

Advanced Senior Section

Una Nicolay piano

Teacher

Mr. F Moeller

Senior Honours and Medal

Mrs. T H Slater piano

Mr. Slater

Senior Pass

Ethel Nelson piano
Deane Tilney violin

Mr. Slater
Mr. Slater

Intermediate Honours

Mary Tippet piano
Margaret Knobel singing
Mary Tippet violin
Mary Fuller piano
Elfriede Dircks piano
John Dircks violin

Mr. Slater
Mr. Slater
Mr. Slater
Mr. Slater
Mr. Slater
Mr. Slater

Intermediate Pass

Minnie Vincent	violin	Mr. F Moeller
Mary Hawkins	piano	Miss. Jackson
Wilhelm Rein	violin	Mr. Slater
Constance Tilney	piano	Mr. Slater

Elementary Honours

Violet Tapson	piano	Mr. F Moeller
Margaret Knobel	mandoline	Mr. Slater
Ernest Stewart	piano	Mr. Slater
Hugh Stacey	piano	Mr. Slater

Elementary Pass

Bella McPherson	piano	Miss. Jackson
Florence Millard	piano	Mrs. Millard
Emma Burmeister	piano	Mr. Slater
Martha Robinson	piano	Mrs. Slater
Katie Lord	piano	Mr. Slater
Gladys Mooney	piano	Miss. Blundell
Katie Wormald	violin	Mr. Slater
Winifred Hansen	piano	Mrs. Hall
Mabel Cock	piano	Miss. Blundell

Elementary Theory

Miss. Brown	Miss. Hector
May Marshall	Miss. Hector
Alice Marshall	Miss. Hector

Voortvloeiend uit die verrigtinge het 'n Lover of Good Music 'n skrywe aan die koerant gerig en die volgende feite aan lesers gestel.²⁰ Geen ander sentrum in Suid-Afrika as Oos-Londen het al daarin geslaag om 'n silwer medalje te verower nie (die hoogste toekenning). So 'n toekenning is in 1898 aan mej. Nicolay gedoen, terwyl mev. Slater die bronsmedalje in 1899 verower het, 'who will doubtless go on and win the silver ere long'. Hy het die inligting opgevolg met die mening dat meer erkenning Franz Moeller moes toekom, aangesien dit hy (mnr. Moeller) was wat die liggaam aan die publiek bekend gestel het:

Credit for introducing the London College of Music to East London, and preparing the successful pupil here should have been given to Mr. Franz Moeller, who was the first local representative of the College here; and only gave up the position on account of going to Germany for further studies. Now he has returned, we are fortunate in having a master who is not only thoroughly up to date in musical requirements, but who (like many Germans) being by nature and culture a musician, is also a first-rate teacher; and through his efforts East London should be able to maintain her supremacy.

Konflik

Die fanfare aangaande die onbetwiste meriete en status van die London College of Music as eksamenliggaam het mnr. Tryal Beavan, verteenwoordiger van die Trinity College in Oos-Londen, geensins aangestaan nie. Hy het dus 'n skrywe aan die dagblad gerig wat vulkaniese uitbarstings tot gevolg sou hê.²¹ In sy skrywe het mnr. Beavan die publiek se aandag daarop gevestig dat mnr. Rees en Slater sekere 'misrepresentations' gemaak het by die oorhandigingsplegtigheid wat hierbo vermeld is. Eerstens het mnr. Beavan hierdie misverstande puntsgewys uiteengesit:

1. That the London College of Music is on a sound basis.
2. That 3,000 leading musicians are amongst its supporters.
3. That its purpose is solely for the improvement of the study of music as an art.
4. That it is the leading College of Music in England.
5. That it is popular in South Africa.
6. That the certificates are a guarantee of good work.

Vervolgens het hy die misverstande manhaftig reggestel:

1. That legally the College may be on a sound basis, i.e., so far as registration as a trading company has to be licensed. Concerning the musical basis, it has none.
2. That 3,000 minus 2,999 would be more correct so far as support of leading musicians is concerned.
3. As a money making concern, it has been very profitable. Locally, at present it is limited - the late boom may augment the income of the London College of Music. As for Art, it is less than a secondary consideration with this College. The most elementary laws of technique, which Art in all its forms require, is very much ignored.
4. By many exposures in print and in law courts, the value of this College as an educational power is nil.
5. You will find that not one leading musician in any of the towns of Cape Colony, Natal, Kimberley, Free State or Transvaal have any connection or anything to do with the London College of Music.
6. The certificates are more a guarantee of very inferior work.

Deeglik bewus van die erns van sy beskuldigings, voeg mnr. Beavan ook nog by:

In making these assertions I am aware of the seriousness of so doing. That I do so, is purely for the protection of a public, who, engaged in other pursuits, are as a rule, unable to discriminate between genuine certificates and otherwise.

The examinations as conducted in this town and the wholesale granting (which has its own inference) of certificates which are supposed to be evidence of ability up to certain standards (as mentioned in the London College of Music syllabus), and which I know fall short of the syllabus requirements, not only depreciates the value of certificates in general, but in this instance lowers the art of music - an Art more open to abuse than any other.

Hierdie uitdagende brief het onmiddellik 'n heftige polemieë uitgelok. Vier persone het deur middel van skrywes twee dae later vir mnr. Beavan gebombardeer, en die verontwaardiging was in sommige gevalle nie sonder humor nie. Enkele snitte uit die briewe openbaar die persone se misnoeë.²²

Onder die skuilnaam van Fairplay het 'n persoon beweër dat

the letter does not by any means prove that the said J Tryal Beavan knows anything about music, but it does prove that he knows very little about geography and considerably less about grammar.

Onder andere het Fairplay die volgende vrae gestel:

1. Will J Tryal Beavan kindly mention some of the towns of Kimberley?
2. This laws of technique is ignored. (Laws of grammar ditto.)

Franz Moeller het in ernstige toon gemaak dat sou Beavan se aantygings waar wees, 'we have no choice but to believe them true. If they are incorrect, they should at once be contradicted, and steps taken to prevent them taking root and doing harm'. Harde houe is uitgedeel deur 'n persoon onder die skuilnaam van Justice:

What is his (Beavan) object in running down the London College of Music, and why does he make (and ungrammatically, too) sweeping assertions without producing proofs?

People who know a little of his previous history as a music teacher may remember that between three and four years ago, while at Bloemfontein, he ran down the Cape University in much the same manner (see the Friend of the Orange Free State). This was while he was the representative of the Trinity College. Now, when he comes to East London he finds a local representative already here; so what does he do but alter his opinions and get nominated as the agent for the Cape University, which he had previously attacked. So much for the value of his criticisms.

Oor Beavan se uitlatings in punte nos. 2 en 5 het Justice verontwaardig verklaar:

I can only think that they are the outcome of a disordered liver, so full of spleen do they seem.

Die houdings wat uit die polemiekie geblyk het, soos totale verontwaardiging, standvastige lojaliteit en so meer, het daarop gedui dat nie net die ernstige musiekliëfhebbers nie maar ook sommige amateurs ten nouste by musiekaangeleenthede gemoeid was. In die pogings om 'n grondige evaluering van die betrokke instansies te vind, was hulle reaksies heftig en doelgerig.

Altesame 12 leerlinge het in 1899 die praktiese eksamens van die London College of Music aangedurf: vier Senior, twee Intermediêr, vyf Elementêr en een Junior.²³ Agt was klavierleerlinge, drie viool, en een fluit. In Desember het twee en twintig leerlinge waarvan sestien klavier en ses violinskrywings was, eksamens afgelê: een Gevorderde Senior, drie Senior, sewe Intermediêr, en elf Elementêr.

9.7 Toename in inskrywings, Trinity College 1899

Dit is nie onwaarskynlik nie dat die hewige polemiekie oor die London College die pendule in die guns van die Trinity College geswaai het, want skielik kon dié liggaam in Junie met 'n inskrywingsgetal van agt en veertig leerlinge vir die teoretiese eksamens spog.²⁵

In September is belanghebbendes verwittig dat die praktiese eksamens van dié liggaam op 11 September in die konsertsaal van die Convent of the Sacred Heart sou plaasvind met mnr. E Bambridge, FTCL, FRAM, as eksaminator.²⁶ Die eksamens mag miskien wel plaasgevind het, maar, glad nie in ooreenstemming met die breedvoerige dekking wat alle eksamens in die nuusblad geniet het nie, het geen opvolgende beriggewing hieromtrent verskyn nie. Mnr. Beavan se toespraak in Desember tydens die oorhandiging van sertifikate laat ook die vermoede ontstaan dat praktiese eksamens nie plaasgevind het nie.

Die oorhandigingsplegtigheid van sertifikate aan kandidate van die Trinity College het op Saterdag 9 Desember in die Wesley-saal onder die voorsitterskap van mnr. H N Willetts plaasgevind.²⁷ Inleidend het hy 'n bondige maar waarderende toespraak gelewer oor diegene wat op onbaatsugtige wyse die belange van die liggaam uitgebrei het. So 'n salwende woordjie was seker nodig na die hewige polemieke. Mnr. Willetts het daarop gewys dat 'n egalige groeiproses gestalte verkry het as in aanmerking geneem word dat daar in 1897 slegs ses-tien inskrywings was, in 1898 twee en veertig en in 1899 agt en veertig. Die teenwoordigheid van die London College of Music het hom laat rapporteer:

It had to be borne in mind that there had been certain competition in the matter of musical examinations, and these had a tendency to draw some candidates away from the Trinity College examinations.

'n Gebrek aan halfjaarlikse eksamens - 'n verskynsel wat nie by die London College voorgekom het nie - is beskou as 'n 'drawback', en die tydsverloop in kommunikasie tussen England en Suid-Afrika moes ook blaam dra. Nog 'n remmende faktor was: of course in a place like East London the population has somewhat of a floating character, much more than at the inland towns, therefore the teachers suffered a drawback by reason of the change which takes place so often in their pupils.

Met trots is aanwesiges ingelig in verband met een van mnr. Beavan se kandidate:

Miss. Daisy Fuller, has passed the highest in the Cape Colony in the Senior Pass Section and was not only first in this particular section, but was also bracketed fourth in the list of the successful candidates throughout the United Kingdom and the British Colonies. He (the speaker) thought that spoke well for East London. It spoke well for the amount of talent they had here to work upon, and for the teaching power.

Nog 'n leerling van mnr. Beavan, mej. Perry, het 'n uitstaande prestasie behaal deurdat sy die meeste punte in die Junior afdeling in die Kolonie behaal het. Daarna het mnr. Beavan aan die woord gekom en die hoop uitgespreek dat praktiese eksamens vanaf 1900 'n werklikheid sou word. Sy begeerte om praktiese eksamens 'n werklikheid te maak, is weerspieël in die feit dat hy 'n skrywe aan die Trinity College gerig het waarin hy aan hulle die volgende voorstel gemaak het:

they should take up the Cape University practical examinations, and he believed it would rest with the teachers here whether the Trinity College practical or the Cape University practical would be taken up. The result of his energies, he hopes, would be known in the course of a week or two.

9.8 London College of Music 1900

Die stof oor die herrie van die meriete van die eksamenliggame in April/Mei 1899 het nog nie behoorlik gaan lê nie, aangesien die burgemeester van die dorp tydens die oorhandigingsplegtigheid van die London College om 16h00 op Dinsdag 3 April 1900 sy misnoeë oor die wedywering tussen die verskillende eksamenliggame uitgespreek het.²⁸ Hy het bygevoeg dat 'he did not wish to detract from the merits of other Colleges, but no criticism of the London College was necessary or should be allowed'.

Tydens die praktiese eksamen in Junie was twee en twintig kandidate suksesvol, naamlik een Gevorderd Senior, elf Intermediêr, tien Elementêr - sestien was klavier- en ses vioollearlinge.²⁹

9.9 Universiteit Kaapstad

Of Beavan se pleidooi 'n aandeel gehad het in die toetrede van nog 'n eksamenliggaam tot Oos-Londen in 1900 of nie, is nie duidelik nie. Hoe dit ook al sy, gedurende die jaar 1900 het die Universiteit Kaapstad hom by die reeds bestaande twee liggame gevoeg, wat tot op daardie stadium min of meer ewewigtige ondersteuning geniet het; die Trinity College met teoretiese eksamens en die London College met praktiese eksamens.³⁰ Die Universiteit Kaapstad het beoog om beide praktiese en teoretiese eksamens af te neem, net soos die London College wie se teoretiese eksamens egter nie noemenswaardige aftrek geniet het nie. Teoretiese eksamens sou op 31 Mei plaasvind, en praktiese eksamens op 21 Augustus in die konsistorie van die Baptistekerk in Buffalostraat.³¹

9.10 London College 1902

Vroeg in Januarie 1902 het die nuusblad die kandidate gelys wat suksesvol was in die praktiese eksamens wat op 16 tot 18 Desember 1901 plaasgevind het.³² Die lys was indrukwekkend en het opvallend meer inskrywings as in vorige jare bevat. Mnr. Slater het trots na die vooruitgang verwys:

1. The great number of candidates (vastly in excess of any previous number) who presented themselves for examination.
2. The addition to the teachers' list from various parts of the Colony.
3. The great advance music has made in our town since the College established itself in our midst and gave us a long felt want, viz., practical musical examinations.

Verder het hy die stimulerende invloed van die eksamenliggaam op plaaslike kultuurbedrywighede genoem:

There is no doubt but that the popularity of the London College of Music is yearly on the increase throughout the Colonies of South Africa (some of the recent home papers speak highly in its favour) for the simple reason of the soundness of its principle and the thoroughness of its work in the laudable endeavour to advance, to a high standard, music in all its branches. The recent concert given by the pupils of Mr. Franz Moeller was an evidence of music's progress in our town, so are the performances of the pupils of the various teachers who met with success in the various grades of examination. The searching structures and impartiality of these examinations, and the inducements offered to lovers of the art, in the form of medals and book prizes etc., in order to encourage an application to close and attentive study so that proficiency may be attained, all tend to make the London College of Music what it now is, one of the most popular and appreciated institutions in South Africa.

Mnr. Slater het ook gemeld dat verskeie faktore 'n gunstige uitwerking op die spel van die kandidate gehad het: hulle het die voordeel gehad van mnr. Moeller se 'commodious room, which was in every way adapted for the purpose as it was exceedingly cool, although the weather outside was very hot, and the light was excellent'; klavierkandidate is begunstig deurdat Moeller sy Schiedmeyer beskikbaar gestel het:

it combined a sympathetic fullness of tone with an exquisite action admitting of the most varied graduation from piano to forte and afforded them ample opportunity for display.

Die burgemeester, mnr. A O Lambart, het die oorhandigings op Vrydag 4 April 1902 tydens 'n plegtigheid in die raadsaal van die stadhuis gedoen.³³ Hy het in sy toespraak sy misnoeë teenoor die eksaminator, mnr. Holden uitgespreek oor die feit dat

in a town of the size of East London a better place could have been selected than the back room of a music store, and he did not hesitate so far as he was concerned (as representing the people of this town) to condemn the action of those who selected that site.

Dit was in skrilke kontras met mnr. Slater se opinie oor die lokaal.

Inderdaad het die Daily Dispatch se deeglike verslaggewing veel vermag om leerling, onderwyser, ouer en geïnteresseerdes op hoogte te hou van alle aspekte rondom eksamens. Sluittingsdatums is herhaarlidelik vermeld, uitslae het prominensie in die nuusblad geniet, en die verslae van verteenwoordigers is volledig geplaas. Die koerant het egter met die verloop van tyd nie meer sulke gedetailleerde verslae ingesluit nie, en inligting is slegs in telegramstyl vermeld. Om dié rede, asook weens die feit dat geen ingrypende fluktuasie ten opsigte van eksamen-inskrywings en lokale voorgekom het nie (behalwe dat die London College en die Universiteit Kaapstad meer belangstelling getrek het as die Trinity College) is verdere verwysing na Oos-Londen se musiekeksamenaktiwiteite oorbodig.

9.11 Samevatting

Na 'n klein begin in 1891 het eksamenaktiwiteite in die daaropvolgende jare ontplooi as 'n belangrike aspek van die ontwikkelingsproses van musiek in Oos-Londen. Verblydend is die feit dat daar nie slegs 'n opvallende toename in inskrywings was nie, prakties en teoreties, maar ook dat Oos-Londen vanaf 1900 die akkommodering van 'n derde eksamenliggaam (Universiteit Kaapstad) konhanteer. Die betrokkenheid van openbare figure soos die burgemeester, die gebruik van die raadsaal van die stadsaal as eksamensaal, die burgemeesterskamer as wagkamer, en die talle spesiale oorhandigingsplegtighede

was faktore wat bygedra het om die belangrikheid van eksamens te onderstreep. Die heftige vetes oor die meriete van die onderskeie eksamenliggame het noue betrokkenheid openbaar en getoon dat eksamens 'n saak van erns is.

10 HANDELAARS, FIRMAS EN STEMMERS 1882 - 190210.1 Handelaars/Firmas sporadies bedrywig 1882 - 1902

Slegs 'n handjievol handelaars was vanaf 1882 sporadies bedrywig in Oos-Londen. Ten spyte hiervan het veral twee handelaars se bedrywigheede, Mendelssohn vanaf 1882 en Hammerland vanaf 1892, impetus en kleur aan Oos-Londen se musiekaktiwiteite verleen. Albei die handelaars het voortdurend deur middel van aantreklike advertensies die publiek op hoogte gehou met hulle voorrade en die leemte vir bladmusiek en instrumente gevul.

Mendelssohn se Music and Pianoforte Depot

In Februarie 1882 is gemeld dat 'n musiekhandelaar van Queenstown, mnr. E Mendelssohn, van voorneme was om 'n East London Music and Pianoforte Depot in Maart te open.¹ Die tak van sy Queenstown Music Business sou net langs die Bank of Africa, Unionstraat, open waar die volgende instrumente en musiekpublikasies te koop sou wees:²

Pianos by the best makers, Harmoniums, American Organs, Organettes, Concertinas, Accordeons, Violins, Musical Boxes, Brass Instruments, etc., etc., as well as many musical novelties recently patented. Also, a Splendid Stock of Music, direct from the publisher, which will be found large, new, well selected, and replete with the latest additions.

New music by every Mail Steamer, Teachers, Schools, and Institutions supplied on the best terms.

Kort ná die opening van die depot, is daarop gewys dat bladmusiek teen halfprys beskikbaar sou wees.³ In die daaropvolgende maand (April) is weer 'n magdom musiekinstrumente en relevante materiaal aan die publiek bekend gestel; onder meer twaalf klaviere wat spesiaal vervaardig is vir die Suid-Afrikaanse klimaat, orkesinstrumente, Amerikaanse orrels, harmoniums, 'orguinette', melafone, melodeons, sifers, akkordeons en speeldose met fluit- en siterbegeleiding.⁴ 'n Later oorsigtelike artikel het voorspel dat hierdie onderneming, ná sekere aanpassings en veranderinge, nie net in 'n welvarende

besigheidsentrum sou ontplooi nie, maar met reg beskou kon word as 'being the finest and the best music store in the Eastern Province'.⁵ Voorts is berig dat Mendelssohn sover moontlik die laagste pryse vir alle goedere beoog het, asook gewaarborgde invoere van die mees gesogte Engelse en Duitse klaviere. Die publiek is ook meegedeel dat hy as alleenverteenwoordiger van Neumeyer, Berlyn, se gevierde staalraampatent en dubbele oorkruisgespande-snaar klaviere asook van Rud Ibach Sonn (vervaardiger vir die keiser van Duitsland) se bekende staalraam- en vertoonklaviere. 'n Maandelikse paaielement van £2 of £3 het onmiddellike besitname van 'n verdienstelike klavier verseker, vervaardig deur die beste Engelse of Europese fabrikante.⁶ Swierige advertensies van sy klaviere het in sommige gevalle selfs op die voorblad van die Daily Dispatch gepryk.⁷ (Kyk ook Bylae 8, p. 705.)

Hebbes en Kie.

Afgesien van Mendelssohn se waardevolle onderneming het enkele ander firmas ook tot die verskaffing van bladmusiek en instrumente bygedra. Die Hebbes and Co. Firm het in Februarie 1882 die volgende bladmusiek aan die publiek aangebied:⁸

The piano at Home (Four Hand), Home Circle (Pianoforte), Silver Chord (Songs), Pianoforte Gems (Dance Music), Christmas Carols and Shower of Pearls (Duets), Gem of Sacred Songs, Pianist's Album, Wreath of Gems (Songs and Duets), Musical Treasure (Vocal and Instrumental), Gems of Sacred Songs (Handel), Operatic Pearls (Songs, Duet and Trios), World of Song (Songs, Ballads and Duets), Pilgrim's Harp (Sacred), Devotional Chimes (Hymn Tunes), Temperance Methodist (Glees).

Hermann Kröger en Vennote

Daarbenewens het die firma Hermann Kröger en Vennote in Junie 1882 aangekondig dat hulle in besit was van klaviere, vervaardig deur Geheimrath Biese ('maker to the Imperial Court, Berlin') en Neufeld, asook 'n ryke verskeidenheid viole, kitare, akkordeons en konsertinas.⁹

Mendelssohn steeds aktief

Mendelssohn het in 1883 sy aanbiedings met groot ywer voortgesit en die publiek voortdurend op aantreklike deposito's,

afbetalings en dies meer gewys.¹⁰ In Julie byvoorbeeld is gemeld dat sou 'n persoon 'n Brinsmeadklavier aanskaf, die persoon geregtig sou wees op 'n waarborg van vyf jaar.¹¹ Opvolgende beriggewing het die publiek ingelig dat elke aangekoopte item 'n waarborg sou dra en as maatskappy was hulle vasbeslote 'to keep in tune for 12 months, Free of Charge'.¹²

In November het hierdie firma hul eerste jaarlikse Kers-opruimingsverkoping aangekondig, wat sou plaasvind vanaf 17 November tot 31 Desember.¹³ Op uiters effektiewe wyse het Mendelssohn sy informasie in die vorm van 'n wawiel laat druk, en inligting aangeende onder meer koperblaasinstrumente, bladmusiek, oleografië, verjaardagkaartjies en snare ingesluit.

'n Ernstige brand op Saterdagmiddag 16 Augustus 1884 het die Mendelssohn-depot groot skade berokken.¹⁴ Verliese het onder meer verskeie klaviere en ander musiekinstrumente wat gekroei was, ingesluit. Die goedere was wel vir £750 verseker, maar ongelukkig was dit ongeveer £350 onder die waarde. Mnr. Stewart, die plaaslike bestuurder van die firma, het gevrees dat die totale verliese tot soveel as £800 kon beloop. Hierdie ongelukkige voorval het nie die maatskappy se geesdrif gedemp nie, aangesien hulle 'n paar dae later in 'n winkel oorkant die Advertiser sou open.¹⁵

Bedrywighede gestaak

Mendelssohn en Kie. het die terugslag gelukkig oorleef en in April 1885 aangekondig dat hulle 'a well selected stock of the Newest Instruments and Classical Music and Songs' aan die publiek sou bekend stel.¹⁶ Daarbenewens is verkondig dat hul snare vir strykinstrumente van die beste kwaliteit was, en dat 'every description of musical Instrument' bekombaar was en Brinsmead- en Neuberghklaviere uitverhuur sou word. Hierna is inligting aangaande dié bedrywige handelaar se doen en late egter eenklaps gestaak en dit wil voorkom asof hul aktiwiteite totaal tot stilstand gekom het.

Gemis aan gevestigde verskaffer

Dié situasie het meegebring dat Oos-Londen gedurende die tydperk 1886 - 1891 oor geen musiekverskaffer van formaat beskik het nie.

Slegs sporadies is belanghebbendes in 1888 meegedeel dat mnr. E W Welch, 'n musiekhandelaar van Queenstown, 'n nuwe katalogus van bladmusiek op aanvraag posvry sou aanstuur, en dat liedere uit Maritana en Bohemian Girl van hom af bestel kon word.¹⁷ Die akute gemis aan 'n gevestigde musiekverskaffer is in 'n mate deur enkele aankondigings van ander firmas vergoed. In Junie en Julie het die firma Hebbes en Kie. gemeld dat 'n besending manuskrippapier gearriveer het¹⁸, terwyl die firma F Howe en Kie. aan die einde van November 1888 die volgende 'latest and most popular Music' te koop aangebied het:¹⁹

Waltzes (Listed), Albums for Piano, Violin and Cornet, Cavendish Music, Violin Strings, Banjo Strings and Guitar Strings.

Dieselfde maatskappy het in Februarie 1889 uitgesoekte viole, banjo's, vioolsnare- en toebehore te koop aangebied²⁰, en vanaf Oktober piccolo's, fluite, flageolette, kornette, akkordeons, konsertinas, 'viool, kitaar- en banjo-snare en relevante toebehore.²¹

In die sfeer van musiekinstrumente het die Amerikaanse klok-orrel besondere populariteit geniet, en in September 1889 is aangekondig dat die Oos-Londense juwelier, mnr. S H Cook, die plaaslike verteenwoordiger vir dié instrument sou wees.²² Lewendige reaksie het op hierdie inligting gevolg en twee gemeentes, die Wesleyaanse en St. Peter-kerke (Wesbank), het onderhandel om so 'n instrument wat oor die volgende kwaliteite beskik het, te bekom:²³

Suitable for Church, Chapel, School or Dwelling. Unsurpassed for Richness of Tone Power, Beauty and Durability. Highest awards at the Canadian, United States, Australian, Indian and Colonial Exhibition.

Gedurende 1891 - 1892 het die firma F Howe en Kie. steeds sinvolle hoewel klein bydraes tot die vorming van 'n ryker kultuurskat in Oos-Londen gemaak. In Februarie 1891 is die volgende besending komposisies en instrumente aan belangstellendes aangebied:²⁴ Engelse, Walliese Ierse en Skotse sangbundels, met bykans sewentig liedere per band en 'n keuse tussen lap- of papieromslae; handleidings vir kornet, kontrabas en viool, asook banjo's met musiek vir sommige van die vermelde instrumente. 'n Vars besending musiek is in Januarie 1892 geadverteer:²⁵ verskeie dansalbums, kinderen skoolliedere, drie klavieronderrigboeke van onder andere SMALLWOOD en Henny's Empire, viool- en klaviermusiek, HANDEL se Messias, en MENDELSSOHN se Elijah.

Hammerland se East London Music and Piano Warehouse

Gelukkig is die situasie van 'n gebrek aan 'n gevestigde musiek-handelaar, in Januarie 1892 ingrypend verander deur die oopstelling van 'n East London Music and Piano Warehouse onder die sorg van 'n sekere mnr. J A Hammerland.²⁶ Te oordeel na die veelkleurige advertensies wat propvol inligting was,²⁷ sou die depot 'n dinamiese funksie in Oos-Londen vervul. (Kyk Bylae B, p. 706.)

Hebbes en Kie.

Te midde van Hammerland se oorheersing van die toneel het ander firmas voortgebou op hulle sporadiese dog ook betekenisvolle bydraes: Hebbes en Kie. het in Julie 1893 aangekondig dat hulle 'n besending van WICKIN se Grosvenor College of Songs, Duets and Pianoforte Music ontvang het, wat teen 1s per album van die hand gesit sou word.²⁸ In September het die firma 'n ellelange lys van musiek geadverteer waarvan hier slegs enkele aangehaal word:²⁹

Album No. 1	6	Songs for Soprano or Tenor
Album No. 2	4	Baritone or Bass songs
Album No. 14	18	New Pianoforte Pieces
Album No. 26	8	Songs - Classical
Album No. 37	6	Favourite Vocal Duets

School Series No's 1 to 7 Wickin's Rapid method for the Pianoforte.

Hammerland verstewig sy posisie

In September 1893 het Hammerland aangekondig dat hy as alleen-agent vir J and J Hopkinson's Iron Grand Pianos aangestel is, asook alleenagent vir Peloubet-kerkorrels, Washburn-kitare, banjo's, mandoliene en sifers.³⁰ Voorts dat hy alle klaviere sou stem, herstel, inruil, koop en uitleen op huurkontrak, asook tweedehandse klaviere deeglik sou hersien en vanaf £15 en meer, weer te koop aanbied. Hy het ook belowe om klaviere te vervoer 'on Spring Cart from one part of the town to another, and all risks taken'. Ter verdere illustrasie van die gehalte van sy klaviere het advertensies onder meer indrukke van vooraanstaande musici ingesluit.³¹ (Kyk ook Bylae B, p. 707.)

In Julie 1898 het die vooruitstrewende 'Importer of Music and Musical Instruments' gemeld dat klaviere van Hopkinson, Bechstein, Ecke en Kriebel sy vloer versier het, asook Amerikaanse orrels van 'the highest class'.³² Aanvullend het hy belangstellendes meegedeel dat hy oor die mees omvangryke voorraad van bladmusiek, musiekinstrumente en toebehore in die Grensstreek beskik het.³³

Percival Grout en Carl Moeller

Benewens die lewendige sakevernuf wat mnr. Hammerland getoon het, het 'n aantal ander musiekwinkels in 1899 hul tuiste in Oos-Londen maak. In Januarie het mnr. Percival Grout 'n New Music Warehouse in Oxfordstraat, langs mnr. Flohr se winkel, geopen³⁴, en in Juniemaand het mnr. Carl Moeller 'n Pianoforte Depot regoor die Dispatch-kantoor geopen.³⁵ Carl Moeller het ook, soos handelaars voor hom, aantreklike, sierlike advertensies geplaas.³⁶ (Kyk ook Bylae B, p. 708.)

Dit is interessant, en eintlik 'n bietjie paradoksaal, dat nieteenstaande die feit dat vokale musiek 'n totaal oorheersende rol in alle vorms van musisering vervul het, hierdie leidende depots hul toegelê het op die verkoop van klaviere. 'n Oorsigtelike beskouing van die daaropvolgende jare het duidelik 'n gesonder vokale-instrumentale balansverhouding getoon,

en die aktiwiteite op handelaarsvlak was sekerlik deels vir hierdie ontwikkeling verantwoordelik.

Jackson Brothers

Die bekende Jackson Brothers, 'piano and music importers', wat met flinke sakeverrigting in Port Elizabeth, Grahamstad en Durban kon spog, het in Maart 1902 'n tak in die Cuthbertsgebou geopen, op die hoek van Oxford- en Argylestraat, en onder meer die volgende inligting aan die publiek oorgedra:³⁷

a particularly choice selection of new songs and pianoforte music, and fresh consignments are arriving daily. Pianos, organs, and all other kinds of musical instruments are stocked. The firm is agent for such well-known makers as Bechstein, Pleyel, Ronisch, Kemmler, Thurner, Rogers, Strohmenger and Sons, and Paul Werner (makers to the Court of Saxony). They have secured for their local branch the services as pianoforte tuner of Mr. Eastace Turner, who has just arrived from London with the highest testimonials. All orders for tuning or repairs may be left at Messrs. Jackson Bros., and customers may rest assured that the work will be well attended to.

Die begaafde musikus, mnr. Theophil Wendt, sou as bestuurder van die firma optree.

10.2 Stemmers

'n Hele aantal stemmers was gedurende die tydperk 1882 - 1902 in Oos-Londen werksaam. Enkele stemmers was rondreisend, maar die meeste was in Oos-Londen woonagtig. Sommige van die stemmers was persone wat ook op ander terreine van die musieklewe in Oos-Londen uitgeblink het:

- Mnr. Samuel Barratt, 'Professor of Music and late Organist of St. Cyprian's and Conductor of the Choral Society Kimberley', het in Maart 1882 bekend gemaak dat hy by Hebbes en Kie. in verband met die stem van klaviere gekontak kon word.³⁸ Barratt was in 1882 die eerste dirigent van die East London Choral Society. (Kyk Deel I, p. 103.)
- Ene George Hind, wat aan die voorpunt van verskeie musiekbedrywighe in Queenstown gestaan het en nie by Oos-Londen-musiekliefhebbers onbekend was nie het hom ook in April 1882 as stemmer in Oos-Londen gevestig.³⁹
- 'n Mnr. T S Castle wat by die Mendelssohn Music Warehouse gekontak kon word, se ondervinding as stemmer is in November 1882 as volg geadverteer:⁴⁰

he was placed in the Manufactory of Collard and Collard at the age of fourteen; he subsequently took service under S & P Erard; and later, under John Broadwood and Sons; afterwards returning to the employ of the Messrs. Collard as Head (or Concert-grand) Tuner.

- Die Mendelssohn-firma het in Maart 1883 aangekondig dat 'n gekwalifiseerde Engelse stemmer, mnr. C E Deltner, voorheen van die John Brinsmead en Seuns-maatskappy, bereid sou wees om die stem en regulering van klaviere, harmoniums en orrels 'by the year' te behartig.⁴¹ Die koste verbonde aan die stem van klaviere sou £2 25s beloop - vakmanskap gewaarborg. Mnr. Deltner het sy woord gestand gedoen en Oos-Londen in Julie, asook Januarie en Mei 1884, besoek.⁴²
- In November 1884 het die ywerige orrelis van die St. John-kerk, mnr. F J Cornuel, wat 'considerable experience in London and elsewhere' met betrekking tot stemwerk opgedoen het, hom beskikbaar gestel om stemwerk en reparasies te verrig aan pyporrels, Amerikaanse en ander tongorrels, harmoniums, klaviere, akkordeons, konser-tinas en soortgelyke instrumente, 'on the shortest notice'.⁴³ Verder was hy ook bereid om belangstellendes in die omliggende streke met raad en hulp te bedien.
- Mnr. Hawkesley, wat in King William's Town werksaam was, het bekend gemaak dat hy vanaf 20 Augustus 1885 vir die stem van klaviere in Oos-Londen beskikbaar sou wees.⁴⁴
- In April 1888 is berig dat 'n professionele klavierstemmer, mnr. H E Didcott van Finlayson en Seun, Cheltenham, Engeland, asook van A N Fanner, Port Elizabeth, in Oos-Londen gearriveer het en by Leighton House geraadpleeg kon word.⁴⁵
- 'n Professionele orrel- en klavierstemmer van Queenstown, mnr. Geo. Daws, het sporadies besoeke aan Oos-Londen gebring in September en Oktober 1889 asook April 1890, en by dié besoeke 'a choice collection of music' en 'all materials for the complete renovating of instruments' asook diagramme van erkende klavierfabrikante, saamgebring.⁴⁶
- In Januarie 1891 het mnr. R Moule aangekondig dat hy bereid sou wees om klaviere, orrels en harmoniums te

stem, te reguleer en te herstel.⁴⁷ Bestellings kon by mnr. G P Gillings, 'n juweliershandelaar in Oxfordstraat, geplaas word.

- Ses maande voordat mnr. Hammerland sy musiekmaatskappy in Oos-Londen geopen het (kyk Deel I, p.242), het hy in Julie 1891 aangekondig dat hy klaviere in Oos-Londen sou stem:⁴⁸

Having gone through a course of training in the Art of Piano Tuning whilst in London, will be glad to receive orders for Tuning or Renovating Pianos in Town or up Country. Satisfaction absolutely guaranteed. Charges moderate. References given for work done.

- Mnr. W E White, die amptelike stemmer van die Kimberley Exhibition, sou Oos-Londen aan die begin van November 1894 besoek, en het belangstellendes ingelig dat hy oor getuigskrifte afkomsitg 'from the Highest Musical Authorities' beskik het.⁴⁹

- Mnr. Didcott, wat voorheen in Oos-Londen woonagtig was, het onder die veelseggende opskrif Pianoforte Tuning a la Professionale inwoners ingelig dat hy weer vanaf Juliemaand 1898 in Oos-Londen gestasioneer sou wees.⁵⁰ Mnr. Didcott het belowe:

All tunings and repairs scientifically and promptly executed, New Actions and Hammers fitted, Keys Whitened and Polished Equal to New.

- Mnr. Hammerland het die publiek in Augustus 1899 meege-deel dat sy musiekdepot se Tuning and Repairing Department onder die waaksame oog van mnr. Frank Hyde sou fungeer.⁵¹

- Mnr. Percival Grout, Pianoforte Tuner and Repairer wat in Januarie 1899 'n musiekdepot in Oos-Londen geopen het (kyk Deel I p.242), het in April van daardie jaar aangekondig dat hy na alle 'town orders' sou omsien.⁵² Grout, wat voorheen in Oos-Londen woonagtig was, het oor die volgende ervaring beskik:

English Experience: With Broadwood, White and Co., 7 years. With Boosey and Co., 6 years. Colonial Experience, 4 years.

Voorts het Grout beloof om ook na sy plattelandse klante om te sien. Vyf maande later het hy gesaghebbend sy

professionele kennis oor die klavier, asook fynere aspekte daaraan verbonde, uitgespel:⁵³

It is of the utmost importance that a pianoforte should be efficiently and regularly tuned. The brilliance of the tone and its staying in tune depends greatly on the ability of the tuner. The more experienced the tuner, the less time he will take to tune, and the longer and better the piano will stand in tune. A bad tuner will make the pins loose and overstrain the strings, which then lose their elasticity, and no longer keep in tune. On an average, pianos should be tuned three times a year which P GROUT is prepared to do for the small charge of ONE GUINEA, half the fee to be paid on the first tuning, remaining half on the third tuning.

P GROUT hopes that by prompt attention to the requirements of patrons, conscientiousness and thoroughly reliable workmanship and moderate fees he will gain a fair amount of public patronage.

Single Tunings - 10s 6d
3 Times a Year - £1 1s

- 'n Gesoute stemmer van klaviere, harmoniums en Amerikaanse orrels, mnr. W T Cope, het in September 1900 aangekondig dat hy hom in Oos-Londen gevestig het, en bereid sou wees om die stem en herstel van bovermelde instrumente te behartig.⁵⁴ Hy was voorheen aan Collard and Collard and Kirkman's in London verbonde, en in besit van 'n Regent Hall Tuning Certificate geteken deur Gordon Saunders, D Mus., Oxon. Voorts het hy belangstellendes meegedeel dat sy fooie billik sou wees en dat hy met vyf en twintig jaar praktiese ondervinding kon spog.
- 'n Stemmer van klaviere en orrels wat ook herstelwerk sou behartig, mnr. J Holmes, het in Februarie 1901 die publiek ingelig dat hy oor veertig jaar Koloniale ondervinding beskik het, en dat hy 'excellent testimonials' op aanvraag sou kon voorlê.⁵⁵ Hy was ook bereid om gereelde plattelandse besoeke af te lê.
- Mnr. E F Witte, 'n klavier- en orrelstemmer, wat oor 'high class testimonials' beskik het, het belanghebbendes in Januarie 1902 die volgende belowe:⁵⁶

Pianos or Organs thoroughly repaired, refitted, and renovated. Tunings of both Organs and Pianos by contract or otherwise.

Daarbenewens het hy die herstelwerk van alle snaar- en tonginstrumente, musiekdose, 'automatic machines' en so meer gewaarborg. Alle bestellings kon by Hammerland of mnr. H T Hoble se apteek gelaat word. In Oktober 1902 het hy belanghebbendes daarop attent gemaak dat hy voortaan in vennootskap met die firma J A Hammerland sou fungeer onder die titel E F Witte and Hammerland.⁵⁷

Oorsigtelik beskou is die musiekgeskiedenis van Oos-Londen gedurende die tydperk 1872-1902 nie deur volgehoue groei of vooruitgang gekenmerk nie. Musiek van oppervlakkige, populêre aard wat byna deurgaans voorkeur geniet het, asook belowende aanvang wat slegs kortstondig en sporadies voorkom het, was vir die trae ontwikkelingsproses verantwoordelik.

Musiek van populêre aard was nie net die gunsteling by die amateur en luisteraar nie, maar ook by resensente. Hierdie persone, wat tog positiewe leiding moes gee in die rigting van groter waardering vir artistiek hoogstaande musiek, was soms skepties en onwillig om items van ernstiger aard na waarde te beoordeel. So byvoorbeeld is Die Huwelik van Figaro-ouverture beskryf as 'a composition with a weird but not unpleasant tune', 'n MENDELSSOHN-Orrelsonate is gekategoriseer as 'n werk 'not calculated to impress the ordinary run of audiences', terwyl die eerste uitvoering van BEETHOVEN se Pathetique-sonate nie eers in die resensie gemeld is nie. Tog het die onontikkelde smaak van die publiek wel soms 'n resensent die harnas in gejaag. Ná afloop van 'n konsert deur 'n internasionale kunstenaar in 1902 wat deur swak bywoning gekenmerk is, het die resensent opgemerk:

The musical education of the public has been sadly neglected ... PADEREWSKI himself would probably have had a smaller house than a man who could play the piano with his toes.

Die feit dat belowende pogings telkemale tot niet gegaan het, was 'n groot faktor wat volgehoue groei en vooruitgang teengewerk het. So byvoorbeeld het 'n wankelrige koorvereniging skielik onder James Hyde van 1890 tot 1892 prysenswaardige vooruitgang gemaak, maar ná sy vertrek weer in sy ou onproduktiwiteit verval. Ook die gekombineerde koor- en orkesvereniging, die East London Philharmonic Society, met uitvoerings van Die Messias in 1896 en Elijah in 1897, asook die East London Musical Association met Die Skepping

in 1899, se produktiwiteit was van korte duur.

Alhoewel nie van dieselfde impak en betekenis as dié van die vermelde verenigings nie, maar wel getrou in funksionering, was die jeugdige East London Orchestra wat in 1899 onder leiding van 'n energieke Franz Moeller tot stand gekom het, en die Orpheus Glee Singers in dieselfde jaar. Daarbenewens het die toetrede van die begaafde vokale kwartet The Owls in 1901 veel bygedra tot groter verskeidenheid en kleur in Oos-Londen se begrensde musikale samestelling. Ander verrykende gebeurtenisse was die konserte deur besoekende kunstenaars wat nie alleen werke van ernstige aard meesterlik bekend gestel het nie, maar ook vir 'n gesonder balans tussen vokale- en instrumentale musiek verantwoordelik was, Oos-Londen se skoolkore wat pragsang gelewer het in die skoolkoorkompetisie wat vanaf 1899 gehou is, en die toename in die getal eksamenkandidate wie se goeie uitslae van deeglike onderrig getuig het.

Hierdie positiewe aktiwiteite was egter nie genoegsaam om Oos-Londen se oorheersend stereotipe opset te omskep en te verstewig in een waarin musiek van 'n hoër, artistieke standaard kon seëvier nie.

D E E L II 1903 - 19141 KONSERTE 1903-19141.1 Progressiewe tendense te midde van stagnante faktore 1903-1907

Heelwaarskynlik was die ontwrigting wat veroorsaak is deur die Anglo-Boereoorlog nog tot 'n groot mate verantwoordelik vir die feit dat konserte nie gedurende die periode 1903 - 1904 op dreef kon kom nie. Gelukkig het mev. Baker se verskyning op die konsertplatform in 1905 'n nuwe dimensie aan Oos-Londen se lewelose musikale opset verleen, terwyl die toetrede van etlike ensemble-groepe en die invoeging in programme van werke van ernstige aard, positiewe bydraes was tot die vorming van 'n hefter musikale struktuur. Die verwikkelings het tot 'n groot mate vergoed vir die stagnasie wat nog oorwegend geheers het, aangesien amateurs steeds hoofsaaklik werke van stereotipe, populêre aard aangehang het. 'n Hele aantal instansies en persone was vir aanbiedinge in hierdie tydperk verantwoordelik; Frans Moeller se orkesklas, kerk-instansies, patriotiese verenigings, mev. Baker en verskeie ander instrumentaliste en ensemblegroepe.

1.1.1 Franz Moeller se Orchestral Class 1903 - 1906

Franz Moeller se Orchestral Class van twee en dertig instrumentaliste (die amptelike getal aan die einde van April 1903¹) het nuttige opvoedingswerk verrig en by talle geleenthede toehoorders op flinke, inspirerende spel getrakteer. Afgesien van verskeie ondersteunende optredes by allerlei funksies, was dit veral drie aanbiedinge in 1903 wat betekenisvolle effek gehad het. Al drie hierdie aanbiedinge is nie net deur die uitnemende spel van die orkes onderskei nie (selfs al was hul items meesal oppervlakkig van aard), maar ook deur die hoogstaande spel van verskeie van mnr. Moeller se leerlinge, wat sodoende 'n nuwe dimensie aan die instrumentale horison van Oos-Londen se konsert-aanbiedinge verleen het. 'n Foto van die orkes wat in 1903 geneem is, toon 'n besonder goeie getal strykers. (Kyk Bylae B, p. 708.)

Moeller se orkesklasprogram tydens 'n Grand Evening Concert vroeg in Meimaand 1903 in die St. Peter-saal op die Wesbank

was FLOTOW se ouverture Allessandro Stradella, en verder J'y Pense, San Toy, Tannhäuser-mars, Pantomania en die Sleigh Bell Race.² Op Woensdagaand 15 Julie het hulle in die Lutherse saal SUPPE se Poet and Peasant-ouverture en twee keurspele uit Die Mikado aangebied³, en op 17 Desember twee ouvertures, 'n fantasie en die Boccacio-mars⁴ (komponiste nie gemeld nie) in die Oddfellowsaal. 'n Belowende pianiste en leerling van Moeller, mej. Hilda Rein, het in die eerste twee aanbiedinge LISZT se Hongaarse Rapsodie vertolk - daar kan met sekerheid aanvaar word dat dit no. 2 was, aangesien die werk opvallende populariteit in daardie tyd geniet het - en uiteraars gunstige kommentaar uitgelok:

It is seldom we find in a young pianist such power, delicacy of touch, good expression and a technique that any professional would be proud of.

Aanvullend was daar die vioolspel van mnr. Wilhelm Rein in die eerste twee aanbiedinge met die Skotse Rapsodie van HAUSER en 'n Poolse Mazurka in die eerste en LEONARD se Souvenir de Haydn in die tweede aanbieding. Nog 'n violiste, mej. Ella Munn, het die instrumentale bydraes uitgebrei met 'n Mazurka van WIENIAWSKI en DE BERIOT se Scene de Ballet in die eerste aanbieding, en 'n Serenata van MOSZKOWSKI in die tweede. Ander hoogaangeskrewe bydraes is tydens die Juliekonsert gelewer deur mej. Tilney (viool) met RIECKEN se Souvenir de Lübeck en jongehr. Marsh met 'n tjello-solo gedurende die Desember-aanbieding.

Dus, nie alleen het die orkes hom bevestig as 'n sinvolle musikale ensemble in Oos-Londen nie, maar het die aanvullende individuele instrumentale bydraes groter verskeidenheid gebring.

Uitstaande optredes in 1904 was op Donderdag 28 Julie in die St. Peter-saal⁵ en op Saterdag 30 Julie in die Cambridge stadsaal⁶, wat die resensent genoop het om te verklaar dat Moeller se volgehoue deursettingsvermoë gelei het daartoe dat hy 'could perfect his class with the result that for general excellency the orchestra would be difficult to equal'.⁷

Die 'admirable orchestra' was weer - aangevul deur 'n rits imposante vokale- en instrumentale items - op die voorgrond

tydens 'n Grand Evening Concert op Saterdag 29 Oktober in die stadsaal ten bate die die Seamen's Institute.⁸ 'n Uitnemende solo-item was die sang van mej. Paviour wat haar stem van 'remarkable range and beauty' met groot sukses aangewend het. Die aangebode program wat groter klassieke inslag met betrekking tot die orkes weerspieël het was:

Ouverture	<u>Pique Dame</u>	SUPPE Orkesklas
Kwartet	<u>Haste ye soft gales</u>	MARTIN Orpheus-kwartet Mnr. en Mev. Cuthbert, mnre. Cuthbert en Heaton
Vioolsolo	<u>Hongaarse Rhapsodie</u>	HAUSER Mnr. Rein
Baritonsolo	<u>Love Constant</u>	MALLINSON Mnr. Jenkins
Humoristies	<u>As a Friend</u>	ROBEY Mnr. Nicoll
Altsolo	<u>The soul's awakening</u>	HEDDOCK Mej. Paviour
Mars	<u>Tannhäuser-mars</u>	WAGNER Orkesklas
Ouverture	<u>Finгал's Cave</u>	MENDELSSOHN Orkesklas
Vioolsolo	<u>Fifth Air Varie</u>	DE BERIOT Mej. Tilney
Kwartet	<u>By Celia's Arbour</u>	HORSLEY Orpheus-kwartet
Baritonsolo	<u>The land across the sea</u>	BARNARD Mnr. Jenkins
Humoristies	<u>I'm a Jonah Man</u>	ROGER Mnr. Nicoll
Mars	<u>Troumars (Midsummer Night's Dream)</u>	MENDELSSOHN Orkesklas

Nieteenstaande die feit dat hierdie ensemble steeds in 1905 met hulle talente gewoeker het, was beriggewing oor hul werksaamhede in daardie jaar yl gesaai. So byvoorbeeld is slegs gewag gemaak van 'n aanbieding wat op Donderdag 4 Mei in die Wesbank Publieke Skool plaasgevind het toe 'n aantal werke van 'n 'light and popular nature' voorgehou is, aangevul deur die prominente vioolspel van jongheer. Lunan wat DE BERIOT

se Vioolkonsert no. 6 briljant uitgevoer het.⁹ Ander bydraes was vokale-items deur mejj. Annie Rawe en Hector en mnre. E C Wright en Hedderwick.

In Februarie 1906 is aangekondig dat Franz Moeller se orkes-klas voortaan elke Woensdagaand om 19h05 in die grootsaal van die Continental Restaurant - wat meer as tweehonderd gaste kon huisves en regoor die Phoenix Hotel geleë was - sou repeteer.¹⁰

Hierdie ensemble se eens bruisende aktiwiteite het steeds gekwyn en slegs een optrede is in 1906 aangeteken. Op Dinsdagaand 2 Mei het die orkes in die St. Peter-saal op die Wesbank opgetree en onder andere uitgeblink in die vertolking van keurspele uit Die Mikado en In Coonland.¹¹ Laasgenoemde werk het ekstatiiese reaksie uitgelok, wat op 'n toegif uitgeloop het. Met betrekking tot toegifte op die Wesbank het die resesent geglo dat die Wesbankers 'n unieke eiesoortigheid openbaar het:

There is something about the Westbank encore which is refreshing; it comes from the back of the hall with a low roar, increasing in volume until the whole audience has taken it up and only dies away when the response is vouchsafed.

Ongetwyfeld het die orkes, wat hoofsaaklik uit jeugdige spelers saamgestel is, onder leiding van Moeller, stukrag aan Oos-Londen se stereotipe opset van musiek-aktiwiteite verleen. Ongelukkig was die ensemble se doeltreffendheid van korte duur aangesien hulle optredes in die daaropvolgende jare slegs sporadies en in aanvullende hoedanigheid voorgekom het. Boonop het die orkes nie visie in sy repertoire-keuse openbaar nie, met die gevolg dat ook die orkes, soos so baie ander verenigings en individue, verstar het omdat slegs werke van gewilde, oppervlakkige aard uitgevoer is.

1.1.2 Betrokkenheid van kerke by konsertaanbiedinge 1903 - 1904

Klem op ligte werke

'n Hele aantal kerk-instansies het konserte vir geldelike gewin gebruik. Hierdie pogings is hoofsaaklik deur 'n oorwig van

sololiedere gekenmerk - af en toe afgewissel deur ensemble-pogings van instrumentale en vokale aard. Algaande het die pogings ook vermaaklikheidsitems ingesluit wat gevolglik die reeds ligte aard van die aanbiedinge verder versterk het.

Die stimulerende vokale kwartet The Owls, bestaande uit mnr. M en W Moister, O Griffith en F Dickerson, het op Woensdagaand 4 Februarie 1903 ten behoeve van fondse vir die Southernwood Church Social Guild die kroon gespan op 'n gevarieerde program. Afgesien van individuele vokale bydraes, het dit onder meer tjello-, kornet- en klavier-solo's ingesluit.¹² The Owls se vertolking van The Three Chafers was die onbetwiste hoogtepunt en is weens aanvraag met 'n toegif Simple Simon opgevolg.

In teenstelling met die ensemble-optredes was individuele vokale items oorheersend tydens 'n aanbieding wat op Donderdagaand 30 Augustus in die Wesleyasaal ten bate van die Wesleyan Organ Fund plaasgevind het.¹³ Nieteenstaande die voorrang aan vokale items, is al die instrumentale deelnemers geprys vir hulle bydraes, veral mnr. Paynter vir sy briljante klavierspel, terwyl die Walliese tenoor, mnr. Rees Jenkins, uitgesonder is vir sy vertolkings van die liedere The Deathless Army en King of the Vasty Deep:

Mr. Rees Jenkins is always in such splendid voice and chooses his songs so well that it is impossible to say anything except that on the occasion he was in the usual fine form.

Ensemble-musisering het weer op Woensdagaand 6 April 1904 na vore gekom toe 'n verskeidenheidsprogram tydens die openingskonsert van die nuwe St. Saviour Guildsaal aangebied is.¹⁴ Die koor van daardie gemeente het die verrigtinge verlewendig met 'n aantal aansteeklike keurspele uit Die Mikado terwyl Franz Moeller se orkesklas die instrumentale sy versorg het. Opbrengste sou vir die aankoop van 'n nuwe klavier aangewend word.

Popular Shilling Concerts

Hierdie gemeente het voorts beplan om 'n reeks Popular Shilling

Concerts al om die tweede Saterdag aan te bied.¹⁵

Aan die einde van April 1904 is die eerste van dié reeks voornemende konserte met sukses onder leiding van mej. Garcia aangebied en net die feit dat 'n 'well-ventilated hall' beskikbaar was, was al klaar 'n gunstige faktor vir opvolgende aanbiedinge.¹⁶ Die konsert het 'n breë verskeidenheid klank en vermaak gebied waar daar benewens die gebruiklike items 'n Sunflower Dance met groot belangstelling aangekyk is. Mnr. W Fairbairn se prysenswaardige vioolvertolkings van DE BÉRIOT se Allegro Maestoso en Andante Tranquillo en BACH se Air uit die Suite in D majeur het die aanbieding verryk, terwyl vyf lede van die Fairbairn-familie die opwindingsvlak gehandhaaf het met die ouvertures Poet and Peasant van SUPPE en William Tell van ROSSINI.

Die gemeente het onverpoosd in die aanbied van Popular Shilling Concerts volhard en leidende gemeentelêde of amateurmusici is die geleentheid gegun om programme op te stel.¹⁷ Dit het egter 'n klemverskuiwing meegebring wat daartoe gelei het dat die aanbiedinge al hoe meer 'n vermaaklikheidskleur aangeneem het. 'n Voorbeeld hiervan is die program wat op Woensdagaand 10 Augustus deur mnr. W F E Holland aangebied is:

Klaviersolo	<u>Husarenritt</u>	SPINDLER Mnr. Fairbairn
Kwartet en solo	<u>King Henry's Song</u>	SULLIVAN Dr. Worsley, Mejj. Lowe en Fairbairn en Mnr. Holland
Liedere	<u>Slave Song</u>	COWEN Mej. Hodges
	<u>The Promised Land</u>	LLOYD Mnr. Plumstead
Voordrag (Gekostumeerd)	<u>Wolsey's Farewell Speech</u>	SHAKESPEARE Wolsey: Mnr. Bryan Cromwell: Mnr. Hartigan
Lied	<u>When Love is Kind</u>	A L Mej. Craig
Vioolsolo	<u>Cavatina</u>	RAFF Mnr. Fairbairn
Lied	<u>I Fear no Foe</u>	PINSUTI Mnr. Ashman
Sekstet	<u>I hear the Soft Note</u>	Mejj. Lowe, Craig en Fairbairn, mnr. Worsley, Plumstead en Holland
Eenbedryf-klug	<u>My Lord in livery</u>	

Nog 'n poging uit gemeentegedere - die keer opgestel deur die nuwe koorleier van die St. Paul Presbiteriaanse kerk, mnr. Bantom - het daartoe gelei dat 'n konsert op Maandag-aand 18 Julie in die St. George-saal in Oxfordstraat aangebied is, ook om fondse te bekom vir die installering van 'n nuwe orrel.¹⁸ Hierdie poging was ook geskoei op die populêre smaak van die publiek. Bekende liedere soos Queen of the Earth, Annie Laurie en Alice where art thou is aangehoor.

Bogenoemde pogings was 'n duidelike weerspieëling daarvan dat die deursnee konsertganger hom net met populêre, gewilde werke wou identifiseer en geensins 'n begeerte getoon het om na werke van ernstiger aard te luister nie. Musiek het eintlik slegs 'n aanvullende rol gespeel, met die gevolg dat musiek as kultuurverrykende medium geensins sy regmatige plek in die alledaagse gemeenskap kon beklee nie.

1.1.3 Konserte van Patriotiese en Historiese aard

Onder die beskerming van verskeie patriotiese verenigings het Skotte, Engelse en Iere wat hulle in Oos-Londen bevind het, belangrike persone en gebeurtenisse deur middel van konserte herdenk. Hierdie verbondenheid aan hulle eertydse vaderlande het in 1903 treffend na vore gekom toe 'n hele aantal aanbiedinge ter ere van belangrike figure gehou is.

Die eerste van die aanbiedinge was die eenhonderd vier en veertigste Burns-viering wat op Saterdag 24 Januarie 1903 in die stadsaal gevier is.¹⁹ Burns-konserte is al vanaf die laat tagtigerjare van die vorige eeu in Oos-Londen gehou. (Kyk Deel I, p. 7; maar omdat hierdie gewilde patriotiese konserte so opvallend baie in 1903 voorgekom het, word dit hier bespreek.) Robert Burns (1759 - 1796) was 'n Skotse digter wat al die verskillende karaktertrekke van die Skotse nasie, 'its tenderness, its sensuous vigour and its patriotic fervour' suksesvol in digvorm vasgelê het.²⁰ 'n Verskeidenheidsryke program oorheers deur Skotse liedere is aangebied:²¹

Keurspel	<u>Our Highland House</u>	DYKE Mnr. Grout se strykorkes
Lied	<u>There was a Lad</u> (verwerking)	GLEADHILL Mnr. McGregor
Doedelsaksolo's	<u>Highland Airs</u>	ROBERTSON
Liedere	<u>Ye Banks and Braes</u> (verwerking)	GLEADHILL Mej. McDonald
	<u>Scots Wha Hae</u> (verwerking)	GLEADHILL Mnr. Morgan
Klaviersolo's	<u>Balmoral</u>	JULES DE SIRRAI Mnr. Chapman
Liedere	<u>Jessie's Dream</u>	Mej. Hartley
(humoristies)	<u>Auld Peter McNab</u>	Mnr. Hardie
Keurspele	<u>Prince Charlie</u>	SEDDON Mnr. Grout se strykorkes
	<u>Blue Bonnets</u>	BALFOUR Mnr. Grout se strykorkes
Lied	<u>A Man's a Man</u> (verwerking)	GLEADHILL Mnr. Morgan
Vioolsolo	<u>Among the Heather</u>	SKINNER Mnr. Hardie
Lied	Keurspel	Mej. McDonald
Voordrag	<u>Tam O'Shanter</u>	Mnr. Wilson
Lied	<u>Why Left I my Hame</u>	Mej. Hartley
Dans	<u>Highland Fling</u>	Mnr. Johnstone
Liedere	<u>The Lea Rig</u>	BLAMPHIN Mnr. Dickie
	<u>Auld Lang Syne</u>	
	<u>God Save the King</u>	

Hoogtepunte van die konsert was die verkwikkende spel van mnr. Grout se strykorkes en mnr. Chapman se klavierspel - 'exceptionally good'.

Kort daarna is 'n Grand Irish Concert op Dinsdag 17 Maart - St. Patrick-dag - in die stadsaal aangebied.²² St. Patrick-dag word gevier ter ere van 'n heilige van Ierland wat op 17 Maart, ongeveer 461 ná Christus oorlede is.²³ Vanaf 1845 is sy dood wêreldwyd herdenk. Volgens oorlewing het hy die eerste Shamrock, Ierland se nasionale blom, in Ierland geplant omdat die drie blare van hierdie blom die Drie-Eenheid simboliseer.²⁴ Die Kaffrarian regiment-orke, die

Owls-kwartet, 'n dogterskoor van die kloosterskool en prominente amateurs het lustig meegedoen aan 'n 'excellent programme':

Ouverture	<u>Ems of Erin</u>	Regiment-orkes
Koor	<u>St. Patrick's Day</u>	Dogterskoor
Liedere (komies)	<u>Killahoe</u>	Mnr. Meyers
	<u>The Old Country</u>	Mej. Kearney
	<u>Terence's Farewell</u>	Mnr. Dickerson
	<u>Eileen A Room</u>	Mej. Peel
(komies)	<u>Slattey's Mounted Fut</u>	Mnr. Hanrahan
Keurspel	<u>Emerald Isles</u>	Regiment-orkes
Koor	<u>Dear Little Shamrock</u>	Dogterskoor
Liedere	<u>Killarney</u>	Mev. Harmer
(komies)	<u>The night that Miss. Cooney Eloped</u>	Mnr. Hanrahan
Klarinetsolo	<u>Grand Irish Fantasia</u>	Mnr. Aylwin
Liedere	<u>The Minstrel Boy</u>	Mej. Kearney
(komies)	<u>Mulligan's Motor Car</u>	Mnr. Sharples
Kwartet	<u>Tom the Piper's Song</u>	Die Owls-kwartet
Mars	<u>Erin's Song</u>	Regiment-orkes

Opvolgend, ter nagedagtenis aan St. George-dag, is 'n Grand Concert op 23 April onder die beskerming van die Sons of England Patriotic and Benevolent Society in die stadsaal aangebied.²⁵ St. George was 'n martelaar wat geleef het omstreeks 303 ná Christus en wat van 'n vroeë tydperk af bewondering by die Engelse volk afgedwing het, alhoewel historici verskil oor sy integriteit en goeie bedoelings.²⁶ Die East London Orchestra onder leiding van mnr. Levy Howe het 'considerable enjoyment' verskaf deur hul patriotiese bydraes, onder meer met keurspele soos Merrie England, March Edward VII en English Airs, terwyl mejj. Palmer en Green die vokale sy keurig versorg het met Mid, the Hush of the Corn en Down the Vale (mej. Palmer) en Daddy en The Link Divine (mej. Green).

Nóg 'n patriotiese poging was 'n Grand Scotch Concert ten behoeve van die Kaledoniese-vereniging se Education Fund,

wat op 9 September in die St. George-saal in Oxfordstraat plaasgevind het. Skotse liedere, voordragte, viool- en doedelsak-keurspele is aangehoor.²⁷

Die St. Paul Presbiteriaanse-kerk, Quanzastraat, Strand, was op Maandagaand 30 November die bymeekaarkomplek om dié St. Andrew-nag met 'n musiekaand te herdenk.²⁸ Verskeie instansies van die Christelike Kerk herdenk die martelaarskap van St. Andrew uit die tydperk 70 ná Christus.²⁹ Hy was die broer van Petrus, een van die dissipels van Christus. Andreas het die beskermheilige van Skotland geword. Die 'excellent programme' het bestaan uit verskeie klavierkeurspele, bekende liedere, onder meer Comin' thro' the Rye, Bonnie Mary o' Argyle en 'n voordrag.

Deur die medium van patriotiese konserte kon Ier, Skot en Engelsman dus elkeen sy eiesoortige verbondenheid beleef en uitleef. Die nuttigheidsgraad van die aanbiedinge het beslis gelê in die uitlewing van patriotiese gevoelens, aangesien daar wat suiwer musikale aspekte betref, nie veel gebeur het nie.

Opvolgende konserte van patriotiese aard het natuurlik dieselfde karaktertrekke as bovermelde aanbiedinge bevat.³⁰ Beslis uitsonderlik was die aanbieding deur die Duitse gemeenskap van Oos-Londen wat die keiser van Duitsland se verjaarsdag (Sondag 27 Januarie) op Vrydagaand 25 Januarie 1907 voor 'n toehoorderstal van 'not far short of a thousand people' gevier het:³¹

Keurspel	<u>Immer gemütlich</u>	VON THIELE Moeller-orkesklas
Klaviersolo	<u>Ungarische Rhapsodie</u>	LISZT Mej. Franz
'n Dag in Wenen	<u>Marsch</u>	VON SCHILDT Moeller-orkesklas
Die keiser se geboortedagviering (25.1.07)	<u>Dornroeschen Beim Daemmerschein</u>	Laerskoolkinders
	<u>Lieb' Heimatland</u>	Laerskoolkinders
	<u>Die Lorelei</u>	Hoërskoolkinders
Kort deklarasie	<u>Schulgang</u>	H Malcomess
	<u>Den Deutschen im Auslande</u>	H Maaske

	<u>Mein Vaterland</u>	E Blumrick, W Homann, L Lehmann
	<u>Remterentem</u>	K Winter
Humoristiese voordrag		Mnr. Hoppe
Keurspel	<u>Ein Abend Bei Kroll</u> (Deel I)	VON THIELE Moeller-orkesklas
Vioolsolo	<u>Serenadi</u>	BRAHMS Mnr. W Rein
Intermezzo	<u>Ave Maria</u>	PIETRO MASCAGNI Moeller-orkesklas
Liedere	<u>Erntelied</u>	Laerskoolkoor
	<u>Nixenreigen</u>	Hoërskoolkoor
Keurspel	<u>Ein Abend Bei Kroll</u> (Deel II)	VON THIELE Moeller-orkesklas
Tjello solo	<u>Ungarischer Tanz</u>	BRAHMS Mnr. B Rein
Humoristiese voordrag	<u>Die Wacht am Rein</u>	H Sievers

1.1.4 Mev. Baker se opbouende bydraes 1905-1907

Die opvallende afwesigheid van konserte van gestandaardiseerde gehalte - 'n tendens wat geheers het gedurende die periode 1903 - 1904, aangesien instansies soos Moeller se orkesklas, kerk- en patriotiese verenigings se programme populêr georiënteerd was - is in 1905 verbreek toe 'n uiters begaafde musikus, mev. W H Baker, Oos-Londen se konsertplatform betree het. Sy het haar in Desember 1904 in Oos-Londen gevestig en was 'n gesiene mezzosopraan uit Londen en Natal.³² (Kyk Deel II, p. 494.)

Sy was op Vrydag 13 en Saterdag 14 Januarie 1905 die hoofkunstenaar by 'n konsert in die stadsaal, ondersteun deur mej. de Beer, 'n 'pianist of a very high order having studied at the Conservatoire of Amsterdam', asook 'n nuutgevonde orkesensemble, die Excelsior Orchestra.³³ 'n Besonder verdienstelike program is voorgehou:

Liedere	<u>When the Heart is Young</u>	BUCK Mev. Baker
	<u>Abide with me</u>	LIDDLE Mev. Baker

Klavierduet	<u>Rondo in C majeur</u>	CHOPIN Mev. Baker en Mej. de Beer
Klaviersolo's	<u>Scherzo in b-mol mineur</u>	CHOPIN Mej. de Beer
	<u>Berceuse</u>	CHOPIN Mej. de Beer
	<u>Grand Valse de Concert</u>	MOSZKOWSKI Mej. de Beer
Liedere	<u>O mio Fernando</u>	Mev. Ries
	<u>Rosebuds</u>	ARDITI Mev. Ries
	<u>Marquerite</u>	WHITE Mnr. Witton
	<u>The Village Blacksmith</u>	WEISS Mnr. Witton
Duverture	<u>Schlaraffia</u>	TRIEBEL Excelsior-orkes
Mazurka	<u>Der Liebesküss</u>	GUST LÖSER Excelsior-orkes
Keurspel	<u>Girl from Kay's</u>	IVAN CARYLL Excelsior-orkes
Wals	<u>Les Jaloux</u>	AD GANWIN Excelsior-orkes

Die gehalte van mev. Baker en mej. de Beer se vertolkings was totaal bo verdenking en albei is hoë lof toegeswaai. Mev. Baker het beïndruk met haar 'gifted voice of great sweetness and power', terwyl mej. de Beer 'well-sustained her reputation as a pianist of exceptional ability and her rendering of CHOPIN'S Scherzo in B flat minor clearly proves that she possesses the temperament and intelligent perceptions of a true artist. Her playing is remarkable for its sweet and sensitive quality and perfect technique'. Daarbenewens het die Rondo in C majeur vir twee klaviere van CHOPIN mev. Baker se veelsydigheid as kunstenaar na vore gebring en is die hoop uitgespreek dat sy in die toekoms instrumentale solo's in haar programme sou insluit. Geen melding is van die Excelsior-orkes gemaak nie.

Op Vrydagaand 17 Februarie het mev. Baker aan hierdie versoek gehoor gegee toe sy as sangeres sowel as pianiste in 'n konsert in die St. Peter-saal op die Wesbank opgetree het.³⁴ Sy is bygestaan deur mej. Paviour (kontralto), mnr. Mathias (sang) en T K Grahame (humoristiese liedere), mej. Connie

Munn (viool), en banjosolo's deur die opwindende Beavan Troupe. (Hierdie Beavan Pierrot Banjo Troupe het ook met sukses opgetree in 'n aanbieding wat in Maart onder die beskerming van die Sons of England Patriotic and Benevolent Society geskied het.)³⁵

Voorts sou mev. Baker - wat deur Mimosa van die Ladies Column gekomplimenteer is met die gedagte dat sy (mev. Baker) 'embraces an enormous field of musical talent' in beide klavier en sang - op Vrydag 3 Maart, met die assistering van mnr. H Rowe (viool) 'n Soiree Musicale in die Oddfellowsaal aanbied met die volgende program:³⁶

Klaviersolo	<u>Wals in A-mol majeur</u>	MOSZKOWSKI Mev. Baker
Lied	<u>A Summer Night</u>	GORING THOMAS Mev. Baker
Vioolsolo	<u>Romanse in G majeur</u>	SVENSEN Mnr. Rowe
Liedere	<u>The Dream-maker Man</u> <u>Das Erste Lied</u> <u>Mazurka</u>	NEVIN GRAMMAN (sic!) VIARDOT-CHOPIN Mev. Baker
Klavier en viool	<u>Allegretto Quasi Andantino</u> <u>Allegro molto Vivace</u> <u>(Sonata in F majeur)</u>	GRIEG Mev. Baker en Mnr. Rowe
Lied	<u>Love the Pedlar</u>	GERMAN Mev. Baker
Vioolsolo	<u>Inleiding en Gavotte op. 26</u>	FRANZ RIES Mnr. Rowe
Klaviersolo	<u>Polonaise in A-mol majeur</u>	CHOPIN Mev. Baker

Die goeie Bechstein-vleuelklavier het nie bietjie bygedra tot die sukses van hierdie aanvullende program nie, en daar is berig dat mev. Baker van voorneme was om soortgelyke 'delightful evenings in the near future' aan te bied.³⁷

Haar artistieke vitaliteit en meelewendheid was nou 'n vol-donge feit en op Vrydag 31 Maart het sy weer haar talent bewys toe sy triomfantelike sukses behaal het in 'n Farewell Complimentary Concert ter ere van die Rein-susters.³⁸ Hierdie susters, Hilda (klavier) en Elfie (viool) het albei ses jaar lank onderrig by Franz Moeller ontvang en albei was van

onontbeerlike waarde in plaaslike konserte op solo- en ensemble-vlak. Hulle sou op Saterdagoggend 1 April na Duitsland vertrek vir verdere studie. Benewens mev. Baker se uitnemende voordragte, is mej. Hilda Rein geloof vir haar 'remarkable technique and feeling'.

Tydens die honderdjarige herdenking van die groot Duitse digter Schiller deur die Duitse gemeenskap van Oos-Londen op Dinsdag 16 Mei, het mev. Baker weer haar musikale veelsydigheid beklemtoon deurdat sy met 'n 'cultured and musicianly interpretation' van BEETHOVEN se Appassionata-sonate (die eerste uitvoering van hierdie werk in Oos-Londen) vorendag gekom het, terwyl mnr. P Michow en 'n mev. Von der Meden met 'n Allegro uit 'n klavier-en vioolsonate van MENDELSSOHN die hoë standaard van die konsert gehandhaaf het.³⁹

Die dinamiese, vindingryke mev. Baker het voorts met 'n nuutgevonde voorneme vorendag gekom wat deur Mimosa van die Ladies Column as volg uiteengesit is:⁴⁰

I expect my readers have all received Mrs. W H Baker's circular-letters and card in which she expresses her intention of giving some very fine concerts if sufficient support is forthcoming. She intends to obtain the best musical talent in South Africa for these concerts and I am sure that East London will rise to the occasion and come forward with the necessary support. Really good concerts are few and far between in East London and winter evenings are long and dull without many things to liven them up and there seems to be no chance of a good theatre coming our way yet awhile, so we should make a point of patronizing Mrs. Baker's concerts. I hear she intends giving as part of her programme choruses and scenes from various popular operas. This is a form of music that even the most unmusical find interesting and this in addition to the other good music that is to be provided will be sure to draw good, all-round houses.

In Junie het sy belanghebbendes ingelig dat sy mdlle. Virginie Cheron, die Suid-Afrikaanse sopraan, en mnr Eugen Benzon, 'who without doubt is the finest violinist in South Africa', se dienste bekom het vir haar eerste poging wat op Vrydag 30 Junie sou plaasvind.⁴¹ 'n Boeiende program sou aangehoor word:

Klaviersolo	<u>Konsert in g mineur</u>	MENDELSSOHN Mevv. Baker en Symons
Liedere	<u>The Skipper</u>	JUDE Mnr. MacQueen
	<u>The Carnival</u>	MOLLEY Mev. Baker

Vioolsolo	<u>Vioolkonsert</u>	MENDELSSOHN Mnr. Benzon
Liedere	<u>A Summer Night</u>	THOMAS Mdlle. Cheron
	<u>The King's Minstrel</u>	ST. QUENTIN Mnr. MacQueen
Vioolsolo's	<u>Air</u>	BACH
	<u>Humoreske</u>	DVORAK
	<u>Le Gygne</u>	SAINT SAËNS
	<u>Kuyawiak</u>	WIENIAWSKI Mnr. Benzon
Voordrag en kavatine	<u>Nobil Signor</u>	MEYERBEER Mdlle. Cheron
Klavier en viool	<u>Presto (Kreutzer-sonate)</u>	BEETHOVEN Mev. Baker en Mnr. Benzon
Liedere	<u>The Yeoman's Wedding Song</u>	PONIATOWSKI Mnr. MacQueen
	<u>Good-bye</u>	TOSTI Mdlle. Cheron
Vioolsolo	<u>Saint Lubin (Lucia di Lammermoor)</u>	DONIZETTI Mnr. Benzon
Liedere	<u>Love the Pedlar</u>	GERMAN Mev. Baker
	<u>The Champion of the King</u>	PINSUTI Mnr. MacQueen
Duet	<u>Venetian Boat Song</u>	BLUMENTHAL Mdlle. Cheron en Mev. Baker

Mdlle. Cheron en mnr. Benzon se gloeiende getuigskrifte het in 'n werklikheid ontplooi en hulle vertolkings 'took the vast audience by storm'.⁴² Die ander kunstenaar, mnr. Loch MacQueen, het nie dieselfde kwaliteite openbaar nie en was 'lamentably deficient in enunciatory powers'. 'n Ander glanspunt was die voortreflike begeleiding van mev. W H Symons, nog 'n musiekonderwyseres wat haar in Dos-Londen gevestig het. (Kyk Deel I, p. 220).

Hierdie lofwaardige pogings van mev. Baker het sekerlik veel vermag om die standaard van konserte op die plaaslike front te verhoog, terwyl die entoesiastiese ondersteuning 'n bemoeidigende faktor vir verdere aanbiedinge moes gewees het. Haar prysenswaardige voorneme om konserte met vocraanstaande kunstenaars aan te bied het ongelukkig nie momentum verkry nie en bovermelde konsert was die enigste van sy soort.

Na 'n betreklike lang stilsweye het mev. Baker weer in November 1906 kragdadig na vore getree toe sy man-alleen 'n gewigtige vokaal-instrumentale program op Woensdagaand 21 November in die Oddfellowsaal aangebied het.⁴³ Haar program was:

Klaviersolo	<u>Carnaval Mignon</u>	SCHÜTT
Prelude	<u>Serenad d' Harlequin</u>	REVEUR-CAPRICE
Liedere	<u>Das Erste Lied</u>	GRAMMAN (sic!)
	<u>Once at the Angelus</u>	SOMERVELL
	<u>Mazurka</u>	CHOPIN-VIARDOT
Klaviersolo	<u>Italiaanse Konsert</u> (Eerste beweging)	BACH
Lied	<u>Who'll buy my Lavender?</u>	GERMAN
Klaviersolo's	<u>Venetian Barcarolle</u>	GODARD
	<u>Wals in A-mol majeur</u>	MOSZKOWSKI
Liedere	<u>Indian Love Lyrics</u>	FINDLEY
Klaviersolo	<u>Scherzo in b-mol mineur</u>	CHOPIN
Liedere	<u>Winterlied</u>	VON KOSS
	<u>Apple Blossoms</u>	LAWRENCE KELLIE
	<u>A farewell and a leave taking</u>	LAWRENCE KELLIE
Klaviersolo	<u>Briljante-wals</u>	CHOPIN

Die resesent was van mening dat sy 'n 'excellent voice' besit het, en besonder gelukkig vertoon het in die CHOPIN-Mazurka ('an exceptionally difficult song'), terwyl hy haar vertolking van SCHÜTT se Carnaval Mignon as haar beste instrumentale poging beskou het. Hierdie uitvoering van haar moes sekerlik menige ernstige musici in Oos-Londen se wenkbroue laat lig het, aangesien dit die eerste vollengte-konsert deur 'n enkele individu in Oos-Londen was.

Mev. Baker sou haar onvermoeide ywer weer op Woensdag 10 April 1907 ten toon stel tydens 'n Benefit Concert, met 'n program wat aangekondig is as 'without doubt one of the best yet offered to the public'.⁴⁴ 'n Beroep is op die publiek gedoen om haar met 'n 'bumperhouse' te beloon, 'in recognition of her efforts to keep up a high standard of musical excellence on the concert platform'. Die volgende items sou aangebied word:⁴⁵

Liedere	<u>Slave Song</u>	RIEGO
	<u>Love Echo</u>	NEWTON Mev. McCallum
	<u>Singing Bird Tune</u>	AYLWARD
	<u>A land of Roses</u>	RIEGO Mej. Paviour
	<u>Beloved, it is morn</u>	AYLWARD Mej. Cuthbert
	<u>Abide with me</u>	LIDDLE
	<u>Mazurka</u>	CHOPIN-VIARDOT Mev. Baker
Klaviersolo	<u>Andante en Presto Vivace</u> (<u>Konsert in g mineur</u>)	MENDELSSOHN Mevv. Baker en Symons
Liedere	<u>The Curfew</u>	MONK
	<u>Hybrias the Cretan</u>	ELLIOT Mnr. Thompson
	<u>The Postillion</u>	Mnr. Carsons
	<u>Bedouin Love Song</u>	
Kwartet	<u>Johnny Schmoker</u>	Boheemse-kwartet
	<u>The Mellow Melon</u>	
Kornetsolo's	<u>Fantasia I Lombardi</u>	VERDI
	<u>Polka Arbucklenian</u>	HARTMAN Mnr. Howe
Voordrag		Mnr. Stevenson
Duet	<u>The Venetian Boat Song</u>	BLUMENTHAL Mevv. McCullam en Baker

Ongelukkig was dié aanbieding uit 'n bywoninsoogpunt betreurenswaardig, maar darem uit 'n musikale oogpunt 'an unqualified success'.⁴⁶ Mev. Symons het ontluik as 'n 'most capable player', terwyl mev. McCallum wat oor 'exceptional vocal powers' beskik het - ondersteun deur 'a most engaging stage presence' - oorvloedige sukses behaal het. Daarbenewens was die Bohemian Quartette, 'that happy little concert party, in great form, and again proved themselves able exponents of that subtle humour that is accompanied by the most serious facial expressions imaginable'. Dit is des te meer onverklaarbaar dat die publiek nie dié aanbieding hulle heelharige ondersteuning toegesê het nie veral as in aanmerking geneem word dat die program nie eksklusief swaar van aard was nie.

Daaropvolgend sou mev. Baker haar taak as leidende musikus voortsit met nog twee Song and Piano Recitals op Donderdagaand 16 Mei⁴⁷ en Saterdag 15 Julie⁴⁸. Ongelukkig is geen verslae of program detail van die konserte gepubliseer nie.

Mev. Baker se stimulerende bydraes het gewis Oos-Londen se beperkte musikale grense verbreed en in die neiging om werke van ernstiger aard in toenemende mate te beoefen was mev. mev. Baker se pogings beslis van groot betekenis. Die bekendstelling van werke soos BEETHOVEN se Appasionata-sonate en MENDELSSOHN se Klavierkonsert in g mineur was nie net baie welkom in Oos-Londen se geïkante musikale sfeer nie, maar ook 'n broodnodige stap. Daarbenewens was sy tot in daardie stadium die enigste musikus om 'n soloprogram suksesvol voor te lê en deur te voer.

1.1.5 Gebrekkige momentum 1905-1907

Die konserttoneel sonder die energieke mev. Baker het in die jare 1905 - 1907 gebrekkige momentum openbaar. Aanbiedinge het in 1905 slegs sporadies voorgekom -- buiten vir die dapper pogings van mev. Baker het slegs twee aanbiedinge plaasgevind - en alhoewel die daaropvolgende jaar groter oplewing openbaar het, het 'n afplatting maar weer in 1907 voorgekom. Opbeurende tendense was egter die feit dat ensemblespel in toenemende mate beoefen is en dat werke van ernstiger aard in programme opgeneem is.

1.1.6 Ensemble-musisering

Die betekenisvolste van die twee aanbiedinge van 1905 was 'n konsert op Donderdagaand 24 Augustus in die Cambridge-stadsaal, waar ensemble-kombinasies karakter aan die program verleen het.⁴⁹ Verblydend was die insluiting van 'n strykkwartet wat klassieke werke uitgevoer het. Die program was:

Klavierduet		Mejj. Baillie en Wells
Lied		Mev. Hector
Voordrag	<u>Lulu's Complaint</u>	Mnr. Stevenson
Lied	Keurspel	Mev. Clowes
Vioolsolo	<u>Air Varie no. 8</u>	DE BERIOT Mnr. Rein
Humoristies		Mnr. Hartigan
Strykkwartet	<u>Kwartet no. 1</u> (Deel I)	HAYDN Mnre. Moeller, Rein, Jackson en jongehr. Rein
Vokale kwartet		Orpheus-kwartet Mev. en mej. Cuthbert Mnre. Warren en Cuthbert
Klaviersolo		Mej. Wells
Lied	<u>Come to me</u>	WALTER WADHAM Mej. Cuthbert
Tjellosolo	<u>Salut d' Amour</u>	ELGAR Jongehr. Rein
Voordrag		Mnr. Stevenson
Strykkwartet	<u>Kwartet no. 2</u>	BEETHOVEN Mnre. Moeller, Rein, Jackson en jongehr. Rein
Humoristies		Mnr. Hartigan

Ensemble-musisering was ook een van die meer opvallende kenmerke van 'n aanbieding wat op Woensdagaand 6 Desember in die Victoriasaal, Fleetstraat, aangehoor is.⁵⁰ 'n Manlike vokale kwartet het geskitter in die lewering van The Three Chafers, When evening's twilight en The Soldier's Farewell, terwyl 'n trio bestaande uit een dame en twee here Ye Shepherds tell me voorgesing het. Dit is as 'very much above the average' geklassifiseer.

1.1.7 Voortstuwing 1906

Beoordeel teen die trae gang van aanbiedinge in 1905 het konsert-aktiwiteite in 1906 beslis meer voortstuwing getoon.

Mev. Baker was die aansporingsbron vir die opvoering van die komiese opera Olivette, wat van Donderdag 15 tot Saterdag

17 Februarie opgevoer is met mev. Dan McCallum en mnr. Reginald White van Kaapstad in die hoofrolle, ondersteun deur 'n aantal plaaslike sangers, 'n koor van vyf en dertig 'well-trained voices' en 'n orkes onder leiding van mnr. Chapman.⁵¹ In sy geheel geëvalueer het die deeglike voorbereiding positiewe resultate opgelewer maar die resensent het hom na afloop van die eerste opvoering skerp uitgelaat oor die nonchalante houding van sommige van die deelnemers:

The frequent weakness of amateur theatricals is due to the fact that many of the performers do not take the work seriously enough. They attend the rehearsals because they think there is some fun to be got out of them, the idea that a successful performance means hard work and a certain amount of drudgery never entering their heads. No one realises this better than the unfortunate stage manager who has to spend a good deal of his time trying to get his company to understand that they are there to work, not to 'fool'. Inability to appreciate this leads inevitably to the stiff and wooden appearance of so many amateur performers. Naturalness on the stage does not come naturally, but is the result of diligent effort. Last night there were not wanting signs of stiffness, particularly among the members of the chorus and especially among the male members, but on the whole the company gave a very good performance. The orchestra, a large one, did its work well, Mr. Chapman wielding the baton.

Geen haperinge het by die hoofsoliste voorgekom nie en die werk is vir sy oorblywende tydvak met sukses bekroon.

Na afloop van sy uitnemende sukses in Olivette het mnr. Reginald White nog 'n wyle in Oos-Londen vertoef en op Woensdagaand 21 Februarie opgetree in 'n konsert wat deur die Cambridge-krieketklub gereël is.⁵² Hy het dit met 'n aanbieding op 22 Februarie in die Oddfellowsaal opgevolg, waar hy onder meer die volgende liedere gesing het: Nirvana (TEMPLE), Stars may Forget (GROOME), Take a pair of Sparkling Eyes (SULLIVAN), en 'n duet The Moon hath raised (BALFE) waarin ene mnr. MacNamara saam met hom opgetree het.⁵³

Benewens mnr. White se optrede in die Oddfellowsaal het nog twee ander aanbiedinge in Februarie daar plaasgevind. Die eerste was op Saterdag 3 Februarie, toe die natuurlike vaardigheid van mnr. H C Kolbe as sitiespeler na vore gekom het.⁵⁴ Die interessante program was:

Klaviersolo	<u>Polonaise in A majeur</u>	CHOPIN Mev. Bruton
Lied	<u>The postillion</u>	MOLLOY Mnr. Carson
Sitersolo	<u>Schmerzvergessen</u> (Konsert-mymering)	UMLAUF Mnr. Kolbe
Lied	<u>Beloved it is Morn</u>	AYLWARD Mej. Fairbairn
Sitersolo's	<u>Die Bleiche Rose</u> (Mymering)	EINSTEIN
	<u>Süsse Erinnerung</u> (Fantasie)	STEFFEN Mnr. Kolbe
Mandoliensolo	<u>The Merry Wives of Windsor</u> (Keurspel)	NICOLAI Mnr. Sumpster
Lied	<u>Idle Words</u>	ADAMS Mej. Fairbairn
Sitersolo	<u>Künstler-Träume</u> (Konsert-fantasie)	UMLAUF Mnr. Kolbe
Klaviersolo	<u>Andante en Rondo Capriccioso</u>	MENDELSSOHN Mev. Bruton
Lied	<u>Thy Sentinel am I</u>	WATSON Mnr. Carson
Sitersolo's	<u>Schottland's Träume</u> (Lied ohne Worte)	FITTIG
	<u>Heimweh</u> (Melodie)	MAYR Mnr. Kolbe

Kort daarna op Donderdag 8 Februarie is die saal weer gebruik toe 'n Grand Concert van veel ligter aard deurgevoer is, maar wat darem ook die stadige beweging uit MENDELSSOHN se Viool-konsert ingesluit het.⁵⁵

In weerwil van enkele bemoedigende pogings in die klassieke sfeer het aanbiedinge nog halsstarrig bly vasgekleef aan oppervlakkige verskeidenheid, ligte populariteit, en werke van nie-veeleisende aard, met die gevolg dat die tempo in die rigting van musiek van ernstiger aard maar traag gebly het.

1.1.8 Klassieke komponiste geniet verteenwoordiging

In 'n opvolgende aanbieding het klassieke komponiste groter verteenwoordiging geniet, hoewel slegs in getranskribeerde vorm, toe ene mnr. H M Layten, 'n 'pianist of no mean ability',

toehoorders op Woensdag 15 Augustus in die Kongregasionalistiese kerk op die volgende werke vergas het: The Tournament of Song (Tannhäuser), Grieg se Funeral March, en keurspele uit Lohengrin.⁵⁶ Nog 'n getranskribeerde werk wat aangehoor is was CHOPIN se Nokturne no. 2, gespeel op die viool deur mnr. W Rein.

'n Keurige verskeidenheidsprogram wat op Dinsdag 25 September in die Rooms-Katolieke kerksaal plaasgevind het, het ook 'n aantal klassieke werke bevat, weer eens bekend gestel deur instrumentale bydraes.⁵⁷ 'n Stryktrio bestaande uit mnr. Moeller, jongehr. Rein en mej. Myra Mills het Salut d' Amour van ELGAR en 'n Hongaarse Fantasia (komponis nie gemeld nie) uitgevoer. 'n Vioolsolo, Konsert no. 7 van DE BERIOT is deur jongehr. S Halse gelewer, en twee tjellosolo's, Le Reve van GOLTERMANN en Melodie in F majeur van RUBINSTEIN, deur jongehr. B Rein.

Verskeidenheid was daaropvolgend ook 'n kenmerk van 'n aanbieding op Woensdagaand 12 Desember in Cambridge waar die klavierspel van mej. Edith Wells, die sang van mej. Norton, die vioolspel van mnr. W Rein, die sitterspel van mnr. Kolbe, 'n mannekwartet, en mnr. Moeller se orkes in onder meer ROMBERG se Toy-simfonie die aanwesiges volgehoue genoegdoening verskaf het.⁵⁸

1.1.9 Retrogressie 1907

Slegs vier aanbiedinge van wisselvallige gehalte het in 1907 voorgekom, wat dus nog eens gedui het op gebrekkige belangstelling en inisiatief.

Die eerste aanbieding het op Woensdagaand 22 Mei in die Cambridge-stadsaal plaasgevind, waar 'n gebalanseerde mengsel van vokale en instrumentale items voorgehou is.⁵⁹ Ensemblebeoefening is 'n stappie verder geneem met die insluiting van 'n instrumentale kwintet, wat 'n werk van STANG, Maienlust (Deel II), voorgespeel het. Ses weke later het 'n 'galaxy of East London amateur talent' 'n konsert in die Victoria Wesley Guild-saal aangebied wat as 'n 'unqualified success'

beskryf is.⁶⁰ Mnr. Chapman se teenwoordigheid - nie alleen as begeleier nie maar ook as leidende pianis - het veel tot die sukses van die aanbieding bygedra. Benewens 'n aantal klavieritems is ook sang- en vioolsolo's ingesluit.

Een van die min hoogtepunte in hierdie genre in 1907 was 'n Grand Variety Concert wat op Saterdag 21 September in die stadsaal onder aanvoering van Franz Moeller plaasgevind het.⁶¹ 'n Verdienstelike program is aangebied, maar teen die verwagting in was die ondersteuning swak wat die resesent genoop het om te verklaar:

The artists without exception showed exceptional ability and it is a matter for astonishment that the concert did not prove a greater attraction.

Die aangebode program was:⁶²

Ouverture	<u>Poet and Peasant</u>	SUPPE Moeller-orke
Lied	<u>Spirit of Spring</u>	HENRY PARKER Mnr. Ballantine
Vioolsolo	<u>Souvenir de Bellini</u> (Deel II)	ARTOT (sic!) Jongehr. Lunan
Voordrag	<u>The Lancet</u>	SIMS Mej. Webster
Lied	<u>Parted</u>	TOSTI Mej. Horwitt
Klaviersolo	<u>Scherzo no. 2, Op. 31</u>	CHOPIN Mej. Rein
Tjello solo	<u>Souvenir de Bellini</u> (Deel I)	ARTOT (sic!) Jongehr. Rein
Fantasie	<u>The Mill in the Valley</u>	BAUER Moeller-orke
Lied	<u>Song of Thanksgiving</u>	ALLITSEN Mnr. Ballantine
Vioolsolo	<u>Hongaarse Air</u>	ERNST Mnr. Rein
Lied	<u>Indian Love Song</u>	FINDEN Mej. Horwitt
Kornetsolo	<u>Lizzie Polka</u>	HARTMANN Mnr. Wheeler
Mars	<u>Mars no. 7</u>	WERNER Moeller-orke

Soos verwag kan word, het 'n minder hoogstaande program wat op Saterdag 12 Oktober in die St. George Presbiteriaanse kerksaal plaasgevind het - bekende gles en gewilde liedere is aangebied - 'n groter gehoor getrek.⁶³ In hierdie aanbieding het die gles wat deur die St. George kerkkoor behartig is van afronding getuig, terwyl Chapman weer sy 'usual brilliant execution' as begeleier onderstreep het.

'n Bondige oorsig oor die tydperk 1903 - 1907 toon dat die oorheersing van lig-populêre werke in die periode 1903 - 1904 tot 'n groot mate in 1905 - 1907 teengewerk is deur die pogings van mev. Baker en verskeie ensemble-groepe wat werke van ernstiger aard aangepak het. Interessant is die feit dat dit meesal instrumentaliste was wat die weg na 'n stewiger musikale opset gebaan het; mevv. Baker, Bruton en mej. Hilda Rein (klavier), mnre. Moeller en W Rein en jongehre. S Halse en R Lunan (viool) en B Rein (tjello).

1.2 Progressie en verval 1908-1912

Nie alleen het aanbiedinge taamlik reëlmatig in die jare 1908 - 1909 voorgekom nie, maar was daar ook 'n groter persentasie werke van ernstiger aard. Ongelukkig het die toetrede van die rolprent en die gepaardgaande vaudevilles in 1910 konsertaanbiedinge 'n lelike knou gegee en gevolglik die genre se momentum omvergegooi - 'n sprekende bewys van waar die amateur en liefhebber se voorkeur gelê het.

1.2.1 Eweredige verdeling tussen ligte en ernstige items 1908

Nieteenstaande die voortgesette teenwoordigheid van verdienstelike items van ligte aard - wat deurgaans geesdriftig ontvang is - het daar ook 'n opvallende toename in werke van hoër artistieke gehalte in die totaal van vyf aanbiedinge in 1908 voorgekom.

'n Aanbieding wat op Woensdagaand 22 April in die Victoria-saal in Fleetstraat aangehoor is, het beduidende meriete bevat toe die gesiene Rein-susters (klavier en viool), saam met mnre. W Rein (viool), verskeie trio's gespeel het.⁶⁴

Ongelukkig is geen programdetail bekend gemaak nie. Daarbenewens is die gehoor op die uitstaande soloklavieritems van mej. Hilda Rein en die verkwikkende sang van mejj. Horwitt en Billingham getrakteer.

Mej. Billingham het weer op Dinsdagaand 19 Mei tydens 'n konsert in die Wesleyssaal ten bate van die Trinity-kerk opgetree en uitmuntend vertoon.⁶⁵ Die program is verder versier deur mej. Chubb se klaviervertolkings van PADEREWSKI se Op. 8, no. 3 en SCHUMANN se Op. 12, no. 4, en 'n viool-duet deur mnr. Moeller en mej. E Rein (werk nie gemeld nie).

Van Oos-Londen se beste plaaslike amateurs het op Donderdagaand 3 September 1908 in die St. George-saal saamgetrek vir 'n konsert wat gelei het tot 'n aanbieding van gewaardeerde vermaaklikheid.⁶⁶ Mnr. Chapman se kerkkoor het puik vertoon in 'n aantal glees, terwyl 'n hele aantal gunsteling-sangeresse die aand se verrigtinge opgetooi het. Maar dit was die bydrae van die Banjo Troupe wat die meeste byval geniet het. Hulle het bestaan uit mnr. A Thomson en T Gladwin (banjorines), J Hedderwich en F S Harris (eerste-banjo's) en F Dunn, J Samson en N Stone (tweede-banjo's), en het vier 'bright and catchy pieces' voorgespeel: Black Coquette, Darkie's Romance, Darkie's Return en Celtic Morn.

Nóg 'n ensemble wat 'n aanbieding opvallend opgehelder het was die Male Voice Party, 'n groep van agtien vokaliste onder leiding van mnr. Ernest Wright, wat op Saterdagdagaand 10 Oktober in die Wesleyssaal opgetree het:⁶⁷

The voices were well-balanced, the attack superb, and the crescendos and diminuendos carefully attended to, and not sprung upon the audience suddenly, as in most amateur choruses.

Hul beste pogings uit om en by ses items was die beskrywende koorwerke van die komponis LAURENT DE RILLE: The Martyrs of the Arena en The Destruction of Gaza. Gelukkig het hierdie aanbieding ook 'n hele aantal klassieke nommers bevat: Rondo Capriccioso (MENDELSSOHN) deur mej. H Rein (klavier), Symphony Concerto (DANCLOR) deur mej. E Rein en mnr. S Halse (vioolduet), en Cavatina (RAFF) en Nokturne no. 3 (GOLTERMANN) deur mnr. B Rein (tjello), terwyl die vokale bydraes van

mnr. en mev. Wright en mnre. D J Griffiths beïndruk het en Stanley Halse se vioolsolo's as professioneel geklassifiseer is.

Nieteenstaande dié konsert se uiteenlopende samestelling was daar dus tog 'n sterk verteenwoordiging van klassieke items. Ernstiger items was ook sterk op die voorgrond in 'n program wat op Woensdag 2 Desember by geleentheid van 'n Grand Concert ten bate van die St. John-kerk aangebied is.⁶⁸ Onder meer is daar gelewer die vokale kwartet Serenade van GOUNOD, 'n vioolsolo Chanson Polonaise van WIENIAWSKI, 'n klaviersolo Agitato van CHAMINADE en 'n vokale trio Ländler van WAGNER.

1.2.2 Toename in verteenwoordiging van werke van ernstiger aard Januarie 1909 - Oktober 1909

Die welkome neiging om items van 'n hoë artistieke gehalte in programme in te sluit, het in 1909 verder toegeneem. Só byvoorbeeld is 'n program bestaande uit 'decidedly high-class' komposisies op 18 Januarie 1909 in die Our Lady-saal aangehoor en as 'n 'artistic triumph' geklassifiseer.⁶⁹ Uitstaande vokale items was Kathleen Mavourneen en Bedouin Love Song deur mnr. Cloughy, The Green Isle of Erin deur mej. Logen, The Two Grenadiers (SCHUMANN) deur mnr. Maitland, en Beloved it is Morn (AYLWARD) deur mev. Travers. Instrumentale items was die Cavatina (RAFF) deur mnr. Hayes (klavier), Polonaise in A (CHOPIN) deur mej. Moloney (klavier), en Chaconne (DURAND) deur jongehr. Aubrey Rainier (tjello). Daarbenewens het mnr. Kolbe twee sifersolo's voorgespeel: Miserere uit Il Trovatore en Die Bleiche Rose van ERNSLEIN.

Te midde van 'n verskeidenheidsprogram, wat egter as 'n Grand Vocal and Instrumental Concert gekategoriseer is en waarin onder meer 'n swaarddans en 'Lightning Sketches on the Blackboard' voorgekom het, het twee Rapsodië nos. 2 en 12 van LISZT hulle weg opgebeur in 'n aanbieding op 6 Maart in die Drilsaal ten bate van die Kaffrarian Rifles Regiment se Camp Entertainment-fonds.⁷⁰ Die rapsodieë was beslis opwindende items en mej. Laura Willows se vertolking van Rapsodie no. 2

'showed evidence of careful training and inherent musical ability in a piece calling for rapid fingering, sympathetic treatment and bringing into display the artistic temperament of the author', terwyl mnr. Lewis se interpretasie van Rapsodie no. 12 met die 'greatest pleasure' aangehoor is.

Oor die algemeen het daar nog steeds 'n ploeterende situasie bestaan, maar gelukkig het 'n gesamentlike poging deur sommige van Oos-Londen se voorste kunstenaars - 'who are known to be excellent performers, but who appear all too seldom in public' - op Woensdagaand 1 September in 'n konsert van prysenswaardige gehalte gekulmineer.⁷¹ Mev. T Burnham King, voorheen bekend as die Bloemfontein Nightingale, het haar uitnemende ryk, kragtige stem nie net met vrag aangewend in die operalied Roberto, tu che adore uit MEYERBEER se Roberto il Diavolo nie, maar ook in die liedere The Perfect en The Trostle (LEVISEUR). Daarbenewens het mev. A W Reid se vertolkings van The Loney Road (MILLIGAN FOX), A Bowl of Roses (CLARKE) en Eyes that used to gaze in mine (LOHR), bevestig dat sy verdien het om meer gehoor te word, terwyl nog 'n dame wat veels te min opgetree het, mej. Ella Munn, met 'technique and tone of exceptional merit and in a simple unaffected manner', die Andante en Allegro Vivace uit MENDELSSOHN se Violkonsert, asook 'n Hongaarse Dans van BRAHMS-JOACHIM voorgespeel het. Aanvullend het mnr. Boyle (sang) en mnr. Chapman (klavier) die imposante program met boeiende vertolkings versier.

Onteenseglik het hierdie aanbieding getoon, alhoewel nou nie in oorvloedige mate nie, dat Oos-Londen wel oor die materiaal beskik het om konserte van meer betekenisvolle inhoud voor te lê. Of daar werklik gehore was wat slegs hoogstaande items sou waardeer, is natuurlik weer 'n ander vraag.

Nog 'n konsert wat uitnemende kwaliteite getoon het, geklassifiseer as die Concert of the Season het op Saterdagand 9 Oktober in die drilsaal plaasgevind waar verskeie ensembles waardevolle bydraes gelewer het.⁷² Mejj. Noel Paley (viool), A Rein (altviool), Enid Briscoe (tjello) en

M Nelson (klavier), almal leerlinge van Franz Moeller, het voortreflik vertoon in 'n uitvoering van BEETHOVEN se Klavierkwartet, asook 'n ander kwartet ná pouse (werk nie gemeld nie). Benewens uithaler vokale voordragte deur onder andere mnr. Dickerson, McGregor en mejj. Norton, Hector en Elfie Rein het die koor van die Trinity Wesleyaanse gemeente, onder leiding van mnr. Smedley Williams, 'n geïnspireerde vertolking gelewer van GCUNOD se Send Forth Thy Light asook The Lord is my Shepherd met mej. Palmer en mnr. Lones as soliste.

1.2.3 Afplattung November 1909 - Desember 1912

Getal daal November 1909 - Desember 1910

Na afloop van die laasgenemde konsert was daar afplattung vir nege maande, en is die toestand slegs effens verlig in Julie 1910 toe van Oos-Londen se beste amateurs onder die leiding van Franz Moeller hulle op Saterdagmiddag 23 Julie na King William's Town gewend het en die aand 'n verruklike konsert voor 'n volgepakte stadsaal ten bate van die Ladies' Benevolent Society aangebied het.⁷³ Verskeie here van King William's Town asook mev. James Hyde het hul medewerking aan die konsert verleen wat deurgaans op 'n hoë vlak gebly het. Die program het bestaan uit:⁷⁴

Oktet	<u>Larghetto (Simfonie no. 2)</u>	BEETHOVEN
Tjellosolo	<u>Oberon</u>	WEBER Mej. Briscoe
Lied ('Kaffir song')	<u>Noloti</u>	HYDE Mev. Hyde
Vioolsolo	<u>Introduction en Gavotte</u>	RIES Mnr. J Hyde
Klaviersolo	<u>Rapsodie no. 2</u>	LISZT Mej. Willows
Trio	<u>Abschied</u>	
Lied	<u>The Green Isle of Erin</u>	ROECKEL Mev. Hyde
Tjellosolo	<u>Konsert in D majeur</u>	GOLTERMANN Mej. Willows
Viool en klavier	<u>William Tell</u>	DE BERIOT en OSBORNE Mnr. en Mev. Hyde

Lied	<u>In My Dreams</u>	STREATFIELD Mej. Briscoe Obligaattjello: Mej. E Briscoe
Trio	<u>Salut D' Amour</u>	ELGAR

Die oktet het bestaan uit mnre. E J C Woodrow (viool), L Gilbert (altviool), W Killmann (kontrabas) en Moeller (klavier), mejj. Briscoe (viool en tjello) en mev. Moeller (viool), en die trio uit mev. Moeller (viool), mej. E Briscoe (tjello) en mnr. Moeller (klavier).

Drie maande later het party van Oos-Londen se bekendste amateurs weer hul verskyning gemaak toe 'n konsert op Woensdagaand 5 Oktober ten bate van die Victoria Wesleyaanse kerk gereël is.⁷⁵ Items van 'n gevestigde en gewilde aard is aangebied, 'n Deelnemer wat nog nie voorheen in Oos-Londen opgetree het nie, maar tydens die konsert prominent na vore gekom het, was die tjellis, mnr. P A Rainer. Hy is as 'n 'gifted 'celloist' bestempel, 'who is inclined to hide his light under a bushel'. Hy het die volgepakte saaltjie beïndruk met 'n Serenade van SQUIRE en 'n Minuet van BECKER.

Kwaliteit daal Januarie 1911 - April 1912

Behalwe vir 'n konsert in Januarie 1911 ter viering van die Keiser van Duitsland se verjaarsdag waaraan die Moeller-orke en verskeie leidende amateurs deelgeneem het⁷⁶, het werklik vitale konsertering nog geensins 'n regmatige plek in die musikale groeiproses van die dorp ingeneem nie.

Kerk stimuleer aanbiedinge

Slegs wydverspreide aanbiedings, wat in wese nie veel betekenis ingehou het nie, het voorgekom en weer eens - soos gedurende die tydperk 1903 tot 1904 - was die finansiële oogmerke van verskeie gemeentes die stimulus agter sulke konserte.

Op Saterdag 10 Junie is 'n Musical Evening onder die organisatoriese sorg van mev. E Smedley Williams in die Wesley-saal ten bate van die Wesleyaanse kerk aangebied.⁷⁷ Die saal

was in 'Concert style' versier (wat dit ook mag beteken), terwyl die akkommodasie ten volle benut is. Hierdie aanbieding was die eerste openbare optrede van 'n nuwe sanger, maj. Gee, wat sy 'robust baritone' met veel vrug aangewend het in die lied The Skipper. Al die orige sangnommers was van 'n gewilde, prettige, asook meesleurende aard, terwyl 'n klavierduet, 'n klaviersolo en 'n tjellosolo die instrumentale deel gevul het. Mej. Rein se klavierspel het geen tegniese of musikale tekortkomings getoon in 'n vertolking van MENDELSSOHN se Rondo Capriccioso nie.

Opvolgend, ten bate van die Debt Fund van die St. Georgekerk, het mev. T Burnham King (voorheen mej. Florence Fraser) op Woensdagaand 2 Augustus 'n konsert in die St. George-saal aangebied.⁷⁸ Haar uitnemende bydraes, wat entoesiastiese applous uitgelok het, was: Una voce poco Fa (ROSSINI) en as toegifte, The sweetest flower that blooms en Damon (STANGE), en op spesiale versoek, Comin' thro the Rye, asook Caller Herrin, twee Morceaux (DEL RIEGO), en Goodbye (TOSTI). As tjellis het mnr. Bertie Rein spel van bo-gemiddelde gehalte gelewer in Serenade (PIERNE), Adagio (BEETHOVEN), met as toegifte, Träumerei (SCHUMANN) en Caprice (JOHNSON). Ter verdere versterking van die artistieke platform, het Chapman se flinke kerkkoor WEBER se Huntman's Chorus en HAY se The Arrow and the Song met oortuiging voorgesing.

Dieselfde saal is weer op Maandag 11 September beset toe die publiek weer 'in force' opgedaag het om 'n goedversorgde vokale en instrumentale program aan te hoor, waarin onder meer MENDELSSOHN se Rondo Capriccioso deur mej. Hilda Rein voorgedra is.⁷⁹

Op Maandagaand 9 Oktober was die belange van die Trinity Wesleyaanse kerk op die voorgrond, toe 'n sprankelende konsert in die Wesley-saal aangebied is met die doel om fondse vir die aankoop van 'n klavier vir die Sondagskool van hierdie kerk in te samel.⁸⁰ Items het onder meer bestaan uit 'n klaviersolo, 'n mandoliensolo, voordragte en 'n tjellosolo, en

die Serenade van SCHUBERT, deur mnr. Garnet Parr. As 'n selfopgeleide instrumentalis het hy 'remarkable understanding of the composer's fancy' getoon en die werk spontaan uitgevoer.

Nieteenstaande die voorkeur vir ligter items het die aanbiedinge darem 'n gesonde balans tussen instrumentale en vokale items gehandhaaf, met sporadiese hoogtepunte van 'n hoër artistieke gehalte.

Die klavier vir die Sondagskool is uiteindelik aangekoop en ter verdere delging van skulde op die instrument is 'n aangename konsert op Donderdagaand 11 April 1912 in die Wesley-saal gehou.⁸¹ Mev. T Burnham King, 'a singer who never fails to enrapture her audience', was weer eens uitnemend suksesvol in die lewering van Nobil Signor, Slave Song, Violet en In the Merry Maytime, terwyl mnr. Richmond Boyle die sterkere geslag se aansien gehandhaaf het met die sing van The Song of the Axe en Billy Boy. Chapman het Hochzeitstag auf Troldhaugen op die nuwe instrument voorgespeel en die instrument se 'beauty of tone' meesterlik ten toon gestel.

1.2.4 'n Laagtepunt Mei - Desember 1912

Die totale afwesigheid van konserte vir die res van die jaar moes grootliks aan die absolute oorheersing van bioskope en die gepeardgaande vaudevilles toegeskryf word. (Kyk Deel II, pp. 441 - 462). Desnieteenstaande is dit betreurenswaardig dat Oos-Londen se amateurs nie méér inisiatief en durf aan die dag gelê het nie. Net soos dit die geval was met die periode 1903 - 1907, is die tydperk 1908 - 1912 ook gekenmerk deur oplewings en insinkings wat die getal aanbiedings sowel as gehalte van die items betref. Dit wil voorkom asof die hoër artistieke gehalte wat by tye bereik is - sekere werke wat in 1908 en 1909 voorgekom het, was beslis van standaardgehalte - net nie kon konsolideer in 'n vaste en/of akkumulatiewe patroon nie aangesien die verblydende tendense maar van korte duur was. Met reg kan die afleiding dus gemaak word dat alhoewel Oos-Londen beslis oor die potensiaal beskik het om musiek op 'n hechter grondslag te plaas, die leidende amateurs van die dorp nie bewustelik daarop ingestel was om konstruktiewe opvoedingswerk te verrig nie.

1.2.5 Bemoedigende faktore te midde van slakkegas
Januarie 1913 - Julie 1914

Aanbiedinge in die daaropvolgende jaar, asook in 1914, was maar dun gesaai. Aan die begin van Januarie 1913 het 'n resensent melding van die armoedige situasie gemaak:⁸²

it is some considerable time since East London have been given an opportunity of attending a concert for which local talent was responsible.

Maar etlike bemoedigende faktore het mettertyd na vore gekom; nie alleen het ensemble-groepe 'n gevestigde plek in programme ingeneem nie, maar was die toenemende getal individuele strykinstrumentaliste 'n positiewe gevolg van hoofsaaklik Moeller se ywerige onderrig. Vokale musiek het egter ook nie skade gely nie en twee aanbiedinge in 1914 het van beduidende meriete getuig.

Die eerste konsert ná die van 11 April 1912 was op Sondag 5 Januarie 1913 in die Vaudette⁸³, waar twee besoekende sangeresse mejj. Duncan en Williamson, ook deelname geniet het. Eersgenoemde het For You Alone, Still as the Night, Illusion en Wood Pigeon gesing, terwyl laasgenoemde se bydraes The Life of a Rose, Maman Dittes-moi, Down in the Forest en Rose Leaves was. Mnr. O Searle was die enigste plaaslike sanger wat met 'n toegif bekroon is na sy vertolking van die lied, Constancy. 'n Instrumentale trio bestaande uit mnr. F Moeller, W Fairbairn en R Rein se bydrae is as een van die 'tit-bits' van die aand geklassifiseer. Voorts was mnr. Fairbairn hoogs suksesvol in die vioolsolo Serenade (SCHUBERT), terwyl mnr. R Rein se tjellosolo Reverie 'n toegif uitgelok het. Die bedrag van £16 11s 9d kon aan die Seamen-instituut oorhandig word.

Hierdie opflikkering het geensins momentum bewerkstellig nie, aangesien die opvolgende aanbieding eers op Saterdag 5 Julie in die drilsaal gehou is en waar die bywoningsyfer as gevolg van verskeie nuwe-atraksies nie na wense was nie.⁸⁴ Verblydend egter was die feit dat ook hierdie aanbieding deur ensemble-spel gekenmerk is. 'n Instrumentale kwartet bestaande uit mnr. S en E Halse (viool), C Halse (tjello) en mej. Halse (klavier), het ablei helftes van die program

geopen (geen werke is gemeld nie). Mnr. Stanley Halse self het uitmuntend vertoon in twee vioolkomposisies, Konsert no. 1 (DE BERIOT) en Fantasia Appassionata (VIEUXTEMPS). Benevens die instrumentale bydraes is 'n hele aantal liedere gelewer: SANDERSON se Until en Beauty's Eyes deur mnr. Oswald Searle ('a fine tenor'), Promise of Life en Sunshine and Rain van BLUMENTHAL deur mev. Hughes, The Silver Ring van CHAMINADE deur mej. Forbes ('possessed of a clear and sweet soprano voice of considerable range') en An Emblem asook 'n Indiese liefdeslied deur mnr. A A Arnold Cohen ('possessed of an excellent baritone voice').

Die algemene gebrek aan konserte was verbasend aangesien bovermelde program, wat uit relatief onbekende amateurs saamgestel is, asook die konsert in Januarie, getoon het dat Oos-Londen wel oor die talent beskik het wat aan konserte meer momentum kon verleen. Maar nieteenstaande die gebrek aan aanbiedinge was die toenemende balans tussen vokale en instrumentale items beslis 'n verblydende tendens. Veral strykitems het meer na vore gekom. 'n Konsert wat op Donderdagaand 11 Desember in die St. Paul-kerk aangebied is, het die tendens bevestig toe talle viool- en tjellosolo's in die program ingesluit is.⁸⁵

In 1914 is twee aanbiedinge verryk deur die bydraes van twee vooraanstaande sangeresse terwyl 'n aantal hoogstaande instrumentale bydraes die artistieke vlak verder verhoog het.

Mev. Walter Ehrig wat onder mme. Blanche Marchesi gestudeer het, asook verdere studie in Frankryk en Duitsland geniet het, het 'n leeu-aandeel gehad in 'n konsert wat op Vrydagaand 20 Maart in die klubkamer van die Young Women's Christian Assosiation in Oxfordstraat plaasgevind het.⁸⁶ Sy het haar 'sweet and melodious voice' oortuigend aangewend in Willow Song (THOMAS), Im Herbst (FRANZ), Ballad of the King of Thule, die resitatief en aria Jewel Song uit Faust (GOUNOD), Vilanelle (EVA DELL ACQUA), 'n Duitse 'laughing song' In der März Nacht (TAUBERT) en No, John No - laasgenoemde lied 'aroused some suppressed mirth'. Stewige instrumentale bydraes

is gelewer deur mnr. Fairbairn (viool) met Ave Maria (SCHUBERT-WILHELMJI), Chanson de Velise (JAN RUDENJE) en Reverie (VIEUXTEMPS), en mev M W Martienssen (klavier) wat Danse Negre (ASCHAM), Rapsodie no. 11 (LISZT), Prelude (HELLER), Pierrette (CHAMINADE) en In the Garden (ASCHAM) gespeel het.

'n Aantal weke daarna het mme. Fanny Gallione⁸⁷ en haar leerlinge 'n uiters genotvolle aanbieding in die St. Saviour-saal waargeneem.⁸⁸ Mme. Gallione het haar stem met klinkende sukses aangewend in die lewering van die liedere Douglas Gordon (KELLIE), Abide with Me (LIDDLE) en Life's Epitome (RAE). Die saal het nie reg laat geskied aan haar klankryke stem nie en die hoop is uitgespreek dat sy haar na die stadsaal sou wend vir 'n volgende optrede. Daaropvolgend het mev. Moeller met die bystand van 'n orkes van sewe lede die Jewel Song uit Faust van GOUNOD vertolk. Die orkestrasie is deur haar man gedoen en het uit vier viole, 'n tjello, 'n kontrabas en 'n klavier bestaan.

'n Volgende poging op Sondagaand 14 Junie in die Vaudette het weer die Jewel Song van GOUNOD met bovermelde instrumentasie aangebied.⁸⁹ 'n Eiesoortige item was Franz Moeller se pianovaordragte wat die gehoor se guns gewen het met die volgende werke: Rapsodie no. 2 (LISZT), Last Rose of Summer (ASCHER) en die Jubel-ouverture (WEBER).

Na die drie bogenoemde geleenthede, waarin instrumentale en vokale items taamlik eweredig versprei was, is 'n uitsluitlik vokale program op Saterdag 18 Julie aangehoor waartydens mnr. J Gilby Wiggins en sy verdienstelike Male Voice Party in die Our Lady-saal opgetree het.⁹⁰ Hul vertolkings van verskeie glees en sololiedere het getoon dat mnr. Wiggins 'n uiters voortreflike afrigter was, en individueel en gesamentlik was hul optrede 'n belewenis. Glees deur die groep voorgesing was Strike the Lyre, Jack Horner, The long day closes en Simple Simon, terwyl individue van die koor suksesvol was in die lewering van bekende liedere, onder meer Green Isle of Erin en Come into the Garden Maud.

1.3 Samevatting

Aanbiedinge van artistieke waarde het gewis in die tydperk 1903 - 1914 voorgekom, maar die oorheersing van verskeie negatiewe tendense laat 'n geheelindruk van stagnasie, onwilligheid en onbetrokkenheid. Mev. Baker, enkele instrumentaliste en enkele ensemble-groepe het wel soms kleur verleen aan 'n oorwegend valerige musieklewe, maar soos reeds vermeld, het hulle pogings slegs sporadies voorgekom met die gevolg dat dit nie blywende indruk kon maak nie. So byvoorbeeld het Franz Moeller se flink orkes voortreflike baanbrekerswerk verrig, alhoewel hulle werke hoofsaaklik van ligter aard was, maar plotseling ná 1904 nie meer gereeld opgetree nie. Selfs mev. Baker, wat so 'n beduidende bydrae tot die uitbouing van 'n hoër artistieke gehalte gelewer het deur haar bekendstelling van BEETHOVEN se Appassionata-sonate en haar solo-sang- en klavieruitvoerings, het na drie jaar se bedrywig-hede nie weer van haar laat hoor nie.

Met die uitsondering van mev. Baker en enkele instrumentaliste, in die besonder mej. Hilda Rein (klavier), mnre Wilhelm Rein (viool) en Bertie Rein tjello), het programme meesal bly kleef aan werke van oppervlakkige gehalte, met die gevolg dat geen konstruktiewe opvoedingswerk verrig is nie. Dit het dus net uitgeloop op 'n verstarde situasie waarin die algemene musiek-liefhebber se gebrekkige kennis en idees geensins verryk of geprikkel is nie.

Nog 'n ontstellende faktor was dat konserte kwantitatief geensins aan die verwagtinge voldoen het nie. Benewens kortston-dige oplewings gedurende 1905 - 1906 en 1908 - 1909, was aanbiedinge maar yl gesaai. Uiters verontrustend was die feit dat Vaudevilles konserte in die tydperk 1911 - 1914 byna totaal verdring het - 'n duidelike weerspieëling van die onverskilligheid van beoefenaar en luisteraar jeens musiek van ernstiger aard.

Aan die positiewe kant moet egter melding gemaak word van die toetrede van talle stryk-ensembles asook strykinstrumentaliste.

Franz Moeller was die dryfveer agter dié ontwikkeling en die uitblinkers van talle instrumentale bydraes was aan sy ondernemingsgees te danke aangesien die meeste deelnemers sy leerlinge was.

Oorsigtelik beskou was die periode 1903 - 1914 nie een van opwinding, vooruitgang of inisiatief nie, en dit is te betreur dat Oos-Londen se amateurmusici nie groter ywer, volharding en ondernemingsgees aan die dag gelê het nie.

2 GEWYDE AANBIEDINGE 1903 - 1914

2.1 Konstruktiewe tendense te midde van trae pas 1903 - 1907

Nieteenstaande 'n trae pas het beduidende vooruitgang in die tydperk 1903 - 1907 voorgekom. Nie alleen het Chapman en later ook Smedley-Williams baanbrekerswerk op die gebied van koormusiek verrig nie, maar was die lesingkonsertere deur Chapman in 1903 en 1904 eerlike pogings tot die daarstelling van 'n stewiger musiek-platform in Oos-Londen. Ongelukkig, en dié verskynsel het ook in konserte voorgekom, is diesuksesvolle pogings nie altyd deur aanbiedinge van 'n soortgelyke gehalte opgevolg nie, met die gevolg dat aktiwiteite in 1907 maar dun gesaai was.

2.1.1 Opflikkering op instrumentaal-vokale vlak 1903

Daar was nie 'n groot aantal gewyde aanbiedinge in 1903 nie. Sommige was egter van 'n hoë gehalte, en dit was veral Chapman (orrelis en koormeester van die St. George-kerk) wat as toonaangewende figuur na vore getree het. Daarbenewens het die optredes van die Little Orchestra en die Beach Orchestra opflikkering meegebring en was die enkele items van ernstige aard wat by die Beach Orchestra se aanbiedinge voorgekom het, bemoedigend.

Beduidende leiding deur Chapman

Nie alleen het mnr. Chapman se orrelspel van sensitiewe stylbewustheid getuig nie (ten spyte van die feit dat sy programkeuses populêr-sentimenteel saamgestel was) maar het hy ook aan sy kerkkoor sy geesdrif oorgedra. 'n Blik oor die aantal gewyde aanbiedinge van daardie jaar toon dat Chapman ten nouste by die aanbiedinge betrokke was.

Op Donderdagaand 12 Maart het hy die volgende program tydens 'n orreluitvoering voorgespeel en gunstige kommentaar uitgelok:¹

<u>Postlude in E-mol majeur</u>	WELY
<u>Allegretto in b mineur</u>	GUILLMANT
<u>Allegretto Grazioso</u>	TOURS
<u>Postlude</u>	TOURS
<u>Festive March</u>	SMART

Daarbenewens het sy koor 'n aangename klankkwaliteit en goeie sin vir ritme openbaar en was dit veral in SULLIVAN se Sing, O Heavens dat die koor se 'excellent training' tot sy reg gekom het. Sinvolle solobydraes, onder meer deur mnr. A I Morgan met SULLIVAN se Thou'rt Passing Hence ('beautiful expression of voice'), mnr. Reid met LINDSAY se Resignation ('highly effective'), mej. Norton met GOUNOD se There is a Green Hill Far Away en mnr. W E Dickie met 'n keurspel uit Die Messias, het die program verder genuanseer. Die publiek het op 'n herhaling van die konsert aangedring en met enkele wysigings is dit op Saterdag 28 Maart herhaal.²

In April is berig dat mnr. Chapman en sy koor voortaan op Donderdagaande die welbekende kantate van JOHN STAINER, The Crucifixion sou instudeer met die oog op 'n uitvoering.³ Voortspruitend is berig dat Chapman en sy koor van meer as vyftig lede STAINER se Crucifixion en MENDELSSOHN se Hear my Prayer op Donderdagaand 9 Julie in die St. George Presbiteriaanse kerk sou uitvoer.⁴ Dit sou die eerste keer wees dat beide hierdie werke in Oos-Londen aangehoor sou word.

'An exceedingly large audience' het hierdie poging ondersteun en dit is as 'very excellent' beskryf.⁵ Die Crucifixion is prysenswaardig uitgevoer en die koor het deurdagte instudering getoon in 'precision and unity of attack and phrasing'. As soliste het mnr. W E Dickie en A I Morgan hul onderskeie rolle met 'dramatic effect and unusual intelligence' gesing. 'n Veelsoortige samestelling het die tweede helfte beslaan, onder meer Hear my Prayer van MENDELSSOHN met mev. Travers as soliste. Individuele glanspunte was die vioolspel van mnr. H Rowe van King William's Town in die tweede beweging van GRIEG se Sonate op. 45, en sy eie verwerking van die Andante van GOLTERMANN se Tjellokonsert, asook mnr. Garner en Witton se vertolkings van die liedere

Consider the Lillies en Nazareth.

Chapman sou sy invloed weer laat geld in 'n aanbieding op Donderdag 22 Oktober in die St. George Presbiteriaanse kerk en waardering is vir sy pogings uitgespreek:⁶

This will be the fourth concert that Mr. Chapman has given this year, and it is apparent from the large audiences which have assembled at each of the previous ones, that there are a large number of people in East London who appreciate good music and will support Mr. Chapman in his endeavour to raise our musical standard.

'n Groot gehoor was teenwoordig om 'n program van uitstaande MENDELSSOHN-komposisies aan te hoor:⁷

Orrelsolo	<u>Wedding March</u> (<u>Mid-Summer-Night's dream</u>)	Mnr. Chapman
Koor	<u>How lovely are the messengers</u> (<u>St. Paul</u>)	Koor
Lieders	<u>Jerusalem, Thou that killest the Prophets</u>	Mev. Travers
	<u>I will sing of Thy Great Mercies</u> (<u>St. Paul</u>)	Mev. Travers
Voordrag	<u>And He Journeyed</u>	
Arioso	<u>But the Lord is Mindful of His Own</u> (<u>St. Paul</u>)	Mej. Pape
Klaviersolo	<u>Klavierkonsert in g mineur</u>	Mej. Franz
Air	<u>If with all Your Hearts</u> (<u>Elijah</u>)	Mnr. Dickie
Liedere	<u>Ye People rend Your Hearts</u> (<u>Elijah</u>)	Mev. Travers
	<u>Hear Ye Israel</u> (<u>Elijah</u>)	Mej. Norton
	<u>It is enough</u> (<u>Elijah</u>)	Mnr. Morgan
Koor	<u>He, Watching over Israel</u> (<u>Elijah</u>)	Koor
Lied	<u>O Rest in the Lord</u> (<u>Elijah</u>)	Mej. Pape
Orrelsolo	<u>Sonate no. 2 in c mineur</u>	Mnr. Chapman
Koor en duet	<u>I waited for the Lord</u>	Mev. Travers en Mej. Norton
Orrelsolo	<u>Mars</u>	

Mej. Franz het die klavierkonsert met stilistiese begrip en vaardige tegniek uitgevoer, stewig ondersteun deur Chapman op die orrel, en die item is as die 'event of the evening' bestempel. Die balans-aspek van die koor het van keurige versorging getuig en het veral in He, Watching over Israel

baie geslaagd vertoon. Menige aanwesige was van mening dat mej. Pape se vertolking van O Rest in the Lord, 'the most enjoyable' item op die program was. Haar ryk stemkwaliteit het besondere byval gevind. Wat hierdie aanbieding uniek gemaak het, is die feit dat dit die eerste doelgerigte poging deur Oos-Londen se plaaslike musici was om musiek van standaard-gehalte en uitsluitlik van ernstige aard, aan die algemene musiekkliefhebber bekend te stel.

Twee orkesensembles

Benewens Chapman se lofwaardige bydraes het twee orkesensembles in Mei en Junie konstruktiewe bydraes tot dié genre gemaak. Ongelukkig het albei slegs 'n kortstondige bestaan gevoer.

Little Orchestra

In die St. Peter-kerk op die Wesbank het 'n klein groepie instrumentaliste 'n betekenisvolle bydrae tot die uitbouing van gewyde musiek gelewer. Tydens die aanddiens op Sondag 7 Junie (Trinity-Sondag), het 'n Little Orchestra bestaande uit mnr. J B Preston (kontrabas), A W Judge (viool), Class en Longmore (klarinet), J Tooley (kornet) en Henry Bentley (orrel), die gesange begelei en met die assistering van 'n aantal amateurs en die koor van die vermelde kerk, die volgende program ná die aanddiens aangebied:⁸

Orkes	<u>Gloria (Mis no. 12)</u>	MOZART
Lied	<u>O rest in the Lord</u>	Mev. Newcombe
Orkes	<u>Kyrie (Mis no. 12)</u>	MOZART
Gesang	<u>I will lift up mine eyes</u>	Koor
Lied	<u>Angels ever bright and fair</u>	Mej. Dallas
Orkes	<u>Halleluja-koor</u>	HANDEL

Versterk deur die toevoeging van 'n kontrabasspeler, mnr. Grout, het die ensemble weer op Sondag 4 Oktober daar opgetree, die gemeente begelei en na die aanddiens die volgende werke voorgespeel: But the Lord is mindful of his own (kornetsolo), I waited for the Lord en The heavens are telling.⁹ Hul laaste optrede op Donderdag 8 Oktober in die St. Peter-saal was sekulêr van aard en die volgende werke is aangebied: Austrian March, Court Gavotte en Dance Grotesque.¹⁰

Beach Orchestra

Van meer gewigtige aard was die Beach Orchestra onder leiding van mnr. Francis E Chew, ALCM, wat op Sondagaand 10 Mei 1903 om 20h30 hul buiging in die stadsaal met 'n suksesvolle gewyde konsert gemaak het, ondersteun deur 'n 'very large attendance' - toegang was gratis.¹¹ Benewens 'n groot getal liedere is ook eufonium- en kornetsolo's aangehoor.

'n Tweede aanbieding in dieselfde maand (17 Mei) is ook deur 'n 'crowded attendance, every seat again being occupied' gekenmerk. Die orkes het 'with one exception' die gehoor op aanvullige spel getrakteer.¹² Die orkes se bydraes het bestaan uit: Coronation (EILENBERG), Poet and peasant (SUPPE), In the Chapel (EILENBERG), Il Trovatore (VERDI), Lorelei (NEVADSBA) en Scipio (HANDEL).

Die gebruik van die Beach Orchestra om na die Sondagaand-dienste programme van geliefde, alombekende gewyde werke gratis aan te bied, het goeie dividende afgewerp en 'n 'densely crowded' gehoor op Sondag 24 Mei was getuie van 'n derde aanbieding wat onder meer die liedere The Holy City en The Lost Chord ingesluit het.¹³ Orkesitems, kornet- en klarinet solo's het meegehelp dat die program vars en gevarieerd was.

Hierdie ensemble se twee opvolgende aanbiedinge was gekenmerk deur die invoeging van 'n aantal ernstige solo-items. Op Sondagaand 31 Mei was die program as volg:¹⁴

Quverture	<u>Raymond</u>	THOMAS Orkes
Lied	<u>O Rest in the Lord</u> (<u>Elijah</u>)	HANDEL Mev. Newcombe
Vioolsolo	<u>Fantasie</u>	DE BERIOT
Aria	<u>Pro Peccatis</u> (<u>Stabat Mater</u>)	ROSSINI Mev. Witton
Keurspel	<u>Faust</u>	GOUNOD Orkes
Lied	<u>The Reaper and the Flower</u>	COWEN Mev. Newcombe
Eufoniumsolo	<u>Nazareth</u>	GOUNOD Mnr. Holland

Aria	<u>Lord God of Abraham</u> (<u>Elijah</u>)	HANDEL Mnr. Witton
Mars	<u>Honour to the Brave</u>	RIVIERE Orkes

Aangevuur deur die konstante vloei van entoesiastiese ondersteuning en die bereidwillige medewerking van leidende amateurmusici, het die Beach Orchestra hul momentum gehandhaaf met 'n uitmuntend gevarieerde aanbieding op Sondagaand 7 Junie, waartydens onder andere 'n mnr. Albert F Parks, 'who ably officiated at the piano during the evening also gave an admirable rendering of BEETHOVEN's exquisite Sonata Pathetique'.¹⁵ Opvolgend het hulle sesde en sewende Grand Evening Concerts op Sondag 14 en 21 Junie plaasgevind.¹⁶

Inwyding van kerkorrel

Instrumentale bydraes is in 1903 verder verryk toe mnr. F Stuart Johnson RCM op Vrydag 2 Desember die drie-manuaal orrel van die Trinity Wesleyaanse kerk ingewy het met die volgende program:¹⁷ Fuga in D majeur (BACH), Schiller-mars (MEYERBEER), Scherzo in B-mol majeur (HOYTE), Offertoire in D majeur (BATISTE), Nocturne in E-mol majeur (CHOPIN), Meditation in G majeur (JOHNSON) en Variations on the Austrian Hymn (CHIPP).

St. Andrew-kerkkoor

Die laaste gewyde aanbieding van 1903 was die uitvoering van die werk The Beacon Light, wat gedurende die Kersgety deur die koor van die St. Andrew-gemeente onder leiding van mnr. Old aangebied is.¹⁸ Dit is op 22 Januarie 1904 op die Oosbank in die St. Paul-kerk, Strand herhaal en op versoek sou die werk weer op Donderdag 4 Februarie op die Wesbank aangebied word.¹⁹

2.1.2 Positiewe en negatiewe verskynsels 1904

Aktiwiteite gering Januarie - Julie 1904

Nieteenstaande die feit dat optredes in die eerste sewe maande van 1904 uiters gering was (slegs herhalings van The Beacon Light is gelewer) en Chapman se lesingkonsert oor MENDELSSOHN in Augustus van daardie jaar wat in elk geval nie uitsluitlik gewyd van aard was nie, het die aanbiedinge tog 'n oorwegend positiewe indruk nagelaat.

Opvoedingswerk voortgesit

Chapman het hom onverpoosd beywer vir die uitbouing en standaardisering van musiek in Oos-Londen en op Woensdag 3 Augustus voor 'n 'packed and critical audience' in die St. George-saal 'n lesing oor die lewe en werke van MENDELSSOHN gelewer.²⁰ Van sy mees gesogte komposisies in die kategorieë konserte, liedere, koorsang en instrumentaal is aangehoor, terwyl Chapman se lesing van deurdagte vakmanskap, insig en waardering getuig het. Daar is berig dat 'seldom if ever has such an intellectual and musical treat been enjoyed in East London', en die gewildheid en geslaagdheid van die aanbieding is toegeskryf aan die feit dat Chapman 'one of East London's most gifted musicians and successful teachers' was, 'and further that he was supported by some of the leading amateur talent in the town'.

Hierdie opbouwende gebeurtenis het 'n ernstige musiek liefhebber die pen laat opneem om benewens aanmoediging ook aanvullende voorstelle te maak:²¹

I was one of the audience at St. George's on Wednesday evening last to hear Mr. Chapman's lecture on MENDELSSOHN, of which your journal gives such an excellent report. It was a refreshing experience to see the hall filled with an attentive and appreciative audience and it went to show unless I misread the feeling of many present, that there are a goodly number in East London desirous of extending their knowledge of high class music, and that, successful as was this lecture concert, there lies before Mr. Chapman and his friends the opportunity of gratifying the students and lovers of music with further acquaintance with the literature of music, if I may use such a term. No doubt Mr. Chapman had good reasons for the selections he gave illustrating his lecture, but I would have liked to have heard one or two more part songs, notable those for male voices, and some other of his piano works, as apart from The songs without Words, few seem

to be familiar with here. The Fugues, Variations, Fantasias, Scherzos, etc., and the other piano duet (which the writer of the account of the concert seems to have overlooked) composed for Sterndale Bennett. From these may Mr. Chapman now be persuaded to give another evening completing or rounding off last Wednesday's paper. It may appear to some that to suggest succeeding papers, is to trespass unwarrantably on Mr. Chapman's time and good nature, but I believe it would be welcome to him to feel he might be instrumental in developing musical culture in the town. When I listen to players or singers performing the same old half-a-dozen pieces over and over again, I do not wonder at musical apathy in East London. And I sincerely desire to see that the interest manifested last Wednesday evening may not be allowed to fade away.

C ROBERTSON.

Ongelukkig is Robertson se wens nie verwesenlik nie en was die prysenswaardige poging die laaste van sy soort in Oos-Londen.

Oplewing

Dit was slegs in die laaste twee maande van 1904 dat 'n oplewing in gewyde konserte merkbaar was toe etlike geleenthede plaasgevind het: 'n opvoering van die gewyde kantate Under the Palms op 15 November in die Wesleyaanse-kerk, Inverleith Terrace, met 'n koor van vyftig lede onder leiding van mnr. G Preddy;²² 'n kantate The Building of the Temple deur 'n gekombineerde koor van gemeentelide en skoolkore in die Baptiste-kerk, Buffalostraat, op 9 Desember;²³ en 'n gewyde aanbieding op Woensdag 21 Desember in die St. George Presbiteriaanse-kerk, met die volgende program:²⁴

Liedere	<u>Nearer My God</u>	CAREY
	<u>Promise of Life</u>	COWEN Mev. Reid
	<u>Come unto Me</u>	COWEN Mev. Travers
	<u>Rejoice Greatly</u>	HANDEL Mej. Hector
	<u>Abide with Me</u>	LIDDLE Mej. Morrison
	<u>O Divine Redeemer</u>	GOUNOD Mej. Norton
	<u>If with all your hearts</u>	MENDELSSOHN Mnr. Gardner
	<u>Honour and Arms</u>	HANDEL Mnr. Mills

Duet	<u>Love Divine (Daughter of Jairus)</u>	STAINER Mej. Hector en Mnr. Gardner
Koor	<u>O Lord our God</u>	HAYNES
	<u>Praise the Lord</u>	MAUNDER
	<u>Sweet is the mercy</u>	BARNBY
	<u>Halleluja-koor</u>	HANDEL
Orrelsolo's	<u>Grand Choeur</u>	GUILMANT
	<u>Sunset Melody</u>	VINCENT
	<u>Offertoire in D majeur</u>	BATISTE

2.1.3 Teenstrydige verwikkelinge 1905

Teenstrydige verwikkelinge het in 1905 voorgekom. Aan die negatiewe kant is die musici van Oos-Londen se begeerte om Sondagaandkonserte te hervat gefnuik deur die finansiële aansprake van die stadsraad. Aan die positiewe kant het koorwerke in toenemende mate voorgekom, terwyl inwoners van Oos-Londen dit reggekry het om in Oktober die oratorium Elijah aan te bied.

'n Remmende faktor

Vroeg in Februarie 1905 het Mimosa van die Ladies Column gerapporteer dat 'n gerug die rondte doen dat Sondagaand-konserte hervat sou word.²⁵ Die voorneme het haar baie verheug, aangesien 'we really get very few concerts and to hear good music for a nominal sum is a chance everyone should be eager to seize!. 'n Belanghebbende, Music-Lover, het onmiddellik navraag oor dié welkome gerug gedoen, maar moes tot sy spyt verneem dat een lastige faktor die voorgenome pogings verhinder het. Verontwaardig het hy hierdie onbillike, remmende faktor in 'n skrywe aan die koerant uitgespel:²⁶

I noted with interest a little paragraph in the Ladies' Column of your issue of the 6th instant relating to Sunday concerts, and being, like many others, desirous of the opportunity of hearing some good music on the day of rest, I went to the trouble of making some enquiries about it. It is with the intensest indignation and contempt for the wisdom (?) of our City Fathers that I send you the following facts relating to the matter. It is perfectly true that, as Mimosa said, it was proposed to hold sacred concerts in the Town Hall every Sunday Evening and the scheme has only fallen through

owing to the Council having refused to abate in any way the ordinary charges for hiring the City Hall. Now sir, I indignantly protest in the name of all music-lovers in this town against the Councillors behaving in this shortsighted and even churlish manner. There are many others who, like myself, are toiling hard all through the week, and yet by this act of the Council are deprived of the enjoyment of listening to beautiful music on the one day when relaxation from work permits us to thoroughly appreciate it. Looking at it from the point of view of those who intended giving the concerts, it is clearly absurd to expect them to pay something over £8, which is the price of the Town Hall for one evening's performance, on the chance of recouping themselves by a collection, which, of course, is the only charge that may be made. I have seen the initial programme submitted to the Council as a sample of the class of music that would be used, and can only say that it was of a strictly classical and sacred order. The hour suggested for the commencement of these concerts was 8.30 pm, a time which would in no way affect the churches. In fact, taking it all around, one would naturally think that the Council would have been only too pleased to seize such an opportunity of adding to the Municipal income and giving enjoyment to hundreds of the townspeople at one and the same time. When one considers the number of people who have nothing better to do on Sunday nights after church-time than to stroll up and down Oxford Street, and who would probably be delighted to have the chance of listening to really good music for an hour or so at a merely nominal charge, the Council's action in this matter appears positively preposterous. Finally, I repeat that the Council should either reduce their charges of the Town Hall for this purpose, or else they should follow the splendid example of so many other municipalities all over the world by inaugurating municipal sacred concerts for the people. I trust that the other music-lovers may support me in this matter, so that by much importunity we may perhaps induce the Council to abandon their present bovine state of Gallegoism (if I may coin the word) and take a more intelligent and lively interest in the affairs.

Daaropvolgend is twee briewe gepubliseer wat bovermelde skrywer se argumente heelhartig ondersteun het.²⁷ Die situasie het egter onveranderd gebly, wat daarop gedui het dat die stadsraad onwrikbaar in sy eise was.

Toename in koor-optredes

Behalwe vir 'n gewyde aanbieding wat op Vrydagaand 19 Mei in die Kongregasionalistiese-kerk, St. Peterstraat, plaasgevind het en waar mev. Baker se vertolking van CHOPIN se Polonaise in A-mol majeur die uitstaande item van 'n vokaal-instrumentale program was²⁸, het al die orige aanbiedinge

in 1905 koor-ensembles bevat.

STAINER se Crucifixion wat in 1903 deur Chapman en sy koor opgevoer is, is in 1905 op Donderdag 13 April en Donderdag 20 April in die Cambridge-stadsaal en die St. Alban-kerksaal deur Franz Moeller en die kore van die St. John-gemeente in Oos-Londen en die St. Mark-gemeente in Cambridge uitgevoer.²⁹ Deurslaggewende sukses by die eerste uitvoering het uitloop op 'n herhaling in die Cambridge-stadsaal op 14 April, asook 'n optrede op Sondagand 16 April in die St. George Presbiteriaanse-kerk.³⁰

By geleentheid van die inwyding van die nuwe orrel in die Duitse Lutherse gemeente op Saterdag 10 Junie was die program nie net deur 'n populêre samestelling van instrumentale en vokale items gekenmerk nie (waarby onder andere mnr. Chapman betrokke was), maar ook deur die deelname van twee kore.³¹ Een van die kore het onder meer Heil'ge Nacht van BEETHOVEN gesing.

'n Aanbieding op Dinsdagaand 26 September in die Victoria Wesleyaanse-kerk het koor-ensembles se toetrede tot gewyde aanbiedinge verder onderstreep toe 'n koor van meer as veertig stemme onder leiding van mnr. G Preddy SIMPER se kantate The Rolling Seasons met sukses uitgevoer het. Dit is voorafgegaan deur 'n helfte gewy aan gewyde liedere.³²

'n Uitnemende poging, en beslis die hoogtepunt van gewyde aanbiedinge in 1905, was die opvoering van die Elijah op Woensdag 25 Oktober in die stadsaal deur die koor van die Trinity Wesleyaanse-kerk, vergroot tot eenhonderd stemme, onder leiding van mnr. Smedley Williams.³³ 'n 'Special orchestra', onder leiding van Franz Moeller het ook opgetree met mej. Ethel Collings (sopraan), mev. Baker (alt) en mnre. Bray Nicholas (tenoor) en Griffiths (bas) as soliste. Dié poging is as 'most creditable' geklassifiseer en dit was duidelik dat deeglike voorbereiding die opvoering voorafgegaan het. Al die soliste behalwe mnr. Griffith, wat 'n ligte verkoue onder lede gehad het, het positiewe kommentaar uitgelok maar die spel van die orkes 'did not appear

to be under the proper control of the conductor' en gevolglik was die intredes ook onbevredigend. In sy geheel beoordeel was die geleentheid egter 'n sukses.

'n Hele aantal lede van die orkes het onmiddellik krapperig op dié negatiewe kommentaar gereageer en hul frustrasie en misnoeë summier in 'n skrywe aan die koerant blootgelê:³⁴

We, the members of the Elijah orchestra have read the report which appeared in your valuable paper, on the performance of the above oratorio, which we venture to think was most misleading to the general public, and now wish to explain why the conductor did not have the orchestra under proper control, and the times were at times erratic and why one of the solos was spoilt according to your report, by the orchestral accompaniment. It is a pity your reporter did not state the reasons for the aforementioned faults, which reasons must be quite apparent to him, if he had any knowledge of music, a fair knowledge of which, a man who undertakes to criticise other musicians, should have.

The conductor who undertakes to conduct a work like Elijah should be an instrumentalist and know the elementary rules of theory, the meaning of the different musical terms, and above all, the notes.

Here are a few facts which will show the enormous difficulties the orchestra had to labour under:-

1. No one in the orchestra knew exactly when to begin and when to finish a phrase, because the conductor's beat was not forthcoming at the proper moment.
2. The conductor took no notice of either allegro's or andante's, or any other marks denoting the speed of different movements, because he did not know their meaning.
3. The encores, which were most uncalled for, were quite out of place at a performance such as Elijah, a fact the conductor seemed ignorant of.
4. As for time, why, in a three-four movement we got as many as four and five beats in a bar, and occasionally a flourish from the baton, which made it clear that the conductor had lost himself.
5. In the recitativos the conductor should have watched the soloists and given the beat to the orchestra at the correct moments, and not have allowed any of the orchestra to wonder away, with independent recitativos of their own, and to show the audience what it sounds when the baton is in the hands of a novice.
6. The soloists:- 'Elijah' who had the most important parts to sing had no help from the baton, and so was very often at sea.

The part of the widow was fortunately in the hands of a very able artist from Port Elizabeth, who was compelled to ignore the baton altogether, and stated she was surprised to see the way in which the orchestra managed under the prevailing difficulties.

We could say more, but think that the above will suffice to show that the orchestra was not altogether to blame.

Appealing for justice through the medium of your valuable paper, and thanking you in anticipation - MEMBERS OF THE ORCHESTRA.

Lojaal teenoor sy kollega, het die redakteur van die koerant vir Members of the Orchestra daarop gewys dat die resensent duidelik geïmpliseer het dat die ongelukkighede die dirigent se verantwoordelikheid was en was nogal verbaas dat die orkeslede die sinsnede nie so geïnterpreteer het nie:³⁵

Our report stated that the orchestra did not appear to be 'under the proper control of the conductor', and as it is the first business of a conductor to have his orchestra as well as his chorus under proper control, the unfortunate wielder of the baton, not the orchestra, is responsible if the proper control is absent. We should have thought that the writers of the above letter would have been aware of this fact.

Die saak is verder gevoer toe die leidende kornetspeler van die orkes, mnr. Johnston Wilson, hom gedistansieer het van die argumente voorgehou deur Members of the Orchestra.³⁶ In sy brief het mnr. Wilson gefundeerde feite aangehaal en Members of the Orchestra se griewe punt vir punt geëlimineer en daarmee mnr. Smedley Williams, die dirigent, feitlik van alle blaam onthef, 'although I hold no brief for Mr. Smedley Williams':

As a member of the orchestra, and being first cornet, I venture to think not an unimportant one, will you be good enough to allow me to protest against the letter which appears in your issue of even date signed 'Members of the Orchestra'? The letter begins: 'We, the members of the Elijah orchestra etc.', and I would wish to be known that I for one knew nothing about the writing of this disgraceful effusion. To my idea, the whole thing savours of spite against the conductor, and although I hold no brief for Mr. Smedley Williams, I do not think it just that such scathing remarks should be allowed to pass unnoticed.

To begin with I do agree with your correspondents in that your reporter apparently knew nothing about the work he was presuming to criticise, and I do not think this is a

statement which anyone will be able to refute. You will perhaps be good enough to allow me to reply to the separate points which your correspondents mention under various numbers and which they erroneously state as 'facts'.

1. To any member of the orchestra who was giving their undivided attention to the conductor there should have been no question as to where we were to come in, inasmuch as Mr. Williams was particularly careful in every instance to tell us before commencing the number, how many beats he was going to give before the orchestra had to start.
2. The conductor took particular notice of tempos, making sure of these in several instances by using a metronome. The result in the rendering of the choruses was sufficient proof as to whether he knew their meaning.
3. The encores may have been uncalled for, and out of place, but with such a glorious voice, as that possessed by Miss. Collings, and that being such a decided novelty to an East London audience, it was not likely that our discriminating patrons were going to be denied the pleasure of hearing her again, even if their action in recalling her was infradig.
4. I do not remember getting four or five beats in any bar except in one or two instances where the soloists took an unexpected and unrehearsed liberty with the music which they were trying to sing.
5. With the exception of Mr. Nicholas, the tenor, who was the only one who sang his solos and recitatives at the performance as he had rehearsed them, and with whose part there was no question of correct beating, it would have been a difficult job for any conductor, either amateur or professional to bring his orchestra in at the correct time, and I maintain that if a thoroughly competent orchestra had been playing at this performance, they would not have wandered away with 'independent recitatives of their own', but would have waited under all circumstances for the conductor's beat.
6. The soloists: I for one watched the conductor very carefully and must state that 'Elijah' had every help from the baton to such an extent the conductor sang every one of his solos with him to try and keep him from 'getting at sea'. Should it have been necessary for 'Elijah' to trust to the baton in any case?

The last paragraph number 6 is an altogether garbled version of Miss. Collings' remark which was to the effect that they could not get an orchestra fit to play this work in Port Elizabeth, and she was surprised that our East London orchestra got through it so well, and I am positive that the lady meant a decided compliment to the orchestra and certainly not a slur on the conductor. I still think that the spirit of your correspondents is decidedly mean; the work was being performed by charity, most of us were being paid for our services, and if we did get an adverse criticism for our work I consider it was our place to have to take it with as good a grace as possible and said nothing.

Weer het die redakteur sy verslaggewer se indrukke onderskryf en daarop gewys dat sy resesent ten volle vir die taak toegerus was.

Dieselfde uitgawe het 'n pleidooi deur ene J Watts Williams ingesluit, waarin hy gepleit het dat die vete gestaak moes word aangesien 'it does no good, and it is in many cases the outcome of personal jealousy'. Voorts was hy van mening dat 'this correspondence is uninteresting to the majority of your readers, and if you publish such letters you might give them obscurity in your back pages, as the spirit in which these letters are written, and the motives which prompt the writers are not good. Men will not act in these capacities if they are treated in this manner'.

Heelwaarskynlik het die konflik opvallende musikale haperinge uitgewys, wat slegs tot selfondersoek en inskerping sou lei - wie ookal die sondaar/s was. Die polemieks het sekerlik ook 'n begeerte tot groter musikale eensgesindheid aangewakker, wat net tot die bevordering van musiek in Oos-Londen kon lei.

2.1.4 Progressie 1906

Oplewing in koorwerke duur voort

Die betrokkenheid van koor-ensembles was ook 'n kenmerk van aanbiedinge wat in 1906 voorgekom het, en dit was veral die Trinity-kerkkoor van Smedley Williams wat die leiding op ernstige vlak geneem het.

Dié vlytige koor het op Maandagaand 2 April na vore getree met 'n imposante bydrae in die Inverleith Terrace-kerk toe verskeie prominente koorwerke uit bekende oratoriums uitgevoer is:³⁷

Koor	<u>And the glory of the Lord</u> (Messias)	Koor
Lied	<u>For all eternity</u>	MASCHERONI Mej. Palmer
Anthem	<u>Lead kindly light</u>	EVANS Koor

Dubbel-kwartet	<u>Cast thy burden (Elijah)</u>	
Liedere	<u>A Dream of Paradise</u>	GRAY Mnr. Nicholas
	<u>O Divine Redeemer</u>	GOUNOD Mnr. Lones
Koor	<u>O Father, whose Almighty Power (Judas Maccabues)</u>	Koor
Anthems	<u>Son of my Soul</u>	TURNER Koor
	<u>Hear us O Lord</u>	CHRISTOPHER Manskoor
	<u>Seek ye the Lord</u>	ROBERTS Koor
Resitatief	<u>If with all your hearts (Elijah)</u>	Mnr. Hook
Anthem	<u>The day is past and over</u>	MARKS Koor

Hierdie koor van vyftig 'well trained voices', wat ambisieuse werke met soveel entoesiasme aangepak en deurgevoer het, het 'n soortgelyke program op Woensdag 23 Mei in die Cambridge-stadsaal aangebied.³⁸

Koormusiek het ook 'n integrale deel uitgemaak van 'n aanbieding wat op 6 April in die St. Paul-kerk, Strand, aangehoor is toe die kantate Cloud and Sunshine benewens verskeie instrumentale en vokale solo's aangebied is.³⁹ As soliste het mejj. Hector en Butchart, asook mnre. Heathcote en Walker, 'harmony, clearness and emphasis' geprojekteer, terwyl die koor vir hul 'refreshing energy' gekomplimenteer is.

Nog 'n aanbieding waarin koorsang voorrang geniet het, het op Vrydag 18 Mei in die St. George-kerk plaasgevind.⁴⁰ 'n Verkwikkende program, wat onder meer 'n kantate van MAUNDER Penitence, Pardon and Peace onder leiding van Chapman ingesluit het, is aangebied. As soliste het opgetree mejj. Hector, Norton, Morrison en Maritz, en mnre. T M Maitland, F E Mills, Robinson en Donaldson. MAUNDER se kantate, wat deur die resesent as 'a fine composition, beautiful music set to beautiful words' beskryf is, het 'n uiters voortreflike vertolking geniet en al die belanghebbendes is geprys vir hulle aandeel aan die kantate. Negatiewe elemente was die onvoldoende

volume van die tenore en basse, terwyl mej. Norton se simpatieke solistiese vertolking deur senuweeprobleempies gekortwiek is. In sy geheel beoordeel was die vertolking egter hoogs bevredigend, en is Chapman met sy 'delicate and finished' begeleiding gekomplimenteer. Hierdie wakker orrelis en sy koor, aangevul deur vokale solo's, het dieselfde werk weer op Vrydag 13 Julie in die Victoria-kerk, Strand, aangebied.⁴¹

Opvolgende aanbiedinge het die stygende grafiek van kantate-uitvoerings gehandhaaf. Op Dinsdagaand 10 Oktober is die gewyde kantate Hadassah (Queen of Persia) in die Victoria Wesleyaanse-kerk, Strand, opgevoer met mejj. Palmer en Maritz, asook mnr. Mills, Heathcote, Moister en Webb as soliste⁴², terwyl die St. Andrew Presbiteriaanse-kerkkoor (Oos-Londen-Wes) onder leiding van mnr. James Old op Donderdagaand 1 November 'n uitvoering van die kantate Jesus at Bethany waargeneem het.⁴³

Op 7 November het mnr. Smedley Williams en sy voortreflike Trinity-kerkkoor van meer as vyftig stemme, 'which has gained a reputation for good work', die kantate Olivet to Cavalry met klinkende sukses uitgevoer.⁴⁴ Oor die halsstar-rige weiering van die publiek om kantates te ondersteun, het die resensent die volgende raak ontleding gemaak:

Sacred cantatas unfortunately do not appeal to the majority, and it is, therefore as a rule difficult to entice an audience sufficiently numerous to compensate for the time, trouble and anxiety which is inseparable to the production of such works.

Nieteenstaande die genoemde omstandigheid sou die werk op versoek op Vrydagaand 16 November herhaal word.

Ook die koor van die St. Paul Presbiteriaanse-kerk, onder leiding van mnr. Heathcote, het betekenisvol bygedra tot die uitbouing van koorsang in Oos-Londen met 'n aanbieding op Vrydagaand 23 November.⁴⁵ Dit is deur vokale en instrumentale nommers aangevul.

Instrumentale aktiwiteite

Buiten die sprankelende oplewing op ensemble-vlak, was inwoners van Oos-Londen aan die einde van daardie jaar bevoorreg om mnr. H M Layton, oud-orrelis uit Rondebosch en vroeër in die jaar voor die klavier doenig in Oos-Londen, op Donderdagaand 20 Desember in die Trinity Wesleyaanse-kerk in 'n orrel-uitvoering, wat op 'n heuglike sukses uitgeloop het, aan te hoor.⁴⁵ Layton het die volgende werke voorgespeel:

<u>Prelude en Fuga in e mineur</u>	BACH
<u>Berceuse</u>	DELLBRUCK
<u>Communion</u>	GRISON
<u>Tournament of Song (Tannhäuser)</u>	WAGNER
<u>William Tell-ouverture</u>	ROSSINI
<u>Andantino</u>	LEMARE
<u>The Storm</u>	CLAUSMANN

'n Duidelik waarneembare klemverskuiwing na ensemble-werke het aanbiedinge in 1906 gekenmerk. Benewens die effektiewe leiding wat Smedley Williams en sy koor in hierdie kategorie gegee het, het die ander aanbiedinge van verskillende werke deur verskeie gemeentes gedui op wydverspreide betrokkenheid en bereidwilligheid.

2.1.5 Afname in aanbiedinge 1907

Onder die leiding van mnr. Peddy het die Victoria Junior Choral Society op Donderdagaand 21 Februarie 1907 'n 'service of song' onder die titel Widow Winpenny's Watchword aangebied. Mnr. J H Hodges het die 'connectional readings' behartig en mnr. Peddy is gelukkig met die hoë standaard van sang wat die koor en soliste gelewer het.⁴⁷

Verblydend genoeg was die woelinge rondom kantates nie tot Oos-Londen beperk nie, maar ook die Cambridge Presbiteriaanse-kerk het op Woensdagaand 27 Maart 'n sinvolle bydrae tot hierdie genre gelewer toe BRADBURY se Esther the Beautiful Queen met mej. Cook (sopraan) as Esther en mej. Rodger (kontralto) as Zeresh uitgevoer is.⁴⁸ Mnr. A G Green (orrel) en mej. Wells (klavier) het waardevolle begeleidingsarbeid verrig,

terwyl mnr. R W Rodger, wat die stokkie geswaai het, net die hoogste lof ingeoes het. 'n Slotopmerking het daarop gewys dat hierdie aanbieding belowend heengewys het na die vorming van 'n koorvereniging in Cambridge ('if one is, as is rumoured, to be formed'). Hierdie werk is weer met deurslaggewende welslae op Woensdagaand 10 April in dieselfde gebou en op Vrydagaand 19 April in die Baptiste-kerk opgevoer.⁴⁹

Smedley Williams en sy koor het in 1907 'n relatiewe stil tyd-jie beleef en eers weer op Vrydagaand 2 Augustus in die kalklig getree met 'n verruklike uitvoering van MAUNDER se werk Song of Thanksgiving.⁵⁰ Die koor se sang is deur 'careful attention to light and shade, prompt attack and clean finish' gekenmerk.

Dok die kerkkoor van Chapman het in 1907 'n stiltyd beleef met slegs 'n enkele optrede op Maandagaand 4 November.⁵¹ Ten spyte van ongure weer het 'n 'very good audience' op die Wesbank saamgetrek, waar al die items met 'great beauty and telling expressiveness' uitgevoer is.

Nog 'n kantate The Song of Creation is op Vrydagaand 15 November deur die koor van die Baptiste-kerk aangebied, aangevul deur 'n 'miscellaneous' program in die tweede helfte.⁵²

2.2 Gangbare momentum 1908 - 1910

Ná 'n strompelende 1908 het gewyde aanbiedinge in 1909 en 1910 nuwe momentum openbaar. Instrumentale bydraes deur mnr. Wiggins en Chapman het in 1909 en 1910 help lewe bring, terwyl die instelling van Sondagaandkonserte in 1910 vir verdere voortstuwing verantwoordelik was. Uit die oogpunt van meriete het gewyde aanbiedinge egter gans te veel populêre items bevat en is dit 'n jammerte dat voortreflike musici soos Chapman en Smedley Williams nie meer inisiatief en visie aan die dag gelê het om dié genre op 'n hefter grondslag te plaas nie.

2.2.1 Verstarring 1908

Soos in die geval van konserte het aanbiedinge op gewyde vlak ook maar min voorgekom in 1908 en wil dit lyk asof verstarring by Oos-Londen se musici ingetree het.

Koor-aktiwiteite

Uitmuntende koorsang, wat 'n belangrike rol in twee aanbiedinge in 1908 gespeel het, het getoon dat dié aspek van gewyde aanbiedinge steeds 'n toenemend opheffende rol, alhoewel teen 'n slakkepas, vervul het.

'n Gekombineerde kerkkoor van die Baptiste- en Presbiteriaanse gemeentes het op Woensdagaand 1 April 1908 ALFRED GAUL se kantate, Ruth (1881), met sukses in die Presbiteriaanse-kerk in Cambridge uitgevoer.⁵³ Onder die leiding van mnr. Rodges het die koor uitdrukingsvolle sang gelewer en was dit duidelik dat beide die dirigent en koor 'had a grip of the different sentiments expressed by the words and music'. Voorts was die resensent van mening dat die basse se toonkwaliteit 'excellent' was, die alte, alhoewel numeries in die minderheid, 'exceptionally good', maar die soprane 'evidently had a few passengers at times', terwyl die tenore 'all seemed to be workers, but at times were inclined to force their high notes'. As soliste het opgetree mev. Davidson, mej. Allum en mnr. Williams, en veral mej. Allum se 'beautiful and well cultivated voice' het aansienlik tot die sukses van die uitvoering bygedra. Die werk sou weer op Saterdag 11 April in die St. George-kerk opgevoer word.

Al ander aanbieding op ensemble-vlak was 'n aanbieding deur Smedley Williams se Trinity Wesleyaanse-kerkkoor, wat op Woensdagaand 23 Desember met verruklike sang vorendag gekom het en dienooreenkomstig aangeprys is:⁵⁴ 'exceedingly well balanced ... tone and expression excellent'. Mnr. W Chubb het waardevolle bydraes voor die orrel verleen en sy een solo-item het getoon dat die instrument 'one of the largest and best in the country, and easily the best on the Border' was. Enkele koorwerke uit Die Messias, onder meer Die Halleluja-koor, is voorgesing.

Instrumentale-aktiwiteite

Die instrumentale sy van gewyde aanbiedinge is deur Chapman behartig. Hy het op Donderdagaand 4 Junie⁵⁵ en Sondagaand

20 Desember⁵⁶ orreluitvoerings in die St. George Presbiteriaanse-kerk, waar hy orrelis was, waargeneem. Nieteenstaande sy onbetwiste gewildheid as 'n 'clever exponent of the organ', was sy keuses van werke oppervlakkig en is geen werke uit die gestandaardiseerde klassieke repertoire voorgedra nie. Eersgenoemde aanbieding is artistiek versterk deur die keurig versorgde sang van mev. Burnham King, voorheen van Bloemfontein en bekend as mej. Florence Fraser, 'the South African Nightingale'.⁵⁷ Die program tydens die aanbieding was:⁵⁸

Anthem	<u>Send out Thy light</u>	GOUNOD Koor
Orrelsolo's	<u>Melodie in e mineur</u>	SILAS
	<u>Mars in B-mol majeur</u>	SILAS
Resitatief en aria	<u>Lascia ch'io pianga</u>	HANDEL Mev. King
Orrelsolo's	<u>Andante (Violkonsert)</u>	MENDELSSOHN
	<u>Cornelius-mars</u>	MENDELSSOHN
Aria	<u>Jerusalem (St. Paul)</u>	MENDELSSOHN Mev. King
Orrelsolo	<u>Marche Funebre et chant Seraphique</u>	GUILMANT
Anthem	<u>O Worship the King</u>	HOLLINS Koor
Orrelsolo	<u>Barcarolle (Konsert no. 4)</u>	BENNETT
Resitatief en aria	<u>With Verdure Clad</u>	HAYDN Mev. King
Orrelsolo	<u>Hymn to the Emperor (Air en variasies op Kwartet op. 76 no. 3)</u>	HAYDN
Resitatief en aria	<u>Angels ever bright and fair</u>	HANDEL Mev. King
Orrelsolo	<u>Grand Offertoire no. 4 in G majeur</u>	WEEV
Koor	<u>And the glory of the Lord</u>	HANDEL Koor

2.2.2 Aanbiedinge sporadies 1909

Behalwe vir 'n kortstondige oplewing in Januarie 1909 toe nie minder nie as drie gewyde aanbiedinge van stapel gestuur is, het aanbiedinge vir die res van die jaar slegs sporadies

voorgekom. Wat artistieke gehalte betref, was die meeste van die aanbiedinge egter van verdienstelike gehalte.

Op versoek van die galakomitee (verantwoordelik vir die feesreëlings gedurende die vakansieseisoen) het mnr. J Gilby Wiggins op Sondagaand 3 Januarie 'n orreluitvoering met vokale items deur mejj. Martin (sopraan), en Allum (kontralto) en mnr. Dickerson (bariton) in die St. John-kerk aangebied,⁵⁹ Wiggins se WAGNER-keurspel het gevarieer in volume 'from a whisper which could scarcely be heard, to crashy-chords which appeared to shake the edifice'. Hy het die volgende werke voorgespeel:

<u>Procession nuptiale</u>	GOUNOD
<u>Cavatina</u>	RAFF
<u>Minuet en Trio</u>	WALTER SPINNEY
<u>Chorus of Angels</u>	SCOTSON CLARK
<u>Elsa's dream and song of Victory</u> (<u>Lohengrin</u>)	WAGNER

Op Sondagaand 24 Januarie was Gilby Wiggins weer voor dieselfde orrel waartydens die WAGNER-keurspel weer aangehoor is.⁶⁰ 'n Welkome versiering van die program was MENDELSSOHN se Lift Thine Eyes vir 'n ongebeleide vokale trio.

Afgesien van dié voortreflike aanbiedinge het nog 'n gewyde aanbieding op Sondag 10 Januarie 1909 ten bate van die Frere-hospitaal in die stadsaal plaasgevind.⁶¹ Veral die volgende items is uitermate waardeer: Meditation (BACH) deur 'n instrumentale trio bestaande uit mejj. Rein en mnr. Rein, Goodbye (TOSTI) gesing deur mnr. Bruchshaw, en The Lost Chord gesing deur mej. Allum. Daarbenewens het die Moeller-orkes die La Ruche D'or-ouverture, Intermezzo uit Cavalleria Rusticana, die Ein Tag in Rein-mars en 'n gavotte Two Hearts gespeel.

Gesien in die lig van die feit dat Januarie nog gulde geleent-hede vir ontspanning gebied het, asook dat aanbiedinge in dié maand in voorafgaande jare maar skaars gesaai was, wou dit voorkom asof gewyde aanbiedinge 'n bloeiperiode betree het. Hierdie oplewing was egter van korte duur en verdere aanbiedinge het maar weer net sporadies opgeduik.

Behalwe vir Smedley Williams se kerkkoor wat op Sondagaand 14 Maart tydens die aanddiens Be not afraid uit Elijah gesing het, is geen gewyde aanbieding tot in Junie aangeteken nie.⁶²

'n Aangename hoogtepunt was die opvoering van die kantate The King of Glory van PEARCE op Vrydagaand 16 Junie deur die Victoria Wesleyaanse-kerkkoor onder leiding van mnr. G Peddy, en met die hulp van 'n 'strong orchestra' in die kerk.⁶³ Die werk self het 'n 'adaption of several well-known items from The Messiah and The Crucifixion' blyk te wees, asook die toonsetting van bekende liturgiese tekste, terwyl die finale koorwerk 'n verwerking van die Halleluja-koor was. Hierdie melodieuze rangskikking is imposant deur die koor en soliste, mej. Hector (sopraan), mej. Burton (kontralto) mnr. C W Warner (tenoor) en mnr. J D Kirkland (bas) vertolk, en veral mej. Hector se 'clear enunciation and finished style' was uitstaande. Taktvol het die resesent die koorlede daarop gewys dat indien hulle hul nie so in hul koorkopieë verdiep het nie, hul sang nie so mank sou gegaan het aan volume, nuansering en doeltreffendheid nie.

'n Gemeentekoor, die Presbiteriaanse-kerkkoor van Cambridge onder leiding van hulle orrelis en koormeester, mnr. Barbour, het op Woensdagaand 4 Augustus die kantate Under the Palms uitgevoer.⁶⁴ Die werk is gebaseer op die leerstellings van Esra en Nehemiah en hoofsaaklik beskrywend van die huttefees by die terugkeer van die Jode uit Babiloniese ballingskap. Al die deelnemers het hulle voortreflik van hul taak gekwyt en dit was veral die 'infant class chorus', Little ones of God are we en die eggo-effekte in We kneel by our Tents wat beïndruk het. Ongelukkig was die opkoms onbevredigend.

Vroeg in Desember is die ywerige orrelis van die St. John-kerk, Gilby Wiggins, weer aangehoor toe hy op Sondagaand 5 Desember die 'delicacy and power of St. John's superb organ' ten toon gestel het in die lewering van vier werke na afloop van die diens: Su die Wiege (sic!) van GUSTAVE LANGE, GUILLMANT se Cantilene Pastorale, GOUNOD se

Processionale en MEYERBEER se Mars.⁶⁵ Aanvullend is die volgende vokale items aangehoor: O had I Jubal's Lyre (HANDEL) deur mej. Martin, The Lord is my Light (ALLITSEN) deur mej. Allum, en Now Heaven in Fullest Glory Shone (HAYDN) deur mnr. Fred Dickerson.

Chapman en sy koor het darem nie totaal agterweë gebly nie en op Donderdagaand 16 Desember is alle 'true lovers of music' op 'n pragtige program van koor, solosang en orrelkeurspele getrakteer.⁶⁶

2.2.3 Momentum ten spyte van afwesigheid van koor-ensembles

Die totale afwesigheid van kantates en oratoriums asook algemene koorwerke in 1910 was 'n onverklaarbare verskynsel. Desnieteenstaande het daar nie opmerklike retrogressie plaasgevind nie en is die jaar se gewyde aanbiedinge deur 'n reeks Sondagaandkonserte, wat egter nie uitsluitlik gewyd was nie, en 'n aantal orreluitvoerings, gekenmerk.

Orreluitvoerings

Gilby Wiggins se sporadiese orreluitvoerings Sondagaande na kerk het beslis belangstelling gewek en omdat belangstellendes van ander gemeentes nie altyd betyds kon arriveer nie is besluit om 'n uitvoering op 'n weeksaand aan te bied.⁶⁷ Op Donderdagaand 24 Februarie 1910 het hy in die Prebiteriaansekerk die volgende werke, aangevul deur 'n aantal liedere, voorgespeel:

Orrelsolo's	<u>Prelude</u>	CAPPOCI
	<u>Huquenots</u> (Keurspel)	MEYERBEER
	<u>Duetto</u>	GOUNOD
	<u>Spring Song</u>	HOLLINS
	<u>Andante</u>	CHINNERY
	<u>Lohengrin</u> (Keurspel)	WAGNER
Liedere	<u>I will extol thee</u>	COSTA Mej. Martin
	<u>Come Unto Me</u>	Mej. Allum

<u>Deeper and deeper still</u>	HANDEL
<u>Waft her, Angels</u>	HANDEL Mnr. McNamara
<u>It is Enough</u>	MENDELSSOHN Mnr. Boyle

Hierdie poging is besonder positief ontvang en die hoop is uitgespreek dat meer aanbiedinge van hierdie aard sou plaasvind, aangesien 'their elevating nature cannot be too highly valued'.

Mnr. Wiggins het nie sy pogings volgehou nie, maar gelukkig het mnr. Chapman tot 'n mate die gaping gevul met orreluitvoerings in Julie, September en Desember.⁶⁸ Sy programkeuses was opvallend geskoei op die smaak en sentiment van die algemene publiek en die feit dat die St. George Presbiteriaanse-kerk se 'every pew fully occupied' was op dieselfde aand as wat Roger Ascham 'n klavieruitvoering elders gegee het, was 'n duidelike bewys van die publieke aanhang wat hy geniet het. Soos gebruikelik het al die aanbiedinge vokale ondersteuning geniet. Sy program by die eerste aanbieding het uit die volgende orrelsolo's bestaan: March Militaire (GOUNOD), Hymn to the Emperor (HAYDN) en Grand Storm Fantasia (LEMMENS).⁶⁹ Mej. Hector (sopraan) het die program aangevul met Rejoice Greatly ('a difficult solo', wat sy gesing het 'without restraint and with her usual sweetness'), Mej. Allum (kontralto) met Look up a Heart ('the contralto voice was fully heard') en mnr. Gardner met In Native Worth en in die duet Love Divine saam met mej. Hector.

Chapman se tweede orreluitvoering het op Donderdagaand 1 September plaasgevind en is weer gekenmerk deur gewildheid.⁷⁰ BATISTE se Offertoire in d mineur het getoon dat hy ongetwyfeld 'n orrelis van 'n 'high order' was, 'the pedal passages were taken in the unobtrusive way which marks the finished organist'. GUILMANT se Allegretto in b mineur het Chapman se talent vir effektiewe registerkombinasie getoon, terwyl 'n Sonata da Camera ('n werk in drie dele van PEACE) tegnies briljant hanteer is. As afsluitingsitems het hy GRISON se Communion en MEYERBEER se Schiller March voorgespeel. Mev. Stephenson en mnr. Maitland het vokale bydraes gelewer.

Chapman se program op Donderdagaand 15 Desember was: Offertoire no. 4 (WELY), Spring Song op. 113 no. 1 (FAULKES), Adeste Fideles (MELVILLE), en Finale van LEMMENS, aangevul deur die liedere Song of Thanksgiving van ALLITSEN deur mej. Norton en Nazareth van GOUNOD deur mnr. Kirkland.⁷¹

Sondagaandkonserte

Hoofsaaklik met die doel 'of filling up these blank hours', te wete die uurtjies tussen die afsluiting van eredienste en slapenstyd, is 'n gratis konsert wat mev. Rein op Sondag-aand 13 Februarie 1910 gereël het met soveel geesdrif begroet, dat nog twee aanbiedinge, een op Sondagaand 17 April en die ander een op Sondagaand 22 Mei, van stapel gestuur is.⁷² 'n Ongekende groot gehoor was teenwoordig. Groot belangstelling was ook 'n kenmerk van die aanbieding wat op 17 April plaasgevind het en nie alleen was elke beskikbare sitplek vol nie, maar 'the aisles were packed with a number who preferred to occupy standing room to losing the musical treat'. Aangesien die program-samestellings 'n besliste populêre aanslag, wat ooreengestem het met die behoeftes van die toehoorders, bevat het, het die aanbiedinge groot genoegdoening verskaf.

Die programme van die eerste twee aanbiedinge waarin die Moeller-orkeste al die orkeste-items behartig het, was as volg:

13 Februarie 1910⁷³

Ouverture	<u>Maritana</u>	WALLACE Moeller-orkesteklas
Liedere	<u>A Song of Thanksgiving</u>	ALLITSEN Mej. E. Rein
	<u>Rocked in the Cradle of the deep</u>	KNIGHT Mnr. Dickerson
Klaviersolo	<u>Prelude</u>	RACHMANINOFF Mej. H. Rein
Lied	<u>O Divine Redeemer</u>	GOUNOD Mej. Allum
Tjellosolo	<u>Pensee Fugitive</u>	PAPINI Mnr. Rein

Liedere	<u>I bring thee flowers</u>	LAMBERT
	<u>When I Awake</u>	WRIGHT Mnr. Weir
	<u>To the Angels</u>	ZARDO Mej. Martin Obligaattjello: Mnr. Rein
Orkes	<u>Hongaarse Dans</u> (<u>Bolseo</u>)	MISKA Moeller-orkesklas
<u>17 April 1910</u> ⁷⁴		
Duverture	<u>Pique Dame</u>	SUPPE Moeller-orkesklas
Lied	<u>A Summer Night</u>	THOMAS Mnr. Pike
Vioolsolo	<u>Souvenir de Moscow</u>	WIENIAWSKI Mnr. Halse
Lied	<u>Angels ever Bright and Fair</u>	HANDEL Mev. King
Voordrag	<u>Christ Healing the Leper</u>	WILLIS Mej. Webster
Duet (vokaal)	<u>Golden Love</u>	WELLINGS Mejj. Martin
Mars	<u>Tannhäuser</u>	WAGNER Moeller-orkesklas

Die klinkende suksesse van hierdie aanbiedinge soos hoofsaaklik beoordeel uit 'n ondersteunings-oogpunt, aangesien die musikale inhoud van die aanbiedinge nie opvallende gewigtigheid bevat het nie, het die ywerige Moeller beweeg om op eie inisiatief 'n reeks Sondagaandkonserte te reël.

Die eerste was op Sondagaand 21 Augustus om 20h30.⁷⁵ Soos voorheen was die stadsaal weer 'filled to overflowing', maar geen gehoor is gegee aan 'n vorige versoek, naamlik dat babas liever tuis gelaat moes word en 'n 'hearty sprinkling of minors' het die luistergenot van vele bederf. Moeller se orkes het die volgende werke gespeel: Festival (BUVOL), For all Eternity (MASCHERONI) en Mars no. 5 (FABION ROSE). Genotvolle instrumentale items is gelewer deur mej. H Rein met LISZT se Hongaarse Rapsodie no. 2 ('skilfully executed'), mnre. Rein (tjello) met CHOPIN se Nokturne no. 2 ('promising player') en Halse (viool) met VIEUXTEMPS se Fantasia Appassionata, vertolk in 'n 'masterly manner'.

'n Verblydende kenmerk was die klemverskuiwing, hoofsaaklik deur solobydraes, na werke van meer gestandaardiseerde gehalte - 'n feit wat Moeller se invloed beklemtoon het.⁷⁶ Sy tweede poging was op Sondagaand 18 September.⁷⁷ 'n Prikkelende program van oorwegend instrumentale aard is voorgehou en mev. Moeller se vertolking van Ave Maria met orrel- en tjello-begeleiding, asook mej. Willows se tjellospel van die 'difficult' Concerto in A majeure van GOLTERMANN is as die mees uitstaande items beskou.

Benewens die sinvolle tydverwyling wat hierdie konserte gebied het, is die geleentheid ook aangegryp om deur middel van kollektes geld in te samel vir liefdadigheids- en welwillendheidsorganisasies soos die Frere-hospitaal, die Seamen's Institute en die Ladies' Benevolent Society.

Ongure weer het Moeller en sy span se derde aanbieding op Sondag 23 Oktober in die wiele gery.⁷⁸ Ten spyte hiervan was die program 'n 'exceptionally good one' waarin die sang van mej. Gwen Watson, 'n trio bestaande uit mev. Moeller (viool), mej. L Williams (tjello) en mnr. Moeller (klavier), asook 'n tjelloduet en 'n vioolsolo deur mnr. W Fairbairn verdienste bevat het. Laasgenoemde heer is gefelisiereer met sy 'sweet tone' wat hy voortgebring het en die resensent het dit summier gekoppel aan Marie Hall se besoek:⁷⁹ (Kyk Deel II, pp. 388-389.)

One might easily imagine that Marie Hall's visit to East London had not been in vain.

Die terloopse ontstaan van die Sondagaandkonserte het dus uitgekristalliseer in konserte van voortreflike aard wat getoon het dat Oos-Londen wel oor die talent beskik het om aanbiedinge van ietwat hoër gehalte te reël. Die plotselinge klemverskuiwing - geen koorwerke is in 1910 aangebied nie - het gelukkig nie gelei tot 'n insinking in die aanbod van gewyde aanbiedinge nie, en alhoewel die Sondagaandkonserte nie oorwegend gewyd van aard was nie, het dit tog broodnodige verryking en prikkeling gebied.

2.3 Vaudevilles smoor gewyde aanbiedinge
Januarie 1911 - Julie 1914

Vaudevilles wat vir 'n opvallende afname in konserte verantwoordelik was (kyk Deel II, pp. 441-462) het ook gewyde aanbiedinge nadelig geraak en behalwe vir die aantal orreluitvoerinkies wat deur mnr. Wiggins en Chapman behartig is en waarvan die musikale meriete maar baie effentjies was, het gewyde aanbiedinge drasties afgeneem.

2.3.1. Orreluitvoerings keer insinking 1911

Orreluitvoerings het in 1911 relatief welig gedy en beide Chapman en Wiggins - veral laasgenoemde wat na slegs een optrede nie weer in 1910 gehoor is nie - het mildelik bygedra tot die uitbouing van hierdie genre. Wiggins het vier orreluitvoerings waargeneem en Chapman twee waarin sy goed gebalanseerde koor weer op die voorgrond geplaas is.

Wiggins se eerste optrede in 1911 het op 18 Mei in die St. John-kerk, waar hy orrelis was, plaasgevind. Die program, wat populêr georiënteerd was, het bestaan uit:⁸⁰

Orrelsolo	<u>Grand Coro Triomfale</u>	CAPOCCI
Lied	<u>The Lord is my Light</u>	ALBRITSON Mev. Wakefield
Orrelsolo	<u>Chorus of Angels</u>	CLARK
Resitatief	<u>Deeper and deeper still</u>	HANDEL
Aria	<u>Waft her Angels</u>	HANDEL Mnr. McNamara
Orrelsolo	<u>Romanse in D-mol majeur</u>	LEMOINE
Lied	<u>Angels Guard Thee</u>	GODDARD Mej. Martin
Orrelsolo	<u>Cantilene</u>	GUILMANT
Aria	<u>Lord God of Abraham</u>	MENDELSSOHN Mnr. Thompson
Orrelsolo	<u>Lohengrin</u> (Keurspel)	WAGNER

Wiggins se tweede aanbieding op Donderdagaand 29 Junie voor dieselfde orrel was weer baie gewild, met onder meer die Lohengrin-keurspel van WAGNER weer op die program.⁸¹ Die

vokale items was die arias Lord God of Abraham (MENDELSSOHN) gesing deur mnr. Thompson, O, had I Jubal's Lyre (HANDEL) gesing deur mej. Martin, asook My Hope is in the Everlasting (STAINER) en Honour and Arms (HANDEL), laasgenoemde gesing deur mnr. Thompson.

Orreluitvoerings deur Wiggins het op Sondagaand 5 November en Oujaarsaand 31 Desember plaasgevind, weer met werke van populêre aard, onder meer BRAGA se Serenata, WALLACE se Maritana-ouverture, GUILLMANT se Cantilena en so meer.⁸²

Nieteenstaande die feit dat Chapman sy vaardigheid as orrelis oortuigend bevestig het met twee uitvoerings op Donderdagaand 11 Mei en Woensdagaand 29 November⁸³ het ook sy programkeuses voorkeur gegee aan 'n strewe na populariteit. Die gevolg was dat behalwe vir die genoegdoening wat dit sy groot getal toehoorders verskaf het en wat ook sekerlik nie te versmaai was nie, het sy optredes nie noemenswaardig bygedra tot die verryking en verbreding van gewyde musiek op instrumentale vlak nie.

2.3.2 Sondagaandkonserte

In teenstelling met die betreklik groot getal Sondagaandkonserte in 1910, het slegs een konsert van die soort in 1911 plaasgevind en wel op Sondagaand 14 Mei.⁸⁴ Die stadsaal was tot oorloeps toe gevul. Nieteenstaande die feit dat die program genoegdoening verskaf het, was die samestelling maar van 'n geykte, gegroefde aard:

Overture	<u>Poet and Peasant</u>	SUPPE Moeller-orkes
Lied	<u>The Childrens' Home</u>	Mnr. Boyle
Violsolo	<u>Ave Maria</u>	SCHUBERT-WILHELMI Mnr. W Rein
Lied	<u>Resignation</u>	LINDSAY Mev. Reid
Tjello solo	<u>Humoreske</u>	DVORAK Mnr. R Rein
Lied	<u>Serenade</u>	GOUNOD Mej. Martin

Vioolsolo	<u>Jota Aragonesa</u>	SARASATE Mnr. W Rein
Lied		Mej. Parsons
Mars	<u>March Militaire</u>	Moeller-orkes

Vokale konsert

Buiten vir die orreluitvoerings en die enkele Sondagaand-konsert was al ander gewyde aanbieding 'n konsert op 18 Mei op die Wesbank deur die koor van die St. Andrew-gemeente onder leiding van Chapman.⁸⁵ Benewens 'n hele aantal liedere deur die koor, begelei deur Chapman, is die volgende solo-liedere gelewer: The Unfinished Song deur mnr. F E Mills, Lead Kindly Light deur mev. Stevenson, In Native Worth (HAYDN) deur mnr. Hill, Rest (sic!) (HANDEL) deur mej. Watson, Lost Chord (SULLIVAN) deur mnr. Kirkland, Waft her, Angels (HANDEL) deur mnr. Webb en Angels ever bright and fair (HANDEL) deur mej. Norton.

2.3.3 Verdere agteruitgang 1912

Slegs enkele verstrooide aanbiedinge het in 1912 voorgekom, en dit was duidelik dat die genre 'n laagtepunt bereik het in soverre dit die getal aanbiedings betref. Daarbenewens was Smedley Williams se vertrek in Junie 'n gevoelige knou vir Oos-Londen, maar gelukkig het 'n geïnspireerde uitvoering van 'n kantate in November hierdie genre se sukkelbestaan in 'n groot mate herstel.

Die koormeester van die Trinity Wesleyaanse-kerk, mnr. Williams, sou Oos-Londen teen die middel van Junie 1912 vir Bloemfontein verlaat.⁸⁶ Met die oog op sy vertrek het Williams op Vrydag-aand 26 Mei tydens 'n geselligheid 'n 'purple of gold subscribed for by the choir and congregation of Trinity Church' vir sy toegewyde dienste ontvang. Sy inspirerende leiding op die gebied van koorsang - hy was ook dirigent van die Selborne College-koor wat die skild in 1910 ingepalm het - sou Oos-Londen beslis verarm. Op Dinsdagaand 27 Junie is op gepaste wyse van hom afskeid geneem.⁸⁷ Die koor het twee liedere Lead, Kindly Light en There is a Green Hill voorgesing, terwyl mej. Palmer die lied The Promise of Life gelewer het.

Ten spyte van die gevoelige gemis as gevolg van die vertrek van mnr. Williams, asook die afwesigheid van 'n vermeldingswaardige optrede deur Chapman en sy kerkkoor, is die jaar se bedrywighede tog op indrukwekkende noot afgesluit toe die Presbiteriaanse-kerkkoor van Cambridge, onder leiding van mnr. R Y Barbour, op Vrydagaand 22 November ROOT se kantate The Pilgrim Father uitgevoer het.⁸⁸ Koorsang van hoë gehalte is aangehoor en die dirigent is gelukkig met die koor se 'spirited responsiveness', asook hul 'artistic restraint in the softer passages'. Die manskoor het die lied Roll on, Majestic Ocean met 'pleasing breadth and freedom of treatment in keeping with the subject' geïnterpreteer, terwyl die indrukwekkende finale gekulmineer het in 'n triomf vir al die betrokkenes. Al die soliste het ook tot die sukses van die uitvoering bygedra. Mev. P M Gardiner (sopraan) het die gemoedsverskille oortuigend vasgevang, terwyl mej. Morison (kontralto) in die lied Dear Home, Farewell die regte stemming van die vertrekkende pelgrims weergegee het. Nieteenstaande die feit dat die werk die debuutplatform vir mnr. O McClenaghan (bas) was, het hy sy stem se opvallende groot omvang goed aangewend, terwyl mnr. A G Short (bariton) se lewering van die lied O deep and bitter is the hate uiters goed ontvang is. Mejj. Crouch en Cuming (klavier en orrel onderskeidelik) het die begeleiding met 'excellent judgment, rare taste and discrimination' hanteer.

Sondagaandkonserte wat so 'n suksesvolle instelling in 1910 was, het nou slegs uiters sporadies voorgekom. Mev. Rein, wat aanvanklik in 1910 die Sondagaandkonserte begin het, het haar voelers na die bioskoopgeboutjies uitgestuur en op Sondagaand 28 Julie 1912 die eerste gewyde konsert in die snoesige Vaudette-teater aangebied en dit is deur 'n stewige bywoningsyfer gekenmerk.⁸⁹ Mev. Martienssen en haar twee broers mnr. W en R Rein het twee instrumentale trio's van REISIGER wat aangeprys is as 'one harmonious whole' voorgespeel. Voorts het mnr. R Rein 'n 'masterly rendering' van BECKER se Minuetto op die tjello gegee, terwyl mnr. W Rein 'n Legende van WIENIAWSKI in oortuigende styl voorgespeel het. Vokale items is gelewer deur mej. Calderwood (mezzo-sopraan) met Nearer my God to Thee en Abide with Me en

mnr. A Richmond Boyle met The children of the City en The Toilers.

Nie alleen het gewyde aanbiedinge 'n armoedige tydjie beleef in soverre dit oratoriums, kantates en algemene koorwerke betref het nie, maar ook op instrumentale vlak het dit 'n insinking beleef. Mnr. Gilby Wiggins het in 1912 nog 'n aantal orreluitvoerings gegee, en na afloop van 'n tweede een op 28 April het die resensent gevoel dat die 'excellent organ recitals' nie genoegsame erkenning geniet het nie.⁹⁰ 'n Waarskynlike oorsaak kon wees Wiggins se oormatige beheptheid met populariteit wat dus gevolglik stagnasie in die hand gewerk het. Keurspele uit WAGNER se Lohengrin het byvoorbeeld te gereeld opgeduik.⁹¹

2.3.4 Effense oplewing

Twee duidelik waarneembare strominge het gesorg dat gewyde aanbiedinge in 1913 'n effense oplewing teenoor die voorafgaande aantal jare kon toon. Dié verskynsel is deur die orreluitvoerings van Gilby Wiggins en die optredes van die London Imperial Orchestra moontlik gemaak. Dit is egter nodig om daarop te let dat nieteenstaande die sinvolle bydraes wat deur dié ensemble gemaak is, gewyde werke as sodanig nie voldoende verteenwoordiging geniet het nie. Daarbenewens was kooraanbiedinge totaal afwesig, en as in aanmerking geneem word dat dié ensemble nie uit plaaslike spelers bestaan het nie, is dit duidelik dat plaaslike amateurs geskitter het in hulle afwesigheid.

The London Imperial Orchestra

Die London Imperial Orchestra, wat hulle in Mei 1913 in Oos-Londen gevestig het en as ensemble by die Vaudette aangestel is, het van Junie met 'n reeks gewilde konserte (alhoewel die konserte as gewyde konserte aangekondig is) by die Strandpawiljoen begin.⁹² Die ensemble het slegs bestaan uit mnr. en mev. Davis en hulle twee dogters, Pearl en Ruby. (Kyk Deel II, p. 455.)

'n Kenmerk van die 'orkes' was hul besondere bedrewenheid in die bespeling van verskillende instrumente. Hul eerste aanbieding op Sondagaand 15 Junie het die volgende werke bevat:⁹³

Duverture	<u>Hungarian Luitspiel</u> (sic!)	KELA BELA
Keurspel	<u>Judas and the Nazarene</u>	KELLERMANN
Klarinetsolo	<u>Konsert no. 2</u>	DRAPER
Resitatief	<u>Ye people, rend your hearts</u>	MENDELSSOHN
Aria	<u>Woe unto them</u>	MENDELSSOHN
Duverture	<u>Maritana</u>	WALLACE
Violsolo's	<u>Humoreske</u>	DVORAK
	<u>Largo</u>	HANDEL
Mars	<u>War March of the Priests</u>	MENDELSSOHN

Benewens liedere, klarinet- en violsolo's, het die ensemble op Sondagaand 22 Junie die volgende ouvertures voorgespeel: Die Towerfluit (MOZART), Poet and Peasant (SUPPE) en Light Cavalry (SUPPE).⁹⁴ Ongelukkig is geen opvolgende berigte oor hierdie aanbiedinge geplaas nie. 'n Latere berig het net laat blyk dat vurige belangstelling by albei pogings ondervind is, aangesien 'the management had reluctantly to turn hundreds away owing to the limited accommodation'.⁹⁵ In die lig hiervan is besluit dat voornemende konsertgangers voortaan in die besit van 'n kaartjie moes wees.

Kort hierna is die publiek ingelig dat gewyde konserte elke Sondagaand by die Strandpaviljoen aangebied sou word, toegang gratis.⁹⁶

Vanaf Sondagaand 17 Augustus het die 'orkes' sy gewyde konserte in die Vaudette aangebied.⁸⁷ Tydens die eerste konsert is orkestrale keurspele uit Lohengrin en The Flying Dutchman aangehoor, die liedere Abide with me en Promise of Life, asook die violkonsert Fantasia Appassionata van VIEUXTEMPS.

Hierdie ensemble, wat individueel en gesamentlik met pronk-vertonings vorendag gekom het, het weer vanaf Sondagaand 12 Oktober hulle aktiwiteite by die Strandpaviljoen hervat, waartydens die gebou 'packed to its utmost limits' was.⁹⁸ Verskeie items van ernstige aard is aangehoor. Die ensemble

het keurspele uit La Traviata en Il Trovatore voorgespeel, maar die piece de resistance van die aand was die vertolking van GRIEG se Klavierkonsert - vir die eerste keer in Oos-Londen - deur die talentvolle jong pianiste Ruby Davis (dogter van die dirigent):

The difficult runs and arpeggios were played with the ease and grace of a great artist, her great forte is execution and neatness in phrasing.

Mej. Pearl het I hear you Calling me voorgesing terwyl mnr. Charles Davis se vioolsolo Hymn to the Emperor vloeiende dubbelgreepspele bevat het. Konstante vol sale is vir dié aanbiedinge voorspel.

Hierdie begaafde gesin sou op Sondagaand 19 Oktober 'n koperblaaskwartet tot hul program voeg, bestaande uit 'n bombardon, eufonium, skuiftrompet en kornet.⁹⁹ Pearl Davis sou voorts 'n eufoniumsolo asook 'n vokale bydrae Dear Heart (PICCOLOMINI) lewer. Mnr. Davis sou vir die eerste keer HEYRE KATE se Scene de la Scharde op die viool vertolk en die fees sou met die William Tell-ouverture en keurspele uit Lohengrin afgesluit word. Ongelukkig het geen verslag daaroor verskyn nie.

Die DAVIS se programsamestellings het beslis nie 'n sterk gewyde profiel bevat nie, maar hulle lewering van werke van hoogstaande gehalte het die leemte laat kwyn. Hul baanbrekerswerk is op Sondagaand 26 Oktober voortgesit met die insluiting van die Vioolkonsert van MENDELSSOHN.¹⁰⁰

Hierdie bedrywige ensemble het vanaf Desember 1913 sy gewig by die Royal Bioscope-teater ingegooi en op Sondagaand 14 Desember die eerste van vier aanbiedinge daar behartig.¹⁰¹ 'n Baie groot gehoor was by die eerste aanbieding teenwoordig en die resensent het tot die gevolgtrekking gekom dat Sondagaandkonserte 'n besliste populariteit geniet het.¹⁰² Hierdie talentvolle familie het 'n gevarieerde program van marse en ouvertures aangebied, asook tjello-, viool- en klarinetsolo's. Hul opvolgende aanbiedinge is nie in die koerant gemeld nie.

Samevattend het dié groepie musici beslis bygedra tot die uitbou en verryking van musiek in Oos-Londen alhoewel nie op gewyde terrein nie. Hul veelvuldige talente het verskeidenheid en plooibaarheid aan hulle aanbiedinge verleen en die uitvoering van 'n paar werke van hoogstaande waarde was 'n betekenisvolle toevoeging tot die musiekontwikkelingsproses in Oos-Londen.

Orreluitvoerings

Soos reeds vermeld was die bydraes van die London Imperial Orchestra dié van 'n buitelandse groep wat hulle maar slegs vanaf Mei 1913 in Oos-Londen gevestig het. Slegs twee plaaslike here, Wiggins en Chapman, het ook konserte aangebied.

Op Sondagaand 26 Januarie 1913 het Wiggins sy ses en dertigste orreluitvoering gegee, met onder meer die volgende werke wat uiters gunstig ontvang is: keurspele uit Romeo en Juliet (GOUNOD) en Lohengrin (WAGNER).¹⁰³ Vokale bydraes is gelewer deur mev. Holmes met O Divine Redeemer, mej. Stanley Driver met Ombra mai fu, mej. Gwen Watson met The Holy City en mnr. Alec Thompson met Star of Eve.

Hierdie orrelis se agt-en nege en dertigste uitvoering op die 'magnificent' orrel van St. John-kerk, wat by al hierdie geleenthede 'crowded to its utmost capacity' was, het op Sondagaande 11 September en 9 November plaasgevind.¹⁰⁴ Persverslae het getoon dat daar geen twyfel oor Wiggins se bekwaamheid as orrelis was nie, maar dit is tog jammer dat die resensent nie 'n meer wetenskaplike benadering gehad het nie.

Benewens Wiggins se bydraes het Chapman op Donderdagaand 7 Augustus 'n orreluitvoering in die St. George Presbiteriaanse kerk, wat tot barstens toe gevul was, gegee met bydraes deur mme. Daisy Martin, 'n gesiene en gerespekteerde Kaapstadse sangeres.¹⁰⁵ Sy het haar kragtige stem met sy buitengewone omvang met sukses aangewend in die vertolking van GOUNOD se Glory to Thee My God. Verdere bydraes was O Divine Redeemer van GOUNOD en Ich Liebe Dich van ASCHAM. Mnr. Chapman se bydrae, wat beskryf is as 'one of the most successful

Mr. Chapman has yet given', het bestaan uit: Pastorale en Mars in E-mol majeur (LEFEBRE-WELY), Salut d' Amour (ELGAR), Variasies en Finale uit Jerusalem the Golden (SPARK), 'n getranskribeerde weergawe van RACHMANINOFF se Prelude in c-kruis mineur, The Abbey Chimes ('n beskrywende werk van LYTE) en Tocatta in c mineur (HALSEY).¹⁰⁶ Chapman se onbetwiste vermoëns, asook ongevraagde hindernisse wat by die aanbieding opgeduik het, is kleurvol oorgedra:

Mr. Chapman's capabilities as an organist are so well known to East Londoners that no comment is needed. His contributions were so selected as to enable him to do full justice to himself and his instrument, clashing chords and thunderous tremolos which literally shook the building being varied by sweet melodies and mere whispers of sound. These last, unluckily, were by no means improved by passing tram cars, which invariably appeared to select the moments when the most delicate and piano passages were being rendered. On one occasion, the Pipes Band caused an entire cessation of the music inside the building, and provided a change which brought smiles on many a Scottish countenance.

Koor-aanbieding

Met betrekking tot koor-aanbiedinge in 1913, was die situasie maar power. Slegs een kantate, Daniël, is op Dinsdagaand 7 Oktober in die Baptiste-kerk in Buffalostraat aangehoor. Die volgende amateurs het as soliste opgetree: mev. Carr (sopraan), mej. A Paget (mezzo-sopraan), en mnre. H Francis (tenoor) en J E Lones (bas).¹⁰⁷

Nieteenstaande die Imperial Orchestra se pogings het gewyde aanbiedinge in sy geheel beoordeel geensins vooruitgang in 1913 getoon nie.

2.3.5 Aktiwiteite gering Januarie 1914 - Julie 1914

In die laaste ses maande voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het gewyde aanbiedinge weer eens net uiters sporadies voorgekom. Wat die grondliggende oorsaak vir dié retrogressiewe tendens was, is moeilik om te bepaal, maar dit het geensins 'n positiewe beeld van die talle voortreflike musici in Oos-Londen, wat tot veel meer in staat was, weerspieël nie. Twee instrumentale ensembles en Chapman se kerkkoor was verantwoordelik vir aanbiedinge gedurende hierdie periode.

Die herskommelde regimentorkes het op Sondagaand 1 Maart 1914 om 20h30 hul buiging in die stadsaal van Oos-Londen gemaak met 'n gewyde konsert ten bate van die fondse vir die St. John-kerk.¹⁰⁸ 'n Ongelooflike toehoorderstal van eenduisend vyfhonderd mense was teenwoordig. Die orkes het met uifers verdienstelike spel vorendag gekom, maar ongelukkig het hul programkeuses geen gewyde betekenis uitgedra nie. 'n Opvallend populêr-georiënteerde program is aangebied. Voorts het hulle al die soliste begelei en welverdiende lof ontvang vir hul simpatieke spel.

Uit 'n heel onverwagte oord het 'n instrumentale ensemble van veertien spelers, die Royal Bio-orkes, onder leiding van mnr. B H Smith, op Sondagaand 5 Julie 'n gewyde aanbieding in die stadsaal ten bate van fondse vir die Frere-hospitaal behartig.¹⁰⁹ Die vermelde ensemble het onder meer keurspele uit Tannhäuser en Lohengrin van WAGNER voorgespeel en benevens die gewone liedere, het mnr. H Holloway en T Hulse, albei van die Royal Bio, onderskeidelik puik vertoon in klarinet- en kornetsolo's.

Slegs een aanbieding waarby 'n koorensemble betrokke was, het in die tydperk voorgekom. Onder leiding van Chapman het die St. George-kerkkoor van vyf en twintig lede op Sondagaand 24 Mei 'n gewyde konsert in die Vaudette-teater aangebied wat 'n groot toehoorderstal getrek het.¹¹⁰ Goeie toonvorming het die koor se bydraes gekenmerk, terwyl die verskeie vokale pogings van 'n meer sinvolle gewyde karakter as ander pogings, wat hierbo genoem is, getuig het.

2.4 Samevatting

In sy geheel beskou kan die aktiwiteite rondom en meriete van gewyde aanbiedinge gedurende die periode 1903 tot Julie 1914 nie as opwindend of ontwikkelend bestempel word nie. Veral twee faktore het tot die negatiewe beeld gelei, naamlik gebrekkige momentum en 'n afwesigheid van werke van standaardgehalte.

Ná 'n betreklik besige periode (1903 - 1906) het gewyde konserte stadig maar seker gekwyn en het die verskyning van Vaudevilles, wat baie gewild was, in 1911 die genre geweldig geknou. Wiggins en Chapman het in 'n groot mate die opvallende agteruitgang in die hoeveelheid gewyde konserte in 1910 en 1913 deur hulle orreluitvoerinkies verdoesel, maar die impak van die pogings was maar gering en dit het in elk geval ook net sporadies voorgekom.

Nóg 'n beduidende faktor was die afwesigheid van werke van standaardgehalte. Mnr. Wiggins en Chapman het wel met orreluitvoerinkies vorendag gekom, maar nie een van die twee here het hulle verwerdig om werke wat werklik hoë tegniese en musikale vaardigheid vereis, bekend te stel nie. Altwee die orreliste het hulle skuldig gemaak aan voortdurende voorkeur aan werke van sentimentele aard. Al voordeel van die volgehoue gebruik was dat dit die goedkeuring van die algemene musiek liefhebber weggedra het. Op vokale ensemble-vlak was die prentjie bietjie rooskleuriger. STAINER se melodieuse Crucifixion het 'n hele aantal uitvoerings geniet, terwyl die uitvoering van die Elijah in 1905, ten spyte van die onmin wat dit veroorsaak het, 'n prysenswaardige poging was. Nieteenstaande die feit dat verskeie gemeentes lofwaardige pogings met gewyde kantates aangewend het, het die werke nie van 'n ernstige musikale inhoud getuig nie. Daarbenewens het die vloedgolf liedere, behalwe vir die twee Mendelssohn-konserte in 1903, 1904, 'n konsert in April 1906 en Junie 1908 (in elk geval met die ondersteuning van 'n besoekende sangeres), getuig van begrensde smaak en kennis. In sy geheel beskou het dié aspek, naamlik die voorkeur aan bekende populêre werke, gewyde aanbiedinge gekniehalter en het 'n ryk bron van goeie gewyde musiek vir die musiek liefhebber verborge gebly.

Aan die positiewe kant moet melding gemaak word van Chapman se lesingkonserte in 1903 en 1904. Dit is egter te betreur dat sulke doelbewuste pogings tot die verryking van die gewone musiek liefhebber nie weer voorgekom het nie, veral nadat 'n lesers gepleit het vir 'n opvolgende aanbieding.

Alles in ag genome - Oos-Londen se groeiende bevolking, die opkoms van Vaudevilles en die onbetwiste talentebronne - het gewyde aanbiedinge gedurende die tydperk 1903 tot Julie 1914 kwantitatief en kwalitatief op 'n middelmatige vlak funksioneer, en dus gevolglik gefaal om enigsins 'n konstruktiewe bydrae tot die uitbouing van musiek in Oos-Londen te maak.

3 VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1903 - 1914

3.1 Musikale verryking gering 1903 - 1910

Weens die vertakking in verskillende onafhanklike groepe soos Franz Moeller se Orchestral Class, die Beach Orchestra, die Little Orchestra, die East London Choral Society, die Royal Glee Singers, die kooresembles van verskeie gemeentes, Grout se orkes en die East London Male Glee Party, het verskeidenheidskonserte as populêre vorm van vermaak kwantitatief en kwalitatief gely, sodat hulle trefkrag van vroeër jare nie gehandhaaf is nie. Hierdie faktore het daartoe gelei dat verskeidenheidskonserte se invloed, musikaal gesproke, in die periode 1903 - 1910 beslis nie besonder betekenisvol was nie.

3.1.1 Alle smake geakkommodeer

Te midde van die opvallende afname in verskeidenheidskonserte is die smake en giere van 'n ieder en 'n elk nogtans so ver moontlik geakkommodeer en was die medium die heenkome van 'n simfonie van ROMBERG tot by 'n Fancy Club Swinging-item. 'n Oorsig oor die aanbiedinge van 1903 lig hierdie prentjie toe.

Op Dinsdagaand 14 April 1903 is 'n Musical and Dramatic Entertainment, waaraan die nonne van die Rooms Katolieke klooster deelname gehad het, aangebied.¹ Die senior klas het 'n koorwerk van HAYNES The Night has passed away, suksesvol vertolk, terwyl die junior klas geslaag het met The Cornfields van KEENE. Daarbenewens is klaviersolo's, duette en kwartette aangehoor, terwyl ses dametjies en een jongeheer 'n simfonie van ROMBERG uitgevoer het. (Die instrumentasie is ongelukkig nie genoem nie.)

Vervolgens is 'n gewilde potpourri van musiek en toneel op Saterdagdagaand 3 Mei in die St. Peter-saal aangehoor toe doedelsakmusiek, 'n gros liedere, 'highland dancing' en briljante klavierspel deur prof. Slater (wat ook 'n paar liedere voorgesing het) tot die bevrediging van alle teenwoordiges uitgevoer is.²

Dit was egter 'n Grand Concert op 12 Oktober in die stadsaal wat die elastisiteit van verskeidenheidskonserte blootgelê het toe nie minder nie as tien gewilde liedere, vier keurspele deur die nuutgevonde Grout-orke, viool- en kornetsolo's, 'n 'swaardfees' en 'fancy club-swinging' aangebied is.³

Van meer gewigtige gehalte was 'n Grand Complimentary Concert wat op Vrydag 6 November uit blydschap oor die herstel van mnr. Wilfred Lyndon (akteur-musikant) in die stadsaal aangebied is.⁴ 'n Duet uit Il Trovatore is gesing, die 'garden and balcony scene' uit SHAKESPEARE se drama Romeo en Juliet het groot aftrek geniet, die Owls-kwartet het 'n verfrissende bydrae gelewê en 'n Franse operette The Rose of Auvergne, het die veelsoortige program afgesluit.

3.1.2 Enkele uitstaande en nuuswaardige geleenthede 1904 - 1906

Verskeidenheidskonserte se musikale samestelling het meestal bestaan uit werke van oorbekende aard, met die gevolg dat daar min werklik betekenisvolle konserte voorgekom het. Tog het een enkele uitstaande vokale-ensemble oor 'n tydperk van elf maande asook enkele ander nuuswaardige konserte buite die gewone, die genre in die tydperk 1904 - 1906 versterk.

Excelsior Male Voice Party

Onder die bekwame leierskap van māj. Smedley-Williams het 'n mannekoor bekend as die Excelsior Male Voice Party in Julie tot stand gekom.⁵ Hul eerste oefening het op Vrydag 10 Julie in die kantore van mnr. Williams en McLean plaasgevind, en daarna is 'n beroep op nog geskikte persone gedoen om as eerste tenore en tweede basse aan te meld. Heelwat later (Oktober) is berig dat die ensemble hul eerste uitvoering in Januarie 1904 sou gee en met die oog daarop sou repetisies twee maal per week plaasvind, en een op Sondag in die Carlton-kafee.

In Januarie 1904 is die publiek ingelig dat dié ensemble, wat bestaan het uit tussen sewentig en tagtig mans, 'all picked vocalists and readers of music and all residents of

East London', op 6 Februarie hul eerste opvoering in die stadsaal sou aangebied onder leiding van maj. Smedley-Williams - 'undoubtedly one of the best musical conductors and voice trainers in South Africa'.⁸ Uiters gunstige indrukke is gerapporteer deur diegene wat 'n aantal oefensessies bygewoon het:

Those well able to judge, many of them professional, and who have been privileged to attend a practice, express the opinion that such quality in part singing, such splendid unison and blending of voices, and such excellent attention to technique have never been surpassed, if equalled in South Africa, and it is very seldom anything as good or better can be heard in the old country. The whole choir shows the result of splendid training combined with musical ability and this being its first appearance, we trust that East London will show appreciation of these efforts to supply a musical treat, and will accord to the choir the reception it deserves.

Die beoogde optrede het aan die verwagtinge voldoen en almal was dit eens dat die meerstemmige sang 'the best we have heard in East London' was.⁹ Gestruktureer as eerste en tweede tenore, asook eerste en tweede basse, het die groep meer as ses nuwe werke voorgehou wat nog nie vantevore in Oos-Londen gehoor is nie. Uitstekende balans, 'n effektiewe kaleidoskoop van dinamiek, en keurige artikulasie het hul sang gekenmerk in liedere wat meesal beskrywend van aard was soos The Martyrs of the Arena 'where lions, tigers, panthers and hyenas roared in the most approved style'. Bewus van die verdagte aard van sommige liedere, het die resensent hul keuses verdedig:

Whatever may be said of such pieces from a musical point of view it must be admitted that they go down well with the public and that they offer to the singers an element of variety absent in part songs of a quieter character.

Individuele sang en vokale kwartette, waaronder twee SULLIVAN-kwartette, is ook aangehoor en op Maandag 8 Februarie het die groep hul opvoering suksesvol herhaal.¹⁰

Aangemoedig deur die sukses van hul debuutpogings in Oos-Londen het die Excelsior Male Voice Party ywerig met repetisies voortgegaan en in Maart aangekondig dat hulle op Saterdag 5 Mei in King William's Town sou optree.¹¹ Ook

daar is die ensemble hartlik verwelkom en was dit veral die beskrywende werk The Destruction of Gaza, wat besonder puik vertolk is. Individueel het mnr. Parry-Jones met The Soldier's Song en The Song of the Toreador en Rhys Jenkins met Till death I love you en Bedouin Love Song, tot die sukses van die verrigtinge bygedra.

In Junie is aangekondig dat die Excelsior Male Voice Party op Saterdag 2 Julie in die St. Peter-saal op die Wesbank sou optree, en dat 'n 'open practice' op Dinsdag 28 Junie in die Carlton-kafee gehou sou word.¹³ Hulle sou die aanbieding opvolg met een in die Cambridge-stadsaal op Woensdag 6 Julie.¹⁴ Albei hierdie pogings is as uitstekend beskou, 'and was of course executed in an admirable style'.¹⁵ Op 28 Julie het dié mannekoor sy eerste jaarlikse gesellige byeenkoms in die Carlton-kafee gevier, waar 'n aantal gleees en solo-items aangehoor is.¹⁶ Daarna is die res van die aand op 'n sosiale wyse deurgebring. Geen verdere berigting oor die aktiwiteite van hierdie mannekoor het in 1904 gevolg nie.

In Januarie 1905 is aangekondig dat die groep op Saterdag 5 Februarie saam met Franz Moeller se orkesklas, mej. Annie Rowl ('a pleasing contralto who will make her first appearance in East London') en 'n groep van vyftig 'trained voices' in die stadsaal sou optree in 'n uitvoering van die ballade Horatius, 'n werk wat oor 'n antieke Romeinse held handel het.¹⁷ Nieteenstaande die feit dat die gehalte van hulle optrede nie dié van die vorige jaar geëwenaar het nie, was die kenmerke van 'attention to detail, precision of attack, delightful clearness and perfect enunciation' nog waarneembaar.¹⁸ Rock of Ages was ongetwyfeld die ensemble se beste poging, terwyl PROTHROE se beskrywende werk The Crusaders van besondere keurigheid getuig het. Goeie ondersteuning is verleen deur Franz Moeller se orkesklas, met onder meer SUPPE se Light Cavalry-ouverture en STRAUSS se Pizzicato-Polka.

Geen verdere berigte het verskyn nie en dit wil voorkom asof hierdie ensemble, wat 'n verrykende toevoeging tot Oos-Londen

se musiek-aktiwiteite gemaak het nieteenstaande hul ligte, gulhartige aanslag, ontbind het.

Orpheus Orchestra

Buiten die Excelsior Male Voice Party het 'n 'excellent string band' in Desember 1904 by die strandpaviljoen opgetree.¹⁹ Hierdie ensemble, getiteld the Orpheus Orchestra en saamgestel uit 'n hele aantal 'capable musicians', het fungeer onder leiding van mnr. Ernest Beier, voorheen van die onderkoning van Indië se privaatorkes. Hul eerste poging op 5 Desember 1904 is met gunstige kommentaar begroet:²⁰

the orchestra is a good one and some of the selections given were really first class efforts.

Hungarian Band

In 1905 was nog 'n instrumentale ensemble, die Hungarian Band, verantwoordelik vir 'n aanbieding van meriete.²¹ Op Woensdag-aand 13 Desember 1905 het dié ensemble 'n opelugkonsert aan huis van mev. W Hughes aangebied waar 'n betowerend idilliese atmosfeer geskep is:

Fairy lamps hung from the trees and bushes and had a very pretty effect and a stage was erected for the performance, this was brilliantly lighted with electricity and gaily bestowed with flags and other drapery.

Benewens die prikkelende keurspele van die Hungarian Band en verskeie knap vokale vertolkings deur van Oos-Londen se voorste amateurs het die Excelsior Male Voice Party vier 'delightful' gleees voorgesing.

Musical Evenings

In die volgende jaar 1906, is 'n reeks tweeweeklikse Musical Evenings van 25 Januarie in die Continental-kafee aangebied.²² 'n Ryke verskeidenheid het die aanbiedinge gekenmerk; benevens talle liedere, is sittersolo's, mandoliensolo's, viool-solo's, banjo-trio's en klavierduette gelewer. Die Musical Evenings het tot in Maart geduur.

Ernstiger items ingesluit

Verskeidenheidskonserte, wat besonder plooibaar is, het nie net die elemente van vermaak, humor en populariteit - wat natuurlik oorheers het - bevat nie. Drie aanbiedinge in 1906 het ook items van ernstiger aard ingesluit.

'n Aanbieding wat op Dinsdagaand 27 Februarie in die drilsaal plaasgevind het, het afgesien van verskeie tableaux vivants en swaardanse ook twee kwartet-items ingesluit.²³ 'n Dameskwartet het The Sailor Sighs voorgesing, terwyl 'n instrumentale kwartet bestaande uit klavier en drie viole ook deelgeneem het. Nog 'n aanbieding wat enkele hoogstaande items bevat het, was die afsluitingsfunksie van die Girls' High School op Woensdagaand 20 Junie in die stadsaal.²⁴ Onder meer is aangehoor MENDELSSOHN se klavierkomposisie Andante en Rondo Capriccioso, asook sy koorwerk Fair tinted Primrose. Items van 'n ernstiger aard het ook opgeval by 'n aanbieding wat op 1 Desember plaasgevind het en waar die gevierde Australiese sopraan mev. Edgar Phillips (nee Albott), werke van ARDITI en TOSTI voorgesing het.²⁵

'n Kwantitatiewe hoogtepunt

Wat die getal konserte betref, het Oos-Londen op Saterdag 22 Desember 1906 'n hoogtepunt beleef toe nie minder nie as vyf aanbiedinge in die dorp van stapel gestuur is.²⁶ Daar was naamlik 'n vertoning deur die militêre orkes op die strand; 'n Chamber Concert in die Oddfellow-saal, waartydens ROMBERG se Speelgoed-simfonie deur dertig spelers met die hulp van Franz Moeller se orkes deurgevoer is; 'n Smoking Concert by Meyers se hotel waartydens 'n nuwe kampoendanser, mnr. W Lewis, met groot fanfare bekend gestel is; 'n geselskap wat in die Beach-teater opgetree het met dans, kornetspel, sang en komedie; en 'n aanbieding van 'really select and artistic entertainment' in die Savoy-hotel.

3.1.3 Verskeidenheidskonserte as insamelingsgeleent- hede

Musiek as 'n insamelingsgeleentheid het by talryke geleent-
hede vrugte afgewerp, en dié gebruik is weer met hernieude
wyer in 1907 aangewend toe verskeie verskeidenheidskonserte -
met verwarrend grandioso benamings soos byvoorbeeld Grand
Concert - gereël is met die doel om fondse vir kerke in te
samel. So byvoorbeeld het daar op Dinsdag 2 April 'n Grand
Concert plaasgevind ter versterking van fondse vir die
Victoria-kerk, Strand, waartydens 'n program van liedere,
klaviersolo's, 'n vioolsolo, voordragte en banjo-items aan-
gebied is.²⁷

Nog 'n aanbieding wat 'n gemeentelike koffer versterk het, dié
keer die St. John-kerk, het op Woensdag 15 Mei in die Odd-
fellow-saal plaasgevind.²⁸ Agt lede van hierdie gemeente
het die meerstemmige lied Softly falls the shades of evening,
met intense oorgawe gesing, maar 'n 'tendency to hurry' en 'n
'slight weakness on the part of the trebles in the sostenuto
parts' het 'n andersins lofwaardige poging gekortwiek. Bene-
wens voortreflike vertolkings van die liedere The Postillion,
Thy Sentinel am I en Lullaby is 'n klaviersolo, 'n Hongaarse
Dans van BRAHMS, en 'n vioolsolo Cavatina van RAFF met entoe-
siasme begroet.

'n Daaropvolgende aanbieding op 1 Junie - geklassifiseer as
'n Grand Concert - was ten bate van fondse vir die Wesleyaanse-
kerk.²⁹ 'n Sekere mej. Wells het by dié geleentheid met twee
'masterly performances' op die klavier vorendag gekom.

Die St. Saviour-gemeente het ook van dié genre gebruik gemaak om
hulle fondse aan te vul en het op Vrydag 1 November 'n pro-
gram van 'music, mirth, song and dance' aangebied waartydens
'n heerlik uitspattige program van onder meer liedere, 'fancy
skipping', 'n 'fan dance', 'n kastanjettedans en 'n klaviersolo
Liebes Walzer van MOSZKOWSKI, aangebied is.³⁰ 'n Soortge-
lyke program is vir Saterdag 2 November beplan en albei die
aanbiedinge is gekenmerk deur 'packed houses and proved a
very considerable source of income'.³¹

Die pogings het, kenmerkend van aanbiedinge van dié aard - behalwe miskien vir die poging van die St. John-kerk in Mei - geringe musikale invloed uitgeoefen en was hoofsaaklik op vermaak gerig.

3.1.4 Stewiger inhoud ná swak verteenwoordiging van musiekitems 1908

In 1908 het musiekitems ook in die eerste sewe maande 'n ondergeskikte rol gespeel toe twee aanbiedinge, een op Vrydagaand 8 Mei en een op Maandagaand 6 Julie so met komiese en humoristiese sketse oorlaai was dat dit byna gelei het tot die totale verdringing van musiekitems.³²

Ná hierdie paar sukkelende pogings - uit 'n musikale oogpunt beskou - het verskeidenheidskonserte op 'n stewiger musikale vlak begin beweeg. Die nuwe neiging is ingelei deur 'n nuutgevonde minstrel-groep, die Alabama Coons, wat op Donderdag 17 September in die Katolieke-saal opgetree het.³³ Benewens die aantreklike bydraes van die groep is onder meer 'n Prelude van RACHMANINOFF en 'n banjo- en madolienkwartet met klavierbegeleiding aangehoor.

Twee opvolgende aanbiedinge, een op 30 September³⁴ en een op Donderdag 1 Oktober³⁵, het die potensiaal van die jong violiste, mej. Annie Snyman, ten toon gestel. Laasgenoemde aanbieding, wat in die Oddfellow-saal plaasgevind het, het bestaan uit vokale en instrumentale items, voordragte, aksieliedere, komiese liedere, mondfluitjie- en koorsang-items asook die violitem deur mej. Snyman wat RIECKEN se Souvenir de Lubeck, 'with an expression and technique simply marvellous' vertolk het.

3.1.5 Toetrede van ensembles 1909

Nieteenstaande die feit dat Entertainments in 1909 weer opmerklik afgeneem het, het die aanbiedinge 'n nuutgevonde varsheid uitgestraal, gekenmerk deur die sterk verteenwoordiging van ensembles.

So byvoorbeeld is 'n Grand Variety Concert wat op Woensdag-aand 20 Januarie 1909 in die stadsaal plaasgevind het, oorheers deur die prikkelende bydraes van die Beavan Banjo Band.³⁶

Nog 'n ensemble, die nuutgevonde Pierrot-geselskap, getitel die Juvenile Pierrots, het op Saterdag 20 Maart groot sukses behaal toe hulle in die Wesley-saal opgetree het met flinke ondersteuning deur die Beavan Banjo Troupe.³⁷

'n Ander aanbieding waarin ensembles opgeval het, was 'n poging deur die St. John-kerk op Woensdagaand 6 Oktober waar daar benewens die alomteenwoordige liedere en aksieliedere, ensembles in die vorm van klaviertrio's, klavierkwartette en kore opgetree het.³⁸

3.1.6 Toename in ernstiger items 1910

In 1910 het 'n aantal items van ernstiger aard in verskeidenheidskonserte voorgekom. Op 16 April het 'n aanbieding, afgesien van 'n dans-item en liedere van oppervlakkige aard, ook VIEUXTEMPS se vioolwerk Fantasie Appassionata bevat, en GOLTERMANN se Konsert no. 4 vir tjello.³⁹ Mnr. S Halse, wat die vioolwerk vertolk het, se skitterende spel is luid geapploudiseer.

Vioolspel van bo-gemiddelde gehalte was ook 'n kenmerk van 'n aanbieding wat op Woensdagaand 25 Mei deur die Duits-Lutherse gemeente behartig is.⁴⁰ Die violis signor Dirago se spel het egter nie onvoorwaardelike lof uitgelok nie. Hy is geloof as 'n 'brilliant instrumentalist', maar sy interpretasie is beskryf as:

colourless and expressionless ... with no change of tone throughout.

Daarbenewens het die gesiene Rein-susters, Hilda (klavier) en Elfie (viool), en mnr. R Rein (tjello) die aanbieding met 'n trio-item verryk. Boonop was mej. E Rein se voordrag van die lied Es war ein Traum uiters voortreflik.

Ten spyte van sy vertolkingsbeperkinge het signor Dirago weer op 8 September in die Oddfellow-saal opgetree en die volgende werke voorgespeel: Mazur van MYNARSKI, Hungarian Dances en Serenade van DRDLA.⁴¹

'n Vlugtige oorsig oor die aard en meriete van verskeidenheids-konserte gedurende die tydperk 1903 - 1910 toon dat musiek hoofsaaklik 'n ondergeskikte rol gespeel het en dat hierdie konserte beslis nie die platform vir musikale verryking was nie. Die enkele opflikkerings wat wel by wyse van ernstiger items voorgekom het, het die prentjie effe rooskleuriger gemaak, maar in sy geheel beoordeel het musiek nie 'n primêre, leidende funksie beklee nie.

3.2 Stimulering ten spyte van verval 1911 - 1913

Ten spyte van die feit dat vaudevilles vanaf 1911 die plaaslike toneel oorheers het - konserte en gewyde konserte het dié feit duidelik uitgewys (kyk Deel II, pp. 280-282 en 314-318) het verskeidenheidskonserte tog in 'n beduidende mate konstruktiewe tendense gedurende die tydperk 1911 - 1914 openbaar.

3.2.1 Opvallende uiteenlopendheid

Vier aanbiedinge van uiteenlopende kwaliteit en inhoud het die verskeidenheids-platvorm in 1911 versier.

Ten bate van fondse vir die St. John-kerk, sou 'n Musical Vivants Tableau op Dinsdagaand 9 Mei 1911 in die drilsaal plaasvind.⁴² Nuuskierigheid het die Daily Dispatch genoodsaak om die aard van die aanbieding helderder te omskryf:

They have not, as overheard in the tram car, the other day, anything to do with the bioscope. The pretty scheme of musical tableaux vivants is as follows: a song is sung, such as Twickenham Ferry. During its progress the curtain rises and falls showing artistic pictures, composed of groups of people representing the various characters and scenes in the song. Lights and scenic effects play a large part in this novel idea.

Nie minder nie as dertien tablo's is met klinkende sukses deurgevoer en onomwonde is verklaar dat die aanbieding die

beste van sy soort was wat nog in Oos-Londen opgevoer is.⁴³ Verskeie van die tablo's het met liedere gepaard gegaan, 'but as the audience could not be restrained from breaking into applause as the curtain fell on each scene, it came somewhat hard on the vocalists, whose voices were completely drowned at intervals'. Franz Moeller se orkesklas was ook teenwoordig en het die program verder verlewendig deur die uitvoer van 'n aantal werke, naamlik 'n mars, 'n wals, 'n idille, en 'n novelette terwyl liedere deur 'n aantal amateurs vir verdere verskeidenheid verantwoordelik was.

Liedere het die botoon gevoer in 'n aanbieding wat op Woensdagaand 12 Julie in die Victoria-saal aangebied is.⁴⁴ Net soos in die geval van die eerste aanbieding wat in 1911 plaasgevind het, was dit 'n ensemble wat elasticiteit aan die program verleen het, in hierdie geval die Excelsior Male Voice Party, wat boeiëndvertoon het in die 'old timer' Johnny Smoker, en dit opgevolg het met die werk Allan Water. Benevens die vermelde items het 'n mej. Iles, ARCM, 'n besoekster van die binneland af, die gehoor groot genoegdoening verskaf met haar puik vioolsolo's.

'n Aanbieding van beduidend bo-gemiddelde meriete, het op Saterdagdagaand 30 September in die Our Lady-saal plaasgevind.⁴⁵ 'n Klein dog effektiewe orkessie het beide helftes van die program geopen, terwyl die vokale soliste mev. D A McCallum en A M Thomson hoë lof ingeoes het. 'n Sekstet bestaande uit drie mans en drie vroue het Tell me Pretty Maiden gesing, gevolg deur 'n puik vertoning van die Orpheus-kwartet. Benevens verskeie ander vokale items het 'n mnr. Wolstenholme sy eerste buiging voor die klavier gemaak met 'n parafrase van NEVIN se praglied The Rosary.

Die wydverspreide aanbiedinge in 1911 op verskeidenheidsvlak is op Woensdagaand 13 Desember met 'n Christmas Cheer Fund Concert in die drilsaal afgesluit toe sketse, liedere en 'n klaviersolo groot aftrek geniet het.⁴⁶ Mnr. A Adamson het die gehoor verras deur CHOPIN se Polonaise in A majeure uit die hoof te speel.

Die toetrede van 'n hele aantal vokale ensemble-groepe, asook 'n paar baie goeie instrumentale bydraes, was belangrike faktore in die verbreding en opbouing van verskeidenheids-aanbiedinge in 1911.

3.2.2 Vooruitgang ten spyte van vaudevilles 1912 - 1913

Nieteenstaande die oorheersing op die plaaslike vermaaklikheidsfront deur die konstante vloei van vooraanstaande vaudeville-kunstenaars in bioskoopteaters⁴⁷, het Oos-Londen se plaaslike vermaaklikheidsbeoefenaars nie stilgesit nie, en het aanbiedinge verrassend 'n opwaartse neiging in kwaliteit en getal getoon. Daar het egter wel 'n klemverskuiwing plaasgevind in die sin dat baie van die inisiatief en gesedrif uit Cambridge-geledere afkomstig was, wat duidelik gewys het dat die vaudeville-aktiwiteite verdringing in Oos-Londen tot gevolg gehad het. Gelukkig is op die tendens, naamlik die invoeging van vokale ensembles, voortgebou.

Die Doraymees

Benewens talle vokale, instrumentale en voordrag-items, het 'n nuutgevonde 'select choral society' getiteld The Doraymees, op Woensdagaand 19 Maart in die Cambridge stadsaal glee en meerstemmige liedere aangebied.⁴⁸ Hierdie ensemble wat toegewyd aan hulle liedere gerepeteer het onder leiding van mnr. Jas Morgan en uit sestien gemengde stemme bestaan het, het 'n hoë gehalte gehandhaaf en afgesien van goedversorgde balans tussen die stemme, was die ineensmelting van die kontralto's en basse 'n opvallende kenmerk.⁴⁹ Mnr. Morgan se beheer oor die groep was beslis effektief en die wens is uitgespreek dat hulle ná hul geslaagde debuut sou voortgaan om vir toekomstige aanbiedinge beskikbaar te wees. 'n Verblydende teken was die aantal inwoners van Oos-Londen wat per trein vir die geleentheid afgereis het. Die program was:

Glee	<u>Hail Smiling Morn</u>	Koor
Lied	<u>Toilers of the Deep</u>	Mnr. Mills
Voordrag	<u>Fuzzy-Wuzzy</u>	Mnr. Stevenson
Meerstemmige liedere	<u>Love is meant to make us glad</u>	Koor
	<u>The two Roses</u>	Koor

Liedere	<u>Away to the Meadows</u>	Koor
	<u>The Trumpeter</u>	Mr. Morgan
	<u>Awake, Aeolian Lyre</u>	Koor
Voordrag	<u>Double Dutchman</u>	Mnr. Stevenson
Lied	<u>April Morn</u>	Mej. Green
Meerstemmige lied	<u>The Minstrel's Good Night</u>	Koor

Die Doraymees - wat deur 'n resensent bestempel is as 'n 'little semi-private choral society' - se tweede aanbieding het op Woensdagaand 24 April in die YMCA-saal plaasgevind en was weer eens 'n sukses.⁵⁰ Nog 'n slag is melding gemaak van die groep se voortreflike samesmelting van stemme en dit was in die besonder opmerklik in die 'slow and more congestic item', Awake Aeolian Lyre en I am a blossom. Beide hierdie werke het toegifte uitgelok. 'n Ander werk deur hulle voorgesing was The two Roses waar slegs mansstemme in die tweede helfte so oortuigend gesing het dat dit op aandrang van die gehoor herhaal is. Daarbenewens het mej. E en G Wells in 'n klavierduet, 'n verwerking van HAYDN se Simfonie no. 2 besonder voortreflik voorgedra 'despite an unexpected canine accompaniment'. Ter afsluiting is die hoop uitgespreek dat die sprankelende Doraymees nog vele male sou optree, maar 'n berig in April het gemeld dat die groep besluit het om hul kragte by die East London Choral Society te skaar.⁵¹

Aanbiedinge steeds verkwikkend

Die Cambridge-stadsaal was op Saterdag 8 Junie weer die fokuspunt toe 'n gevarieerde Entertainment ten bate van fondse vir die St. Mark-kerk aldaar aangebied is.⁵² Hierdie aanbieding is by uitnemendheid gekenmerk deur die dansvertonings van die leerlinge van mej. D Mattheus. Benewens verskeie vokale solo's is PINSUTI se Good Night Beloved deur 'n manskwartet voorgesing terwyl mnr. Hunter se aantal 'pathephone'-keurspele groot aftrek geniet het.

Die merkbare afplatting van aanbiedinge in die Oos-Londen-area was onteenseglik toe te skryf aan die professionele vaudeville-kunstenaars wat plaaslike inwoners teen lae koste in die

verskeie bioskoopteaters vermaak het. Tog het 'n vonkelende aanbieding ten bate van die Presbyterian Orphan Society, op Dinsdag 2 Julie voor 'n volgepakte drilsaal aftrek gekry.⁵³ Items het bestaan uit klavierduette, sang, kaarttoertjies, 'n 'drawing-room entertainment', 'n gewigoptelvertoning deur die YMCA-gimnastiekvereniging en 'n skreeusnaakse klugspel. Mrs. Willie's Will.

St. John Glee Party

Die verkwikking van koordeelname, wat deur die ontbinding van die belowende Doraymees 'n knou toegedien is, het gelukkig weer in Julie herlewing getoon toe 'n nuutgevonde groep van tien lede getiteld die St. John Glee Party op Woensdagaand 10 Julie in die Victoria-saal onder leiding van mnr. Wiggins opgetree het.⁵⁴ Dit het 'n welkome aanvulling gevorm by die alomteenwoordige sololiedere. Die groep het in hulle debuut-optrede vier liedere voorgesing wat deur keurige balansverhoudings gekenmerk is. Benewens talle liedere en voordragte het die program ook 'n instrumentale trio ingesluit.

Die St. John Glee Party, bestaande uit mejj. Amy Green, P Green, Phillips, jongehr. Phillips, mnre. Warman Bagg, Wedderburn, Burnell en Wallace, en mnr. en mev. Alex Thompson, almal onder die leiding van mnr. Wiggins (orrelis van die St. John-kerk), het op Woensdagaand 28 Augustus 'n uitblinkerkonsernt in Cambridge ten bate van die Rectory Repairs Fund of St. Mark's aangebied.⁵⁵ Deurgaans het die groep se sang bewondering afgedwing wat gedui het op sorgsame voorbereiding deur die dirigent. Hul items het bestaan uit In this hour of Softened Splendour (PINSUTI), Sleep Gentle Lady, Miller's Wooing ('n koraalballade van EATON FANING) en Good Night, good night, beloved (PINSUTI). Vokale solobydraes is deur lede van die groep gelewer waarvan mej. Green se vertolking van Should he Upbraid'the gem of the evening' was.

Mev. Ogilvie se pogings

Benewens die ontplooiing van groep-musisering het dansklasse stadig maar seker in Oos-Londen begin opgang maak. Afgesien

van mej. Matthews se leerlinge se poging in Julie, het die dansklas van mev. Ogilvie, 'n dame wat 'n reuse-bydrae tot liefdadigheidswerk tydens die Eerste Wêreldoorlog sou lewer, op Woensdagaand 2 Augustus met 'n uiters geslaagde vertoning van 'hops' in die drilsaal opgetree.⁵⁶ Bykans tweehonderd mense het die geleentheid ondersteun, waartydens mnr. Levy Howe se orkes ook opgetree het. Met haar aansteeklike inisiatief en ywer het mev. Ogilvie skielik ontluik as begeesterde leidster op vermaaklikheidsvlak en binne die bestek van slegs twee maande was sy vir nie minder nie as vyf aanbiedinge van gevarieerde aard verantwoordelik.

Haar leerlinge het op Donderdagaand 19 September agtien items, wat onder meer bestaan het uit klaviertrio's, duette, solo's, voordragte en sketse, in die Cambridge-stadsaal aangebied.⁵⁷ Uitstaande items was die vokale bydraes van mejj. Fox en Davis met onderskeidelik Your Eyes have Told Me So en Spring Tide, en die vioolspel van mej. Reed wat RIECKEN se Souvenir de Lubeck en VIEUXTEMPS se Yankee Doodle voorgespeel het. Op Woensdag 25 September het mev. Ogilvie se dansklas weer in die drilsaal aan die beurt gekom, weer eens bygestaan deur die dans-orke van Levy Howe.⁵⁸ Ten bate van fondse vir die Frere-hospitaal is die mooi bedrag van £26 13s 11d ingesamel.⁵⁹ Sy het haar liefdadigheidswerk onverstoord voortgesit en 'n suksesvolle aanbieding op Woensdagaand 16 Oktober ten bate van die Duits-Lutherse kerk in hul kerk-saal deur haar junior leerlinge van stapel gestuur.⁶⁰ 'n Verskeidenheidsryke instrumentale en vokale program sowel as voordragte en sketse is aangebied. In die daaropvolgende week was haar jonger leerlinge weer op die toneel toe 'n aanbieding ten bate van fondse vir die oprigting van 'n orrel vir weeklikse dienste by die hospitaal op 25 Oktober in die St. George-saal aangebied is.⁶¹ 'n Wyduiteenlopende program is aangebied waarvan die bydrae deur mej. Ethel Reed (viool) die hoogtepunt was, daar sy die gehoor getrakteer het op 'exceedingly well finished violin solos, which were vociferously encored'.

Musikaal beoordeel was mev. Ogilvie se uiters lofwaardige

pogings, naamlik die insameling van fondse vir liefdadigheid deur middel van die bekendstelling van talentvolle jongelui in vele aanbiedinge, lig en ontspanne en nie bo die gemiddelde nie. Dit het egter groot byval gevind en sy is met haar ywer gelukkig na afloop van 'n aanbieding op 1 November in die St. Peter-saal op die Wesbank ten bate van fondse vir die St. Andrew Presbyteriaanse kerk:

To bring forward such a large number of pupils and fit them so that they were able to perform so admirably and efficiently before a large audience, shows that Mrs. Ogilvie is gifted in a high degree and is musically apt to teach. Even little tots not many years removed from the cradle were flawless in their efforts to please.

Alhoewel hierdie aanbiedinge byna uitsluitlik deur jongelui aangebied is, was die pogings veral betekenisvol in dié sin dat verskeidenheidskonserte nie heeltemal deur vaudevilles verdring is nie.

Hertoetrede deur Doraymees

Die suksesvolle 'semi-private choral society', die Doraymees, het weer aktief geword en op Saterdag 30 November, St. Andrew-nag, in die Cambridge-stadsaal opgetree.⁶³ Hul klankryke, sonore sang was in al hulle madrigale, meerstemmige liedere en kore bo verdenking, en The Village Blacksmith is uitgesonder as die mees uitstaande item. Aanvullende items was die vioolspel van mej. Ethel Reed, 'a mistress of the fiddle', 'n vokale duet Dear love of Mine, 'n vokale kwartet, en die meerstemmige liedere Arabella en Maidens Listen, gesing deur die mans.

Hierdie ensemble het sy geslaagde aanbieding met nóg 'n klinke sukses op Donderdag 12 Desember in die Wesley-saal opgevolg. Dié aanbieding is as 'something of a revelation' bestempel.⁶⁴ Die koor se uitmuntende lig- en skadu-effekte, aanslag, intonasie, balans, vonkel en blitssnelle reaksie op die aanwysings van die dirigent, het op 'n feestelike klankervaring uitgeloop. Onder meer is The Village Blacksmith as 'n solo en die Neurie-koor van WEISS sowel as die Bruids-koor uit COWEN se Rose Maiden voorgesing. Benewens vokale

kwartette, duette en voordragte, het mej. F Reed die program met twee uiters flinke vertolkings van DE BERIOT se Konsert no. 7 en QUARTERMANN se Mazurka uitgebrei.

Dus, oorsigtelik beskou het verskeidenheidskonserte in 1912 te midde van die drukke vaudeville-aktiwiteite, tog vooruitgang getoon en was die kwantitatiewe bydraes van mev. Ogilvie en die kwalitatiewe bydraes van die Doraymees opbeurende faktore.

'n Potpourri 1913

Vermaaklikheidsaktiwiteite is in 1913 deur 'n potpourri van konserte gekenmerk.

'n Karnaval wat vir Dinsdagaand 31 Desember 1912 beoog was maar weens ongure weer uitgestel is, is met groot sukses op Donderdagaand 2 Januarie 1913 op die ontspanningsterrein deurgevoer.⁶⁵ Kleurryke tablo's, keurspele deur die Bedford-blaasorkes, allerlei dansvertonings, kooritems waaronder die Halleluja-koor, 'n 'battle of confetti' en aanskoulike vuurwerkvertonings was bestanddele van die luisterryke geleentheid. Onder meer is 'n 'vast-trap' gedoen wat die volgende kommentaar uitgelok het:

The Vast-Trap was performed by a number of nondescript characters who provided much amusement by their antics, but had not much idea of what may be called the Hottentot's national dance. Their performance, to the music of a guitar and concertina, was more of the nature of what is known as a 'kop en pootjies' dance.

Benewens bostaande geleentheid, wat eintlik maar net 'n heerlike potpourri van ontspanning en vermaak was, het slegs een verskeidenheidskonsert in die daaropvolgende ses maande voorgekom, maar gelukkig het die poging meriete bevat. 'n Grand Patriotic Concert ten bate van die plaaslike Boy Scouts op Saterdag 31 Mei in die stadsaal⁶⁶, het naas talle liedere, voordragte, tablo's en sketse, bestaan uit 'n strykkorkes van ses en dertig lede onder leiding van signor Dirago. Onder meer is 'n keurspel uit Faust en keurspele uit die marsmusiek van SOUSA voorgespeel.

In die laaste ses maande van 1913 het mev. Ogilvie weer op die toneel verskyn en in Julie konserte met die hulp van haar leerlinge aangebied.⁶⁷ 'n Sanggroep van ses lede, drie dames en drie here, genoem The Merry Smilers⁶⁸, het in Augustus opgetree, en nog 'n ensemble-groep, Die Lyronne-orkes, in Desember⁶⁹. Die Merry Smilers se debuutoptrede op Dinsdagaand 5 Augustus het uit solo- en koorbydraes bestaan en 'quite a furor' tot gevolg gehad.

3.3. Samevatting

Weens die feit dat verskeidenheidskonserte so 'n plooibare medium was wat hoofsaaklik daarop ingestel was om die publiek te vermaak met komedies, humoristiese items, populêre liedere en dies meer, het musiek as kultuurverrykende medium 'n ondergeskikte rol vervul.

Enkele musikale ligpunte is wel waarneembaar. Talle vokale en instrumentale ensembles het van die platform gebruik gemaak om hulle talente bekend te stel, byvoorbeeld die suksesvolle Excelsior Male Voice Party, kwartetgroepe, die Beavan Banjo Band en die drie sanggroepe naamlik die St. John Glee Party, die Doraymees en die Merry Smilers. Ver- al laasgenoemde drie groepe het met puik vertonings vorendag gekom en aan verskeidenheidskonserte se musikale aspek waardigheid verleen. Nog 'n ligpuntjie was die sporadiese insluiting van items van ernstiger aard wat sodoende die wankelrige musikale sy van die aanbiedinge verstewig het.

Wat verskeidenheidskonserte met konserte en gewyde konserte in gemeen gehad het, was die feit dat al drie soorte mank gegaan het aan momentum. 'n Gemiddelde van slegs drie tot vier aanbiedinge per jaar het voorgekom en aangesien die aanbiedinge deur lang tussenposes geskei is (behalwe vir mev. Ogilvie se pogings) was die uitwerking daarvan minimaal.

In sy geheel gesien dus het verskeidenheidskonserte gedurende die tydperk 1903 - 1913 nie noemenswaardige invloed op die musieklewe van die dorp uitgeoefen nie.

3.4 Verskeidenheidskonserte op kleiner skaal

Sekere verskeidenheidskonserte, soos Smoking Concerts en aanbiedinge geloods deur welsyn- en christelike organisasies, het op 'n kleiner skaal fungeer, met die gevolg dat die musikale invloed maar gering was. Gedetailleerde kommentaar is dus oorbodig.

Smoking Concerts

Instrumentale items verleen verskeidenheid

Die uitgelate, ongekunstelde aard van Smoking Concerts was, soos reeds gemeld (kyk Deel I, p. 92), hoofsaaklik geskoei op liedere van komiese en sekulêre aard waarby net die sterkere geslag betrek is. Gelukkig het die sporadiese invoeging van klavier-, mandolien- en banjo-items groter verskeidenheid verleen.

So byvoorbeeld kon 'n aanbieding in Maart 1903 spog met mandolienbegeleiding by die lied Spanish Ballad⁷⁰, terwyl 'n aanbieding in September kornet- en klaviersolo's ingesluit het.⁷¹ 'n Besliste hoogtepunt in die genre was 'n Grand Vocal and Instrumental Concert wat op Saterdag 31 Oktober in die King's Hotel plaasgevind het 'to celebrate the inauguration of the Grand Dining Hall'.⁷² Driehonderd mense was teenwoordig om 'n aantreklike en gevarieerde program aan te hoor.

In die daaropvolgende jare het Smoking Concerts slegs sporadies voorgekom. Sommige sulke geleenthede word aangrensend genoem.

Afgesien van die gebruikelike beoefening van vokale en instrumentale items het 'n aanbieding wat op 2 Februarie 1904 in die King's Hotel plaasgevind het, ook 'n 'exhibition of weight lifting by the strong man Apollo the Greek' ingesluit⁷³, terwyl 'n uitspattige aanbieding op Donderdag 11 Januarie 1906 by die Savoy Hotel aangevul is deur 'Indian clubs' en 'punching the ball'.⁷⁴ Puik vertonings was 'n kenmerk van 'n reeks

Smoking Concerts wat in November en Desember 1906 in Meyers se Railway Hotel aangebied is.⁷⁵ Die vierde aanbieding in die reeks wat op Vrydag 7 Desember aldaar plaasgevind het, is beskryf as 'quite up to Johannesburg Empire form', en op Donderdag 20 Desember het die reeks uitgeloop op 'n Grand Amateur Singing Competition Comic and Otherwise. Trots is gerapporteer dat die kompetisie vyf man opgelewer het 'who could certainly compete successfully with a lot of the professional talent that has been appearing in the Fighting Port during the last few weeks'. Ene James Keane het die eerste prys met twee komiese liedere ingepalm, gevolg deur mnr. Mahony, Kilpatrick, Primmer en Goodall.

International Order of Good Templars

Onopgesmuktheid en spontaneïteit was die kenmerke van musiek-items wat ingesluit is ter verryking van die talryke konsert-aanbiedinge/vergaderings van die verskillende losies van die International Order of Good Templars. Nieteenstaande die feit dat items in 'n gees van welwillendheid en gemoedelikheid aangebied is, en meriete nie vooropgestel is nie, het dit tog die bereidwilligheid van 'n ieder en elk wat enigszins oor musikale vermoëns beskik het, getoon en na vore gebring. Enkele aanbiedinge - in hierdie geval slegs konserte - geneem uit die jare 1903 en 1905, is genoegsame bewys hiervan aangesien alle ander geleenthede soos vergaderings identiese bestanddele en kenmerke getoon het.

In Aprilmaand 1903 het die Star of the Buffalo Lodge No. 18 'n konsert in die Good Templar-saal aangebied, waartydens liedere, komiese liedere, klaviersolo's, banjosolo's, vokale duette, voordragte, asook 'n mandoliensolo aangehoor is.⁷⁶

In Junie het dié einste losie hulle negende en twintigste herdenkingsjaar met 'n funksie in bovermelde saal gevier met klaviersolo's, liedere, 'n vioolsolo, 'n viool- en akkordeon-duet, duette en voordragte as deel van die geleentheid.⁷⁷

(Werke is selde of ooit gespesifiseer.)

Onder die beskerming van die sambreelorganisasie, (International Order of Good Templars) van Dos-Londen is 'n 'excellent concert' op Saterdag 3 Oktober in die Good Templar-saal gehou.⁷⁸ Items het onder meer ingesluit: 'n mars vir piccolo en klavier, 'n mars vir viool en klavier, liedere, liedere met banjobegeleiding, 'n aantal keurspele voorgespeel op 'n gramofoon, en 'n banjosolo.

Hierdie ryke vermenging van instrumentale- en vokale items het in 1905 voortgeduur. So byvoorbeeld het die Record Reign Lodge no. 91 in Februarie 'n aanbieding geloods wat bestaan het uit klavierduette, liedere, voordragte en viool- en klaviersolo's⁸⁰, terwyl die program van die Advance Lodge no. 95 in Maart deur die insluiting van 'n vokale kwartet Good Night versier is⁸¹. Opvolgende aanbiedinge deur verskillende losies van die sambreelliggaam het met soortgelyke pogings vorendag gekom.⁸²

Young Men's Christian Association

Musisering in die Christelike organisasie die Young Men's Christian Association, het nie so 'n integrale deel van hulle aktiwiteite uitgemaak soos in die geval van die International Order of Good Templars nie. Tog het enkele aanbiedinge noemenswaardige items bevat.

So byvoorbeeld is die program wat gelewer is tydens die organisasie se amptelike opening op 20 Januarie 1904 in die Homan-saal versier deur die invoeging van CHOPIN se Scherzo no. 2 wat sekerlik 'n wenkbrou of twee laat lig het.⁸³

'n Konsert van 'n 'very high standard' wat die organisasie in Oktober 1906 gereël het, het ook items van 'n ernstiger aard bevat:⁸⁴ mnre. Moeller, B Rein, W Rein en Bennett het MOZART se Strykkwartet no. 1 (Deel II) uitgevoer, mej. Myra Mills CHOPIN se Polonaise in A-mol majeur op. 53, en Franz Moeller se orkesklas WAGNER se Grand March uit Tannhäuser.

Die yle paar aanbiedinge wat in 1907 onder hulle vaandel plaasgevind het, het steeds van keurige oordeel getuig. Op Saterdag 24 Augustus is grammofoonplate voorgespeel, wat keurspele

uit die Elijah, asook verskeie uitnemende liedere bevat het soos vertolk deur Melba, Caruso, mej. Perceval Allen, Harrison en andere⁸⁵, terwyl 'n 'high class concert' op Saterdag 14 Desember in die YMCA-saal weer uit populêre liedere bestaan het.⁸⁶

3.5 Verskeidenheidskonserte in Cambridge

Cambridge was 'n afsonderlike munisipaliteit ongeveer tien kilometer van die sentrum van Oos-Londen af. Dit was moeilik bereikbaar (slegs per trein), en nog 'n nedersettinkie in sy kinderskoene. Hierdeur is dit op velerlei terreine gekortwiek, maar het tóg sporadies tekens van lewe op musikale vlak openbaar.

Verbreding na aanvanklike enge samestellings

Aanvanklik het aanbiedinge min musiek ingesluit, hoogstens enkele liedere.⁸⁷

Dié beperkte soort program is aan die einde van April 1905 verbreed toe die Cambridge Cricket Club 'n Grand Complimentary Concert ter ere van die burgemeester van Cambridge, mnr. Griffin, in die stadsaal van Cambridge aangebied het.⁸⁸ Benewens die alomteenwoordigheid van liedere is 'n klavierkeurspel, 'n violsolo Mazurka van WIENIAWSKI, optredes deur die Beavan Banjo Troupe en die Orpheus Quartette, asook 'n komiese operette The Blind Beggars aangebied. Ander aanbiedinge het voorgekom in Oktober en Desember 1905.⁸⁹

'n Aanbieding op Woensdagaand 6 Februarie 1907 het die welkome toename in verskeidenheid beklemtoon toe van Oos-Londen se voorste amateurs meegedoen het aan 'n program waarvan die items beskryf is as 'well above average merit'.⁹⁰ Uitstaande items was 'n sekstet Ave Maria met 'n instrumentasie van viole, tjello en klavier, uitgevoer deur mejj. Rein en mnre. W en B Rein en Moeller, meerstemmige liedere deur die Pierrots en Pierettes, en liedere deur mejj. Cuthbert en Billingham.

Alhoewel aanbiedinge in 1908 uiters sporadies voorgekom het, was dieselfde verskeidenheid wat 1907 gekenmerk het nog steeds

aanwesig. 'n 'Splendid entertainment' wat op Donderdag 27 Februarie 1908 in die stadsaal van Cambridge plaasgevind het, het die volgende inhoud bevat:⁹¹ 'n klaviersolo Polnische Nationaltänze no. 7 van XAVER SCARWENKA deur mnr. Bullock ('compelled to respond to a vociferous encore'), 'n lied Bedouin Love Song deur mnr. F Dickerson ('loudly applauded'), 'n lied Dry Those Tears deur mev. Logan ('beautiful and sympathetic voice'), en die liedere Link Divine en Deathless Army gesing deur mev. Davidson en mnr. Dickerson. In die tweede helfte het mev. en mej. Cuthbert die program verder gevoer met 'n 'bright' klavierduet, wat deur 'n klugspel Who's to win Him opgevolg is.

Die herkonstruksie van die Cambridge-stadsaal het dit vir die publiek 'n meer toeganklike vergadersaal gemaak en die uitskakeling van uifers ongerieflike sitplekke bewerkstellig.⁹² Hierdie welkome veranderinge is op Woensdagaand 4 November benut toe 'n genotvolle potpourri-program ten bate van die Cambridge Recreation Club daar aangebied is. Dit het bestaan uit liedere (ernstig en komies), instrumentale items (klavier, viool, mandolien en banjo), 'club-swinging' en 'n sekere prof. Cherry-Whisky wat as 'n uitbeelding en buikspreker opgetree het.

Nog 'n noemenswaardige poging was die optrede deur die Cambridge Amateur Christy Minstrel Troupe wat op Woensdagaand 11 November toehoorders op verskeie lied- en kooritems getrekteer het, terwyl die tweede helfte deur 'n banjo-kwartet, 'n karakterlied, 'n 'humorous stump speech', 'n 'pathetic plantation sketch' en 'n 'screamingly funny negro absurdity', The Huckleberry Wedding, in beslag geneem is.⁹³

'n Beduidende hoogtepunt in die musiek-aktiwiteite van Cambridge was die jaarlikse Entertainment van die Cambridge-skoliere op Woensdagaand 1910 in die stadsaal. Die juniorleerlinge het die musiekblyspel Cinderella, en seniors The Bohemian Girl soos aangepas vir hoërskoolleerlinge, aangebied.⁹⁴ Laasgenoemde produksie is gedra deur mej. Bertha Hey⁹⁵, wat benewens haar eie betowerende vokale optredes, ook nog waardevolle steun aan die koor verleen het. Die aanbieding is op

Saterdag 30 Julie in dieselfde saal herhaal.⁹⁶

Weens die koms van bioskoopteaters en die gepaardgaande vaudevilles in 1911, het verskeidenheidskonserte in Oos-Londen self 'n armoedige tydperk beleef (kyk Deel II, p. 337). Dit het 'n klemverskuiwing meegebring in die sin dat verskeidenheidskonserte nou in die Cambridge-area meer aftrek gekry het as in Oos-Londen. Ter wille van 'n hegter historiese oorsig sorteer Cambridge-aanbiedinge vanaf 1911 onder Verskeidenheidskonserte.

3.6 Seamen's Institute

Stimulus vir besoekende seelui en plaaslike amateurs

Besoekende seelui se verblyf in Oos-Londen is by talle geleenthede opgevrolk deur programme wat die verantwoordelikheid van ywerige plaaslike amateurs was. In baie gevalle het bemanningslede van die skepe ook deelgeneem.

So byvoorbeeld was die ruimte van die Seamen's Institute op 14 Mei 1906 'severely taxed' toe 'n groep Skandinawiese, Duitse en Britse matrose daar vergader het vir 'n Musical Evening.⁸⁷ 'n Uiters veelsydige program is aangebied: liedere soos Maid of Malahor, Jerusalem, Good Company en They all love Jack, siter-, banjo- en mandoliensolo's, asook 'club-swinging'-items. Plaaslike amateurs het die grootste bydrae gelewer, maar verskeie lede van die skip die Gasson het ook deelgeneem.

Die tendens dat besoekende bemanningslede ook opgetree het, het toegeneem, en 'n hele aantal aanbiedinge in 1907 was uitsluitlik net om die skeepslui se items gekonstrueer. 'n Voorbeeld van so 'n aanbieding het op Vrydagaand 5 April voorgekom toe die bemanning van die Pelorus 'n program van uitgelate liedere en voordragte aangebied het.⁹⁸ Dit is deur aanbiedings van lede van die SS German op Donderdag 15 Augustus⁹⁹ en SS Gaika op Woensdag 11 September¹⁰⁰ gevolg. Die Seamengebou, beskryf as 'n 'unpretentious wood and iron building' wat met 'some expert manipulation' 'n honderd persone kon huisves, was op dié Woensdagaand met vyf en tagtig aanwesiges

gevol, hoofsaaklik 'crews with a sprinkling of officers from three steamers in port'. Hulle het daardie eiesoortige entoesiasme openbaar waarvoor hulle bekend was, 'and for behaviour and appreciation it would be difficult to find their equal'.

Aanbiedinge het in 1908 steeds die kenmerke van spontaneïteit en ongekonsteldheid gedra en dit was veral die bemanning van die SS Galeka en 'n groot gesamentlike poging in die stadsaal in Mei wat aandag getrek het.

Ter verstewiging van fondse vir die Seamen's Institute is 'n ambisieuse poging op Saterdag 23 Mei 1908 van stapel gestuur, toe 'n Grand Miscellaneous Entertainment eers in die vierkant en daarna in die stadsaal aangebied is.¹⁰¹ Die eerste van drie afsonderlike aanbiedinge in die stadsaal self was die opvoering deur mnr. Ernest Wright se Pierrots (vier vokaliste) wat die gehoor lustig op liedere, duette en kwartette getrekteer het. Daarna het die Cambridge Amateur-geselskap die toneelwerk Ici on Parle Francois opgevoer, gevolg deur 'n ballade-konsert waaraan die sangeresse mejj. Horwight, Hector en Ballantine, afgewissel deur 'n instrumentale trio bestaande uit mej. Rein en mnr. F Moeller en B Rein deelgeneem het. Gedurende die onderbrekings tussen die aanbiedinge, het Franz Moeller se orkes-ensemble verskeie keurspele in die vierkant voorgespeel naamlik Maritana, Hungarian Dance van BEA, Laughing Scottische, Grand Concert Galop, The Steeple Chase, en 'n potpourri van airs uit welbekende Duitse operettes.

Buiten hierdie prysenswaardige poging het die bemanning van die SS Galeka op Woensdagaand 6 Mei¹⁰² en Woensdagaand 12 Augustus¹⁰³ by die Seamen's Institute opgetree waar die onderstaande program van laasgenoemde konsert 'n goeie weer-spieëling was van die ongekonstelde, spontane aard en atmosfeer van aanbiedinge gelewer deur seelui:

Klaviersolo	<u>Il Trovatore</u>	Mnr. Balding
Lied	<u>Flight of Ages</u>	Mnr. Patson
Club swinging en ball punch- ing		Mnr. Blatchley en Green
Negerlied	<u>If I had a pal like you</u>	Mnr. E Stimpson
Komiese lied	<u>There's another one out of work</u>	Mnr. T Patrick

Beskrywende lied	<u>Across the bridge</u>	Mnr. Philpot
Lied	<u>Eileen Alannah</u>	Mnr. Wickens
Komiese lied	<u>I was off</u>	Mnr. McDonald
Lied	<u>Sing me to sleep</u>	Mnr. Barnes
Marienelied	<u>We are the boys of the Castle Line</u>	Mnr. Patrick en geselskap
Klaviersolo	<u>Poet and Peasant</u>	Mnr. Balding
Skets	<u>Mishap of Motoring</u>	Mnr. Patrick (Skrywer)
Lied	<u>Just as the sun went down</u>	Mnr. Lockwood
Beskrywende lied	<u>Dreams</u>	Mnr. Philpot
Double Turn	<u>Minstrel-keurspel</u>	Mnre. Blatchley en Green
Komiese lied	<u>Catch of the season</u>	Mnr. Patrick
Lied	<u>Love me and the world is mine</u>	Mnr. Patston
Negerliedere	<u>Sue, Sue, Sue</u>	Mnr. Stimpson
	<u>Grandfather's Clock</u>	Mnr. McDonald
Lied	<u>Rainbow</u>	Mnr. Barnes

Nog 'n interessante aanbieding ten behoewe van die Seamen's Institute het op Dinsdagaand 10 November in die stadsaal plaasgevind toe 'n program wat bestempel is as 'quite out of the ordinary run of concerts as they are known in East London', aangebied is.¹⁰⁴ Hierdie aanbieding is verryk deur onder andere die teenwoordigheid van Franz Moeller se orkes en 'n instrumentale trio bestaande uit mejj. Rein en mnr. Rein.

Dit wil dus voorkom asof aanbiedinge rondom die Seamen's Institute 'n positiewe invloed na albei kante toe, wat besoekende sowel as plaaslike toehoorders en beoefenaars betref, bewerkstellig het. Nie alleen was die aanbiedinge wat deur besoekers behartig is 'n vars briesie in Oos-Londen se valerige musikale milieu nie, maar het die teenwoordigheid van besoekende seelui weer op sy beurt plaaslike amateurs tot optrede aangespoor.

Toename in aanbiedinge

Na 'n afname in deelname deur skeepslui by die instituut in 1909, het toenemende skeepsaktiwiteite vanaf 1910 gelei tot

'n opbloeï in die musieksfeer.

Op Woensdagaand 6 April 1910 was die entoesiame by die insti-
tuut groot toe nie minder nie as vier stoomskepe en twee seil-
skepe asook plaaslike amateurs by 'n aanbieding betrokke was.¹⁰⁵

Hierdie geleentheid, wat aanbiedinge van hierdie soort ten
beste verteenwoordig het, se verloop word hier volledig weergee:

The entertainments arranged by various ladies of the town
at the Seamen's Institute are invariably popular with the
jolly and if even one vessel is berthed in the harbour, a
large and appreciative audience is assured. Small wonder,
then that with four steamers and two sailors in the river
over a hundred were present last evening, and enjoyed tho-
roughly the efforts of local ladies and gentleman to enter-
tain them, several adding their quota and contributing in
no small degree to the success of the evening. Among these
were Messrs. Nicholson and Sherry, of the Canada Cape, and
Messrs. Kenwick and Bathgate, from the German, who contributed
the songs, while Mr. Little, also from the German, gave a
fine mandoline solo, which received a well-merited encore.
Among the locals were Misses. H Rein and Kathleen Stevenson
(piano solos), Messrs. B Rein ('cello solo) and W Fairbairn
(violin solo), Mr. G L Pike and Mrs. Wakefield (songs);
Miss. Gretchen Rein and Mr. A L (Taffy) Stevenson (recitation);
instrumental trios by Miss. H and Mr. B Rein and Mr. W Fairbairn;
dances by the Misses. Gertie and Dorothy Neale and Alice Cheshire,
and last but not least excellent coffee and cakes, provided
by Mrs. Rein. The men evidently fully appreciated the evening's
entertainment and showed their appreciation by carrying with
acclamation, a vote of thanks to their entertainers. The eve-
ning closed as usual with a short service conducted by the
lay reader to the institute, Mr. Smith.

Die daaropvolgende aand is 'n Entertainment Competition aange-
bied wat 'n groot toeloop geniet het - 'though the stuffiness
was almost unbearable' - waartydens 'n mnr. Roake, wat 'n kun-
stenaar 'with the bones' was, en 'n mnr. Bathgate van 'n Duitse
skip met die lied Play that melody again, die twee aangebode
pryse ingepalm het.¹⁰⁶

Vermaaklikheidsaanbiedinge het nou op 'n tweeweeklikse basis
fungeer en op Woensdag 20 April is 'n Entertainment Competition
aangebied, waarin mnr. Davis en Roake met die louere weggeloop
het: elkeen is met 'n pyp beloon.¹⁰⁷ Daarbenewens het die koor
van die Katolieke-kerk opgetree, aangevul deur vokale trio's,
duette, liedere, voordragte en klaviersolo's.

Opvolgende aanbiedinge in 1910 het gedui op die intense aktiwiteite by die instituut:

- Honderd en agt manne teenwoordig by 'n aanbieding deur die SS Garth Castle op Donderdag 5 Mei; ¹⁰⁸
- Plaaslike kunstenaars op Woensdagaand 1 Junie; ¹⁰⁹
- 'n Miscellaneous Concert op Saterdag 11 Junie in die vierkant van die stadsaal; ¹¹⁰
- 'n Konsert op Woensdagaand 15 Junie deur die bemanning van die SS Gaika, waar onder meer 'n orkes 'n aantal keur-sele voorgespeel het; ¹¹¹
- 'n Impromptu Social op Donderdagaand 7 Julie deur die bemanning van die Fort Salisbury waar onder meer klavier-, tjello-, liedere, voordrag- en grammofoon-items gelewer is; ¹¹²
- 'n Entertainment Competition tussen die bemanning van die Edinburgh en die Fort Salisbury op Woensdagaand 27 Julie, gereël deur die bemanning van die SS Garth Castle; ¹¹³
- Donderdagaand 25 Augustus, bemanning van die SS Remembrance en SS Galeka met die volgende plaaslike bystand: mejj. D Briscoe en Bloom (liedere), E Briscoe (tjello), en mnr. S Halse (viool), A L Stevenson (voordrag) en Robinson (liedere); ¹¹⁴
- Woensdagaand 19 Oktober, bemanning van die SS Garth Castle, asook 'n aantal plaaslike amateurs wat onder andere verteenwoordig is deur 'n tjellosolo van mnr. Rein en 'n instrumentale trio-item deur mej. Rein (klavier), en mnr. R Rein (tjello) en W Fairbairn (viool); ¹¹⁵
- Woensdagaand 16 November, bemanning van die SS Galeka, asook plaaslike amateurs; ¹¹⁶ en
- Donderdagaand 22 Desember, plaaslike amateurs. ¹¹⁷

Aktiwiteite in die instituut, wat ongetwyfeld 'n heerlike heenkome vir seelui gebied het, het dus aan die een kant gelei tot die deelname van besoekende amateurs aan aanbiedinge op die plaaslike front en aan die ander kant die bekendstelling van

plaaslike talent aan besoekers. Hierdie gesonde wisselwerking is geesdriftig in 1911 voortgesit en in April 1911 alleen het die geboutjie, wat maar slegs negentig mense in totaal kon huisves, seshonderd en vyftig seelui en plaaslike belangstellendes getrakteer¹¹⁸, 'n aanduiding dat die aanbiedinge besondere vergenoegdheid verskaf het.

Die ontoereikendheid van die gebou het daartoe gelei dat planne voorgelê is vir die oprigting van 'n nuwe gebou.¹¹⁹ Ten bate van fondse vir dié doel het die Variety Company van die SS Garth Castle op Woensdagaand 29 Junie 'n Miscellaneous Concert in die stadsaal aangebied, waarna die bedrag van £30 aan die instituut oorhandig kon word.¹²⁰ Ook ter verstewiging van fondse vir die oprigting van die nuwe gebou het die bemanning van die SS Grantully Castle op Woensdagaand 26 Julie in die drilsaal opgetree, waar die meeste items vokaal was - 'grave and gay, the shining light among the vocalists, from a musicians point of view, being Mr. F Gooch' wat met sy 'very sweet though not strong tenor voice' 'n toegif ingepalm het na die lewering van die lied The Flight of Ages.¹²¹ Ander genotvolle vokale items was: The Old Soldier, A B C, Salome, Polly Dolly, en The Stammering Sweetheart. Welkome afwisseling het in die vorm van 'n aantal mandoliensolo's geskied en 'n komiese klugspel The Biter Bit.

Op Vrydagmiddag 8 September het verheugde betrokkenes die openingsplegtigheid van die nuwe Seamen-gebou bygewoon wat die aand opgevolg is met 'n konsert deur die bemanning van die vlagskip HMS Hermes.¹²² Die program sou uit neëntien items bestaan maar dit het gedurende die verloop van die konsert feitlik verdubbel. Daar was 'n 'well balanced, well trained and able orchestra' van die skip, met 'n aantal eenvoudige keurspele, verder ook voordragte, sang, komiese sang, die 'whistling song' The Farmer's Boy, wat uiters beskrywend met kostumering, geweer, eiers, vere en dies meer uitgevoer is, 'club-swinging', 'n vokale kwartet met Simple Simon, Allan Water en Annie Laurie en 'n vertoning van 'n 'comic chair party'. Die sukses van die aanbieding het saamgehang met die klavierbegeleiding van mej. Hilda Rein wat 'exceptional ability' openbaar het.

Besoekende seelui en plaaslike amateurs het die nuwe gebou se geriewe ten volle benut en geen afname in die getal aanbiedinge is ondervind nie.¹²³ 'n Nuuswaardige konsert het op Vrydagaand 15 Desember plaasgevind toe die Garth Castle se Concert Party hulle nuutgevonde blaasensemble aan 'n entoesiastiese gehoor van bykans tweehonderd mense bekend gestel het.¹²⁴ Hierdie ensemble se bydrae was 'n uiters verdienstelike faktor in 'n program wat met 'an exhilarating swing from start to finish' deurgevoer is. Plaaslike bydraes wat opgeval het was die vokale bydraes van mev. Ehlers²⁵, mejj. Calderwood ('exceptionally beautiful mezzo-soprano voice')¹²⁶ en Watson¹²⁷ en die instrumentale bydraes van die Rein-familie.¹²⁸

Die aandoen van verskillende skepe by Oos-Londen se hawe, elk met sy eiesoortige talente, was verantwoordelik vir die feit dat die aanbiedinge nie in verskeidenheid en gehalte gestagneer het nie. Natuurlik het sommige skepe meer besoeke as ander afgelê, maar dit het nooit 'n patroon van eentonigheid in die hand gewerk nie.

'n Vlugtige oorsig oor 'n aantal aanbiedinge in 1913 en 1914 wys die plooibaarheid duidelik uit:

- Die HMS Pegasus het in September 1913 opgeval met hulle mandolien- en banjoduette;¹²⁹
- In November 1913 het die orkes van die SS Grantully Castle geïmponeer;¹³⁰
- In Februarie 1914 was dit die orkes van die SS German wat opgeval het;¹³¹
- Die SS Galician is in April 1914 gefelisiereer met hulle 'excellent band;¹³² en
- Afgesien van die feit dat die Goorkha, wat Oos-Londen in Mei 1914 besoek het, oor 'n goeie blaasorkes beskik het, het een van die bemanningslede ook nog 'n Nokturne van CHOPIN op die viool voorgespeel.¹³³

3.6.1 Samevatting

In sy geheel beoordeel het die aanbiedinge 'n belangrike vermaaklikheidsfunksie vervul. 'n Oorvloedige aanwesigheid van spontaneïteit, humor en talentvolle amateurs het die gehalte van die aanbiedinge, vermaaklikheids- en verskeidenheids- gewys beoordeel, betreklik hoog gehou. Die gesonde verstandhouding tussen plaaslike amateurs en besoekende seelui het 'n gunstige klimaat vir vermaak geskep en hulle gesamentlike pogings was verrykend vir alle betrokkenes.

4 VERENIGINGS 1904 - 1913

4.1 East London Choral Society 1904 - 1913

4.1.1 Herlewing van die East London Choral Society

Na die verbrokkeling van die koor- en orkesvereniging in 1897/98 (kyk Deel I, p. 140), het geen soortgelyke vereniging vir die volgende sewe jaar tot stand gekom nie. Dos-Londen se groei op kulturele en ekonomiese gebied na die Anglo-Boereoorlog het egter die moontlikheid vir die herinstelling van so 'n vereniging laat ontstaan.¹

Met die oog op 'n uitvoering van Die Messias in die laaste helfte van 1904, het mnr. Chapman die instudering van hierdie oratorium op Donderdagaande in die St. George-saal behartig waar tot soveel as 'n honderd mense die repetisiesessies bygewoon het.² Op grond van die genoemde belangstelling is aan mnr. Chapman gesuggereer:

with a nucleus such as this, why not re-construct and bring to life again an East London Choral Society? and what more fitting subject to inaugurate it with, than that grand old but ever new oratoria The Messiah, HANDEL'S masterpiece?

Mnr. Chapman het onmiddellik op hierdie voorstel gereageer, en kort daarna is 'n volle komitee met mnr. C G H Bell as president in die lewe geroep.³ Ter wille van billikheid teenoor diegene wat reeds hulle dienste aangemeld het, is besluit dat geen 'fresh voices' tot ná afloop van die Messias-uitvoering toegelaat sou word nie.

Repetisies van Die Messias het flink verloop⁴ en in September is aangekondig dat 'n koor van meer as 'n honderd stemme begelei deur 'n volle orkes, dié oratorium op 17 September in die stadsaal sou aanbied.⁵

'n 'Magnificent audience' het hierdie luisterryke gebeurtenis onder leiding van Chapman ervaar.⁶ Die soliste, almal plaaslike talent, was mev. Travers en mej. Hector wat die sopraanrol gedeel het, mej. Pape (kontralto) en mnre. Dickie

(tenoor) en F R Rayner (bas). Hulle is hoog aangeprys, terwyl die koor gelukkig is met hul goeie balans. Die kritikus het nie so gelukkig gevoel oor die orkes nie:

The orchestra, with the exception of the strings, might have been better and it was evident that there had not been sufficient combined practice. There was considerable raggedness about the overture, especially in the opening 'grave' movement. The Pastoral Symphony however, which in spite of its apparent simplicity is by no means an easy piece to perform satisfactorily, was beautifully rendered, the smoothness of the playing being noteworthy.

4.1.2 Voortsetting van aktiwiteite 1905-1906

Die werksaamhede van die herstigte East London Choral Society is in 1905 op Maandagaand 20 Februarie met 'n *Conversazione* in die St. George-saal ingelui, waar 'business and pleasure' gemeng is.⁷ 'n Baie skaflike, dog kort musikale dis is voorgesit waarna relevante inligting aangaande die koorvereniging bekend gemaak is. Aanwesiges is daarop gewys dat die inkomste gedurende 1904 £108 15s 9d beloop het, terwyl die uitgawes op £93 9s te staan gekom het. 'n Item wat gevoelige onkoste meegebring het, maar wat 'n waardevolle aanwinst tot die vereniging se aktiwiteite was, was 'n verhoog 'to accommodate the choir and orchestra'. Eenparig is besluit dat Chapman vir sy onbaatsugtige dienste vergoed moes word en 'n bedrag van tien ghienies is aan hom oorhandig. Inskrywingsfooie is op 5s vir mans en 2s 6d vir dames vasgestel, en daar is besluit dat alle oefensessies voortaan op Maandagaande in die St. George-saal sou plaasvind. Opvolgend is gerapporteer dat HAYDN se Die Skepping en SULLIVAN se On Shore and Sea op Saterdag 15 Julie, met 'n koor van eenhonderd lede, en 'n orkes onder leiding van mnr. Franz Moeller in die stadsaal uitgevoer sou word.⁸

'n Groot gehoor was teenwoordig en dit was duidelik dat die deeglike voorbereiding dividende afgewerp het.⁹ Die orkeslede is geprys vir hulle energieke ondersteuning, terwyl die koor hom baie goed van sy taak gekwyd het, behalwe dat die soprane nie die verlangde resonansie bereik het nie en dit wou voorkom asof daar 'n aantal 'passengers' teenwoordig was. Gelukkig het die plaaslike soliste, mev. Travers

(sopraan), mej. Norton (alt) en mnr. T M Gardner (tenoor) en C E Newton (bas), hul taak met onderskeiding volvoer.

Die koorvereniging het nie op sy louere gerus nie en op 17 November met die bystand van Suid-Afrika se voorste sangeres, mej. Ada Forrest, 'n boeiende vertolking van die gewyde kantate Una van GAUL aangebied.¹⁰ Die uitmuntende balans van die koor was een van die grootste bates van die aand. Daarbenewens het die plaaslike soliste, nl. mev. A Reid (alt) en mnr. Gardner (tenoor) en T M Maitland (bariton), en die orkes onder leiding van Franz Moeller voortreflike vertolkings gelewer.

Alhoewel die vereniging se optredes nie baie in getal was nie, het die enkele pogings van kwaliteit getuig. Beoordeel teen die agtergrond van Oos-Londen se stagnante musikale struktuur, het die vereniging dus 'n betekenisvolle funksie verrig.

Die jaarvergadering van die vereniging het op Woensdagaand 11 April 1906 in die St. George-saal onder voorsitterskap van die burgemeester plaasgevind.¹¹ Daar is met genoeg kennis geneem van die welslae wat die vereniging tot in daardie stadium behaal het, en die hoop is uitgespreek dat die ledetal van honderd en dertig lede verder sou uitbrei. Vir sy musikale kwaliteite en volgehoue betrokkenheid by die aktiwiteite van die vereniging is 'n goudgemonteerde dirigeerstokkie asook 'n bedrag van £10 aan mnr. Chapman oorhandig.

4.1.3 Gaskunstenars betrek

Gaskunstenars is vanaf 1906 betrek en dit het onmiddellik gelei tot 'n hoër standaard. Die optredes van die besoekende kunstenaars het sekerlik ook as aansporing gedien vir menige deelnemer en toehoorder.

In Augustus is berig dat HANDEL se Judas Maccabeus op 7 September uitgevoer sou word, en STAINER se Daughter of Jairus, verbind met 'n verskeidenheidsprogram, op

8 September.¹² Die beroemde sanger mnr. Charles Saunders - 'known as the king of oratoria singers' - sou in albei konserte optree. Voorts is bekend gemaak dat, benewens die program waarin die volledige teks van die oratorium vervat sou wees, 'each chorus and solo has a short introduction which serves to give a complete outline of the argument from beginning to end'. Gedurende die finale repetisie het die befaamde mnr. Saunders die koor en orkes geluk gewens met hulle deeglike instudering van die HANDEL-werk en 'n 'excellent performance' voorspel.

Mnr. Saunders se voorspelling is bewaarheid aangesien dié uitvoering van die vereniging as 'undoubtedly the best yet given' geklassifiseer is.¹³ Beide die koor en orkes het met 'vigour and intelligence' opgetree en daar was, soos gewoonlik, flinke reaksie op die leiding van Chapman. As solis het mnr. Saunders 'wonderful control' en 'perfect enunciation' openbaar, en grootliks bygedra tot die triomfantelike sukses wat behaal is. Die daaropvolgende aanbieding waarin STAINER se Daughter of Jairus opgevoer is, het ook geen musikale gebrek getoon nie en weer eens was die uitmuntende sang van die koor en die geïnspireerde spel van die orkes uitstaande kenmerke.¹⁴ Mnr. Saunders het geskitter in die solo My hope is in the Everlasting, terwyl die ander soliste, mej. Hector (sopraan) en mnr. W R Wightman (bas), eweneens baie goed gevaar het. In die tweede helfte het gewilde items die gehoor deurgaans in vervoering gehad.

Met reg kon hierdie twee aanbiedinge tot in dié stadium as hoogtepunte in Oos-Londen se musiekgeskiedenis beskou word, aangesien beide koor en orkes uitmuntende voordragte gelewer het en die besielende sang van een van die voorste oratoriumsangers in die wêreld te hoor was. Mnr. Chapman se leiding was uiteraard 'n waardevolle dryfveer agter die groot sukses van hierdie pogings, en sy waarde op die musiekplatform van Oos-Londen het steeds toegeneem.

In die daaropvolgende jaar het repetisies op Maandagaande tussen 19h45 en 21h30 plaasgevind, en onder die stok van mnr. Chapman is die twee gewilde oratoriums Die Messias en Elijah ingestudeer.¹⁵ Hierdie twee werke sou op 31 Augustus en 2 September in die stadsaal aangehoor word, waartydens van Brittanje se voorste sangers die solorolle sou vertolk, naamlik mej. Perceval Allen (sopraan) en mnre. Lloyd Chanders (tenoor) en Albert Archdeacon (bariton).¹⁶

Met genoegdoening is gerapporteer dat elke beskikbare sitplek in die stadsaal op Saterdag 31 Augustus gevul was toe Die Messias onder leiding van Chapman met uitnemende sukses uitgevoer is.¹⁷ Die twee inleidende paragrawe van die resensie het die vereniging se vordering en die meriete van hul vertolking van die oratorium beskryf:

The conductors and the members of the East London Choral Society have cause to congratulate themselves, not only on the success, from all points of view, of Saturday evening's concert, but also on the steady improvement shown from year to year since their first performance was given. This has been attained slowly by hard work and diligent application under the direction of a thorough and capable conductor, who refuses to be discouraged by the many difficulties and annoyances, not the least of which is irregular attendance at rehearsals that have to be encountered all the world over in 'choirs and places where they sing', and it may be added 'where they play'. The Society is now stronger numerically than it has ever been, and along with the improvement in quantity has come an improvement in quality. Three years ago the Messiah was performed by the Society, and since then it has given The Creation and Judas Maccabaeus, but Saturday's performances marked a decided advance on its previous efforts.

The chorus was stronger and was admirably balanced. On former occasions there has been a deficiency of altos, but this year they are strong in number and their quality is decidedly good. The tenors, though there are not too many, make themselves well heard and there seems to be no 'passengers' among them. The bass section, which at previous concerts was sometimes too powerful for the rest of the chorus, is just of the right strength, and the tone is rich. The sopranos are well represented and do their work most satisfactorily, the only defect - and on Saturday it was only noticable once or twice - being a weakness in the highest notes. Taken all round, the chorus is an excellent one. The members have evidently taken an intelligent interest in their work, and their performance shows unmistakable signs of careful and patient training. They take up their numbers well, and are perfectly in accord with the conductor. The orchestra, which might with advantage have been larger, did very creditable work, but would have done better with

more frequent rehearsals. No matter how well an instrumentalist fancies he knows his part, combined practice is essential to secure the best results. A good rendering of the overture was given, though a slight harshness in some of the strings was apparent. In the Pastoral Symphony, however, this was not noticable, and the requisite smoothness was imparted to the beautiful little intermezzo. The accompaniments generally were well rendered, those in one or two of the solos, notably O thou that tellest, and But who may abide, being however, a trifle too loud.

Al drie die besoekende sangers het hoë lof ingeoes. Nienteenstaande mej. Allen se ongesteldheid het sy sang van hoë gehalte gelewer, veral in I know that my Redeemer Liveth, terwyl mnr. Lloyd Chanders sy stem, wat 'great resonance and beauty' getoon het, effektief aangewend het. As 'n besitter van 'n stem 'free from all suspicion of harshness', het mnr. Archdeacon met 'great dramatic power' gesing en 'his rendering of the recitations alone was worth going a long way to hear'.

Die uitvoering van Elijah het ook groot sukses behaal en geen musiek liefhebber kon kla oor die gehalte van die twee aanbiedinge nie.

Dat hierdie jaarlikse pogings van die koorvereniging 'n belevens was, het niemand betwyfel nie, en dit was tog jammer dat die vereniging nie sy weg oopgesien het om meermalig in 'n jaar uitvoerings aan te bied nie.

Op 24 Julie 1908 is weer van die voortreflike dienste van mej. Perceval Allen en mnre. Archdeacon en William Green gebruik gemaak in 'n uitvoering van COLERIDGE TAYLOR se Hiawatha¹⁸, gevolg deur 'n Miscellaneous Concert op Saterdagdagaand 25 Julie waartydens die koor die volgende luimige werke gesing het: O Gladsome Light van SULLIVAN, When Hands Meet van PINSUTI, In this hour of softened Splendour en The Miller's Wooing, glee van FARRING, asook The Long Day Closes en 'n glee van SULLIVAN.¹⁹

In 1909 het die vereniging op 13 en 14 Augustus STANFORD se toonsetting van TENNYSON se ballade The Revenge met groot sukses uitgevoer.²⁰ Al die betrokkenes, waaronder die besoekende kunstenaars, mej. D'Argo en mnre. Chandos

en Archdeacon, is hoog aangeprys. Ongelukkig was die opkoms by die laaste opvoering swak.

Die koorvereniging se gebruik om uitsoekkunstenaars vir sy opvoerings te bekom, is deur 'n sekere Hannibal Ante Portas bevraagteken:²¹

The Choral Society's festival is now a matter of history. It was without doubt a musical treat, and Mr. Chapman is to be congratulated and commended for his untiring efforts in this direction. It is also to be hoped that it was a success financially. As I sat in the body of the Town Hall on Saturday evening and saw so many empty seats about the place, the few items of expenditure in connection with a previous festival, which at the request of Mr. Chapman appeared in a recent issue of your esteemed paper, came to my mind. One item I recollect was artistes' fees £125. I do not know, neither am I particularly anxious to find out, how much the 'principals' received for the two concerts on the 13th and 14th, but if one is to judge by the figures above mentioned, the amount must be considerable, and must have made a decent hole in the receipts. This amount, whatever it may be, ought to my opinion to go to those who have laboured so strenuously in the interest of the Society, that is to say, the Society itself should be the first people to benefit. Under existing conditions it appears the Society labours for the benefit of two or three.

Ene Chas Fordham het onmiddellik kopsie gemaak en onder meer geskryf:²²

Hannibal's grievance appears to be the payment of fees to principals, and he doubts very much the necessity of doing so. As I suppose he has been resident in the Fighting Port for some considerable time, and during that time, has doubtless kept his eyes well skinned, I presume it will be quite unnecessary to state that the reason for payments to principals in such concerts is because there is not the individual talent in the town available for such remarkable renderings given by the principals on Friday and Saturday last.

I have carefully perused Hannibal Ante Portas' letter, and quite fail to see any necessity whatever for its publication, being, as it is, an incipient attack upon the Choral Society, which I do not consider for one moment is deserving by the Society, after all the trouble and expense they have been put to, to provide for this excellent but amusementless town some kind of entertainment.

Daaropvolgend het albei die here weer skrywes aan die koerant gerig waarin elkeen sy standpunte verdedig het.²³ 'n Groot dosis van persoonlike gevoelens was by die polemieë betrokke.

Hannibal se betoginge ten spyt is vier oorsese sangers, naamlik mejj. Emily Breare (sopraan), Beatrice McCready (alt), en mnr. John Harrison (tenoor) en Hamilton Earle (bas) in 1910 uitgenooi toe die vereniging met behulp van 'n koor en orkes van honderd en vyftig lede onder leiding van Chapman, Die Messias op Donderdagaand 16 Junie voor 'n 'fairly numerous' gehoor in die stadsaal uitgevoer het.²⁴ Hulle inisiatief is as volg aangeprys:

It is greatly due to the Society and its annual musical festivals that East London audiences are able to appreciate good music, and show a nice discrimination of taste perhaps unusual in towns no larger than ours.

Die volgende aand is 'n Grand Ballad Concert met klinkende sukses aangebied, wat in teenstelling met die oratorium, oorweldigende ondersteuning geniet het.²⁵ Al die besoekende kunstenaars het gevestigde repertoire-liedere met oortuiging vertolk, terwyl Chapman se begaafdheid as dirigent onderstreep is.

Hierdie twee aanbiedinge sou, volgens die gebruik van die vereniging, nie die enigste wees nie en op Maandagaand 4 Julie is repetisies hervat met die oog op twee konserte in Augustus en die befaamde Engelse tenoor Charles Saunders as gaskunstenaar.²⁶ Berriggewing vooraf oor besoekende kunstenaars was 'n kenmerk van die Daily Dispatch, en die publiek is maande voor die eerste konsert al oor die buitengewone vermoëns en ongekende suksesse van die kunstenaars ingelig. Natuurlik was die berigte meerdoelig: 'n opregte poging tot die aanwakkering van musiekwaardering, 'n pleidooi om die konsert te ondersteun en 'n versekering aan die publiek dat die betrokke kunstenaars hoogstaande sou wees.

Die genoemde konserte het op 4 en 5 Augustus plaasgevind, met onder meer die volgende werke:²⁷ The Message, Sound an Alarm, Send me your Aid, Prelude to Pagliacci, The Trumpeter (almal liedere), Watchman, what of the Night, Humerus (tenoor en bariton), Excelsior (duet), March Militairé, Nocturne for the Left Hand (klavier), When Hands Meet en Choral Fantasia on National Airs (koorwerke). Albei die aanbiedinge

het wonderlike resultate opgelewer.

Nieteenstaande die feit dat die konserte onder die vaandel van die koorvereniging aangebied is, was daar geen betrokkenheid deur lede van die vereniging op die programme nie. Die gevaar daarvan om sukses só afhanklik van besoekende kunstenaars te maak is in 1911 blootgelê toe omstandighede besoekende kunstenaars verhinder het om na Suid-Afrika te kom, wat gelei het tot die afstelling van beplande konserte.

Die koorvereniging se afhanklikheid van besoekende kunstenaars is beklemtoon toe Chapman in April 1912 'n kabelgram uit Engeland ontvang het waarin hy meegedeel is dat mej. Emily Breare en mnr. Lloyd Chandos en Charles Knowles bereid was om aan konserte gereël deur die koorvereniging deel te neem.²⁸ Hiêrdie nuus het daartoe gelei dat repetisies op Maandag 22 April in die St. George-saal in Oxfordstraat hervat is. (In 1911 is daar slegs vanaf Maart tot aan die einde van Mei gerepeteer sonder dat enige aanbiedinge plaasgevind het.)²⁹ BENNETT se May Queen en HANDEL se Judas Maccabeus is ingestudeer met die oog op 'n uitvoering in Julie.³⁰

Op Dinsdagaand 30 Julie is die HANDEL-oratorium uitgevoer³¹, en op Woensdagaand 31 Julie BENNETT se 'bright little pastoral cantata' met Emily Breare in die hoofrol.³² Die tweede helfte van die laaste konsert was van 'n verskeidenheidsryke aard wat onder meer die duet A Night in Venice (LUCATONE) en die liedere Good-Bye (TOSTI) en Jewel Song (GOUNOD) ingesluit het.

In 1913 is die Elijah van MENDELSSOHN op Saterdag- 14 en Maandagaand 16 Junie in twee dele aangebied, aangevul deur ballades en liedere van populêre aard in die tweede helftes van albei aande.³³ Weer eens is gesiene Engelse kunstenaars ingespan om die hoofrolle te vertolk, naamlik mejj. E Triscott, J Ashley, en mnr. S Masters en C Knowles.

'n Volgepakte saal het die eerste aanbieding ondersteun en die koorvereniging is geluk gewens met die halvering van

die Elijah:

it not only lightens the labours of the choir and soloist, but relieves the audience of the strain of sitting out a lengthy composition.

In die geheel beoordeel was die uitvoering 'n 'unqualified success' en is Chapman geloof vir sy energieke, dinamiese leiding, terwyl die koor 'n lus vir die oor was. Die Priests of Baal-koor het besonder beïndruk, terwyl Charles Knowles in die leidende basrol met waardige meelewing dié veeleisende party in sy ryk baritonstem oorgedra het. Al die besoekende soliste het bygedra tot 'n artistieke ervaring en Moeller en sy 'excellent orchestra' is ook geesdriftig gekomplimenteer vir hulle bydrae. Liedere van WAGNER, en uittreksels uit sommige van sy bekendste operas is in die tweede helfte ingesluit: Lohengrin's Narration (mnr. Samuel Master), Schmerzen en Träume (mej. Joan Ashley), Hail Bright Abode-mars uit Tannhäuser (koorvereniging), asook Elizabeth's greeting (mej. Euneta Truscott) en O Star of Eve (mnr. Charles Knowles), albei uit Tannhäuser. Die volgende konsert het die resensent verstout om te verklaar:

at no previous festival has the East London Choral Society acquitted itself so well.

Koorwerke, liederes en kwartette van ligte aard is in die tweede helfte uitgevoer.

Die besoekende soliste het op Donderdag 10 Julie vir omlaas voor 'n 'really good house' in die stadsaal 'n ontspanne populêr-georiënteerde program aangebied.³⁴

Die ingrypende veranderde omstandighede wat die Eerste Wêreldoorlog in 1914 meegebring het, het natuurlik die bekikbaarheid van buitelandse kunstenaars bemoeilik. Die vereniging se afhanklikheid van gaskunstenaars asook die ontwrigting wat die oorlog op die plaaslike toneel meegebring het, was sekerlik die belangrikste oorsake waarom die koorvereniging ná 1913 nie meer fungeer het nie.

4.1.4 Samevatting

Onder die bekwame en inspirerende leiding van Chapman het die East London Choral Society gedurende die tydperk 1903 - 1913 baie goeie werk verrig.

Die vereniging se sukses het nie gelê in die hoeveelheid opvoerings wat aangebied is nie - as 'n reël het hoogstens twee konserte per jaar plaasgevind - maar in die feit dat werke van standaard-gehalte suksesvol deurgevoer is. So byvoorbeeld is die volgende oratoriums elk twee keer gedurende dié tydperk opgevoer: Die Messias, Elijah en Judas Maccabeus. Persverslae het deurgaans net die hoogste lof vir die aanbiedinge gehad terwyl twee gesiene gaskunstenaars, Chas Saunders en Albert Archdeacon nie nagelaat het om die goeie hoedanighede van die vereniging aan te prys nie. Ongetwyfeld het Chapman se leiding as dirigent vir die hele tydperk meegewerk tot 'n hegte verstandhouding tussen koor, orkes en dirigent, en in geen geringe mate nie het Chapman bygedra tot die sukses van die vereniging.

Beslis betekenisvol was die konstante deelname van gaskunstenaars vanaf 1906. Hulle aansien en bekwaamheid het sekerlik in menige opsig bygedra om die aanbiedinge se gehalte te verhoog. Nieteenstaande die feit dat die gaskunstenaars 'n positiewe invloed uitgeoefen het, was daar tog enkele nadele aan verbonde deurdat talentvolle plaaslike sangers nooit die geleentheid gegun is om hoofrolle te vertolk nie. Nog 'n remmende faktor was die feit dat die vereniging afhanklik van besoekende kunstenaars geraak het. Die feit is duidelik geïllustreer daardeur dat nie een optrede in 1911 plaasgevind het nie omdat buitelandse kunstenaars Oos-Londen nie daardie jaar besoek het nie.

4.2 East London Orchestral Society 1905

4.2.1 Geen ontplooiing

In Desember 1905 is gemeld dat die eerste algemene vergadering van 'n nuutgestigte vereniging, die East London Orchestral Society, op Vrydag 1 Desember om 19h45 in Messrs. Jackson Brothers se musiek-winkel sou plaasvind.³⁵ Voortvloeiend uit hierdie vergadering is mnr. A Polettoni aangewys as dirigent, mnr. A W Judge as eresekretaris en penningmeester en J B Preston, F Stewart, E Beier en F Aylwin as bestuurslede.³⁶ Repetisies sou vanaf Dinsdagaand 5 Desember stip-telik om 20h00 in Messrs. Jackson Brothers' Music Saloon plaasvind en 'n dringende beroep is op alle belangstellendes gedoen om die vereniging te ondersteun. 'n Baie bemoeidigende opkoms is by die eerste repetisie ondervind en na afloop van die oefening is mnr. H J Bennett as president van die vereniging gekies.³⁷

As gevolg van verwarring ten opsigte van die oogmerke van die vereniging het die eresekretaris in Desember 'n skrywe aan die Daily Dispatch gerig waarin die doelstellings van die vereniging uiteengesit is:³⁸

The Society was founded for the study of orchestral works, every instrument being invited (through the medium of your valuable paper) to join. It was not formed in opposition to any professional orchestras or orchestral class, but in addition, as a purely mutual society, conducted on broad, but firm lines, its members, consisting of both professional and amateur performers combined for the purpose of practising good instrumental music, and also to bring out and develop the latent musical talent in the town which is known to exist.

Wat die oorsaak was is nooit vermeld nie, maar die vereniging het toe nooit sover gekom om sy voornemens ten uitvoer te bring nie. Ook het daar geen verdere beriggewing verskyn wat die verwarde situasie kon verklaar nie. Heelwaarskynlik was die opbloeit van die East London Choral Society en Moeller se orkesklas faktore wat gelei het tot die vroeë dood van die beoogde vereniging.

4.3 West Bank Choral Society 1906 - 1908

4.3.1 Optredes verdienstelik dog sporadies

In 1906 het 'n koorvereniging op die Wesbank tot stand gekom wat ongelukkig net vir 'n tydperk van drie jaar aktief gebly het. Dit het slegs kortstondig bestaan en min konserte is aangebied, maar gelukkig het die optredes van musikale meriete getuig.

Die nuutgestigte West Bank Choral Society het op Maandag 1 Oktober onder leiding van mnr. E C Wright, sy eerste uitvoering in die St. Peter-saal behartig met 'n uitvoering van COWEN se kantate The Rose Maiden.³⁹ Nieteenstaande die hoë moeilikheidsgraad van die werk het die vereniging se lede hulle tog oortuigend van hulle taak gekwyd. Die solo-gedeeltes is verdienstelik deur plaaslike amateurs vertolk, terwyl 'n klein orkesensemble bestaande uit mejj. L Palmer (klavier), A Jackson (tweede viool) en mnr. Franz Moeller (eerste viool), en Max Moister (orrel) die begeleidingswerk behartig het. Die werk is weer in November met groot sukses herhaal.⁴⁰

Bykans 'n volle jaar het verloop voordat die vereniging weer op Saterdag 2 November 1907 onder leiding van mnr. Wright in die St. Peter-saal opgetree het.⁴¹ 'n 'Remarkable, tuneful and spirited cantata' May Day, beskrywend van die kroning van die Meimaandkoningin in 'n Engelse dorpie in vervloë dae, is opgevoer en die soliste, mej. Hamilton, het met keurige sang vorendag gekom. Mnr. Wright het getref met 'n uitdrukkingsvolle vertolking van The Star of Eve uit Tannhäuser terwyl die koor 'n 'really magnificent finale' bereik het in die sing van die Pilgrim's Chorus uit dieselfde opera, begelei deur die 'small but efficient orchestra'. Daarbenewens is vokale kwartette, asook 'n solo en trio All Hail Thou Dwelling uit Faust aangehoor.

Nieteenstaande die geringe aantal optredes het mnr. Wright hierdie vereniging aan die gang gehou, en op Maandagaand 3 Augustus 1908 'n aantreklike ligte program in die

St. Peter-saal op die Wesbank aangebied.⁴² Die koorwerke Tubal Cain, Le Prophete, en keurspele uit GOUNOD se Reine de Saba is met welslae gesing en deur sprankelende, uitdrukkingsvolle sang is die gebrek aan volume verdoesel. Met reg is mnr. Wright gelukkigwens met sy volgehoue pogings om die vereniging in stand te hou en begrypend is gemeld:

It has been an uphill fight for him to keep the Society together and to foster an understanding and appreciation of good music on the West Bank.

Oosbankers het die konsert in die tweede helfte met die klugspel Dearest Mama in beslag geneem.

Klaarblyklik het mnr. Wright die 'uphill fight' gewonne gegee, aangesien daar geen verdere berriggewing oor die vereniging verskyn nie.

4.4 East London Operatic Society 1903 - 1909

4.4.1 Vereniging populêr ingestel

Die East London Amateur Operatic Society, 'n vereniging wat hom daarop toegelê het om uitsluitlik werke van luimige aard aan te bied, het op Vrydag 4, Saterdag 5 en Maandag 7 Desember 1903 GILBERT en SULLIVAN se komiese opera The HMS Pinafore met klinkende sukses voor groot gehore opgevoer.⁴³ Hierdie opvoerings was onder leiding van mnr. Wilfred Lyndon, voorheen van Miss. Minnie Palmer's Company, wat 'n koor van veertig stemme en 'n volle orkes gedirigeer het. Die orkes is met 'discretion and ability' deur Franz Moeller gelei, en die toneeldekor was 'n visuele belewenis.

Op Donderdag 1, Vrydag 2 en Saterdag 3 Desember 1904 is die opera Les Cloches de Corneville met 'magnificent scenery and costumes' opgevoer.⁴⁴ Entoesiasties is verklaar dat die produksie 'the best amateur effort seen in East London' was, en het die sangers mejj. Kathleen Kearney, Lucy Wellbeloved, en mnr. E M Hartigan, James MacNamara, D Meyers en Harry Wallis 'golden opinions' ingeoes. Dit het tot die bestuur van die vereniging se ore gekom dat talle inwoners nie die

'admirable performances' kon bywoon nie, en op spesiale aandrang sou die opera weer op Donderdag 22 Desember opgevoer word.⁴⁵

Hierdie vereniging, wat lustig die ongekunstelde smaak van die publiek onder die titel East London Amateur Operatic and Dramatic Society bevredig het, het in 1905 twee werke aangebied. Vanaf 3 tot 5 Augustus is Dorothy met groot sukses opgevoer⁴⁶, terwyl The French Maid vanaf 1 tot 3 November op die planke gebring is.⁴⁷ Ná afloop van laasgenoemde opera se eerste opvoering is die vereniging op oorstelpende wyse gelukkigewens:

never perhaps have our amateurs scored such a brilliant success as they certainly have done in this piece.

As die kelner Charles Brown, het mnr. E M Hartigan met skitterspel vorendag gekom, terwyl mej. Mabel Dickerson in 'gesture, voice and acting' 'n absoluut oortuigende French Maid was. Ook die dans-items het besonder flink verloop en onder die leiding van mnr. Polettini was die hele opvoering 'n verkwikkende hoogtepunt.

4.4.2 Insinking

Nieteenstaande hul klinkende sukses het die jaar 1906 'n onverklaarbare insinking getoon. Nie alleen het die vereniging 'n naamsverandering ondergaan nie - hulle het nou die East London Amateurs geword - maar het hulle enigste aanbieding in 1906 getuig van 'n klemverskuiwing in die sin dat 'n musikale komedie The Casino Girl in plaas van 'n opera opgevoer is.⁴⁸

4.4.3 Oplewing

In 1907 het hulle egter weer komiese operas aangebied. Onder die leiding van mnr. R J Wilson, en met 'n koor van veertig stemme en 'n verdienstelike rolverdeling, is AUDRAN se bekende komiese opera, La Mascotte, ten bate van 'n aantal welwillenheidsorganisasies van Woensdag 17 tot Saterdag 20 Julie in die stadsaal opgevoer.⁴⁹ Die kritikus het hierdie aanbieding op 'n simpatieke wyse benader en daarop gewys

dat 'candid criticism is to a large extent not permissible in an amateur show and one must make allowances'.

Nie sonder vermaning nie het hy tog verklaar:

Faults there were, but the defects were in almost every instance slight, and may be grouped under one head, viz., a lack of the necessary naturalness and polish without which the characters could not become living things. Without assuming a hyper-critical attitude, one might mention the tendency on the part of the principals to address the stage rather than the audiences. Another important defect, painfully noticeable in all the principals with one exception (i.e. Mr. A Thompson), was the totally unintelligible enunciation in the lyrics, a fault difficult to understand in light of the fact that all, without exception, spoke their lines clearly and distinctly. Much effect also, was lost by a too precipitate exit on the part of the choruses, particularly in the first act. Beyond these general defects it is not necessary to trespass.

Ten spyte van die redelike sukses van die vereniging, het daar tog onsekerheid op verskeie vlakke geheers. Met die oog op die herinstelling van die gewilde East London Amateurs 'upon a more sound and permanent basis' sodat musikale en dramatiese werke opgevoer kon word, het 'n voorlopige komitee op Dinsdag 14 Januarie 1908 in die Continental-kafee regulasies opgestel wat op 21 Januarie aan 'n algemene vergadering voorgelê sou word.⁵⁰ Gedurende die vergadering het ses en dertig persone hul vrywillig by die beoogde vereniging aangesluit en by die tweede vergadering is 'n komitee saamgestel. Jaarlikse inskrywingsfooie sou 10s 6d vir mans en 2s 6d vir dames wees. Repetisies sou op Donderdag 6 Februarie om 19h45 in die kloosterklaskamers in Parkstraat 'n aanvang neem.

Daar is onmiddellik met die instudering van die komiese opera Erminie van PAULTON en JAKOBOWSKI begin, wat op Maandag 20 en Dinsdag 21 April in die stadsaal opgevoer sou word.⁵¹

4.4.4 Herstrukturering geslaagd

Die gedagte om die vereniging op 'n stewiger grondslag te plaas, het onmiddellik vrugte afgewerp. Nie alleen kon die hergestruktureerde vereniging, nou bekend as die East London Amateur Musical and Dramatic Society, meer aanbiedinge

hanteer nie, maar is besondere sukses met die opvoering van Erminie behaal.⁵² As Erminie het mev. Dan McCallum haar onderskei en onmiddellik die guns van die gehoor gewen. Verdienstelike pogings is ook gelewer deur mev. Meyers (komediant) en mnr. Binstead ('a really clever artistic tenor') en die komiese sanger Meyers ('the life and soul of the piece'). 'n Begeleidingsensemble onder leiding van mnr. A L Carr het grootliks tot die sukses van die opvoering bygedra en het bestaan uit vier eerste viole, een tweede viool, 'n altviool, twee tjello's, en 'n kontrabas, klavier, fluit, kornet, skuiftrompet, tromme en klarinet.

In Augustus en September van dieselfde jaar is The Runaway Girl met welslae opgevoer⁵³, gevolg deur Are you a Mason en weer eens The Runaway Girl in Desember⁵⁴ en Dandy Dick in Januarie 1909.⁵⁵

4.4.5 Agteruitgang

In Februarie 1910 het die vereniging sy jaarvergadering in die Savoy Hotel gehou, en die aanduiding was dat die balansstaat 'n debiet getoon het, deels toe te skryf aan die opvoering in Desember 1909 van Yeomen of the Guard.⁵⁶ As gevolg van 'n afname in ledetal is besluit dat die komitee van tien na vyf verminder sou word, en dat 'n produksie so gou moontlik op die planke gebring moes word om die debiet uit te wis. Die voorneme is egter nie verwesenlik nie. Ná die verblydende sukses gedurende die jare 1908 en 1909 het die merkbare afname in belangstelling die vereniging gevoelig geknou. Dit het klaarblyklik gelei tot ontbinding.

4.4.6 Samevatting

Die feit dat die aanvanklike East London Amateur Operatic Society in 1905, 1906 en 1908 naamsveranderinge ondergaan het en rondgespring het tussen verskillende scorte aanbiedings het sy effektiwiteit geskaad.

Afgesien van die hinderlike skommelings en verwarrende doelwitte het 'n hele paar aanbiedinge egter van kwaliteit getuig: The HMS Pinafore in 1903, Les Cloches de Corneville in 1904, The French Maid in 1905 en Erminie in 1908. Hierdie aanbiedinge is gekenmerk deur voortreflike solo- en koorsang, verdienstelike begeleidings en effektiewe dekor.

In sy geheel beskou dus het die vereniging(s) sporadies met puik vertonings vorendag gekom, en ook voldoen aan die voorkeure van die meeste mense in Oos-Londen.

5 BESOEKENDE KUNSTENAARS EN GESELSKAPPE 1903 - 19145.1 KONSERTE 1903-19145.1.1 Verrykende invloed in 1903

Oos-Londen se musieklewe het nie gedurende die tydperk 1903 tot 1914 besondere vooruitgang openbaar nie. (Kyk Deel II, pp. 250 - 323.) 'n Verknogtheid aan bekende werke, 'n gebrek aan inisiatief onder plaaslike musici en 'n traë pas het vernuwing teëgewerk. Dit was konserte deur besoe- kende kunstenaars wat aan Oos-Londen se valerige musiekbeeld nuwe stukrag en visie gegee het. Nieteenstaande die feit dat besoekende kunstenaars slegs sporadies in Oos-Londen opge- tree het - optredes het gewissel tussen twee tot vyf per jaar - was hierdie konserte van onskatbare waarde vir die ernstige musikus in Oos-Londen, asook vir die algemene liefhebber. Nie alleen was hulle wat gehalte betref ver bō diē gemid- delde nie, maar is die werke van die groot klassieke mees- ters op 'n oortuigend-artistieke wyse aan 'n publiek met beperkte kennis en begrip bekend gestel.

Konserte deur besoekende kunstenaars is op Vrydag en Saterdag 19 en 20 Junie 1903 ingelui met die besoek van die befaamde mme. De Pasquali, die groot Amerikaanse prima donna, en drie puik sangers, mej. Gertrude Sandiford (kon- tralto), signor De Pasquali (tenoor) en mnr. Percy Sandiford (bas).¹ 'n Goed gevarieerde program wat onder meer geliefde arias, duette en kwartette uit bekende operas bevat het is aangebied. Mme. De Pasquali se bydraes was Swan Song uit Lohengrin van WAGNER, 'n aria uit La Traviata van VERDI, 'n aria uit Lucia di Lammermoor van DONIZETTI en 'n resi- tatief en aria saam met mnr. De Pasquali uit Il Trovatore van VERDI. Nieteenstaande gebrekkige ondersteuning, toe- geskryf aan die betrokkenheid van groot getalle van die publiek by die Schools Exhibition Concert wat toe net ten

einde geloop het, was die konsert 'n feestelike geleentheid waarvan die program as 'something out of the common' beskryf is, asook 'the performance of it'.

Die konserte is opgevolg met 'n orreluitvoering op Maandag-aand 19 Junie in die St. George-kerk deur Roger Ascham (kyk Deel I, pp. 159 - 161) en 'n klavieruitvoering op Woensdag-aand 1 Julie in die Oddfellowsaal, ook deur Ascham.² Sy orreluitvoering was 'n sukses en 'n groot gehoor 'enjoyed immensely the rare musical treat furnished by Mr. Ascham'.³ Hy is geloof nie net vir sy interessante programsamestelling nie, maar ook vir die feit dat 'in no one of these items did he fail to interpret the true spirit of the music'. LEMMENS se The Storm-fantasie was besonder genotvol. Ander werke was Sonata in the style of Händel (WOLSTENHOLME), Offertoire in D majeur (BATISTE), Fuga in g mineur (BACH), Scherzo (HOYTE), Konsert-ouverture (FAULLES) - vir Ascham geskryf), Nokturne (HOLLINS) en Andantino (LEMARE).

Op publieke aandrang het Ascham op Woensdag 8 Julie nog 'n orreluitvoering gegee, dié keer in die St. John-kerk.⁴ Die orrel was volgens plaaslike oordeel 'the finest of its size in South Africa'. Sy program het onder meer ingesluit Sonate in d mineur no. 6 (MENDELSSOHN), Tokkate en Fuga in d mineur (BACH), en twee dele uit WIDOR se Simfonie no. 5 (Allegro Cantabile en die Tokkate). Hierdie uitvoering het Ascham se 'extraordinary great capabilities as an organist' herbevestig en sy besoek aan Oos-Londen is as 'n 'notable one' bestempel.

Sonder twyfel was Ascham se optredes 'n deurbraak vir instrumentale solo-uitvoerings in Oos-Londen. Plotseling het die Oos-Londense musiek liefhebber hom midde in die milieu van groot komponiste bevind, wat 'n klemverskuiwing na 'n hoër artistieke platform meegebring het. Musiek liefhebbers het egter nie in groot getalle Ascham se uitvoerings ondersteun nie en Mimosa van die Ladies Column het die publiek aangespreek oor dié gebrek:⁵

there is a distinct want of appreciation for classical music in East London.

5.1.2 Hoogetepunte in 1904

Alhoewel konserte van besoekende kunstenaars nie baie voorgekom het nie, het dit beslis 'n stimulerende invloed tot vernuwing op die stereotipe musiekaktiwiteite van die dorp gehad. Sulke konserte het hoogetepunte in Oos-Londen se musiekaktiwiteite gevorm. Binne die bestek van 'n week of wat sou Oos-Londen in 1904 bevoorreg wees om twee van die wêreld se mees gesogte sangeresse, mej. Ada Crossley en mme. Albani aan te hoor.

Mej. Crossley, aangeprys as 'not only the greatest of English speaking Contraltos, but the pre-eminent Oratorio Contralto of the world - London Times', sou op Vrydag 18 en Saterdag 19 Maart in die stadsaal optree met die medewerking van Jacques Jacobs (viool), Percy Grainger (klavier) en mnr. W A Peterkin (bas).⁶ Die publiek is tot versadigingspunt deur geesdriftige persverslae aangaande mej. Crossley se kwaliteite ingelig, en onomwonde is verklaar dat die gebeurtenis 'unquestionably the musical event of 1904' sou wees.⁷

Mme. Albani, 'the Canadian Nightingale, the Greatest of Sopranos', sou mej. Crossley se besoek op Saterdag 12 en Maandag 14 Maart voorafgaan met twee Grand Concerts, waaraan ook die volgende vermaarde oorsese kunstenaars sou meedoen:⁸ mme. Langley (viool); mej. Jones (kontralto) en mnr. Archdeacon (bariton) en Zagury (tenoor). Dié geselskap het die volgende program op 12 Maart aangebied:⁹

Air	<u>Peace and Rest</u>	ROBERT BATTEN Mej. Jones
Viool- en klavierduet	<u>Allegro Resoluto</u> (<u>Suite no. 1</u>)	SCHÜTT Mme. Langley en Mnr. Flint
Air	<u>L'amero</u> (<u>Il Re Pastore</u>)	MOZART Mme. Albani (Obligaat-viool)
Aria	<u>Largo al Factotum</u> (<u>Barbiere</u>)	ROSSINI Mnr. Archdeacon
Air	<u>M'appari tutt'amor</u> (<u>Martha</u>)	FLOTOW Mnr. Zagury
Vioolsolo's	<u>Romanza in F majeur</u> <u>Mazurka</u>	RIES D'AMBROSIA Mme. Langley

Liedere	<u>Ave Maria (Das Feuerkranz)</u>	MAX BRUCH Mme. Albani
	<u>Beyond Compare</u>	LANDON RONALD Mnr. Archdeacon
	<u>That we two were Maying</u>	NEVIN Mej. Jones
	<u>Dolly O'Dean</u>	LANDON RONALD Mej. Jones
	<u>Nirvana</u>	STEPHEN ADAMS Mnr. Zagury
	<u>Songs my Mother Taught Me</u>	DVORAK Mme. Albani
	<u>Stolen Wings</u>	WILLEBY Mme. Albani
Vioolsolo	<u>Ronde des Lutins</u>	BAZZINI Mme. Langley
Lied en kwartet	<u>God Save the King</u>	Geselskap

Die program van 14 Maart het 'n effe ernstiger inhoud bevat.¹⁰

'n Vergelyking tussen die standaard van die programme van mme. Albani en haar geselskap, en mej. Ada Crossley en haar geselskap het getoon dat laasgenoemde groep se aanbiedinge beslis van hoër gehalte was.¹² Hul eerste aanbieding het die volgende werke bevat:

Viool- en klaviersonate	<u>Sonate in A majeur (Kreutzer)</u> (Een beweging)	BEETHOVEN Mnre. Jacobs en Grainger
Air	<u>Honour and Arms (Samson)</u>	HANDEL Mnr. Peterkin
Klaviersolo	<u>Tokkate en Fuga in d mineur</u>	BACH-TAUSIG Mnr. Grainger
Aria	<u>Caro Mio Ben</u>	GIORDANI Mej. Crossley
Vioolsolo	<u>Konsert in e mineur</u>	MENDELSSOHN Mnr. Jacobs
Klaviersolo's	<u>An den Frühling</u> <u>Waldesrauschen</u>	GRIEG LISZT Mnr. Grainger
Liedere	<u>Von ewiger Liebe</u> <u>The Silver Ring</u> <u>Philis et Corydon</u> (<u>Minuetto de Martini</u>) <u>Oh, that we two were Maying</u> <u>The Four-leaved Clover</u>	BRAHMS CHAMINADE WILLEBY NEVIN WILLEBY Mej. Crossley

Vioolsolo	<u>Zigeunerweisen</u>	SARASATE Mnr. Jacobs
Liedere	<u>Son of Mine</u> <u>The Rebel</u>	WALLACE WALLACE Mnr. Peterkin
Lied	<u>Love the Pedlar</u>	GERMAN Mej. Crossley

Hierdie konsert was 'n artistieke sukses en 'n 'magnificent audience' was bevoorreg om een van die wêreld se voorste kontralto's aan te hoor.¹³ Die resensent was in vervoering oor Crossley se stem en het dit onder meer omskrywe as 'tender and passionate, plaintive and powerful, winning and caressing'. Haar ondersteunende kunstenaars is ook lof toegeswaai. Percy Grainger is beskryf as 'n pianis met 'exceptional ability', terwyl Peterkin (bariton) volgens die resensent oor 'n goeie stem beskik het, maar gebrekkige uitdrukkingsvermoëns openbaar het.

Ada Crossley en kie. se tweede aanbieding was ook 'n lusher vir kenner en liefhebber en het onder meer liedere van GOUNOD, PURCELL en MENDELSSOHN bevat, CHOPIN se Fantasie in f mineur vir klavier, en vioolsolo's van SAINT-SAENS en WIENIAWSKI.¹⁴

Oos-Londen se musiek liefhebbers was nog steeds in vervoering oor die uitnemende gehalte van dié konserte toe daar in dieselfde maand aangekondig is dat nóg 'n uitstaande geselskap die dorp sou besoek. Vanaf 4 April sou die gewilde Amerikaanse prima donna, mme. De Pasquali, en haar man signor De Pasquali, Oos-Londen weer besoek, vergesel van mev. Gertrude Marx (klavier) en mnr. Ellie Marx (viool).¹⁵ Spontane lof is die kunstenaars toegeswaai. Mme. De Pasquali is geloof vir haar vertolkings van werke van BELLINI, DELLAQUA, DVORAK, BISTINI (sic!) en TOSTI, terwyl haar man pronkerig vertoon het in werke van WAGNER, ROTOLL, DENZA, TOSTI, FLOTOW en VERDI.¹⁶ Mnr. Marx het LEONARD se Souvenir de Haydn, 'n Air van BACH en SARASATE se Andaluza voorgespeel, terwyl mev. Marx uitblink het in RACHMANINOFF se Prelude in c-kruis mineur en saam met haar man sukses behaal het in GRIEG se Sonate in G majeur vir viool en klavier. Hul orige twee konserte het dienooreenkomstige

lofbetuiginge ingeoes, en dit was duidelik dat Oos-Londen se musiekliefhebbers binne die bestek van 'n paar weke 'n ryke klankfees beleef het.¹⁷

Op Woensdag 19 September sou plaaslike musiekliefhebbers bevoorreg wees om die vermaarde ses en twintigjarige tjellis, Jean Gerardy, aan te hoor.¹⁸ Die London Daily News van 19 Maart 1903 het van hom gesê:

Gerardy is without exception the greatest cellist of the day.

Hy sou bygestaan word deur Julia Davies (sopraan), Alice Hollander (kontralto), Gwennie Mason (harp) en Sydney Biden (bariton). Gerardy sou die volgende werke voor-speel: Konsert in a mineur (SAINT-SAENS), Air uit die Suite in D majeur (BACH), La Cygne (The Swan) (SAINT-SAENS), Berceuse (Cradle Song) (SCHUBERT) en Papillon (Butterfly) (POPPER).¹⁹ Hierdie Belgiese kunstenaar wat as 'n 'consummate artist' beskryf is, het met manjifieke spel vorendag gekom en die toehoorders in ekstase gehad.²⁰ Sy interpretasie van die Konsert van SAINT-SAENS het getuig van 'brilliancy and power', terwyl sy keurspel van verskillende komponiste deur 'brilliancy of execution' gekenmerk is. Al die assisterende kunstenaars het ook gunstige kommentaar gekry.

5.1.3 Uitstaande instrumentaliste 1905

Met die uitsondering van die Gerardy-konsert, het al die konserte in 1904 om sangsterre gewentel. Die daaropvolgende jaar is weer by uitstek gekenmerk deur die besoek van 'n aantal uitstaande instrumentaliste.

Op Vrydag 7 April 1905 het mnr. Flintoft Wood van King William's Town en 'n lid van die Incorporated Society of Profesional Musicians, 'n orreluitvoering voor 'n 'large and appreciative audience' op die nuwe drie-manuaal orrel van die Trinity Wesleyaanse kerkgebou waargeneem, waar hy die volgende werke met besondere vernuf uitgevoer het: Konsert-fantasie no. 2 (PEACE), Funebre et Chant Seraphique

(GUILMANT), Fuga in g mineur (BACH), Romanse in D-mol majeur (LEMARE) en War March of the Priests (MENDELSSOHN).²¹ Vokale ondersteuning is deur mev. Baker en mnr. Mathias verleen; eersgenoemde met Sunset and Dawn (ALLITSEN) en Abide with me (LIDDLE) en laasgenoemde met Arm, Arm ye Brave (HANDEL). Mnr. Wood het Oos-Londen weer op Vrydag 1 September besoek, waartydens hy onder meer MENDELSSOHN se Sonate in B-mol majeur uitgevoer het.²²

Oos-Londen se musiekkliefhebbers se gebrekkige ondersteuning by aanbiedinge van ernstiger aard, het weer duidelik geblyk op Vrydag 7 Julie toe 'n konsertgeselskap met mej. Maud Powell as die onbetwiste ster - 'an American lady who is in the front rank of violinists and who has known the highest praise outside her native country in England and every European country' - in Oos-Londen opgetree het.²³ Die resesent het die Oos-Londenners oor hul lamsakkigheid aangeval:

The better the concert, the worse the audience, seems to be the rule in East London. Last night when Miss. Maud Powell, who has won enthusiastic praise from the most critical audiences of Europe and America, gave her first concert, the rows of empty seats were conspicuous. High prices and bad times may be alleged as to the reason, but had the music and entertainment been of the so-called musical comedy kind, no matter how indifferent the performers and fatuous the piece, high prices and bad times would not have prevented the hall from being well filled. It does not speak well for the musical taste of East London that so little patronage should be bestowed on artists so eminently deserving it. According to the popular idea, the word music stands for something one can beat time to with one's feet, and join in the chorus. Hence it is not surprising that when the fare provided is not exactly of this nature few should sit down to the feast.

Die program self het geen vaeleisende beluistering geverg nie, aangesien ligte werke van onder andere DVORAK, DEANE, WIENIAWSKI, BOCCHERINI, ALLITSEN en HELMUND uitgevoer is. vertroostend was die feit dat hul tweede aanbieding op Saterdag 8 Julie deur stewiger ondersteuning gekenmerk is.²⁴

'n Onbetwiste hoogtepunt was die klavieruitvoering op Donderdagaand 14 September in die stadsaal deur die befaamde Russiese pianis Mark Hambourg, 'the most sensational and popular pianist in the world'.²⁵ Sy program het bestaan uit:

Klaviersolo's	<u>Prelude en Fuga</u>	BACH-D'ALBERT
	<u>Appassionata-sonate</u>	BEETHOVEN
	<u>Ballade in A-mol majeur</u>	CHOPIN
	<u>Nokturne</u>	
	<u>Preludes (2)</u>	
	<u>Studies (2)</u>	
	<u>Polonaise in A-mol majeur</u>	
	<u>Espieglerie</u>	HAMBOURG
	<u>La Source</u>	LESCHETITSZKY
	<u>Midsummer Night's Dream</u>	MENDELSSOHN-LISZT
	1. <u>Wedding March</u>	
	2. <u>Nocturne</u>	
	3. <u>Dance of the Elves</u>	

Aangesien die konsert tot op daardie tydstip Oos-Londen se grootste enkele gebeurtenis op instrumentale vlak was en die resensent te midde van oorvloedige aanprysing tog ook nugtere oordeelsvermoë openbaar het, word die verslag volledig geplaas:

Mark Hambourg played in the Town Hall last night. When one has said that, it is to one who has at any time heard the famous pianist quite sufficient, he can imagine the rest, for such playing as was heard last night, does not readily fade from the memory. So seldom is it in this country that one has an opportunity (sic!) of listening to a pianist of the first rank that after a few years residence one is apt to forget what good playing is like. To the musicians who were present in the Town Hall last night, Hambourg's performance was a revelation and an inspiration and even the ordinary individual who went to the concert either out of curiosity or because it was the proper thing to do, especially when one paid half-a-guinea to do it, could not fail to be impressed by the marvellous skill of the pianist.

The amazing technique is, indeed, one of the first things that strikes a hearer. His command over the keyboard is perfect. His digital powers are dazzling. Nothing is blurred or indistinct, every note in the fastest passages rings out clear and crisp, octaves are played prestissimo apparently as easily as single notes; the keys at the will of the pianist speak with a still small voice or with a voice of thunder; there is not an effect obtainable on the piano which Hambourg cannot produce. But mere technical ability is not the whole secret of the artist's power. He brings to the performance of his work intelligence, sympathy, and passionate fervour that transmute the leaden metal of the mere executant into the gold of the supreme artist.

His performance last night appealed to the intellect as well as the heart of the musicians amongst the hearers. It also served to show both the astonishing technical ability of the artist and his masterly, interpretative power. It opened with D'ALBERT'S transcription for the piano of BACH'S Prelude and Fugue in D Major (for the organ) of which Hambourg gave a virile and brilliant rendering. The next number was BEETHOVEN'S F minor Sonata, commonly known as the Sonata Appassionata. There is difference of opinion among repute as to Hambourg's interpretation of BEETHOVEN, but no one who heard his playing of that wonderful composition last night could deny that he brought out in the fullest degree the poetry and emotion with which the Sonata is instinct. The performance of the Allegro was a marvellous piece of work. Its striking oft-repeated theme sang out clear as a bell amid the wealth of musical embellishment that clothes it round. In the hands of any but a master it is lost in the maze of sound. The passionate yet calm beauty of the Adagio and the wild abandon of the Presto were interpreted in a manner that was nothing short of a revelation. The second half of the programme opened with a group of CHOPIN compositions, and here the pianist excelled himself. Hambourg's rendering was stronger and more virile than that of some artists but to our mind the pieces lost none of their beauty for being treated in a less feminine - there is no other words to express it - manner that is usually the case. CHOPIN is evidently his favourite composer, and in his playing he revealed a depth of insight and a passionate sympathy that, combined with his delicacy of touch and marvellous phrasing, could not but result in a brilliant interpretation of the master's works. The most noticeable of these CHOPIN pieces was the black note Study and the great Polonaise in A flat. The latter was the most superb performance of the evening. Breathing the intensest passion in every note, now despairing, now exultant, its wild, almost terrific beauty thrilled the audience. There followed a contrast in a charming little work of HAMBOURG'S own, Espieglerie and a composition by his teacher LESCHETITZKY. The concluding number on the programme was that amazing piece of virtuosity, LISZT'S transcription of MENDELSSOHN'S Midsummer Night's Dream music. The performer's rendering was brilliant in the extreme, and called forth the enthusiastic plaudits of the audience. He was recalled again and again, and finally, in spite of the tremendous strain of the evening's work, acceded to the demand for an encore, playing CHOPIN'S exquisite Berceuse. This concluded the most memorable concert in East London that has yet been held.

The instrument on which the pianist played was a magnificent Erard, specially constructed for his own use during his visit to South Africa. Mark Hambourg has now concluded his tour in this country, and sails today for Europe by the Armada Castle.

Hierdie klimakteriese gebeurtenis sou in November opgevolg word deur 'n besoek van die briljante Suid-Afrikaanse pianis. Bosman di Ravelli.²⁶ Di Ravelli wat sewe jaar in Europa studeer het en talle uitvoerings daar gelewer het, sou op

Woensdagaang 29 November in die stadsaal optree met 'n program van uitsluitlik CHOPIN-werke:²⁷ nege Preludes, vier Etudes, twee Chants Polonaise, Mazurkas, Valse in A-mol majeur, Nokturne in g mineur en Nokturne in B majeur. (Ongelukkig is die uitgawe wat die resensie bevat nie beskikbaar nie.)

'n Vlugtige blik oor die aktiwiteite deur besoekers toon dat Oos-Londen se musiekkliefhebbers 'n aantal hoogstaande konserte in 1905 aangehoor het. Dat hierdie konserte die algemene en ernstige musiekkliefhebbers geïnspireer het, is gewis. 'n Uitvloeisel van die konserte was die solo sang- en klavieruitvoerings wat mev. Baker aangebied het gedurende die tydperk 1904 tot 1905. (Sien Deel II, pp.260 - 267.)

5.1.4 Afname in aanbiedinge, dog peil gehandhaaf 1906-1908

Alhoewel daar vanaf 1906 'n beduidende afname in die aantal besoeke deur oorsese en ander Suid-Afrikaanse kunstenaars was, het die aanbiedinge steeds van 'n hoë gehalte getuig.

In Julie 1906 het Ascham Oos-Londen weer besoek en op Vrydag-aand 20 Julie 'n geslaagde orreluitvoering in die Trinity-kerkgebou gehou.²⁸ Onder meer is MENDELSSOHN se Sonate no. 1 aangehoor. In die daaropvolgende jaar het hy in Junie 'n klavieruitvoering in die Oddfelloosaal gegee, en benewens 'n aantal ligte werke, BEETHOVEN se Sonate op. 26 voorgespeel.²⁹

Kort daarna, op 3 Julie het Mark Hambourg Oos-Londen nogeens betower met 'n program wat onder meer bestaan het uit Sonate op. 2 no. 3 (BEETHOVEN), Ballade (GRIEG), Gavotte en Variasies (RAMEAU) en Wedding March (MENDELSSOHN).³⁰ Nieteenstaande sy onbetwiste stand as 'n erkende internasionale kunstenaar, was die opkoms 'n 'keenly disappointing one', aangesien net onder die driehonderd mense hul opwagting gemaak het - weer eens 'n pynlike refleksie op die oppervlakkige, onopgevoede houding van die Oos-Londense publiek.

Vir die eerste keer in bykans vyf jaar sou 'n ensemble van internasionale gehalte, naamlik die begaafde Cherniavsky Trio op 1 en 2 Junie 1908 in Oos-Londen optree.³¹ Dié

ensemble is as volg aan die publiek bekend gestel:

This singularly gifted trio of Russian instrumentalists, aged respectively 12, 13 and 15, have recently been causing great stir in the critical camp of musical London during the past two seasons. Their talents - similar to that of the well known Hambourg family - are happily divided, Leo, the eldest, being the violinist, Jan, aged 13, a young maestro at the piano, and Mischel, a picturesque little chap of 12, possesses for one of his years a phenomenal mastery over the 'cello.

These boys, who come of distinguished musical stock, do not trifle with their art; the greatest masterpieces, usually accounted sufficiently taxing to maturer performers seemingly possess no obstacle to these remarkable boys.

'n Groot gehoor, 'but by no means too large for so unique an entertainment', het hulle eerste opvoering ondersteun.³²

Die begaafde jongelui se individuele pogings het bestaan uit: Tjellokonsert op. 33 (SAINT-SAENS), Hongaarse Rapsodie no. 6 (LISZT) en die eerste deel van die Violkonsert van TCHAIKOVSKY. Ekstatiese reaksie het elke speler tot 'n toegif gedwing. Die triowerke deur hulle voorgespeel was In the Hall of the Mountain King, The Death of Asa en Anitra's Dance uit die Peer Gynt Suite (GRIEG), asook 'n werk van MENDELSSOHN (nie genoem nie). Daarbenewens het twee gesiene sangers, mme. Marie Hooton (kontralto) en mnr. Percival Driver (bariton), die reeds hoogstaande aanbieding met voortreflike sang versier. Hul daaropvolgende uitvoering het bestaan uit:³³

Trio	<u>Andante, Poco Adagio,</u> <u>Rondo all on'garese</u>	HAYDN
Violsolo	<u>Fantasie (Faust)</u>	WIENIAWSKI
Tjellosolo	<u>Tjellokonsert no. 2</u>	GOLTERMANN
Klaviersolo	<u>Rigoletto</u>	VERDI-LISZT
Triowerke	<u>Serenade</u> <u>Norwegian dance no. 2</u>	WIDOR GRIEG

Ook hierdie poging het besonder beïndruk.

Dié trio het Oos-Londen weer in die middel van Augustus besoek en musiek liefhebbers getrakteer op onder meer die Ballade in g mineur van CHOPIN, die Caprice Etude no. 24 van PAGANINI en die Klaviertrio no. 1 van HAYDN.³⁴

5.1.5 Toename in konserte deur besoekende kunstenaars
1909 - 1910

Na die geringe aantal konserte wat oor 'n tydperk van drie jaar in Oos-Londen gehou is, het konserte deur besoekende kunstenaars weer vanaf Julie 1909 toegeneem. Op Dinsdag 6 Julie het die geniale Antonia Dolores (Antoinette Trebelli), met die medewerking van 'n Amerikaanse pianis, Boyd Wells, 'n konsert in die stadsaal aangebied.³⁵ Die program was as volg:

Liedere	<u>Per la Gloria</u>	BUONONCINI
	<u>O bid your faithful Ariel fly</u>	LINDLEY
	<u>My Mother bids me bind my hair</u>	HAYDN
Resitatief	<u>Ah, tardia troppo</u>	LUIDA
Air	<u>O luce di quest anema</u>	DONIZETTI
Klaviersolo's	<u>Ballade in A-mol majeur</u>	CHOPIN
	<u>Berceuse</u>	CHOPIN
	<u>Pourquoi</u>	TCHAIKOVSKY
Liedere	<u>Du Bist die Ruh</u>	SCHUBERT
	<u>Der Nussbaum</u>	SCHUMANN
Resitatief	<u>The Polacca (Mignon)</u>	THOMAS
Klaviersolo	<u>Rapsodie</u>	LISZT
Liedere	<u>Serenade du Passant</u>	MASSENET
	<u>Within a Rose</u>	LEHMANN
	<u>The Swallows</u>	COWEN

'n Groot gehoor was teenwoordig en dit was duidelik dat die resesent hom nie by magte gevoel het om mdlle. Antonia Dolores enigins anders as net as fabelagtig te beskryf nie:³⁶

Accepted as she is in the highest musical centres of Europe, America and Australia as a concert singer with rivals, but with no superiors, it follows that she is above criticism in this Colonial town ... she has not only afforded East London exquisite pleasure, but will have raised the standard of musical taste in all who were lucky enough to have been present last night.

Die feit dat Roger Ascham in Port Elizabeth gewoon het, het tot Oos-Londen se voordeel gestrek aangesien sporadiese besoeke aan Oos-Londen redelik maklik was. Hy het

Oos-Londen weer in Julie besoek en op Saterdag 3 Julie 'n orreluitvoering in die Trinity-kerkgebou, asook 'n klavieruitvoering op Vrydagaand 10 Julie in die stadsaal gehou.³⁷ Geen gedetailleerde inligting is oor die orreluitvoering geplaas nie, behalwe dat dit sonder haakplek verloop het. In soverre dit die klavieruitvoering betref, het die kritikus skepties gestaan oor Ascham se uitdrukkingsvermoëns³⁸, asook die insluiting van 'n eie kadensa in die vertolking van LISZT se Hongaarse Rapsodie no. 2. Benewens die LISZT-Rapsodie het die program nie werke van 'n hoë gehalte bevat nie.

Die konstante vloei van solo-optredes, buiten vir die optredes van die Cherniavski Trio in 1908, is op Saterdag 31 Julie en Maandag 2 Augustus 1909 onderbreek toe die Royal Welsh Choir onder leiding van mnr. Arthur de Jong uitvoerings in die stadsaal gelewer het.³⁹ 'n Snit uit die resensie toon dat die resensent totaal oorstelp was deur die sang van die koor:

Never before have such perfect voices, such eloquent choral singing, such scrupulous enunciation, nice precision, grand volume, beautiful light and shade, artistic expression, and ensemble, such melody and harmony been heard in East London!

Afgesien van 'n aantal solo-bydraes het die koor die volgende werke voorgesing: Welsh National Anthem, Destruction of Gaza, Cwsq, verskeie Walliese airs, Soldier's Chorus (Faust) en die Halleluja-koor (HANDEL).

Opvolgende aanbiedinge deur besoekende kunstenaars het 'n wye veld gedek, en die deursnee musiek liefhebber het dié pogings sekerlik met groot genoegdoening aangehoor: uitvoerings op Vrydag 27 en Saterdag 28 Augustus deur die Cherniavsky-broers⁴⁰; 'n sanguitvoering op Vrydag 8 Oktober deur Antonia Dolores⁴¹; 'n orreluitvoering op Saterdag 22 Januarie 1910 deur die Queenstownse orrelis Bertram Collingwood⁴²; 'n orrel- en klavieruitvoering deur Roger Ascham op Vrydagaand 8 Julie en Woensdagaand 13 Julie⁴³. 'n Welkome insluiting by Ascham se klavierprogram was die Sonate op. 81a van BEETHOVEN. Dit was die eerste keer dat die werk in Oos-Londen aangehoor is.

Nieteenstaande die feit dat die konserte opbouend en ver-rykend was, het die Oos-Londense publiek nog steeds 'n onwil-ligheid getoon om konserte van ernstige aard te ondersteun. Onder andere het Mimosa van die Ladies Column daarop gewys dat die opkoms tydens Ascham se klavieruitvoering onbe-vredigend was, en opgemerk dat 'perhaps the most popular item was Mr. Ascham's well known composition, The Witches' Dance'.⁴⁴ Daarenteen het BEETHOVEN se Les Adieux-sonate nie eers vermelding in die verslag geniet nie.

In Oktober sou die wêreldberoemde violiste Marie Hall in Oos-Londen optree. Haar besoek het gelukkig puik onder-steuning geniet. Met die bystand van mej. Louie Basche (klavier) en mnr. Henry Stockwell (tenoor) het Marie Hall, deur die Rand Daily Mail besing as 'a 20th Century marvel - Queen of the bow - who at the age of 26 has car-ved her name on the Tablets of History', op Donderdag-13 en Vrydagaand 14 Oktober in die stadsaal van Oos-Londen opgetree.⁴⁵ Inleidend tot sy verslag het die resensent gemaan dat die 'puff preliminary' waarin Marie Hall oor-vloedig besing is tot teleurstelling kon lei. Haar mees-terspel het egter alle twyfel uit die weg geruim, en al die voorafgaande lofbetuiging is bewaarheid. Die resen-sent het gerapporteer dat uitstaande toonkwaliteit en teg-niek, tesame met temperament, die deurslaggewende faktore van haar sukses was:⁴⁶

Miss Hall throws her whole mind and soul into her playing, and since the mechanical part of her work is so perfect there is little to wonder at in the instantaneous success she attains.

Die program van die eerste aanbieding, met stewige onder-steuning deur die ander kunstenaars was:

Violsolo's	<u>Konsert in e mineur</u>	MENDELSSOHN
	<u>Ave Maria</u>	SCHUBERT-WILHELMJ
	<u>Saltorello</u>	SINIGAGLIA
	<u>Humoreske</u>	DVORAK
	<u>Yota Aragonesa</u>	SARASATE
	<u>La Folia</u>	CORELLI
	<u>Polonaise in A majeur</u>	WIENIAWSKI

Klaviersolo's	<u>Ballade in a mineur (sic!)</u>	CHOPIN
	<u>Etude in D-mol Majeur</u>	LISZT
	<u>La Campanella</u>	PAGANINI-LISZT
Liedere	<u>Come into the garden Maud</u>	BALFE
	<u>I know of two bright eyes</u>	CLUTSAM
	<u>Shall I wasting in despair</u>	BARKER

Hierdie aanbieding het 'n heilsame invloed op die publiek uitgeoefen, want tydens die tweede konsert was die stad-saal 'practically fully occupied'.⁴⁷ Tydens dié konsert was die program:

Violsolo's	<u>Konsert in g mineur</u>	BRUCH
	<u>Vagsang</u>	TOR AULIN
	<u>Canzonetta</u>	D'AMBROSIO
	<u>The Bee</u>	SCHUBERT
	<u>Moto Perpetuo</u>	FRANZ RIES
	<u>Siegfried Paraphrase</u>	WAGNER-WILHELMJ
	<u>La Chochette</u>	PAGANINI
Klaviersolo's	<u>Impromptu's in G en E-mol maj.</u>	SCHUBERT
	<u>Waldesrauschen</u>	LISZT
	<u>Rhapsodie Hongroise no. 12</u>	LISZT
Liedere	<u>If doughty Deeds</u>	ANDREWS
	<u>Once I loved a maiden fair</u>	Komponiste nie gemeld nie
	<u>Here's a health unto His Majesty</u>	

Op Vrydagaand 16 en Saterdagagaand 17 Desember is hierdie belewenisse triomfantelik opgevolg deur die besoek van die internasionaal-erkende Venezolaanse pianiste Carreno - wat onder andere 'n leerling van LISZT en RUBINSTEIN was en van wie LESCHETITSKY gesê het:⁴⁸

There are five best pianists, D'Albert, Carreno, Busoni, Paderewski and Sauer. The sixth place is still open.

Weer eens het die gedrag van die publiek om konserte van loutere gehalte te ignoreer sy kop uitgesteek. 'n Besliste oorsaak was dat Vrydagaand 16 Desember terselftertyd ook die openingsoptrede deur die besoekende blaasorkes, die Duke of Cornwall's Light Infantry Band, in die Marina Park was - 'n beduidende bewys van die publiek se voorkeure. (Kyk Deel II, p. 414.)

Mme. Carreno se vertolkings het gehoor en resensente grootliks beïndruk:

The audience in the Town Hall, the majority of whom were themselves keen musicians, enjoyed a musical treat such has probably never been given before in East London.

Haar program het bestaan uit BEETHOVEN se Appassionata-sonate, vier werke van CHOPIN - onder meer die Polonaise in A-mol majeur en die Butterfly-etude - drie werke van SCHUMANN, en die volgende werke van LISZT: La Campanella, Sonetto del Petrarca, Etude in D-mol majeur en Rhapsodie Hongroise no. 6. Van haar vertolking van laasgenoemde werk het die resensent in verwondering opgemerk:

To say that the playing of the final difficult movement in the Rhapsodie was brilliant in the extreme seems but moderate praise; it was amazing and the audience was electrified.

'n Voorval waarin sy haar knie beseer het, het haar verhinder om op Saterdagdagaand 17 Desember op te tree, en die konsert is na Maandagaand 19 Desember verskuif waar sy die volgende program voor 'n ietwat groter gehoor gelewer het:⁴⁹

<u>Sonate op. 53 (Waldstein)</u>	BEETHOVEN
<u>Nokturne in g mineur op. 48</u>	CHOPIN
<u>Nokturne in g mineur op. 23</u>	CHOPIN
<u>Tarantelle</u>	Komponis nie gemeld
<u>Hongaarse Fantasie</u>	LISZT
	Benno Scherek - Tweede klavier
<u>Impromptu op. 90 no. 3</u>	SCHUBERT
<u>Soirees de Vienna no. 6</u>	SCHUBERT-LISZT
<u>Marche Militaire</u>	SCHUBERT-TAUZIG

5.1.6 Kontralto's oorheers 1911

Waar dit die twee instrumentaliste Hall en Carreno was wat die konsertverhoog in 1910 oorheers het, was dit in 1911 die beurt van twee van die wêreld se voorste kontralto's, mej. Ada Crossley en mme. Clara Butt, om die plaaslike toneel te domineer.

Vergesel van mnr. Stanley Newman (basso-cantante) en mnr. Gregor Cherniavsky (violis), het die Australiese kontralto, mej. Ada Crossley, Oos-Londen op 22, 23 en 24 Junie besoek.⁵⁰ (Haar vorige besoek was in 1904.) Haar eerste optrede op Donderdagaand 21 Junie het byna saamgeval met die kroning van koning George V van Engeland op Vrydag 22 Junie 1911, en heel gepas het sy haar program geopen met ELGAR se Land of Hope and Glory:

the diva herself threw into the solo parts all the feeling and expression permitted by the possession of a rich and deep contralto voice, an artistic soul, and years of experience.

Sy is langdurig toegejuig en het in die tweede helfte geskitter in 'three morceaux', Four-Leaf Clover, The Rosy en Oh no John en haar bydrae afgesluit met FRANCIS ALLITSEN se Song of Thanksgiving. Mnr. Stanley Newman, omskryf as 'n 'basso', maar volgens die aanvoeling van die resesent 'more of the nature of a baritone with an exceptionally deep compass', het sy gehoor oombliklik verower met Gentleman the King, gevolg deur Hearts of Oak, Blue Bonnets over the Border en Darling Kelly. Aanvullend het Gregor Cherniavsky (viool, en een van die broers van die gevierde Cherniavsky-trio) sy meesterlike spel ten toon gestel in die Kreutzer-sonate van BEETHOVEN, TCHAIKOVSKY se 'difficult Concerto' en The Last Rose of Summer, asook GRIEG se Sonate no. 3. Hy is voortreflik deur mnr. Horace Barton op die klavier ondersteun. Al die orige uitvoerings was ook klinkende suksesse.⁵¹

Nog 'n hoogtepunt was die sanguitvoering van mme. Clara Butt op Saterdagdagaand 25 November.⁵² Die resesent het haar in die oortreffende trap besing, soos enkele aanhalings toon:

What a feast of song there was! Of commanding stature and magnificent stage presence, she had the superb control to capture the audience from the first note of her opening item Divinites du Styx from GLUCK'S Alceste, and held them spellbound until the last notes of the National Anthem, with a verse of which she brought the performance to a conclusion, had died away. And this not merely by the power of her voice, magnificent and beyond description as it was, but by the feeling and expression so deep, so truly musicianly, that had those words been entirely left out, the emotions the artiste was portraying would have been equally clearly conveyed to the hearers. Not by any gesticulation or acting either, for the simple

unaffected manner in which she sings is one of Madame Butt's greatest charms; but by the genius of the true artiste, conveyed in a voice which in many notes had all the qualities of a fine organ and yet was surpassingly human, she ran the gamut of the emotions.

Kort voor mme. Butt se uitvoering het die begaafde Cherniavsky-trio Oos-Londen weer op Donderdag 23 November besoek, en verblydend was die feit dat die stadsaal 'well filled' was met 'n gehoor wat deurgaans met volgehoue aandag geluister het.⁵³ Trio-werke deur hulle voorgespeel het onder meer ingesluit: Walzer-Märchen (SCHÜTT) en die Tema con Variazioni uit die Trio in a mineur (TCHAIKOVSKY). Uitstaande solobydraes was die violis Leo se vertolking van 'n Violkonsert in d mineur (komponis nie gemeld nie) en CHOPIN se Scherzo op. 31 no. 2 deur die pianis Jan Cherniavsky.

5.1.7 Sprankel verdof in 1912

Behalwe vir twee puik sanguitvoerings deur Antonia Dolores in Julie 1912⁵⁴ het dié jaar se aktiwiteite op besoekersvlak nie dieselfde vitaliteit en sprankel as die vorige jare gehad nie.

In Januarie van dieselfde jaar het die Queenstownse orrelis Bertram Collingwood 'n program van 'light classic music' in die Trinity-kerk uitgevoer⁵⁵, terwyl die besoek van die Royal Welsh Ladies Choir in September daardie jaar se yl aktiwiteite aangevul het.⁵⁶ Saamgestel uit twee en twintig begaafde sangeresse uit Cardiff en Wallis en onder leiding van mme. Hugh Thomas - 'n veelsydige musikus wat bedrewe was as sangeres, pianiste, harpspeelster en komponiste - het die koor met pragsang vorendag gekom, alhoewel hulle artistieke peil nie met dié van die Royal Welsh Male Choir vergelyk kon word nie. Hul liedere was: Soldiers' Chorus (Faust), Home, Sweet Home, Night Hymn at Sea, Can Cwsq, Comrades in Arms, March of the Men of Harlech, Yr Haf, The Bells of Aberdovey, The Ash Grove, Absent en Gypsy Life.

5.1.8 Drastiese afname in konserte 1913-1914

Konserte deur besoekende kunstenaars en ensembles het ná 1912 skielik drasties afgeneem, en dit was net die swart Lovedale Male Voice Choir van eenhonderd lede wat Oos-Londen in 1913 besoek het.⁵⁷ Toehoorders is beïndruk deur hulle sang se 'perfect time, and tune, the voices blending perfectly'.

Die volgende jaar het net een uitstaande konsert opgelewer. Op Dinsdagaand 23 Junie 1914 sou die befaamde Oostenrykse tjellis Hans Endler vergesel van Enid Endler, 'n Chamber Concert, die eerste van sy soort in Oos-Londen, in die St. Savioursaal in Belgravia aanbied.⁵⁸ Mev. Endler, voorheen bekend as Enid Briscoe van Oos-Londen, het in 1913 met Hans Endler getrou en onder sy waaksame leiding fenomenaal gevorder. Sy het die onderskeiding geniet dat sy die enigste persoon in Suid-Afrika was wat in besit was van 'n tjello Lisensiaat-diploma. Intussen het sy ook haar Lisensiaat in klavier verwerf. Haar man het die posisie van 'cello virtuoso to the Imperial Court of Austria' beklee.⁵⁹ Benewens verskeie tjellokonserte, sou 'n strykkwartet bestaande uit mnr. Franz Moeller (eerste viool), mev. Moeller (tweede viool), mnr. Endler (altviool) en mev. Endler (tjello) aan-gehoor word. Die volgende program is uitgevoer:

Strykkwartet	<u>Allegro non troppo</u>	HAYDN
Tjello solo	<u>Love Scenes</u>	BECKER Hans Endler
Sopraansolo	<u>The Waltz Song</u>	Mev. Moeller
Tjello solo	<u>Hongaarse Rapsodie</u>	Mev. Endler
Strykkwartet	<u>Death and the Maiden</u>	SCHUBERT
Tjello solo's	<u>Konsert in d mineur</u>	GOLTERMANN Mev. Endler
	<u>Rondo</u>	BOCCHERINI Hans Endler
	<u>Ave Maria</u>	BACH-GOUNOD
	<u>Serenade</u>	SQUIRE
	<u>Tarantella</u>	POPPER
Sopraansolo	<u>Spanish Love Song</u>	SARASATE Mev. Moeller

Ongelukkig is geen resensie van die konsert beskikbaar nie.

5.1.9 Samevatting

Ongetwyfeld was die mees positiewe faktor van konserte deur besoekende musici die feit dat die werke van die groot klassieke komponiste op 'n meesterlike wyse aan die publiek bekend gestel is. 'n Teësinige publiek, wat nuwe werke met agterdog bejeën het en plaaslike musici, wat maar nie nuwe werke wou bekend stel nie, is gedwing om van 'n omvangryker musiekwêreld kennis te neem. Dit is veral op instrumentale vlak dat die opvoedingswerk plaasgevind het; op die klavier die Sonates op. 2 no. 3, op. 26, op. 57, en op. 81a van BEETHOVEN en van CHOPIN die Fantasie in f mineur en die Ballades in g mineur, F majeur en A-mol majeur; violkonserte van BRUCH en TCHAIKOVSKY; oprelsonates van MENDELSSOHN en die Simfonie no. 5 van WIDOR; wat viol- en klaviersonates betref die Kreutzer-sonate (BEETHOVEN) en Sonate in G majeur (GRIEG), en klaviertrio's van HAYDN en SCHUBERT.

Nieteenstaande die puik gehalte van die konserte, was die houding van Oos-Londen se musiekkliefhebbers jeens konserte van ernstiger aard meer as een maal onder verdenking, en het verskeie resensente asook Mimosa van die Ladies Column, nie gekroom om die gebrek uit te wys nie. Die feit dat verskeie hoog-aangeskrewe kunstenaars soos Crossley, Dolores, Hambourg, die Cherniavsky-trio en Ascham Oos-Londen meermale besoek het, het die situasie egter minder donker laat lyk. Aan die een kant het dit getoon dat die kunstenaars graag weer in Oos-Londen wou optree, en aan die ander kant was daar 'n stewige persentasie van die plaaslike publiek wat op herhaalde uitvoerings aangedring het. 'n Besliste onderskeid was dat besonder stewige bywoningsyfers vokale konserte gekenmerk het, terwyl instrumentale konserte by meer as een geleentheid deur skrapse bywoning gekenmerk is.

Die konkrete invloed van die konserte op die plaaslike aktiwiteit was minimaal. Soos reeds gemeld, is mev. Baker se solo sang- en klavieruitvoerings in 1904 en 1905 heelwaarskynlik beïnvloed deur die solo-optredes van die besoekende

kunstenaars. Ongelukkig het geen ander beduidende tendense op die plaaslike toneel in die dienooreenkomstige tydperk tot stand gekom wat aan die besoekende kunstenaars se invloed toegeskryf kon word nie. So byvoorbeeld het die herhaalde besoeke van die Cherniavsky-trio nie gelei tot 'n soortgelyke ensemble in Oos-Londen nie.

In sy geheel beskou het die kunstenaars 'n dinamiese, konstruktiewe bydrae tot die musieklewe van Oos-Londen gelewer. Ongelukkig het die plaaslike musici nie oor die dryfkrag beskik om die geleenthede tot die uitbou van die dorp se eie musieklewe te benut nie.

5.2 VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1903-19145.2.1 Omvangryke verskeidenheid

Die besoek aan Oos-Londen deur vermaaklikheidsmaatskappye van uiteenlopende aard gedurende die tydperk 1903 - 1914 het gesorg vir 'n omvangryke verskeidenheid vermaak. Die getal aanbiedinge was in sommige jare maar dun gesaai maar feitlik al die aanbiedinge het getuig van 'n gevarieerde, kleurvolle karakter.

Von Biene

In 1903 het slegs een aanbieding van noemenswaardige gehalte voorgekom. 'n Tjellis Auguste von Biene het in Augustus met 'n ondersteunende maatskappy van vier-en twintig lede drie aande in die stadsaal opgetree.¹ Tydens hulle laaste optrede het die kunstenaar wat as 'one of the greatest living 'cello players' bestempel is, Kol Nidrei ensy eie Phantasie on Scotch and Irish airs voorgespeel.

Biograph Concerts

Aktiwiteite het in 1904 toegeneem en etlike aanbiedinge van 'n besondere verskeidenheid het in dié jaar voorgekom.

Op Saterdag 25 en Dinsdag 28 Junie 1904 is twee uiters prikkelende konserte, bestempel as Grand Concerts and Biograph Entertainments, aangebied waaraan ook die bekende mej. Gertrude Macdonald en die wêreldberoemde bariton mnr. Avon Saxon deelgeneem het.² Die gevarieerde program het bestaan uit:

Ouverture	<u>La Lyre D'or</u>	ALPHONS HERMAN Grout-orke
Lied	<u>The Yeoman's Wedding</u>	PONIATOWSKI Mnr. Saxon
Humoristiese lied	<u>The Coster's Muvver</u>	GUS ELLEN Mnr. Walters
Biografiese prente	Keurspel	New York Biograph Company
Cake Walk	<u>The Brooklyn</u>	THURBAN Grout-orke

Lied	<u>The Bandelero</u>	STUART Mnr. Saxon
Vioolsolo	<u>Intermezzo (Cavalleria Rusticana)</u>	MASCAGNI Mnr. Wood
Humoristie	<u>Wotts the good of Hanyfink? Why Noffink</u>	Mnr. Wood
Lied	<u>The Lost Chord</u>	SULLIVAN Mnr. Saxon Obligaatorrel: Mnr. Wright
Keurspele	<u>A Country Girl</u>	LIONEL MONCKTON Grout-orkes
Biografiese prente		

Westminster Glee Concert Party

Beslis meer verrykend van aard, uit 'n musikale oogpunt, was die program wat Edward Branscombe se Westminster Glee and Concert Party op Vrydag 23 en Saterdag 24 September in die stadsaal aangebied het.³ Al die items was vokaal van aard en in die humoristiese musieksketse is van twaalf deelnemers gebruik gemaak wat onder andere ingesluit het 'n konsert-kontralto, seunsoprane, mans-alte, tenore en basse. Die program het onder meer bestaan uit madrigale van BEALE en HORSLEY, gleees van SPOFFORTH en ATTERBURY, kwartette van SHORE en OTTO, asook liedere van CHERRY, HATTON, COWEN en SULLIVAN.

Charles Saunders

Verskeidenheidskonserte deur besoekende kunstenaars en/of geselskappe was in die daaropvolgende drie jaar uiters dun gesaai. Al noemenswaardige poging was die konsertoptredes deur die gesiene Engelse tenoor Charles Saunders in September 1905.⁴ Benewens puik vertolkings van ligte liedere, het hy geslaagde projeksie bereik in die vertelling van die lewensverhaal van 'n sekere Sims Reeves.

London Gaiety Company

Die toedrag van sake is op Maandagaand 24 Februarie 1908 verlig toe mnre. B en F Wheeler se London Gaiety Company

die pantomime Forty Thieves in Oos-Londen opgevoer het.⁵ Individuele skitterpunte was die sang van mej. Lottie Sargeant en die toneelspel van mej. Mabel Medrow. Die aanbieding is vir nog drie opeenvolgende aande opgevoer.

London Musical Comedy Company

Op soortgelyke vlak het die London Musical Comedy Company op 6 en 7 Augustus die musikale komedies A Trip to Chinatown en The New Mephisto opgevoer.⁶ Nieteenstaande die aard van die aanbieding was die ondersteuning swak. Die resesent het hierdie verskynsel as 'a funny thing' - wat dit inderdaad was - bestempel. Hy het onmiddellik daaraan toegevoeg dat sou die groep langer in Oos-Londen vertoef, 'crowded houses' hulle 'night after night' sou begroet het.

Steele-Payne Bellringers

Die besoek deur die wêreldberoemde Steele-Payne Bellringers vanaf Saterdagand 6 November 1909 het 'n nuwe lewenslus aan die genre verleen.⁷ Die volgende groep kunstenaars het vir vier aande in Oos-Londen opgetree: mejj. Lizzie Payne ('the versatile musician'), Francis Hanran ('the dainty comedienne'), Alice Appleby (kontralto en instrumentaliste), en mnr. Ralph Steele (bariton en humoris), Tom Saunders ('the world's comique'), James Hinchey (tenoor), Claude Steele (mandolien en vokalis), Jules Henri (bas en pianis) en Frank Potts (bioskoop-operateur). Hul opwindende aanbieding het die gehore betower en 'n nuutgevonde instrument - orrelklokke - het groot aftrek geniet:

The chimes, which resemble small organ pipes, are hung four in a line on shuttles, and are manipulated by six performers, and the treasure of music they produce is simply glorious.

Al die lede van die geselskap het hierdie instrument tydens die openingsitem bespeel, wat onder meer The Holy City en Home Sweet Home ingesluit het. Uitstaande individuele vertonings was die sang van mnr. Hindley met The Maid of the Mill en mej. Hanrahan met haar aansteeklike humoristiese sketse. Benewens verskeie rasend snaakse sketse en liedere is 'n mandolienkwartet, uittreksels uit Il Trovatore, en 'n

vokale manskwartet wat Gipsies Laughing gesing het, aangehoor, terwyl mej. Lizzie Payne verskeie keurspele op Russiese sleeklokkies voorgespeel het.

Aangesien die aard van hierdie aanbiedinge lynreg in ooreenstemming was met die voorkeur van die publiek, hethulle oorvloedige ondersteuning geniet.

Twee internasionaal-erkende ensembles

Dié geselskap se vertonings is kort daarna opgevolg deur die besoek van twee internasionaal-erkende ensembles. Op Saterdag 11 en Maandag 13 Desember sou die Austro-Hungarian Ladies' Band and Bohemian Orchestra van twee en twintig lede onder leiding van mme. Ludmille Suoch Gehrecke - dwarsoor Europa bekend as The Lady Strauss - in die stadsaal optree, gevolg deur die Besses o' th' Barn Band op Maandag 20 Desember.⁸ Hierdie internasionale Britse blaasorkes van twee-en-dertig lede se spel is beskryf as 'simply indescribable'.

Austro-Hungarian Ladies' Band

Die ensemble onder leiding van mme. Gehrecke het uitmuntend gespeel en die resensent was daarvan oortuig dat die ensemble die werke van die komponiste geïnterpreteer het in 'the manner undoubtedly intended'.⁹ Hul program op 11 Desember was:

<u>For God and King-mars</u>	LEHUHARDT
<u>Stradella-ouverture</u>	FLOTOW
<u>Thou and Thou-wals (Fledermaus-operette)</u>	STRAUSS
<u>Great Fantasia</u>	Komponis nie genoem nie
<u>The Gladiators</u>	FUCIK
<u>Reminiscences of Tannhäuser</u>	WAGNER

Die ensemble se tweede konsert het ook op 'n skitterende sukses uitgeloop.¹⁰

Besses o' th' Barn Band

'n Week later het die unieke Besses o' th' Barn Band Oos-Londen

besoek en op Maandagaand 20 Desember die volgende werke voorgespeel:¹¹

Mars	<u>Tannhäuser</u>	WAGNER
Ouverture	<u>Poet and Peasant</u>	SUPPE
Xilofoonsolo	<u>Woodland Echoes</u>	NAYLOR Mr. Brightwell
Keurspel		ROSSINI
Wals	<u>Marquerite</u>	GODFREY
Eufoniumsolo	<u>Fantasia Fantastique</u>	WINTERBOTTOM Mr. Kerry
Keurspel	<u>Carmen</u>	BIZET
Fantasie	<u>Memories of Britain</u>	RIMMER

Hierdie ensemble, wat ongetwyfeld van internasionale gehalte was, se vertoning was 'n triomf, en om die heuglike gebeurtenis van nader toe te lig word die resensent se kleurrike verslag in sy geheel geplaas:¹²

After hearing the performances of the Besses o' th' Barn Band in the Town Hall last night, there can no longer be any doubt as to the validity of their claim to the finest brass band in the world. In fact, the name band hardly describes them, and they might more aptly be termed a brass orchestra. And indeed, few orchestras could equal this famous band in purity and sweetness of tone, for precision and brilliancy of execution, for attack and release of the notes as a whole, and for individual excellence in the solo passages. The unanimity of crescendo and diminuendo in tutti passages must be heard to be realized; from the softest of harmonious whispers the notes swell until the full power of the instruments is being poured forth in one grand melodious volume of sound, without, however, the slightest trace of harshness or the least indication that the tone comes from brazen mouths as they play rapid, rippling music, each note from each instrument falls into place with most perfect precision, never too late; in fact, it is often the eye alone that tells that more than one instrument is sounding at the same time. With the accompanying, the softness of the harmony forms a backing for the soloist which tends to emphasize, and never dominate or drain a theme. And these soloists - cornets, with a clarity of tone, a compass, a sweetness that imagination fails to describe. Horns, baritones, trombones, with softness of tone and brilliance of execution seldom heard even from a first class solo cornet, and a euphonium, most sympathetic of all instruments, unsurpassed in compass, rendering swelling, sustained notes, rapid passages, brilliant cadenzas, trills and tremolos - a revelation indeed as to the capabilities of the instrument in the hands of a master. Much of their success is undoubtedly due to their famous conductor, Mr. Alexander Owen, but to such a pitch of perfection has the band, individually and as a whole, now attained that his task must be light, and the work of his conducting so brilliant a body of instrumentalists, a delight

and a pleasure. The tone of the band has been compared to that of an organ, but many of the effects obtained would be impossible on the finest organ ever built. No wonder that the audience - a numerous one, filling almost every seat and occupying standing room at the back - sat breathless and entranced, drinking the melody into their very souls and breaking forth into spontaneous and rapturous applause almost before the last note of each item had ended away. Repeats were demanded for every item, and Mr. Owen good-naturedly responded in six out of the eight which made up the programme. Even then his hearers were not satisfied, even the National Anthem being hailed with applause, and one or two irresponsible shouts of encore. Never before in East London has such music been heard, and unless the Besses can pay us a second visit, the like will never be heard again by the majority of those present last night.

Musical Madcaps en Scarlet Troubadours

Ná hierdie luisterryke gebeurtenisse het Oos-Londen in 1910 besoek ontvang van die Musical Madcaps¹³ en die Scarlet Troubadours¹⁴. Veral laasgenoemde groep het beïndruk met hulle vloeiende vertonings van humoristiese sketse en afgeronde sang.

Troubadours, Steele-Payne Bellringers en Merry Mascots

In 1911 het die Scarlet Troubadours en die Steele-Payne Bellringers Oos-Londen weer besoek, en deurgaans groot aftrek geniet.¹⁵

Nog 'n geselskap wat geskitter het in komedie en sang, was die Merry Mascots wat Oos-Londen op Vrydag 13 en Saterdag-aand 14 Januarie 1911 besoek het met die opvoering van die musikale komedie, The Gay River.¹⁶ Op publieke aandrang het hulle nog vier opvoerings van die komedie aangebied.

Maud Allan

'n Sonderlinge gebeurtenis in die daaropvolgende jaar was die optredes van die wêreldberoemde danseres Maud Allan op Vrydag 12 en Saterdag-aand 13 Januarie.¹⁷ Albei haar opvoerings het die groot gehore in ekstase gehad.¹⁸ Haar begeleidingsmusiek is verskaf deur die pianis Victor Kihl

wat die volgende werke voorgespeel het: Wals in A-mol majeur, 'n Mazurka en die Nokturne in F-kruis majeur (CHOPIN), Moment Musical (SCHUBERT), Peer Gynt Suite (GRIEG), Spring Song (MENDELSSOHN) en Blue Danube (STRAUSS).

Royal Strolling Players

Ook van hoogstaande gehalte was die besoek van die Royal Strolling Players op Maandagaand 30 Desember 1912.¹⁹ Dié begaafde geselskap van komediante, danseresse en sangers het die 'enormous gathering' getrakteer op hulle 'musicianly ability and refinement, versatility and consummate artistry'. Hulle tintelende program het bestaan uit meerstemmige liedere, glees, kwartette, humoristiese items en dansnommers.

London Trocadero Orchestra

In Maart 1913 was die besoek van die London Trocadero-orkes onder leiding van die gevierde violis Jacques Jacobs die onbetwiste hoogtepunt van daardie jaar.²⁰ Hierdie orkes het bestaan uit nege spelers: vier violiste, 'n tjellis, 'n kontrabasspeler, 'n pianis, 'n orrelis en 'n cymbalum-speler - 'an old Hungarian stringed instrument somewhat resembling a harpsichord'. Hierdie ensemble, wat hoë lof deur Puccini, Henry Wood, Melba en Caruso toegeswaai is, het een en almal verras met hulle geweldige volume. Hulle gebrek aan dinamiese skakerings het die resensent egter laat wonder of hulle bladmusiek oor enig piano-dinamiekaanduidings beskik het, veral in hul lewering van verskeie ragtime nommers. Die genoemde gebrek ten spyte, was hulle spel deurgaans van hoogstaande gehalte en is hul klankkwaliteit in die lewering van opera-keurspele vergelyk met die van 'n groot orrel. Die keurspele was uit La Boheme, Tannhäuser en Lohengrin, terwyl die ragtime items onder meer Alexander's Ragtime Band, Oh you beautiful Doll, Everybody's doing it, Hitchyko, The Gaby Glide en die Septembre-wals ingesluit het. Hul volgende opvoerings het groot aftrek geniet en dit was duidelik dat ragtime-musiek hul sterkpunt was. Die geselskap het Oos-Londen weer in Mei besoek.²¹

Komedie-geselskappe

Verdere optredes in hierdie genre het tot en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog net bestaan uit 'n aantal komedie-geselskappe waarin musiek 'n ondergeskikte rol gepeel het.²²

5.2.2 Samevatting

Die voorkeure van die oorgrote meerderheid van Oos-Londen se musiekkliefhebbers was gerig op ligte en bekende werke, en om dié rede was die verskeidenheidskonserte deur besoekende geselskappe vir hulle 'n heerlike toevlug. Uitstekende bywoningsyfers het dié geselskappe se optredes byna deurgaans gekenmerk, en dit was duidelik dat kwaliteits-aspekte nie veel oorweging geniet het nie.

Hierdie konserte het 'n ryke verskeidenheid items van musiek en vermaak omvat. Uit die prismatiese samestelling het 'n aantal uistaande musikale gebeurtenisse gespruit: die vonkelspel van die Steele-Payne Bellingers, die spel van die Austro-Hungarian Ladies' Band, die optrede van die internasionale Besses o' th' Barn Band en die dansvertoning van Maud Allan.

Nieteenstaande die feit dat die aanbiedinge slegs sporadies voorgekom het, het dit in die milieu van Oos-Londen se musikale opset tog 'n betekenisvolle funksie vervul. Dit het aan die meerderheid van Oos-Londen se inwoners intense genot verskaf en die dorp se eie valerige musiekbeeld gestimuleer.

5.3 OPERAS EN OPERETTES 1903 - 19145.3.1 Opvoerings slegs sporadies

Opvoerings van operas deur besoekende geselskappe het maar uiters sporadies voorgekom in die tydperk 1903-1914. Operas van hoogstaande gehalte is wel opgevoer, maar die klem het meestal op operas in die bekende, luimige kategorie geval, wat dan ook die meeste aftrek geniet het. Hierdie faktore het meegebring dat die invloed van besoekende opera-geselskappe op die plaaslike toneel gering was.

Moody-Manners Grand Opera Company

Onder die beskerming van mnr. D en F Wheeler sou die Moody-Manners Grand Opera Company vanaf Maandagaand 6 Maart 1905 die volgende operas aanbied:¹ Maandag 6 tot Vrydag 10 Maart - Il Trovatore, Carmen, Faust, Cavalleria Rusticana én Pagliacci en Lohengrin, met die ondersteuning van 'n 'complete orchestra of 30 artists'. Hul optredes in ander groot sentra het manjifiek verloop en 'n uitstaande klank- en dramafees is Oos-Londen opera-liefhebbers beloop. Mimosa het met verwagting uitgesien na hierdie gebeurtenis om 'real grand opera' te beleef, en geglo dat 'the orchestra should prove a model to our local orchestras'. Oor die gehalte van hierdie groep se openingsoptrede op Maandagaand was daar geen twyfel nie en almal was dit eens dat die geselskap se opvoerings bo-gemiddeld was.² Onder leiding van signor Romaldo Sapiro het die orkes uitmuntende spel gelewer, terwyl die dekor as 'in the best of taste' geklassifiseer is. Hul optredes het net die hoogste lof ingeoes en groot entoesiasiese gehore het hulle opvoerings ondersteun.³ Ongelukkig het die bestuurskomitee nie hulle weg oop gesien om Lohengrin aan te bied nie, aangesien die werk in 'a different style from the other operas to be staged' was. 'n Skokkende onthulling aan die einde van hul besoek aan Oos-Londen het egter die ware feite aan die lig gebring:⁴

The company leaves today for King William's Town where they will open to-night in Lohengrin, the magnificent opera which would have been given here had the advance booking been better.

Dit was dus 'n situasie wat Oos-Londen-musiekliefhebbers se weiering om vernuwing toe te laat, pynlik weerspieël het.

King William's Town-geselskap

Daaropvolgend het die Musiek- en Dramavereniging van King William's Town op Vrydag 9 en Saterdag 10 Junie GILBERT en SULLIVAN se populêre komiese opera Patience met sukses opgevoer, en die publiek van Oos-Londen se verknogtheid aan werke van ligte, oppervlakkige aard onderstreep.⁵ Behalwe vir 'n opvoering van die Mikado in 1904⁶, het dié geselskap in Februarie 1906 BASIL HOOD en EDWARD GERMAN se Merrie England opgevoer.⁷

Opera-aanbiedinge deur besoekende geselskappe was in die daaropvolgende aantal jare uiters skaars en dit was net die energieke geselskap van King William's Town wat sporadies met opvoerings van operas vorendag gekom het; meestal van GILBERT en SULLIVAN. In 1907 het hulle Iolanthe en Amasis opgevoer⁸ en in 1909 The Gondoliers⁹. Uitstaande kenmerke van die geselskap se opvoerings was hul uitstekende koorsang en 'n wakker en knap orkes. Na die opvoering van The Gondoliers het vier jaar verstryk voordat Oos-Londen weer deur 'n opera-geselskap besoek is.

John Ridding opera-geselskap

Vanaf Maandagaand 6 Januarie 1913 tot Saterdagagaand 11 Januarie het die John Ridding opera-geselskap die volgende operas in Oos-Londen opgevoer: Maritana¹⁰, Faust¹¹, The Daughter of the Regiment¹², The Waterman, Cavalleria Rusticana, Il Trovatore en The Bohemian Girl. Ongelukkig het die geselskap nie oor 'n orkes- of koorensemble beskik nie, maar almal was dit eens dat 'grand opera without a chorus is infinitely better than none at all'. Uit 'n 'grand opera point of view' was die produksie van Il Trovatore die voortreflikste en die resensent het die feit betreur dat die groep se seisoen op Saterdagagaand 11 Januarie sou eindig aangesien 'it is a long time since East Londoners had such a feast of high class music'.¹³

King William's Town-geselskap

In dieselfde jaar het die King William's Town-operageselskap die Mikado vir die derde keer in Oos-Londen opgevoer en volgens die resensent was dit tot op daardie stadium hul beste poging.¹⁴

5.3.2 Samevatting

Etlike werke van 'n hoë standaard is in Oos-Londen opgevoer en 'n verblydende kenmerk was dat die ondersteuning oor die algemeen goed was. Dit is egter jammer dat 'n werk soos WAGNER se Lohengrin nie in Oos-Londen opgevoer is nie, as gevolg van die trae belangstelling van die dorp se musiekliefhebbers. Bywoningsyfers by operas van ligter aard was daarenteen deurgaans goed wat bewys het dat die dorp se musiekliefhebbers onteenseglik voorkeur gegee het aan operas in die kategorie.

In sy geheel beoordeel was die invloed van opera-geselskappe wat Oos-Londen gedurende die tydperk 1903-1904 besoek het, minimaal.

5.4 BESOEKENDE BLAASORKESTE 1903 - 19145.4.1 Besoeke van blaasorkeste verrykend

Met gereelde tussenposes het blaasorkeste van gehalte Oos-Londen besoek. Nie alleen was hulle besoeke 'n inspirasie vir die plaaslike regimentorkes nie, maar het die kontraktering van top-orkeste gedurende die Kersseisoen besondere kleur en verskeidenheid aan Oos-Londen se vermaaklikheidslewe verleen.

Hungarian Military Boys' Band

Onder leiding van hul dirigent Herr Steiner, het die Hungarian Boys' Band op Donderdag 9 April 1903 voor 'n 'exceptionally good house' opgetree.¹ Hul klankkwaliteit het getuig van 'n goeie gebalanseerde ensemble, waarvan die houtblaas-seksie uitgesonder is as die indrukwekkendste: 'it possesses a beauty and sweetness of tone not often heard even in first class bands in Europe'. Verskeie items - ongelukkig is geen programnotas verstrekkend nie, behalwe dat melding gemaak is van die Orpheu aux enfers-ouverture, die Rakoczy-ouverture, 'n Hongaarse dans Ungarische Lustspiel en die werk Chorus of the Dervish - het vokale koorgedeeltes bevat wat deur lede van die orkes gesing is, terwyl die res van die orkes instrumentale begeleiding verskaf het. Hulle het na 9 April nog drie keer in Oos-Londen opgetree.

16th Lancers-blaasorkes

Bekend as 'one of the finest bands in the Imperial Service', het die blaasorkes van die 16th Lancers van meer as veertig lede onder leiding van mnr. J D Markey, op Vrydag 30 September en Saterdag 1 Oktober 1904 in die stadsaal opgetree.² Hulle spel is besonder gunstig ontvang. Die volgende werke is onder meer voorgespeel:

Mars	<u>The New Colonial</u>	HALL
Overture	<u>Stradella</u>	FLOTOW
Amerikaanse skets	<u>Down South</u>	MYDDLETON

	<u>Scenes Pittoresque</u>	MASSENET
	<u>Lustige Bredor</u>	VOLLSTEDT
Keurspel	<u>Floradora</u>	STUART
Ragtime	<u>Mr. Thomas Cat</u>	HALL

Hul tweede aanbieding het onder meer keurspele uit Lohengrin van WAGNER en die Peer Gynt Suite van GRIEG bevat.³

Cape Mounted Riflemen

Slegs 'n maand later sou die blaasorkes van die Cape Mounted Riflemen onder leiding van mnr. T J Marshall, BM, met die hulp van die Band and Pipers van die Kaffrarian Rifles en die King William's Town Borough Band 'n Grand Military Concert op Vrydagaand 4 November aanbied en 'n Military Promenade Concert op Saterdag 5 November.⁴ Die programme het 'popular and classical' werke bevat wat 'judiciously mixed' was, en dirigent en orkes is hoë lof toegeswaai:⁵

Under their present conductor, Mr. T J Marshall, BM, the band has attained the highest efficiency. He conducts with the greatest skill, quickly and without fuss, and with the most evident mastery of his work and the band answers to his every direction like a perfectly working machine. The individual men must also be excellent musicians, and almost without exception their performance was a very fine one. The woodwind was very good indeed, the brass magnificent, and the precision of the band as a whole, their smart attack, and the careful observance of light and shade lifted their performance to a very high level.

3rd Manchester Regiment

Hierdie voortreflike pogings is in Desember opgevolg toe die 3rd Manchester Regiment van 22 Desember in die Marina-park opgetree het, waar hulle spel as 'remarkable' beskryf is, 'both in execution and selection'.⁶ Hulle sou voorts vir 'n onbepaalde tydperk vakansiegangers daaglik om 15h15 en 20h00 op verkwikkende keurspele traktee. Op Kersaand sou onder meer 'n komposisie van die plaaslike onderwyser en stemmer WITTE, The Boys' Favourite March, voorgespeel word.⁷

In April 1905 het hierdie ensemble weer in Oos-Londen opgetree, dié keer voor die Beach Hotel met 'n program wat keurspele uit Faust van GOUNOD ingesluit het.⁸ Op Vrydag

21 April is 'n program van opera- en gewyde werke aangebied wat deur 'first-class skill and expression' gekenmerk is en 'n groot gehoor gelok het.⁹ Die feestelike mars uit Tannhäuser van WAGNER en God so loved the World uit The Crucifixion van STAINER was onder die werke wat uitgevoer is. Hulle het Oos-Londen weer in Oktober en Desember besoek waar hulle vertonings voor die Beach Hotel van die hoogtepunte van die feesseisoen was.¹⁰

Hierdie ensembles se puik spel het dus in geen geringe mate nie bygedra tot die uitbouing en stimulering van orkesmusiek in Oos-Londen. 'n Belangrike newefaktor was die feit dat die ensembles se programme af en toe deur werke van ernstiger aard versier is. Ongelukkig het Oos-Londen se eie blaasorkes nie soortgelyke oordeelkundigheid in die opstel van hulle programme openbaar nie.

4th Royal Irish Dragoon Guards

Bedrywighe in dié genre is in 1906 oorheers deur die vertonings van die 4th Royal Irish Dragoon Guards, 'n ensemble wat Oos-Londen in Maart¹¹ en Augustus¹² besoek het. Hulle vaardigheid ten spyt, het hulle programkeuses nie van besondere ondernemingsgees gespreek nie, en het slegs enkele werke van gewigtiger aard hulle aanbiedinge versier. (Selfs die resensent het hulle oor hul 'popular' keuses gekapittel.) Hul program in Augustus het byvoorbeeld bestaan uit:¹³

Ouverture	<u>William Tell</u>	ROSSINI
Keurspel	<u>Carmen</u>	BIZET
Piccolosolo	<u>Echo des Bois</u>	DAMARE Kpl. Genever
Humoristiese skets	<u>Alabama Minstrels</u>	KNOWLES
Keurspel	<u>Tannhäuser</u>	WAGNER
Musikale idille	<u>The Smithy in the Wood</u>	MICHAELIS
Keurspel	<u>The Earl and the Girl</u>	CARLYLE
Fantasie	<u>Episodes in a Soldier's Life</u>	KAPPEY

Hulle spel was egter baie goed en hulle is aangeprys vir hul geslaagde dinamiekverskille.

Cape Mounted Riflemen

Benewens die optredes van dié ensemble, het die Cape Mounted Riflemen-orkes Oos-Londen weer besoek en met flink vertonings vorendag gekom. Hulle het in Mei en gedurende die feesseisoen 1906 - 1907 opgetree.¹⁴

'n Lid van die publiek wat nie met die samestelling van hulle programme, asook die plek waar dit uitgevoer is, gediend was nie, het sy griewe deur middel van 'n skrywe onder die skuilnaam Bystander bekend gemaak:¹⁵

As a constant visitor, afternoon and evening to the Marine Park to hear the Band, I was struck with one noticable feature in the performance of the Cape Mounted Riflemen Band. I yield to none in my appreciation of concerted music when well rendered, and in that respect I wish to pay a well deserved tribute to the men from Umtata. But, whilst admitting that their instrumentation was in every sense excellent, I must confess that the selection of the pieces left much to be desired. For a concert-room, no doubt, the selections would have been admirable, as they are thoroughly well adapted, to that class of entertainment, but for open-air performances they were more disappointing and inappropriate ... it might be 'nice' and high to play stuff which is neither heard nor understood, but it is not popular. I presume that the Cape Mounted Riflemen Band came here to suit itself and not the popular taste.

Hierdie skrywe het verskeie lede van die publiek nie aangestaan nie en in skerp bewoorde antwoorde het drie persone onder die skuilname Largo, Yorkshire en Amateur die aantygings weerlê.¹⁶ Bystander het egter nie op hom laat wag nie en sy verbasing oor die drie here se histeriese uitbarstings uitgespreek, en steeds by sy argument dat hul uitvoerings nie vir buitelugoptredes geskik was nie, gestaan.¹⁷

Nie minder nie as ses briewe het daarna Bystander se argumente aan flarde geskeur en 'n totale front ten gunste van die Cape Mounted Riflemen-orkes opgebou. Die onaangenaamheid wat Bystander se aantygings ontketen het, het nog steeds voortgewoed en die redakteur het aan die einde van vier ellelange briewe gelas dat die polemieek gestaak moes word.¹⁸ Mimosa van die Ladies' Column het haar van die felle polemieek gedistansieer en op 'n nugter praktiese wyse onder meer die volgende wenke aan die hand gedoen:¹⁹

The discussion of the respective merits and demerits of the Cape Mounted Riflemen and Kaffrarian Rifles Bands has been very interesting. In one way I must own to thinking that the Cape Mounted Riflemen Bandmaster does not choose music that is quite suitable to an open air concert. People go to listen to the band in order to be amused, nothing else. They do not go to be instructed or educated in any way, they simply require amusement. Operatic music is quite, to my mind, the enjoyable music for out of doors, and there are very many classical, as well as popular, operas from which to choose; a selection would be readily found that would suit everybody around. For instance, there are the old and ever fresh operas by GILBERT and SULLIVAN; also The Bohemian Girl and Maritana style of music which I feel certain would find favour in the eyes of the majority of people. Again, good swinging marches are very lively, while an occasional waltz or any other dance would liven things up considerably. I am offering these suggestions in a most tentative way, as I have only been down three times to hear the Band, but each time I was struck with the want of lively and popular music. The Band is excellent, the instruments are well balanced, and the tone is good, but I certainly think that the pieces of music performed by them are wanting in many ways, that is as far as I saw. Many of the pianissimo parts are so soft they cannot be heard at all in the open air, and this is a fault which requires correction.

Dit wou voorkom asof die ensemble die voorstelle ter harte geneem het, want hul laaste program van die seisoen het beslis van groter verskeidenheid en populariteit getuig.²⁰

Dit het ingesluit: Rienzi' Prayer, The spinning chorus (The Flying Dutchman), Bridal Chorus (Lohengrin) en Walter's Prize song (Mastersingers) asook 'n kornetsolo deur sers. W Williams, alles van WAGNER. Hulle het Oos-Londen weer gedurende die Paasreises besoek.²¹

5th Dragoon Guards

'n Knap orkes uit Bloemfontein, die 5th Dragoon Guards, het kort voor Kersfees met 'n reeks optredes in die Marina-park begin.²² In sy proefskrif Die Musiekgeskiedenis van Bloemfontein 1900 - 1939 meld Human dat die orkes 'n wesentliche bydrae tot die musieklewe van die stad gemaak het.²³ In Bloemfontein het hulle hul samewerking aan talryke instansies gegee en die konsertverhoog met die stad se beste uitvoerende kunstenaars gedeel. Hul programme het van 'careful and judicious selection' getuig.²⁴ Aanvanklik sou dié voortreflike ensemble op Maandag 6 Januarie 1908 na Bloemfontein terugkeer, maar hul besondere gewildheid het daartoe gelei

dat hulle hul seisoen met nog 'n week verleng het. Hulle het Oos-Londen weer in Maart besoek en 'n aantal opelugaanbiedinge in die Marina-park gelewer.²⁵

Die feit dat Oos-Londen 'n aangename heenkoms vir vele vakansiegangers was, het vermaak en afleiding 'n hoë prioriteit gemaak. Dit het daartoe gelei dat die stad gereeld blaas-orkeste gehuisves het om in vermaaklikheidsbehoefte te voorsien. Nieteenstaande die feit dat die ensembles se primêre funksie daarop gemik was om te vermaak, kon die belanghebbende veel leer. Orkeslede, kapelmeesters en entoesiaste van blaasinstrumente het sekerlik die geleentheid benut om hul programkeuses en vertolkings te bestudeer.

Band of the 3rd Hussars

Gedurende die feesseisoen 1908 - 1909 was die inwoners van Oos-Londen bevoorreg om nog 'n besoekende militêre orkes te hoor, naamlik die Band of the 3rd Hussars onder leiding van mnr. H M Carr.²⁶ Die orkes het op Donderdagaand 17 Desember sy seisoen in die Marina-park geopen. Na afloop van slegs hul tweede aanbieding op Vrydagaand 18 Desember het die resensent verklaar dat hulle spel 'beyond criticism' was, 'each of the men evidently a master of his instrument'.²⁷ Tydens dié geleentheid het hulle werke van ELFORD, O'KEEFE, ENGLANDER, MYDDLETON, BALFE, CHRISTINE, WAGNER, ZIEHRER en HECKER gespeel. Op Saterdagmiddag 2 Januarie 1909 het hulle HAYDN se Vaarwel-simfonie uitgevoer, en groot vermaak verskaf toe die kapelmeester uiteindelik met net twee klarinetspelers op die verhoog geëindig het.²⁸ Benewens hulle weeklikse verpligtinge het hulle ook gewyde programme op Sondagmiddag 20 Desember en 3 Januarie 1909 aangebied.²⁹ Stewige ondersteuning het hul afskeidskonsert op Maandagaand 19 Januarie in die stadsaal gekenmerk.³⁰ Volumegewys was hulle binneshuise opvoering totaal verskillend van dié van hul bykans veertig of meer buitelugvertonings, en in die beskrywende werk Kassassin waar 'n 'cavalry charge' voorgestel word, het die volume 'the proportions of a perfect tornado' aangeneem. Heelparty van die aangebode werke het koorgedeeltes bevat, waarin die sopraanstemme opvallend 'sweet' was. Hul program was:

Ouverture	<u>William Tell</u>	ROSSINI
Keurspel	<u>The Gondoliers</u>	SULLIVAN
Lied	<u>The Lost Chord</u>	SULLIVAN
Amerikaanse skets	<u>Down South</u>	MYDDLETON
'n Droom-skets	<u>The Phantom Brigade</u>	MYDDLETON
Keurspel	<u>The Merry Widow</u>	LEHAR
Sigeunerkoor	<u>The stars that above us are shining</u>	WEBER
Keurspel	<u>A Runaway Girl</u>	CARYLL
Beskrywende galop	<u>Kassassin</u>	WINTERBOTTOM

2nd Welch Regiment

Gedurende die feesseisoen van 1909 - 1910 het nóg 'n blaas-orke uit Bloemfontein, die 2nd Welch Regiment, in die Marina-park opgetree. Hul eerste optrede het gunstige kritiek uitgelok:³¹

The band is an excellent one, strong in mood, but with plenty of backing from the brass, especially in the bass. Their tone and rhythm are excellent, and even their softer passages were clearly heard at the uttermost parts of the Park.

Hierdie program het onder meer die Mars uit Tannhäuser van WAGNER, die Poet and Peasant-ouverture van SUPPE en 'n keurspel van ROSSINI-werke ingesluit.

1st Battalion King's Own Yorkshire Light Infantry.

Die gereelde besoeke deur blaasorkeste van elders in die land het in dié tyd toegeneem en tydens die Paasreses in Maart 1910 is musiekliefhebbers vereer deur die blaasorke van die 1st Battalion King's Own Yorkshire Light Infantry.³² Uit die staanspoor was dit duidelik dat die orke van ses en dertig lede, onder leiding van H W Simpson, geen gebrek aan 'carrying power or brilliancy' openbaar het nie. TCHAIKOVSKY se 1812-ouverture het 'n deurleefde interpretasie geniet en die gehoor het hulle waardering in geen onsekere terme nie uitgedruk. Benewens hierdie werk is ook die Miserere (Il Trovatore) van VERDI, The Gondoliers van SULLIVAN en die Indiene-mars van SELLENICK aangehoor.

Duke of Cornwall's Light Infantry Band

Die groot verskeidenheid wat besoekende blaasorkeste betref, is gedurende die seisoen van 1910 - 1911 uitgebrei deur die besoek van die Duke of Cornwall Light Infantry Band van veertig lede, onder leiding van kapelmeester Roberts.³³ Hul openingskonsert het geskied op Vrydagaand 16 Desember met werke van STRAUSS, ZEHLE, SUPPE, JOYCE, VERDI en EILENBERG.³⁴ Dié orkes se 'thoroughly finished rendering of each item' het vir hulle onmiddellike lof ingeoes en die stadsraad is gelukkigwens met sy poging om die 'very high class musical organisation' vir Oos-Londen te kon reël. 'n Opvallende kenmerk van die orkes se programme was dat die werke ietwat gewigtiger van aard was en dat komposisies van WAGNER, GOUNOD en CHOPIN voorgekom het.³⁵

March King Sousa-orkes

Na hierdie ensemble se gewilde optredes is die publiek gedurende die Paasaweek totaal oorrompel deur 'n wêreldberoemde orkes van sestig lede onder leiding van The March King Sousa. Op Goeie Vrydag 14 April 1911 het die ensemble om 15h15 op die ontspanningsterrein en om 20h15 in die stadsaal opgetree.³⁷ Hierdie gebeurtenis is as 'a Collosal Event Unequaled in the History of South Africa' gekategoriseer. Die feit dat die twee konserte op Goeie Vrydag plaasgevind het, het goeie bywoningsyfers beïnvloed. Sommige mense is deur godsdienstige gewetensbesware verhinder, terwyl ander met vakansie was.³⁸ Hulle spel was manjifiek en nieteenstaande 'n oormatige getal klarinette het geen balansverstorings voorgekom nie. Daarbenewens was hulle vertonings versier deur die sang en spel van mejj. Virginia Root (sopraan), Nicolene Zeeder (viool) en mnr. Herbert L Clarke (kornet). Hul middagprogram het onder meer LISZT se Rapsodie no. 14 bevat, terwyl die aandprogram onder andere die Bells of Moscow-prelude van RACHMANINOFF en Ride of the Valkyries van WAGNER ingesluit het.

Duke of Cornwall's Light Infantry Band

Die Duke of Cornwall-orkester wat soveel sukses tydens die gala-seisoen van 1910 - 1911 behaal het, sou Oos-Londen weer gedurende die Winterreses besoek.³⁹ Met die oog op hul voorgenome besoek het 'n lid van die publiek aan die hand gedoen dat die voorkeure van die gewone orkesliefhebber ook in gedagte gehou moes word en sy griewe aangaande hul repertoire-keuses uiteengesit in 'n skrywe aan die nuusblad:⁴⁰

The Town Clerk has entered into an agreement with the band of the Duke of Cornwall Light Infantry Band to give performances during the coming gala season. This band was with us during the Christmas holidays and received very favourable notices in your paper. I do not wish to criticise its performances, but I think it might easily have made a happier selection with which to entertain the public.

Unfortunately we are not all educated to such a high standard as would enable us to enjoy classic music, which cannot by any stretch of imagination be considered popular. I think I am tolerably correct in assuming that nine-tenths of the people assembled round the bandstand neither understood nor appreciated the rendering of such compositions. Let us have at least a fair sprinkling of popular melodies which appeal equally to those who thoroughly understand music and their less fortunate brethren who do not - BA

Hul eerste optrede het op Donderdagaand 15 Junie 1911 plaasgevind en of die program BA se bekrompe voorkeure bevredig het is nie seker nie, maar die program het 'loud bursts of applause' uitgelok:⁴¹

Mars	<u>I Love a Lassie</u>	HUME
Ouverture	<u>Poet and Peasant</u>	VON SUPPE
Drie danse	<u>Morris Dance</u>	GERMAN
	<u>Shepherd's Dance</u>	
	<u>Torch Dance (Henry VIII)</u>	
Keurspel	<u>The Dollar Princess</u>	FALL
Wals	<u>The Druid's Prayer</u>	DAWSON
Keurspel	<u>La Traviata</u>	VERDI
Tubofoonsolo	<u>The Chimes-gavotte</u>	HUME
Mars	<u>Feesmars (Tannhäuser)</u>	WAGNER

Om die ysige aandjies op te warm, is aangekondig dat tee en koffie tydens tussenposes by die Beach Hotel beskikbaar sou

wees.⁴² Ten spyte van die koue het groot skares hul optredes ondersteun.

Pleidooi om populêre musiek

In 'n insiggewend doersigtelike artikel wat in Julie op die vooraand van die ensemble se laaste optrede op Saterdag 15 Julie verskyn het, is die kapelmeester vir sy gevarieerde keuses - wat eerlike pogings tot bevrediging van alle smake was - geluk gewens.⁴³ Werke van ernstiger aard het wel hier en daar kop uitgesteek, maar beslis nie opvallend so nie, en dit was duidelik dat 'popular pieces' voorkeur geniet het, aangesien hierdie soort werke die stapelvoedsel van die deursnee musiek liefhebber was. Besonder interessant was die resultate van 'n steekproef wat onder die publiek gedoen is waarin hulle hul voorkeure kon lys. Meer as agthonderd antwoordlyste is terug ontvang. Die resultaat was 'n duidelike barometer dat ligte musiek by verre voorrang geniet het:⁴⁴

'n Fragment	<u>Sweet Remembrance</u>	266
Wals	<u>Septembre</u>	203
Lied	<u>The Rosary</u>	181
Springtouw-dans	<u>In the Shadows</u>	172
Ouverture	<u>Poet and Peasant</u>	150
Beskrywend	<u>The Mill in the Black Forrest</u>	146
Ouverture	<u>1812</u>	145
Keurspel	<u>Harry Lauder's Songs</u>	140
Intermezzo	<u>Rendezvous</u>	137
Ouverture	<u>William Tell</u>	137
Tubofoonsolo	<u>The Chimes</u>	133
Keurspel	<u>Il Trovatore</u>	130
Keurspel	<u>The Merry Widow</u>	124
Keurspel	<u>The Country Girl</u>	122
Buisklokke	<u>Weymouth Chimes-gavotte</u>	121
Highland Patrol	<u>The Wee MacGregor</u>	119
Mars	<u>Feesmars (Iannhäuser)</u>	115
Suite	<u>Peer Gynt Suite no.1</u>	112
Militêre mars	<u>Pomp and Circumstance no. 1 in D majeur</u>	110
Intermezzo	<u>Cavalleria Rusticana</u>	104
Keurspel	<u>The Mikado</u>	102
Keurspel	<u>The Yeomen of the Guard</u>	102

Ouverture	<u>Zampa</u>	98
Beskrywend	<u>A Grand Military Tattoo</u>	97
Wals	<u>The Druid's Prayer</u>	96
Wals	<u>Vision of Salome</u>	95
Wals	<u>Beautiful Danube</u>	89
Keurspel	<u>The Gondoliers</u>	82
Keurspel	<u>The Geisha</u>	77
Keurspel	<u>Tannhäuser</u>	75
Keurspel	<u>The Dollar Princess</u>	66
Keurspel	<u>Carmen</u>	65
	<u>The Turkish Patrol</u>	63
	<u>The Coon's Patrol</u>	62
Intermezzo	<u>On the Bosphorus</u>	61
Romanse	<u>Hobomoko</u>	58
	<u>Humoreske</u>	56
	<u>A Highland Scene</u>	55
	<u>Reminiscences of the Plantation</u>	54
	<u>Three Dances (Henry VIII)</u>	47
Keurspel	<u>La Traviata</u>	26
Keurspel	<u>Paqliacci</u>	26
Serenade	<u>Amina</u>	24
	<u>Slavonic Rhapsody</u>	15
	<u>Petit Bolero</u>	12
Ouverture	<u>Masaniello</u>	5

Die eerste agt werke sou tydens die orkes se laaste aanbieding voorgespeel word, wat die opmerksame resesent laat verklaar het:

As will be seen, popularity reigns supreme, the classical pieces having been given the cold shoulder.

Sixth Dragoon Guards

In Desember 1911 tot Januarie 1912 sou die Karibiese Sixth Dragoon Guards in Oos-Londen optree.⁴⁶ Hul eerste optrede sou op Saterdagmiddag 16 Desember om 20h00 in die Marina-park plaasvind, en werke wat gedurende die besoek deur die Duke of Cornwall's Light Infantry Band gewild was, sou gespeel word.⁴⁷ Inleidend tot die evaluering van die ensemble se spel, het die resesent daarop gewys dat die sukses van Oos-Londen se feesseisoen - 'as it does at every other seaside

resort' - nou saamgehang het met die gehalte van die betrokke blaasorkes. Tot op daardie stadium, naamlik voor die aanvang van die feesseisoen 1911 - 1912, was Oos-Londen bevoorreg om puik ensembles te huisves. Derhalwe was die skare wat op Saterdag 16 Desember die eerste uitvoering van Sixth Dragoon Guards bygewoon het, 'in a critical mood' oor hul kwaliteit.⁴⁸ Die spel van die orkes onder leiding van kapelmeester Simpson was egter van die begin af baie bevredigend sodat toegifte volop was.

Ten spyte van hulle besondere sukses, is middagvertonings nie na wense ondersteun nie, en het selfs vrye toegang tot die park nie die bywoningsyfers verbeter nie. Op aandrang van die Daily Dispatch sou vanaf Vrydagmiddag 29 Desember geëksperimenteer word met die gedagte om middagvertonings op die Orientstrand in plaas van in die Marina-park aan te bied.⁴⁹ Nieteenstaande 'drizzly weather', is hulle eerste eksperimentele middagvertoning daar goed ondersteun, alhoewel nie van rekordomvang nie.⁵⁰ Hul laaste optrede het op Woensdagaand 31 Januarie 1912 plaasgevind.⁵¹ Bykans vierduisend mense was by die ensemble se afskeidskonsert teenwoordig.

'n Uiteraars oppervlakkige evalueringsnorm in verslae en 'n konstante fobie oor bywoningsyfers, was faktore wat dit moeilik gemaak het om 'n korrekte waardebeoordeling oor die besoekende ensembles se spel te maak.

2nd Bedfordshire Regiment Band

Geen blaasensembles het Oos-Londen in die res van 1912 besoek nie, en dit was eers weer gedurende die seisoen van 1912 - 1913 dat Oos-Londen deur 'n besoekende ensemble getraakteer is.⁵² Die openingsoptrede van die 2nd Bedfordshire Regiment Band, onder leiding van kapelmeester Baxter, sou op Saterdagdagaand 14 Desember om 20h00 in die Marina-park plaasvind.⁵³ Die publiek is vriendelik versoek:

Give your piano a night off and come and listen to a real live band.

Hulle program was:

Mars	<u>The Nibelungen March</u>	WAGNER
Idille	<u>Softly Unaware</u>	LINCKE
Ouverture	<u>Light Cavalry</u>	SUPPE
Wals	<u>Under my Darling's Window</u>	LINCKE
Keurspel	<u>The Gondoliers</u>	SULLIVAN
Fantasie	<u>Harry Lauder's Songs</u>	WILLIAMS
Serenade	<u>The Warblers</u>	PERRY
Ragtime	<u>Alexander's Ragtime Band</u>	BERLIN
Mars	<u>Billy</u>	KENDIS-PALEY
Regimentmars	<u>Mandolinata</u>	

Trens wat belangstellendes na die strand vervoer het, was tot barstens toe gevul en ten spyte van 'n verhoging in toegangselde, het drieduisend vyfhonderd mense betaal om die konsert by te woon.⁵⁴ Die orkessamestelling was besonder militêr, maar onder die ferm hand van kapelmeester Baxter, is 'n goeie balans bewerkstellig. In die Fantasie het die orkes delikate spel openbaar. Hulle spel en sosiale gedrag het 'golden opinions' ingeoes en veral eersgenoemde aspek het hoë lof uitgelok:

Their music has been of a taking and attractive character, every piece rendered with delicacy and precision and with nuances of expression which have delighted all true musicians.

'n Skare van bykans drieduisend mense het hul laaste optrede aan die einde van die seisoen in Januarie 1913 terdeë geniet.⁵⁵

King William's Town Borough Band

Gedurende die naweek van Saterdag 15 tot Sondag 16 Maart 1913, het die King William's Town Borough Band Oos-Londen besoek en alhoewel hulle uitvoering verdienstelik was, was daar steurende balansprobleme.⁵⁶ Dit was veral die oormatige volume van die kornette wat die geheeleeffek bederf het, maar simpatiek is gemeld dat die dirigent, mnr. John Rowles, geen rede gehad het 'to be ashamed of the body of musicians he has under his baton'. Kritici is daarop gewys dat die orkes selfonderhoudend was en 'that it is more of a hobby than a business'. Dit was hul eerste besoek aan Oos-Londen. Hulle het die dorp weer in Oktober besoek en werke van KEELY, KAPS, COOTE, GREY, GODFREY, MICHAELIS, KAPPEY, DAWSON en ROBERTSON voorgespeel.⁵⁷

Daar was aansienlike verbetering in hulle spel - 'n uitvloei-
sel van die kritiek wat hulle voorheen gekry het? Hulle
het Oos-Londen ook weer in Desember besoek.⁵⁸

5.4.2 Samevatting

Besoekende blaasorkeste het gewis gedurende die tydperk
1903 - 1913 'n nuwe dimensie verleen aan die gegroefde
opset in soverre dit blaasorkeste betref.

Nieteenstaande die eerlike pogings van die plaaslike regi-
mentorkes kon dié ensemble nie volkome daarin slaag om in
die behoeftes van die algemene publiek te voorsien nie.
(Kyk Deel II, pp. 481 - 483, 486 - 487 en 489 - 490.)
Besoekende blaasorkeste, daarenteen, het wel aan die nodige
vereistes voldoen om die publiek te vermaak. Die oorgrote
meerderheid van die orkeste se samestellings was van 'n gro-
ter verskeidenheid as dié van die plaaslike orkes; die
ensembles het van groter ondervinding getuig en het spel
van 'n hoër gehalte gelewer.

Hierdie ensembles se kardinale funksie was om die talle vakan-
siegangers wat Oos-Londen gedurende die Kersseisoen besoek
het, te vermaak. Vir die stadsraad was die teenwoordigheid
van 'n puik blaasorkes 'n essensiële bydrae tot die geslaagd-
heid van die feesseisoen. Hulle pogings om dié orkeste na
Oos-Londen te lok, is dan ook herhaalde male in die Daily
Dispatch geloof.

Onbevredigende faktore was die oppervlakkige resensies en
geykte programme wat selde buite die konvensionele beweeg
het. Hier en daar het resensente 'n meer analitiese beskou-
ing openbaar, maar oor die algemeen was die verslae onbevred-
digend en eensydig - ensembles is byna deurgaans net met
die hoogste lof besing. Programme het uit die aard van die
saak om werke van beminde, populêre aard gewentel, met die
gevolg dat werke van meer ambisieuse aard selde aangehoor is.

Door 'n tydperk van tien jaar was Oos-Londen dus bevoorreg om met gereelde tussenposes knap orkeste van verskillende samestelling styl en aard aan te hoor. Hul besoeke het 'n verrykende invloed op die dorpsse musieklewe gehad, en beslis groter plooibaarheid aan 'n eensydige patroon verleen.

6 JEUGKONSERTE 1903 - 1913

Jeugkonserte het oor 'n tydperk van agt jaar (1903 - 1911) 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van musiek in Oos-Londen. 'n Verblydende faktor was die feit dat die konserte, oorsigtelik beoordeel, nie dieselfde verstardeheid en stagnasie openbaar het as wat die geval was met konserte en gewyde konserte nie.

6.1 Beduidende ontplooiing

Beduidende ontplooiing het in 1903 op jongelingsvlak plaasgevind, wat op konsensieuse en ambisieuse musiekonderwys gedui het. Behalwe vir die hele aantal voortreflike leerlingkonserte wat plaasgevind het, het die Departement van Onderwys die inisiatief aan die dag gelê om in Junie 1903 die suksesvolle aanbieding van 'n Schools Exhibition Concert, waarby bykans driehonderd en vyftig leerlinge betrokke was, te reël.

Sang- en klavieritems, asook 'n aantal koorwerke, was die bestanddele van 'n konsert wat mej. Wynifred Adames se leerlinge op Vrydagaand 16 Januarie in die Wesley-saal aangebied het.¹ Veral die meerstemmige-liedere St. George's Chorus en Tears, Idle Tears het 'high training' weerspieël. Sy sou dié poging op 20 Mei in die Temperance-saal in Parkstraat opvolg met 'n soortgelyke konsert waarin viool- en banjosoel's sou bykom.²

Onder aanvoering van die Onderwysdepartement en onder beskerming van die Oos-Londense munisipaliteit is 'n tweede Schools Exhibition Concert (die eerste was in 1901) op 17 Junie in die stadsaal aangebied.³ 'n Verdienstelike program is uitgevoer:⁴

Volkslied	<u>God Save the King</u>	COSTA Verwerking
Jagkoor	<u>Rosamunde</u>	SCHUBERT
Koormars	<u>Norma</u>	BELLINI Mej. Garcia
Kwartet	<u>Wedding Song</u> (<u>Lohengrin</u>)	WAGNER Mejj. White, Green, Jooste en Wild

Lied	<u>Motherland</u>	SAN TOY Voorsteller: Mnr. Jenkins
Koor	<u>Sigeunerkoor (Bohemian Girl)</u>	BALFE
Vertoning van Singing From Manual Signs		
Koor	<u>Oh, who will o'er the Downs so free</u>	PEARSALL Mejj. White, Wild, Mnre. Griffith en Rayner
Glee (drie stemme en koor)	<u>Ye Shepherds tell me</u>	MAZZINGHI
Violsolo	<u>Hongaarse Rapsodie</u>	HAUSER Mnr. W Rein
Koor	<u>Heil! Alma Mater</u>	WAGNER
Koor	<u>Aambeeldkoor (Il Trovatore)</u>	VERDI
Lied	<u>Thy Sentinel am I</u>	WATSON Mnr. Morgan
Koor	<u>Soldatekoor (Faust)</u>	GOUNOD

Hierdie poging waarby meer as vierhonderd skoliere uit nege skole betrokke was, was 'n manjifieke sukses. Franz Moeller se orkes van ses en dertig lede het die massakoor, wat deur mnr. Farrington gedirigeer is, begelei. 'n Gebrek aan spasie - 'tenors and basses occupying seats in the galleries on either side' - het daartoe gelei dat dinamiese en balanssteurings voorgekom het. Aanvanklik het die orkes metriese probleme ondervind, maar dié is in die verloop van die verrigtinge uitgestryk. Die Sigeunerkoor was die hoogtepunt van die eerste helfte en is gekenmerk deur pragtige 'light and shade'-projeksie. Nieteenstaande die feit dat Heil! Alma Mater die veeleisendste werk was, was dit 'the best rendered, the effect nothing less than thrilling'. Farrington se 'exhibition of singing from manual signs' het sy ystere beheer oor en deurdagte voorbereiding met die koor weerspieël. Hierdie aanbieding is weer op 18 Junie voor 'n 'magnificent audience' met groot sukses herhaal.⁵

Dié geslaagde poging het onteenseglik kultuurverryking meebring en sekerlik menige latente talente aangewakker. Tog het onderlinge struwelinge ten tye van die aanbieding voorgekom. Die leidende violis, mnr. W Rein, het die sluier

hieromtrent in 'n skrywe aan die dagblad effens gelig:⁶

Touching the change of orchestra that occurred at last Thursday nights' concert in the Town Hall, I wish to state that although I returned to play to the finish of the performance, it was entirely in respect to the audience and also at the advice of Mr. Franz Moeller, although Mr. Farrington's conduct was far from what it should have been.

Onder die skuilnaam Pater het 'n verontruste ower onmiddellik op die skrywe gereageer en die troebel situasie toegelig, asook vrae gestel:⁷

I was present at the concert in which also 2 of my children were taking part, and from my own point of view must say I was surprised at the peculiar state of things exhibited in the second half of the programme, and have since been expecting some public explanations from either Mr. Farrington or Mr. Moeller, who appear to have been the gentlemen responsible for the music. Up to the present nothing has been done with the exception of Mr. Rein's letter. For the greatest portion of an orchestra to leave a public performance before the concert is completed, seems to my mind a most peculiar circumstance, and in the interests of the parents I consider some explanation should be made. Mr. Rein is to be congratulated in sticking to his guns and finishing the programme, but he simply carried out what he engaged to perform and to state that he returned to play on the advice of Mr. Moeller reads rather strangely in the face of Mr. Moeller's actions. I am informed on reliable authority that Mr. Moeller actually tried to persuade the paid members of the orchestra to leave the concert. Surely some explanation will be forthcoming.

Dieselfde uitgawe het 'n skrywe ingesluit van Moeller, wat hom in die hitte van die stryd bevind het, en waarin hy die kernoorsake aangevoer het:⁸

From all accounts the majority of the audience present at last Thursday night's Exhibition Concert are not aware of the reason of several orchestra members and myself refusing to play in the second half of the performance. Kindly allow me to explain. Mr. Farrington, in a rather more than excited frame of mind, grossly insulted the orchestra members and myself, a fact which was noticeable to the audience, chorus and my pupils, who formed a large percentage of the instrumentalists. Upon questioning him as to the reason of his insulting behaviour, he spoke in a most ungentlemanly manner and abused me in a way that made it impossible for me to play under him any longer. Before leaving the hall, however, I gave those orchestral members whom I could find, clearly to understand that they should return and play for the sake of the audience. Trusting that the above letter will clear up any misunderstanding which may prevail.

Twee skrywes is daarna in die Daily Dispatch gepubliseer waarin 'n sekere Finale hom aan die kant van Moeller geskaar het⁹, en 'n sekere Vera Pro Gratis aan die kant van Farrington. Aanvullend het 'n brief deur Fairplay die hele situasie nugter ontleed en beoordeel, terwyl hy hom van verwyte onthou het:¹⁰

With the exception of the hitch between the Conductor and the Orchestra both concerts were an unqualified success and fully appreciated by those who heard them. It was a very great pity that the difference arose with the orchestra, but, at the same time when Mr. Franz Moeller offered his services and his orchestra to Mr. Farrington he must have known that he was laying himself open to criticism, and, if necessary, to the correction of the Conductor in the same way as the whole choir was. Whether the insults referred to in Mr. Moeller's letter were anything more than remarks made such as the Conductor considered himself at liberty to make for the benefit of the whole performance, only he himself can explain, or whether these remarks were made in the most tactful manner is a matter of opinion. However, seeing that Mr. Farrington left East London soon after the concerts were over and is not here to offer any explanations should he feel inclined to do so, it seems hardly fair to continue the subject in his absence. It is therefore to be hoped that the matter will now be allowed to drop.

Dié hele herrie kon natuurlik nie tot 'n bevredigende oplossing gevoer word nie weens die feit dat Farrington weg was en nie sy handeling kon verdedig nie. Die positiewe uitvloeisel van die polemieke het sekerlik daarin gelê dat die besef kon begin posvat het dat alle musici van 'n ensemble aan die aangewese leier se eise en standaarde onderworpe was.

Skaars het die laaste klanke van die heuglike koorkonsert te midde van die konflik verdof, of Oos-Londen het op Maandag 22 Junie die geleentheid gehad om Chapman, 'who has in a short space of time established himself as one of the leading teachers of music in East London', se leerlinge in 'n goed gevulde St. George-saal aan te hoor.¹¹ 'n 'Certain amount of nervousness' het nie die leerlinge se klavierspel en sang gekortwiek nie en al die deelnemers is met hulle 'uniformly excellent' tegniek en musikaliteit gelukgewens. Twee hoogtepunte was veral mej. Franz se 'beautiful crispness' in die vertolking van BENDEL se Am Zeufer See

en mej. May Meyer se spel wat van 'all the confidence of a professional' getuig het. Chapman het groot aanmoediging op sy eerste poging gekry:

The concert was in every way a distinctly enjoyable one and surprise was expressed in more than one quarter at the fact revealed during the evening that East London possesses so many pianists of great promise.

Benewens die voortreflike resultate wat mnr. Chapman met sy leerlinge behaal het, het die leerlinge van Franz Moeller met groot sukses in Desember in die Lutherse-saal in Parkstraat opgetree.¹² Moeller se orkes is hoog aangeprys:

Mr. Moeller's orchestral class is very hard to be beaten by any other in South Africa and it consists of 40 instrumentalists - nearly all children. It was a real pleasure to hear the little players and to notice the eagerness, accuracy, time, expression and grace which they put into their work.

Mnr. W Rein, wat die onderskeiding gedra het dat hy sewe jaar van tevore Moeller se eerste student was, en nou as leier van die klas kon optree, het 'n vioolsolo Hungarian Air voorgedra, en verskeie ander individuele pogings is ook aangehoor: mejj. Ella Munn met VIEUXTEMPTS se Fantasie Appassionata, Winifred Tilney met MENDELSSOHN se Vioolkonsert en die jongheer. Marsh met The Broken Melody van VAN BIENE. Die klavierspel van mej. Hilda Rein met CHOPIN se Scherzo in b-mol mineur het die aanbieding na 'n hoogtepunt gevoer. Die voortreflike spel van die orkes en die prysenswaardige spel van die soliste het getoon dat Franz Moeller se inspirerende leiding gewis 'n heilsame invloed op die standaard van musiek in Oos-Londen teweeg gebring het.

6.2 Afname in leerlingkonserte, dog gehalte goed

In kontras met die relatief bloeiende aktiwiteite van die jongelui in 1903, is die jare 1904 en 1905 gekenmerk deur 'n drastiese afname in die getal aanbiedinge deur leerlinge. Dit was net Chapman wat gedurende hierdie jare leerlingkonserte gereël het. Gelukkig is 'n hoë standaard gehandhaaf.

Chapman se leerlingkonsert van 1904 het op Vrydagaand 13 Mei in die St. George-saal plaasgevind.¹³ 'n Hele aantal leerlinge het belowende klavierspel gelewer: mej. Franz in CHAMINADE se Waltz no. 4 en CHOPIN se Fantasie Impromptu, mej. Maritz in SCHUBERT se Impromptu in c mineur, mej. Coutts in LITOLFF se Spinnelied en mej. Moloney in WEBER se Moto Continuo. Op vokale vlak was mej. Moloney ook 'n uitblinkster in Neath my Lattice (The Rose of Persia). Verder was daar mej. Hector met GOUNOD se Serenade, TROTIERE se Within your Heart en DEL RIEGO se Happy Song. 'n Besonder goeie Bechstein-vleuelklavier is deur die leerlinge gebruik. Die hoë gehalte van die instrumentale deel was beslis 'n bemoeidigende faktor.

Chapman het die waarde van sulke konserte beseef en op Vrydag 5 Mei 1905 was die St. George-saal, wat by albei aanbiedinge in 1903 en 1904 vol sale getrek het, weer beset vir sy jaarlikse konsert.¹⁴ Enkele hoogtepunte was mej. E Wells in MENDELSSOHN se Andante en Rondo Capriccioso, B Maritz in CHAMINADE se Automne, Potts in Il Bacio, Hector in Cherry Ripe en What does little birdie say en Morison in ABT se Still wie die Nacht en THOMAS se Oh my heart is weary.

Mimosa, die skuilnaam van 'n Engelse rubriekskryfster wat weeklikse kommentaar oor gebeure in Oos-Londen gelewer het, het die betekenisvolheid van dié konserte onderstreep:¹⁵

They enable the parents and friends to see exactly what progress has been made; they also tend to give the pupils themselves a good deal of self-confidence and teach them to lose that self-consciousness that so often spoils good singing and playing, and last but not least, they make an incentive to good and steady practising.

Op Vrydagaand 25 Mei 1906 was die St. George-saal weer eens 'packed to the doors' om die belowende spel van Chapman se leerlinge aan te hoor.¹⁶ Mejj. E Wells (klavier) het uitmuntend in Automne en 'that difficult piece of music', die Scherzo op. 31 van CHOPIN vertoon, terwyl ander verdienstelike instrumentale solo's deur mej. Flemmer (Valse in c-kruis mineur van CHOPIN) en Potts (Polonaise op. 26 no. 1 van CHOPIN) gelewer is. Vokale hoogtepunte was mej. Bellingham in Bird and the Rose van HORROCKS ('shows considerable

promise') en W Maritz in Where'ver you go van SOMERSET ('a contralto voice of exceptional quality'). As 'n geheel beoordeel was die konsert uitstekend en het die resensent aangevoer dat 'concerts of this sort are most helpful to pupils, as it draws them out'. Weer eens moet gewag gemaak word van die artistieke leiding wat daar vanuit Chapman uitgegaan het en dit was duidelik dat hy op beide instrumentale en vokale terrein 'n inspirerende krag was.

Nog 'n aanbieding wat die ontluiking van jong talent vooropgestel het, alhoewel dit nie so gewigtig was soos Chapman se aanbiedinge nie, het op Vrydagaand 20 Julie in die St. Peter-saal op die Wesbank plaasgevind toe mnr. Ernest Wright se klavierleerlinge voor die publiek opgetree het.¹⁷ Die meerderheid werke was van 'n ligte, nie veeleisende aard. 'n Item van ernstiger aard was die vertolkings van die Nokturne in A majeure van FIELD en die Polonaise op. 40 no. 1 van CHOPIN deur mnr. Wright self.

Chapman se talentvolle leerlinge het weer op Vrydagaand 7 Desember in die Southernwood-saal voor 'n 'overcrowding' gehoor opgetree.¹⁸ Slegs 'n aantal dametjies het klavier-solo's voorgespeel, maar die besonder hoë gehalte spel van mej. Edith Wells het vir die klein getal items vergoed. CHOPIN se Fantasie Impromptu 'was beautifully given', terwyl die laaste deel van die Maanlig-sonate (BEETHOVEN) in 'n 'brilliant manner' voorgespeel is en die resensent geglo het dat 'no doubt when Miss. Wells has pursued her studies further and gained the experience that comes with years', sy ook nog die eerste deel met insig sou vertolk. In die vokale kategorie het mej. Norton haar talent met effektiewe vrug aangewend in die veeleisende The Nightingale's Trill, opgevolg deur prysenswaardige vertolkings deur mej. Billingham: 'a pretty light soprano voice which with proper care and practice should gain in strength and compass'; en mej. Reid: 'possessed of a good voice and some natural musical feeling'. Die verrykende waarde van die konserte is weer beklemtoon: in the first case helping them to obtain confidence and in the latter being an incentive to practice.

Die produktiewe mnr. Chapman, op artistieke vlak sekerlik op daardie tydstip die toonaangewende en mees vooruitstrewende musikus in Oos-Londen, is vir sy volgehoue goeie werk beloon toe die sitplekke van die St. George-saal op Vrydag-aand 21 Junie 1907 'taxed to the utmost' was tydens sy leerlinge se konsert wat weer eens besonder voorspoedig afgeleop het.¹⁹

'n Ander vindingryke, hardwerkende, en leidende musikus in Oos-Londen, mnr. Franz Moeller, het op Dinsdagaand 20 Augustus, met die hulp van mejj. Hilda Rein (klavier), Elfie Rein (viool) en mnr. Wilhelm Rein (viool), al drie voormalige studente van Moeller, 'n genotvolle leerlingkonsert in die Wesley-saal, Oxfordstraat aangebied wat 'full to overflowing' was.²⁰ Die Moeller-orkesklas het die verrigtinge met keurspele uit The Country Girl geopen, gevolg deur 'n klavierduet waarin mej. Hilda Rein haar weer eens as 'the best pianist in East London' bewys het, terwyl mej. Elfie Rein se vioolvertolkings ook groot bewondering afgedwing het. 'n Besonder waardevolle item, gekenmerk deur 'fine ensemble playing', was die Larghetto uit die Simfonie no. 2 van BEETHOVEN, wat deur 'n oktet bestaande uit mejj. Elfie Rein, Alice Grant, Annie Jackson en Doris Briscoe (violiste), Agnes Rein (altviool), Foster (kontra-bas) en jongehr. Bertie Rein (tjello), en Moeller self gespeel is. Die piece de resistance van die aand was die uitnemende spel van die dertienjarige seun Reuben Lunan, wat die Hungarian Airs van ERNST op die viool voorgespeel het. Hy het die werk uit die hoof gespeel en 'n foutlose vertolking gelever. Sy uitvoering en stryktegniek is onderskeidelik as 'brilliant' en 'beautiful' omskryf, 'and he bids fair to prove the axiom that Jack can be as good as his master'. As toegif het hy BECKER se Humoresque voorgespeel. Mej. Doris Briscoe het die aanbieding met CHOPIN se Polonaise Fantasie in A-mol majeur afgesluit tē midde van 'n steurnis:

if one is not mistaken only a portion of this polished piece was played, and the talented lady can scarcely be blamed as at this stage several of the audience left, presumably to catch their train for the suburbs'.

Vermelde konserte asook soortgelyke vorige pogings deur Chapman en Moeller het getoon dat die here baanbrekerswerk van onskatbare waarde verrig het en dat hulle onvermoeide arbeid menige musikale monumente tot gevolg sou hê. Dit het voorts geblyk dat die som van hulle harde werk in die onderrig van sang, klavier en strykinstrumente, vir 'n prikkelende verskeidenheid gesorg het en sekerlik die behoeftes van menige talentvolles bevredig het.

6.3 Besondere oplewing

In verhouding tot die afnemende aantal aanbiedinge in die jare 1904 - 1907 het leerlingkonserte na 1907 opvallend toegeneem en het dié belangrike aspek, naamlik die ontwikkeling van die jeug se talente, opmerklike groei getoon.

Die nuwe jaar se aktiwiteite het begin met 'n leerlingkonsert deur mev. Symons op Saterdagmiddag 30 Mei 1908 in die Wesley-saal waartydens haar leerlinge aantreklike sang- en klavier-items gelewer het.²¹ In 'n uitgerekte program, deurspek met vokale items, was die spel van die Rein-familie, naamlik Hilda (klavier), Elfie (viool) en Bertie (tjello), welkome afwisseling en 'n artistieke ervaring. Die beste leerling-items was die sang van mej. Green en die klavierspel van mej. Allum.

Hierna het mnr. Wright, die knap musikus van die Wesbank en leier van die West Bank Choral Society, se leerlinge op Donderdagaand 20 Augustus 'n konsert in die St. Peter-saal op die Wesbank aangebied.²²

Mej. Valle se leerlinge het in die daaropvolgende maand hul kunstig van hul taak gekwyd tydens 'n aanbieding op Saterdag 12 September in die Our Lady-saal te Albanystraat.²³ Onder meer is 'n Sonate in C majeur van MOZART en 'n Nokturne van CHOPIN gespeel.

Die vooruitstrewende Chapman het weer op Donderdagaand 24 September van sy leerlinge aan die publiek bekend gestel en die sukses wat sy vorige konserte gekenmerk het, is

volgehou toe 'n St. George-saal tot barstens toe gevul is om die ontwikkelende jongelinge aan te hoor.²⁴ Uitstaande klavieritems was: The Merry Mountaineer (GODARD) deur mej. E Oakeshott ('quite a dot, showed no signs of nervousness'), Tarantella in b mineur (SMITH) deur mej. Beryl Greeves, Les Sylphes (BACHMAN) deur mej. F Oakeshott, Rondo Capriccioso (MENDELSSOHN) deur mej. M Mills ('displaying exceptional ability'), terwyl keurige sangitems deur mejj. Norton, Morrison en Lord, en mevv. Quin en Stevenson, asook mnr. F J Hill gelewer is.

Die jaar 1908 was beslis bedrywig wat jeugaktiwiteite betref aangesien nog 'n onderwyseres se leerlinge die konsertplatform in dié jaar bestyg het, naamlik mev. Ogilvie se 'pupils and friends' wat op Saterdagmiddag 7 November in die Oddfellow-saal opgetree het.²⁵ Die grootste gros van die deelnemers was jonk, 'and the seriousness and aplomb with which they greeted or bade farewell to the audience, were very taking'. Benewens die jongelui se bydraes wat oorwegend lig van aard was het 'n aantal volwassenes, onder andere Grout se orkes, bykomende kleur aan die lywige program verleen.

Verder het mej. N Chubb se leerlinge op Dinsdag 17 November voor 'n groot en waarderende gehoor opgetree, waartydens hulle haar onderrig in talryke klavier-, viool- en sang-solo's weerspieël het.²⁶

Konserte van hierdie soort, wat so mooi gegroei het, is op luisterryke wyse vir die jaar op 18 Desember afgesluit met 'n aanbieding deur mnr. Moeller se studente.²⁷ 'n Wleuelklavier wat beskryf is as 'one of the largest grand pianos ever made, and certainly the largest in South Africa' het baie bygedra tot die sukses van die konsert. Moeller se orkes wat nou uit vyf en veertig spelers bestaan het, en talle individue het die volgende program aangebied:

Duvertures	<u>Oberon</u>	WEBER
	<u>Merry Wives of Windsor</u>	NICOLAI

Tjello solo's	<u>Andante (Konsert in d minuer)</u>	GOLTERMANN
	<u>Cradle song</u>	HAUSER
Violo solo's	<u>Mazurka no. 2</u>	DRDLA
	<u>Souvenir</u>	DRDLA
	<u>Madrigal</u>	SIMONETTI
	<u>Konsert no. 7</u>	DE BERIOT
	<u>L' Extasie</u>	THOME
	<u>Berceuse de Jocelyn</u>	GODARD
Klaviersolo's	<u>Mazurka no. 4</u>	GODARD
	<u>Maanliq-sonate</u>	BEETHOVEN
	<u>Menuet</u>	PADEREWSKI
	<u>Wals in E-mol majeure</u>	DURAND
	<u>Etude Jonglerie</u>	GODARD
	<u>Valse Brilliante op. 34</u>	CHOPIN
	<u>Myositis</u>	LACK
Trio's	<u>Serenade</u>	BRAGA
	<u>Ländler</u>	SCHEEL
Violkwartet	<u>Konsert vir vier viole</u>	MAURER

Twee leerlinge wat uitstaande vertolkings gelewer het was mejj. Adeline Snyman (klavier) en Annie Snyman (viool). Voorts is Franz Moeller se orkes hoog aangeprys:

Our town may well be proud of the high pitch of merit which the orchestra has reached. One constantly notices the improvement which is being effected in this musical combination, and there are few towns in South Africa that can boast an orchestra so numerically strong and so musically well-balanced.

6.4 Vooruitgang te midde van wisselvallige meriete

Nieteenstaande die feit dat die pogings wat in die periode 1909 - 1911 plaasgevind het van wisselvallige meriete getuig het, is die geheelindruk een van vooruitgang. Dit was veral Moeller se leerlinge wat beduidend bygedra het tot die daargestelling van 'n hoër musikale standaard op jongelingsvlak in Oos-Londen.

'n Program wat op Saterdag 3 Julie 1909 deur mej. Valle se leerlinge in die Our Lady-saal aangebied is, het geen onderskeidende items bevat nie behalwe die Rigoletto-klaviertranskripsie van VERDI-LISZT wat deur mej. Rosa Davies uitgevoer is.²⁸

Die dame is geluk gewens met haar merkwaardige tegniek en foutlose interpretasie.

Die toonaangewende Chapman se leerlinge het hul jaarlikse konsert op Donderdag 23 September in die St. George-saal aangebied.²⁹ 'n Opvallende kenmerk van die konsert was:

the generally high standard attained by all the young pianists, their precision of execution and careful fingering, speaking of careful training which allowed of no slipshod execution. There was none of that slurring of runs, or increase of time in the easier passages which so often mark juvenile performances, and we may at once congratulate Mr. Chapman and his pupils on the success of their entertainment, and the high grade of execution stamping one and all.

Van die mees boeiende items was: Lorette (REEVE) deur Emily Robinson ('marked by particular precision of touch'), Impromptu op. 90 no. 4 (SCHUBERT) deur mej. Francis Cumming, Rondo in E-mol majeur (FIELD) deur Florence Oakeshott ('playing with feeling and expression'), en die eerste deel van Sonate op. 7 (BEETHOVEN) ('the most difficult item ... played in a masterful manner, proving her a finished musician'). Uitstaande liedere was: Stars en Adoration (ADAM) deur mej. Norton, Till death us do part (MASCHERONI) deur mej. Morison en Only a Flower (ELLIS) deur mej. Gwennie Rees.

As 'n verdere voorbeeld van die ontluiking van jeugtalent in Oos-Londen het mej. N Chubb op Donderdagaand 25 November haar leerlinge in die Wesley-saal aan die publiek bekend gestel, waar die konsert wat nie minder nie as dertien klaviersolo's en -duette bevat het, gekenmerk is deur 'the firmness and accuracy of touch, coupled by precision of execution of even the youngest'.³⁰

Franz Moeller se elfde jaarlikse leerlingkonsert het op Dinsdag 14 Desember in die drillsaal plaasgevind en weer eens sy ywer en besielende baanbrekerswerk onderstreep.³¹ Die Moeller-orkester het die verrigtinge met 'n keurspel uit Lohengrin (WAGNER) geopen en ten spyte van 'n gebrek aan houtblasers het die orkester lofwaardige spel onder sy ferm leiding gelewer. Die res van die program het bestaan uit solo's, trio's en kwartette vir klavier, viool en tjello,

laasgenoemde 'n heilsame verryking. Mej. Laura Willows het prominent vertoon in 'n uitvoering van LISZT se Hongaarse Rapsodie no. 11, terwyl mej. Dorothy Ellis belowend in Song Without Words no. 9 van MENDELSSOHN was. Mnr. Stanley Halse het WIENIAWSKI se 'weird and difficult' Souvenir de Moscou op 'n bykans professionele wyse vertolk, gevolg deur mej. Kathleen Marshall met BÖHM se Mazurka Caprice. Verder is twee interessante tjello-solo's aangehoor: Mnr. Bertie Rein in die Andante uit GOLTERMANN se Konsert no. 3 en mej. Enid Briscoe in MASCAGNI se Intermezzo. Ensemble-items wat groot genoegdoening verskaf het was onder meer 'n Ländler van WAGNER deur mejj. Annie Snyman (viool), Emma Goldschmidt (klavier) en jongehr. Herbert Scholl (tjello); BRAHMS se Hongaarse Dans no. 5 deur mejj. Noel Paley (viool), Enid Briscoe (tjello) en Franz Moeller (klavier); en 'n Andante van BEETHOVEN as 'n kwartet met mejj. S A Jackson (viool), Agnes Rein (altviool), Enid Briscoe (tjello) en Franz Moeller (klavier). Daarbenewens is die geleentheid gebruik om sertifikate aan Moeller se eksamenkandidate te oorhandig en het kol. Smedley Williams in 'n paar woorde vir mnr. Moeller geluk gewens met sy uitbouing van die orkes. Hierdie konsert het baie duidelik Moeller se besonder vrugbare musikale invloed gereflekteer en met reg het die resensent opgemerk:

East London is lucky in having a man like Mr. Moeller to develop the exceptional quantity and quality of musical talent she is lucky enough to possess among the rising generation.

Benewens die jongelui se betrokkenheid by instrumentale aanbiedinge het hulle ook op vokale vlak pragtig presteer. Onder die beskerming van die Departement van Publieke Onderwys, is 'n Schools Exhibition Concert op Saterdagmiddag 19 Maart 1910 in die stadsaal onder leiding van mnr. Farrington met begeleiding deur Moeller se orkes aangebied. Die volgende program is uitgevoer:³²

Ouverture	<u>Bohemian Airs</u>	VOLTI
Chorus	<u>Market Chorus</u>	AUSER
Lied	<u>Kathleen Mavourneen</u>	Mej. Hey

Meerstemmige liedere	<u>In this hour of selected splendour</u>	PINSUTI
	<u>Awake Aeolian Lyre</u>	DAUBY
Lied	<u>O pure and tender star of eve</u>	WAGNER
Koor	<u>Fantasia (Tannhäuser)</u>	WAGNER
Ouverture	<u>William Tell</u>	ROSSINI
Koor	<u>And the Glory of the Lord</u>	HANDEL
Lied	<u>Blow, blow thou Winter Wind</u>	SARGENT
Madrigale	<u>I'm going to my onesome bed</u>	EDWARDS
	<u>I saw lovely Phyllis</u>	PEARSALL
Bladsang		
Koor	<u>Hallelujah-koor</u>	HANDEL

Ongekende belangstelling is ondervind en talle geïnteresseerdes voor 'n vol saal moes omdraai. Die aanbidding is as 'n 'unqualified success' beskryf;

Whether judged from the standpoint of an exhibition of the results of the training given to the youngsters, or from that of a rare musical treat.

Mnr. Farrington het die koor van oor die driehonderd stemme meesterlik hanteer en dit was veral in die ongeleide meerstemmige komposisies en madrigale dat die koor se keurige balans, en fyn aanvoeling oortuigend geblyk het. 'n Uitsonderlike item was die sang van die veertienjarige skooldogter van die Cambridge-skool, Bertha Hey, wat die lied Kathleen Mauvourneen met 'remarkable quality and power' in haar stem voorgesing het. Ter wille van die talle ongelukkiges wat nie kon sitplek kry nie, sou die aanbidding op Maandag 21 Maart herhaal word.

Daaropvolgend het drie onderwysers hul jaarlikse leerlingkonserte aangebied. Mej. Valle se leerlinge het op Woensdag 13 Julie opgetree, waar agtien items, waarvan nege op die klavier was, aangehoor is.³³ Geen gedetailleerde kommentaar is gelewer nie, net dat mej. Rosie Davis (klavier) 'n groot ovasie te beurt geval het, 'and it was very evident that her soul was in the music, and there was no mistaking her mastery of the instrument'. Liedere, vokale duette en 'n negerlied het die res van die program uitgemaak.

Chapman se jaarlikse leerlingkonsert het op Donderdagaand 22 September plaasgevind en is weer met besondere sukses bekroon.³⁴ Die program het onder meer bestaan uit 'n klavier-duet La Cascade, die liedere The Titan en God's Eternity, en klaviersolo's La Belle Fleur, Tarantelle, Les Sylphes en Rondo. Ten spyte van die voortdurende hoë lof wat Chapman gekry het, moet dit opgemerk word dat sy programme oor die algemeen nie uit baie hoogstaande musiek bestaan het nie. Dit was Franz Moeller se pogings, veral wat individuele items betref, wat van 'n klemverskuiwing na hoër artistieke gehalte getuig het. (Kyk ook Bylae B, p. 709.)

Op Dinsdag 29 November het Moeller sy jaarlikse leerling-konsert voor 'n volgepakte Wesley-saal in Oxfordstraat aangebied.³⁵ Aangesien sy leerlingkonsertere 'n sentrale rol gespeel het in die uitbouing van Oos-Londen se jeugtalent en terselftertyd ook lig gewerp het op die werksaamhede van die onderwyser, aard van komposisie, moeilikheidsgraad, element van verskeidenheid, instrument, standaard en so meer, kan 'n resensie van een aanbieding hier volledig aangehaal word:

The music provided, which was entirely instrumental in character, was of a high order, and the various items were fully appreciated. The programme commenced with KELA BELA'S celebrated overture Romantique by the orchestra, which numbered no less than 51 instrumentalists, who acquitted themselves very creditably, giving evidence of both balance and power. Mr. Franz Moeller, who ably manipulated the baton, had them well under control and received an intelligent response to his call upon them. Miss. Ethel Reed received well-merited applause for her playing of SARASATE'S Sigeunerweisen. Miss. Dorothy Dickson gave evidence of carefully cultivated powers of expression in an excellent interpretation of BEETHOVEN'S Sonata Pathetique. The familiar Intermezzo from Cavalleria Rusticana received capable treatment at the hands of Master Hubert Scholl, who proved himself a most promising performer on the 'cello. Miss. Faith Hall's piano solo, LISZT'S 2nd Rhapsody, was given with a skill of execution, and a knowledge of technique which paid an eloquent tribute to both careful teaching and her own ability. A violin solo, DE BERIOT'S 7th Concerto by Miss Annie Snyman, was given with a degree of confidence and a command over the instrument, seldom found in one so young. Her effort secured for her an enthusiastic demand for an encore, which was duly complied with. Masters Edwin Miller and Edward Fritz appeared to advantage in a piano duet, GRIEG'S Anitra's Dance. Miss. Laura Willows was responsible for two items - a 'cello solo Caprice (E. JOHNSON) and a piano selection, MENDELSSOHN'S Concerto in d minor

(with 2nd piano accompaniment). In both, she displayed a praiseworthy ability. Master Fred Scholl played a violin solo Sylvia and gave evidence of considerable merit. An item which had not appeared on the programme came as a pleasant addition thereto, Miss. Nelson contributing a cleverly played piano solo Star of Eve from Tannhäuser as arranged by LISZT. Miss. Gretchen Rein brought the first half of the programme to a conclusion by rendering a violin solo, SEITZ'S Concerto no. 1, in an admirable style.

The opening selection of the second portion of the entertainment was given by the members of Mr. Moeller's orchestral class, who played the Marche Militaire Landjaeger with a pleasing breadth of treatment, skilfully combined with careful attention to detail, the selections being rendered with an evenness and swing, which would have done credit to a professional orchestra. The Misses. Ella and Amy Harvey submitted an excellent piano duet Robert le Diable (MEYERBEER). Miss. Audrey Crewe's rendering of the violin solo Faust was characterised by a sympathetic treatment and brilliance of execution which further testified to thoroughness of tuition. Another exponent of the 'cello, an instrument which presents such great possibilities in the way of sympathetic expression and feeling, appeared in Miss. Enid Briscoe who did full justice to the charms of the solo Elegie (VIEUXTEMPS). A pleasing contribution was given by Miss. Dorothy Monk and Miss. Gertrude Kently, who's piano duet Qui vive was cleverly performed. A somewhat diminutive performer, Miss. Gwen Burns, showed great promise by a capitally played violin solo Congratulation, and in view of this youthful executant's skill, it was a most appropriate selection. Miss. Queenie Chaplin and Miss. Phyllis Miller, in a pleasing violin duet Schlesische Lieder, gave further testimony to the proficiency attained by the pupils under Mr. Moeller's tuition. Miss. Queenie Brown displayed a clear understanding of the composer's intention, in her rendering of CHOPIN'S Polonaise in c-sharp minor. The concert was brought to a close by a 'cello solo played by Master Cecil Halse with a thorough understanding of the possibilities of his instrument and the beauty of the composition submitted - SCHUBERT'S ever appealing Ave Maria. Mr. Franz Moeller is to be congratulated on the all-round excellence of the programme presented. The various items were given with a knowledge of the various instruments performed upon and a sureness of execution which can only be attained by most careful and assiduous tuition.

Mnr. Chapman en mej. Valle het in 1911 weer hulle leerlinge laat optree³⁶, maar weer eens was dit Moeller se leerling-konsert op Vrydagaand 15 Desember wat hom as voorste onderwyser in Oos-Londen onderskei het, asook die feit dat daar 'n 'wealth of talent' op jongelingsvlak was.³⁷ Moeller se voortreflike orkesklas het vier items voorgespeel, naamlik 'n Ouverture uit Maritana, VON BLOW se Liebestraum-intermezzo 'n Hongaarse Dans van MICHAELI en GANNE se Father of

Victorie-mars. Uitstaande instrumentale bydraes was twee klavierkwartette, MOSZKOWSKY se Valse Brillante en 'n werk The British Guards; twee klavierkonserte, RUBINSTEIN se Konsert no. 1 met mej. Laura Willows as soliste, en MENDELSSOHN se Konsert in D majeur met mej. Dorothy Dickson as soliste; en 'n klaviersolo, LISZT se La Campanella deur mej. Faith Hall. Violsolo's is gelewer deur mej. Snyman ('East London's child marvel') met 'n 'brilliant exposition' van VIEUXTEMPS se Souvenir d' Amerique, terwyl mej. Ethel Reed WIENIAWSKI se Obertass in 'n 'masterly manner, with excellent tone and technique' vertolk het. Jongehr. Scholl, 'n belowende jong tjellis, het BEETHOVEN se Adagio uit die Pathetique-sonate voorgespeel, terwyl mej. Laura Willows (tjello) 'n Caprice Hongroise van LIBOTTON vertolk het, wat as 'one of the gems of the evening' geklassifiseer is. Dorsigtelik beskou was dit 'n uifers belowende poging wat geen twyfel gelaat het nie dat Moeller sy leerlinge dinamies op 'n pad van estetiese verryking gelei het, veral wat instrumentale solospel betref het.

6.5 Drastiese afname in leerlingkonserte 1912 - 1913

Die getal leerlingkonserte het ongelukkig drasties afgeneem in 1912 en 1913. Beide Chapman en Moeller het geen konserte in dié twee jaar aangebied nie, wat 'n groot verlies was.

Al poging wat in 1912 plaasgevind het was mej. Myra Mills se leerlingkonsert op Maandagaand 13 November in die St. Saviour-saal.³⁸ Uitstaande items was die spel van mej. Marjorie Miller ('remarkable precision of touch and fingering'), mej. Bertha Haggart (8) ('displayed a remarkable feat of memory by performing her item without the aid of notes'), en mej. Catherine Haggart ('played (not only) with exquisite precision and clearness of touch, but infused much expression').

In die daaropvolgende jaar het mej. Valle en Mills onderskeidelik op Woensdagaand 1 Oktober³⁹ en Donderdagaand 30 Oktober⁴⁰ 1913 hul leerlinge aan die publiek bekend gestel en weer was dit die 'precision and daintiness' van mej. Mills se leerlinge wat opgeval het.

6.6 Samevatting

Oorsigtelik beskou het die konserte 'n betekenisvolle funksie vervul en sonder twyfel 'n voortreflike bydrae tot die uitbouing van musiek in Oos-Londen gelewer.

Hierdie pogings het natuurlik saamgehang met die betrokkenheid, inisiatief en geesdrif van die onderwyser. Sonder hulle aansporing sou daar geen konserte gewees het nie en dit was ook 'n gesonde beleid om die jongelinge aan kritiek bloot te stel (nie dat daar enige vrese was dat kritiek nydig of afbrekend sou wees nie, inteendeel!). Dit was veral Chapman en Moeller wat die leiding geneem het en hulle gereelde jaarlikse pogings was sekerlik nie net vir hulle eie leerlinge nie, maar ook vir ander leerlinge en onderwysers 'n aansporing.

Daar kan nie nagelaat word om die baanbrekerswerk van Moeller uit te sonder nie. Dit was veral sy ensemble-groepe in 1907 en 1909 en die indrukwekkende solobydraes van 1903, 1907, 1909, 1910 en 1911 wat aan Oos-Londen se begrensde musikale opset verryking gebied het. Chapman se konserte het nie van dieselfde standaard as dié van Moeller getuig nie. Alhoewel die insluiting van 'n werk soos BEETHOVEN se Sonate op. 7 beslis meer gewig aan 'n program verleen het, was sy programsamestellings oor die algemeen van 'n oppervlakkige en populêre aard.

Nog 'n vermeldingswaardige faktor is die feit dat die aanbiedinge uitstekende ondersteuning geniet het, veral die konserte van Chapman en Moeller. Dit het getuig daarvan dat nie alleen die ouers in die konserte geïnteresseerd was nie, maar ook die publiek. Ongelukkig het hierdie soort konserte sonder verstaanbare redes in 1912 en 1913 skielik minder geword. Dit het meegebring dat gulde geleenthede vir Oos-Londen se talentvolle jeug om op te tree verlore gegaan het.

Dit is duidelik dat Oos-Londen wel oor belowende jeugtalent beskik het en is dit baie jammer dat die leidende musici se onwilligheid om hulle goeie werk op te volg - 'n tendens wat

ook in konserte en gewyde konserte voorgekom het - en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog verhinder het dat die jeugdige se talente tot volle ontplooiing kon kom.

7 VAUDEVILLES 1911 - 19147.1 Onmiddellike aanklank

In 1910 het die rolprent 'n werklikheid geword en die publiek in Oos-Londen skoon oorrompel, soos oral in groter sentra van die land.¹ 'n Gepaardgaande verwikkeling was die instelling van vaudeville-aanbiedinge wat, saam met die rolprente, aangewend is om bioskoopgangers optimale vermaak te verskaf. Die New Groves Dictionary of Music and Musicians definieer vaudeville van die sewentiende en agtiende eeu as 'n Franse gedig of lied van 'n 'satirical or epigrammatic character'.² In die twintigste eeu het die term 'n breër betekenis aangeneem. Teatervermaaklikheid wat ooreenstemming getoon het met moderne musikale komedies of 'music hall variety shows' is geklassifiseer as Vaudevilles. Hierdie vorm van lighartige vermaak met sy kombinasie van liedere, danse, mooi meisies, humor, 'skits' en akrobatiese toertjies het groot aanhang in Europa en Amerika geniet aan die einde van die negentiende en begin van die twintigste eeu. Vaudevilles het onmiddellike aanklank by die publiek gevind en nie alleen het 'n konstante vloei van uithaler vaudeville-kunstenaars vanaf Maart 1911 'n betekenisvolle rol in die vermaaklikheidsmilieu van Oos-Londen gespeel nie, maar ook meegebring dat Oos-Londen 'n musikale aktiwiteite gedurende die periode 1911-1914 totaal deur vaudevilles oorheers is (kyk Deel II, pp. 280 - 282 en 314 - 318).

Aangesien vaudeville-aanbiedinge so besonder uiteenlopend van aard was - items het gewissel van musiek op 'n besemstok tot by dansvertonings met 'n luislang - is dit onmoontlik om spesifieke klassifiserings of sekere tendense uit te lig. Aanbiedinge word hier dus streng chronologies behandel en ten spyte van die feit dat geen waarneembare riglyne bestaan het nie, word tog gepoog om enkele tendense uit te wys.

7.1.1 Ryke verskeidenheid 1911

Dos-Londen se rolprente is aanvanklik in twee teaters, die Electric en die Gaiety vertoon ³ en vanaf Augustus 1911 ook in 'n nuwe teater, die Vaudette⁴. Die Gaiety-teater was die eerste om vaudevilles aan te bied, gevolg deur die Vaudette in Augustus. Aanbiedinge was besonder uiteenlopend van aard en die ryke verskeidenheid deurgaans prikkelend en opwindend vir die vermaaklikheidsganger.

Dos-Londen se eerste vaudeville-aanbieding - die vertonings het gewoonlik gestrek van 'n Maandag tot 'n Saterdagdaand - het op Maandagaand 20 Maart 1911 in die Gaiety-teater plaasgevind.⁵ Die eer het mnr. Paul Kaiser, omskryf as 'the greatest musician on the Continent' en mej. Irene Harnott, 'n Burlesque Comedienne, te beurt geval. Mnr. Kaiser se eerste optrede het egter nie algehele goedkeuring weggedra nie:

Versatile Mr. Kaiser undoubtedly is, for he extracts music from an enormous variety of instruments, ranging from his gloves to a 'cello. His first turn is in clown's costume, and introduces such unlikely instruments of music as a lamp post, an axe, a saw, a broomstick, and the bouquet which is handed to him by an admirer. This turn is not free from vulgarity. His second turn is far more pleasing and refined, introducing as it does some very pleasing airs on a number of brass and string instruments.

Die volgende week het die Horwitt-susters, 'refined and serious dancers', bovermelde artieste se plek gevul.⁶ Hul vertoning is deur 'n 'very pleasing appearance' en aantrekklike kostumering gekenmerk, en aan die einde van elke lied het hulle 'n pas de deux 'in a most agile manner' gelewer.⁷ Vanaf Maandagaand 10 April het mej. Daisy Tucker, 'n 'charming young lady, who sang very archly and proved herself an expert in the art of graceful dancing', en mnr. Munsel Shackleton, 'n komediant, die toeskouers tussen rolprentvertonings vermaak.⁸ Veral mej. Tucker is entoesiasties ontvang en 'volumes of applause' het haar vertonings begroet.

Die Gaiety-maatskappy se seisoen van rolprentvertonings sou op Saterdag 10 Junie 1911 in die stadsaal eindig, en ter bykomende vermaak gedurende die filmvertonings, sou twee kunstenaars met 'n 'splendid reputation as vocalists and

instrumentalists' ingespan word, naamlik Nellie Monahan en J S Sheenan.⁹ Hulle uitvoerings was vonkelend en besonder boeiend.¹⁰ Mej. Monahan se stem was 'much in demand', terwyl mnr. Sheenan se wyduiteenlopende instrumentale bydrae gekenmerk is deur sy uitstaande piccolo- en kornetspel. Mej. Monahan het The Gentle Lark met fluit-begeleiding voorgesing en die resensent het gerapporteer dat 'nothing more harmonious has been heard in the Town Hall for many a day'. 'Bumper houses' is vir hierdie talentvolle kunstenaars voorspel.

Dit is duidelik dat vaudevilles onmiddellik uiters gewild by die publiek was. Die opening van 'n verdere twee bioskoop-sale in dieselfde jaar, wat gepaard gegaan het met vaudevilles, toon aan dat hierdie soort vermaak 'n oorheersende rol in die musieklewe van Oos-Londen gespeel het.

Sang domineer

Veral vanaf die opening van die Vaudette was dit duidelik dat sang 'n dominante rol in vaudeville-aanbiedinge gespeel het. Die feit dat gesiene sangers hul medewerking gegee het, het die musikale meriete van die aanbiedinge verhoog.

Die Vaudette, beskryf as the 'finest and most comfortable Photo Play Theatre in Africa', is op Maandag 28 Augustus ingewy.¹¹ Elke deel van die program is geopen deur 'n keurspel 'by an orchestra of accomplished musicians, three in number, who played bright and lively music throughout', aangevul deur die sang van mnr. G Lawson Fraser wat beskik het oor 'n 'powerful robust tenor voice of considerable compass'. Mnr. Fraser het in effektiewe kostumering verskyn, 'reminiscent of days of chivalry' en sy solo's 'dramatically and with considerable variety of gesture' oorgedra. Sy items was The Death of Nelson, Come into the Garden Maud, Kind is my Mary, I'll sing thee songs of Araby en Two Eyes of grey. Om die heuglike aand nog verder op te helder is DEAVE se Mannikins opgevoer, wat veral aan die jongelui intense vermaak verskaf het. Hierdie item het marionette as kunstenaars gehad, ondersteun deur 'n marionet-orkester, wat verskillende instrumente met 'vigour' voorgespeel het. Al

hierdie dartelende items is rondom verskeie filmvertonings heen ingeweef.

Die daaropvolgende week het mnr. G Lawson Fraser weer opgetree, bygestaan deur die Musical Shirleys:¹²

First came the Musical Shirleys who remind one in a small way of the Steele-Payne Bellringers, in that they perform with excellent effect on tubular and sleigh bells, organ chimes and a metallophone, with the addition of a number of tubes that when stroked with the hand produce sweetly shrill sounds, reminding one of the musical glasses. The setting of the instruments is very pretty, the stage being lighted with red and blue lamps in the form of flowers. The instrumental portion of their turn is far in advance of the vocal item, with which it concludes.

Op Maandagaand 11 September het die Musical Madcaps¹³ die Vaudette betree waar daar toe van filmvertonings nie veel sprake was nie aangesien die vermaaklikheidsaspek so sterk op die voorgrond getree het.¹⁴ Volgens die resensent het die Musical Madcaps 'the time and attention of the audience' gemonopoliseer, 'and they also drew from them loud shouts of appreciation such as only good companies receive'. Nog 'n indrukwekkende sanger mnr. John Montgomery, het van Maandagaand 25 September in die Vaudette opgetree.¹⁵ Hy is bestempel as 'the finest baritone we have had in East London since Charles Knowles was here, and he reminds one somewhat of that singer, the resemblance being especially marked in the easy and natural way in which he sings'. Hy het sy sukses bereik met My Old Shako, An Emblem, Three for Jack en Mifanwy. Die ander vermaaklikheidskunstenaar was mnr. Perceval D'Auber, 'n 'lightning colourist'.

Verskeidenheid

Die Vaudette-teater het voortgegaan met sy hoë gehalte-vaudevilles en van Maandagaand 2 Oktober het die duo mnr. Mooney en mej. Holbein die gehoor betower met vertonings wat beskryf is as:¹⁶

a top line music hall turn in every respect, and consist in catchy songs, marvellous dancing, instrumentalism, and the high kicking of Mr. Mooney alone places this turn above the ordinary.

Daarbenewens het 'n mej. Pattie O'Hanlon, 'n Ierse kontralto en 'n lid van die Musical Madcaps, die gehoor op 'n aantal ligte liedjies getraakteer. Vaudeville-vermaak het ook na die Town Hall Bioscope uitgebrei, waar mej. Maud Leslie met haar 'excellent stage appearance and very charming contralto voice' groot waardering uitgelok het¹⁷, terwyl bioskoopgangers by die Vaudette getraakteer is op die grasiëuse danspassies van mej. Reina Selina, aangevul deur die soubrette¹⁸ mej. Lily Eyton¹⁹.

Sang weer oorheersend

Vanaf Maandag 23 Oktober het nie minder nie as ses artieste in die Vaudette opgetree, waarvan die meeste van welbekende toneelgeselskappe afkomstig was.²⁰ Die bekende tenoor, mnr. Gwilym Evans, het gehore besonder bekoor met die sing van onder meer Take a pair of Sparkling Eyes, Thora en Come into the Garden of Roses.

'n Besliste hoogtepunt in vaudeville-aanbiedinge het die daaropvolgende week voorgekom toe die Vaudette-teater volgepak was om die fenomenale kontralto mej. Bessie Slaughter aan te hoor.²¹ Volgens berigte was sy een van die beste kontralto's wat Oos-Londen tot nog toe besoek het. 'n Uitstaande kenmerk van haar sang was die feit dat sy oor 'n omvang van drie oktawe drie duidelik verskillende stemtipes kon projekteer. Haar liedere was The Magic of your voice, The Lost Chord, Three Fishers, Dear Land of Home, You want to be a Soldier Little Man en Killarney. Tydens dieselfde program het Duval, the Handcuff King', die gehoor met sy waaghalsige manewales geboei. Mej. Slaughter se diens is ook vir die volgende week bekom en is met groot sukses bekroon.²² Op Maandagaand 6 November het sy gesing Because, Guardian Angel Mine, The Rosary en My Grandparent's Portraits.²³

Vanaf Maandag 13 November het 'n mej. Emily Kroll haar 'well trained mezzo-soprano voice' met uiters geslaagde effek aangebied in verskeie geïllustreerde liedere, When You Know you're not forgotten en Pal of Mine.²⁴

Die week beginnende op Maandag 27 November is met die Merrie Mascots in die Vaudette-teater geopen, waar hulle vermaaklikheidsaanbieding as 'as clean and clever as ever' bestempel is, alhoewel sommige grappe 'n 'distinctly nutty flavour' bevat het.²⁵ Benewens 'n pianis, het die groep bestaan uit drie dames en drie here, wat die gehoor in vervoering gehad het met hulle spontane uitvoering en kleurrike Pierrot- en Folly-kostumering. Onder die liedere wat voorgesing is, was My Rose, The dear little girl, My Ain Folk, Arabella, Put on your Tata, en Pride of the Prairie.

Vanaf Maandagaand 4 Desember het 'n mnr. Herbert Clifton, 'who has been described as a man with a £1,000 voice', in die Vaudette opgetree.²⁶ Sy bydrae is as volg omskryf:

We cannot judge of the value of his voice, but there is no doubt that it is a remarkable one and that he uses it well. Starting by describing what he has seen at a music hall from which he has just been forcibly ejected, he imitates the voices, mannerism, and dancing of the prima donna, the serio-comic, and the comedian in a laughable and amusing fashion, which put the audience in a good humour and earned him a recall. In response he appeared in orthodox female matinee stage costume, wearing a hat that called forth gasps from the female and derisive laughter from the male portion of the audience, for it must have been eight or nine feet in diameter. From beneath this he trilled and quavered like a veritable diva, and brought an amusing burlesque to a close by disappearing entirely beneath his headgear. The audience wanted him back again, but in vain, and in fact, the recall was a bit unreasonable in view of the evident strain his Tetrizzini trills make upon the singer's system. His turn is out of the common, and those who intend hearing him would do well to secure seats in advance.

Dit blyk dat besoekende vaudeville-kunstenaars die plaaslike vermaaklikheidstoneel binne enkele maande sterk gestimuleer het. 'n Kombinasie van top-gehalte vermaak en bioskoopvertonings was 'n onweerstaanbare resep vir die algemene publiek, en plaaslike artieste is sekerlik ook tot groter aandag vir hulle eie optredes geïnspireer.

7.2 Vaudevilles in oorvloed 1912

Veral twee teaters het in 1912 die leiding in Vaudeville-aanbiedinge geneem, naamlik die Vaudette-en die Grand-teater

wat in April geopen is.²⁷ Alhoewel vaudevilles by uitstek vermaak-georiënteerd was, was alle aanbiedinge nie bloot oppervlakkig en ongekunsteld nie, aangesien talle aanbiedinge van hoogstaande musikale meriete getuig het.

Op Dinsdagaand 2 April is die Grand-teater luisterryk met 'n uitnemende vaudeville-program geopen, alhoewel die films depressief van aard was, onder andere Red Cross Martyr.²⁸ 'n Kossak het die vaudeville-program met 'n silofoon-keurspel geopen, waarna 'n geselskap van sewe lede, bekend as die Butterflies, aan die beurt was. Onder dié groep was daar mej. Marion Armitage - bestempel as 'the cleverest soubrette that has yet visited East London', en 'who took the house by storm' met haar uitvoering van I want to be a lady en Sam, Sam, Here I am. Mej. Ada Smart (sopraan) het bewondering afgedwing met die sing van die Intermezzo uit Cavalleria Rusticana, ondersteun deur tjello- en vioolbegeleiding. Ander uitstaande kunstenaars van die groep was mnre. Dennett (pianis) en R Foster Hine ('n 'ligte' bariton). Alles in ag genome was die openingsaand 'n groot sukses, wat verder versterk is deur die Grout-orkes wat 'throughout suitable music' voorgespeel het, 'though they did not always fall in with the sentiments of the pictures'.

Ongelukkig het vaudeville-resensies nie voldoende klem verleen aan die uiters essensiële taak wat orkes-ensembles in die teaters verrig het nie. Beide die Vaudette- en Grand-teater het nou oor orkessies beskik wat uit plaaslike amateurs saamgestel is.

Hierdie vrywilligers se onbenydenswaardige taak is ook nie altyd gunstig ontvang nie. Tydens 'n sprankelende vertoning deur die Musical Gardiners, wat vanaf Maandagaand 15 April in die Grand opgetree het, en uitgeblink het in die bespeeling van koperblaasinstrumente, banjo's, 'organ chimes', sleeklokkies, silofone en viool, het die resensent aanbeveel dat die residensiële 'orkes' liefs nie hul dienste moes aanbied nie:²⁹

In a programme of the nature submitted by the Gardiners, the orchestra could very well be dispensed with.

Dit kan beskou word as 'n subtiele verwysing na die gaping wat bestaan het tussen besoekende vaudeville-aanbiedinge en plaaslike talent. Benewens die meerderwaardige kwaliteitte van die besoekers, was hulle konstante aanwesigheid in Oos-Londen seker ook grotendeels verantwoordelik vir 'n insinking wat plaaslike konserte, gewyde konserte en verskeidenheidskonserte betref.

Die Grand-teater se volgende vaudeville-aanbieding op Maandagaand 22 April sou benewens twee akrobatiese humoristiese kunstenaars, deur die ongeëwenaarde banjo-genie Franco Piper vereer word.³⁰ 'n Berig het sy hoedanighede met betrekking tot die banjo as volg omskryf:³¹

The man who revolutionized the Banjo to the highest pitch of musical art. It is classed with the violin, piano and organ, and it is now included in the curriculum of the London College of Music. Also the originator of all Banjo Achievements, Swinging and playing two Banjos, Spinning and playing two Banjos at 300 revolutions per minute, Spinning one across stage and playing popular melodies, Juggling 1;2;3 and 4, and playing perfectly. Franco Piper is described by the Press as the Paderewski of the Banjo.

Al hierdie asemrowende toertjies het die heer met oorbluffende vernuftigheid bemeester:³²

He throws the instrument in the air, touches the strings as they come to his hand and succeeds in producing the Cock o' the North. The number increases to four and the same accuracy is observed in each. The last item was playing twelve banjos at the same time. He places them, two at a time, on the stage, makes them spin round and round till the whole dozen are going to the tune of Comin' through the Rye. He was loudly encored and responded with a selection The Pilgrim's Chorus, which was thoroughly enjoyed as were all the items on his clever bill. Tomorrow afternoon the management are giving a special matinee, the proceeds of which will go towards the Titanic relief fund.

Die arme swoegende orkes wat in die Grand-teater diens gelewer het, het weer die wind van voor gekry en is in 'n verslag versoek om 'the soft pedal in the orchestra' aan te wend:³³

So much music for so long a time becomes deafening, and for accompanying artists - well, as often as not the artistes accompany the orchestra. It has been pointed out to us that the artistes themselves request the orchestra to 'play up', and certainly a little drowning of the voice is often judicious. But it is not from the artistes' point of view that

we speak, but from that of the stalls - the highest priced seats - whose occupants are entitled to a little consideration. If the orchestra cannot play more softly, their numbers should be reduced. Last night the piano was most at fault.

Daarenteen is die 'clever orchestra' by die Vaudette-teater in Mei baie geloof vir hulle spel, wat onder meer die keur-spele Entry of the Gladiators en The Dance of the Demons ingesluit het.³⁴ Tydens hierdie aanbieding wat op Maandag 20 Mei begin het, is bioskoopgangers getrakteer op die uitmuntende sang van die Merry Gold Diggers. As groep het hulle onder meer The Soldier's Chorus uit Faust en as individue die die tenoorsolo Come back to me (baritonlied met koorondersteuning), Far away over there en The Banks of Allan Water aangebied. Hul sang is deurgaans as uitstekend beskryf en die resesent was van mening dat sulke hoë gehalte sang laas tydens die besoek van die Walliese koor ervaar is.

Verskeie individue en geselskappe het vaudevilles lewendig aan die gang gehou: mnr. Godfrey James (the 'Singing Collier') vanaf Maandagaand 3 Junie in die Vaudette⁵; die Rodney Revel's vanaf Maandagaand 10 Junie ook in die Vaudette³⁶; en Edward Crossland se Five Melody Makers in die Grand vanaf Saterdag 29 Junie³⁷.

Die Grand-teater se volgende vaudeville-aanbieding op Saterdag 6 Julie was 'n vertoning deur twee jong Kanadese dames, mejj. Ida Grahame en Dorothy Gibson.³⁸ Hulle het 'n aantal blaasinstrumente uiters voortreflik hanteer en hul spel het van keurigheid en meeleving getuig. Hulle program het bestaan uit onder meer operakeur-spele uit Carmen en Faust op 'keyed coach horns', 'n kornetsolo, 'n eufoniumsolo, 'n trompetduet en 'n tromboonduet. Maar die orkessie is weer geroskam:

As a musical (instrumental) this (die dames se vertoning) is far in advance of anything that the Grand has given us before. Even the orchestra could not spoil it.

Aan die begin van Julie het die volgende bioskoop-teaters in Oos-Londen fungeer: die Gaiety, Grand, Mutual, Royal Bio en Vaudette³⁹, met die Grand en Vaudette as die twee leidende teaters ten opsigte van vaudeville-kuns.

Die vaudeville-aktiwiteite is op Vrydagaand 27 Julie op 'n nuwe wyse aangevul toe 'n begaafde kindertrio, bekend as die Child Trio, in die Vaudette opgetree het.⁴⁰ Op die klavier, viool en tjello het die Child Trio verskeie klassieke werke (alhoewel nie van die groot meesters nie) voorgespeel. Benaans die trio's is ook 'n klavier- en vioolduet, 'n klavier- en tjelloduet en 'n monoloog op die tjello aangebied. 'n Glanspunt in hulle puik vertoning was:

the selection in which the musicians changed instruments, without a break in the piece and without any undue interference with the music. It was rather marvellous to see the boy holding the violin in position and playing the piano with one hand, while the pianist manipulated the bow with the one hand and the piano with the other. Then the cellist secured the violin and having showed that she was mistress of it, handed it on to her sister while she took the piano. The last exchange was between the 'cello and the violin. The boy shared his sister's chair and the musicians applied bows to each other's instruments amid storms of applause.

In kontras met die swak gehalte van die Grand-teater se orkes, het die Vaudette-orkes hul voortreflike spel gehandhaaf en vanaf Maandag 14 Augustus het 'n begaafde violis signor Nervi hom by hulle aangesluit.⁴¹ Hy het twee solo's, Kol Nidrei en Czardas, wat tot op daardie tydstip nog onbekend aan Oos-Londen se gehore was, voorgespeel 'and although his rendering of the pieces delighted those capable of appreciating a sympathetic interpretation of the masters, the gods were not at all happy and helped to mar what really was an excellent number'.

Nog 'n trio, die Columbia-trio, het sy opwagting gemaak, en vanaf Maandagaand 2 September in die vaudette opgetree waar hulle vertoning geesdriftig as die beste 'vaudeville turn' nog bestempel is.⁴² Hulle het 'n 'operatic humorous absurdity' aangebied en sowel musikaal as humoristies skitterend geslaag, sodat hulle herhaalde kere terug geroep is. Die trio wat 'n 'exceptional drawing power' was se musikale en humoristiese kwaliteite is as volg omskryf:⁴³

Three comedians who sing serious ballads and operatic selections in really musicianly style, and who, though their vocal efforts are in deadly earnest, are performing excellent foolery all the time - these are the Columbio Trio. One of the 'team',

an elongated individual with a deep bass voice, extracted much original humour by means of trick clothing, while the way the others played up to him showed a fine sense of burlesque. The travesty on Faust also served to reveal the possession by all three of really fine voices.

Dit ly geen twyfel nie dat die aanbiedinge Oos-Londen se vermaaklikheidsgangers intense genot en bevrediging verskaf het, waarskynlik ook weens die konstant fluktuerende patroon van die programme.

Volgende aanbiedinge het nuwe kunstenaars in die Vaudette bekend gestel: vanaf Maandagaand 9 September mej. Jessie Templeton (komiese sangeres) en Ethel Thomas ('the Welsh Nightingale').⁴⁴ Laasgenoemde het beskik oor 'n 'full sweet powerful yet sympathetic voice' en het onder meer Land of My Fathers en dele uit Il Bacio gelewer. Vanaf 16 September was die Walliese tenoor, Gwillym Evans, daar op sy derde en laaste besoek aan die Vaudette.⁴⁵

Nog 'n bioskoopteater, die Mutualsaal, het verrys en van Maandag 9 September het die Merrie Mascots daar opgetree⁴⁶, en die daaropvolgende week mej. Maudie Marshall, 'n bekende 'dainty soubrette' van Oos-Londen asook mnr. Walter Blake, 'n 'light tenor'⁴⁷.

Vaudeville-aktiwiteite het gedurende Oktober verder uitgebrei. Die wakker Vaudette-bestuur het die dienste van twee eersterangse bespelers van die Ierse harp en die sopraan-saksofoon genoem Diamond en Beatrice bekom, en hulle het van Maandagaand 7 Oktober in die teater opgetree.⁴⁸ Die volgepakte Vaudette is totaal deur die twee musici se 'exceptional merit' oorrompel. Diamond het die Ierse harp bespeel en saam met sy eie begeleiding gedans, terwyl Beatrice van 'n sopraan-saksofoon gebruik gemaak het. Hul gesamentlike vertonings was van die 'finest possible turns' wat nog in die Vaudette aangehoor is. Met haar tweede verskyning was Beatrice se kostumering so 'striking yet becoming, that the gods gave vent to their appreciation by long low whistles'.

Beginnende op Maandag 14 Oktober het 'n duo-paar The Musical Palmers, by die Grand-teater opgetree en 'straight music' op verskillende instrumente voorgepeel, wat onder meer ingesluit het: 'n tjello-duet Gavotte no. 2 (POPPER), 'n kornet-solo For All Eternity (MASCHARONI), 'n Japanse vioolsolo The Blind Boy (CHIRGWIN), 'n trompetduet The Friendly Rivals (GODFREY) en 'n tjello-duet Introduction and lead to the Star uit Tannhäuser (WAGNER).⁴⁹

Onverwags en verrassend suksesvol was die optrede van die Cherniavsky-trio vanaf Woensdag 16 Oktober in die Vaudette. Ongelukkig was die pianis Alexander ongesteld, maar sy plek is baie knap deur mnr. Edward Osborne, die dirigent van die Vaudette-orke, gevul. Geen programdetail is verskaf nie.

Die Vaudette ('a cosy theatre') het op Dinsdagaand 22 Oktober sy deure vir mej. Vena Valma oopgegooi, wat onmiddellik die gehoor oorrompel het met haar 'excellent singing and magnificent dancing'.⁵¹ Sy het onder meer verskeie musikale komiese karakters verpersoonlik en weens haar kombinasie van 'n sjarmante persoonlikheid en hoogstaande talent is vol sale vir haar orige optredes voorspel.

Die Grand-teater het intussen nie trugestaan met hulle vaudeville-aanbiedinge nie en van Maandagaand 21 Oktober is drie dansvertonings deur mej. Millie Gordon gelewer.⁵² Sy het besonder 'nimble and graceful' vertoon, veral in haar laaste dans waaraan twee luislange deelgeneem het - 'it gave one the creeps to see her twist and turn them round her lithe body, especially at the last when she falls in a state of exhaustion to the floor'. Latere beriggewing het gemeld dat sy drie bykomende danse, wat onder meer MENDELSSOHN se Spring Song ingesluit het, ook aangebied het.⁵²

Die wakker Vaudette-teater het op sy vorige suksesse voortgebou toe Orpheus vanaf Maandagaand 4 November in die teater opgetree het:⁵⁴

The Vaudette has billed and staged many stars in the musical line, but Orpheus must be ranked among the very finest. His stage setting is among the most beautiful and effective yet seen at the cosy theatre, and his turn must be seen and heard to be appreciated. Imagine a brilliant and magnificent drawingroom with a superbly uniformed figure in the foreground, who picks up the most intricate instruments, beautifully polished and sparkling in the limelight, and plays with the greatest ease and artistic finish, the sweetest of melodies. Instrument after instrument is performed on with like ability, and laid aside only to be followed by another of a different variety, but all perfectly in tune, and small wonder that he was awarded the Sunday Times gold medal as the best turn in bio week in Johannesburg. None should miss Orpheus, as his is a turn that is unique and must please young and old alike.

Kort daarna, op Dinsdag 19 en Woensdag 20 November, sou vermaaklikheidsgangsters op nog 'n glansvertoning getrakteer word, naamlik die Kennedy Concert Party, wat volgens persberigte die 'greatest musical treat ever presented to East Londoners' sou wees.⁵⁵ Die groep, geadverteer as '7 of the World's most talented performers', was as volg saamgestel: Keith Kennedy (viool), Lance Kennedy (fluit), Bertha Kennedy (klavier), Laurie Kennedy (tjello), mej. Elsie Grosholz (kontralto), mej. Madeline Stone (sopraan), Frank Willoughby (komediant en vermaaklikheidsarties op die klavier). Hul vertoning het voldoen aan die voorafgaande gunstige publisiteit, en 'n volgepakte Vaudette het hulle pogings spontaan toegejuig.⁵⁶ Die program is met die 'plaintive and pretty' gondellied uit die Tales of Hoffman geopen gevolg deur Keith Kennedy op die viool met die werke Zigeuner-weisen en The Canary. Hy is as 'n musikus 'of the first water' geklassifiseer en het voorts sy veelzijdigheid getoon deur ook as begeleier vir liederes met banjo en kitaar op te tree, terwyl Mej. Grosholz met Land of Hope and Glory en The Cameron Men sukses behaal het. Al die ander deelnemers het ook puik vertonings gelewer.

Vervolgens is 'n vertoning deur The Taffies, 'a turn teeming with fine vocalism and humour', van Maandagaand 9 Desember, aangebied.⁵⁷ Mnr. Taffy het oor 'one of the sweetest baritone voices' en sy vrou oor 'n 'taking soprano voice' beskik.

Die jaar 1912 was dus ryk aan verskeidenheid wat vaudeville betref, en die programme is meestal deur besoekende artieste van hoë gehalte gelewer. Plaaslike amateurs het selde opgetree.

7.3 Standaard en momentum gehandhaaf Januarie - Mei 1913

Die nimmereindigende stroom van uitstaande vaudeville-kunstenaars het in 1913 voortgeduur en vir ten minste die eerste vyf maande was daar geen afname in die getal aanbiedinge of standaard nie.

Vanaf Maandagaand 3 Maart 1913 het die Jackolew-trio, wat Siberiese dansers en volbloed kossakke was, die Vaudette beset en in uiters effektiewe kostumering het die dame nasionale liedere voorgesing, terwyl die twee mans asemrowende danstoertjies uitgevoer het.⁵⁸ Dié uitvoering is besonder hoog deur die groot gehoor aangeslaan. Aanvullend het 'n Skotse paar, Pete en Minnie Lee, die gehoor op sang getrek teer wat die tipiese 'scotch twang' bevat het en verskeie van hul items met sketse aangevul.⁵⁹

Twee weke daarna, vanaf Maandagaand 17 Maart, het The Moths, 'n groep van nege lede wat oor uitstekende stemme beskik het, in die Vaudette opgetree.⁶⁰ Een van die Moths was mej. Dorothy Gould, wat 'n 'very sweet soprano voice' gehad het en met 'n obligaatviool The Pink Lady Waltz gesing het. Die item 'that really tore them up in theatrical parlance' was die voormalige Britse goue medaljehouer, mej. Lillian Seldon, se violsolo Hejrekti, asook haar bydraes van 'n 'masterly medley of Scotch airs, grave and gay'. Luidrugtige applous het haar genoodsaak om weer op te tree en na haar lewering van Tambourin was almal dit eens dat mej. Seldon 'undoubtedly one of the finest violinists' was wat nog by die Vaudette gehoor is.

Vaudevilles se ryke verskeidenheid is verder geïllustreer toe die St. John Brothers (twee broers) vanaf Maandagaand

14 April 1913 in die Vaudette opgetree het.⁶¹ Hulle het banjo's, 'n konsertina, 'n sogenaamde 'violmophone' en handklokke bespeel. Die William Tell-ouverture is op twee banjo's voorgespeel, The Lost Chord op die konsertina, en 'n keurspel The Song that reached my Heart op die violmofoon met kitaarbegeleiding.

Vroeg in Mei het die Vaudette-bestuur besluit om programwisselings op Saterdagdaande te laat plaasvind. Beginnende op Saterdagdaand 3 Mei is die klein maar begaafde London Imperial Orchestra bestaande uit 'n gesin van Pa, Ma en twee dogters van sestien en veertien aan teatergangers bekendgestel.⁶²

Een van die dogters, Pearl Davis, het haar as 'n uiters veelsydige kunstenaars bewys toe sy die tjello, klarinet, Japanse viool, tromboon en eufonium, almal ewe gemaklik hanteer het. Haar tjellosolo was 'n 'gem' terwyl sy boonop nog haar stem 'which, if yet somewhat immature, is of a remarkable compass and very sweet' in Il Bacio en The Emblem geslaagd aangewend het. Mnr. Davis het 'exceptional ability' getoon met sy klarinetsolo's, Polocca en Au Varie, terwyl hy as leier van die orkessie die viool met insig hanteer het. Sy vrou het haar as 'n kontrabas- en klarinetspeelster van formaat bewys. Orkeswerke wat voorgespeel is was onder meer SUPPE se Morning Noon and Night en sy Poet and Peasant-ouverture. Gedurende die uitvoering het die voordraers 'instantaneously' oorgeskakel 'from strings to wood, then to brass, and back to strings'. Een van die mees voortreflike items was die gelyktydige spel op 'n viool en tjello deur mnr. Davis, met die gebruik van twee stryfstokke. Hy het Nearer my God to Thee voorgedra, terwyl sy dogter die woorde gesing het.

In teenstelling met die talryke groep-aanbiedings in die Vaudette het twee individuele kunstenaars vanaf Saterdagdaand 10 Mei opgetree en die teater se hoë vaudeville-standaard gehandhaaf.⁶³ As die besitster van 'remarkably handsome costumes and a magnificent figure', het mej. Elsie Kerry, 'n sangeres van Ierse ballades, teatergangers op voortreflike sang getrakteer. Besonder geslaagd was die vertoning van James Stewart, 'the original tramp at the piano', wat nie net die gehoor laat skaterlag het nie maar hom ook

as 'n 'musician of no common order' bewys het:

His imitation of Paderewski was screamingly funny as well as clever, and so was his playing of a hymn, in quite a bunch of keys, and his step dancing to his own accompaniment, while his imitation of the organ made one wonder if he were really performing on a piano.

Die London Imperial Orchestra het op Sondag 18 Mei van 'n besoek aan King William's Town teruggekeer, en die bestuur van die Vaudette-teater het daarin geslaag om hulle oor te haal om vanaf Maandagaand 19 Mei as permanente orkes van die teater op te tree.⁶⁴ Mnr. J B Percival (die bestuurder) is van harte met hierdie gedagte geluk gewens en die mening is uitgespreek dat alle musiekkliefhebbers die stap sou verwelkom. Dit is jammer dat daar nie meer besonderhede oor die begeleidende orkesspel verskyn het nie, aangesien die ensembles sekerlik 'n baie groot aandeel gehad het aan die sukses van stom-films. Die orkessies moes voortdurende improvisatoriese aanpassings maak wat by die stemmings van die rolprente sou pas, wat veel vindingrykheid en vaardigheid vereis het.

7.4 'n Afname in die getal aanbiedinge Junie - Desember 1913

'n Afname in die getal aanbiedinge het vanaf Junie 1913 ingetree. Onder die titel Perplex-i-vocal, het 'n 'great musical trio' vanaf Dinsdagaand 15 Julie in die Vaudette opgetree.⁶⁵ Die trio het bestaan uit mej. Elsy Haynson, 'the celebrated Australian Soprano' en mnr. Apted (tjello) en Newby (klavier). Die jonge dame het haar voortreflike stem 'of considerable volume and power' sjarmant aangewend in die liedere I Hear You Calling Me, Swallows en The Rosary, terwyl mnr. Apted se tjellosolo gunstig ontvang is.

In mindere of meerdere mate het drie aanbiedinge wat in September, Oktober en November voorgekom het, items van ernstige aard bevat. 'n Welkome porsie ernstige musiek is vanaf Maandagaand 29 September in die Gaiety-teater aangebied toe ter viering van die honderdjarige geboorte-herdenking van WAGNER 'n film getiteld Richard Wagner, His Life and Works vertoon is.⁶⁶ Dit is deur besonder goeie bywoningsyfers gekenmerk. Die rolprent is in die buiteland deur keurspele

uit WAGNER se musiek begelei, maar dit was natuurlik nie in Oos-Londen moontlik nie. Ten spyte van hul miniatuur-grootte het die orkessie tog wel 'exceptionally well' vertoon en waarderend het die resensent daaraan toegevoeg:

It speaks well for the musical intelligence of East London that it was able to appreciate with intense interest the romantic life history of the master of melody, and as this year sees the Wagnerian Centenary, it was all the more credit to the Gaiety management that their enterprise should have met with such good responses.

Nog 'n poging wat uit ernstige musiek bestaan het - die resensent het dit 'straight music' genoem - was die suksesvolle vokale optrede van mej. Florence Esdaile, beskryf as 'the lady with the voice', vanaf Maandagaand 20 Oktober.⁶⁷ Haar optredes het groot genoegdoening verskaf en as toegif op 'n potpourri van opera-melodieë het sy die Soldiers Chorus uit Faust voorgesing.

Beslis nie konvensioneel nie, was mej. Alice Raymond en haar groep se opvoering van A Night in Egypt vanaf Maandagaand 17 November in die Vaudette.⁶⁸ Mej. Raymond self was met 'n luiperdvel en 'flimsy draperies' bekleed en het 'n 'queen of ancient Egypt' voorgestel. Sy het haar as 'n uitstekende kornet-speelster bewys met rats 'triple tonguing' in die Lalla Rokah-polka, terwyl haar Egypt op die Franse horing besonder gevoelvol was. Die slawe het die kornet, tromboon en eufonium bespeel in 'n keurspel uit Tannhäuser, en 'post horns' in die Grand March uit Aida. Met sy aangename tenoorstem het signor Enrico Altani groot genot verskaf. Hy het onder meer keurspele uit Rigoletto en die Miserere uit Il Trovatore voorgesing, terwyl mej. Alice Raymond die sopraan-gedeeltes op haar kornet voorgespeel het. Hierdie rare aanbieding, 'playing modern opera on modern instruments in an ancient setting', was iets besonder vir musiek liefhebbers.

Te midde van die oorweldigend populêr-georiënteerde elemente in vaudevilles, het musiek van gehalte dus tog hier en daar kop uitgesteek.

Laat in November is berig dat die Imperial Orchestra, wat sulke 'excellent music' in die Vaudette voorgedra het, Oos-Londen verlaat het en dat 'n nuwe ensemble uit Johannesburg sy plek sou inneem.⁶⁹ Opvolgende beriggewing het daarop gedui dat die verandering nie 'n verbetering was nie en dat die nuwe ensemble nie aan die verwagtinge voldoen het nie.⁷⁰ Dieselfde verslag het egter berig dat die Imperial Orchestra nou sy dienste aan die Royal Brio toegesê het en dat hulle spel aldaar 'has supplied a much needed want'. Dit gaan verder;

there is no thing that adds so much to the enjoyment of visitors to a picture performance as good music which can be made to harmonise so well with the scenes in the various films when capably managed.

Dit was jammer dat die teater wat hom deurgaans so vlytig vir die handhawing van fleurige vaudeville beywer het, nou met 'n swak orkes moes klaarkom. Onderlinge twis het moontlik tot die verlies van die Imperial Orchestra aanleiding gegee. Ten spyte van die gevoelige terugslag, het die Vaudette-teater met sy uitnemende vaudeville-aanbiedinge voortgegaan.

'n Befaamde dramatiese-kontralto, mej. Aimee Parkenson, het vanaf Maandagaand 8 Desember in die Vaudette opgetree en onder meer 'n keurspel uit Samson and Delilah voorgesing, asook die liedere O Dry Those Tears en Two Eyes of Grey.⁷¹ Sy het oor 'n omvangryke stem beskik met 'exceptionally sweet' kwaliteit in haar hoë register. Aanvullend het Adair en Dawn opgetree. Eersgenoemde het uitmuntend in 'n aantal liedere vertoon, terwyl die dame haar in verskeie 'smart catchy songs' op die klavier begelei het. 'n Duet The Baby bumble-bee, waarin 'n aantreklike refrein die nabootsing van 'n by voorgestel het, 'brought down the house'.

Vaudeville-aanbiedinge se elasticiteit is verder beklemtoon toe twee Bulgaarse artieste, die Steingas-Duo, die gehoor vanaf Maandagaand 22 Desember op sang- en dans-items met tamboerbegeleiding getrakteer het.⁷²

7.5 Aktiwiteite weer eens bedrywig Januarie - Julie 1914

Die flinke maar rustelose Imperial Orchestra wat so vinnig by die Vaudette spore gemaak het, het in Januariemaand 1914 sy kortstondige verblyf by die Royal-teaterbeëindig, en is vervang deur 'n mnr. H B Smith wie se orkes 'lively and appropriate music' verskaf het.⁷³ Die operafilm Tannhäuser is vanaf Maandagaand 26 Januarie by die teater vertoon.

Geen verslapping in die getal aanbiedings het by die Vaudette voorgekom nie en vanaf Maandagaand 23 Februarie het 'n duo, May Erne en ene 'He', die teater besoek met 'n vertoning wat beskryf is as 'the best that has as yet adorned the Vaudette stage'.⁷⁴ Die berig oor hul optrede word hier volledig aangehaal:

The chief number in the vaudeville part of the entertainment was that by May Erne and 'He!'. As the curtain rises, Miss Erne appears from behind some flowers, with an instrument known as the glockenspiel suspended from her neck. The stage is very prettily set in the form of a conservatory with vases of flowers artistically arranged. She is an expert on this instrument, as also on the xylophone, the bells of which are particularly sweet. As she plays, it appears as if she is singing, but to the surprise of the audience the voice, which has the sweet tones of a woman, is that of the 'He' or the male performer, who is a remarkably fine singer.

Miss Erne gave an exhibition of clever dancing, at the same time playing on the xylophone the William Tell-ouverture, which was most attractive. Miss Erne is a particularly quick-change artiste. The lights go down for an instant, and from a short costume, which is very becoming, she is found to be clad in a gorgeous dress and long skirt. The male performer parodies a number of songs, mainly ragtime tunes, in a clever way. Among them were Alexander's Ragtime Band, Hitchy Koo, The Village Blacksmith, Sally in our Alley, and several others. In the Ragtime Wedding March, the glockenspiel, played by Miss Erne, added considerably to the effect. There is a clever manipulation of the lights and the duets were rendered in a most artistic and delightful setting. The whole performance is refined, clever and attractive, and Miss Erne and the male performer received an ovation which was thoroughly deserved.

Uit hierdie resensie, soos talle ander resensies, is dit duidelik dat die kriterium vir geslaagde vaudeville uit 'n hele aantal komponente bestaan het: visuele aantreklikheid en prikkeling, 'n snelle tempo, asook 'n snelle verwisseling

tussen items, vaardigheid op die gekose instrument of instrumente, humor, en werke van ongekompliseerde, sentimentele en populêre aard. Geesdrif, spontaneïteit en 'n aantreklike kunstenaarspersoonlikheid is natuurlik ook hoog waardeer.

Countess Rabaldi, wat haarself as 'remarkably clever' op die viool bewys het, het vanaf Maandagaand 9 Maart in die Vaudette opgetree.⁷⁵ Haar mees uitstaande kenmerke was 'facile bowing, excellent technique' en 'good tone'. Sy het onder meer Miserere uit Il Trovatore, Ronde des Lutins van BAZZINI, Home Sweet Home, en Killarney voorgespeel. Laasgenoemde werk 'brought down the house'. Haar vertoning is aangevul deur die optrede van signor Protti wat met begeleiding deur mdlle. Vere Olcanott en andere, 'n dansvertoning getiteld Zelo, 'depicting a pagan story of love and jealousy', aangebied het. Nieteenstaande die 'wildness' van die uitvoering, het daar nogtans 'considerable grace and artistic posing' uitgestraal:

The principal performers revolve round very quickly, the lady dancer being remarkably clever on her toes. She also throws herself into the arms of the male performer who whirls her about and round very swiftly, the effect produced being remarkable.

Die bedrywighede by die Vaudette het van die middel van April verder toegeneem toe aangekondig is dat nuwe kunstenaars voortaan twee maal per week bekend gestel sou word. (Dit is slegs kortstondig verwesenlik.)

Die nuwe reëling is van Donderdagaand 16 April toegepas toe die Three Sisters Gilbey Musical Entertainers, en Williams Parker, Walliese humoris en sanger, in die Vaudette opgetree het.⁷⁶ Die vertoning is op Maandagaand 20 April gevolg deur 'n puik vertoning deur die Corinthians, 'n groep bestaande uit twee dames en vier mans wat hulle goeie stemme, aanvallige kostumering en 'patter' oortuigend aangewend het in die lewering van verskeie liedere, duette, kwartette en humoristiese items.⁷⁷

'n Manjifieke geselskap van Russiese sangers, dansers en instrumentaliste genaamd die Golden Troupe het op Maandag-aand 27 die Vaudette verower met 'n vertoning wat gekategorieer is as 'the best Vaudette turn that East London has had for a long time past'.⁷⁸ Nege deelnemers het die program met The Song of the Volga Boatmen geopen. Dit is gevolg deur liedere en terpsichoreon-items. Asemrowende kostumering is gebruik saam met dekor wat die front van die beroemde Kremlin in Moskou voorgestel het. Instrumentalste het gespeel op 'curious-looking instruments of the mandoline type, which were manipulated with remarkable ability'. Hulle sou die hele week optree.

7.5.1 Bondige lys van optredes

Vaudevilles se veerkragtige verskeidenheid word duidelik weerspieël in die volgende lys kunstenaars wat chronologies in die Vaudette opgetree het:

- Mej. Ella Gibbs 'n 'double voiced vocalist' en Blake en Marsland, 'n musikaal-komiese duopaar vanaf Maandag-aand 4 Mei.⁷⁹
- Mej. Lily Lonsdale, 'n 'soprano in the front rank', wat onder meer Carmena en Il Bacio gesing het, vanaf Maandagaand 18 Mei.⁸⁰
- Die Romanys, 'n dame en heer wat gedurende hulle 'comedy musical act' verskeie ongewone instrumente met 'ease and skill' gemanipuleer het, vanaf Maandagaand 25 Mei.⁸¹ Onder andere het mnr. Romany 'n instrument, die fanfare wat oor die tien voet lank was bespeel, asook die 'trombone of Jericho' - 'n instrument van oor die dertig voet lank.
- Mej. Rosa Loader in sang, voordragte en verpersoonlikings, vanaf Maandagaand 1 Junie.⁸²
- Die Scamps, bestaande uit mnr. Edwin Adeler ('n voormalige Musical Madcap), mej. May Kenneth (van die Wheeler Edward's no. 1 Musical Comedy Company) en mnr. J W Birrell.⁸³ Hul uitvoering het bestaan uit 'clever patter', komiese liedere en voordragte, vanaf Maandag-aand 8 Junie.

- Die Musical Gardiners, 'n 'clever quartette' van drie here en een dame wat verskeie instrumente bespeel het, vanaf Maandag 22 Junie.⁸⁴ Die William Tell-ouverture met 'orchestral and storm effects' op vier silofone is onder meer vertolk.

'n Besliste hoogtepunt in die nimmereindigende stroom aanbiedinge was die optrede vanaf Maandag 6 Julie in die Vaudette van die Suid-Afrikaanse kontralto van internasionale aansien, mej. Kate Opperman.⁸⁵ Haar optrede het geweldig hoë aanprysing uitgelok:

With the exception of Madame Clara Butt, no artist of the present day is better equipped in all the essentials which go to ensure success on the stage.

Haar uitstaande stemkwaliteite was:

great power and purity of tone, peculiar richness and fullness throughout the whole of its wide range and which is especially noticeable in the lower register.

Sy het veral geskitter in Caller Herrin, My Ship, The Lost Chord en My Little Grey Home in the West. Haar omvang is aangegee as 'from B below the middle C to B^b above the treble stave'. Agterna is hierdie beskrywing reggestel; dit moes gelees het 'because while the range of the ordinary contralto is from F to G above the treble stave, her range is from B below to B^b above these notes'.

Hierdie belewenis is met nog 'n optrede van uitnemende vokale gehalte opgevolg toe die Russiese operaster, mej. Lola Krasavina, vanaf Maandagaand 13 Junie in die Vaudette opgetree het.⁸⁶ Haar stem is die hoogste lof toegeswaai:

It is an organ of singular purity and wide range, while its flexibility enables Krasavina to produce most subtle and delicate shades of expression.

By al haar artistieke kwaliteite, het sy haar ook nog gedrapeer in asemrowende skeppings. Sy het onder meer die volgende liedere gesing: Tango Queen, Comin thro the Rye en Oh you beautiful Doll.

Die oorlogssituasie het selfs in Oos-Londen vele ingrypende klemverskuiwings bewerkstellig. Met die oog op hulp aan gewondes en die naasbestaendes van gesneuweldes is 'n War Distress Fund in die lewe geroep.⁸⁷ Skielik het musiek 'n uiters funksionele medium geword en die Vaudette, wat tot op daardie tydstip net by vermaak en ontspanning betrokke was, is by die nuwe situasie betrek. Dit het terselfder tyd 'n taak op plaaslike amateurs gelê om hul steun toe te sê aan aanbiedinge wat gemik was op fondsinsameling. Dit het ook gelei tot 'n drastiese afname in vaudevilles deur besoekende kunstenaars.

7.6 Samevatting

Vaudevilles het 'n ingrypende invloed ten goede sowel as ten kwade tussen die jare 1911 en 1914 op die plaaslike musieklewe van Oos-Londen uitgeoefen.

Die treffendste invloed, ongelukkig negatief, het gelê in die feit dat al Oos-Londen se plaaslike bedrywighede wat konserte, gewyde konserte en verskeidenheidskonserte betref, 'n opvallende afname van 1911 ondervind het. 'n Konstante stroom uithaler vaudeville-kunstenaars en die nuwigheid van bioskoopteaters het verreweg die meeste mense se smaakvoorkeure gepas, met die gevolg dat daar nie nog tyd ingeruim kon word vir plaaslike bedrywighede nie.

Daar was 'n geweldige invloed van hierdie soort vermaak - die publiek kon by die Vaudette- en die Grand-teater al om die ander week deur nuwe vaudeville-truiks en musiek geprikkel word. Gelukkig het heelparty van die aanbiedinge van 'n besonder hoë standaard getuig wat dus as 'n positiewe invloed gegeld het. Die volgende kunstenaars het gedurende die tydperk 1911 - 1914 uitstaande bydraes gelewer: mnr. G Lawson Fraser (tenoor), John Montgomery (bariton), Herbert Clifton ('man with a £1,000 voice'), mej. Bessie Slaughter (kontralto), Franco Piper (banjo), die Child Trio, Diamond en Beatrice (instrumentaliste), Orpheus (instrumentalis), mej. Aimee Parkenson (dramatiese-kontralto), May Erne en 'He' (instrumentaliste

en vokaliste, sowel as dansers), en mej. Kate Opperman (kontralto).

Die gegewens toon duidelik dat sang hoë prioriteit in vaudeville-aanbiedinge geniet het, en dat sommige van die kunstenaars van internasionale gehalte was. Dit het dus meegebring dat die musikale gehalte van sommige aanbiedinge by tye beslis bo die gemiddelde was.

8 KOMPETISIËS 1903 - 19128.1 SKOOLKOORKOMPETISIËS 1903 - 1912

Gedurende die tydperk 1903 tot 1907 het verskeie skole in Oos-Londen en King William's Town hul deelname aan koor-kompetisies toegesê. 'n Verblydende ontwikkeling was die instelling van 'n soortgelyke kompetisie vir juniorskole vanaf 1905, 'n aanduiding van toenemende belangstelling in hierdie genre. Ongelukkig het belangstelling egter drasties gekwyn het na 1907.

8.1.1 1903

Vier skole het op 30 Oktober 1903 in die drilsaal van King William's Town om die jaarlikse Silver Challenge Shield meegeding; Dale College, St. Peter's College, East London Boys' High School en East London Girls' High School.¹ Vir die derde agtereenvolgende jaar het die Girls' High School van Oos-Londen die skild verower en hulle posisie as leidende skoolkoor in die Grensgebied bevestig. Die koorleider, mej. Pearce, is hoog aangeprys vir haar 'capable and indefatigable' kwaliteite.

8.1.2 1904

Vyf kore het in 1904 aan die kompetisie deelgeneem en in vergelyking met die standaard van die vorige drie jaar was daar 'n 'marked improvement'.² Die voorgeskrewe werk was SPOFFORTH se The Spring, the pleasant Spring, waarna eenstemmige bladsang, tweestemmige bladsang en 'n werk van eie keuse gevolg het. Ná beoordeling het die beoordelaars, mnr. J Gilby Wiggins, W L Chapman en G E Mills, die skild aan die Queen Street Public School van King William's Town oorhandig, wat deurgaans 'spirit and intelligence' aan die dag gelê het, terwyl die ander deelnemende kore in die volgende volgorde geplaas is: tweede - East London Girls' High School, derde - East London Boys' High School, vierde - King William's Town Girls' Public School, en vyfde - Dale College.

Die verslag van die beoordelaars was besonder insiggewend en is sekerlik deur alle belanghebbendes met sorg bestudeer. Die kritiek kon ook dien as 'n verwysingsbron vir toekomstige optredes:³

No. 1 Girls' Public School, East London.

Prescribed Piece: This was well rendered on the whole; but scarcely sufficient notice taken of the pauses. The piece was taken rather too slowly to produce the best effects.

Selected Piece: Ave Maria by SCHLETTERER. This was well rendered. The enunciation and style were both good. The tone was sweet and nicely balanced, and attention paid to expression.

Sight Singing Test: This was generally correct, and the attack good. The choir, however, were inclined to hurry towards the end, which somewhat detracted from an otherwise excellent rendering. The choir on the whole displayed evidence of careful training, and we have no hesitation in highly commending their performance, and giving them second place in the competition.

No. 2 Boys' Public School, East London.

Prescribed Piece: The pronunciation was very good; but the quality of tone was rather rough and inclined to be weak in the upper notes.

Selected Piece: Evening Bells by FRANS ABT. This piece was fairly well rendered; the phrasing, however, was scarcely equal to that of choir No. 1, and the crescendos and diminuendos were taken so suddenly as to produce an exaggerated effect, this being particularly noticeable in the last phrase.

Sight Singing Test: Both tests were excellently rendered. The time and tone were good. The pitch was well maintained; and it was apparent that every member of the choir joined in this test. In this particular branch of the competition we have no hesitation in awarding the highest number of marks to the choir for the best rendering of the sight singing test.

No. 3 Queen's Street School, King William's Town

This was the only mixed choir of boys and girls in the competition.

Prescribed Piece: This was certainly rendered in a manner which left little to be desired. Some of the pianissimo parts were given in a most finished style, expression, pronunciation, and quality of tone alike being excellent.

Selected piece: Evening by HENRY SMART. This was as difficult as any of those attempted during the evening, and was exceptionally well performed. The altos were exceptionally good, and the modulations were taken with ease and correctness.

Sight singing: The attack, tune and tone were good, the only weakness being a little occasional unevenness on the time; but the choir passed through the test in a satisfactory manner. The general excellence of this choir and the

finished manner in which they rendered their portion of the programme reflect the greatest credit on both pupils and teacher, and we award the first position and shield to them for this year's competition.

No. 4 Dale College

Prescribed Piece: The tone was very good; but there was an absence of attention to the various changes of time which marred what would otherwise have been a creditable performance.

Selected Piece: Song of the Vikings by EATON FANNING. This piece was taken much too quickly for the abilities of the choir, thus causing ruggedness and deficiency in pronunciation and tone. We consider the piece scarcely suitable for the capacity of a school choir, and it was one in which we feel sure they did not appear to the best advantage.

Sight Singing Test: Their rendering of the sight test showed a marked improvement on their efforts of previous years; and we must compliment the teacher and pupils on the substantial progress made in this direction.

No. 5 Girls' Public School, King William's Town.

Prescribed Piece: The time was not good, and the movement taken rather too quickly. The choir, however, was well balanced, and the tone very sweet.

Selected Piece: I sing because I love to sing by CIRO PINSUTI. This was excellently rendered. The rallentando and ritardando of the last two bars might, however, have been more effective, and the diminuendos were rather too sudden.

Sight Singing Test: The choir was not so good as we should have expected in this portion of the competition. The tone was uneven, and the time weak.

Reporting on the competition as a whole, we desire to add that all the choirs acquitted themselves well; indeed the uniform character of performance was so good as to necessitate a very high standard of test being adopted in order to satisfactorily make an award; and the preceding comments on the work of the individual choirs must be read in this connection.

In conclusion, we cannot allow the opportunity to pass without expressing our appreciation of the excellent work done by those ladies and gentlemen who have had the tuition of the choirs which performed before us; and they are evidently materially and substantially supported by the highly efficient and thorough manner in which the Government Inspector, Mr. Farrington, carries out his duties.

8.1.3 1905

In 1905 is die kompetisie ook na laerskole uitgebrei en op Vrydagaand 20 Oktober het vyf junior skoolkore om die Silver Challenge Shield meegeding, naamlik Girls' High School, Boys' High School, College Street School, Convent School en Cambridge Public School.⁴ Mvre. Wiggins, Chapman en Farrington het as beoordelaars opgetree. Die voorgeskrewe werk was Hail to the Chief van BISHOP, gevolg deur 'n eie keuse en een drie-slag- en een vier-slagmaat eenstemmige bladsang. In die verslag is daarop gewys dat die kompetisie in die junior klas net tot skole in Oos-Londen beperk was.

Op senior vlak het die kompetisie King William's Town en Peddie betrek.⁵ Boys' High School het die skild loshande gewen en in hul meerstemmige en bladsang-lied 'scarcely a blunder' gemaak. College Street, 'n gemengde koor, was tweede; metriese aspekte het hulle uitvoering gefnuik. Hulle is gevolg deur die Cambridge School wat 'excellent' in hulle liedere was, 'but made several mistakes in sight-reading'. Die Convent-skool het sy kans ook bederf met onbevredigende bladsang, terwyl die Girls' High School - wat laaste geëindig het - 'rather faulty in their time and in sight-reading' was.

Die bladsang-toets was dus menige deelnemer se ondergang, maar hierdie kategorie was 'n uiters belangrike toets; dit het tot gehoorsinskerping, vlugheid van brein en snelle leesreaksie gelei en al die betrokkenes in 'n koor tot betrokkenheid gedwing, in teenstelling met 'n outomatiese weergawe van iets wat lankal reeds ingedril is.

Die feit dat ook die junior skole vanaf 1905 by die kompetisie betrek is, het gedui op 'n groeiende belangstelling in koorsang in Oos-Londen.

8.1.4 1906

Ses senior skole naamlik East London Boys' High School, East

London Girls' High School, East London College Street School, Dale College, King William's Town Tayler Street School en King William's Town Queen Street School het op Vrydagaand 15 Junie 1906 in King William's Town om die skild meegeding, met mnr. Farrington (Departementele Inspekteur), Chapman en E Flintoft Wood (King William's Town) as beoordelaars.⁶ Die College Street Public School, onder leiding van mej. Green, het die skild gewen en die ervare mnr. Farrington het opgemerk dat:

it was the best singing he had ever heard from so young a choir; the teacher had the children trained to perfection, and there was no hitch whatever.

Volgens die verslag het hulle die voorgeskrewe werk, Now the golden morn van STAINER, en hulle eie keuse Fair tinted primrose van MENDELSSOHN, 'perfectly' vertolk en hul bladsangtoets in'n 'excellent manner' uitgevoer.

Op Vrydag 26 Oktober sou slegs die junior kore binne die grensgebied van Oos-Londen om die skild meeding, naamlik Boys' High School (houers), College Street School en Cambridge Public School, met mnr. Wiggins, Chapman en Kolbe as beoordelaars.⁷

Onder leiding van mej. Weare het die junior koor van die Cambridge Public School die skild gewen met sang wat 'remarkable for sweetness of tone and refinement' was. Die voorgeskrewe werk, MENDELSSOHN se Thee we hail, Oh Forest Fair is foutloos weergegee asook die eiekeuse-werk, BALFE se Killarney. Daarbenewens het die koor uitmuntend vertoon in die bladsangtoets. Boys' High School en College Street School is onderskeidelik tweede en derde geplaas.

8.1.5 1907

Vyf skoolkore van dertig stemme elke, naamlik College Street Public School, Boys' High School van Oos-Londen, Public School Cambridge, Queen Street Public School King William's Town en Dale College King William's Town, het op Vrydagaand 14 Junie 1907 om die Senior Skild meegeding.⁸ Die voorgeskrewe

werk was BERRING se Shades of Night, en as beoordelaars het opgetree mnr. Wiggins, Kolbe en Wood. Punte-toekening het op die volgende basis geskied:

For general correctness (including time, balance of voices and maintenance of pitch), 40; style and expression, 25; pronunciation of words, 15; quality of tone, 20.

Nieteenstaande die feit dat die seunskool Dale College intonasieprobleme ondervind het, is hulle eerste geplaas, met die Cambridge en College Street-skole in die tweede en derde plekke. Van deurslaggewende belang was Dale College se vertolking van hul eie keuse, Sleep gentle babe, en vaardigheid in die bladsangtoetse, alhoewel 'n neiging voorgekom het by sommiges om van die note 'n oktaaf hoër te produseer, 'n feit wat die resensent toegeskryf het aan swak drukwerk.

8.1.6 1908

Die koorkompetisie het in 1908 byna skipbreuk gely toe slegs een skool, naamlik die College Street-skool van Oos-Londen, in daardie jaar in King William's Town om die skild meegeding het, nádat die Cambridge-skool van Oos-Londen en die Cambridge Road-skool in King William's Town hulle aan die kompetisie onttrek en Dale College om 'n latere datum gepleit het.¹⁹

Mnr. Farrington het 'n skrywe aan die skoolraad in Oos-Londen gerig waarin die genoemde raad verwittig is van die feit dat die College Street-skool 'well up to the best competition standard' was en die hoop uitgespreek dat die jaar 1909 groter betrokkenheid sou geniet.

Gelukkig was daar darem drie junior skole van Oos-Londen wat op Dinsdag 15 Desember om die silwertrofee sou meeding:¹⁰ Selborne College - dirigent, mnr. C G Gedat; College Street public School - dirigent, mej. A S Green; en Cambridge Public School - dirigent, mej. C K Weare. As beoordelaars sou optree mnr. Wiggins, Chapman en Kolbe.

Die skild is aan Selborne College toegeken en die publiek het dié keuse met luide toejuiging beaam.¹¹ Besware is egter

teen die standaard van die bladsangtoets geopper en die resesent was van mening dat die senior kore en selfs volwasse kore dié stuk moeilik sou vind.

8.1.7 1909 en 1910

In 1909 het die skole Selborne College, College Street Public School en Dale College aan die kompetisie deelgeneem wat toe uiteindelik deur Selborne College gewen is.¹²

Hierdie skoolkoor het onder die bekwame leiding van kol. Smedley Williams, koormeester van die Trinity Wesleyaanse kerk gestaan. In 1910 het die koor weer die skild ingepalm (kyk Deel II, p. 316).

8.1.8 1911 en 1912

In 1911 het Selborne College en College Street die beker gedeel¹³, terwyl College Street die beker in 1912 verower het¹⁴. By dié geleentheid is ook 'n kategorie vir gehoor-toetse ingestel. Daar is nie in die opvolgende jare weer van skoolkoorkompetisies melding gemaak nie.

8.1.9 Samevatting

Die koorkompetisie was beslis 'n verrykende instelling wat meegewerk het tot die uitbouing van goeie koorsang onder die jeug. Ongelukkig het ook hierdie instelling vanaf 1908 mank gegaan aan gebrekkige belangstelling, en dit is te betreur dat die meeste skole se belangstelling in die kompetisie ná 1907 gekwyn het.

'n Leersame aspek van die kompetisie was die bladsangtoetse, waarin 'n hele aantal kore, meesal die wenkore, uitmuntend vertoon het. Daarbenewens het die gedetailleerde verslae van die beoordelaars uiters nuttige leesstof bevat wat sekerlik met sorg en aandag deur alle betrokkenes bestudeer is. In sy geheel beskou het die kompetisie 'n waardevolle bydrae tot die uitbou van musiek in Oos-Londen gelewer.

8.2 ALGEMENE KOMPETISIES 1904 - 19088.2.1 1904

Tydens die East London Traders and Industrial Exhibition in September 1904, het die organiseerders van die tentoonstelling met die stimulerende gedagte vorendag gekom om Oos-Londen se musiektalent op kompetisie-basies ten toon te stel.¹⁵ Dit sou die eerste kompetisie van sy soort wees waarin instrumentale spel geïnkorporeer word. (Kompetisies op vokale vlak is al in 1886, 1892 en 1897 in Oos-Londen gehou. (Kyk ook Deel I, pp. 73-74, 75 en 78-79.)

Daar sou in verskillende kategorieë meegeding word, vokaal en instrumentaal met 'n ouderdomsindeling van onder 12 en onder 16, en 'n ope afdeling. As beoordelaars sou optree mnr. H J Bennett, W I Chapman, J Moller, Rowe en Woodbow.

Die kompetisie is goed ondersteun deur deelnemers sowel as toehoorders en veral in die klavier en vioolkategorieë is baie inskrywings ontvang.¹⁶ Hoogtepunte van die kompetisie was die vertolkings van mej. Hector (sopraan) met Ave Maria mnr. Stephen (bariton) van Queenstown met I fear no Foe, mejj. E Tilney (viool), wat 'remarkable technique' en 'wonderful sight reading capabilities' openbaar het en Winifred Tilney wat die prys vir klavier onder 12 gewen het. Gelukwensing is aan die beoordelaars oorgedra vir hulle voortreflike werk.

8.2.2 1905

Dieselfde liggaam het op 5, 6 en 7 Oktober 1905 'n soortgelyke kompetisie aangebied met mnr. E F C Woodrow, stads-klerk van King William's Town, as beoordelaar.¹⁷ Afgesien van die basiese kategorieë, is daar om 'n prys in die kategorie 'unaccompanied quartette' meegeding met Shepherd of Souls as voorgeskrewe lied. Beriggingewing aangaande hierdie kompetisie - wat oor 'n honderd inskrywings gelok het - was ongelukkig skraps. Net die uitslae in die betrokke kategorieë, sonder enige kommentaar, is gepubliseer:¹⁸

- Class 2 Piano, Boys and Girls 12 to 16, Valse Arabesque, THEODORE LACK; 1 Miss. Doris Briscoe; 2 Miss Myra Mills; 3 Miss. Kathleen Jones
- Class 8 Soprano Solo, Rose, Softly Blooming, SPOHR: Mrs. McCallum was the only competitor, and was judged worthy of first award.
- Class 4 Violin, Boys and Girls under 12, Le Charme, HENRY TDLHURST: 1 Master Ruben Lunan; 2 Master Dudley Atwell; 3 Miss. Edna Atwell.
- Class 10 Tenor Solo, Evensong, BLUMENTHAL: 1 Mr. A Emlyn Bevan; 2 Mr. R B Nicholas.
- Class 5 Violin competition for boys and girls 12 to 16, Chanson Polonaise, WIENIAWSKI: 1 Master Ruben Lunan; 2 Miss. Noel Paley; 3 Miss. Annie Jackson
- Class 1 Piano competition for boys and girls under 12, Chaconne, DURAND: 1 Miss. Emiley Robinson; 2 Master Ruben Lunan; 3 Miss Merle Hay.
- Class 14 Sight reading for boys and girls under 16: 1 Master Gordon Hay. Only one competitor appeared for examination in this competition, whose performance was of average merit. The adjudicators have, however, decided to make the award in order to encourage the much needed developement of sight-reading in this town.

Gedurende die verrigtinge, wat oor vier dae gestrek het, het mnr. Franz Moeller se orkes deurgaans flinke spel gelewer.

8.2.3 Mei 1906

Musisering op 'n kompeterende basis het in Maart 1906 'n stoot vorentoe gekry toe geesdriftiges van die East London Congregational Church 'n Grand Competition Fair geïnisieer het, wat op Woensdagaand 2 Mei sou plaasvind.¹⁹ Daar sou in die volgende kategorieë meegeding word:

Singing: The best rendering of the following solos: For boys and girls 12 years and under: Japanese Lullaby; for boys and girls aged 17 and under: Who is Sylvia. for Baritone: The Devout Lover; for Bass: The Mighty Deep; for Soprano: When the Heart is Young; for Contralto: The promise of Life.

Pianoforte: The best rendering of the following pieces: For boys and girls under 11 years: The Joyful Peasant, SCHUMANN; for boys and girls between 11 and 14 years: Minuet, BAROWSKI; for boys and girls between 14 and 17 years: Mazurka, GODARD

Violin: There will be a competition for children aged 14 years and under. Further particulars will be advertised later. One Prize will be given in each Class.

Opvolgende kort beriggies het belanghebbendes ingelig dat die voorgeskrewe klavierkomposisie Mazurka no. 2 (GODARD) sou wees en dat op 2 Mei violinskrywings om 18h30 en klavier- en vokale-inskrywings om 20h00 en 21h00 respektiewelik aangehoor sou word.²⁰ Hierdie Competition Fair, wat ook wedstryde vir die reuksin, gebak, fotografie en dies meer ingesluit, het besonder geslaagd verloop en die volgende inligting met betrekking tot die musikale gebeurlikhede is gepubliseer:²¹

The music competitions, which were organised by Mr. Christopher, proved very successful. The following were the result:

Violin:

Violin (under 14):	1 Miss. Paley, 2 Master Scholl.
Violin (open):	There was only one competitor present, Miss. Paley who under the circumstances did not play.
Pianoforte (under 11):	1 Thelma McNamara, 2 Jeanie Cato.
Pianoforte (under 14):	1 Norah Fuller, 2 Hilda Goldschmidt.
Pianoforte (under 17):	1 Miss. N Calderwood.

Singing:

Soprano Solo:	1 Miss. Hector, 2 Miss. Ashford
Contralto Solo:	1 Miss. Allum.
Baritone Solo:	1 Mr. Thomson, 2 Mr. Carson.
Bass Solo:	1 Mr. Thomson, 2 Mr. Carson.

Tydens die geleentheid het Franz Moeller se orkes die ver- rigtinge met 'delightful selections' opgehelder.

8.2.4 Augustus 1906

Vervolgens sou 'n International Fair op 2, 3 en 4 Augustus 1906 plaasvind. Daar sou onder meer op instrumentale, vokale en koorvlak meegeding word.²² Mnr. E J C Woodrow van King William's Town sou die beoordeling van klavier-, vokale en koorkategorieë behartig, terwyl mnr. H J Bennet die viol- en tjelloseksies sou hanteer. Pryse sou wissel tussen een en twee ghienies. Die voorgeskrewe werke vir die verskillende kategorieë is in Julie gepubliseer:²³

Piano:

Class 1 Boys and girls under 16, Lieder ohne Worte no. 30 (MENDELSSOHN). Prize presented by Mrs. W Lanchester, ACM.

Class 2 (open) Polonaise in A flat (CHOPIN). Prize presented by Mr. Franz Moeller, LLCM.

Class 3 Boys and girls under 16, Air Varie op. 10. Prize presented by Mr. Franz Moeller, LLCM.

Violin:

Class 4 (open) Concerto no. 1 (DE BERIOT). Prize presented by Mr. Franz Moeller.

Violincello:

Class 5 (open) A Broken Melody (VAN BEINE). Prize presented by Mr. Franz Moeller.

Solo Singing:

Class 6 (open Soprano) Should He Upbraid (BISHOP). Prize presented by Mr. Rose.

Class 7 (open Contralto) A Summer Night (THOMAS). Prize presented by Mrs. W H Baker.

Class 8 (open Tenor) I'll Sing thee Sonos of Araby (CLAY). Prize presented by Smedley Williams.

Class 9 (open Bass) Blow! Blow! Thou Winter Wind (SARGEANT). Prize presented by Mr. J R Haddow.

Choral Singing:

Class 10 (open competition) Chorus no. 4, And the Glory of the Lord - Messiah (HANDEL). Prize, silver mounted baton for conductor, presented by Mrs. Burnham King.

Competition:

Class 11 Best hymn tune to Lead, Kindly Light (NEWMAN). Prize presented by Mr. R H Poole, president YMCA.

All the competitions with the exception of the choral singing will take place in the land room adjoining the Drill Hall, on Thursday and Friday evenings, the second and 3rd of August, commencing at 7.30 pm. promptly.

'n Blik oor die voorgeskrewe werke toon dat die werke, veral in die instrumentale en koorafdelings, 'n hoë standaard van tegniek en musikaliteit vereis het. Die insluiting van soveel werke van ernstige aard was 'n verblydende verskynsel.

Die International Fair het voor 'n volgepakte drillsaal geopen en gedurende die verrigtinge het die Moeller-orke die aand met 'n aantal werke van populêre aard verryk, onder meer die Poet and Peasant-ouverture van SUPPE, en die Wilhelm Tell-ouverture van ROSSINI.²⁴ Die uitslae van items wat aangehoor is, was as volg:²⁵

2 August 1906

- Class 4 1 Miss. Rosa Davies, 2 Master Ruben Lunan.
Class 7 1 Miss. Lulie Allum, 2 Miss. Nellie Morison,
 3 Miss. A Loure.
Class 1 1 Miss. Janet McJannet, 2 Miss. Nora Fuller and
 Miss. Hilda Goldschmidt (tie), 3 Miss. Alma
 Crewe.
Class 5 1 Master R Rein.
Class 8 1 Mr. J McNamara, 2 Mr. F E Hook.

3 August 1906

- Class 2 1 Miss. Myra Mills, 2 Miss. Edith Giles.
Class 6 1 Miss. Amy Green, 2 Miss. Clara Ashford,
 3 Mrs. A Mellish
Class 3 1 Master Ruben Lunan (winner in 1904 and 1905).
 The above was after deduction of 10 percent.
 2 Master Stanley Halse, 3 Miss. Noel Paley.
Class 9 1 Mr. A Thomson, 2 Mr. W Ravell Wightman.

Ongelukkig is geen bykomende kommentaar gelewer nie. Slegs die koor van die Trinity Wesleyaanse kerk het aan die verrigtinge deelgeneem en is gevra om nog 'n addisionele item, O Father Whose almighty power (Judas Maccabeus), by te oefen vir die Saterdagavond-verrigtinge.

Franz Moeller se orkes het ook tydens die afskeidsgeleentheid van die International Fair op Saterdagavond 4 Augustus goeie spel gelewer, en om 20h30 die aand het die wenners van die musiek- en letterkundekategorieë 'n konsert aangebied om die suksesvolle geleentheid mee af te sluit.²⁶

8.2.5 Belangstelling kwyn drasties 1907 - 1908

In teenstelling met die sukses van die International Fair, het 'n Musical Competition wat in Junie 1907 as 'n vertakking van die Trades and Industrial Exhibition gereël is, as gevolg van onvoldoende inskrywings doodgeloop en moes die deposito's van talle voornemende deelnemers in verskeie kategorieë aan hulle terugbetaal word.²⁷ In 1908 is belangstellendes weer aangepor om teen 'n baie lae inskrywingsfooi deel te neem aan 'n musikale kompetisie wat op Dinsdag 14 Julie in die Wesley-saal sou plaasvind²⁸. Daar sou voorsiening gemaak word vir mans en dames solosang, kwartette, viool (junior en senior) en klavier (junior en senior). Franz Moeller sou 'n prys vir die senior vioolkategorie uitloof. Geen opvolgberigte het

oor die geleentheid verskyn nie, wat daarop dui dat die kompetisie weens 'n gebrek aan belangstelling gekanselleer moes word.

8.2.6 Samevatting

Kompetisies was beslis opbouende gebeurtenisse, en dit is jammer en onverklaarbaar dat dit ná 1906 nie die belangstelling en ondersteuning geniet het wat dit verdien het nie.

Sonder twyfel het die kompetisies gelei tot deeglike voorbereiding, skerper ingesteldheid en kritiese oordeel wat meegewerk het tot 'n hoër standaard van uitvoering. Algaande het die voorgeskrewe werke 'n hoër standaard bereik. Ongelukkig het belangstelling ná 1906 in so 'n mate gekwyn dat die kompetisies doodgeloop het.

9 DIE KAFFRARIA REGIMENT - BLAASORKESE 1903 - 1913

Alle weerbare manne was by die Anglo-Boereoorlog van 1899 - 1902 betrokke, wat sodoende die funksionering van die orkes op 'n vaste grondslag tydens hierdie tydperk verhinder het (kyk Deel I, pp. 201 - 202). Na die beëindiging van die oorlog in 1902 het die orkes hergroepeer en van Mei 1903 weer openbare optredes gehou.¹

9.1 Momentum herwin

Die stadsraad en die orkeskomitee het ooreengekom dat die orkes weer openbare optredes kon lewer en daar is besluit dat die orkes se eerste van 'n reeks optredes op Sondagmiddag 10 Mei om 15h00 in die Queen's-park sou plaasvind met die volgende program:²

Mars	<u>Gloria in Excelsis</u>	MOZART
Ouverture	<u>L' Espoir de L' Alsace</u>	HERMANN
Lied	<u>O Long Divine</u>	TEMPLE
Keurspele	<u>Gasket of Gems</u>	ROUND
	<u>Garland of Song</u>	ROUND
Wals	<u>The Rose of Arabia</u>	VON TUGGINER
Keurspel	<u>Don Pasquale</u>	DONIZETTI
Mars	<u>Emperor of India</u>	MORTIMER

Dié optrede het gunstige reaksie uitgelok en is as 'n 'unqualified success' beskryf.

Opvolgende optredes het algemene byval by die publiek gevind en net voor die sesde munisipale optrede om 15h00 op Saterdag 29 Augustus is gerapporteer dat 'great improvement both in the quality of the music played and the strength of the band' waarneembaar was.³ Daarbenewens was die algemene gevoel dat die Sondag-promenadekonserte 'quite the feature of the weekend' geword het.

Alhoewel die publiek besonder ingenome was met die spel van die orkes, is ontevredenheid uitgespreek oor die gebrek aan genoeg sitplekke en die ontoereikende orkesverhoog.⁴ Die orkes se volgehoue sukses het meegebring dat hy sy

optredes in Oktober na die strand moes verskuif. Keur-
spele uit ROUND se Prince and Peasant en DONIZETTI se
Don Pasquale het gewilde werke blyk te wees.

Rondom die Kersgety is uitbreidings aan die Beach Pavilion
voltooi en dit het sitplek vir bykans vyfhonderd persone
moontlik gemaak.⁵ Hierdie vergrote vergaderplek is onmid-
dellik deur die orkes benut. Daarmee saam is andersoortige
items in die orkes se programme opgeneem. So byvoorbeeld
is die Imperial Quartette op die konsert van Vrydagaand
18 Desember deur 'n 'phenomenal attendance' van bykans sewe-
honderd mense aangehoor.⁶ Voorts is 'n program van Instru-
mental and Sacred Music op Sondagmiddag 20 Desember deur
die sang van mnr. J J Bain (tenoor), Oscar Lyndon (bari-
ton) en die Imperial Quartette verryk.⁷ Die plekverskui-
wing het beslis dividende afgewerp en 'n berig laat in
Desember het gemeld dat die regimentorkes tot verdere kennis-
gewing elke aand daar sou optree.⁸ Tydens 'n optrede op
29 Desember het mnr. Wilfred Lyndon die aanbieding met
'double-voiced and Tyrolean Ballades' versier.⁹

Die regimentorkes het sy nuutgevonde momentum behou en op
Saterdagmiddag 30 Januarie 1904 onder leiding van kapel-
meester Levy Howe in die Queen's-park opgetree. Die pro-
gram is bestempel as 'admirably selected':¹⁰

Ouverture	<u>L' Espoir de Alsace</u>	HERMANN
Wals	<u>Hebe</u>	WALDTEUFEL
Keurspel	HMS <u>Pinafore</u>	SULLIVAN
Intermezzo	<u>Salome</u>	LORAINÉ
Keurspel	<u>Gems of Tschaikowsky</u>	SWIFT
Dans	<u>Coon's Holiday</u>	BURNS
Mars	<u>Creole Belles</u>	LAMPE

Ná die feesseisoen het sporadiese optredes gevolg: Donder-
dag 11 Februarie¹¹, Sondag 21 Februarie¹², Sondag 6 Maart¹³,
3 April¹⁴ en ook 'n optrede in April tydens die basaar van
die St. Markus-kerk, Cambridge.

Met die oog op die vertrek van die kapelmeester mnr. Levy
Howe na die Old Country vir 'n welverdiende vakansie, is hy

in April 1904 in die orkessaal langs die drillsaal op 'n Smoking Concert getrakteer waartydens lede van die orkes en 'n groot aantal vriende liedere asook instrumentale keur-spele aangehoor het.¹⁵

Na mnr. Howe se vertrek het kapelmeester Thornton sy (Howe se) voortreflike werk voortgesit en in die daaropvolgende maande om en by twee optredes per maand op die strand aangebied, meesal op Sondagmiddae.¹⁶ Hul optredes was van 'n puik gehalte, maar die gebrek aan 'n nuttige, effektiewe orkesverhoog het 'n sekere mnr. Ross Watt beweeg om die saak aan te roer in 'n skrywe aan die Daily Dispatch:¹⁷

The Christmas season will be in a few months upon us, and as the performances of the Kaffrarian Rifles Band are such an improvement and attraction to the town, I would suggest to you that a light iron bandstand be erected upon the grass at the Beach for the use of the band and for other performances. There are two open spots on the Beach, one near the lime kilns, the other the Beach Park, the former being preferred on account of the nice view of the sand hills on the bay. I may say the bandstand in the park is never used there and if too old and unsightly for removal to the Beach, it might be moved to near the gates of Park Avenue, where there is another pretty spot for alternative performances there. Talking of bandstands, I would suggest a proper one with a properly fitted acoustic roof, lamps around and a movable wind and sun screen, say, of canvas. It would certainly be a great improvement to erect such a bandstand. The last time the band played on the grass hillside it appeared to be much appreciated as the public could rest and sit on the grass instead of standing in a crowd on the public thoroughfare as has been the case in the past, and one never knows when accidents might have happened with vehicles, even under the most careful hands, especially with so many children about. The band merits a proper bandstand.

Geen onmiddellike reaksie het op hierdie pleidooi gevolg nie.

9.2 Promenadekonserte word 'n instelling

Na sy terugkeer het Levy Howe die blaasorkes met hernieude ywer gelei en onder sy leiding het promenadekonserte 'n instelling op die strand geword.¹⁸ 'n Program wat as 'one of the best that has been arranged during the season' bestempel is, is op Sondagmiddag 26 Februarie 1905 daar aangebied:¹⁹

Mars	<u>National Fencibles</u>	SOUSA
Keurspel	<u>Orchid</u>	CARLYLE
Kornetsolo	<u>The Old Green Isle</u>	TEMPLE
Wals	<u>Undae Maris</u>	ROUSE
Marinepatrollie	<u>Our Blue 'Jackets</u>	MEACHAM
Keurspel	<u>Reminiscences of England</u>	GODFREY
Kornetsolo	<u>I'll Sing thee Songs of Araby</u>	CLAY
Romanse	<u>Japanaise</u>	TELMA
Regimentmars	<u>Soldiers' Chorus</u>	FAUST (Verwerking deur mnr. Howe)

Na afloop van 'n Sondagmiddagoptrede op 2 Julie is gewag gemaak van die feit dat 'the Sunday Concerts are evidently growing in popular favour', maar dat die afwesigheid van 'n orkesverhoog nie bevorderlik was vir die orkes se spel nie - 'n saak wat pertinent die vorige jaar in die Daily Dispatch geopper is:²⁰

It is hoped that the council will soon see its way to erect a popular bandstand on the Beach, as under the present conditions the performance is often given at much disadvantage to the players and the music is not so well heard by the audience as it might otherwise be.

9.3 Allerlei strominge en verwikkelings 1906-1907

Pleidooi vir stigting van Town Band

Ten spyte van die feit dat die regimentorkes met puik vertonings vorendag gekom het, was daar tog die gevoel dat die ensemble op 'n georganiseerde vaste basis kon fungeer. Met dié doel, asook om die gehalte van die orkes se spel te verhoog, het die redakteur van die Dispatch in Augustus 1906 in 'n hoofartikel gepleit om die totstandkoming van 'n Town Band.²¹ Lewendige debattering het op hierdie idee gevolg.²² Onder andere het 'n mnr. J F Hill, wat as Secretary Protém opgetree het en belangstellendes deur middel van 'n skrywe aan die koerant uitgenooi het om die gedagte te ondersteun²³, die volgende reaksie by 'n skrywer onder die skuilnaam Inverted Third uitgelok:²⁴

As one who is keenly interested in any movement that will provide a first class band in East London, I read a letter under the above heading in your issue of the 13th instant with interest. The fact that the band of the Kaffrarian Rifles is not what it ought to be for a town of this size is generally admitted, yet at the same time this band is making great efforts in the upward direction in the way of inducing bandsmen to join, providing instruments free of charge, tuition free under a qualified bandmaster etc, etc. I think the town of East London is awakening to the fact that a good band is a necessity rather than a luxury, both from the aesthetic and also the financial aspect, but why have two bands? Surely one good large band is better than two indifferent ones. Why not collect all the musicians in one organization? Personally, I doubt if outside the band of the Kaffrarian Rifles, there are sufficient bandsmen in the town to form another band, and I know by experience that two years is a fair average for the beginner to qualify on the simplest instruments. To bandsmen who play merely for money it is surely an inducement to play once in a first class band at a first class price than three times in a third class band at a third class price, and surely the bandsman who plays 'because he loves to play' would get more enjoyment out of a really good band than out of a poor one, and it seems to me that the splitting of the local bandsmen into two camps will have but one effect and that not an improving one, to say the least.

Mnr. Hill het nie hierdie pragmatiese voorstelle van Inverted third oordink nie, en weer eens sy doelstellinge - wat weer aan die ander kant stof tot nadenke gelaat het - uitgespel:²⁵

In promiscuously inviting the aid of instrumentalists in the organisation of a town band it is foreign to my purpose to enter upon a lengthy correspondence relative to the probable result of such a movement and I accordingly reiterate my invitation for support and co-operation to all who feel interested therein.

Argumente vir en teen die gedagte van 'n Town Band het voortgeduur, egter sonder enige resultate.²⁶

Wheeler nuwe kapelmeester

Intussen het die regimentorkes van kapelmeester verander en is mnr. Wheeler in Augustus 1906 in dié hoedanigheid aangestel.²⁷

Stigting van String Band misluk

Die heftige geskil rondom die stigting van 'n tweede orkes het tot in Oktober geen vrugte opgelewer nie. Daar is egter in

dieselfde maand aangekondig dat 'n nuutgestigte ensemble, die Kaffrarian Rifles String Band - wat op Maandagaand 15 Oktober in die drilsaal in die lewe geroep is - op 24 Oktober hulle eerste repetisiesessie sou hou.²⁸ Of hierdie ensemble aan die behoeftes van 'n Town Band moes beantwoord, en of die gedagte agter die projek meer vir die vermaak van die regiment self sou wees, is nie uitgespel nie. Hoe dit ook al sy, hierdie ensemble sou onder leiding van kapelmeester E Wheeler optree en kon reeds by sy totstandkoming met die volgende samestelling spog: vier viole, een altviool, een tjello, een kontrabas, een fagot, twee klarinette, een fluit, twee kornette, twee Franse horings en een skuiftrompet. Die verslaggewer was van mening dat dit 'n 'complete orchestra in itself' was en het bygevoeg dat die bestuurskomitee die wens uitgespreek het 'to at least double this membership'. Ongelukkig het geen opvolgende beriggewing oor dié belowende ensemble verskyn nie, wat daarop dui dat die projek misluk het.

Programinhoud gekritiseer

Te midde van al die strominge het die bestaande orkes met sy gebruikelike optredes voortgegaan. In November is die orkes egter deur 'n belanghebbende, Big Drum, betig oor hulle eensydige program-inhoud:²⁹

I would like to bring forward a complaint which has been commented upon by several people on the above subject. We are not often treated to Sunday concerts on the Beach, by our Volunteer Band, but I have invariably noticed that the programme of music on these occasions consists of anything but sacred music. Instead of this we are treated to American cake walks, waltzes, 'Shop Girls' Selections and other such-like pieces, which may be enjoyed at times, but are quite out of place on a Sunday afternoon. What is the reason for this? Surely now that we have a first class bandmaster and (quoting from the Band President's letter to the Council) 26 class bandsmen (?) who must have been imported recently. Surely we have a right to expect to hear a good programme of sacred music now and again. I see that our Council have granted the sum of £250 to the Kaffrarian Rifles Band for 25 engagements, which is at a considerably higher rate than the amount granted to the the Cape Mounted Rifles Band viz. £100 for 12 performances. Therefore the ratepayers have a perfect right to expect something good for the outlay. Trusting this will meet the eye of those in authority ...

Die orkes moes hierdie skrywe van Big Drum ter harte geneem het want 'n program wat op Sondag 25 November aangebied sou word, het 'n bekende gewyde werk ingesluit:³⁰

Mars	<u>The New Colonial</u>	HALL
Ouverture	<u>Le Espoir de L' Alsace</u>	HERMANN
Wals	<u>The Choristers</u>	PHELPS
Keurspel	<u>Rip Van Winkel</u>	PLANQUET
Piccolosolo	<u>The Birds in the Wood</u>	LE THIÈRE
		Orkeslid Nicholson
Pas Redouble	<u>The Exalted Ruler</u>	BLOU
Koor	<u>Hallelujah</u>	HANDEL
Regimentmars	<u>The Kaffrarian</u>	

Inwyding van nuwe orkesverhoog

Uiteindelik is gehoor gegee aan die oprigting van 'n orkesverhoog. Die nuwe orkesverhoog is op luisterryke wyse op Maandagaand 24 Desember in die Marine-park in gebruik geneem.³¹ Tydens die geleentheid het die orkeste van die regiment en die Cape Mounted Rifles gesamentlik 'n aantreklike program onder leiding van kapelmeester Marshall aangebied. (Kyk ook Bylae B, p. 709.)

Tremdienste lei tot meer optredes

In Julie 1907 het die orkes sy optredes vermeerder en het aanbiedinge op Woensdagaande en Sondagmiddae meer gereeld voorgekom.³² Die rede vir die toename in optredes was die feit dat trems op die toneel verskyn het en die publiek na en van die strand vervoer het. Die tremdienste het besliste voordele ingehou aangesien mense wat van hierdie vervoermiddel gebruik maak het, gratis programme ontvang het, terwyl dit in die Marine-park teen 'n pennie elk gekoop moes word. Voorts was die orkes van voorneme om alle items te nommer en die nommers sou op die orkesverhoog, asook op die programme verskyn.³³

Om die toename in bywoning van aanbiedinge in die Marine-park te handhaaf, is in September aangekondig dat retoerkaartjies van Saterdag 21 September vir tremdienste na die strand vir Saterdag- en Sondagmiddae van 14h00 tot 18h00 aangeskaf kon word, asook 19h00 tot 23h00 indien daar

aandoptredes sou plaasvind.³⁴

'n Oorsigtelike beriggie het voorts gewys op al die voordele wat 'n belangstellende sou kon geniet as hy die Marine-park sou besoek: spel deur die regimentorkes onder leiding van kapelmeester Wheeler, spotgoedkoop tariewe op die trems ('single fare for a double journey with a programme thrown in') en 'n helder verligte park.³⁵

9.4 Afname in optredes Februarie - Junie 1908

Gedurende die feesseisoen 1907/1908 het die orkes die sorgvrye vakansiegangers op voortreflike programme getrakteer, maar gedurende die tydperk Februarie tot Junie 1908 het 'n onverklaarbare afname in optredes ingetree.³⁶

Moeller nuwe kapelmeester

Heelwaarskynlik was die rede vir die insinking die feit dat kapelmeester Wheeler nie sy weg oopgesien het om die orkes verder te lei nie, want in September is daar berig dat die orkes op Woensdagaand 9 September tydens 'n kadrielpartytjie onder leiding van Franz Moeller sou staan.³⁷ Moeller is in September as kapelmeester aangestel en daar is voorspel dat 'the music should improve considerably under his guidance'.

Nie alleen is hierdie voorspelling bewaarheid nie, maar die aangebode werke het ook van 'n hoër standaard getuig.³⁸ Daarbenewens het die orkes met elf lede, wat meesal klarinet, fluit of trompet gespeel het, uitgebrei.³⁹

Nieteenstaande die hoër gehalte van werke was die resensent van mening dat aandag aan sekere aspekte tot beter vertolkings sou lei:⁴⁰

The first is that they do not always give sufficient attention to light and shade, or in other words, do not sufficiently emphasise the difference between pianissimo and fortissimo passages, so that much of the beauty and expression of the selection is lost. Then the various solo instruments, and this applies especially to the cornets, are too anxious to make themselves heard, at all costs, while even the accompanying instruments occasionally refused to be

kept in the background. And once or twice the drummer was noticed to be somewhat at variance with the beat of the baton. These may appear minor points, but they make all the difference between good and indifferen playing, and our excuse for mentioning them, is that we do not wish the visitors, during the gala season, to have reason to criticise unfavourably our local band, which contains a quantity of good material. With care, and attention to expression, they need not to be at all nervous at performing on the same occasion as the crack Military Band which is to come down.

Dit is jammer dat nie meer soortgelyke resensies aangaande die musikale bevoegdheid van die orkes gepubliseer is nie, aangesien dit slegs tot spel van 'n hoër gehalte kon lei.

Die regimentorkes het met enkele optredes in Desember en Januarie vorendag gekom en beslis onder die leiding van Moeller gedy.⁴¹ Dié feit het duidelik aan die lig gekom toe 'n resensent ná afloop van 'n Sondagaandoptrede in Januarie 1909 verklaar het:⁴² (Kyk ook Bylae B, p. 710.)

One thing must be said in favour of this band and that is that they thoroughly understand what is needed at an open-air concert, and consequently play out sufficiently to be heard in all corners of the park. This is a great boon to the many who prefer a solitude a deux among the bushes to a seat in the enclosure, under the full glare of the electric light.

Wenslikheid van besoekende blaasorkeste bevraagteken

Aan die einde van die feesseisoen is die beleid van die stadsraad om 'n besoekende blaasensemble gedurende dié seisoene te laat optree in 'n beredeneerde artikel bevraagteken.⁴³ Daar is aangevoer dat koste verbonde aan die besoek van die 3rd King's Own Hussars-orke (kyk Deel II, pp. 412 - 413) die stadsraad bykans R600,00 uit die sak gejaag het. So 'n bedrag kon meer effektief vir die totstandkoming en subsidiering van 'n eie Town Military Band aangewend word. Voorts is aangevoer dat verskeie remmende faktore soos ekonomiese druk en voortdurende militêre personeelskommelings die bestaande orkes nadelig getref het en is voorgestel dat met die vorming van 'n Town Band dié faktore uitgeskakel kon word indien vaste werksomstandighede vir bekwame musici gewaarborg kon word. Benewens verskeie positiewe gevolge wat uit so 'n voorstel kon spruit, het die skrywer aangevoer dat:

A good local military band would also have a more wholesome effect in raising the standard of musicians than the periodical visits of military bands, however good.

Lede van die publiek het gunstig op die voorstel gereageer⁴⁴, maar net soos in die geval van 'n soortgelyke voorstel in 1906, toe om die stigting van 'n Town Band gepleit is, het ook dié gedagte op niks uitgeloop nie.

9.5 Periode van oplewing en insinking Junie 1910 - Desember 1913

In Junie 1910 het Moeller die tuig as kapelmeester neergelê.⁴⁵ Alhoewel die regimentorkes onder sy leiding nie so baie opgetree het nie, het hy 'n eerlike poging tot die opheffing van die orkes se standaard aangewend, en het sy pogings dienooreenkomstig gerespekteerde waardering geniet.

Mnr. H B Smith, voorheen van die Cape Mounted Rifles Band en aan die inwoners van Oos-Londen bekend as 'the pianist who so skilfully performed appropriate music in the dark' (natuurlik as pianis in die Electric Theatre tydens film-vertonings) sou die pos oorneem.⁴⁶ Ná 'n aanvanklike slakkepas het hy gaandeweg sy voete gevind en noemenswaardige resultate met die orkes behaal. Hy het sy nuwe betrekking skaars drie weke bekleed of 'n versoek in die vorm van 'n petisie aan die stadsraad, onderteken deur inwoners van en besoekers aan Oos-Londen, dwing die regimentorkes tot 'n openbare promenadekonsert op Woensdag 29 Junie in die Marine-park.⁴⁷ Gesien in die lig van omstandighede, was die resesent nie gretig om kommentaar te lewer nie, maar het tog laat blyk dat:

there was plenty of room for improvement in time, tone and tune and that the programme contained some items which were a bit too ambitious for a band composed mainly of beginners.

As aansporing het hy egter gemeld dat die situasie sou verbeter. Werke van onder andere ELLENBERG, BUCALOSSI, VOLLSTEDT en WILLIAMS is uitgevoer.

Mnr. Smith het hom nie van stryk laat bring nie en in Julie

'n hele aantal aanbiedinge op Woensdae, Saterdag en Sondag behartig.⁴⁸ Uit die resensies was dit duidelik dat die orkes algaande met groter vertroue en insig gespeel het.⁴⁹

Ná afloop van 'n aantal uiters suksesvolle promenadekonserte in Augustus en September dieselfde jaar, het 'n resesent die hoop uitgespreek dat mnr. Smith nog lank kapelmeester sou wees, aangesien:⁵⁰

the many changes which have occurred in the conductorship during the past few years have inhibited very strongly against the success of the Band.

Gedurende die galaseisoen van 1911/1912 is hierdie orkes stief behandel deurdat byna uitsluitlik van die dienste van die besoekende 6th Dragoon Guards gebruik gemaak is (kyk Deel II, pp. 417 - 418).⁵¹ Die toedrag van sake is ten sterkste in die nuusblad afgekeur toe 'n mnr. E Wilfred Charlesworth sy misnoeë in 'n skrywe aan die koerant uitgespel het, en daarop gewys het dat geen ensemble sonder aansporing en optredes kon hoop op die handhawing van 'n goeie standaard nie en vervolg:⁵²

It is to be regretted therefore that when an opportunity (sic!) arises, as in the case of the gala season, not to give the local band engagements and thus provide them with an opportunity (sic!) to improve their finances and generally strengthen their position. We find Bandmaster Smith and his able body of musicians ungraciously cold-shouldered by those who might easily have helped them without entailing any sacrifice at all. Had, say £100 of the total amount expended upon the combination who have just concluded their enjoyable performances been devoted to giving the band of the Kaffrarian Rifles an opportunity (sic!), it would have gone far to enable the local contingent to improve upon the excellent work they already have accomplished and would also have constituted a praiseworthy act of local patriotism.

Mnr. Charlesworth se wens dat die orkes in 'n galaseisoen moes optree, het ook nie in die feesseisoen van 1912/1913 tot vervulling gekom nie.⁵³

In Maart 1913 is daar melding gemaak van die gebrek aan optredes deur die orkes.⁵⁴ 'n Klein vertroosting was dat die orkes gedurende die Paasreses vir vier agtereenvolgende aande in die Marine-park opgetree het.⁵⁵ Hulle voortreflike

optredes het weer die totstandkoming van 'n Town Band laat ontvlam, aangesien die afwesigheid van militêre orkeste en die uiters sporadiese optredes van die regimentorkes 'n gevoelige leemte gelaat het. Ten spyte van hulle goeie spel is gevoel dat die Regimentorkes nog nie by magte was om 'n galaseisoen eiehandig te hanteer nie.⁵⁶

Dié ploeterende situasie het tot aan die begin van Augustus voortgeduur. 'n Aankondiging dat 'n Grand Inaugural Popular Instrumental and Vocal Concert op Saterdag 9 Augustus in die drillsaal sou plaasvind by welke geleentheid die regimentorkes, nou onder die 'new regime' met mnr. R Johnston Wilson as kapelmeester, sou optree, het nuwe hoop gebring.⁵⁷ Onder leiding van mnr. Wilson het die orkes voortreflike spel gelewer.⁵⁸ (Kyk ook Bylae B, p. 710.)

Tot in Oktober van daardie jaar is geen militêre orkes vir die 1913/1914 seisoen genader nie, wat die resensent laat wonder het of die plaaslike orkes met die nodige voorbereiding, nie die leemte kon vul nie. Hy het egter onmiddellik daaraan toegevoeg:⁵⁹

There is still a raggedness in runs and arpeggios, and the instrumentalists are rather inclined to over-do the pianissimo movements, being at times inaudible beyond the seating enclosure. But the former fault will disappear with practice and the latter will be rectified with experience, and there is no reason to fear that the Kaffrarian Rifles will not attain popularity with visitors and townsmen alike during the Christmas season.

Die resensent se tentatiewe voorstel het 'n werklikheid geword toe in Desember aangekondig is dat die orkes 'n reeks promenadekonserte - aand na aand - in die Marine-park tydens die galaseisoen van 1913/1914 sou behartig.⁶⁰ Hul poging op Woensdagaand 17 Desember het getoon dat die lede 'n 'tremendous amount of practice' ingesit het en slegs 'n 'occasional slight want of finish' het voorgekom.⁶¹ Die algehele resultaat was egter besonder bevredigend en die resensent was daarvan oortuig dat hulle geensins hoef terug te gestaan het vir enige van die ander orkeste wat Oos-Londen al besoek het nie, en wat in elk geval groot somme geld gekos het. Hul program het bestaan uit:

Mars	<u>Viscount Nelson</u>	ZEHLE
Ouverture	<u>Le Diademe</u>	HERMANN
Morceau caractéristique	<u>March of the Little Leaden Soldiers</u>	PIERNE
Sluierdans	<u>Mystic Beauty</u>	FINCK
Mars	<u>Wien, Bleibt Wien</u>	SCHRAMMEL
Wals	<u>Daphne</u>	MOELLER
Keurspel	<u>The Bohemian Girl</u>	BALFE
Danse	<u>The Love Dance</u>	HOSCHNA
	<u>Every Little Movement</u>	PETHER
	<u>Waiting for the Robert E Lee</u>	
Mars	<u>Regimentmars</u>	

Mimosa van die Ladies Column, 'n dame wat 'n weeklikse rubriek van plaaslike gebeurlikhede in die nuusblad behartig het, se indrukke was meer gereserveerd.⁶² Bewus egter van die probleme waarmee die orkes te kampe gehad het, het sy die volgende wenke aan die hand gedoen:

The local band under the energetic leadership of Mr. R Johnson Wilson is acquitting itself quite nobly, but, - there must be a but - there is not enough brass in this construction. It can be heard but faintly in the motor car enclosure, and if the wind is in the contrary direction sometimes no sound of the music reaches the people there. Of course, we know the band is very young, and that it is difficult to obtain efficient bandsmen at the present nominal rate of payment, but if a few more cornet players etc., could be added to the present number of the band, the band would be nearly, if not quite (as yet) equal to the Military Bands we have had here recently.

Mimosa se kritiek ten spyt, is die orkes gedurende die feesseisoen nie alleen vir sy spel nie, maar ook vir sy keuses geprys.⁶³ Uit talle opvolgberiggies het dit geblyk dat die orkes op hul beste in gewyde musiek vertoon het, aangesien die musiek 'well suited to the tone they evoke from their instruments' was.⁶⁴ Tydens 'n gewyde aanbieding op Sondag-aand 11 Januarie 1914 is onder meer klokke gebruik in die uitvoering van Britse gesange wat deur HUME getranskribeer is. Die finale uitvoering van die feesseisoen het op Saterdag 31 Januarie in die Marine-park plaasgevind, waar doedelsakspel en 'Highland dancing' die program verder versier het.⁶⁵ By die drieduisend mense was toe teenwoordig.

Onder mnr. R Johnston Wilson se leiding het die orkes dus merkwaardige vordering gemaak en was hulle verkwikkende optredes 'n besliste aanwinst tot die galaseisoen.

9.6 Samevatting

In sy geheel beskou het die blaasorkes van die Kaffraria Regiment nie noemenswaardige impak op die plaaslike toneel gedurende die tydperk 1903 - 1914 gemaak nie.

Verskeie faktore was vir die toedrag van sake verantwoordelik: 'n gedurige wisseling van kapelmeesters, ontoereikende geriewe, karige vergoeding en 'n gebrek aan werklik goeie en getroue orkeslede. Daarbenewens het die dringende en gefundeerde oproepe om 'n Town Band te stig, daarop gedui dat die regimentorkes nie aan die behoeftes van 'n volwaardige blaasorkes wat die gemeenskap moes dien en vermaak, beantwoord het nie. 'n Ander netelige faktor was die feit dat verslae, op enkele uitsonderings na, uiters oppervlakkig en niksseggend was, met die gevolg dat die orkes geen kritiese terugvoering ontvang het nie. Dit het heelwaarskynlik 'n ongegronde tevredenheid onder orkeslede in die hand gewerk, met die gevolg dat daar nie daadwerklik gepoog is om 'n hoër standaard na te streef nie.

Aan die positiewe kant het die talle briewe wat in die koerant verskyn het, getoon dat die publiek in noue voeling met die bedrywighede van die orkes was. Hul positiewe en aansporende opmerkings was sekerlik 'n groot bron van bemoediging vir die orkes. Nie alleen was die skrywes van die publiek in 'n groot mate die dryfveer agter die oprigting van 'n nuwe orkesverhoog nie, maar het hulle onder meer ook daartoe gelei dat die orkes die 1913/1914 galaseisoen kon waarneem. Die teenwoordigheid van 'n voortreflike orkes gedurende die feesseisoen was vir Oos-Londen van groot belang, aangesien talle besoekende vakansiegangers dan op soek was na vermaak. Die feit dat die regimentorkes die 1913/1914-seisoen kon behartig, het getoon dat die orkes onder leiding van mnr. Wilson besondere vordering gemaak het.

Te midde van enkele hoogtepunte, was die regimentorkes se aktiwiteitsgrafiek tussen die jare 1903 en 1914 ploeterend en wankelrig, met die gevolg dat die ensemble se invloed slegs sporadies en beperk was.

Alhoewel geen sensusopnames rondom die tydperk 1900 beskikbaar is nie, was die Anglo-Boereoorlog verantwoordelik vir aansienlike groei in Oos-Londen se populasiesyfers.¹ 'n Vergelyking tussen die jare 1891 en 1903 toon dat Oos-Londen se populasie gegroei het van 6924 in 1891 tot 12048 in 1903.² Dit het terselftertyd meegebring dat die kultuurbedrywigheede van die dorp vermeerder het. In hierdie ontwikkelingsproses het die konstante instroming van musiekonderwysers ná 1902 in geen geringe mate nie bygedra tot die uitbreiding en uitbouing van Oos-Londen se musiekaktiwiteite.

Oos-Londen se musiekonderwyserskorps is in Oktober 1903 aangevul deur mnr. T A Graham, 'n leerling van prof. Buhls van die Stuttgart Konserwatorium.³ Hy sou leerlinge in klavier, harmonie en teorie onderrig en het vinnige vordering met behulp van die Tausig-Ehrlich-metode beloof, 'by which the fingers acquire strength and suppleness thus ensuring a good touch and execution'. In dieselfde maand is aangekondig dat ene mej. Baillie, 'n leerling van die Blackheath Konserwatorium in Engeland, klavierleerlinge sou inneem.⁴

Mnr. Ernest Wright wat van Londen na Suid-Afrika geëmigreer het, het in Desember geadverteer dat hy klavier en sang sou onderrig.⁵ Hy was bereid om in konserte op te tree as solis en begeleier, en ook om leerlinge aan huis te onderrig.

'n Mej. Startup ALCM, het in Februarie 1904 onderrig in sang, klavier en harmonie belowe.⁶ In die daaropvolgende maand het 'n mnr. Wood hom bereid verklaar om viool- en mandolienleerlinge te onderrig.⁷ 'n Mev. Torpey het ook in dieselfde maand geadverteer dat sy vakatures vir beginners sowel as gevorderde klavierleerlinge gehad het.⁸

'n Gekwalifiseerde onderwyser van die London College of Music, mej. Millard, het in Julie 1904 aangekondig dat sy nog 'n paar klavierleerlinge kon inneem.⁹

Mnr. Stuart Johnson van die Royal College of Music en orrelis en koormeester van die St. Saviour-kerk, het belanghebbendes in Augustus meegedeel dat hy onderrig sou gee in orrel, klavier, teorie en harmonie.¹⁰

In Oktober is geadverteer dat mev. W H Cook, 'n leerling van prof. Barnett en sir George Elvey, klavierleerlinge by haar woning sou onderrig.¹¹ Sy is deur sir Walter Parratt, orrelis van die St. George Katedraal, Windsor Castle aanbeveel.

'n Besondere aanwinst vir Oos-Londen was die aankoms in Desember van mev. Baker, voorheen van Pietermaritzburg en Durban.¹² (Sy het etlike uitstaande solo-optredes in Oos-Londen gegee - kyk Deel II, pp. 260 - 267.) Mev. Baker sou leerlinge in sang, stemproduksie, klavier en teorie onderrig. Sy was 'n student van Emil Gehnke en 'n leerling van die Koninklike Konserwatorium van Leipzig. Sy het haar bereid verklaar vir 'engagements for Concerts, Oratorio, Opera, etc.'.

Oos-Londen se toenemende musiekaktiwiteite is in Februarie 1905 verryk met die toevoeging van ene mnr. W Moister ALCM, wat aangekondig het dat hy onderrig sou gee in sang, stemproduksie, teorie, harmonie en fluit.¹³ Hy het daarbenewens die stigting van 'n sangklas in 'voice training and management, the staff, and Tonic solfa notation', en bladles aangekondig.

'n Gekwalifiseerde onderwyseres van die Universiteit van Kaapstad, mej. N Chubb, het in Junie geadverteer dat sy klasse in teorie van musiek en harmonie sou gee.¹⁴

Twee maande later het 'n leerling van die Koninklike Konserwatorium van musiek in Leipzig en die houer van 'n onderwyslisensiaat van die Universiteit van Kaapstad, mev. A Brunton, aangekondig dat sy klavier- en teorieleerlinge sou onderrig.¹⁵

Ofskoon Oos-Londen so 'n lewendige toeloop van gekwalifiseerde onderwysers ondervind het, is dit tog jammer dat die aktiwiteite nie positief in die konsertbedrywigheede van die dorp uitgekristalliseer het nie. Konserte deur plaaslike

amateurs asook die jeug was maar wisselvallig in getal en meriete, en dit is te betreur dat hierdie gedugte klompie musiekonderwysers nie 'n groter impetus aan Oos-Londen se musieklewe verleen het nie.

1906

Voorts word die onderwysers se aktiwiteite net bondig aangestip, tensy hulle bevoegdheide of aktiwiteite meer breedvoerige kommentaar regverdig:

- Mej. Haisman - viool, mandolien en banjo.¹⁶
- Mej. N Marshall - musiek en Frans.¹⁷
- Mej. S A Franz - klavier, teorie, harmonie en sang.¹⁸
- Mev. T H Slater - klavier, banjo, mandolien, teorie en elementêre harmonie.¹⁹
- Mejj. Hilda en Elfie Rein - albei studente van die Hamburg Konserwatorium.²⁰ Hilda - klavier, orrel en teorie, en Elfie - viool en sang.
- Mej. Ellen Munn - leerling van prof. Wirth, Koninklike Konserwatorium Berlyn - viool.²¹
- Mnr. Eugene Wheeler - Kapelmeester van die Kaffraria - blaasorkes - viool, banjo, mandolien, en alle stryk- en blaasinstrumente.²²

1907

- Mej. Kerr - klavier, teorie, harmonie.²³
- Mev. Hammerland - klavier en sang.²⁴

1908

- Mej. Edith Wells - klavier.²⁵
- Mej. Moloney - klavier, sang, teorie en harmonie.²⁶
- Mej. Gately - klavier.²⁷
- Mej. Ross - Highland Dancing.²⁸
- Mej. Andrews - klavier.²⁹
- Mev. Jesse Caldwell - stemproduksie en sang.³⁰ Twee ghienies vir twaalf lesse - vooruitbetaalbaar.
- Mnr. T Unsworth - viool.³¹

1909

- Mej. Allum - klavier.³²
- Mej. E Giles ALCM - klavier en teorie.³³

In Julie het die geesdriftige Franz Moeller ALCM, LLCM, sy School of Music in Unionstraat adverteer.³⁴ Leerlinge sou voorberei word vir die Kaapse Universiteit se musiek-eksamens in klavier, viool en tjello. Daarbenewens het hy ook onderrig in alle blaasorkesinstrumente beloof. Moeller se fooie was 13s 6p per maand.

1910

- Mej. R Pereira ('certificated') - teorie.³⁵
- Mej. Myra Mills (Onderwysdiploma, Kaapse Universiteit) - klavier, harmonie en teorie.³⁶ Sy was ook orreliste van die St. Saviour-kerk.
- Signor Dirago (Koninklike Konserwatorium, Napels) - viool, harp, tjello en teorie.³⁷
- Mej. L Palmer LLCM - Klavier.³⁸

In September lig Franz Moeller belanghebbendes in dat hy van September 'n spesiale klas vir die onderrig in harmonie sou waarneem.³⁹ Sy fooi was 5s per maand.

1911

- Mej. A Scholl (Onderwysdiploma, Kaapse Universiteit) - klavier, teorie en harmonie.⁴⁰
- Mej. Q Brown - klavier en teorie.⁴¹
- Mej. E Reed ALCM, LLCM - viool, klavier en harmonie.⁴²
- Mej. L Potts (Onderwysdiploma, Kaapse Universiteit) - Klavier, teorie en harmonie.⁴³
- Mev. R Hamilton - klavier ('special system of technique').⁴⁴

Mme. Fanny Gallione, 'n leerling van prof. Rossi van Milaan, Italië, met ondervinding in die Covent Garden, Londen, was bereid om klas te gee in sang en stemproduksie.⁴⁵ Sy was in King William's Town woonagtig en sou eenmaal per week

na Oos-Londen afreis indien die aanvraag voldoende was.

1912

Mnr. Charles Davis (Professor of Music) het belangstelliges in Mei 1912 ingelig dat hy van voorneme was om 'n musiekskool te open.⁴⁶ Hy was die leier van die London Imperial Orchestra wat in 1913 na Oos-Londen gekom het (kyk Deel II, pp. 318 - 321). Hy sou onderrig gee in viool, klavier, sang, tjello, teorie, harmonie, kontra-punt en vorm, asook in alle koper- en houtblaasinstrumente; voorwaar 'n veelsydige musikant.

- Mev. W Lanchester ALCM - klavier en teorie.⁴⁷

1913

In Mei 1913 is berig dat mnr. Davis na vele versoeke besluit het om Oos-Londen sy tuiste te maak.⁴⁸ Hy was voorheen die kapelmeester van die Johannesburgse militêre-orke, gemoeid met die Philharmonic Society van Port Elizabeth, sowel as die Headquarters Staff Band van die Transvaal Volunteers.⁴⁹

1914

- Mej. R Davis - klavier.⁵⁰
- Mnr. Wansbrough Poles FRCO, LRAM - klavier, orrel, sang en teorie. Hy was ook die orrelis van die Trinity Wesleyaanse-kerk.⁵¹
- Mev. B Farrer - stemproduksie en sang. Sy was 'n leerling van Edwin Wareham, voormalige hoofteenoor van die Royal Opera, Covent Garden, en was woonagtig in King William's Town en sou Oos-Londen op 'n weeklikse basis besoek.⁵²
- mej. L B Greathead LRAM - stemproduksie en klavier (mev. Curwen se metode vir beginners). Sy was in besit van 'n spesiale sertifikaat van die Royal Academy of Music, 'for Voice Culture and Class Singing for Children'.⁵³

Hoewel nie tot dieselfde mate as die tydperk 1872-1902 nie, is die tydperk 1903 - 1914 ook nie in die besonder gekenmerk deur rigtinggewende tendense en beduidende ontwikkeling nie. Na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog het Oos-Londen ekonomiese welvaart ondervind en het die dorp se inwonerstal aansienlik toegeneem. Gesien teen hierdie agtergrond is dit jammer dat die musieklewe nie ooreenkomstige vooruitgang openbaar het nie. Alhoewel Oos-Londen se musikale ontwikkeling maar wankelig was, het die ontstaan van bioskoopteaters in 1910 en die gepaardgaande vaudeville-vertonings vanaf 1911 die groeiproses merkbaar geknou. Hierdie vermaaklikheidsvorm het die plaaslike toneel oorheers en Oos-Londen se musieklewe laat stagneer.

Te midde van die feit dat die ontwikkelingsproses traag en moeisaam was, was daar verrykende bedrywighede. In 'n milieu waarin inisiatief en ondernemingsgees by die meeste amateurs ontbreek het, was die solo-uitvoerings, klavier en sang, van mev. Baker in 1904 en 1905 prysenswaardig. Ongelukkig was sy die enigste persoon wat dié waagmoed aan die dag gelê het en het soortgelyke konserte deur plaaslike musici nie weer in die daaropvolgende jare voorgekom nie - 'n kenmerk van Oos-Londen se musieklewe dat belowende tendense slegs kortstondig was. Gelukkig was daar nog 'n hele aantal ander opbouende gebeurtenisse wat Oos-Londen se musikale struktuur verstewig het. (Die meeste positiewe ontwikkelingsprosesse het in die jare 1903-1908 voorgekom, daarna slegs sporadies.) Franz Moeller se orkesklas het voortreflike spel gelewer terwyl instrumentiste wat hy onderrig het, nie net ensemblespel in Oos-Londen bevorder het nie, maar ook af en toe werke van ernstiger aard uitgevoer het. Daarbenewens het hierdie doelgerigte musikonderwyser se suksesvolle jeugkonserte van deeglike vakmanskap en aansteeklike entoesiasme getuig. Nog 'n begaafde musikonderwyser wat baanbrekerswerk in Oos-Londen verrig het was W J Chapman.

Sy lesingkonserter oor die komponis MENDELSSOHN in 1904 en 1905 was uiters leersaam en kultureel opheffend, terwyl sy volgehoue betrokkenheid by die koorvereniging daartoe gelei het dat die vereniging se optredes die hoogtepunte van die jaar was. Met die samewerking van gesiene gaskunstenaars uit die buiteland (ten spyte van geregverdigde kritiek teen die konstante invoering van sulke kunstenaars) is werk van hoogstaande gehalte gelewer. Die bekendstelling van ernstige werke deur musici van internasionale aansien, alhoewel die besoeke net sporadies was, het gewis bygedra tot die verruiming van 'n begrensde opset. In die ligter sfeer was die optredes van talle ensembles, veral vokaal, sprankelend, terwyl die geesdriftige aktiwiteite van die Seaman's Institute in menige vermaaklikheidsgangers se behoeftes voorsien het.

Vaudevilles wat vanaf Maart 1911 tot Julie 1914 byna onafgebroke weekliks in bioskoopteaters plaasgevind het, het 'n drastiese negatiewe uitwerking op Oos-Londen se musieklewe gehad. Die publiek was gaande oor dié vorm van vermaak wat gelei het tot 'n totale gebrek aan belangstelling in plaaslike aktiwiteite. Konserte van ernstige en gewyde aard se inhoud was kleurloos en die momentum is totaal versteur. Nieteenstaande die feit dat vaudevilles grotendeels lig en uitspattig was, was daar by vele geleenthede aanbiedinge van hoogstaande musikale meriete.

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat Oos-Londen se musieklewe nog geensins in definitiewe, gevestigde riglyne ontplooi het. Hierdie fluktuerende patroon toon dus dat die dorp se musiekaktiwiteite nog steeds in 'n ontwikkelingsstadium was.

D E E L III 1914 - 19181 KONSERTE GEDURENDE DIE EERSTE WÊRELDOORLOG 1914 - 19181.1 Oplewing en opvallende klemverskuiwings

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was nie alleen vir ingrypende omwentelings op sosiale- en ekonomiese vlak verantwoordelik nie, maar ook vir opvallende klemverskuiwings op die musikale front.¹ Die insameling van fondse het van kardinale belang geword en Oos-Londen se amateurmusici het geredelik hulle dienste aangebied. Dit het gelei tot 'n oplewing in die hou van konserte. Hierdie konserte het egter nie uitsluitlik uit musiekitems bestaan nie. 'n Intense patriotiese gevoel was die hoofdryfveer agter die aanbiedinge, en om die gevoel effektief te projekteer, is in die meeste van die aanbiedinge van verskeidenheidsitems van patriotiese aard gebruik gemaak. Hoewel Oos-Londen dus 'n oplewing beleef het, het musiek van ernstiger aard nie 'n belangrike plek in die situasie beklee nie.

1.1.1 Patriotisme oorheers

Aanbiedinge was nie alleen 'n geskikte platform vir die publiek se patriotiese gevoelens nie, maar ook 'n effektiewe kanaal vir die insameling van broodnodige fondse.

Die eerste poging ter versterking van die nuutgevonde War Distress Fund sou op Saterdag 19 September 1914 in die stadssaal plaasvind.² Mnr. Wilson, kapelmeester van die regiment-orkes, het 'n beroep op alle orkesspelers gedoen om hulle bystand aan die poging te verleen. Flinker reaksie was die gevolg en 'n orkes van byna sestig lede het opgetree.³ Die verskeidenheidsryke program was 'n treffende weerspieëling van die patriotiese gesindheid wat geheers het:

Duverture	<u>Light Cavalry</u>	SUPPE Orkes
Dans	<u>Tambourine</u>	Mejj. Neale, Stein en Carrington
Lied	<u>There's a land</u>	ALLITSEN Mnr. Searle

Violsolo	<u>Red, White and Blue</u>	Mnr. Fairbairn
Vokale duet	<u>Miserere (Il Trovatore)</u>	VERDI Mev. Moeller en Mnr. Searle
Dans	<u>Coon</u>	Mejj. Neale, Stein, Gallie, Starke en MacNamara
Lied	<u>England Mine</u>	DELRIEGO Mev. Moeller
Dramatiese skets	<u>A Pair of Lunatics</u>	WALKES He: Mnr. Farrow She: Mev. Farrow
Geleentheids- musiek	<u>Merchant of Venice</u>	ROSSE Orkes
Lied	<u>To Arms</u>	HIMMELSTYERNA Mev. Hughes
Voordrag	<u>The Midnight Charge</u>	SCOTT Mej. Webster
Klaviersolo	<u>Marche Militaire in D majeur</u>	SCHUBERT-TAUSIG Mnr. Poles
Dans	<u>Toe Dance</u>	Mejj. Neale en Stein
Tussenspel	<u>Deception de Luxe</u>	NICOLA-DAVIDSON Mnr. Davidson

'n 'Tremendous assembly of people' het hierdie aanbieding bygewoon. In die lig van die omstandighede was die resensent huiwerig om van die items vir spesiale vermelding uit te sonder, maar het tog gevoel dat die orkes van vyftig lede onder leiding van mnr. Wilson, 'n pluimpie verdien:

There was invariably an intelligent conception and a sympathy with the subject which aided the effect and if there was perhaps not the unity and precision which only comes when the members of an orchestra have practised long and strenuously together, it is certain that individually the players acquitted themselves well.

Ander uitstaande items was mejj. Neale en Stein se dansvertoning en mnr. Fairbairn se violsolo.

'n Soortgelyke geleentheid het op Saterdag 26 September plaasgevind, waartydens die knap Imperial Orchestra in die tweede helfte die volgende werke voorgedra het:⁴ Pecche Mignon (LANGHEY) en uittreksels uit Maritana (WALLACE). Ook dié Grand Patriotic Concert is deur stewige ondersteuning en 'n hoë standaard van vertolking gekenmerk. Die resensent was egter van mening dat:

The orchestra was somewhat overloaded with violins, and will be improved if some judicious weeding was done. On the other hand, it would stand reinforcement in the wind department.

Die feit dat 'n opbloei in musiekaktiwiteite juis uit die ellende van die oorlog ontstaan het, het 'n verslaggewer nie ontgaan nie:⁵

One of the many good things the East London War Distress Fund has been the means of doing, is the production from amongst us of the very excellent talent that is now assisting at the various entertainments provided for the purpose of raising funds for so deserving a cause.

In die daaropvolgende week het die flinke Imperial Orchestra al weer hulle dienste by 'n spesiale patriotiese konsert in die St. Peter-saal op die Wesbank aangebied.⁶

'n Volgende Grand Patriotic Concert is op Woensdagaand 7 Oktober aangebied en deur die dansleerlinge van mej. Neale en Amos oorheers.⁷ Hierdie leerlinge se vertolking van volksdansen het die hoogste louere ingeoes en lande soos Brittanje, Wallis, Amerika, Spanje, Ierland en Skotland is in sierlike, gekostumeerde danse verteenwoordig. Mnr. Wilson se War Distress Fund Orchestra van vyftig lede het ook deelgeneem.

Patriotiese konserte het nou teen 'n ongekende tempo oral opgeduik, want net die daaropvolgende aand het 'n soortgelyke aanbieding in die St. Peter-saal op die Wesbank plaasgevind.⁸ Mev. Moeller en mnr. Mudd se sang en die vioolduette van mej. Valentine Cloke en mnr. Moeller en Fairbairn, was van die uitstaande items.

Dus is Oos-Londen plotseling, nadat die jare 1912 tot 1914 'n onverklaarbare agteruitgang in die aanbod van konserte ondervind het, deur 'n vlaag aanbiedinge oorval. Alhoewel suiwer musikale ingesteldheid nie die hoogste prioriteit geniet het nie, was die spontane vrywilligheid van so 'n groot getal amateurs tog 'n belowende faktor.

Patriotiese aanbiedinge het steeds kort op mekaar gevolg en

daar was geen aanduiding van afplating nie. Op Saterdag-aand 10 Oktober het 'n Café Chantant die stadsaal volgepak waar instrumentale items, liederes, tablo's en skouspele aangebied is.⁹ Die War Distress Fund Orchestra het onder meer Sounds of Peace van VON BLOW en die Pastoral Dance-ouverture van GWYNN voorgespeel. 'n Skouspel getiteld The Garden of Sleep en The Awakening is uitgevoer waarin jong dames 'n feëkoningin, 'n kabouter en 'n aantal feetjies voorgestel het, terwyl ander dametjies, ook leerlinge van mejj. Neale en Stein, violette en affodille was.

'n Grand Patriotic Concert wat tog wel musikale meriete bevat het, het op Saterdag 17 Oktober in die stadsaal plaasgevind, toe die koor van die koorvereniging (wat toe blykbaar weer vinnig bymekaargeskraap is) en 'n orkesensemble onder leiding van Chapman, daar opgetree het.¹⁰ Die koor- en orkesensemble het uit honderd en sewentig lede bestaan. Die program het onder meer die volgende koorwerke bevat: Choral Fantasia on Faust (GOUNOD), Killarney (BALFE), Bridal Chorus (COWEN). Daarbenewens is verskeie lande se volksliederes met deelname deur die gehoor gesing. Die geleentheid was uiters geslaagd. Die koor is gelukkigwens met 'precision of attack, maintenance of pitch' en 'definition of light and shade', terwyl Chapman geloof is nie alleen vir die meesterlike kontrole wat hy aan die dag gelê het, maar ook vir die uitstekende stembalans. Op tweërlei wyses het die aanbieding veel vermag:

the audience were able to go home with the comfortable knowledge that they had had over two hours of unalloyed musical enjoyment and had, collectively, contributed a substantial sum to the Fund, a most satisfactory dual result.

Op spesiale versoek is dieselfde konsert op Woensdag 21 Oktober (Trafalgar-dag) herhaal, en weer eens was die stadsaal 'to its utmost capacity' gevul.¹¹

Benewens patriotiese konserte op Donderdagaand 22 Oktober in die Victoriasaal¹² en Woensdagaand 28 Oktober in die St. Peter-saal¹³, het 'n sonderlinge aanbieding, ook met die aanvulling van die Distress Fund as oogmerk, op Donderdagaand 29 Oktober plaasgevind.¹⁴ Dit is as 'n Al Fresco Entertainment aangekondig en verpleegsters van die hospitaal

het die reëlings waargeneem. Die veranda van hul woonkwartiere is smaakvol versier met 'patriotic draperies' terwyl die terrein helder verlig is, maar die beligting was onvoldoende omdat so 'n geweldige getal toehoorders opgedaag het. Benewens 'n hele aantal aansteeklike verskeidenheidsitems het enkele ernstige items in die program voorgekom: Impromptu (SCHUBERT) deur mnr. Poles, Rigoletto (VERDI-LISZT) deur verpleegster Lilford en Prelude (RACHMANINOFF) ook deur mnr. Poles - almal klaviersolo's.

Oos-Londen se naburige voorstad, Cambridge, het nie agterweë gebly in pogings om die oorlogsfondse te versterk nie. Op Saterdag 7 November was die Cambridge-stadsaal, wat driehonderd en twintig mense kon huisves, tot oorlopens toe gevul toe 'n geslaagde verskeidenheidskonsert van liedere, 'n vioolsolo en 'n mandolien- en klavierduet aangebied is.¹⁵ 'n Soortgelyke konsert het op Woensdagaand 18 November plaasgevind.¹⁶

Die betrokkenheid van die publiek by die wel en wee van die soldate was nie net tot konserte binne die vier mure van 'n gebou beperk nie. Op Maandagaand 16 November het 'n konsert op 'n trein plaasgevind.¹⁷ Op die trein was agttien mans van Oos-Londen wat toe net by die spoorweë aangesluit het:

Songs were rendered (without accompaniment) by Messrs. Hapgood, Coombes, Martin, Robinson and Goulden, and were all heartily applauded. The chief steward, who kindly lent the dining saloon for the occasion, acted as treasurer, and the War Distress Fund will now be increased by the sum of £1 82s which was collected.

Aanbiedinge ten bate van die Belgian Widows' and Orphans' Fund

Benewens die War Distress Fund het nog 'n organisasie, die Belgian Widows' and Orphans' Fund, die lig gesien en geldelike ondersteuning van drie opeenvolgende aanbiedings ontvang. Die eerste poging was 'n hoogs suksesvolle verskeidenheidskonsert in die St. Saviour-saal, Belgravia op Saterdag-aand 28 November, waar die eerste helfte deur 'child displays' in beslag geneem is terwyl die Peerless Pierrots ('composed of boys with well-trained voices') die tweede helfte gevorm het.¹⁸ Hulle koorwerke was The Coleville Coon Cadets, Party

in Fairyland To-Night en Go Bye-Bye terwyl hul individuele pogings onder meer Louisianna Lou, Ma Sunshine Sue, Ma Dark Eyed Venus en Lazy Daisy Maisie ingesluit het.

'n Tweede aanbieding het op Woensdagaand 2 Desember in die Cambridge-stadsaal plaasgevind, waar daar benewens liedere 'n musiekskets, 'n klugspel, 'n klaviersolo, GRIEG se Wedding Day, en 'n tjellosolo La Serenata aangehoor is.¹⁹

Op Maandagaand 7 Desember het 'n derde aanbieding wat darem deur 'n paar ernstige items verryk is, ten bate van hierdie fonds in die Baptiste-kerk in Buffalostraat plaasgevind.²⁰ MENDELSSOHN se Lift Thine Eyes is oortuigend deur drie dames vertolk terwyl die lied Roses deur ene mej. Palmer een van die 'hits' van die aand was.

Dit is tog jammer dat die toename in die getal aanbiedinge, wat terselfdertyd Oos-Londen se talentrykheid blootgelê het, nie ook as platform vir die beoefening van ernstige musiek gedien het nie. Slegs hier en daar is 'n plekkie vir items van ernstige aard ingeruim, maar dit was duidelik dat die basiese ingesteldheid een van geestelike ontspanning en finansiële verligting was.

Enkele ernstiger items

'n Grand Patriotic Concert wat op 15 Desember aangebied is, het die dominansie van ligte vermaak onderstreep toe onder meer 'n Japanese 'Fun Song' en 'n voordragitem groot aftrek geniet het.²¹ Gelukkig het twee ander aanbiedinge wat in Desembermaand plaasgevind het enkele ernstige items bevat.

Op Vrydagaand 11 Desember het ene dr. Roberts 'n lesing oor The Rise of Modern Germany in die stadsaal aangebied.²² By hierdie geleentheid het Chapman 'n koor van dertig lede gedi-rigeer in die sing van nasionale liedere in Engels, Frans en Russies. Hul pogings is as 'excellent' beskryf. Meer gewig-tig van aard was 'n patriotiese konsert wat op Sondagaand 27 Desember in die Vaudette plaasgevind het ter versterking van fondse vir die Veil Fund, 'n fonds vir troepe in Duits-Suidwes-Afrika.²³ Die program het werke van PUCCINI,

naamlik uittreksels uit La Tosca deur die Vaudette-orkester en uit La Boheme as 'n klaviersolo, ingesluit.

1.2 Afplating: konserte steeds vir finansiële gewin 1915

In teenstelling met die getal aanbiedinge wat in die tydperk September tot Desember 1914 voorgekom het, het die getal aanbiedinge in 1915 merkbaar afgeneem. Nieteenstaande die afplating was die aanbiedinge steeds 'n nuttige, effektiewe medium vir finansiële gewin. Talle liggame het van konserte gebruik gemaak om fondse in te samel om sodoende broodnodige hulp te bied. 'n Wye veld is gedek en musiek het byna uitsluitlik 'n funksionele rol gespeel.

Ten bate van die Union and Produce Fund, is 'n konsert op Sondag 17 Januarie 1915 in die Vaudette aangebied waar die volgende items onder meer gelewer is:²⁴ 'n vioolkeurspel uit Cavalleria Rusticana deur mnr. Fairbairn, O Divine Redeemer van GOUNOD gesing deur mej. Munro, 'n vokale kwartet Good Night Beloved deur twee dames en twee here, asook 'n tjellokeurspel deur mnr. Scholl. Gedurende die pouse het 'n raadslid aan die gehoor verduidelik dat veertigduisend troepe van vrugte voorsien sou word wat gratis deur die boere in die Westelike Provinsie geskenk is, en dat die doel van die konsert was om kartondose vir die versending van die vrugte aan te koop. Heelwaarskynlik het die aanwesiges en heel moontlik ook die resesent dit nie so vertolk nie, maar nêrens anders is musiek se funksionele rol so blatant misbruik as gedurende die pouse van die konsert: terwyl 'n kollekte vir die vermelde saak opgeneem is, het mej. Davis VERDI-LISZT se Rigoletto voorgespeel!

1.2.1 Groepsaanbiedinge

Totaal teenstellend van aard was 'n aanbieding op Saterdag 13 Februarie voor 'n volgepakte stadsaal ten bate van die Kaffrarian Rifles Ambulance Fund.²⁵ 'n Klavieroperette The Doll's House Party is opgevoer, asook 'n 'judicious intermixture of instrumental and vocal solos, the latter with suitable choruses and backgrounds'. Daarbenewens is die

patriotiese element geprojekteer in 'n skets The Soldier's Daughter en 'n vlagdril deur agt senior meisies.

Groepsdeelname was ook 'n kenmerk van 'n aanbieding wat op Woensdagaand 5 Mei in die St. Peter-saal op die Wesbank plaasgevind het.²⁶ Drie 'very little girls' het die Volkslied gesing, drie ouer meisies het die lied Where the Flag of England Flies gesing, 'n tablo England and Her Allies is opgevoer, terwyl 'n 'stirring chorus' Under the British Flag ook nog aangehoor is.

Skoliere is op Saterdag 5 Junie die geleentheid gegun om 'n bydrae ten bate van die Lusitania Relief Fund te maak toe onder meer liedere, kooritems en voordragte gelewer is, asook 'n voorstelling van 'n Britse vlagdril.²⁷

Op die aand van die jaardag van die Eerste Wêreldoorlog (3 Augustus 1915) was dit weer skoliere, dié keer mev. Ogilvie se leerlinge (kyk Deel II, pp.339-341) wat die patriotiese vlag hoog gehou het.²⁸ Fondse sou aan die Nurses' Contingent to Europe oorhandig word. Klaviersolo's, liedere, voordragte, twee 'entertaining sketches', 'n dialoog, en twee vioolkwartette is aangehoor.

Ernstige items skaars

Uit bovermelde gegewens is dit duidelik dat ernstige items geensins 'n regmatige aandeel in die aanbiedinge gehad het nie, en alhoewel die amateurs se onbaatsugtige diens 'n prysenswaardige faktor was, was hulle begrensde musikale uitkyk dit beslis nie. Heelwaarskynlik sou die geldsakke nie gevul kon word as die aanbiedinge van ernstiger aard was nie.

Gelukkig het 'n aanbieding wat op Woensdagaand 7 Julie in die Cambridge-stadsaal plaasgevind het, darem ernstiger items bevat toe mejj. Annie Snyman en Bertha Hey met uitstaande vioolspel en sang vorendag gekom het. Eersgenoemde dame was blykbaar al dwarsoor die Grensstreek bekend vir haar uitmuntende vioolspel, terwyl mej. Hey (kontralto)

nie slegs die Cambridge-inwoners geïmponeer het nie, maar ook vir die Oos-Londense toehoorders wat die konsert bygewoon het. Die twee dames se onderskeie bydraes was: viool-solo's, Hejre Kati (HUBAY); Souvenir de Lubeck (REINKEN) en liedere, Abide with Me (LIDDLE) en Melisande in the Wood (GOETZ).

1.3 Toename in aanbiedinge 1916

Patriotiese aanbiedinge was weer eens volop in 1916 en steeds daarop gemik om finansiële verligting te bewerkstellig. Items van ernstiger aard was egter steeds afwesig.

Op Saterdag 15 April is die Nairobi Hospital Comforts Fund versterk toe 'n uiters geslaagde konsert vol verskeidenheid in die stadsaal aangebied is met onder meer 'n orkes onder leiding van mnr. Johnstone Wilson, 'n vlagdril, 'n skets, liedere en 'n vokale groep onder die titel The Frivolles.³⁰ 'n Effektiewe item was mej. Ferguson se vertolking van die lied Jessie's Dream begelei deur 'n obligaat doedelsak deur dr. Watt buite die gebou. Dit het 'n besondere realisme aan die lied verleen. As slotitem is When the Angelus is Ringing gesing deur mejj. Horn en Wells, ondersteun deur 'n stewige koor.

Verskeidenheid was ook 'n kenmerk van 'n aanbieding wat op Saterdag 29 April plaasgevind het, ter versterking van fondse vir Oos-Londen troepe wat in Brits-Oos-Afrika diens gedoen het.³¹ Mnr. Faser wat in beheer van die orkes was, is geprysdaarvoor dat die ensemble 'one of the best that the writer has ever heard in East London' was, terwyl mejj. Dorothy Muller en Irene Zerbe geloof is vir die 'swing and vivacity' van hulle liedvertolkings.

Voorts is die volgende aanbiedings van stapel gestuur, meesal met oppervlakkige populêre items:

- Donderdagaand 22 Junie deur die skoliere van die Quigney Public School en die West Bank Amateur Orchestra in die Victoria-saal.³²

- Saterdagdagaand 24 Junie ten bate van Our Boys in the Nairobi Hospital deur mev. Ogilvie en haar leerlinge met 'n uiters lang program van ses en twintig items waaronder 'n kantate The Country Fair.³³
- Saterdagdagaand 3 Augustus in die stadsaal met optredes deur mej. Tilney se dansleerlinge, die Lyrics met hul 'latest up-to-repertoire, die Mayo Trio ('n trio bestaande uit klavier, viool en tjello) en 'n aantal bydraes deur die Kaffrarian Rifles-orkes.³⁴
- Woensdagaand 12 Julie onder die sorg van die plaaslike organisasie van die Overseas Contingent Tobacco Fund in die Cambridge-stadsaal ten bate van die Our Boys' Tobacco Fund.³⁵ Klaviersolo's, kornetsolo's, sangsolo's, voordragte, asook 'n vokale kwartet Good Night Beloved is aangebied.
- Vrydagaand 8 September ten behoeve van 'disabled soldiers and sailors' van die Star and Garter Fund in die Cambridge-stadsaal.³⁶ Uitstaande items was die klavierspel van mnr. Douglas, die sang van die St. John's Male Quartet wat The Three Crows, The Banks of Allan Water en Sweet and Low voorgesing het, asook die Mayo-trio wie se spel 'exceptional power' en 'ability' openbaar het.
- Saterdagdagaand 9 September ten bate van fondse vir die Nairobi-hospitaal deur mev. Ogilvie.³⁷ Weer was die konsert 'n ellelange affêre van een en twintig items (soos haar vorige aanbiedings) bestaande uit tablo's, voordragte, liedere met koorbegeleiding, vokale solo's, kleurryke sketse, dansnommers, orkesitems, 'n vioolsolo en sowaar nog 'n operette The Spanish Gipsies ook.
- Saterdagdagaand 21 Oktober ten behoeve van The Blind Soldiers' and Sailors' Fund.³⁸

'n Program wat meer om die lyf gehad het is op Donderdagaand 2 November in die 'spacious diningroom' in Palmerston House aangebied ter verstewiging van die Goeweneur-generaalfonds georganiseer deur mejj. Laura Palmer en Gichard.³⁹ Daar is onder meer twee trio's vir viool, tjello en klavier (komponiste nie gemeld nie) en 'n Etude in a mineur van LOESCHORN aangebied.

Vir 'n wyle is van konserte as insamelingsmiddel afgesien en is 'n Revue en Grand Operette in November en Desember ten bate van die Star and Garter Fund opgevoer. Mejj. W en E Hartigan se Revue het op Saterdag 9 November in die stadsaal plaasgevind, aangevul deur die spel van die Gipsy-orkes, 'n nuutgevonde ensemble onder leiding van mnr. Wilson.⁴⁰ Daarbenevens het die Merry Mites, 'n ensemble van tussen tien en twaalf persone, die gehoor genoegdoening verskaf met hulle koor- en solosang, aksieliedere en humoristiese items.

Die Grand Operette O Hanu-San (The Japanese Girl) van VINCENT is op Saterdagmiddag 16 Desember opgevoer en het die ondersteuning van 'n volle orkes onder leiding van mnr. Grout geniet.⁴¹ So druk was die bespreking vir die eerste aand dat die werk weer op Maandagmiddag 18 Desember herhaal sou word. Betowerend was:

pretty spectacular effects provided by some ten score or more dainty Japanese damsels in charming and many-coloured national costumes, carrying out the festivities in connection with the coming of age of the Mikado's daughter, O Hanu-San, in the midst of a prettily arranged Japanese garden.

Mej. Kobus het die hoofrol oortuigend vertolk terwyl die koorwerke, veral die openingslied en die komposisie Flower Song, pragsang opgelewer het.

Hierdie aanbiedinge het klaarblyklik uitstekend geslaag in hulle doel om fondse vir verskillende liggame en instansies in te samel. Weer eens moet egter gemeld word dat, ten spyte van 'n gevarieerde program-opset wat beslis vele positiewe elemente bevat het soos deelname deur talle instrumentaliste en ensembles, voortreflike dansitems, en so meer, items of konserte van ernstiger aard feitlik totaal afwesig was. Vele aspirantmusici kon hulle talente in talle van die aanbiedinge uitleef, maar dit is tog jammer dat die talente nie saamsnoer is om 'n poging of pogings van standaard-gehalte aan te bied nie.

1.4 Aanbiedinge 1917

Met die uitsondering van 'n skrale twee geleenthede, het al die aanbiedinge in 1917 gedien as geldinsamelings vir liefdadigheidsorganisasies. Sekere kenmerke het uit hierdie

aanbiedinge geblyk. Daar was mev. Ogilvie en haar komitee se onbaatsugtige pogings van omvattende omvang, die lewendige bydraes van die Lyrics, en die aangename konsertaande wat deur twee dames op 'n keer aangebied is. Uit 'n musikale oogpunt beskou het ligte, populêre musiek voortgegaan om absolute heerskappy te voer, met die gevolg dat items van ernstiger aard steeds uitgesluit is. Heelwaarskynlik was die aanbiedinge nie slegs 'n handige medium vir finansiële gewin nie, maar ook 'n toevlugsoord vir diegene wat aan die meerslagtige tydsgees wou ontkom, vandaar die klem op aanbiedinge van ontspannende aard.

1.4.1 Mev. Ogilvie se pogings

Mev. Ogilvie en haar hardwerkende komitee se eerste aanbieding in die nuwe jaar het op Saterdag 17 Februarie plaasgevind met 'n Grand Musical Revue, ten bate van die Returned Soldiers' Fund.⁴² 'n Opvallende kenmerk was 'the mounting of the various items, the backgrounds and choruses of every song being tasteful and appropriate'. Individuele liedere, dansitems, ensemblesang, asook die altyd bereidwillige Gipsy-orkeste, was die bestanddele van hierdie geleentheid. Twee geselskappe is ingespan, naamlik die Gipsy Troupe, wat bestaan het uit

a number of little ladies, whose gay attire, and excellently carried-out dances and combined movements made a very good impression,

en die Pierrots ('all small boys'), wat ook baie goed gevaar het. Mev. Ogilvie en haar 'clever and energetic committee' het weer op Saterdag 9 Junie van hulle laat hoor met weer eens 'n aanbieding van lywige proporsies - dié keer ten bate van die hospitale in Brits-Oos-Afrika.⁴³

In die lig van die feit dat haar aanbiedinge so 'n belangrike rol gespeel het in die verligting van meniges in nood, en ook omdat haar aanbiedinge in menige opsig imposant was - altyd klinkende suksesse, elke keer 'n groot getal mense betrokke, besonder verskeidenheidsryk, en van ongewone omvang - is dit gepas om 'n verslag van een van die berigte daarvoor volledig te plaas:⁴⁴

The City Hall was again well filled on Saturday evening, the attraction being another of those concerts in the arrangement of which Mrs. Ogilvie's Committee have secured so many successes. If the building was not so packed as usual, it was undoubtedly due to the wise step of giving a matinee in the afternoon, which was also well attended, the pressure on the seating accommodation in the evening being thereby relieved. The proceeds are to be devoted to the East African Hospitals and the Belgian Children's Fund, both of which should benefit materially as the result of Saturday's efforts.

The programme itself contained no less than twenty-four items, therefore it is to be understood that a lengthy review of each number is impossible. It has become quite axiomatic in reporting this Committee's entertainments, to refer to the excellent setting of every item, the costumes and the backgrounds, which turn every song and chorus into a pleasing turn, delighting the artistic sense of the audience as well as pleasing the ear. And once again must this be repeated, for as before, on Saturday no trouble was spared, in this direction. For almost every item there was a change of scenery, while we should not like speculate on the numbers of frocks some of the young ladies must have worn. At least a dozen changes must have been necessary, and many of the dresses were a delight to the eye. Mr. C Beton, the stage manager, with Messrs. Whitaker and Robinson, and the stage hands must have worked exceedingly hard, and moreover with method, for the waits between the items were absolutely negligible.

Without entering into detail, there were a few of the numbers of the programme of such outstanding merit as to deserve brief special mention. Foremost among them were Rainbow Land, by the Misses. B Goodman, D Bramwell, M Shearer, M Edwards, M Ogilvie, and G Jenkins, who, clad in diaphanous frocks of many colours, sang prettily and danced very gracefully. How do, Miss. Wintertime? by the Cheerohs, was another pretty scene, the singers being dressed in white costumes of cotton wool, while in the midst of descending snow, a huge snowball opened a pretty little 'Miss. Wintertime' emerged and joined in a snowball match with the audience. The Cheerohs, it may be added, played quite a prominent part. In the opening chorus they appeared in striking costumes of white with red and blue ribbons - in one lady's case the dress might have been a little longer with advantage - and sang a pleasing medley of popular songs. Then they gave an amusing Rustic Scene introducing an all too short Maypole dance, and marched up the aisle of the Hall in a Pierrot Parade, throwing around small golliwogs of many colours which were eagerly snapped up as souvenirs. Another very pretty song and chorus was Roses, roses everywhere, in which Miss. J Quickellberge took the solo part, she and the chorus being most tastefully garbed in deep pink and carrying bouquets of red roses, while red ribbons connected the soloist and her supporters. Khaki played a very prominent part in many of the songs and choruses, while Come Back to me, by Miss M Petzer was delivered in the midst

of a well got up harvest scene. In the duet, The Air Ship by the same young lady and Miss. D Mayo, an effective background of aeroplane propellers with a lady's face in the hub of each had been arranged. An appropriate item, in view of the fact that a portion of the proceeds is to go to Belgian children, was Three cheers for little Belgium, vivaciously rendered by Miss. A Walker, while the audience threw cash contributions on to the stage, the amounts collected in this way in the evening and at the matinee being respectively £1 12s 8d and 17s 8d.

Of individual songs, pride of place must be given to Miss. J Reid's If all the stars were mine, the singer wearing a very dainty Dresden shepherdess costume. This item received a well deserved encore to which You gave me love, was rendered. Miss. M Shearer's Can't yo'heah me callin', Caroline? in coon costume ran this very closely, and Miss. B Goodman evidently captured the gods with Jolly good luck to the girl who loves a soldier. There was only one actually terpsichorean item, a pretty Parasol dance by the Misses. R Staddon, M Shearer, M Edwards, J Jenkins and M Ogilvie, and only one item by children, My little Dutch Doll very prettily sung in Holland costumes with sabats complete.

Other items were Your England and Mine, by Master S Beton, The Ride of the Pier by Miss. K Sutherland, and a chorus of soldiers and 'toffs' - an attractive number - Every girl is fishing by Miss. D Mayo, whose voice is worthy of better things. Topsy Wopsy a duet by Misses. M Petzer and B Goodman, the latter appearing among the audience first as a masher and then as a coster, Send a photo of the King to me, by Miss. D Woodier, whose voice is sweet, but hardly strong enough for the City Hall, and The String of Pearls, by Miss M Petzer. The Patriotic String Band and eight violins, six mandolines and a piano, which opened each half of the programme, must not be omitted, for they played very nicely and were a novelty. The entertainment concluded with a short and amusing sketch entitled The Silent Woman.

Aanbiedinge van soortgelyke aard het voorgekom op Maandagaand 20 Augustus in die St. Peter-saal op die Wesbank ten behoewe van die Westbank Soldiers' Comforts Committee⁴⁵ en op Saterdag-aand 3 November ten bate van die Oos-Afrika-hospitale.⁴⁶

1.4.2 Die Lyrics

Benewens mev. Ogilvie se prysenswaardige konserte het die optredes van die Lyrics 'n besondere kleur aan Oos-Londen se vermaaklikheidspalet verleen. Met hul aansteeklike, vurige vertonings het hulle deurgaans groot gehore getrek en in 1917 nie minder nie as ses aanbiedinge in Oos-Londen en een in King William's Town behartig. Ongelukkig, op

enkele uitsonderinge na, het die verslae min program- en analitiese inligting bevat.

Hierdie 'clever little band of amateur entertainers' se eerste konsert in 1917 het op Donderdagaand 22 Februarie ten bate van die Returned Warriors geskied, waar 'n 'excellent attendance' aangeteken is.⁴⁷ Die groep het onder leiding van mnr. Ben Myers gestaan en het bestaan uit vyf dames en vyf here: mev. A C Kirkpatrick, mejj. Marie Amos, Ruth Bryant, Winnie Neale en Dolly Martin en mnre. Leslie McCallum, Richmond Boyley, T J Fish, Arnold Martin en C J W Raphael. Vier en twintig vokale nommers is gelewer wat gestrek het van 'popular and catchy chorus numbers and ragtime to efforts of a more ambitious nature'. Hulle is geluk gewens met 'n beduidende 'go' in hulle vertolkings - 'n element wat volgens die resensent dikwels by amateuraanbiedinge afwesig was. Geen programinligting is verskaf nie.

Ten bate van die Goewerneur-generaal-fonds het die groep op Maandagaand 30 April hulle tweede konsert aangebied, waartydens hulle vereer is met die teenwoordigheid van die administrateur, die burgemeesterspaar en raadslede.⁴⁸ Benevens die hoë gaste het 'n stewige toehoorderstal die sierlik getooide stadsaal gevul. Die Lyrics was geklee in 'striking costumes of purple and gold', die dames se uitrusting 'a pretty compromise between a Pierrette and a Folly', terwyl die mans geklee was in die lyn van 'conventional Spaniards wearing on their heads dinky little caps with tricky plumes'.

Op spesiale versoek het dié lewenslustige musikante weer op Saterdag 5 Mei in die stadsaal opgetree voor 'n groot getal ondersteuners, dié keer ten bate van fondse vir die Lord Roberts' Memorial Workshops for Disabled Soldiers and Sailors.⁴⁹ Gelukkig het die verslag hul doen en late van naderby toegelig:

Bright and catchy songs with choruses form a feature with this little troupe, and were strongly in evidence Saturday night, the background, so to say, being no less attractive than the actual solos. For instance, Lantern Land by Miss. Dollie Martin, gave an opportunity for very effective grouping, while a number of vari-coloured electric lights, let down from the gridiron, kept flashing in time to the music

with brilliant effect. Miss. Muriel Stein was assisted in her effort, The only Land, by four well drilled Tommiesses - good word! - and the actions by principals and choruses in Miss. Ruth Bryant's Mandy, Miss. van Wustenhoff's Kiss Trot, and Miss. Martin's When I come back to you, added greatly to the effectiveness of the items concerned. The same may be said of the duets and concerted items all of which were well received, the Reliability treat, in which the Company appeared in a 'Willie-Snite' car being responsible for much laughter and some awful puns and some topical allusions, which also formed a feature of Mr. Fish's Pop in and Pop out, and his cross-examination as a supposed spy.

Op Saterdag 26 Mei het dié groep, wat reeds in hierdie vroeë jare al van psigedeliese effekte in Oos-Londen gebruik gemaak het, na King William's Town gereis om hulle geslaagde vaudeville-aanbiedinge aldaar voort te sit.⁵⁰

Hul opbeurende opvoerings het beslis nie ongesiens verbygegaan nie, want in Julie is berig dat:⁵¹

The Lyric's has at last achieved fame - a large photo of the troupe appeared in the latest issue of Stage and Cinema accompanied by appreciative notices of the stage work of each member.

Ná hul konsert in King William's Town het hulle volgende optredes geskied op Dinsdagaand 26 Junie ten bate van die Rooi Kruis in die stadsaal⁵², en op Vrydag- 23 en Saterdag-aand 24 November, ook in die stadsaal.⁵³ Onder leiding van mnr. Myers is die ensemble tot dertien lede uitgebrei - ses dames en sewe mans wat die gehoor in drie en twintig items getrakteer het op prettige liedere en duette, 'delightful dancing' en 'humorous and typical numbers'. Die twee konserte se opbrengste, ten bate van die Goewerneur-generaal-fonds, het £80 beloop - 'n aanduiding van die entoesiastiese ondersteuning wat die groep geniet het.

1.4.3 Aanbiedinge deur groepe dames

Terwyl mev. Ogilvie en die Lyrics meesal groepitems op die planke gebring het, is die volgende geleenthede deur solo-items gekenmerk:

Op Woensdagaand 11 Julie 1917 het mejj. M en G Kurtz 'n konsert by Oxfordstraat 4 aangebied ten bate van die Oos-Afrika

hospitale.⁵⁴ Voortreflike voordragte, 'n klavieritem deur 'n vyfjarige dogter ('who promises to be an excellent pianist'), 'n instrumentale kwartet bestaande uit twee viole, mandolien en klavier gespeel deur mejj. G en E Kurtz en N en F Ross, die lied Broken Doll deur mej. D Gimmingham en 'n vioolsolo deur mnr. R Wharlburn is aangehoor. Benewens nog 'n klavier-solo en -duet, is 'n humoristiese skets A Silent Woman aangebied.

'n Aanbieding wat, behalwe vir die invoeging van musikale sketse en dialoë dieselfde soort materiaal bevat het, was die konsert van mejj. N Porter en Hilda Hastings op Vrydag-aand 10 Augustus in die St. George-saal, ten bate van die Lord Roberts' Memorial Fund for Blind and Disabled Soldiers and Sailors.⁵⁵

Meer ambisieus was die Revue A' Hoy There wat mejj. W en E Hartigan van Donderdagaand 20 tot Saterdag-aand 22 Desember in die stadsaal opgevoer het, en wat deur 'exceptionally fine stage settings' gekenmerk is.⁵⁶ Hierdie aanbieding, wat ten behoeve van die Lord Roberts' Memorial en die Seamen's Institute was, met mnr. Wiggins as musiekdirekteur, het uit twee en dertig items bestaan. Ongelukkig het die opkoms tydens die openings-aand nie aan die verwagtinge voldoen nie, maar die resesent was van mening dat die 'really excellent' revue 'liberal patronage' verdien het.

1.4.4 Twee prysenswaardige aanbiedinge

Afgesien van al die lofwaardige pogings tot die verligting van nood, was daar nog twee ander aanbiedinge wat om verskillende redes prysenswaardige kwaliteite bevat het:

Ten behoeve van die Widows' and Orphans' of the Marines, is 'n Grand Patriotic Vocal and Instrumental Concert op Dinsdag-aand 8 Maart (Sailor's Day) in die stadsaal aangebied.⁵⁷

Heel gepas het talle items seetemas bevat. Die Gipsy Orchestra het byvoorbeeld 'n 'nautical selection containing old sea songs' voorgespeel, 'n potpourrie van TARR-melodieë is gelewer, asook populêre ballades van ATKINS. Individuele vokale bydraes is

gelewer deur onder andere mev. S T Wakefield (There's a Land), mnr. Griffiths (Shipmates of Mine), mev. Andrew Bryce (My Ships) en 'n bydrae deur mej. Lillian Fellowes, 'n besoekende sangeres uit Johannesburg (The Land of the Long Ago).

In die lig van die byna totale verdringing van items van ernstiger aard, was 'n aanbieding op Saterdag 17 November in die stadsaal ten bate van die Goewerneur-generaal-fonds, 'n besliste ligpunt toe 'n nuutgevonde kooresemble, naamlik die Catholic Choral Union van twintig dames onder leiding van mnr. F F Lee, die hoof-aantrekkingskrag was.⁵⁸ Hul vertolkings van twee trio-werke van SCHUMANN, Within my Garden en Now the Night, asook twee werke van MENDELSSOHN, Greeting en The Passage Bird's Farewell, het van deeglike voorbereiding getuig. Daarbenewens is 'n werk van SULLIVAN Three Little Maids gelewer. Drie sangwiele is ook deur die koor voorgesing: All Nature Smiles, Gaping en Good Night. Benewens talryke voortreflike sangsolo's het ene mnr. Nelson 'considerable technique and feeling' openbaar in die lewering van twee vioolsolo's, HAVE se Allegro Brilliante en MASCAGNI se Intermezzo. Die aanbieding sou op Woensdag 28 November in die Our Lady-saal herhaal word.⁵⁹

1.4.5 Twee aanbiedinge sonder oorlogtemas

Slegs twee aanbiedinge in 1917 het nie verbintnisse met die oorlogsituasie gehad nie:

Op Saterdag 17 Maart het die Katolieke-kerkkoor in die Our Lady-saal in Albanystraat opgetree, heelwaarskynlik met 'n meerdoelige objek, naamlik die viering van St. Patrick-dag en fondse vir die Katolieke-kerk.⁶⁰ Die ensemble het bestaan uit dertien dames en vyf mans onder leiding van mnr. Lee, wat ook die dameskoor gelei het. Die werke op hulle program was Hail Smiling Morn (SPOFFORTH), I would that my love (MENDELSSOHN), Who is Sylvia (McFARREN) en The Maybells and Flowers (MENDELSSOHN). Die koor het ook die begeleiding verskaf toe mej. A Carver The Minstrel Boy, 'n ou Ierse ballade, voorgesing het. Talle ander vokale bydraes is ook gelewer waaronder 'n duet van MENDELSSOHN, Zuleka und Hassan.

Die ander aanbieding was 'n konsert op Saterdag 15 September in die stadsaal van Cambridge ten behoeve van fondse vir die St. Mark-kerkfonds.⁶¹ Geen gedetailleerde inligting is verskaf nie en die resesent het net jubelend gerapporteer:

Seldom, if ever, has a concert of such a high order and of so taking a nature been given in Cambridge.

In 'n tyd waarin ontwrigting op velerlei terreine - sosiaal, polities en ekonomies - voorgekom het, het plaaslike amateurs spontaan en onbaatsugtig met die hou van verskeidenheidskonsertere finansiële verligting gebring. As geheel gesien dus het konserte met 'n oorwegend ligte verskeidenheidskarakter 'n besondere opbloeï beleef. Aan die ander kant, as in gedagte gehou word dat soveel aanbiedinge van stapel gestuur is waarby baie amateurmusici betrek was, is dit te betreur dat items van ernstiger aard hoegenaamd nie tot hul reg gekom het nie.

1.5 Konserte 1918

Nieteenstaande die feit dat die oorgrote meerderheid van konserte in 1918 nog verskeidenheids-georiënteerd was, het daar tog 'n hele aantal aanbiedinge opgeduik wat 'n ernstiger tendens openbaar het.

1.5.1 Konserte van ernstiger aard

Met die oog op die traktering van die administrateur en lede van die afdelingsraad wat 'n kongres in Oos-Londen bygewoon het, is 'n Grand Orchestral Vocal and Instrumental Concert op Woensdagaand 23 Januarie 1918 in die stadsaal aangebied.⁶² Van Oos-Londen se voorste amateurs is ingespan om vyftien items 'straight music' te lewer. Slegs drie vermaaklikheids-items is ingesluit: 'n humoristiese duet Falkers and Tea, 'n dansnommer, en 'n voordragitem. 'n Strykorkes het beide helftes geopen met onderskeidelik SUPPE se Poet and Peasant-ouverture en GURYN se Suite of dances. Vokale solo's het onder meer ingesluit Melisande of the Wood, She wandered down the mountain side, en Garden of Happiness met oblikaat-viool. Verder was daar 'n vioolduet, naamlik die Largo uit BACH se Konsert no. 3, uitgevoer deur mejj. G Rein en A Jackson, 'n klaviersolo Etude no. 3 van LISZT

deur mej. Doris Mills ('whose debut it was' en sy 'had proved herself an instrumentalist of no mean order'), en 'n tjello-solo Hungarian Rhapsody deur mej. Willows van wie ook 'n toegif gevra is. Opbrengste sou aan die Goewerneur-generaalfonds oorhandig word.

Nog 'n aanbieding met 'n ernstige strekking was 'n Vocal and Pianoforte Recital op Donderdagmiddag 13 Junie aan huis van mej. Melville.⁶³ Ongelukkig is geen gedetailleerde inligting verskaf nie, maar daar kan aanvaar word dat die aanbieding ernstig van aard was aangesien al haar volgende optredes uit ernstige musiek bestaan het. £10 5s 3d kon aan die Lord Roberts' Workshops-fonds oorhandig word.

Op Donderdag 14 September is weer 'n aanbieding by 'n private woning, die Palmerston-huis, aangebied.⁶⁴ Die volgende items is onder meer gelewer: 'n klavierduet deur mejj. Willows en Palmer, 'n lied St. Nicholas Day in the Morning deur mej. Avery, 'n vioolsolo deur mej. Gichard, 'n instrumentale trio Serenade van WIDOR deur mejj. Gichard, Willows en Palmer, en 'n tjello-solo van prof. JANNASCH, die oud-onderwyser van mej. Palmer wat die werk ook uitgevoer het (naam van werk nie gemeld nie).

Benewens hierdie pogings, wat op 'n bemoedigende tendens gedui het, het daar in Oktober 'n konsert in die St. Saviour-saal plaasgevind waar 'n paar van die instrumentale items ernstig van aard was:⁶⁵

Vioolsolo	<u>Dudziarz op. 19</u>	WIENIAWSKI Mev. Graig
Klaviersolo's	<u>Wals in c-kruis mineur</u>	CHOPIN
	<u>Polonaise in A-mol majeur</u>	CHOPIN
	<u>Ballade in A-mol majeur op.47</u>	CHOPIN
	<u>Hongaarse Rapsodie no. 6</u>	LISZT Mej. Marsh

Mej. Marsh se spel is uitgesonder as die hoogtepunt van die aand en die resensent was van mening dat haar spel 'far beyond anything ordinarily heard on the local concert platforms' was. Haar vertolking van die CHOPIN-ballade is as briljant bestempel, terwyl sy groot hoogtes in die rapsodie bereik het.

1.5.2 Verskeidenheidskonserte

Al die ander aanbiedinge in dieselfde jaar was van 'n verskeidenheidsaard. In die besonder was twee groepe die White Diamonds en die Catholic Choral Union vir aanbiedinge in hierdie kategorie verantwoordelik, afgesien van 'n reeks populêre winterkonserte.

The White Diamonds

The White Diamonds, 'n nuutgestigte minstreeigeselskap, het op Saterdag 26 Januarie 1918 onder leiding van mej. Green hulle debuut in die stadsaal gemaak.⁶⁶ Die resesent was beïndruk deur hulle eerste optrede en het verklaar dat hulle oor 'very pleasing voices' beskik het. In die eerste helfte het hulle opgetree as neger-minstrele en verskeie populêre en 'tuneful nigger ditties' uitgevoer wat meestal in die vorm van solo's met koorbegeleiding aangebied is. 'n Banjo-trio bestaande uit mnr. Thomas, Van Ausden en Joplin is ook uitgevoer, terwyl 'n 'little mascot', mej. Gwennie Jenkins, 'n dansitem gelewer het. Die tweede helfte was van soortgelyke aard. Fondse sou aan die Disabled Soldiers' and Sailors'-instansie oorhandig word. Daaropvolgende opvoerings deur die groep het plaasgevind in Februarie⁶⁷, Junie⁶⁸ (twee opvoerings), en September⁶⁹. Hierdie geselskap wat hulleself as Entertainers in Harmony and Song beskou het, het deurgaans uiters goeie ondersteuning geniet.

'n Reeks winterkonserte

Onder die vaandel van die East London Holiday Season Committee is 'n reeks van vier populêre winterkonserte in Mei en Junie gehou, maar het aanvanklik nie stewige ondersteuning geniet nie - al was die aanbiedinge populêr van aard. Op Donderdagaand 30 Mei het die eerste van die reeks konserte in die stadsaal plaasgevind en was die resesent van mening dat die items 'in most excellent style' uitgevoer is.⁷⁰ Die program het bestaan uit orkesitems deur mnr. Johnston Wilson se Gipsy-orkes, 'n klaviertrio, 'n kornetsolo, liedere en 'n vokale duet.

Ten spyte van die feit dat die tweede konsert op Woensdag 12 Junie patrioties was en die 'bill of fare excellent', was die opkoms weer eens baie swak.⁷¹ Vyftien items wat byna almal toegifte uitgelok het, is aangebied. Talle verdienstelike liedere, onder meer There's a Land, Thy Sentinel am I en The Death of Nelson is gesing, terwyl instrumentale items gelewer is deur die Gipsy-orkeste onder leiding van Johnston Wilson. Verder was daar 'n tjellosolo, Reverie, deur mej. Willows, 'n aantal klavieritems deur mnr. Goyle en 'n viool-item, The Rosary deur mnr. Fairbairn, met orkesbegeleiding.

Die derde konsert was op Woensdag 19 Junie.⁷² Dit sou mnr. Wilson se laaste openbare optrede in Oos-Londen wees en die Gipsy- en Wilson-orkeste sou gesamentlik optree met die medewerking van twintig ander kunstenaars. 'n 'Splendid house' het vergader om van mnr. Wilson afskeid te neem, en die program - 'n 'strong one' - is terdeë geniet.⁷³ Hierdie program het onder meer ingesluit: die Raymond-ouverture (THOMAS) deur die Gipsy-orkeste, 'n jakkalsdraf deur die Wilson-orkeste en 'n werk gespeel deur beide ensembles, Sons of the Brave (BRIDGEWOOD). Daarbenewens is 'n aantal ligte liedere aangehoor, asook dansvertonings deur mej. Neale se leerlinge. Ná afloop van die program is Wilson in 'n kort seremonie vir die baanbrekerswerk wat hy in Oos-Londen verrig het - hy was leier van beide bogenoemde orkeste - bedank. Hy het sewe en twintig jaar in Oos-Londen gewoon en sou op 29 Junie na Johannesburg verhuis, waar hy aangestel is in die bestuur van die Orpheus-teater.¹⁴

Op Dinsdagaand 18 Junie het die Gipsy-orkeste waarvan Wilson die stigter was, in hul oefenkamer vergader om van hom afskeid te neem.⁷⁵ Mnr. Fairbairn het 'profound regret' uitgespreek oor sy vertrek. Uit dankbaarheid is 'n reisdeken en 'n stel van vier pype aan hom oorhandig. In sy afskeidsrede het mnr. Wilson sy dank betuig vir die gees van lojaliteit wat daar tussen hom en die orkeste geheers het. Mnr. Chapman sou die leisels by hom oorneem.

Die beste item van die vierde Popular Variety Concert op Woensdagaand 24 Julie was die vioolspel met orkeste van

mnr. Fairbairn in die werk The Rosary. In hul eerste optrede onder leiding van Chapman het die Gipsy-orkester weer met hulle 'well-known perfection and skill of execution' vorendag gekom in die volgende werke: Light Cavalry (SUPPE), Rose's Honeymoon (BEATTON) en The Dawn of Freedom (LOTTER). Benewens 'n aantal populêre liedere het 'n instrumentale trio bestaande uit mejj. Willows, Dickson en mnr. Fairbairn die Serenade van GOUNOD voorgespeel 'in a manner which can only be described as excellent'.

The Catholic Choral Union

Hierdie vereniging het 'n betekenisvolle bydrae tot die verskeidenheidskonserte van 1918 gelewer. Al het die ensemble slegs vier aanbiedinge behartig, is al vier met groot sukses bekroon. Ten bate van die St. Dunstons' Home for Blind Soldiers en die St. Vincent de Paul Society for the Poor, het hierdie vereniging op Donderdagaand 18 Julie die operette The Egyptian Princess opgevoer.⁷⁷ Benewens die operette is talle vokale items, marse en balletnommers gelewer. In die titelrol van prinses Aida was mej. Green 'n 'graceful and charming actress', maar die heldin van die operette was mej. Carver wat die rol van Alva die slavin volmaak vertolk en 'n 'feeling of absolute naturalness' openbaar het. Die koor is geloof vir hulle' effektiewe ineensmelting van stemme. Al hierdie verdienstelike elemente is egter oortref deur die balletvertoning deur vyf leerlinge van mej. List. Hulle bydraes is besing as die 'dream of the performance'. Die operette sou ook op die daaropvolgende Vrydag- en Saterdagagaand opgevoer word, en weer in November.⁷⁸ Afgesien van die groot sukses wat hulle met die operette behaal het, het die vereniging hom ook in twee ander aanbiedinge onderskei.

Op Saterdagagaand 16 Maart het hulle St. Patrick-dag met 'n patriotiese konsert in die Our Lady-saal in Albanystraat gevier.⁷⁷ Die sang van die dameskoor is besonder gunstig ontvang. Afgesien van talryke Ierse liedere, onder meer Killarney, The Little Irish Girl en A Voice from the Green Isle of Erin, het mnr. Hayes die enigste instrumentale item gespeel, naamlik die Nokturne in E-mol majeur van CHOPIN

vir viool verwerk.

Maandagaand 21 Oktober het hierdie vereniging 'n konsert op Castle Hill, Strand, vanaf die veranda van mnr. Lewis se huis aangebied ten bate van die War Market.⁸⁰ 'n 'Fair sized gathering' was teenwoordig wat hulle op die gras tuisgemaak het, hoewel sommige ook van die sitplekke wat verskaf is, gebruik gemaak het. Kooritems, sangsolo's, asook meerstemige liedere is gelewer.

1.6 Samevatting

Die ingrypende sosiale omgeswaai wat die Eerste Wêreldoorlog meegebring het, het nie alleen die publiek van Oos-Londen se daaglikse lewenswyse geraak nie, maar ook 'n beduidende invloed op die musieklewe van die dorp gehad.

Oos-Londen is plotseling deur talle verskeidenheidskonserte oorval. Die twee belangrikste faktore wat aanleiding gegee het tot so 'n opbloei was 'n wens om fondse in te samel, en patriotisme. Om die patriotiese gees van die publiek te bevredig, is aan tablo's, voordragte, liedere, vlagdril, dansitems, skouspele, revues en instrumentale werke van patriotiese aard voorkeur gegee. In die proses is werke van ernstiger aard selde of ooit aangehoor. Daarbenewens was dit duidelik dat musiek as suiwer kunsvorm nie veel aftrek gevind het nie. Die feit dat 'n aantreklike, dog veeleisende werk soos die LISZT-verwerking van 'n uittreksel uit Rigoletto van VERDI gedurende 'n pouse voorgespeel is terwyl 'n kollekte opgeneem is, was 'n duidelike bewys dat musiek as kunsvorm nie sy regmatige plek toegesê is nie.

Nieteenstaande die feit dat die konserte deur nie-musikale faktore in werking gestel is, het daar tog 'n paar verblydende verwikkelinge daaruit voortgespruit. Verskeie ensembles, veral vokale ensembles soos die Merry Whites en die Frivolles het die lig gesien, maar dit was veral die Lyrics en die White Diamonds wat bykomende stimilus aan die aanbiedinge verleen het. Voorts het die talle konserte gulde geleenthede aan vele amateurs gebied om hulle talente op die proef te stel.

Nog 'n voordelige faktor was die betrokkenheid van die jeug. Kleurryke tablo's, kindervoorstellings, vlagdril en dans-items was aan die orde van die dag en onder die geïnspireerde leiding van mev. Ogilvie het die jeug 'n sinvolle bydrae gelewer.

Werke van ernstiger aard het selde voorgekom, tog het 'n aantal aanbiedinge in 1918 sulke werke ook ingesluit. Dit bly egter te betreur dat die amateurs nie hulle belangstelling meermale gekanaliseer het in die rigting van werke van ernstiger aard nie.

2 GEWYDE AANBIEDINGE 1914 - 1918

2.1 Afname in getal aanbiedinge, maar handhawing van standaard 1914

Gewyde aanbiedinge het in die periode 1911 tot Julie 1914 maar selde plaasgevind (kyk Deel II, pp. 314 - 323). In die daaropvolgende tydperk, Augustus 1914 tot November 1918, het die geweldige konsentrasie van patriotiese konserte ook nie juis bygedra tot 'n waarneembare groeiproses wat gewyde programme betref nie. Aanvanklik het gewyde aanbiedinge in dié periode nie so 'n insinking in gehalte getoon soos wat die geval by algemene konserte was nie, maar ná 1916 was 'n vervlakking in die standaard wel deeglik merkbaar.

2.1.1 Orreluitvoerings

Twee orreluitvoerings van uiteenlopende aard en kwaliteit is in September gehou om finansiële verligting vir betrokkenes by die oorlog te bring.

Op Donderdagaand 17 September het mnr. Gilby Wiggins 'n orreluitvoering in die St. Saviour-kerk gehou met die doel om fondse in te samel vir 'our boys at the front'.¹ Hy is deur mejj. Watson, Martin en mnr. Stidworthy bygestaan.

Beslis van ernstiger aard was die orreluitvoering wat Wansborough Poles, FRCO en LRAM, op Vrydagaand 25 September om 20h00 in die Trinity-kerk ten bate van die Distress Fund and Comforts for the Defence Force aangebied het.² 'n Stewige toehoorderstal was teenwoordig en Poles se boeiende, artistieke spel 'worked the audience up to a rare pitch of intellectual excitement'. Enkele keurige kenmerke het tydens die opvoering opgeval: 'the exquisiteness of the dainty little posy from McDOWELL', die statige sonoriteit van BACH se Prelude en Fuga in G majeur (op spesiale versoek), en die 'haunting sweetness' van LEMARE se Summer Song. Artistiek aanvullend was mnr. Fairbairn se vaardige vioolspel. Die volledige program was:³

Orrelsolo's	<u>Sonate in A majeur</u>	MENDELSSOHN
	<u>From a Wandering Iceberg</u>	MCDOWELL
	<u>To a wild Rose</u>	
	<u>To the Sea</u>	
Violsolo	<u>Andante (Violkonsert)</u>	MENDELSSOHN
Orrelsolo's	<u>Prelude en Fuga in G majeur</u>	BACH
	<u>The Question</u>	WOLSTENHOLME
	<u>The Answer</u>	
Koor	<u>Ho! every one that</u> <u>thirsteth</u>	MARTIN
Orrelsolo	<u>Bridal Music en Prelude</u> <u>(Lohengrin)</u>	WAGNER
Violsolo	<u>Nocturne</u>	FIELD
Orrelsolo	<u>Dodemars</u>	
Koor	<u>And the Glory of the Lord</u>	HANDEL
Orrelsolo's	<u>Andantino in D-mol majeur</u> <u>no. 2</u>	LEMARE
	<u>Cradle Song</u>	GUILMANT
	<u>Summer Song</u>	LEMARE
Mars	<u>Pomp and Circumstance</u>	ELGAR

2.1.2 Ensembles

Benewens bovermelde bydraes was al ander aanbiedinge wat in die tydperk September tot Desember voorgekom het, die gratis konserte deur die Imperial-orke in September en 'n uitvoering deur die Trinity-kerkkoor in Desember.

Die afwesigheid van optredes deur die Imperial-orke wat in 1913 soveel genot verskaf het, was 'n opvallende gemis in die eerste agt maande van 1914. Dié ensemble sou eers weer op Sondagaand 13 September in die Olympia-saal optree in 'n Grand Sacred and Patriotic Concert - die eerste van 'n reeks van drie gratis konserte.⁴ Hul afwesigheid van die konsertplatform, asook die feit dat hulle slegs vir 'n kort rukkie in Oos-Londen sou vertoef, is verklaar deur hulle voorneme om 'n 'return tour through Africa' ná hulle optredes in Oos-Londen, aan te pak. 'n Oorvol Olympia-saal het hulle aanbieding, wat om begryplike redes patrioties van aard was, met entoesiasme begroet.⁵ Die orke het onder meer God Save the King, Rule Britannia, Nearer my God to Thee, Festival Overture en War March of the Priests voorgespeel, terwyl

mej. Pearl Davis die lied The Deathless Army gesing het. Hul volgende konsert het op Sondagaand 20 September plaasgevind met 'n program bestaande uit die New World-simfonie, Reque Dawe-ouverture, 'n klarinetsolo ('n Sweedse Air met variasies wat vir die eerste keer in Oos-Londen uitgevoer is), en 'n vioolsolo (Elegie deur EARNDT).⁶ Hule laaste konsert was op Sondagaand 27 September.⁷

Van meer gewigtige aard was 'n gewyde konsert wat op Vrydagaand 18 Desember in die Trinity-kerk plaasgevind het toe die kerkkoor onder leiding van Poles, die orrelis en koormeester van die gemeente, die kantate The Story of Bethlehem uitgevoer het.⁸ Dit is gevolg deur 'n orreluitvoering deur Poles self. 'n 'Very excellent' gehoor was teenwoordig. In weerwil van die feit dat die kantate as sodanig nie imposante hoogtes bereik nie, is die werk nogtans met vitaliteit oorgedra. Die koor is geloof vir hulle pragsang, alhoewel die resensent gevoel het dat die versterking van mansstemme tot groter eenheid en sonoriteit sou lei. Poles se orrelspel is gekenmerk deur

depth and nobility of treatment and a truly artistic conception, while he always extracts the best tone of which the instrument is capable.

Hy het werke van onder andere LEMMENS, ELGAR, BACH en HANDEL voorgespeel.

2.2 Soortgelyke tendense 1915

Nieteenstaande die feit dat gewyde aanbiedinge maar min in getal was - daar was net drie orreluitvoerings, een kantate en een gewyde konsert in 1915 - het dié genre geensins 'n afplatting in standaard getoon nie. Dit was beslis 'n bemoedigende faktor omdat items van ernstiger aard selde of ooit gedurende die tydperk by konserte aangesitref is.

2.2.1 'n Kantate

STAINER se melodieuse paaskantate The Crucifixion is met deurslaggewende sukses op Dinsdagaand 30 Maart deur

die Trinity Wesliaanse-kerkkoor onder leiding van Poles uitgevoer.⁹ Hierdie aanbieding, wat deur die resesent as 'throughout uniformly excellent' beskryf is, is gekenmerk deur die verlangde dramatiese intensiteit, waaraan beide die koor en die soliste, mnr. Gregg en Lones, 'n aandeel gehad het.

2.2.2 Orreluitvoerings

Mej. Myra Mills, 'n leerling van Chapman, het op Woensdag-aand 7 April haar eerste orreluitvoering in die St. Saviour-kerk gehou en hoogs positiewe kritiek uitgelok:¹⁰

In a word Miss. Mills has the indefinable something which when all is said and done, distinguishes genius from talent.

Haar program was: 'n Mars (SMART), Offertoire in D-mol majeur (SALOME) - volgens die resesent was die 'phrasing somewhat difficult but the piece was very creditably rendered', die tweede en derde dele uit Sonata no. 4 (MENDELSSOHN), Polonaise op. 4 no. 1 (CHOPIN) - 'the verve with which it was played created a deep impression', en die Grand Choeur (GUILMANT). Mimosa van die Ladies Column het ook haar vermoëns besing:¹¹

Miss. Mills has wonderful power over the instrument, her pedalling was fine and her touch is crisp and delicate.

Drie plaaslike sangers het die program verryk met onder meer liedere van BACH-GOUNOD en MENDELSSOHN.

Mej. Mills was op Dinsdagaand 27 Julie weer voor die orrel waar die fondse van die aanbiedinge aan duisende hongerlydende vroue en kinders in België geskenk sou word.¹² Haar uitstekende eerste poging het daartoe gelei dat 'n 'large congregation' die tweede uitvoering ondersteun het. Van besondere standaard was haar register-samestellings en volgens die resesent het sy nie die fout begaan om haar program te oorlaai nie. Ook was haar vertolking van die moeilike MENDELSSOHN-werk bo verdenking en het sy daarin geslaag om die gees van die werk helder en ongehinderd te projekteer. 'n Mej. Land en mnr. Ernest Clymer het verdienstelike liedbydraes gemaak. Die program was:

Orrel	<u>Sonate no. 2 in c mineur</u>	MENDELSSOHN
Lied	<u>Beyond the Dawn</u>	SANDERSON Mej. Land
Orrel	<u>Largo (New World-simfonie)</u>	DVORAK
Duet	<u>Songs without Words</u>	MENDELSSOHN
Mars	<u>Cornelius</u>	MENDELSSOHN
Lied	<u>If with all your Heart</u>	MENDELSSOHN Mnr. Clymer
Orrelsolo's	<u>Broken Melody</u>	VAN BIENE
	<u>Prelude in c-kruis mineur</u>	RACHMANINOFF
	<u>Fantasie</u>	FREYER

MENDELSSOHN het ook prominensie geniet tydens 'n orreluitvoering wat op Vrydagaand 9 Julie deur Wansbrough Poles gehou is.¹³ Benewens die Sonate in f mineur van MENDELSSOHN, het Poles ook werke van GRIEG, SMART, GUILMANT, WESLEY en KIVER voorgespeel.

Hierdie konserte het afwisseling gebied van die gewone patriotiese programme. So ook 'n Grand Sacred Concert ten bate van die East London Red Cross Fund op Sondagaand 11 Julie in die Vaudette-teater, waar orkesitems, liedere, kwartette, 'n musikale monoloog en 'n viool- en klaviersolo uitgevoer is.¹⁴

2.3 'n Laagtepunt

Ongelooflik, maar waar, is die feit dat slegs een gewyde aanbidding, wat eintlik net uit items van sekulêre aard bestaan het, in 1916 van stapel gestuur is.¹⁵ Die aanbidding het gespruit uit die pleidooi van 'n offisier in Potchefstroom om sporttoebehore vir die manskappe daar. Om fondse vir dié doel in te samel is 'n sogenaamde gewyde aanbidding op Sondag 13 Februarie in die Vaudette aangebied wat bestaan het uit orkesitems deur 'n vergrote Vaudette-orkes, asook ander instrumentale en vokale items.

2.4 Meer konserte met afplating in gehalte 1917-1918

In kontras met die armoedige musieksituasie van 1916 het 1917, in soverre dit die hoeveelheid van aanbiedinge betref,

'n onverklaarbare opbloei beleef. Soos te verstane is, het patriotisme ook dié genre binnegedring en het vele pogings finansieël bygedra tot verligting op velerlei militêre terreine. Ongelukkig het die oplewing in aanbiedinge nie 'n hoë artistieke standaard meegebring nie en dit is jammer dat ook hierdie genre, op enkele uitsonderings na, verval het in 'n groef van populêre, oppervlakkige aard.

2.4.1 Orreluitvoerings

St. Saviour-kerk se voortreflike orreliste, mej. Mills, het by drie geleenthede orreluitvoerings waargeneem, ten bate van fondse vir evangelisasiewerk in Suidwes-Afrika. Op Dinsdag-aand 20 Februarie het sy die volgende orrelsolo's voorgespeel: ¹⁶

<u>Prelude in G majeur</u>	BACH
<u>Largo (New World-simfonie)</u>	DVORAK
<u>Elegie</u>	SILAS
<u>Jerusalem, the Golden</u>	SPARK
<u>Andante (Vioolkonsert)</u>	MENDELSSOHN
<u>Caprice in g mineur</u>	CRACKEL
<u>Prelude in c-kruis mineur</u>	RACHMANINOFF

Die program is voorts versier met liedere, onder meer twee arias van HANDEL, He shall feed His Flock en The Trumpet shall sound.

Op Dinsdagaand 6 November het sy nog 'n keer in die St. Saviour-kerk voor 'n 'large and appreciative' gehoor gespeel. ¹⁷ Die resensent was van mening dat

her reputation as an organist was fully maintained by the masterful and careful manner in which she manipulated the king of instruments, each item being so tunefully and correctly interpreted that to specialise any would seem invidious.

Haar bydraes was onder meer Offertoire in D majeur (BATISTE), Communion (GRISON), 'n Kansonet (AMBROSIO) en Fantasie (TOURS).

Oor haar musikale vermoëns was daar nou geen twyfel meer nie, maar die programkeuses het ongelukkig al te populêr

geblyk te wees. Heelwaarskynlik was dit die invloed van haar leermeester, mnr. Chapman, gewees. Dié heer se aanbiedinge het 'n soortgelyke patroon gevolg. Ongelukkig sou mej. Mills se betekenisvolle bydraes ná die kersseisoen vir Oos-Londen verlore wees aangesien sy van voorneme was 'to join the ranks of the nursing profession'.

Haar laaste optrede was op Kersaand.¹⁸ Ná die uitvoering het die resesent haar geklassifiseer as 'one of the most youthful and successful lady organists South Africa has produced', en haar sukses met haar nuwe loopbaan toegewens.

2.4.2 Goeie balans tussen vokale- en instrumentale items

'n Hele aantal aanbiedinge met patriotiese doelstellings het bestaan uit 'n gebalanseerde mengsel van vokale en instrumentale items. 'n Kenmerk van dié aanbiedinge was dat instrumentale items 'n sterk sekulêre karakter openbaar het, terwyl vokale items die werklik gewyde boodskap uitgedra het.

Ten bate van die Lord Roberts' Workshops and Disabled Soldiers' and Sailors' Fund, is 'n gewyde konsert op Sondagaand 17 Junie in die Vaudette aangebied.¹⁹ Onder leiding van mnr. Wilson het sy ensemble, die Gipsy Orchestra - 'n 'clever orchestral party' - die volgende werke voorgespeel wat hulle 'loud and prolonged applause' besorg het:

Duverture	<u>Pique Dance</u>	SUPPE
Wals	<u>Sigh of the Desert</u>	FRENCH
Dans	<u>Neil Gwyn</u>	GERMAN
Mars	<u>The Liberators</u>	ANCLIF

Uitstaande sangitems was Parted (TOSTI), gesing deur mej. Ellender, Song of the Toreador (BIZET), gesing deur mnr. Boyle, en How Lovely are Thy Dwellings (LIDDLE), gesing deur mej. Melville.

2.4.3 Mev. Peterson se aanbiedinge

Voorts het 'n hele aantal Sondagaand-aanbiedinge in die Vaudette plaasgevind onder die onvermoeide organisatoriese sorg van ene mev. Peterson. Op suiwer meriete beoordeel het die

aanbiedinge nie noemenswaardige rigtinggewende tendense openbaar nie. Orkesbydraes het wel welkome verkwikking gebied maar die werke was meesal net van populêre en oppervlakkige aard. Benewens talryke liedbydraes het mev. Peterson ook voordragte in die program ingesluit.

Haar eerste konsert het op Sondagaand 29 Julie in die Vaudette-plaasgevind, en was ten bate van die Widows and Orphans of the Mercantile Marine and Local Seamen's Institute.²⁰ Net soos in die geval van die konsert van 17 Junie was die poging uit 'n bywoningsoogpunt 'n sukses, en het dit geblyk dat Sondagaandkonserte 'apparently very popular with the East London public' was. 'n Aantal instrumentaliste het die bestaande Vaudette-orke se getalle aangevul en die volgende werke voorgepseel:

Ouverture	<u>King Charles</u>	SLAUGHTER
Geleentheids- musiek	<u>Monsieur Beaucaire</u>	ROSSE
	<u>Chanson Trieste op.40, no. 2</u>	TSCHAIKOVSKY
Mars	<u>Des Heros</u>	GALLIOT

'n Verrykende vokale bydrae was dié van mnr. Leslie McCallum wat If with all your heart uit MENDELSSOHN se Elijah voorgesing het.

Mnr. Johnston Wilson se Gipsy-orke was by die tweede opvoering op Sondagaand 26 Augustus die gaskunstenaars met 'n ouverture Light Cavalry (SUPPE), uittreksels uit Il Trovatore en 'n wals Le Triumphe FRANCOIS).²¹ Benewens liedere het mnr. Fairbairn beïndruk met 'n vioolvoordrag van BOHM se Gavotte. Hierdie aanbieding was ten bate van die Lord Roberts' Memorial Workshops Fund.

Mev. Peterson se derde program het op Sondagaand 23 September geskied waar sy self 'n keurspel van klaviersolo's voortreflik uitgevoer het.²² Hierdie konsert is op Sondagaand 4 November gevolg met 'n aanbieding ten bate van fondse vir die East London Section of the South African War Market, waartydens die vergrote Vaudette-orke 'n beskrywende mars Napoleon's Last Charge (PAUL) voorgespeel het.²³ 'n Interessante aspek van die aanbiedinge was die feit dat elke konsert

uit nege items bestaan het. In die meeste gevalle het die verdeling bestaan uit drie orkeswerke, vier of vyf vokale bydraes en een of twee instrumentale solobydraes.

2.4.4 Mev. Jack se aanbieding

Afgesien van mev. Peterson se toegewyde arbeid, het 'n mev. Andrew Jack 'n soortgelyke konsert op Sondagaand 7 Oktober in die Vaudette aangebied.²⁴ Fondse sou dié keer aan die St. Dunstan's Home for Blind Soldiers and Sailors geskenk word. Hierdie aanbieding het drie orkes- en vyf sangitems bevat, onder meer Shipmates o' mine (SANDERSON), The Reason (DEL RIEGO), When Shadows Gather (MARSHALL) en The Clymer (DEL RIEGO).

Nieteenstaande die feit dat verknogtheid aan populêre smake sekere beperkings tot gevolg gehad het, het 1917 tog 'n paar hoopvolle geleenthede opgelewer: mej. Mills se voortreflike orrelspel, die optredes van die Vaudette- en Gipsy-orkeste, 'n konstante invloed van sangers, asook enkele verdienstelike instrumentale bydraes. Dit bly egter 'n jammerte dat geen ernstiger programme aangebied is nie.

2.4.5 Mev. Peterson weer werksaam

Sondagaanbiedinge het steeds goeie aftrek geniet en onder die organisatoriese sorg van mev. Peterson, is nie minder nie as vyf sulke konserte in 1918 aangebied.

Haar eerste gewyde aanbieding in 1918 - alhoewel daar in wese nie werklik veel van die gewyde aspek in die aanbiedinge tereg gekom het nie - het op Sondagaand 17 Februarie in 'n 'practically packed' Vaudette-teater plaasgevind.²⁵ Die Vaudette-orkeste het twee 'stirring marches with fine effect' voorgespeel, terwyl mej. Rein, Mills en Willows die program aangevul het met onderskeidelik viool-, klavier- en tjellosolo's.

Daaropvolgende aanbiedinge het plaasgevind op 12 Mei²⁶, 9 Junie²⁷, 7 Julie²⁸, en 8 September²⁹. Al die konserte is gekenmerk deur die gebruiklike nege items en uitstekende

bywoningsyfers.

2.4.6 Aanbiedinge met ernstiger inhoud

Benewens mev. Peterson se programme, wat maar voortgegaan het in die populêre milieu, is nog twee Sondagaandkonserte op 21 Julie en 18 Augustus gehou.³⁰ Die program wat op 21 Julie uitgevoer is, was nie so opvallende populêr soos dié van mev. Peterson nie:

Violsolo's	<u>Chanson Meditation</u>	COTTERET Mej. Littlewood
	<u>Poem</u>	FIBICH
	<u>Liebesfreud</u>	KREISLER
Klaviersolo	<u>Finlandia</u>	SIBELIUS Mnr. Poles
Liedere	<u>The Ballad-Monger</u>	Mnr. Meyer
	<u>Ombra Mai Fu</u>	HANDEL Mej. Melville
	<u>Angels Guard Thee</u>	Mej. Hellier
Trio	<u>Salut D'Amour</u>	ELGAR Mejj. Dickson, Willows en mnr. Fairbairn

Mej. Littlewood, ARCM, se uitvoering was 'perfect both in expression and technique', terwyl mnr. Poles se klaviersolo 'very effectively and brilliantly' uitgevoer is.

'n Verblydende ligpunt was dat 'n kantate, The Flower Queen, in dié jaar opgevoer is.³¹ Dit was 'n lafenis in vergelyking met die eentonige Sondagaandaanbiedinge. Onder leiding van Stephen Eyssen is die werk op Maandag 20 en Dinsdag 21 Mei met groot sukses in die Wesley-saal opgevoer. Die saal was beide kere tot oorloeps toe vol. Hierdie uitvoerings het net positiewe reaksie uitgelok:

The singing was delightful and the voices blended very prettily. The music itself was excellent, and every credit must be given to the members of the orchestra for their delightful accompaniments.

Bykans agtien verskillende blomsoorte is deur middel van kostumering voorgestel, en 'each in turn urged it's claim as the Queen of the flowers'. Uitstaande sangeresse was mejj. Troupe, Jones, en mnr. Gregg. Die 'cream' van die uitvoering

was egter die koor, terwyl mnr. Hutchinson se nabootsing van 'n nagtegaal op die fluit manjifiek was. Mev. Wall, wat reuse aanvoer- en afrigtingswerk behartig het, is hartlik bedank, terwyl 'n versilwerde dirigeerstokkie voor die aanvang van die tweede opvoering oorhandig is aan Eyssen³² to whose capable and untiring efforts the success of the cantata was in great measure due!.

2.5 Samevatting

Gewyde aanbiedinge het ook nie aan die gevolge van 'n ontwrigtende oorlogsituasie ontsnap nie, en in meer as een opsig het ook dié genre, soos konserte, skade gely.

Aanvanklik, gedurende die tydperk September 1914 tot Desember 1915, toe aanbiedinge maar yl gesaai was, is daar tog sporadies werke van 'n hoë gehalte uitgevoer. Dit was veral die insluiting van enkele orrelsonates van MENDELSSOHN deur Poles in 1914 en 1915 en Myra Mills in 1915 wat dié genre op 'n stewige grondslag geplaas het. Nadat gewyde aanbiedinge egter in 1916 'n dramatiese insinking beleef het - slegs een aanbieding, en toe een van oorwegend sekulêre aard, het in die jaar voorgekom - het die aanbiedinge van 1917 en 1918 vervlak in konserte van populêre aard. Myra Mills het in 1917 drie orreluitvoerings behartig, maar karakteristiek aan Oos-Londen, het die programme verval in eentonige oppervlakkigheid. Daarbenewens het die Sondagaandprogramme van mev. Peterson en andere - afgesien van die uitstekende bywoningsyfers en die bereidwilligheid van vele amateurs - geensins 'n konstruktiewe bydrae tot die uitbouing van ernstige musiek in Oos-Londen gemaak nie.

Beoordeel op 'n suiwer musikale grondslag, het gewyde aanbiedinge gedurende die tydperk 1914 tot 1918 minimale impak gemaak. Nie alleen het die oorlog gewyde aanbiedinge se momentum in die tydperk 1914 tot 1916 versteur nie, maar ook in 1917 en 1918 aanbiedinge gedwing in 'n milieu van patriotisme, populariteit en sekulariteit.

3. AANBIEDINGE DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS EN/OF GESELSKAPPE 1914 - 1918

3.1 KONSERTE 1914 - 1918

3.1.1 Dapper pogings maar momentum ontbreek

Konserte deur besoekende kunstenaars het altyd as gesonde stimulasie gedien te midde van Oos-Londen se betreklik lewelose eie musieklewe. Sulke konserte was egter uiters dun gesaai gedurende die periode Augustus 1914 tot 1918. Die oorsaak hiervoor was natuurlik dat die Eerste Wêreldoorlog aan die woed was. Maar ten spyte van die feit dat die aanbiedinge slegs sporadies voorgekom het, het hulle meesal uit programme van 'n goeie gehalte bestaan.

Kaapstadse munisipale-orkes

'n Betekenisvolle konsert sou musiek liefhebbers op Saterdag-aand 15 Augustus in die stadsaal te beurt val.¹ Onder leiding van Theo Wendt (wat voorheen in Oos-Londen woonagtig was) sou die nuutgestigte Kaapstadse munisipale-orkes van dertig lede optree met die volgende program:

Ouverture	<u>The Mastersingers of Nuremberg</u>	WAGNER
	<u>Suite no. 1 (Peer Gynt)</u>	GRIEG
	<u>Barcarolle</u>	OFFENBACH
	<u>Pizzicati (Sylvia)</u>	DELIBES
	<u>March of the Dwarfs (Lyric Suite)</u>	GRIEG
	<u>Hongaarse Dans in g mineur</u>	BRAHMS
	<u>Praeludium</u>	JARNEFELT
	<u>Valse Triste</u>	SIBELIUS
	<u>Gopak</u>	MOUSSORGSKY
	<u>Serenata</u>	MOSKOWSKI
	<u>Prelude (Lohengrin)</u>	WAGNER
Ouverture	<u>William Tell</u>	ROSSINI
	<u>Danses Carateristiques (Casse-Noisette Suite)</u>	TSCHAIKOWSKI
Simfoniese Toondig	<u>Danse Macabre (Dance of Death)</u>	SAINT-SAËNS

Potpourri	<u>Melodious Memories</u>	FINCK
	<u>Cradle Song</u>	GRIEG
	<u>Valse Lumineuse</u>	GANNE
	<u>The Rosary</u>	NEVIN
Kornetsolo	<u>Hongaarse Rapsodie no. 2</u>	LISZT Mnr. Dimmock

Die feit dat die konsert plaasgevind het in 'n tyd van groot ontwrigting, was heelwaarskynlik 'n oorsaak dat die stadsaal nie tot oorlopens toe gevul was nie.² Verrassend, aangesien byna alle aanbiedinge in Oos-Londen altyd onvoorwaardelike lof toegeswaai is, was die resesent se reaksie gereserveerd. Hy het gevoel dat die luidrugtige lofbetuigings wat in persblaaie verskyn het, nie totaal op grondige feite berus het nie. Hy het Wendt egter as 'n 'extremely able conductor' beskou, wat sy staal getoon het oor 'n 'band of musicians of skill and ability'. Behalwe vir die WAGNER-komposisie, wat mank gegaan het deur 'n gebrek aan klankrykheid, is die ander werke glo darem deur verdienstelike interpretasies gekenmerk. In die Meistersinger -ouverture was die spel van die koperblaasseksie merkwaardig, maar die resesent het getwyfel of die 'spirit of civic pride and devotion' oorgedra is. Ten spyte van die resesent se bedenkinge, wat glo op musikale gevoel berus het, was die orkes se spel 'n openbaring vir die inwoners van Oos-Londen en het die orkes aan die einde van hulle program 'tremendous applause' ontvang.

Grahamstadse-geselskap

Slegs een aanbieding is in 1915 deur besoekers behartig. Op Saterdag 2 Januarie het 'n groep studente van die Grahamstown Training College of Music in die stadsaal opgetree ten bate van die Belgian Widows' and Orphans' Fund.³ Onder hulle was daar voormalige Oos-Londense leerlinge: mejj. Audrey Crewe, en Annie Snyman wat voorheen lede van Franz Moeller se orkes was en Laura Willows, LCUM, vroeër bekend vir haar 'masterly handling' van die klavier en tjello. Voor 'n stampvol saal is 'n gevarieerde program, wat enkele ernstige werke bevat het, uitgevoer:

Trio	<u>Cradle Song</u>	WINGE
	<u>Menuetto</u>	BERESEN Mejj. Snyman, Williams en Van Reenen

Lied	<u>My Heart is Weary</u>	THOMAS Mej. Crewe
Tjellosolo	<u>Cantabile</u>	CUI Mej. Willows
Klaviersolo	<u>Rapsodie no. 5</u>	LISZT Mej. Munro
Vokale duet	<u>Over the Heather</u>	THOMPSON Mejj. Crewe en Munro
Vioolsolo	<u>African Dance</u>	Mej. Crewe
Trio vir viool, tjello en klavier	<u>Serenade</u>	WIDOR Mejj. Crewe, Munro en Willows
Tjellosolo	<u>Hongaarse Rapsodie</u>	POPPER Mej. Willows
Lied	<u>There's a Land</u>	Mej. Crewe
Vioolsolo	<u>Hejre Kati</u>	LEEBAY Mej. Snyman
Klaviersolo	<u>Scherzo in c-kruis mineur</u>	CHOPIN Mej. Van Reenen

Alfred Hollins

In 1916 was daar eweneens slegs enkele konserte deur besoekende kunstenaars.

Op Vrydagaand 12 Mei het die wêreldberoemde blinde orrelis van die United Free St. George's Church in Edinburgh, Alfred Hollins, FRCO, 'n uitvoering in die St. Saviour-kerkgebou gegee.⁴ Tussen ses en sewehonderd mense was teenwoordig. Die voordrag het die kritikus totaal oorrompel, en hy het daarop gewys dat Hollins, wat aan die 'shady side of forty' was, geensins van sy begaafdheid as orrellis verloor het nie. Die resensent was van mening dat alhoewel BACH se Prelude en Fuga in D majeur 'above average comprehension' was, Hollins se spel die 'intricacies' tot 'n mate opgehelder het dat slegs enkeles nie in staat was nie tot 'dimly realising its beauties'. Die program was:

<u>Ouverture in C majeur</u>	HOLLINS
<u>Evening Song</u>	BAIRSTOW
<u>Prelude en Fuga in D majeur</u>	BACH
<u>Communion</u>	GRISON
<u>The Answer</u>	WOLSTENHOLME

<u>Funeral March en Hymns des Seraphs</u>	GUILMANT
<u>Intermezzo</u>	HOLLINS
<u>Spring Song</u>	HOLLINS
<u>Grand Solemn March</u>	Smart

Op Donderdag 15 Junie het Hollins weer 'n orreluitvoering in dieselfde kerk gegee en die volgende werke gespeel:⁵

<u>Fuga in g mineur</u>	BACH
<u>Largo</u>	DVORAK
<u>Scherzo</u>	HOYTE
<u>The Storm</u>	LEMMENS
<u>Allegretto grazioso</u>	HOLLINS
<u>A Song of Sunshine</u>	HOLLINS
<u>Triumphal March</u>	HOLLINS

Brockless

Die twee genoemde orreluitvoerings was ongetwyfeld 'n hoogtepunt in 'n gemeenskap wat ontwrig is deur die oorlog en waar in elk geval meestal slegs patriotiese konserte gehoor is. Nog 'n orreluitvoering het in Julie plaasgevind: mnr. G F Brockless FRCD, LRAM en orrelis van die Commemorative-kerk in Grahamstad, het op Donderdagaand 6 Julie 'n uitvoering in die Trinity-kerk gegee.⁶ Sy program het werke van BACH, WOLSTENHOLME, LEMARE, GRIEG, BOELHMANN, VINCENT, en SIBELIUS ingesluit. Veral in die Tokkate en Fuga in d mineur van BACH het hy vaardige manuaal- en pedaaltegniek getoon.

Montague Borwell

'n Aanbieding op Vrydagaand 5 Januarie 1917 deur die gevierde Engelse bariton, Montague Borwell, was vir Oos-Londen 'n groot gebeurtenis.⁷ Hy het ervaring van optredes in die Albert- en Queen-sale en Covent Garden gehad, en oor 'n 'powerful voice of excellent quality' beskik. Sy program het die volgende liedere ingesluit: King Charles (WHITE), Allah (CHADWICK), The Devout Lover (WHITE), I'm a Roamer (MENDELSSOHN) The Wind (BECKMANN), Mustard and Cress

(LEHMANN), plus 'n aantal toegifte. Benewens voortreflike spel deur ander kunstenaars op die program, was Borwell se duet saam met mej. Crewe, 'n aria uit die opera Simson en Delilah (SAINT-SAËNS), en die stadige beweging uit MENDELSSOHN se Trio no. 1 vir viool, tjello en klavier, uitstaande items.

Drie konserte van uiteenlopende aard het in 1918 plaasgevind en beslis vernuwing gebring. Veral die konsertfees in Julie en die besoek van die Cherniavski's in Augustus het verryking gebring.

John Connell

Op Maandagaand 8 Julie het John Connell, FRCO, van Johannesburg 'n orreluitvoering van uitstaande gehalte voor 'n waarderende gehoor in die St. Saviour-kerkgebou gegee met die volgende program:⁸

<u>Grand Choer in D majeur</u>	GUILMANT
<u>Prayer en Cradle Song</u>	GUILMANT
<u>The Magic Harp</u>	MEALE
<u>Prelude en Fuqa in D majeur</u>	BACH
<u>The Ride of the Valkyries</u>	WAGNER
<u>For those at the Front</u>	OXENHAM
<u>Spring Song</u>	HOLLINS
<u>Scherzo in A majeur</u>	HOLLINS
<u>Konsert-ouverture in c mineur</u>	HOLLINS
<u>Fuqa in c mineur</u>	REUBKE
<u>Minuet in A majeur</u>	BOCCHERINI

Skoon pedaalwerk het die BACH-komposisie gekenmerk, terwyl sy vertolking van die WAGNER-werk 'n 'revelation in the manipulation of a two manual instrument' was.

Connell het nog 'n uitvoering op Woensdagaand 10 Julie gegee wat onder meer die Allegro Moderato uit Simfonie no. 5 (WIDOR), Tokkate in F majeur (BACH) en Marche Funebre (GUILMANT) ingesluit het.⁹

William Jackson

'n Concerto Festival het op Saterdag 20 Julie in die stad-
saal plaasgevind.¹⁰ Dit was die eerste sodanige konsert
in Oos-Londen en was 'n hoogtepunt in die musieklewe van
die stad. 'n Pianis van Grahamstad, William Jackson, het
saam met die orkes van die King William's Town Amateur
Musical Dramatic Society opgetree en GRIEG se Klavier-
Konsert in a mineur en LISZT se Hongaarse Fantasie uit-
gevoer. Sy spel het gunstige kommentaar uitgelok:

Whatever reputation the people of East London may have had
as lovers of the best in music we cannot say that they
either did themselves justice or showed for Mr. W Jackson
the respect due to so refined an artist at the concert held
in the City Hall on Saturday evening. Not that those who
were present lacked appreciation of the worthy efforts made
for their benefit, but their number should have been at
least trebled. For those of us, however, who were fortunate
enough to hear the 'King' orchestra we must express to
them our hearty thanks for the excellent fare they provided,
and especially for the opportunity they afforded of hearing
Mr. Jackson. His rendering of the solo parts of GRIEG'S
beautiful Piano Concerto and LISZT'S Hungarian Fantasia
was a delight. His touch was sure, his tone rich, if not
too robust, his rhythm strongly defined, his interpretation
sound yet sympathetic, and the delicacy of his playing
generally admirable. The writer has previously heard the
concerto a number of times and played by artists of European
reputation, but never did he feel its beauty to be greater
than during Mr. Jackson's performance. Perhaps his tempo
in the first movement was at times a little on the fast
side, but this was a small defect indeed.

The solo part of the Hungarian Fantasia was a worthy example
of sheer virtuosity and the greatest compliment we can pay
Mr. Jackson, is to say that he made this difficult work
appear almost absurdly easy. The constant reiteration of
even so attractive a folksong as forms the chief theme of
this Fantasia is, however, apt to tire its hearer.

Consideration of space prevent detailed reference to each
item rendered by the orchestra. Perhaps their finest effort
was their first - the overture of The Barber of Seville.
Other items performed by them included SUPPE'S overture
Morning, Noon and Night, part of MASSENET'S first orches-
tral suite, and a fantasia on well-known miniatures by
GRIEG. One is sorry to have to criticise the work of so
excellent a body of musicians as the 'King' Orchestra, who
are a real credit to their conductor, Mr. E J C Woodrow,
and their town. But it must be said that their playing
is not as finished as it might be; the rhythm is not in-
cise enough, the intonation is often faulty, the tympani

are not always tuned to their correct pitch, and a softer tone should be cultivated. The need of this was especially noticeable in the accompaniments to the Concerto and Hungarian Fantasia, portions of the solo part being scarcely audible. But beyond doubt the orchestra's work is deserving of high praise, and we trust that another visit from them may not long be delayed.

This account would not be complete without reference to the songs sung by Miss. Kathleen Proctor. She was compelled to give encores to both Homeland and Vale and the clearness of her enunciation might well be an example to many other singers. Mr. Jackson proved himself as much a tasteful accompanist as a competent solo pianist - a rare combination.

Sekere aspekte van die verslag is belangrik:

- Die opkoms was teleurstellend, in teenstelling met dié vir konserte met ligte programme.
- Die resensent het sy menings nogal probeer motiveer.
- In teenstelling met die oordadig positiewe kritiek wat die orkes van die King William's Town-vereniging altyd in Oos-Londen te beurt geval het, het dié resensent 'n gereserveerde opinie gehuldig.

Cherniavsky-trio

Daaropvolgend het die gevierde Cherniavsky-trio op Saterdag-aand 10 Augustus in Oos-Londen opgetree.¹¹ Hulle program was:

Trio	<u>Trio in d mineur op. 32</u>	ARENSKY
Tjello'solo's	<u>Summer Night</u>	SULZER
	<u>Serenade</u>	HERBERT
	<u>Rapsodie</u>	POPPER
Klaviersolo's	<u>Nokturne in c-kruis mineur</u>	CHOPIN
	<u>Rewolusionêre studie</u>	CHOPIN
	<u>Polonaise in A-mol majeur</u>	CHOPIN
Vioolsolo's	<u>Ave Maria</u>	SCHUBERT- WILHELMJ
	<u>Variasie op 'n tema van Corelli</u>	TARTINI-KREISLER
	<u>Russiese Karnaval</u>	WIENIAWSKI
	<u>Serenade</u>	CHAMINADE
	<u>Mazurka</u>	WIENIAWSKI
Trio's	<u>Oriental Romance</u>	RIMSKY-KORSAKOV
	<u>Slow Dance</u>	DVORAK

Hierdie begaafde trio, Jan (klavier), Leo (viool) en Mischel (tjello), het nog 'n program op Maandagaand 12 Augustus aangebied waartydens die volgende werke uitgevoer is:¹² Tema met variasies en Finale uit TCHAIKOVSKY se Trio in a mineur, Kol Nidrei, At the Stream (BOISDEFFRE), vier Hongaarse Danse van BRAHMS en uittreksels uit die Peer Gynt Suite van GRIEG. 'n Sinsnede uit die resensie toon dat Oos-Londen se gehore 'n besliste ontvanklikheid ten opsigte van klassieke werke begin openbaar het:

It is noteworthy that the music of the highest class was more sympathetically followed than that which made a merely 'popular appeal'.

3.1.2 Samevatting

Die Eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918), wat talle nasies en volkere betrek het, het die hele ordelike bestaan bedreig. Teen hierdie agtergrond is dit dus verstaanbaar waarom konserte deur besoekende kunstenaars so min in getal was.

Die gebrek aan momentum is egter tot 'n mate geneutraliseer deur die betekenisvolheid van die uitvoerings wat wel plaasgevind het. Die besoek van die Kaapstadse orkes was 'n openbaring vir menige musiek liefhebber, terwyl die orreluitvoerings deur vooraanstaande orrelliste groot aftrek geniet het. Nie alleen het die orrelliste inspirerende uitvoerings gelewer nie, maar was die bekendstelling van 'n aantal nuwe BACH-werke 'n verryking. Daarbenewens het die Concerto Festival en die Cherniavski-besoek in 1918 vernuwing bewerkstellig deurdat die klem op werke van ernstige aard geval het.

3.2 VERSKEIDENHEIDSKONSERTE DEUR BESOEKENDE GESELSKAPPE

3.2.1 Opvoerings slegs sporadies

Wat die getal opvoerings in die verskeidenheids-sfeer betref, was aanbiedinge ook maar dun gesaai.

Pantomime en Masqueraders

Al aanbiedinge wat in 1915 die lig gesien het was 'n Kersfees-pantomime Aladdin and His Wonderful Lamp wat in Januarie opgevoer is¹³, en 'n reeks vertonings in Augustus deur 'n geselskap The Masqueraders.¹⁴ Dié groep het bestaan uit musiek-komediante en dansers wat vir vier aande in daardie maand opgetree het. Alhoewel die geselskap hoë lof toegeswaai is, was die resensent tog van mening dat daardie 'indescribable finish' hulle nog ontwyk het. Een van die geselskap se beste items was 'n vokale trio uit die opera Faust.

In 1916 het die situasie met betrekking tot die gebrek aan aanbiedinge steeds voortgeduur.

Scarlet Troubadours

In Januarie het 'n groep, die Scarlet Troubadours (nie dieselfde as 'n vorige groep onder dieselfde naam nie), 'n mengsel van liedere, danse en musikale burleske uitgevoer.¹⁵ Volgens die resensent het hulle nie dieselfde peil as hulle naamgenote gehandhaaf nie. Hulle eerste helfte was glo 'particularly feeble', maar die resensent het dit deels toegeskryf aan 'the fatigue of travelling, coupled with the hurry and bustle of getting on the stage'. Grasieuse dansitems en verdienstelike sang het darem vir 'n bietjie oplewing in die tweede helfte gesorg.

'n Revue

Kort daarna, in Februarie, het 'n All Star London Cast die revue Step This Way in Oos-Londen opgevoer.¹⁶ Die mees uitstaande musiekitems is gelewer deur Billy Kuming, wat sy 'remarkable vocal organ' met treffende effek in tenoor- en baritonregisters aangewend het, asook in falsetto, terwyl die spel van Jay Whidden, beskryf as 'n whirlwind violinist', 'n openbaring was. Die revue het ook 'dancing both beautiful and grotesque' bevat.

The Three Queries

In die daaropvolgende maand het 'n trio The Three Queries in Oos-Londen opgetree en beperkte sukses behaal.¹⁷ Die dame van die geselskap het oor 'n soet stem beskik, die een heer oor 'n stem van 'tremendous power', terwyl die ander geslaag het met sy gesigtrek-manewales. Die 'real gems' van die opvoering was egter die ragtime-komposisies wat baie oortuigend was.

Geen verdere opvoerings het in 1916 plaasgevind nie.

In 1917 het ook net drie vermaaklikheidsgeselskappe Oos-Londen besoek. Net soos dit die geval was met aanbiedinge in 1916, het die aanbiedinge van wisselende meriete getuig.

Weer 'n Revue

Van Donderdag- 18 tot Saterdagmiddag 20 Oktober sou die revue 'that has hit South-Africans right in the eye', 'S' Nice', in die stadsaal opgevoer word, met die ondersteuning van 'n hele aantal prikkelende aantreklikhede, met onder andere 'n beroemde Russiese danseres, mdlle. Ravonda.¹⁸

Die revue het nie heeltemal aan die verwagtinge voldoen nie.¹⁹ 'n Slakkepas, melodieë wat nie die soort was 'that lingers in the memory very long' en te veel kostuumverwisselinge het die geheeleffek bederf. Uitstaande bydraes was die sang van Eve Kelland, die 'graceful dancing' van mdlle. Ravodna en die manewales van die komediant, Dan Thomas.

Die Bellringers

Van Woensdaggmiddag 4 tot Saterdagmiddag 17 November het die veelgeroemde Steele-Payne Bellringers weer Oos-Londen se verhoog beset en vermaaklikheidsgangsters groot genoegdoening verskaf met hulle vernuftige spel op hand- en sleeklokkies, orrelklokke, 'n fluit- en 'n marimbafoon.²⁰ Op vokale vlak het mej. Dorothy Grace, 'possessor of a nice light contralto', en mnr. Wignall,

'n 'robust baritone', aandag getrek, terwyl die geselskap se spel van ragtime-keurspele op verskillende instrumente, wat deurgaans tussen die spelers gewissel het, aantreklik en boeiend was.

Die Musical Mionas

Afgesien van die twee geselskappe se vreugdevolle pogings, sou die Musical Mionas, 'n groep vokaliste, gedurende die galaseisoen van 1917/1918, daagliks in die oggende vanaf 10h30 en in die middag vanaf 15h30 by die Orient-teekamer optree.²¹ Behalwe vir 'n lokberiggie waarin die geselskap se vorige suksesse genoem is, het geen volgende berigte verskyn nie.

'n Revue en die Bellringers

In 1918 was die prentjie ook maar beteuterd. 'n Revue, Time, met mdlle. Ravodna as die ster, is vroeg in Januarie 1918 aangebied²², terwyl die gevierde Steele-Payne Bellringers Oos-Londen weer van Donderdagaand 26 Desember tot Maandagaand 30 Desember besoek het.²³ Weens hul groot sukses sou hulle weer van Maandag 6 tot Woensdag 8 Januarie 1919 op besoek kom.²⁴

3.2.2 Samevatting

Verskeidenheidskonserte was sekerlik in die neerdrukkende tydperk van die oorlog 'n heerlike toevlugsoord. Derhalwe is die aanbiedinge deur besoekende geselskappe, nieteenstaande die feit dat sommige aanbiedinge van twyfelagtige gehalte was, goed ondersteun. Omdat hierdie konserte so uiters plooibaar van aard was en die klem op 'n vermenging van musiek, humor, sketse en danse geval het - die Steele-Payne Bellringers was 'n uitsondering - is 'n oordeel oor die suiwer musikale aspekte onmoontlik. Dit wil in elk geval voorkom, asof die meeste van hulle nie van dieselfde impak getuig as wat dit die geval was gedurende die periode 1903 tot Julie 1914 nie.

3.3 OPERA EN OPERETTES, AUGUSTUS 1914 - 1918

Op die gebied van operas en operettas het daar in hierdie jare ook nie veel gebeur nie. Slegs drie geselskappe het Oos-Londen besoek met werke van ligte aard. Alhoewel die sang van sommige van die deelnemers uitstaande was, het die aanbiedinge 'n geringe invloed uitgeoefen.

Gaiety-geselskap

In 1915 het mnr. Leonard Payne se Gaiety Company die volgende komiese operas in Oos-Londen aangebied:²⁵ Maandagaand 30 Augustus The Belle of New York, Dinsdagaand 31 Augustus The Chinese Honeymoon, Woensdagaand 1 September La Poupée en Donderdagaand 2 September The Lady Slavey.

Al die opvoerings is gunstig ontvang en een van die hoofspeelsters, mej. Nita Crystal, is uitgesonder as die 'undoubted find' van die geselskap.²⁶

Royal Comic-geselskap

'n Ander komiese operageselskap, die Royal Comic Opera, het Oos-Londen in September 1916 besoek en die volgende werke opgevoer:²⁷ To-Night's the Night, Betty, The Quaker Girl en The Girl in the Taxi. Die uitstaande kenmerk van die geselskap was die sang van die 'beautiful and accomplished Australian Soprano' Gladys Moncrieff. Haar vertolking in Betty was 'n hoogtepunt en die resensent het haar beskryf as 'the most brilliant meteor wich has for a long time flashed across East London's musical horizon'.

King William's Town-geselskap

In die daaropvolgende jaar het die King William's Town Amateur Musical and Dramatic-geselskap in Januarie in Oos-Londen opgetree en benewens twee komedies, die operette Trial by Jury met sukses uitgevoer.²⁸

4 : BLAASORKESTE 1914 - 19184.1 'n Verwarrende tydperk

By die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 het die regimentorkes ontbind sodat daar natuurlik geen verdere optredes in 1914 kon plaasvind nie. Ten spyte van die verwarrende omstandighede is daar egter tog in 1915 gepoog om orkesmusiek aktief te beoefen toe die Imperial Orchestral Band in Januarie opgetree het. Verskeie pogings tot die herstrukturering van die regimentorkes het egter vergeefs blyk te wees.

4.1.1 Imperial Orchestral Band

Aangesien die London Imperial Orchestra in Mei 1913 Oos-Londen sy vaste tuiste gemaak het, en die Imperial Orchestral Band wat in Januarie 1915 in Oos-Londen opgetree het 'n voortsetting van eersgenoemde ensemble was, word hulle aktiwiteite hier beskryf.

Die orkes het op Woensdagaand 6 Januarie 1915 in die Marinepark opgetree en volgens die resensent was dit die eerste sodanige opelugkonsert in Oos-Londen gewees - 'it having always been a military band which has done so previously'.¹ Die ensemble - ongelukkig is die samestelling nie gemeld nie - het uit tien lede bestaan. Behalwe die Davies-gesin (Pa, Ma en twee dogters) was daar 'n mej. Nelson en mnre. Eddie, Feller, Howe, Morrow en Scholl. Hul eerste optrede is deur 'n groot skare ondersteun en nieteenstaande die feit dat die orkessie goed gebalanseerd was, het die afwesigheid van houtblaasinstrumente gehinder. Volume-gewys was daar ook ruimte vir verbetering:

at any rate there is room for much more volume than any band of ten is capable of producing in order to surmount the roar of the breakers and other adventitious sounds.

Hul program was:

Mars	<u>Our Favourite Regiment</u>
Ouverture	<u>Poet and Peasant</u>
Klarinetsolo	<u>Alsations</u>

Lied	<u>Somewhere a Voice is Calling</u>
Tussenspel	<u>Staunch and True</u>
Lied	<u>Indian Love Lyric</u>
Ouverture	<u>Raymond</u>
Klarinetduet	<u>Norma</u>
Mars	<u>Under the Banner of Victory</u>

Op spesiale versoek sou die konsert op Donderdagaand 7 Januarie herhaal word.

Op Woensdagaand 13 Januarie het die ensemble weer in die Marine-park opgetree met onder meer keurspele uit Carmen en La Traviata.² Die ensemble sou voorts elke aand tot verdere kennisgewing daar optree. Tydens 'n opvoering op Woensdagaand 20 Januarie het 'n ragtime-item soveel aandag getrek dat besluit is om 'n spesiale aand van ragtime-musiek aan te bied, omdat³

this would prove intensely popular with the large section of the community to whom the free and easy dash of this style of music particularly appeals.

Geen verdere optredes is egter deur die groep gelewer nie.

4.1.2 Pogings tot hergroepering van orkes misluk

Soos reeds gemeld, het die oorlog die regimentorkes se bedrywighede totaal omvergegooi. Tog was daar enkele pogings tot hergroepering. So byvoorbeeld het die kapelmeester te hore gekom dat die Kaffrarian Riffls-regiment op 25 Mei Lüderitzbaai vir Oos-Londen sou verlaat, en hy wou gehad het dat die orkes die regiment by hulle aankoms in Oos-Londen na die hoofkwartiere moes vergesel.⁴ Met dié doel sou 'n spesiale oefening op Vrydag 28 Mei in die orkeskamer plaasvind, en 'n beroep is op elke beskikbare lid sowel as voormalige lede gedoen om op te daag. Geen verdere berigte daaroor is egter gepubliseer nie. In Junie is berig dat 'n 'full practice' van die orkes op Vrydagaand 11 Junie sou plaasvind, so ook weer op Dinsdag 15 Junie en elke daaropvolgende Dinsdag.⁵ Alle beskikbare lede is gevra om aan te meld. Daar is weer in Augustus 'n beroep op lede gedoen om te kom aansluit, maar sonder resultate.⁶ Die ontwrigte situasie is weerspieël deur 'n berig in die Daily Dispatch in dieselfde maand:⁷

We are requested by the conductor to intimate to the few remaining members of the Kaffrarian Rifles Band that no practices will be held until further notice.

4.2 Besliste oplewing

In teenstelling met die wankelrige gang van sake in 1915 het 1916 besliste oplewing getoon. Onder leiding van 'n ywerige mnr. Facer is 'n District Band tot stand gebring terwyl hy in April daarin geslaag het om die regimentorkes weer saam te flans. Daarbenewens het die stigting van 'n amptelike munisipale orkes in September daartoe bygedra dat aktiwiteite in hierdie genre op 'n hefter georganiseerde voet geplaas is.

4.2.1 East London District Band

Op Sondagaand 2 Januarie 1916 het 'n gratis konsert in die Marine-park onder leiding van mnr. Facer plaasgevind.⁸ 'n Nuutgestigte ensemble, die East London District Band, wat in die plek van die regimentorkes gestig is, het voor 'n groot skare opgetree. Die resesent was van mening dat die omstanders groter waardering kon betoon aangesien Facer wondere verrig het. Dieselfde ensemble het in dieselfde maand nog 'n hele aantal sporadiese optredes⁹, wat goeie belangstelling geniet het, gegee.

Hulle aktiwiteite het aanleiding gegee daartoe dat 'n geïnteresseerde besoeker aan Oos-Londen hulle geloof het vir hulle spel en daarby aan die hand gedoen dat hulle gerus 'n langer program kon aanbied:¹⁰

Just a word of praise to the Band now performing in Marine Park, which is better than most of us expected to hear. But why, oh why, does it stop so early? It is light so long now that one remains on the beach as long as possible and by the time one gets home, have tea, and gets back to Marine Park the Band is almost through its programme. I would like to suggest to start at 8.30 and finish at 10.45pm.

Origens is die ensemble geloof vir sy voortreflike optredes en alhoewel die spel nie die vlak van 'excellence which stamps a famous band' bereik het nie, was daar nogtans konstante voor-dering en is kapelmeester Facer geprys vir sy onvermoeide pogings.¹¹

Tydens 'n stadsraadvergadering op Woensdagaand 19 Januarie is 'n versoek van Facer oorweeg, naamlik die gratis gebruik van die Marine-park vir 'n aanbieding op Saterdag 5 Februarie waarvan die opbrengste tussen die War Distress Fund en die orkes verdeel sou word.¹² Dit is toegestaan en daar is ook besluit om hom by dié geleentheid 'n dirigeerstok te skenk. Hierdie stokkie - 'ebony richly inlaid and suitably inscribed' - is deur 'n stadsraadlid aan hom oorhandig. Die betrokke raadslid het aanwesiges meegedeel dat die stadsraad in oorleg met die bevelvoerende offisier die ensemble op die been gebring het met die doel om optredes in die vakansieseisoen te behartig.¹³

4.2.2 Kaffrarian Rifles Band

Plotseling is in die derde week van April 1916 berig dat die regimentorkes gedurende die Paasnaweek promenadekonserte in die Marine-park sou gee.¹⁴ (Geen verdere vermelding is van die East London District Band gemaak nie.) Nieteenstaande die kort kennisgewing is die opvoerings van die Kaffrarian Rifles Band uitstekend ondersteun.¹⁵ Gunstige weersomstandighede het daartoe gelei dat bykans agthonderd mense die ensemble se laaste Maandagaandopvoering ondersteun het.¹⁶ Ook dié orkes het onder die dirigeerstok van Facer gestaan.

Daaropvolgend het die orkes op Sondagaand 21 Mei saam met lede van die Ethel Irwing-toneelgeselskap opgetree¹⁷, asook by twee Grand Sacred konserte op Sondagaande 18 Junie¹⁸ en 6 Augustus¹⁹. By laasgenoemde konsert was die program as volg:²⁰

Nasionale liedere	<u>England, France, Russia</u>	
Mars	<u>Thy Voice is Near</u>	HUME
Ouverture	<u>Stradella</u>	FLOTOW
Klarinetsolo	<u>Home Sweet Home-fantasie</u>	HOWE
Valse Lente	<u>Rouge Et Noir</u>	LOTTER
Piccolosolo	<u>The Deep, Blue Sea</u>	MORESKI
Orkes	<u>Largo</u>	HANDEL
Kornetsolo	<u>The Holy City</u>	Mnr. Aikman
Gesang	<u>Lead, Kindly Light</u>	HUME

4.2.3 Stigting van munisipale orkes

Ondanks die verdienstelike werk van die regimentorkes het die stadsraad besluit om 'n munisipale blaasorkes tot stand te bring.²¹ Hul aankondiging het as volg gelui:

The City Council are desirous of securing the services of a First Class Band to give a number of public performances at East London during a period of Twelve Months. Persons prepared and willing to submit propositions for the Council's consideration, are invited to furnish the undersigned with the terms and conditions and fullest possible particulars thereof, including (inter alia) the number of performances the Band would be prepared to give, and guaranteed minimum numerical strength of the Band, such particulars to be delivered at the Town Clerck's Office, City Hall, not later than Noon on Wednesday, the 23rd August, 1916, in sealed envelopes, endorsed 'Band'.

The Council does not bind itself to accept any propositions.

Gemengde reaksie

Uit 'n aantal skrywes wat aan die Daily Dispatch gerig is, het dit geblyk dat alhoewel daar verskille was oor die uitvoer van die voorstel, die plan in sy geheel goed ontvang is.

Ene On-looker het sy reaksie op die voorstelle van die munisipaliteit in 'n brief aan die koerant bekend gemaak. Ongelukkig kon hierdie brief nie opgespoor word nie; dit het heelwaarskynlik verskyn op Saterdag 16 September, 'n koerant wat nie beskikbaar is nie. Gelukkig het 'n opvolgende brief deur Looker-on baie van die inhoud van On-Looker se brief weergegee (op kritiese, skeptiese wyse) terwyl hy ook sy eie voorstelle gemaak het:²²

I trust that the new Town Council will commence business in a businesslike manner. The suggestion of On-looker to hand over the Band contract and the Marine Park to a private individual is more than absurd. As a seaside town, East London must have its own band and it must be managed by the City Council, especially since the recent successful election, which has brought new blood into our Council. The reasonable tender of the Kaffrarian Rifle's should not be ignored. It is obvious that if we desire to secure a permanent band we must handle the matter with a firm hand and with no shirking. It is impossible to realise that our new City Council will be led away by On-looker's suggestion to depend on an outside individual for such an important matter.

It appears that On-looker must be an interested party, or that he did not read the Council's report as printed in your esteemed paper. On-looker says the town would be an 'ass' if they refuse this offer, well, the facts are as follows: The Kaffrarian Rifles Band tendered 60 performances for the sum of £1,200 per annum while the other (capable non-military parties) tender amounts to £1,640 per annum - only £440 difference. Of course he undertakes to advertise East London in various papers, but I take it that to his own interest, he will take good care not to spend too much out of the £440. Now, Mr. On-looker which way would the town be an 'ass'?

Nog 'n skrywer, Fair Play, het daarop gewys dat die oorlog-situasie in ag geneem moes word in die samestelling van die blaasorkes en daarop gewys dat diegene wat militêr paraat was uitgesluit moes word.²³

Eerste uitvoering

Deur al die strominge heen is daar besluit om met die stigting voort te gaan. Die eerste repetisie het op Maandagaand 23 Oktober om 19h00 in die drilsaal plaasgevind, met Levy Howe as kapelmeester.²⁴ In Desember is gemeld dat die ensemble, die East London Municipal Band, van Vrydagaand 15 Desember 'n reeks promenadekonserterte sou behartig.²⁵ Hul openingsprogram was as volg:²⁶

Mars	<u>With Flying Colours</u>	KARIM
Ouverture	<u>The Silver Cross</u>	HERMAN
Keurspel	HMS <u>Pinafore</u>	SULLIVAN
Dans-intermezzo	<u>Laughing Eyes</u>	FINCK
Mars	<u>Des Monjecks</u>	RENELLE
Vals	<u>Lasge et Noir</u>	LOTTER
Kornetsolo	<u>In an old fashioned Town</u>	SQUIRE
Patriotiese mars	<u>Carry on</u>	HUME

Gedagtig aan die feit dat die orkes slegs ses weke voorbereiding agter die rug gehad het, was hulle eerste optrede heeltemal skaflik en was die resensent van mening dat die ensemble van dertig lede onder leiding van Howe vorentoe nog met flink spel vorendag sou kom.

Na aanleiding van die eerste optredes het 'n belanghebbende op hoflike wyse 'n bietjie meer volume, en vloei tussen die items, gevra:²⁷

Considering the short and limited time which the Municipal Band had had in order to go over the several pieces, they have done exceedingly well and deserve every credit for the good account which they have given of themselves. But I would like to make two kindly suggestions. In the first place there should be less delay between the several numbers on the programme, and secondly the bandmaster should bear in mind that his band is not playing in a drawing room, but in the Marine Park and people outside the enclosure would like to hear the music equally as much as those inside the enclosure - A Little Louder.

Hierdie aanvraag om meer volume is deur ene Silly Billy onderskryf.²⁸

4.3 Oorlog vertroebel verhoudinge

Die oorlogssituasie het selfs die enkele plaaslike orkespogings nie met rus gelaat nie. In Maart 1917 het 'n leser die betrokkenheid van sekere Duitse musici in die munisipale orkes openlik bevraagteken:²⁹

Permit me to ask the question, is it true that a certain number of musicians of German extraction are doing their best to oust the Municipal Band, and absorb the players into their proposed band?, and are they even going as far as wanting the use of the Municipal Band's uniforms and music? Seeing that most of the players in the Municipal Band are old Kaffrarian Rifles bandsmen and have stuck to the Band for many years, and when the Defence Force took over, they signed on like the British they are, while the element referred to above refused, and is now trying to upset the good work done by the Council and the band itself, who came forward and helped the Council through with the Christmas season and deserve the consideration of the Council in regard to future engagements. If the members that form the nucleus of the proposed new band are hard up for a blow, they would do well to go and strike a good hard blow in the trenches in France or in German East. The sooner the Council give them to understand that it is a British Band that is wanted, the better. Now then Councillors be British - One who knows them.

Die 'musicians of German extraction' waarna die skrywer verwys het, het die saak nie daar gelaat nie. Onder die skuilname van One who Also Knows en Veritas het twee Duitsers hulle teenwoordigheid in die blaasorkes verdedig.³⁰ Hulle was van mening dat hulle as Duitsers al meer vir die Kaffrarian Rifles-regiment gedoen het as baie van die Britse lede.

Dit is opvallend dat die publiek se betrokkenheid by musiek-aangeleenthede die sterkste in sake rakende plaaslike blaas-orkeste na vore gekom het.

4.4 Wilson-orkes

Die nuutgestigte munisipale orkes het nog skaars sy voete gevind of uit die bloute is aangekondig dat 'n nuwe blaas-orkes, Wilson's Band onder leiding van mnr. R Johnston Wilson, op die toneel verskyn het.³¹ Die orkes sou op Goeie Vrydag 6 April in die Marine-park optree met 'n program bestaande uit werke van BENNETT, LEUTNER, OFFENBACH, GODFREY, TREVELYAN, HUME, BEALE, HARE, THOMPSON en MECALLEF.

Die verwarring rondom die blaasorkeste is opgeklar toe 'n verslag van die stadsraad, wat die aangeleentheid ondersoek het, gepubliseer is.³² Uit die verslag het dit geblyk dat die munisipale blaasorkeste ontbind het, en dat mnr. Wilson voortaan die steun van die munisipaliteit sou geniet. Sy voorwaardes wat hy aan die munisipaliteit voorgelê het was as volg:

We suggest that you enter into an arrangement with us for 12 months to give us the Marine Park free of charge, the Council to do all advertising, in return for which we will undertake to give sixty performances by a competent band, when required, during that period. We would ask you to undertake not to hire or loan the Marine Park to any other musical combination during the time of our arrangement, and also that you will grant us the right to give as many performances, in excess of the sixty mentioned, as we may wish, and further that you permit us to use the late Municipal Band uniforms which you have in your possession. Under this scheme we ask for no monetary consideration from the Council, as we are prepared to take the chance of making what we can from admission charges to the Park. For any performances which the Council may require, and for which we cannot obtain direct revenue, we would ask you to pay us £20 per performance.

Die stof het gaan lê en Wilson se groep sou voortaan vir 'n hele aantal jare die pas aangee. 'n Reeks promenadekonserte in Junie in die stadsaal teen die minimale toegangsfooi van ses pennies, het die optrede gedurende die Paasnaweek opgevolg.³³ (Kyk ook Bylae B, p. 711.)

Ná die reeks promenadekonserte het die orkes ook in September en Oktober konserte gehou³⁴ en van Maandagaand 14 Desember die galaseisoen in die Marine-park behartig.³⁵ Al hulle vertonings het positiewe reaksie uitgelok. Hierdie orkes het 'n baie lang seisoen beleef en het sy aktiwiteite eers op Vrydag

15 Februarie 1918 afgesluit.³⁶ Die hele projek kon ongelukkig nie as 'n sukses bestempel word nie, maar

one thing and one thing only, has been responsible for this, the weather for the season has been one of the wettest on record, especially Wednesdays, Saturdays and Sundays.

Ten spyte van die ongelukkige toedrag van sake het die orkes 'n uitstekende bydrae tot die vakansieseisoen gemaak.

Gedurende die Paasvakansie sou Wilson se groep 'n aantal promenadekonserterte in die Marine-park aanbied, waarvan die eerste op Donderdagaand 28 Maart sou begin.³⁷ In die lig van die oorlogssituasie het hierdie voorneme onmiddellik heftige teenkanting uitgelok. 'n Hele aantal briewe het die ontsteltenis van die publiek weergegee.³⁸ Een van die briewe het die saak so opgesom:

In your today's issue you state that the Governor-General is asking that an Intercession Service be held tomorrow on behalf of our Armies who are at death grips with the murderous Germans. In the same issue is an advertisement issued by the City Tramway Company stating that a band concert is allowed to take place at the Marine Park in the evening. If this concert is allowed to take place it will be a standing dishonour to the City, and more especially to the officials who are promoting it. I feel that at the present time when all our nerves are on edge, it would be only seemly to prohibit all the concerts in the Marine Park, and especially that called for tomorrow night. Mr. Mayor, on behalf of the right thinking people, I appeal to you to intervene - C. H.

Nieteenstaande sulke teenkanting het die orkes hulle voornemens uitgevoer en goeie skares gelok.³⁹ In Mei is 'n reeks promenadekonserterte op Woensdae en Saterdag in die Marine-park aangebied 'to complete the existing contract between the Council and Wilson's Band'.⁴⁰ Ná voltooiing van die kontrak sou die gewilde Johnstone Wilson Oos-Londen verlaat om 'n betrekking by die African Theatres Trust Co. Ltd. in Johannesburg te aanvaar. Sy laaste optrede met sy groep was op Vrydagaand 31 Mei.⁴¹

4.4.1 William Smith nuwe kapelmeester

Ná die vertrek van Wilson het William Smith die Wilson-orke oorgeneem en die goeie werk wat Wilson tot stand gebring het, energiek voortgesit.⁴²

4.5 Samevatting

Ongetwyfeld het die Eerste Wêreldoorlog 'n negatiewe uitwerking op die werk van die blaasorkeste in Oos-Londen uitgeoefen. Die bestaan van die regimentorkes is finaal geknou en dit het slegs enkele kere in 1916 opgetree. Dit is ook opvallend dat nie minder nie as vier verskillende blaasorkeste binne die bestek van twee jaar in Oos-Londen opgetree het; die Imperial Orchestral Band, die regimentorkes, die East London District Band en die munisipale orkes. Nie een van hulle het egter staande gebly nie.

Die Wilson-orkes, wat 'n voortsetting van die munisipale orkes was, het meer lewenskragtig blyk te wees aangesien hulle darem tot aan die einde van Mei 1919 bly fungeer het (kyk Deel IV, p. 626).

5 MUSIEKONDERWYSERS 1915 - 1918

Nieteenstaande die ontwrigting wat meegebring is deur die Eerste Wêreldoorlog, het 'n aantal musiekleerkragte hulle in Oos-Londen kom vestig:

1915

- Mev. Noble-Lynch LRAM - harp, klavier, sang en harmonie. Sy was 'n leerling van die bekende Oscar Beringer.¹
- Mev. F Moeller - viool.²
- Mnr. E Osborne - klavier. Hy was die pianis by die Vaudette-teater.³
- Mej. E Stone - klavier.⁴
- Mnr. P Hayward - stemproduksie, sang, viool en elokusie.⁵ (Royal College of Music, Londen en die Konserwatorium te Milaan, Italië.)
- Mej. G Rein - viool, teorie en harmonie.⁶ (Gevorderd, Kaapse Universiteit.)
- Mev. L A Burnell - klavier en teorie.⁷ (Sertifikaat van die Guildhall School of Music.)
- Mej. M Duggan - stemproduksie en sang.⁸ (Isadore de Salla, Guildhall School of Music.)

1916

- Mme. F Vincent - stemproduksie, klavier en elokusie.⁹ Sy was 'n leerling van signor Randeggar.
- Mej. Rowe LCUM - klavier, teorie en harmonie.¹⁰
- Mej. D Dickson - klavier en viool.¹¹
- Mej. W Neale - klavier, teorie en harmonie.¹² (Lisensiaat, Kaapse Universiteit.)
- Mej. P Metrowich - klavier en teorie.¹³
- Mej. Gertrude Macdonald - stemproduksie en sang. Voorheen van Oos-Londen, en leerling van William Shakespeare FRAM, Engeland.¹⁴
- Mev. Thewlis - klavier.¹⁵
- Mej. Violet Murray - viool, tjello en klavier.¹⁶ (Diploma, Konserwatorium in Brussel.)

1917

- Mej. A Jackson - viool en teorie.¹⁷
- Mej. D Dickson - viool, klavier en teorie.¹⁸
- Mej. W Eaton - klavier, teorie en harmonie.¹⁹
- Mej. Warr - klavier.²⁰
- Mej. D Berry - viool, teorie en harmonie.²¹
- Mev. Harvey - klavier en stemproduksie.²²
- Mej. Elaine Melville - sang (Garcia-metode).²³ n Leer-
ling van Emile Artaud, Parys en Sterling Mackinley, Londen.
- Mej. Laura Willows - klavier en tjello met spesiale aan-
dag aan tegniek en toonproduksie.²⁴ (Lisensiaat in kla-
vier en tjello, Kaapse Universiteit.)
- Mej. Doris Mills - teorie en harmonie.²⁵

1918

- Mej. Dorothy Dickson - klavier, viool en teorie.²⁶
- Mej. Elize Hellier - sang en klavier.²⁷ (Lisensiaat,
Kaapse Universiteit.)
- Mej. Margaret Crouch - klavier, teorie en harmonie.²⁸
(Lisensiaat, Kaapse Universiteit.)
- Mej. E Stone - klavier, teorie en harmonie.²⁹ (Lisensiaat,
Kaapse Universiteit.)
- Mev. Hildegard Martienssen - klavier, teorie en harmonie.³⁰
- Mev. Violet Baker - klavier, sang en harmonie.³¹ (Onderwys-
diploma, Universiteit van Kaapstad.)

Die opvallende klemverskuiwings wat Oos-Londen se musiekbedrywigheede gedurende die tydperk 1914-1918 ondergaan het, was die direkte gevolg van drasties veranderende omstandighede wat teweeg gebring is deur die Eerste Wêreldoorlog. midde van 'n toestand van ekonomiese depressie en sosiale ellende het 'n vurige patriotiese gees geheers, en gepaardgaande daarmee, 'n ernstige begeerte om die nood van troepe-magte en gewondes deur middel van finansiële steun te verlig. Om hierdie patriotiese gevoelens tot uiting te bring, asook om broodnodige fondse in te samel, was die besonder plooibare samestelling van verskeidenheidskonserte 'n uiters effektiewe en doeltreffende platform. Hierdie faktore, naamlik patriotisme en fondse, was die kardinale dryfveer agter die ongekende besige konsertaktiwiteite wat Oos-Londen ondervind het net na die uitbreek van die oorlog. Talle amateurs het onvermoeid en vol ywer hulle dienste aangebied en 'n nuwe era van wyduitsenlopende verskeidenheid ingelui. Verskeie verdienstelike vokale en instrumentale ensembles het die lig gesien en dit was duidelik dat Oos-Londen oor baie talent beskik het.

Nieteenstaande die amateurs se prysenswaardige optredes, gesien in die lig van die oorlog, is musiek van hoë gehalte selde gehoor.

Gelukkig het enkele hoogstaande uitvoerings deur besoekende kunstenaars sporadies die musikaal mistroostige situasie opgehelder. Die eerste besoek van 'n volwaardige simfonieorkes aan Oos-Londen was sekerlik vir menige konsertganger 'n estetiese belewenis. Orreluitvoerings van gewigtige inhoud, kamermusiek deur 'n wêreldberoemde trio, asook die aanhoor van 'n LISZT- en 'n GRIEG-klavierkonsert met volle orkesbegeleiding was beslis gebeure van opheffende waarde.

Oorsigtelik beoordeel het Oos-Londen egter, te midde van 'n oorvloedige getal konserte, geensins kultuurvordering gemaak nie. Heelwaarskynlik was die aantreklike samestelling van

verskeidenheidskonserte 'n nodige toevlugsoord teen die swaarmoedigheid van die oorlog. Ter wille van perspektief moet erken word dat die spanningsituasie die voorkeure van algemene musiekkliefhebbers beïnvloed het, vandaar die oplewing in verskeidenheidskonserte. Hierdie situasie, naamlik die absolute ignorering van musiek van hoë standaard en die oorweldigende steun aan en indentifisering met vermaaklikheidsmusiek, het weer beklemtoon dat 'n natuurlike strewe en drang na hoër kunsbelewensisse geensins 'n basiese behoefte by die amateur en konsertganger van Oos-Londen was nie.

1 KONSERTE 1919 - 19221.1 Enkele ligpunte, Maart 1919 - Mei 1920

Die verskil tussen konserte van ernstiger aard en dié van verskeidenheidsaard was in die tydperk ná die Eerste wêreldoorlog sodanig dat eersgenoemde soort nou weer afsonderlik vermeld moet word.

In 1919 het Oos-Londen hom natuurlik nog midde-in die gevolge van 'n harde wêreldoorlog bevind. Daarom kon sy musikale opset nie oornag verander nie, en het verskeidenheidskonserte nog hoogty gevier. Om dié rede het slegs 'n skrale aantal aanbiedinge wat net uit musiekitems bestaan het, in daardie jaar voorgekom. Al het konserte van 'n ernstiger aard slegs sporadies voorgekom, het hulle tog wel van inisiatief getuig en sodoende belangrike invloed uitgeoefen.

1.1.1 Soliste verbreed opset

Onder die beskerming van die Young Men's Guinea Fund Section is 'n konsert op Woensdagaand 26 Maart in die Wesley-saal ten bate van die Debt Reduction Fund aangebied.¹ Volgens die resensent was die uiters goed gebalanseerde program 'compiled with evident artistic discrimination'. 'n Hoogtepunt was die klavierspel van mej. Cheshire met die Fantasie Impromptu van CHOPIN en die Sonate op. 22 van BEETHOVEN (vir die eerste keer in Oos-Londen uitgevoer). Verblydend was die feit dat sy na die lewering van dié werk 'insistent calls' ontvang het wat sy met 'n toegif moes beantwoord. Onder die vele verdienstelike sangitems wat gelewer is, is die Afrikaanse musikus, Stephen Eyssen ook aangehoor.² Hy is geprys vir die 'fine qualities' van sy stem. Twee kornetsolo's, twee vioolsolo's, vokale duette, voordragte en twee opgewekte liedere is ook gelewer.

Waar dié aanbieding deur uitnemende instrumentale spel gekenmerk is, het 'n volgepakte Vaudette op Sondagaand 1 Junie ongetwyfeld aan 'n sangeres, mej. Gladys Rowley, behoort, wat

'n Vocal Recital aldaar gegee het.³ Sy is bygestaan deur mej. Doris Mills (klavier) en mej. Annie Jackson (viool). Die sangeres, wat op besoek aan Oos-Londen was, is geprys as 'very gifted' en die gehoor kon nie genoeg van haar mezzo-sopraanstem hoor nie. Haar program was:

<u>Green Hills of Somerset</u>	COATES
<u>Spring</u>	HENSCHERL
<u>I love the Moon</u>	REUBENS
<u>La Parlate d' Amor (Faust)</u>	GOUNOD
<u>Musette (La Boheme)</u>	PUCCINI
<u>Vilanelle</u>	DEL A'QUA
<u>Abide with me</u>	LIDDLE
<u>L'Akou</u>	LEHMANN

Die ander twee het ook stewige bydraes gelewer en is gekomplimenteer op 'n 'admirable account of themselves'. Mej. Jackson het verskeie vioolkeurspele gespeel, terwyl mej. Mills LISZT se Etude no. 3 en CHOPIN se Ballade op. 47 op die klavier uitgevoer het.

1.1.2 Toetrede van orkesensembles

Dit was net hierdie twee aanbiedinge wat in 1919 werke van 'n ernstige aard bevat het. Al die opvolgende aanbiedinge was van 'n populêre aard. Ten spyte van dié toedrag van sake was die toetrede van 'n aantal klein orkes-ensembles by al die orige opvoerings 'n ligpunt.

Op Sondagaand 21 September het 'n volgepakte Vaudette 'n konsert ten bate van die Goewerneur-generaalfonds ondersteun waartydens vokale en instrumentale items (orkes en klavier) gelewer is.⁴ 'n Orkessie van agt lede onder leiding van 'n mej. Jones was 'n glanspunt in 'n aanbieding wat op Woensdagaand 24 September in die Wesleyaal plaasgevind het.⁵ Nog 'n ensemble, die orkes van die East London Butcher's Sports Club onder leiding van Reginald Bayes, het op Dinsdagaand 28 Oktober hulle slag in die stadsaal ten bate van die Social Welfare Association, ten toon gestel.⁶

1.1.3 Patriotiese konserte

Afgesien van bovermelde pogings en die talle verskeidenheids-konserte wat in 1919 plaasgevind het (kyk Deel IV, pp. 589 - 593), is twee patriotiese programme in 1919 aangebied. Die Catholic Choral Union het St. Patrick-dag op Maandagaand 17 Maart met hulle sang versier⁷, terwyl Trafalgar-dag op Dinsdagaand 21 Oktober met gepaste liedere en instrumentale solo's deur die Gipsy-orke gevier is.⁸

1.1.4 Trinity Guild konsert

In die daaropvolgende jaar was 'n groot gehoor op Donderdagaand 13 Mei 1920 in die Wesley-saal aanwesig tydens die Trinity Guild se jaarlikse konsert.⁹ 'n Gevarieerde program is voorgelê. Die Gipsy-orke onder leiding van Chapman is gekomplimenteer op die 'most praiseworthy and delightful manner' waarop hulle hul werke voorgespeel het. Hul werke was: Minuet op. 102 (ROSSE), Czardas no. 5 (MICHIELS) en Valse Romance op. 103 (ROSSE). Die program het voorts bestaan uit twee instrumentale kwartette, 'n saksofoonsolo, 'n 'whistling' solo en 'n hele aantal liedere.

1.2 'n Nuwe era, Julie 1920 - Desember 1921

1.2.1 Programme getuig van ernstiger inhoud

Vanaf Julie 1920 het Oos-Londen op musikale vlak 'n nuwe konstruktiewe era betree deurdat baie meer werke van ernstige gehalte in programme opgeneem is. Verskeie konserte was selfs van 'n uitsluitlik ernstige aard.

'n Konsert wat geklassifiseer is as 'n Vocal and Pianoforte Recital het die nuwe era ingelui. Dié konsert het op Woensdagaand 7 Julie in die Sons of England Hall, Noordstraat, plaasgevind met mejj. Elaine Melville en Phyllis Quinn as kunstenaars.¹⁰ Die nuutgeboude saal is geprys vir sy 'acoustic properties, accommodation and position'. Die spontane reaksie van die gehoor het die resensent verheug en hy het verklaar dat East London can and will appreciate the best vocal and instrumental music.

Mej. Melville het onder meer twee 'gems' van RONALD, 'n Koreaanse lied van WOODFORDE-FINDEN en drie Spaanse volksliedere gesing. Haar oortuigende verhoogpersoonlikheid, kragtige volume en uitstekende tegniek het die gehoor beïndruk. Aanvanklik was die pianiste mej. Phyllis Quinn baie senuagtig, maar sy het in die tweede helfte 'much refinement and finish' openbaar. Sy het onder meer LISZT se bekende Liebestraum, CHOPIN se Etude in G-mol majeur, RACHMANINOFF se 'well-known prelude' en 'n Hongaarse Dans van BRAHMS voorgespeel. Laasgenoemde werk was haar beste bydrae en as 'n toegif het sy geslaag met 'n eie improvisasie. Benewens die twee kunstenaars se bydraes het 'n Hobart Seymour (klavier) sy debuut op die Oos-Londense verhoog gemaak met vertolkings van Vasle Triste van SIBELIUS en twee werke van COLERIDGE TAYLOR, La Caprice de Nannette en Demand et Response. Die aanbieding is as 'n algehele sukses beskryf, sonder 'n enkele 'dull or incompetent performance'.

Die bemoedigende neiging dat plaaslike amateurs werke van ernstige aard in hul programme ingesluit het, is verder uitgebou toe mej. Eugene Vaux-Ellis op Donderdagaand 15 Julie 'n Violin Sonata Recital aangebied het - ook in die nuwe Sons-of-England-saal.¹¹ Ongelukkig is haar volledige program nie aangeteken nie. Die volgende werke is wel gemeld: Sonate in g mineur (GRIEG), Sonate in A majeur (BRAHMS), Sonate in D majeur (HANDEL), Meditation on Thais (MASSENET) en 'n Poem Hongroise (HUBAY). Haar spel het deurgaans getuig van simpatieke toon en 'pure musical conception of a high order'. Die BRAHMS-sonate is nie deur die gehoor begryp nie, maar haar vertolking van die GRIEG-sonate 'roused her audience to the highest pitch'. Nieteenstaande die ernstige aard van die program was 'n groot gehoor teenwoordig wat die resensent laat verklaar het dat dit 'n bewys was dat Oos-Londense mense 'straight music' kon waardeer. Die program is aangevul deur mej. Belle Lock (sopraan) en mnr. Christie Smith (bas), albei van Grahamstad.

Mej. Vaux-Ellis het nou na vore getree as 'n leidende figuur op die plaaslike musikale front en onder haar sorg het 'n Grand Concert op Donderdag 30 September ten bate van die Lord Robert's Workshops for Disabled Soldiers and Sailors

Fund plaasgevind, weer in die goed toegeruste nuwe saal.¹² Benewens mej. Vaux-Ellis se bydrae het die voortreflike pianiste mej. Quinn, asook 'n hele aantal vooraanstaande sangers meegedoen. (Ongelukkig is die bladsy met die resensie van die konsert onherstelbaar beskadig in die koerant.)¹³

Die Sons of England-saal het 'n gewilde saaltjie blyk te wees, want ook die daaropvolgende konsert op Maandagaand 6 Desember het daar plaasgevind.¹⁴ Alhoewel dié konsert se inhoud nie van dieselfde gehalte was as die van die konsert op 15 Julie nie, het dit ook heelwat werke van ernstige aard bevat. Dit het die bemoedigende tendens, naamlik dat amateurs 'n groter persentasie werke van ernstige aard in hulle programme opgeneem het, bevestig. Die program het onder meer ingesluit: 'n instrumentale trio vir twee viole en klavier wat werke van RABITSKY, BOHM en ARNE voorgespeel het, die klavieritems Tema con Variatione, Etudes op. 10 no. 5 en op. 25 no. 9 (CHOPIN) - uit die hoof gespeel deur 'n mev. Brunston, die liedere The Glory of the Sea (SANDERSON), en G'Ete (CHAMINADE), en 'n vioolsolo Mazur (MYNARSKI).

Die neiging om werke uit die hoof voor te speel, het ook voorgekom in 'n aanbieding wat op Sondagaand 12 Desember in die Vaudette plaasgevind het.¹⁵ 'n Sekere mej. Solveig Andersen het SINDING se Rustle of Spring en CHOPIN se Nokturne in f mineur sonder bladmusiek gespeel en lof ingeoes vir haar 'remarkable technical powers'. Mej. Jackson (viool), wat ook in die vorige konsert opgetree het, het weer MYLNARSKI se Mazur voorgespeel asook 'n Intermezzo van MASCAGNI.

Die vooruitgang wat Oos-Londen in 1920 op die musikale front gemaak het, het gelukkig nie van tydelike aard geblyk te wees nie. Dat die tendens in 1920 gehandhaaf is, was nie alleen bemoedigend nie, maar ook nodig vir Oos-Londen se verstarde musikale opset. (Soortgelyke tendense het al in die verlede opgeduik, maar was dan slegs tydelik en/of sporadies van aard.)

Die dorp se musiekaktiewiteite het in 1921 op 'n hoë noot afgesit. Dit wou dus voorkom asof daar op die klemverskuiwing

van 1920 voortgebou is. Beoordeel op 'n suiwer kwantitatiewe basis, was daar 'n geweldige toename in konsertaanbiedinge gedurende 1921 - nog 'n aanduiding dat Oos-Londen op musikale vlak beslis 'n nuwe fase betree het.

'n Konsert wat 'immensely enjoyed' is, het op 4 Januarie 1921 in die stadsaal plaasgevind.¹⁶ 'n Klaviertrio bestaande uit mej. Vaux-Ellis (viool), mnr. Swan (tjello) en mev. Peterson (klavier), het die konsert geopen met die eerste beweging van MENDELSSOHN se Trio in d mineur. Daarbenewens het hulle Larghetto van MOZART en 'n Norwegian Dance van GRIEG gespeel. Hul puik bydraes het besondere waardering uitgelok. Die tendens wat in die vorige jaar posgevat het, naamlik om werke uit die hoof voor te speel, is voortgesit toe die jong mej. Bertha Hagart 'n aantal klavierkomposisies voorgespeel het. Haar spel het die gehoor beïndruk en dit wou voorkom 'as if they could not have enough of her playing'.

Haar prag items was: die Scherzo in b mineur (CHOPIN), Melodie Polonaise (LISZT) en Etude op. 36 (ARENSKY). Vokale hoogtepunte is gelewer deur mev. Oswald Searle in Carwena (WILSON), mej. Margery Crabtree in Soul of Mine (BARNES), Down in the Forest (RONALD), Invictus (HUHN) en mnr. Leslie McCallum in Ah, moon of my Delight (LEHMANN).

In die daaropvolgende week is Oos-Londen se musiek liefhebbers weer op klaviermusiek van ernstige aard getrakteer toe 'n pianiste van Johannesburg, Dorothy Boxall, CHOPIN se Revolusionêre studie en Scherzo in b-mol mineur voorgespeel het.¹⁷

In al die konserte waarin werke van ernstige aard gelewer is, was dit duidelik dat die inisiatief van instrumentaliste uitgegaan het. Liedere daarenteen het nog 'n verknogtheid aan populariteit openbaar.

1.2.2 Tydlike insinking

Ná Januarie was daar 'n afplating in die lofwaardige tendense wat so 'n kenmerk was van aanbiedinge gedurende die tydperk Julie 1920 tot Januarie 1921. Gelukkig het die

insinking waarin omtrent slegs werke van populêre en beminde aard voorgespeel is net 'n paar maande geduur.

'n Konsert in Januarie in die stadsaal¹⁸ en 'n aantal Sondagaand-aanbiedinge in April in die Vaudette, was van oppervlakkige karakter.¹⁹ Werke van 'n geykte aard is uitgevoer. Die feit dat 'n reeks Sondagaandkonserte in Junie in die stadsaal onder die beskerming van die East London Holiday Season Committee plaasgevind het, het ook geensins die saak van musiek van ernstiger aard bevorder nie.²⁰ Hierdie reeks konserte was 'n duidelike bewys dat die algemene musiek liefhebber nog nie van sy beheptheid met populêre musiek ontslae geraak het nie.

Die eerste poging in die reeks het op Sondagaand 29 Mei plaasgevind en is bestempel as 'one of the finest concerts held in the City Hall (for years past at any rate)'.²¹ 'n Goed toegeruste musikus wat hom toe net in Oos-Londen gevestig het, mnr. Goodacre (kyk Deel IV, pp. 579 - 583 en 632) het die orkesensemble van die plaaslike Musicians Union (MUSA) gedirigeer. Goodacre is geprys vir die spel van die ensemble wat 'much in advance of what East London has been accustomed to' was. Afgesien van die orkestrale bydraes het die vrou van Oos-Londen se gesiene musiekonderwyser, Franz Moeller, 'n aantal liedere gesing en positiewe kritiek uitgelok.

Tydens die tweede aanbieding in die reeks op Sondagaand 5 Junie, het die orkes van die skip HMS Lowestoft die program versier.²² Weer eens was die programinhoud van 'n opvallend ligte aard. Die besoekende ensemble het egter 'n stewige bydrae gemaak deur die Vaarwel-simfonie van HAYDN voor te speel.

Op Sondagaand 12 Junie het die derde²³ en Sondagaand 19 Junie die vierde²⁴ in die reeks konserte plaasgevind. Ondersteuning vir die konserte was baie bevredigend. Al het die orkes by die vorige kere soveel komplimente geniet, is hulle na afloop van die vierde poging geloof vir hulle beter 'efficiency in united playing than previously'. Die vyfde konsert op Sondagaand 26 Junie het die grootste toehoorderstal tot op daardie tydstop getrek.²⁵ Die besitter van die goue

medalje van Oos-Londen se eerste volwaardige amateurkompetisie (kyk Deel IV, p. 620), mnr. Leslie McCallum, het twee liedere Fair a Flower (LOHR) en My Rose (MALCOLM) gesing, terwyl die orkes se bydraes bestaan het uit die Wilhelm Tell-ouverture, keurspele uit Faust van GOUNOD en 'n intermezzo, Sunshine and Roses, van ROLFE.

Mej. Vaux-Ellis, Oos-Londen se belowende violiste, het die daaropvolgende konsert op 5 Julie behartig²⁶, waar onder meer klaviertrio's uitgevoer is. Bykomende konserte het ook plaasgevind op 10, 17 en 24 Julie.²⁷

Aan die einde van die reeks is die hoop uitgespreek dat soortgelyke reekse weer in die toekoms aangepak sou word. Voorts is gepleit dat die Holiday Season Committee 'will see its way open to establish more or less permanently something of the kind'.

Hierdie reeks konserte het getoon dat:

- Die oorgrote meerderheid mense in Oos-Londen steeds voorkeur aan konserte van ligte aard gegee het;
- Die orkesensemble onder leiding van Goodacre puik spel gelewer het; en
- Oos-Londen baie talent in sy midde gehad het.

Tog, soos in sovele ander gevalle is dit te betreur dat so baie amateurs nie 'n meer konstruktiewe weg aangedui het nie.

1.2.3 Tendens met betrekking tot ernstiger werke duur voort

Te midde van die bedrywighede rondom die reeks Sondagaandkonserte, het die talentvolle violiste mej. Vaux-Ellis twee konserte van stewiger inhoud op Saterdag 18 Junie en Donderdagaand 23 Junie aangebied.²⁸ Eersgenoemde konsert het in Cambridge plaasgevind en laasgenoemde in die Sons of England-saal. Dieselfde program is by albei konserte gelewer. Mej. Vaux-Ellis se vioolspel was 'n 'sheer delight'. Sy het haar meesterskap in die volgende werke getoon: Samoan Lullaby (BOYD), Mazurka (WIENIAWSKI), Cherry Ripe (verwerking

deur SCOTT) en Introduction and Polonaise (BÖHM). Voor-treflike sang is gelewer deur mev. Ellender met Thank God for a Garden en I Wonder if ever the Rose, asook mnr. Smith van Grahamstad met ondermeer I Had a Horse (KORBAY), The Pretty Creature (WILSON) en Eleanor (TAYLOR). Daarbene-wens is twee dele uit 'n trio van GADE Allegro Animato en Allegro con Fuoco met groot keurigheid uitgevoer deur mej. Vaux-Ellis (viool) en mnr. Sykes (klavier) en Swan (tjello).

Benewens mej. Vaux-Ellis se konserte is musiek van ernstige aard ook aangehoor in An Evening with Schubert op Maandag-aand 5 September in die Sons of England-saal.²⁹ Uit 'n musikale oogpunt beskou, was hierdie aanbieding beslis 'n hoogtepunt. 'n Stampvol saal was teenwoordig. Die publiek is weer vooraf verwittig dat die deure tydens die lewering van items gesluit sou wees - 'n sinvolle uitvloeisel van die skrywe van Ex-Capetonian (kyk Deel IV, p. 605). Chapman het die verrigtinge ingelui met 'n leersame lesing oor aspekte van Schubert en verwys na

his wonderful facility in composing, the enormous number of his compositions, the high standard he attained in so many branches of composition, and the important place his works occupy in musical history.

Voorts het hy sekere vereistes vir bevredigende luistergenot verduidelik naamlik verbeelding, konsentrasie en geheue. Boonop het hy ook nog 'n bondige uiteensetting van die vorm en styl van sommige van die werke wat gespeel is, voorgelê. Ter illustrasie is die eerste keer van 'n grammofoon gebruik gemaak waarop die volgende werke aangehoor is: The Erl King, Ave Maria, 'n strykkwartet, die Rosamunde-ouverture en die mineur-simfonie. Daaropvolgend is die volgende vokale werke deur amateurs vertolk: 'n kwartet The Lord is my Shepherd, en die liedere Death and the Maiden, Ave Maria, Who is Sylvia, Cradle Song, Hark, Hark, the Lark en The Wild Rose. Instrumentale bydraes het bestaan uit vyf klavierkomposisies en een klavierduet. Dit moes 'n lang aand gewees het, want na pouse het Oos-Londen se briljante pianiste Bertha Hagart, wener van die Royal Academy South African Scholarship vir 1921 ('n berig in die Daily Dispatch van 6 Augustus het gemeld dat dit die South

African University Scholarship was³⁰), die volgende werke in 'n 'most brilliant and finished style' gespeel: Prelude en Fuga in C majeur (BACH-LISZT), Ballade in g mineur (CHOPIN) en Scherzo in b-mol mineur (CHOPIN). Sy is geloof vir haar polifoniese spel in die meerstemmige BACH-LISZT-komposisie terwyl die CHOPIN-werke van puik frasering, kleurryke dinamiese verskille en 'n vaardige tegniek getuig het.

Hierdie konsert is op Donderdagaand 29 September in die Sons of England-saal opgevolg met 'n aanbieding wat ook ernstige werke bevat het.³¹ Dié aanbieding wat deur mej. Melville gereël is, is deur mej. Quin, wenner van die silwermedalje tydens Oos-Londen se eerste volwaardige musiekkompetisie, met die eerste deel uit BEETHOVEN se Waldstein-sonate geopen. Haar spel is as 'skilful' omskryf en het geesdriftige reaksie uitgelok. 'n Ander instrumentale hoogtepunt was die tjellospel van mnr. Swan, wat die volgende werke gespeel het: Sarabande en Bourree (HANDEL), Lotus Blume (SCHUMANN), Le Cygne (SAINT-SAËNS) en Chant Hongroise (SOBLEE). Mnr. McCullum en McGregor en mev. Franz het met aantreklike liedvertolkings vorendag gekom, maar dit was mej. Melville se sang wat in hierdie kategorie die aandag getrek het met Sequidilla en Habanera uit Carmen (BIZET), Sunshine and Rain (BLUMENTHAL) en I hid my Love (D'HARDELLOT).

Hierdie twee aanbiedinge het getoon dat die insluit van ernstige komposisies nie 'n konsert hoef te verongeluk nie. Net uit 'n bywoningsoogpunt beskou, was die konserte reeds 'n sukses. Nieteenstaande die feit dat dit slegs enkele musici was wat 'n hoë standaard nagestreef het, was hulle pogings onteenseglik verrykend en bemoedigend.

Ná twee Sondagaandkonserte van populêre aard in Oktober³² is daar weer in November 'n konsert aangebied waarin ernstige werke voorgekom het.³³ Dit was 'n verdere bewys dat die nuwe fase wat Oos-Londen se musiekaktiwiteite sedert Julie 1920 betree het, nie van verbygaande aard was nie. Die konsert het op Woensdagaand 9 November in die St. Saviour-saal plaasgevind met die volgende program:

Orrel en strykers	<u>Súrsum Corda op. 11. (Elevation)</u>	ELGAR
	<u>Solemn Melody</u>	DAVIES
Liedere	<u>Ave Maria</u>	BACH-GOUNOD Mej. Green
	<u>Thou'rt passing hence</u>	SULLIVAN Mnr. Griffiths
Klavier	<u>Klavierkonsert in g mineur op. 25</u>	MENDELSSOHN Mej. Mills
Orrelsolo's	<u>Versperale en Passacaqlia</u>	SCOTT
	<u>Prelude in B-mol majeur</u>	CHOPIN
	<u>Evensong</u>	MARTIN
	<u>Sonate no. 1</u>	BOROWSKI Mnr. Burns

Ongelukkig was daar slegs 'n 'moderate attendance to listen to the feast of good things submitted'. Nie alleen was daar goeie gehalte wat program en uitvoering betref nie, maar ook 'many new and welcome features' soos byvoorbeeld die strykkorke onder leiding van Chapman met Moeller as leier en Burns voor die orrel. Hierdie ensemble se klank was opmerklik aangenaam en het die kerksaal 'with the sweetest of melody' gevul. Nog 'n 'fascinating combination' was mej. Mills se uitvoering van die MENDELSSOHN-klavierkonsert met orrelbegeleiding. Die kritikus het hierdie uitvoering as 'lengthy but none the less pretty' bestempel. Die hoop is uitgespreek dat 'n aand 'under such delightful conditions' gou weer sou plaasvind.

Die mees verblydende aspek van die musiekbedrywigheide in 1921 was die feit dat aanbiedinge van 'n ernstige aard, wat so belowend in 1920 tot stand gekom het, in 1921 voortgesit is. Hierdie konstruktiewe klemverskuiwing was dus ongetwyfeld nie net 'n tydelike gier nie. Oos-Londen se musikale opset het nou 'n nuwe, meer dinamiese dimensie aangeneem.

1.3 Konserte verval in ou populêre groef 1922

Ten spyte van die positiewe verwickelinge van 1920 en 1921 het aktiwiteite in 1922 nie aan die verwagtinge voldoen nie. Konserte het oor die algemeen weer eens in 'n eentonige groef van populariteit verval en in gebreke gebly om die tendense van 1920 en 1921 verder uit te bou.

Konsert-aktiwiteite het in 1922 afgeskop met 'n Grand Orchestral Concert op Sondagaand 12 Maart in die Vaudette-teater ten bate van die Theatrical Benevolent Fund of South Africa.³⁴ Die deurgaans entoesiatiese ondersteuning van Sondagaandaanbiedinge deur Oos-Londen se musiek liefhebbers het die resensent beweeg om 'n pleidooi vir die vaste instelling van die konserte te lewer:

It is really time something was done to make the Sunday Concerts permanent in East London. We understand that the orchestra of Sunday is perfectly willing to do their part in this - it now rests with the Holiday Season's Committee of the Council. The public have shown, both last winter and on Sunday night, that they appreciate the orchestra and the vocal talent provided, so surely no further proof is required as to demand. By constant practice together the orchestra would soon be quite good enough for all reasonable work required here, and some sort of Municipal encouragement is all that is required to make it a permanency.

Die resensent se bewerings is op Sondag 2 April bevestig toe die Vaudette-teater weer eens 'packed' was tydens die East London Amateur and Dramatic Society se eerste aanbieding van 'n reeks konserte ten bate van die 1820 Settlers Fair Fund.³⁵ Afgesien van 'n hele aantal sangsolo's, twee vokale kwartette, asook 'n tjello- en vioolsolo, is 'n klaviertrio van WIDOR, Serenade, uitgevoer. Groot waarderende gehore het ook die organisasies se daaropvolgende konserte op 9 en 16 April ondersteun.³⁶

1.3.1 Effense oplewing

Beslis van boeiender aard was 'n Grand Concert wat op Sondag-aand 14 Mei plaasgevind het, ook in die Vaudette.³⁷ 'n Instrumentale trio bestaande uit mej. Vaux-Ellis (viool), mnr. Swan (tjello) en mev. Peterson (klavier), het die volgende werke gespeel: Larghetto (MOZART), die eerste deel van die Trio in d mineur (MENDELSSOHN) en Norweegse Danse (GRIEG); vioolsolo's deur mej. Vaux-Ellis, Ave Maria (SCHUBERT-WILHELMJ), Serenata (TOSELLI) en Ballet Music uit Rosamunde (SCHUBERT-KREISLER); vokale items, The Lord is my Sight (ALLITSEN) deur mev. Dempster, A Summer Night (THOMAS) deur mev. Griffith met obligeattjello deur mnr. Swan, en Invictus (HUHN) deur mnr. Howe.

1.3.2 Populêre konserte weer oorheersend

Konserte van populêre aard se gewildheid is weer eens beklemtoon toe die East London Publicity Department 'n reeks Sondag-aandkonserte in die wintermaande aangebied het.³⁸ 'n Kenmerk van die konserte was die uitmuntende spel van 'n vergrote Vaudette-orke, eers onder leiding van Goodacre en later signor Fiore.³⁹ Oorsigtelik is gerapporteer dat

the concerts have been well patronised, and were, from an artistic point of view, pronounced successes.

Nog eens was die reeks konserte 'n bewys dat Oos-Londen se musiekkliefhebbers en tot 'n groot mate die resesente ook, se musieksmaak maar oppervlakkig en beperk was. Aangesien die sukses van die reekse nou saamgehang het met die ondersteuningsfaktor, het programsamestellings 'n stereotipe populêre profiel gehandhaaf. Aan die een kant dus het dit gehore gelok, wat in wese vermaak wou word, maar aan die ander kant het dit broodnodige vernuwing en vooruitgang verhinder.

1.3.3 Vertrouostende faktore

Nieteenstaande die feit dat Oos-Londen se konsertaktiwiteite in 1922 nie dieselfde vitaliteit en kwaliteit openbaar het as in die twee voorafgaande jare nie, was daar tog 'n paar vertrouostende faktore in dié jaar.

Van Oos-Londen se mees vooraanstaande instrumentaliste het op 18 Augustus 'n konsert in die St. Saviour-saal uitgevoer, met ernstiger werke ook op die program.⁴⁰ Die kunstenaars was weer mejj. Vaux-Ellis (viool), Melville (sang) en Quinn (klavier), asook mnr. Swan (tjello), McGregor (sang) en McCallum (tenoor). Veral die instrumentaliste was van Oos-Londen se voorste kunstenaars en daar kan met veiligheid aanvaar word dat die aanbieding een van gehalte was. Ongelukkig is geen verdere inligting verskaf nie.

In Maart het Oos-Londen se begaafde pianiste, mej. Hagart, tydens die Kaapse Stadsorkes se Saturday Pop Concert, GRIEG se Klavierkonsert saam met die orke gespeel (eerste deel) en die volgende gunstige kommentaar uitgelok:⁴¹

In her rendering of the first movement of the concerto, Miss. Hagart created a most favourable impression. A slight nervousness was apparent once or twice, but her conception of the charming work and her style were excellent, and her performance very interesting.

In Julie dieselfde jaar het nog 'n uitstaande pianiste van Oos-Londen, mej. Quinn, in Kaapstad naam gemaak toe sy twee goue medaljes tydens die Suid-Afrikaanse Kunswedstryd daar ingepalm het.⁴² Voorts is berig dat die dogter van mnr. en mev. Bruce 'n silwermedalje met haar sangitem verower het.⁴³ Albei pianiste, mejj. Hagart en Quinn, was nou betrokke by die uitstaande konserte wat in 1920 en 1921 aangebied is. Hulle afwesigheid kon dus tot 'n groot mate vir die insinking op konsertvlak in 1922 verantwoordelik gewees het.

1.5 Samevatting

Nieteenstaande die feit dat die belangstelling in musiek van ligte, populêre aard nie gedurende die tydperk 1919 - 1922 gekwyn het nie, het die tydperk tog van bemoedigende ontwikkelinge op die gebied van ernstige musiek gespreek.

Werke van hoogstaande gehalte het vir die eerste keer in die musiekgeskiedenis van Oos-Londen 'n prominente plek in programme beklee. Al het hierdie klemverskuiwing nie deurgaans konstante vordering en momentum openbaar nie - dit was veral die geval in 1922 - was daar genoegsame bewys dat die verandering blywend was. (Soos reeds vermeld, het soortgelyke tendense al in die verlede opgeduik, maar dan was dit te kortstondig of sporadies van aard om beduidende invloed uit te oefen; soos byvoorbeeld die klavier- en sanguitvoerings van mev. Baker in 1904 en 1905.) Dit was hoofsaaklik 'n klein groepie instrumentale soliste en enkele sangers wat Oos-Londen se begrensde opset verbreek het: mejj. Melville (sopraan), Vaux-Ellis (viool), Quinn (klavier) en Hagart (klavier). Laasgenoemde twee dames se afwesigheid in 1922 het dan ook die stad se musikale groeiproses gevoelig geknou.

Dit was ook besonder bemoedigend dat die ondersteuning bykans in alle gevalle uitstekend was. Tot en met 1920 was Oos-Londen daarvoor bekend dat die publiek halstarrig was om pogings van 'n ernstiger aard te ondersteun.

Nieteenstaande die vooruitgang op die gebied van ernstige musiek het konserte van ligte, populêre aard steeds besondere aftrek geniet. Uitstekende bywoningsyfers was 'n kenmerk van die reekse winterkonserte, asook van talle Sondagaandaanbiedinge in die stadsaal en Vaudette-teater. Hoe bekwaam die orkesensembles van die Musicians Union in 1921 en die Vaudette-orkester in 1922 ookal mag gewees het, het die ensembles geensins daarin belang gestel om werke van hoër gehalte voor te lê nie.

Te midde van die feit dat populêre musiek nog 'n gewilde heenkome vir baie musiekliefhebbers in Oos-Londen was, het musiek van ernstige aard beslis 'n blywende deurbraak in dié tydperk gemaak. Hierdie klemverskuiwing was 'n vreugdevolle verwikkeling wat die plaaslike situasie beslis verryk het.

2 GEWYDE AANBIEDINGE 1919 - 19222.1 'n Wisselvallige periode 1919-1922

Gewyde aanbiedinge het na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog nie dieselfde oplewing as konserte en verskeidenheidskonserte openbaar nie. Enkele hoogtepunte het wel in die jare 1920 en 1921 voorgekom, maar die aanbiedinge was meestal van wisselvallige gehalte.

2.1.1 'n Armoedige tydperk 1919

Gemeet teen die getal gewyde aanbiedinge wat in 1918 voorgekom het, was daar aansienlik minder in 1919. In alle waarskynlikheid was die effek van die oorlog vir die situasie verantwoordelik. Slegs een orreluitvoering en twee kantates het in dié jaar plaasgevind.

Orreluitvoering

Op Vrydagaand 14 Maart het die orrelis van die St. George Presbyteriaanse kerk 'n orreluitvoering, aangevul deur 'n aantal liedere, **gegee**.¹ Die resensent was in ekstase oor Chapman se spel en was van mening dat hy 'complete mastery' openbaar het. Werke van onder andere HOLLINS, WELY en GUILMANT het aftrek geniet.

Kantates

Al ander aanbiedinge op gewyde vlak was twee kantates wat in April en Oktober uitgevoer is. Op Goeie Vrydag, 18 April het die koor van die St. Saviour-kerk MAUNDER se Olivet to Cavalry aangebied², terwyl die Abraham-kantate op Vrydag 10 Oktober in die Baptiste-kerk in Buffalostraat uitgevoer is.³ Nie een van die twee kantates is egter geresenseer nie.

2.1.2 Toename in gewyde aanbiedinge 1920

Vier kantates van uiteenlopende aard is in 1920 uitgevoer. Op Vrydagaand 2 April het die gekombineerde kerkkore van die St. John- en St. Saviour-gemeentes MAUNDER se kantate, Olivet to Cavalry in die St. Saviour-kerk aangebied.⁴

Twee weke later sou 'n gepaste kantate vir die honderdjarige herdenking van die aankoms van die 1820 - Britse Setlaars, naamlik The Pilgrim's Fathers, op Vrydagaand 16 April in die Presbiteriaanse kerk in Cambridge uitgevoer word.⁵

Hierdie werk is as 'quaint and pretty' beskryf. Dié aanbieding sou weer op Saterdag 8 Mei ten bate van die Cambridge Scouts Jambouree Fund in die Cambridge-stadsaal aangebied word.⁶ Ongelukkig het geen resensie oor enige van die drie aanbiedinge verskyn nie.

Daar moes 'n goeie verstandhouding tussen die gemeentes van St. Saviour en St. John gewees het, want die twee gemeentes se kerkkore het op Vrydagaand 12 November 'n gesamentlike uitvoering van STAINER se kantate Daughter of Jairus in die St. Saviour-kerk gegee.⁷ Hierdie uitvoering het taamlike stewige ondersteuning geniet. Robert Burns, orrelis van laasgenoemde gemeente was dirigent en met mejj. Green en Mills en mnr. McCallum en Wedderburn as soliste, is die konsert beskryf as 'one of the most delightful and inspiring sacred concerts' wat nog aangehoor is. Voorts is die deelnemers geluk gewens met die gedagte dat 'their minted efforts left an excellent impression on the minds of the congregation'. Gedurende die tweede helfte is 'n program van instrumentale en vokale werke aangebied, bestaande uit onder meer die koorwerk By Babylon's Wave (GOUNOD), Send out thy Light (GOUNOD) en die liedere My Hope is in the everlasting, Love not the World en die duet Love Divine.

Daaropvolgend het mnr. Lee, ARCO, orrelis van die Church of the Immaculate Conception, met die hulp van 'n koor en orkes van sestig lede van die Catholic Choral Union op Dinsdagaand 14 Desember COWEN se sonnige kantate The Rose Maiden in die stadsaal opgevoer.⁸ Ongelukkig het die produksie, wat in 'n lokberig as 'the show of the season' geklassifiseer is, nie 'n groot gehoor getrek nie. Onder mnr. Lee se leiding het die koor baie voortreflik vertoon en was een van hulle kenmerke die pragtige ineensmelting van stemme. Die gehoor het groter betrokkenheid as gewoonlik by die werk geniet, aangesien die teks in die programnotas verskyn het.

'n Hoogtepunt, vir sover dit kooroptredes betref, was die spesiale Kerssangdiens wat op Sondagaand 19 Desember in die Trinity Wesleyaanse-kerk voor 'n baie groot gehoor plaasgevind het.⁹ Mnr. Goodacre, orrelis en koormeester van die gemeente, is van harte gelukkigewens met die sprankelaanbieding wat benewens 'n aantal koorwerke onder meer Ere aan God en Die Halleluja-koor uit die Messias, en al die sopraan- asook twee kontraltosolo's uit dié oratorium bevat het.

Instrumentaal-vokale konserte

Op enkele uitsonderinge na het die programme van aanbiedinge wat in groot opskrifte as Instrumental and Vocal Sacred Concerts geklassifiseer is, geensins van gewyde aard getuig nie. In April en September is verskeie konserte in die stadsaal en Vaudette gehou waarvan die inhoud oorheersend sekulêr was.¹⁰ Die enigste ligpunt was 'n gewyde aanbieding in September deur die orrelis van die St. Saviour-kerk, Robert Burns, wat onder meer MENDELSSOHN se Sonate no. 3 uitgevoer het.¹¹

Orreluitvoerings

Ten spyte van die feit dat Oos-Londen 'n hele aantal vaardige orreliste in hul midde gehad het soos Chapman (St. George Presbiteriaanse kerk), Goodacre (Trinity-kerk), Robert Burns (St. Saviour-kerk) en Leslie Needham (St. John-kerk), het orreluitvoerings selde voorgekom.

Eers in Augustus 1920 is die eerste orreluitvoering van die jaar aangehoor toe die orrelis Goodacre ná die aanddiens op Sondag 8 Augustus die volgende werke voorgespeel het: die Raymond-ouverture (THOMAS), Irish Tune from Country Derry (op spesiale versoek), Prelude in c-kruis mineur (RACHMANINOFF) en die Tannhäuser-mars (WAGNER).¹² Vokale bydraes het onder meer ingesluit Hold Thou my Hand (BRIGGS) en Hear Thou my Prayer (MENDELSSOHN).

Chapman het op Donderdagaand 28 Oktober populêre werke in die St. George Presbiteriaanse kerk voorgespeel, met die bystand van mev. Russell van Queenstown wat die die arias

Come unto Him, I know that my Redeemer liveth en O had I Jubal's Lyre, almal uit HANDEL se Messias, gesing het.¹³

2.1.3 Beduidende vooruitgang 1921

Nie alleen was daar in 1921 'n toename in die getal gewyde aanbiedinge nie, maar het hulle ook van 'n hoër gehalte gespreek. Op beide die vokale en instrumentale terrein was daar opbouwende neigings te bespeur. Die positiewe verwickelinge is tot 'n groot mate deur Edward Goodacre teweeggebring.

Goodacre en Chapman se bydraes

Op Sondagaand 9 Januarie is 'die volgende program in die Trinity-kerk met Goodacre voor die orrel aangebied:¹⁴

Orrel	<u>Poem Symphonique Finlandia</u>	SIBELIUS
	<u>Andantino in D-mol majeur</u>	LE MARE
	<u>Lento Grazioso</u>	DVORAK
	<u>Fierce Raged the Tempest</u>	GOODACRE
	<u>Seek Ye the Lord</u>	ROBERTS
	<u>Gloria in excelsis Deo</u>	MOZART
Lied	<u>Nearer My God to Thee</u>	Mev. Meier

Hierdie uitvoering het 'n groot getal toehoorders gelok, wat hulle weer eens kon vergewis van Goodacre se 'musicianly' qualities and skill, and his exposition of the possibilities of the organ'. Sy eie werk, The Tempest, is as aantreklik bestempel.

Tydens 'n spesiale diens op Sondagaand 10 Julie het Goodacre en sy koor 'n hele aantal werke uit MENDELSSOHN se Elijah aangebied:¹⁵

Resitatief en Aria	<u>Lord God of Abraham</u>	Mnr. Thompson
Koor	<u>Cast thy burden</u>	
Air	<u>It is enough</u>	Mnr. White
Koor	<u>He watching over Israel</u>	
Sopraansolo	<u>Then shall the righteous</u>	Mej. Christie
Kontraltosolo	<u>O rest in the Lord</u>	Mev. Meier

Koor He that shall endure to the end

Resitatief en Hear ye Israel
Air

Mej. Essenwein

Koor Be not Afraid

Vooraf het Goodacre die volgende werke op die orrel voorgespeel: Tokkate en Fuga in d mineur (BACH), Vertroosting (MENDELSSOHN) en Evensong (MARTIN).

Ná die aanddiens op Sondagaand 9 Oktober was Goodacre weer voor die orrel en dit is verblydend dat hy weer 'n BACH-Prelude en Fuga gespeel het.¹⁶

Die kerk se drie-manuaal orrel van bykans dertig registers is daarna herstel.¹⁷ 'n Firma van Kaapstad, Price and Sons, het deeglike werk gedoen en op Sondagaand 20 November het Goodacre weer 'n aantal orrelwerke voorgespeel, met ook drie sangers op die program, wat populêr van aard was en onder meer ROSSINI se Wilhelm Tell-ouverture en twee dele uit GRIEG se Peer Gynt Suite bevat het. Die vermoëns van die orrel moes wyd bekend gewees het, want in Desember het Goodacre 'n skrywe van prof. P K de Villiers ARCO, van Bloemfontein ontvang.¹⁸ Laasgenoemde was geïnteresseerd in die spesifikasies van die orrel met die oog op die installering van 'n instrument vir die N G Kerk in Bloemfontein.

Benewens Goodacre se voortreflike bydraes het Chapman op Woensdagaand 22 Junie 'n orreluitvoering in die St. George Presbiteriaanse kerk gehou, waar hy onder meer LEMMENS se populêre Storm-fantasie gespeel het.¹⁹ Ondersteunende items is verleen deur mev. Burns (sang) en die Gipsy-orke wat met orrelbegeleiding drie items gespeel het.

In beide die instrumentale en vokale aspekte van gewyde musiek is dit duidelik dat Goodacre baanbrekerswerk verrig het. Nie alleen het hy as goed toegeruste musikus nuwe momentum aan gewyde aanbiedinge verleen nie, maar die aanbiedinge musikaal verstewig deur die insluiting van ernstige werke. Sy orrelwerke het 'n gesonde balans tussen werke van ernstige en ligte aard openbaar, terwyl sy koor ambisieuse werke met sukses uitgevoer het.

Kooraktiwiteite

Goodacre en sy kerkkoor het op Sondagaand 20 Maart 1921 STAINER se effektiewe Paaskantate The Crucifixion met welslae uitgevoer.²⁰ 'n Volgepakte kerkgebou het die uitvoering, wat in alle opsigte uiters voortreflik was, aangehoor. Voor die aanvang van die aanddiens het Goodacre die Adagio uit die Maanligsonate (BEETHOVEN) en St. Ann's Fugue (BACH) op die orrel gespeel.

Voorts het die gekombineerde kore van die St. John- en St. Saviour-gemeentes dieselfde werk op Woensdag 23 Maart in eersgenoemde en op Goeie Vrydag 25 Maart in laasgenoemde se kerkgebou uitgevoer.²¹ As soliste het mnr. Howe (tenoor) en McCallum (bas) opgetree, met Robert Burns voor die orrel en Leslie Needham as dirigent. 'n 'Crowded congregation' was getuie van die uitvoering wat deur manjifieke sang gekenmerk is. Die soliste se vertolking van die duet So Thou Lifest Thy Divine Petition, is as 'superb' beskryf, terwyl die goedgebalanseerde koor se sang 'n belangrike faktor in die sukses van die werk was. Besonder verdienstelik was die sang van die mannekoor.

Chapman en Goodacre was altwee begaafde musici wat deur hulle werk sinvolle bydraes tot die ontwikkeling van musiek in Oos-Londen gemaak het. Dit was veral Goodacre wat werke van 'n ernstiger aard bekend gestel het en inisiatief in dié rigting openbaar het. Hierdie feit is weer geïllustreer toe albei here op Sondagaand 18 Desember uitvoerings in hulle onderskeie gemeentes gegee het. Chapman se spesiale Kersdiens het onder meer uit die volgende items bestaan:²² vier orrelsolo's deur Chapman waaronder Variation on Adeste Fideles (MELVILLE); die Hallelujah-koor en 'n aria O Thou That Tellest Good Tidings uit Die Messias (HANDEL); asook die kooritems Arise Shine, O Jerusalem, Christians Awake en Glory to God in the Highest.

Goodacre se kerkkoor (wat vir die geleentheid vergroot is) en soliste het uitsluitlik uittreksels uit Die Messias gesing.²³ Die koorsang is as 'very noteworthy' omskryf, en veral die vertolkings van Lift up Your Heads en

Worthy is the Lamb was uitstekend.

Gedagtig aan die feit dat talle vakansiegangers hulle gedurende Desember in Oos-Londen bevind het, is soortgelyke uitvoerings in die Trinity-kerkgebou gehou. Die programme vir Sondagaande 25 en 31 Desember was as volg:²⁴

Sondagaand 25 Desember

Orrelsolo	<u>For unto us</u> (Messias)	HANDEL Goodacre
Kontraltosolo	<u>Evening Prayer</u>	COSTA Mej. Clarke
Bassolo	<u>Nazareth</u>	GOUNOD Mnr. Thompson
Sopraansolo	<u>O Divine Redeemer</u>	GOUNOD Mev. Heaton
Koor	<u>And the Glory of the Lord</u> (Messias)	HANDEL

Sondagaand 31 Desember

Orrelsolo	<u>Pilgrim's March</u> (<u>Tannhäuser</u>)	WAGNER
Duet	<u>Love Divine</u>	STAINER Mnr. en Mev. Weaver
Koor	<u>The Homeland</u>	SULLIVAN
Lied	<u>The peace of the Saviour</u>	Mej. Shepherd
Orrelsolo	<u>Finale</u> (<u>African Suite</u>)	TAYLOR

Die invloed van Oos-Londen se kooraktiwiteite het nie soseer gelê in die hoeveelheid aanbiedinge wat geloods is nie, maar in die gehalte. STAINER se Crucifixion was 'n hoogtepunt, terwyl die koorsnitte uit Die Messias van keurige afronding getuig het.

Die uitvoerings van 1920 was genoegsame bewys dat Oos-Londen oor die materiaal beskik het om weer 'n koorvereniging tot stand te kon bring. Met die oog op 'n uitvoering van Die Messias is die East London Philharmonic Society in Februarie onder voorsitterskap van mnr. Lee in die lewe geroep, maar ongelukkig het dié prysenswaardige voorneme nie tot ontplooiing gekom nie, en het die hele gedagte doodgeloop. 'n Hewige polemieks het in April opgevlam, waarin onder andere beheerinstansies en die publiek geblameer is vir die negatiewe verwickeling.²⁶ Hierdie polemieks het egter vrugteloos blyk

te wees, aangesien die vereniging in elk geval geensins gefunksioneer het nie.

2.1.4 Insinking 1922

Teen die verwagting in het gewyde aanbiedinge in 1922 'n insinking beleef. Goodacre het wel met nog 'n paar verdienstelike uitvoerings vorendag gekom, maar dit het nie die gehalte en inisiatief van sy bydraes van 1921 bevat nie. Benewens die feit dat daar 'n afname in die getal aanbiedinge was, het veral die Sondagaandkonserte geensins van 'n gewyde karakter getuig nie. Hierdie vervlakking was te betreur aangesien Oos-Londen wel oor die materiaal en vermoë beskik het om meer rigtinggewend op te tree.

Kantates

Drie kantates is deur verskillende gemeentes in 1922 uitgevoer. STAINER se gewilde Crucifixion is op Goeie Vrydag 14 April deur die kerkkoor van die St. Saviour-gemeente aangebied.²⁷

Opvolgend is GAUL se gewyde kantate, The Holy City, op Sondagaand 4 Junie om 20h00 deur die Trinity-kerkkoor onder leiding van Goodacre uitgevoer.²⁸ Voor die aanvang van die diens het hy die volgende werke op die orrel gespeel: 1812-Quverture (TCHAIKOVSKY) en Humoreske (DVORAK) - 'two items from the programmes of the Cape Town Orchestra this week'. In weerwil van die feit dat afronding geskort het, was die uitvoering van die kantate nogtans oortuigend, 'and no serious flaw happened from start to finish'. As soliste het opgetree mejj. Essenwein, Christie en Bendall en mnr. Wilson (tenoor) en Thompson (bas). Dit was die vyfde kantate wat Goodacre behartig het sedert sy aankoms in Oos-Londen.

Heelwat later, op Donderdagaand 5 Oktober, het Cambridge se Presbiteriaanse kerkkoor die kantate Esther aangebied met mnr. en mev. Griffith in die hoofrolle van koning en koningin.²⁹ Geen volledige verslag is geplaas nie.

'n Latere berig het slegs gemeld dat die werk 'n 'cordial reception' ontvang het en dat dit op versoek weer op 19 Oktober herhaal sou word.³⁰

Sondagaandkonserte

'n Reeks Sondagaandkonserte, beskryf as Sacred Concerts, is in Oktober en November 1922 onder die aanvoering van signor Fiore en sy orkes in die Vaudette-teater aangebied. Die opvallend luimige en selfs uitspattige aard van die aanbiedinge het egter getoon dat die pogings geensins met gewyde musiek verband gehou het nie.

Hierdie konserte het natuurlik onmiddellike aanklank by die algemene publiek gevind. Nie alleen het die resesent ná die eerste aanbieding op Sondag, 15 Oktober verklaar dat 'Sunday concerts is now an accepted treat for East London' nie, maar bygevoeg dat 'an early frontal attack on the doors of the Vaudette' die volgende Sondag nie uitgesluit was nie.³¹ Die orkes het die program met 'the usual bright march' geopen, gevolg deur AUBER se Masaniello. Mev Bennett het die gehoor bekoor met die lied Absent, maar haar toegif, I love the moon, 'brought the house down'. Signor Fiore het 'n 'delightful' dulcitolosolo voorgespeel, gevolg deur drie orkesitems waaronder The Motor Rider. Hierdie item 'convulsed the audience' en die resesent was van mening dat Henry Ford should have been present. He appeared to be well represented.

Die rasende sukses van die item is gevolg met KATELKY se Tangled Tunes, 'a work of art for a conductor to unravel'. Volgens die resesent was dit in hierdie item 'that we fully grasped the versatility of Signor Fiore and his orchestra'.

Vier soortgelyke aanbiedinge is die daaropvolgende vier Sondagaande gehou. In die besonder het die aanbieding van 29 Oktober geesdriftige reaksie uitgelok.³² 'n Tenoor 'of repute', Leonard Boyne, het die gehoor oorrompel met sy vertolkings van Friend en Songs of Araby. Benewens die

sprankelende spel van die orkes het mnr. Hobart Seymour die gehoor laat wonder waar sy viool was in die Il Travatore-keurspel, 'and it is believed some of the balcony are still wondering'. Hierdie diversiteit is as 'extremely pleasant' omskryf. Die koerant het hierdie item nie verder toegelig nie. Voorts is gemeld dat daar 'never a flagging moment during the whole concert' was.

Dat hierdie geleentheid as Sacred Concerts geklassifiseer kon word is ondenkbaar, en dit wil eerder blyk dat enige program wat op 'n Sondag gegee is, as gewyd beskryf is - nie oor die program nie maar oor die Sondag.

Kerkmusiek

Goodacre het die St. John-gemeente tydelik uitgehelp en op Sondagaand 24 September 'n Musical Service daar gehou waarvan die vermeldde gemeente se koor en Goodacre deelgeneem het.³³ Laasgenoemde se bydraes het bestaan uit VINCENT se Grand Offertoire, BACH se Fuga op die lied van St. Ann, en op spesiale versoek, DVORAK se Humoreske.

In Desember is twee Kersdienste gehou. Op Sondagaand 17 Desember het Chapman die volgende werke in die St. George-kerk voorgespeel: Christmas Fantasy (FOULKES) en Fantasy on old Carols (BEST).³⁴ Sy koor het vier kersliedere gesing:

Weer eens was die Kersdiens op Sondagaand 24 Desember in die Trinity-kerk van 'n opvallend gewigtiger aard. Keurspele uit Die Messias van HANDEL is aangebied.³⁵ (Dit is tog jammer dat Chapman, oor wie se bevoegdheid daar geen twyfel was nie, nie Goodacre se konstruktiewe voorbeeld gevolg het om werke van ernstiger aard aan te bied nie.) Met 'n koor van vyf en veertig stemme is die volgende uittreksels uit Die Messias gesing: And the Glory, Glory to God, Worthy is the Lamb en die Hallelujah-koor, terwyl die vertolking van He was Despised deur mej. Nelly Shepherd (kontralto), van Bloemfontein, as 'the gem of a really good first attempt at oratorio' beskryf is.

Orreluitvoerings

Orreluitvoerings het in 1922 tot 'n skamele vier gekrimp. Goodacre, wat hierdie aspek van gewyde musiek met soveel ywer in 1921 uitgedra het, het net twee uitvoerings behartig, terwyl sy kollega Chapman ook slegs twee keer opgetree het.

Met ondersteunende items deur sy koor en mej. Melville het Goodacre op Sondagaand 5 Februarie net een werk, naamlik die St. Ann's Fugue van BACH voorgespeel.³⁶ Daarbenewens het hy improvisasies op welbekende gesange behartig. Een van die koor se items was uit MENDELSSOHN se St. Paulus-oratorium, naamlik How lovely are the messengers. Goodacre se volgende orreluitvoering het op Sondagaand 2 April plaasgevind.³⁷ Hy is ondersteun deur mej. Nellie Shepherd van Bloemfontein, wanner in die mezzo-sopraan seksie in Oos-Londen se eerste kunswedstryd in Januarie 1921.

Verrassend was die feit dat Chapman se konsert op 2 November van 'n gewigtiger aard was.³⁸ Afgesien van ROSSINI se Wilhelm Tell-ouverture en twee ander werke, het hy MENDELSSOHN se Orrelsonate no. 4 uitgevoer. Violsolo's, liedere en koor-items is ook gelewer. Op Vrydagaand 23 Junie het Chapman nog 'n uitvoering behartig waarin hy sewe solo's voorgespeel het, aangevul deur koor- en vioolitems.³⁹

2.1.5 Samevatting

In sy geheel gesien het gewyde musiek nie sy regmatige plek in die musieklewe van Oos-Londen ingeneem gedurende die tydperk 1919 - 1922 nie. Nieteenstaande die feit dat enkele aanbiedinge van 'n konstruktiewe, verrykende aard was, was die meeste konserte van 'n oppervlakkige gehalte. Hierdie faktor het meegebring dat aanbiedinge van gewyde aard in 'n groef van populariteit en veralgemening verval het.

Dit was hoofsaaklik die bydraes van die orrelis en koormeester van die Trinity-kerk, Edward Goodacre, wat werklik stukrag aan dié genre verleen het. Goodacre se Kerssangdienste

in 1920 en 1921, waartydens etlike uittreksels uit Die Messias gesing is, sy opvoering van verskillende kantates en sy talle orreluitvoerings wat af en toe deur werke van standaard-gehalte verryk is, het meegewerk tot 'n stewiger musikale beeld. Benewens sy en sy koor se lofwaardige pogings, het die opvoering van kantates deur verskillende gemeentes die genre verryk. Dit was veral die kerkkore van die St. Saviour en St. John-gemeentes wat met verdienstelike aanbiedings vorendag gekom het.

'n Beduidende vervlakking in die gehalte van aanbiedinge ná 1921 het daartoe gelei dat gewyde musiek se groeiproses geknou is. Alhoewel Chapman en Goodacre nog enkele verdienstelike pogings geloods het, het die konserte nie van inisiatief en vooruitgang gespreek nie. Daarbenewens het die sogenaamde Instrumental en Vocal Sacred Concerts totaal en al nie die karakter van gewyde musiek gehad nie. Veral die konserte van 1922 het die klassifisering 'gwyd' bespotlik gemaak.

Ten spyte dus van enkele lofwaardige pogings en neigings het gewyde musiek nie ontplooi tot 'n volwaardige, integrale aspek van die musieklewe van Oos-Londen nie.

3 VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1919 - 1922

3.1 'n Bloeitydperk 1919

In teenstelling met die moeisame groeiproses wat konserte van ernstiger aard ondervind het, het inwoners van Oos-Londen op die gebied van verskeidenheidskonserte in 1919 'n fenomenale bloeitydperk beleef. Dit is hoofsaaklik teweeggebring deur die oprigting van die Comrades-saal in Oxfordstraat, ook bekend as die Comrades Club, wat gedien het as 'n heenkome vir terugkerende soldate. Aanbiedinge in die saal het een keer per week voorgekom en talle gevestigde ensembles, asook vooraanstaande amateurs, het daar opgetree. Die besondere uiteenlopendheid en plooibaarheid van die genre het meegebring dat vermaaklikheidsgangers 'n wye keuse gehad het.

Aangesien so 'n magdom aanbiedinge spontaan en ywerig deur Oos-Londen se plaaslike amateurs beoefen is, was die konserte merietegewys van wisselende aard.

3.1.1 Pogings deur ensembles

Die White Diamonds

Hierdie groep (kyk Deel III, p. 520) het op Vrydagaand 14 Maart die Comrades Club beset en 'n 'packed house' was die gevolg.¹ Hulle aanbieding is gekenmerk deur

the finish and vim for which the troupe is famous, the solos and choruses being excellently rendered and the jokes most laughable.

Oos-Londen se 'one and only' Minstrel Company het weer op Vrydagaand 3 Oktober in die Comrades Club opgetree; dié keer in 'n uitvoering van die burlesk Ebenezer Sponspeck CMC (Coloured Member of Congress) 'of a Negro's Dream'.² Ver-rassend egter was die ondersteuning 'distinctly disappointing'. Daarbenewens was dié musikale inhoud maar skraal. Wel is melding gemaak van banjokeurspele deur die Strolling Minstrels, wat waarskynlik 'n groep van die White Diamonds

was. Oorsigtelik beskou het hulle aanbiedinge in 1919 nie die impak van die vorige jaar gehad nie.

The Lyric Concert Party

Op Donderdagaand 3 April het dié groep hulle aanbieding in die Comrades Club met 'n 'rousing chorus' geopen.³ Vir hulle vertolking van die lied Hoola Boola is hulle geluk gewens met 'the blending of the voices' wat as 'perfect and certainly pleasingly fascinating' omskryf is. Afgesien van kooritems het die geselskap geskitter in die lewering van etlike liedere en duette. 'n Vokale kwartet Strange Adventures wat in die tweede helfte gelewer is, is beskryf as 'n 'haunting item', terwyl die groep se begeleier mnr. Raphael gekomplimenteer is op sy spel.

Hierdie geselskap het weer op Woensdag 21 Mei in die Comrades Club opgetree en is deur 'n volgepakte saal begroet.⁴ Hulle het sestien items gelewer, waaronder die kwartet Strange Adventures - 'a fascinating piece'. In die tweede helfte is onder meer gesing Hush a Bye, I Wish I were a Dog like You, K-K-Katy en 'n duet A Paradise for Two.

Catholic Choral Union

Hierdie ensemble se konsert op Vrydagaand 25 April was een van hulle beste ooit (kyk Deel III, pp. 517, 522-523). Agtien items, onder meer die liedere Serenade deur mej. Carver en Slow Eyes deur mej. Green, is uitgevoer. Die koor het die volgende kanons gesing: All nature smiles en Gaping Catch.

Die Irresponsibles

'n Nuwe vokale groep van sewe lede was op Vrydagaand 17 Oktober verantwoordelik vir 'n 'very enjoyable evening to a crowded house' waar liedere, humoristiese liedere, dans- en klavier-items gelewer is.⁶

3.1.2 Konserte georganiseer deur amateur-musici

Mev. Ogilvie

Op karakteristiek-energieke wyse het mev. Ogilvie met nie minder nie as vyf programme in 1919 vorendag gekom, waarvan twee musikale revues was. Haar ryke verskeidenheidspogings in die Comrades Club het op Donderdagaand 27 Februarie⁷, Vrydagaand 16 Mei (vyf en dertig items)⁸, en Vrydagaand 20 Junie (sewe en twintig items)⁹ plaasgevind. Al die aanbiedinge het vol sale getrek.

Naas bovermelde aanbiedinge het sy ook twee musikale revues gereël. Ten bate van die Welcome Home Fund for Returned Soldiers, het sy en haar komitee op Vrydag- 2 en Saterdag- aand 3 Mei die revue Cowboy Pete met oor die dertig items in die stadsaal aangebied.¹⁰ Die dekoraspekte was besonder treffend, maar musikaal het die revue nie veel ingehou nie. Nieteenstaande 'n puik opvoering van die musikale revue in twee bedrywe Hallo, East London op Vrydagaand 19 Desember in die stadsaal, het die opkoms nie aan die verwagtinge voldoen nie.¹¹ Al die deelnemers 'played the parts allocated to them excellently while the staging was all that could be desired', terwyl 'n orkes bestaande uit drie eerste viole, 'n kornet, tjello, fluit en kontrabas, 'very enjoyable music' voorgespeel het. Die werk is weer op Saterdag 17 Januarie 1920 herhaal, maar weer is net 'n 'moderate attendance' aange- teken.¹² Vyftien veranderinge is aangebring, maar nog het die werk nie voldoende trefkrag gehad nie. 'n Besliste lig- punt was egter die spel en sang van mej. Goodman.

Mnr. Raphael

Mnr. Raphael, begeleier van die Lyrics, het twee pogings in die Comrades Club aangebied, een op Woensdag 26 Maart¹³ en een op Vrydag 10 Oktober, wat geklassifiseer is as 'certainly one of the most artistic programmes'¹⁴. In eersgenoemde aanbieding het hy 'n draai-orrel, 'n musiekdoos en 'n orrel op die klavier nageboots, terwyl hy in die tweede aanbieding 'n 'delightful' klaviersolo, 'n Prelude in d mineur, asook al die begeleidings uiters kunstig hanteer het.

3.1.3 Verskeidenheid gehandhaaf

In hierdie trant het die vloedgolf van aanbiedinge in die Comrades Club voortgeduur. Bykans veertig aanbiedinge, wat feitlik deurgaans vol sale getrek het, het in 1919 daar plaasgevind.¹⁵ Die Comrades Club kon om en by vierhonderd mense huisves. Aangesien die aanbiedinge in wese dieselfde karaktertrekke openbaar het, is dit oorbodig om al die orige aanbiedinge hier te beskryf.

Slegs een ander aspek verdien vermelding, naamlik die verskeie klein orkesensembles wat na vore getree het:

'n Orkessie bestaande uit mejj. Jackson, Burns, Welson en Alstrom en mnre. Aikman en Wolstenholme, het opgetree in 'n aanbieding op Saterdagmiddag 10 Mei toe die saal 'packed to its utmost capacity' was, 'in fact many had to be turned away'.¹⁶ Op Saterdagmiddag 14 Junie was die Comrades Club 'more than packed' toe onder meer mev. Ogilvie se Patriotic Orchestra, bestaande uit mejj. B Sutherland, P Sutherland, E Kurtz, S Kurtz, E Ross, M Nelson en Jackson, 'all with their violins', opgetree het.¹⁷ (Ongelukkig is geen werke genoem nie.) Die Butcher's Club Orchestra het op Donderdagaand 2 Oktober die komposisies Nights of Gladness en Sunset on the St. Lawrence voorgespeel.¹⁸ Hulle optrede het so 'n bietjie lig oor die akoestiese vermoëns van die saal gewerp:

The lowness of the ceiling at the Comrades Club renders the concert room quite unsuitable for a big orchestra, which in fact reacted detrimentally upon the efforts of Mr. Boys and his colleagues.

Hierdie aanbiedinge het beslis die musieklewe van Oos-Londen in 1919 oorheers en ter wille van 'n meer volledige beeld van aktiwiteite, word 'n volle verslag aangehaal oor 'n konsert wat op Donderdag 18 September in die Comrades Club plaasgevind het:¹⁹

Many highly successful concerts have been staged at the Comrades Club, but there is little doubt that those who attended that arranged by the Secretary for last Thursday will be unanimous in agreeing that the programme rendered

then surpasses all its predecessors in general all-round musical excellence. Some 300 seats were occupied; many had standing room only, and we understand that the financial result was very satisfactory. The programme opened with an Overture by the Misses. Jones and Sutherland and Messrs. Aikman and Hampson, and was thoroughly enjoyed. Mrs. Ellender was at her very best and contributed four songs, and still the audience clamoured for more. Her rendering of Me and My Gal took the house by storm. Messrs. Jones, Alle, Meyer, Gregg, Kirkham and Kirkland all rendered splendid service, two or three having to respond to repeated calls. Violin solos were rendered by Messrs. Carrington and Hampson, and the former had to respond with another. The banjoists, Messrs. Barraud, and Joplin, played four duets in excellent fashion and still the house called for more. Mr. Raphael contributed two pianoforte solos and was in tip-top form. Miss. Alexanderson also rendered two pianoforte solos which delighted the audience. Mr. Hamill, ever popular with his whistling solos, contributed two items. Mrs. Ramos and Miss. Nunn, both maintained their excellent records, and but for the lateness of the hour - both ladies being programmed late in the second half - would certainly have had to respond to calls for more. The dancers were the misses. Seiderer and Carlisle, and their efforts were pleasing - particularly the Water Lilies. Mr. Aikman rendered a cornet solo which was much enjoyed. Mrs. Rance, the Misses. Jones, Gillings, Carrington, Hamill, and Wickenden and Mrs. Raphael and Barrand presided at the piano (Miss. Kathleen Jones doing the lion's share of the work) and all contributed handsomely to the success of the evening. Twenty-four items actually figured on the programme - and all the artists were exceptionally good; but as a matter of fact thirty-eight items were rendered, yet the entertainment closed at 10.15 pm., which reflects credit upon all concerned.

Dié verslag asook al die ander wat opgeteken is, het getoon dat:

- Vermaak en verskeidenheid die publiek se voorkeur geniet het;
- Vakkundige evaluering totaal afwesig/onnodig was;
- Die publiek geesdriftige ondersteuning en reaksie by dié tipe konserte openbaar het.

Onteenseglik het die stortvloed van aanbiedinge - wat soos reeds gesien, uiters plooibaar en prismaties was - bevestig dat Oos-Londen oor 'n omvangryke talenteskat beskik het. Tog, soos by vorige situasies gemeld is, is dit 'n jammerte dat **die** talente nie saamgesnoer is in die beoefening van musiek van hoër gehalte en waarde nie.

3.2 Momentum gehandhaaf 1920

Verskeidenheidskonserte se opvallendste kenmerk - 'n pot-pourri van liedere, sketse, voordragte, humoristiese liedere en so meer - is getrou nagevolg in die hele aantal aanbiedings wat in 1920 plaasgevind het.

3.2.1 Dominoes Concert Party

Ten behoewe van die Amalinda English Church-boufonds, het die Dominoes Concert Party - 'n 'merry band of entertainers' - op Saterdag 14 Februarie 1920 voor 'n volgepakte Village-saal in Amalinda opgetree.²⁰ Liedere, sketse en voordragte was aan die orde van die dag en die 'local gags' wat ingevoeg is, het die mense rasend gehad.

3.2.2 Ensemble-musisering en dansitems opvallend

Van meer betekenis was 'n aanbieding wat op Woensdagaand 28 April in die St. Saviour-saal onder die beskerming van die Girls' Association van die betrokke kerk plaasgevind het.²¹ Buiten 'n klugspel, musikale tablo's en liedere, het die instrumentale trio's van mejj. Jackson, Hey en Mills die gehoor gewys 'what good music is and how it should be played'. Daarbenewens het 'little country lads and lasses', dansleerlinge van mej. Stein, Comin thro the Rye opgevoer.

Ensemblespel en dansitems was ook die uitnemende kenmerke van 'n Scout's Jamboree Concert wat op Saterdag 29 Mei voor 'n volgepakte stadsaal in Cambridge plaasgevind het.²² 'n Aantal instrumentale kwartette is aangehoor, maar die gewildste item van die aand was vier van mej. Helen Murray se dansleerlinge wat 'dainty steps' en 'perfect time' ten toon gestel het, en luide applous uitgelok het. Nog 'n aanbieding wat die Boy Scout's Jamboree Fund se belange op die hart gedra het, het op Saterdag 5 Junie voor 'n volgepakte drilsaal plaasgevind, georganiseer deur mev. Ogilvie se Famous War Workers Committee.²³

Byna al bovermelde aanbiedings het vol sale getrek - 'n faktor wat duidelik die Oos-Londen publiek se voorkeure toegelig het. Ook laasgenoemde aanbieding is deur ensemble-musisering versier. 'n Vokale kwartet het die lied Sometimes vertolk, terwyl die Male Voice Glee Party ook 'n aantal items gelewer het. Dansitems het nou 'n algemene verskynsel geword en nog 'n leerling van mej. Stein, mej. Carlisle, het opgetree en die komposisie A la Danse met 'graceful youth' aangebied. Voorts het die ellelange program bestaan uit verpersoonlikingsitems, dansitems, liedere, voordragte en humoristiese liedere.

Opvolgend het geslaagde aanbiedinge plaasgevind op Woensdag-aand 9 Junie in die St. Peter-saal op die Wesbank¹⁴, en op Woensdagaand 25 Augustus in die Comrades' Club wat 'packed' was.²⁵ Laasgenoemde aanbieding is weer deur mev. Ogilvie georganiseer. Weer eens was die program ongemaklik lank; twee en dertig items. Aanbiedinge in die Comrades Club het later in die jaar tot een per maand uitgedun.²⁶ Daarbenewens het die wakker vermaaklikheidsgroep The Lyrics (kyk Deel III, pp. 513 - 515) in September drie suksesvolle optredes in die stadsaal behartig.²⁷ Hulle is onder andere aangeprys vir hulle 'beautifully balanced' sang. Hulle sou weer later in September en ook in Desember in die stadsaal optree.²⁸

Dit is tog jammer dat die sprankel en spontaneïteit van verskeidenheidskonserte nie ook op konsertvlak ondervind is nie.

3.3 Afplating 1921

In 1921 het daar 'n afname in die getal verskeidenheidskonserte ingetree. Konserte is nog maandeliks in die Comrades-saal gehou, maar die aanbiedinge het geensins meer van 'n hoë gehalte of vernuwing getuig nie. Uit 'n musikaal-ernstige oogpunt beskou was die verwikkeling beslis 'n bemoedigende tendens, aangesien meer amateurs nou hulle talente aan aanbiedinge van 'n ernstiger aard kon wy. Die feit dat Oos-Londen nou meer konserte van 'n ernstige aard as konserte van verskeidenheidsaard geloods het, het getuig van 'n gesonde groeiproses. (Kyk Deel IV, pp. 564 - 572.)

Benewens 'n sprankelende vertoning deur die Lyrics in Januarie 1921 in die stadsaal²⁹, is Oos-Londen se verskeidenheidsplatform in April versier deur nog 'n vermaaklikheidsgroep, The Melody Merchants - 'n 'talented little company of ten performers'.³⁰ Altesaam vier en twintig items, bestaande uit liedere, duette en koorwerke is deur die groep gelewer. Hoogtepunte was die sang van mej. Troup met die lied Whispering, asook 'n duet saam met mnr. Harding, Better late than never, en die sang van mej. M de Villiers met City of Laughter en Play me that tune. Uit die mansgeledere - die geselskap was gelykop tussen dames en here verdeel - was mnr. Palmer en Harding die 'shining lights'. Hierdie geselskap het weer in Desember opgetree en benewens hul gebruiklike items is ook kwartette en sekstette ingesluit.³¹

Al ander noemenswaardige gebeurtenis in die verskeidenheidsfeer was twee konserte wat op 2 en 3 Desember in die Our Lady-saal, ten behoeve van fondse vir die 5th East London Troop of Boy Scouts plaasgevind het.³² Benewens liedere, danse, voordragte, instrumentale keurspele, goëltoertjies, asook twee sketse, het 'n instrumentale trio, bestaande uit mej. Vaux-Ellis (viool), mnr. Sykes (klavier) en mnr. Swan (tjello) opgetree. Hulle het 'n werk van MOSZKOWSKI, Melodie, voorgespeel en die item is selfs as die 'outstanding item of the evening' bestempel.

3.4 Afplattung duur voort 1922

Enkele pogings van gehalte het in 1922 voorgekom. Desnieteenstaande was die gebrek aan die hoeveelheid aanbiedinge in dié genre steeds opvallend. Verskeidenheidskonserte het in dié jaar op 'n ongewone hoë noot afgesit toe 'n aanbieding van besonder uiteenlopende aard op Saterdag 14 Januarie in die stadsaal aangebied is.³³ Die nuusblad het die aanbieding as 'n Grand Vocal and Instrumental Concert geklassifiseer. Benewens 'n aantal sketse, dansitems, liedere en humoristiese liedere, is 'n aantal ernstige werke aangehoor. MENDELSSOHN se Rondo Capriccioso is deur mej. Weinbren (goue medaljewenner van Oos-Londen se eerste kunswedstryd) vertolk, mej. Vaux-Ellis het 'n vioolsolo Allegro Brilliant

van TEN HAVE gespeel, terwyl laasgenoemde dame, mnr. Swan (tjello) en mev. Peterson (klavier) 'n trio van GURLITT aangebied het. Mejj. Vaux-Ellis en Weinbren het hoë lof met hul solo-items ingeoes.

Totaal kontrasterend was die musikale skets Lola wat op Donderdag 18 tot Saterdag 20 Mei in die stadsaal opgevoer is onder die organisatoriese sorg van mejj. W en E Hartigan.³⁴ Uit 'n visuele oogpunt beskou was die aanbieding 'n 'huge and undoubted success', maar ongelukkig was ander aspekte nie so geslaagd nie. Dit was veral die toneelspel wat nie aan die verwagtinge voldoen het nie.

Die plooibare struktuur van verskeidenheidskonserte is voorts in Augustus en Oktober beklemtoon toe drie Naval Concerts in Oos-Londen aangebied is.³⁵ Beslis prysenswaardig was die bydraes van die Orchestral Band van die skip HMS Lowestoft op Woensdagaand 4 Oktober. Die ensemble het nie alleen sommige deelnemers in hulle vertolkings van liedere ondersteun nie, maar self ook ses items gelewer. Een van die items was die eerste deel uit die Onvoltooide Simfonie van SCHUBERT.

Intussen het musiekaktiwiteite in Cambridge gedy en nie alleen is die Cambridge Music Society in die lewe geroep nie (kyk Deel IV, pp. 622 - 625), maar ook 'n Cambridge Orchestra.³⁶ Die nuutgestigte ensemble se eerste Concert and Dance het op Woensdagaand 6 September voor 'n volgepakte Katolieke-saal in Cambridge plaasgevind.³⁷ Mnr. Benson, die dirigent, is gelukkig met die feit dat hy in 'n kort tydjie daarin geslaag het om 'n hoë standaard met die ensemble te bereik. Geen verdere beriggewing oor hulle aktiwiteite het voorgekom nie, behalwe dat hulle enkele kere vir die Cambridge Music Society opgetree het.

3.5 Samevatting

Verskeidenheidskonserte was gedurende en net na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog 'n welkome en nuttige uitlaatklep vir terneergedrukte gemoedere. Geen wonder dus dat dié genre

so 'n bloeiende periode in 1919 beleef het nie. Patriotisme is in 1919 so effe op die lange baan geskuif, maar verskeidenheidskonserte het nou ander doelwitte gehad. Liefdadigheidsorganisasies het nog steeds fondse benodig terwyl die Comrades Club 'n heerlike plek van samekoms vir terugkerende soldate was.

Gaandeweg egter - veral in 1921 tot 1922 - het daar 'n klemverskuiwing ingetree. Konserte van ernstiger aard het groter aanhang geniet en dit was duidelik dat verskeidenheidskonserte minder gesog begin word het. Nie alleen het die aanbiedinge opvallend uitgedun nie, maar selfs items van ernstige aard is ook in die programme opgeneem.

Alhoewel verskeidenheidskonserte steeds die platform vir uitgelate vermaak en ligte, ontspannende musiek was, het die dominansie daarvan beslis gekwyn. As in gedagte gehou word dat die klemverskuiwing in Oos-Londen 'n groter bewuswording van ernstige musiek teweeggebring het, was die insinking in hierdie konteks beoordeel 'n seën.

4 AANBIEDINGE DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS/GESELSKAPPE
1919 - 1922

4.1 KONSERTE 1919 - 1922

Ná die leë jaar 1919 waarin net een aanbieding voorgekom het, het konserte deur besoekende kunstenaars algaande in getal en gehalte toegeneem. Belangrike bydraes is gemaak en in 1921 het hierdie konserte 'n hoogtepunt bereik.

4.1.1 Invloed van oorlog negatief 1919

Die feit dat slegs een aanbieding in 1919 plaasgevind het, en toe deur 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar, was 'n duidelike bewys van die ontwrigtende invloed van die Eerste Wêreldoorlog. Dié aanbieding was 'n orreluitvoering in die Trinity Wesliaanse-kerk op Donderdagaand 3 April deur prof. P K de Villiers ARAM, van Bloemfontein.¹ Sy spel het sy 'great reputation as an accomplished organist' gestand gedoen. Hy het 'n hele aantal eie komposisies voorgespeel: Cantilena Aurelia, Koraal met variasies en In Memoriam. Die Suite Gothique van BOELMANN het getuig van sy 'wonderful combination of stops and masterly technique' terwyl The Rosary van NEVIN bestempel is as die 'gem of the evening'. Twee vokale bydraes is gelewer deur mev. De Villiers en mnr. J Lones.

4.1.2 Geringe oplewing 1920

In 1920 was daar 'n effense oplewing in die getal konserte deur besoekende kunstenaars. Die aanbiedinge was uiteenlopend van aard, en van hoë gehalte.

John Connell het Oos-Londen weer besoek (kyk Deel III, p. 540) en op Maandagaand 12 Julie 'n orreluitvoering in die St. Saviour-kerk gegee.² Hy het die volgende werke gespeel:

Ride of the Valkyries

WAGNER

Symphonie Pathetique

TCHAIKOVSKY

Tokkate in F majeur

BACH

Mars op 'n tema van Handel

GUILMANT

Barcarolle

LE MARRE

AD 1920

MACDOWELL

Die kerkgebou was stampvol, en as 'pure organ tone and form' was die BACH-komposisie die beste item. Op versoek sou hy nog 'n uitvoering op Maandag 19 Julie in die St. George Presbiteriaanse-kerk gee. In reaksie op talle versoeke sou hy 'n storm in sy improvisasie naboots.

Die volgende konsert deur 'n besoekende kunstenaar het eers heelwat later, op Saterdag 23 Oktober, plaasgevind.³ Tydens dié geleentheid was Oos-Londen se musiek liefhebbers bevoorreg om 'n kontralto van wêreld-gehalte, Jenny Sonnenberg, te hoor. Sy is bygestaan deur Robert Kofsky, Suid-Afrika se voorste tjellis en Minnie Freeman LRAM (klavier). Die bywoning was uitstekend en daar was geen twyfel dat mej. Sonnenberg oor 'n 'magnificent voice' beskik het nie:

full and resonant in the lower register, of considerable compass and rich and true throughout, even in the upper notes, where so many contraltos are weak.

Haar bydraes was: J'ai perdu mon Euridice (GLUCK), Ah mon Fils (MEYERBEER), Ave Maria (BACH-GOUNOD), Softly awakes my heart uit Simson en Delilah (SAINT-SAËNS), drie SCHUBERT-liedere My Double, Death of the Maiden en My Love Abode, asook Oh what comes over the sea (COLERIDGE-TAYLOR) en Starry Woods (PHILLIPS).

Hierdie uitstaande konsert is in Desember opgevolg deur die Arnold Harmonic Quartette wat met ewe groot gemak in die ernstige, jazz en ragtime kategorieë vertolk het.⁴ Hierdie ensemble het bestaan uit: mejj. Doris Arnold LRAM (klavier en viool) en Muriel Percy (viool en danseres), mme. Russell (harpspeelster en begeleidster, voorheen van die Carl Rossa Opera Company) en mnr. Arnold (klarinet, ook voorheen van bogenoemde geselskap). Die groep het van Donderdag 9 tot Saterdag 11 Desember in die Sons of England-saal opgetree waar hulle opvoerings aanvanklik nie goeie ondersteuning geniet het nie. Oor die meriete van hul aanbieding was daar egter geen twyfel nie en hulle eerste

konsert het die resensent behoorlik in vervoering gehad:

Nothing more sweet, more beautiful, or more delightfully melodious and inspiring has been heard in the city for quite a while.

Die kunstenaars is luid toegejuig en is op al negentien items toegifte gevra te midde van die gematigde opkoms:

presumably because the public did not give credence to the intimation that such accomplished artistes were in our midst.

Tien van die items is deur die kwartet behartig en het onder meer ingesluit:

<u>Melodie, Le Cygne</u>	SAINT-SAENS
<u>Danse Grottesque (Cossack Revels)</u>	TSCHAKOFF
<u>Intermezzo simfonica (Cavalleria Rusticana)</u>	MASCAGNI
<u>Hongaarse Dans no. 5</u>	BRAHMS
<u>Dramatic Valse Triste</u>	SIBELIUS
<u>Barcarolle O Belle Nuit</u>	OFFENBACH
<u>Everything is Peaches down in Georgia</u>	MEYER
<u>Indiese Liefdesliedere</u>	WOODFORDE-FINDEN

Individuele bydraes het onder meer ingesluit die vioolwerke Reverie (VIEUXTEMPS) en Souvenir op. 22 no. 3 (DRDLA) en Polonaise in A-mol majeur op. 53 (CHOPIN). Hul optredes het beslis aanklank gevind aangesien die Sons of England-saal gepak was tydens hulle laaste optrede op Saterdagand 11 Desember.⁵ Hierdie aanbiedinge het op versoek gelei tot verdere optredes in Desember.⁶

4.1.3 1921 'n Hoogtepunt

Nie alleen was daar in 1921 'n opvallende toename in die getal konserte deur besoekende kunstenaars nie, maar was die aanbiedinge van 'n uitnemend artistieke gehalte. Die aanbiedinge was nie net onder die hoogtepunte van die musiek-aktiwiteite van Oos-Londen in 1921 nie, maar ook hoogtepunte van sy musiekgeskiedenis in die geheel. Kunstenaars van wêreldgehalte het nuwe vitaliteit aan Oos-Londen se musiekale lewe verleen, wat meegebring het dat die musiek liefhebber se belangstelling in musiek van ernstige aard toegeneem het.

Sydney Rosenbloom

Die pianis-komponis Sydney Rosenbloom het op Saterdag 19 en Dinsdag 23 Februarie in die stadsaal opgetree.⁷ Sy besoek is beskryf as 'an event of the first importance to all music lovers'. Op versoek van verskeie plaaslike musici - as dit waar was, het dit getoon dat musiekliedhebbers se smaakvoorkeure opvallende vordering getoon het - is BEETHOVEN se Appassionata-sonate ingesluit.

Nieteenstaande die feit dat die ondersteuning tydens die uitvoering op Saterdag 19 Februarie meer bemoedigend kon wees, was 'n verblydende faktor die groot getal musiekleerlinge wat hul opwagting by die uitvoering gemaak het.⁸ Hulle is deur die resensent vir hulle 'intelligent interest displayed' geprys. Uit die staanspoor was dit duidelik dat Rosenbloom 'n pianis van uitsonderlike talent was. Die resensent se positiewe indrukke van sy vertolking van die sonate verdien insluiting:

His opening selection was that immortal classic, BEETHOVEN's Sonata Impassionata (sic!) which he rendered with all the fire and feeling of a finished artiste coupled with a purity of tone, a controlled emotion, and a sympathetic handling which proved him a musician in the fullest sense of the word, one, that is, who is not content to render the compositions of the great masters with flawless technique and execution, but who interprets them in accordance with his own sense of the composers' meanings, and is skilful enough to convey that interpretation to his audience. The audience sat in almost awed silence during the twenty-five minutes occupied by the playing of the piece, forgetting in the music almost to appreciate the physical skill of the player, but at the close, breaking into loud and sustained applause, necessitating half a dozen reappearances ere the testimonies of delight died away.

Sy meriete as komponis het aan die lig gekom in die volgende werke: Air, Variasies en Finale op. 23, Romance Triste en 'n Scherzo. Rosenbloom se bydraes in die tweede helfte was: Ballade in g mineur (CHOPIN), Bird Song (PALMGREN), The Sea (PALMGREN), March Militaire (SCHUBERT-TAUSIG) en twee Etudes van CHOPIN. Na afloop van die briljante vertolking van die SCHUBERT-TAUSIG-werk, het die resensent die situasie so opgesom:

The heat was so intense, and the rendition of such a programme demanded great physical endurance, but there was no pity in the hearts of the hearers.

Rosenbloom het gehoor gegee deur twee toegifte voor te speel: Study on the black notes van CHOPIN en LISZT se Liebestraum no. 3.

Sy tweede klavieruitvoering op Dinsdagaand 23 Februarie het bestaan uit:⁹

<u>Etudes Symphonics</u>	SCHUMANN
<u>La Campanella</u>	LISZT
<u>Marche Militaire</u>	SCHUBERT-TAUSIG
<u>Variasies en Fuga op. 16</u>	ROSENBLROOM
<u>Prelude en Fuga (orrel)</u>	BACH-LISZT
<u>Insect's Dance op. 17</u>	ROSENBLROOM
<u>Konsertstudie in G-mol majeur</u>	ROSENBLROOM
<u>Ballade op. 47</u>	CHOPIN
<u>Impromptu op. 36</u>	CHOPIN
<u>Prelude in g mineur</u>	RACHMANINOFF
<u>Danse Negre</u>	CYRIL SCOTT

'n Groter toehoorderstal was teenwoordig, 'proving that the fame of this brilliant musician has spread throughout the ranks of music lovers in East London'. Die feit dat 'n dorp 'the size and importance of East London' nog nie oor 'n eersrangse konsertvleuel beskik het nie, is deur die resesent betreur.

Mona Watson

Hierdie goeie konserte is op Woensdagaand 6 April opgevolg met een deur die belowende jong Suid-Afrikaanse sangeres, Mona Watson.¹⁰ Volgens berigte het sy oor 'an unusually high soprano of light quality and much sweetness' beskik.¹¹ Sy het die bystand geniet van 'n violiste, Mai Oberhäuser van King William's Town. Mej. Watson het in 1919 na Suid-Afrika teruggekeer nadat sy geruime tyd by die Royal Academy of Music onder Frederick King gestudeer het, en sou later weer na Londen vertrek. Haar veelsydigheid in vele stylsoorte, van 'n groep HANDEL-arias tot by 'n Waltz Song uit Tom Jones

was baie opvallend. Die 'flute like' kwaliteit van haar stem het die effektiëfste in die aria Ah, fors et lui uit La Traviata (VERDI) na vore gekom. Ander liedere wat sy gesing het, was The Bell Song uit DELIBES se opera Lakme - die lewering van hierdie lied 'roused the audience to a high pitch of enthusiasm' - 'n sangsiklus van HURLSTONE, asook 'n komposisie deur haarself, The Jocund Dance.

Mark Hambourg

Nie alleen was die toename in konserte deur besoekende kunstenaars 'n verblydende tendens nie, maar is die belangrike faktor, naamlik die bekendstelling van werke van ernstiger aard, nie agterweë gelaat nie. Dié feit is weer duidelik toegelig toe die uitstaande internasionale pianis Mark Hambourg op Donderdagaand 9 Junie 'n klavieruitvoering in Oos-Londen gegee het.¹² Sy program was:

<u>Orrel-Prelude en Fuga in a mineur</u>	BACH-LISZT
<u>Sonate op. 27 no. 2</u>	BEETHOVEN
<u>Nocturne in B majeur op. 9 no. 3</u>	CHOPIN
<u>Polonaise in B-mol majeur op. 71 no. 2</u>	CHOPIN
<u>Berceuse op. 57</u>	CHOPIN
<u>Sonate in b-mol mineur op. 35</u>	CHOPIN
<u>Caprice Chinoise</u>	SCOTT
<u>Dans (Midnight Sun)</u>	RIMSKY-KORSAKOFF
<u>Shepherds' Hey</u>	PERCY GRAINGER
<u>Rhapsody no. 11</u>	LISZT

Hambourg se pianistiese en musikale vermoëns is die hoogste lof toegeswaai. ('n Vorige besoek deur hom is volledig behandel - kyk Deel II, pp. 381 - 383.) Benewens die artistieke sukses van die konsert was die resensent verheug oor die goeie opkoms

proving that the musical taste and feeling for which East London was renowned in the past has not died out.

(Hierdie opinie was wensdenkend aangesien Oos-Londen se musiekkliefhebbers bekend was vir hulle wispelturige ondersteuning ten opsigte van konserte van ernstiger aard.) Voorts het hy die sinvolheid van sulke konserte toegelig:

Such visits do an immense amount of good in stimulating and cultivating a taste for music with a capital M as opposed to the ragtime and jazzes so popular with the majority at present; the problem of it is that real artists' visits are so few and far between, and that maestros like Mark Hambourg are only able to give us one evening.

Fort Hare Native Choir

Na dié skitterende konsert het 'n hele aantal optredes deur ensembles van uiteenlopende aard gevolg. Onder leiding van prof. D D T Jabavu het die Fort Hare Native Choir van twintig lede op Donderdagaand 30 Junie in Oos-Londen opgetree.¹³ 'n Program van 'plantation melodies', volkswysies, asook items van 'n 'classical type' en 'n aantal instrumentale keurspele het die gehoor groot genoegdoening verskaf. Hulle sang is as 'exceedingly fine' beskryf. Een van die werke van ernstiger aard was MENDELSSOHN se I Waited for the Lord.

Kaapse Simfonie-orkes

Van omvangryke aard en betekenis was die besoek van die Kaapse Simfonie-orkes onder leiding van Theophil Wendt wat op Saterdagmiddag 30 Julie om 14h45 in die stadsaal opgetree het.¹⁴ Die rede vir die middagvertoning was sodat 'the members of the Orchestra may be able to join the mailboat the same evening'. In die lig van die orkes se voorgenome besoek het 'n voormalige inwoner van Kaapstad die volgende raad vir plekaanwysers gehad:¹⁵

When performing in the City Hall at Cape Town, the ushers on duty close the doors as soon as an item is commenced, in order to prevent any late comers inconveniencing those who are listening. I should like to suggest that this procedure should be followed when the orchestra performs here. The clatter and noise occasioned by the ushers running about and throwing down the seats for late-comers at the performances at our City Hall is most unpleasant.

Hierdie pleidooi het beslis vrugte afgewerp, aangesien die dagblad die dag voor en die dag van die konsert die publiek ingelig het dat 'doors will be kept closed during the items'.¹⁶ Die program het die volgende kommentaar uitgelok:

There is nothing high-brow about it and nothing 'caviare to the general', and yet all the numbers are of the finest musical quality.

Die program was:

Duverture	<u>Tannhäuser</u>	WAGNER
Danse	<u>Casse-Noisette Suite</u>	TSCHAIKOVSKY
Vioolsolo	<u>Largo in G majeur</u>	HANDEL Ellie Marx
	<u>Andante vir strykers</u>	MOZART
Danse	<u>Danse Macabre</u>	SAINT-SAENS
	<u>Peer Gynt Suite</u>	GRIEG
Tjello solo	<u>Le Cygne</u>	SAINT-SAENS Eric Leftwich
	<u>Cat's Dance en Wals</u> <u>(Sleeping Beauty)</u>	TSCHAIKOVSKY
	<u>The See's Wedding</u>	MENDELSSOHN
	<u>Kaukasiese sketse</u>	IPPOLITOR-IVANOV

Groot lof is die ensemble van veertig lede toegeswaai en die meer as duisend mense in die gehoor het die orkes se spel hoog waardeur.¹⁷ Dit het van afronding getuig en dit was duidelik dat hulle 'under the most perfect control' was. Al die werke het positiewe kommentaar uitgelok behalwe die WAGNER-komposisie wat deur nie-musikale faktore belemmer is: die resensent was van mening dat dit 'something of its impressive grandeur' moes inboet as gevolg van die beperkinge van die verhoog.

Ellie Marx, Elsie Hall, Pattie Price

In Oktober is aangekondig dat die violis Ellie Marx, wat lank die konsertmeester van die Kaapstadse orkes was, maar intussen sy bande met hulle verbreek het, Elsie Hall, die beroemde Kaapse pianiste en Pattie Price, 'n mezzo-sopraan, op Vrydag 18 en Saterdag 19 November in Oos-Londen sou optree.¹⁸ Die drie sou die volgende werke aanbied:¹⁹

18 November 1921

Klaviersolo's	<u>Prelude en Fuga</u>	MENDELSSOHN
	<u>Ballade in A-mol majeur</u>	CHOPIN
	<u>Le Caquet</u>	DANDRIEU
	<u>Gigue</u>	LOEILLY
	<u>Fantasie (Rigoletto)</u>	VERDI-LISZT

Violsolo's	<u>Praeludium Allegro</u>	KREISLER
	<u>Aria op 'n G-snaar</u>	BACH
	<u>La Capriccieuse</u>	ELGAR
	<u>Poeme</u>	FIBICH
	<u>Tema en Variasies</u>	KREISLER
Viool- en klavier	<u>Sonate in F majeur</u>	GRIEG
Sangsolo's	<u>Phyllis has such charming grace</u>	
	<u>My Lovely Celia</u>	
	<u>The Forsaken Maiden</u>	
<u>19 November 1921</u>		
Klaviersolo's	<u>Fantasie in c mineur</u>	BACH
	<u>Andante en Rondo Capriccioso</u>	MENDELSSOHN
	<u>Poissons D'or</u>	DEBUSSY
	<u>Wedding March en</u>	MENDELSSOHN-LISZT
	<u>Dance of the Elves</u>	
Violsolo's	<u>Andante (Violkonsert)</u>	MENDELSSOHN
	<u>Cansonetta</u>	GODARD
	<u>Caprice Viennois</u>	KREISLER
	<u>Spanish Dance</u>	SARASATE
Viool- en klavier	<u>Kreutzer-sonate</u>	BEETHOVEN
Sangsolo's	<u>Go not Happy Dog</u>	SOMERVILLE
	<u>Annie Laurie</u>	SOMERVILLE
	<u>The Sailor's Life</u>	SOMERVILLE

Sekere viool- en klavierkomposisies uit die eerste program, en die Andante en Rondo Capriccioso en Andante uit die Violkonsert van MENDELSSOHN uit die tweede program, was werke wat vir Oos-Londen se eerste kunswedstryd wat in Januarie 1922 sou plaasvind, voorgeskryf was. Alle voorgenome deelnemers is aangeraai om seker te maak dat hulle hierdie werke sou aanhoor. 'Genuine scholars' sou teen halfprys toegelaat word en die vergunning is vir die Saterdag-aand-konsert ook op bona fide musiekstudente van toepassing gemaak.²⁰

'n Uiters bevredigende opkoms is by die eerste uitvoering ondervind, en volgens die resensent was dit 'n bewys dat die inwoners van Oos-Londen 'high-class' musiek kon waardeer

wanneer dit aangebied is.²¹ Gelukkig het die tendens, naamlik dat musiek liefhebbers konserte van ernstiger aard beter ondersteun het, toegeneem (kyk Deel IV, pp. 564 en 570). GRIEG se Sonate was 'an almost perfect exhibition of combined playing' en die dissipline, beheersde spel en fyn musikale aanvoeling van die twee kunstenaars het gesorg daarvoor dat een nie oorheers het nie. Elsie Hall het voorts pragtige komplimente ontvang vir haar helder, eksakte spel. Sy het die volgende toegifte voorgespeel: CHOPIN se Studie in G-mol majeur en PALMGREN se Bird Song. Ellie Marx se spel was 'n openbaring en die ryk, vol, resonante toon wat geprojekteer is in die uitvoering van BACH se Aria op 'n G-snaar het die gehoor 'spellbound' gelaat. Van hoogstaande gehalte was ook die sangitems deur Patti Price. Sy het oor 'n 'beautiful mezzo-soprano of considerable power and flexibility' beskik, wat veral in die lied Phyllis Has Such Charming Grace geblyk het. Hierdie gevarieerde program waarin werke van standaard-gehalte uitmuntend uitgevoer is, was beslis 'n verrykende en opheffende gebeurtenis vir die talle mense wat hulle opwagting gemaak het. Die resensent was van mening dat:

the slow dispersal of the audience was the most emphatic proof of their enjoyment of the evening's fare.

Ook hulle tweede aanbieding is deur 'quite a good attendance' en geesdriftige reaksie gekenmerk.²²

Sydney Rosenbloom

Hierdie konserte wat aan Oos-Londen se musiek liefhebbers soveel genot verskaf het, is ten laaste in 1921 afgesluit met nog twee klavieruitvoerings deur die pianis-komponis Sydney Rosenbloom. Hy het op Woensdag 14 en Saterdag 17 Desember in die Our Lady-saal opgetree en musiek liefhebbers op verruklike spel getrakteer.²² Sy programme was as volg:

14 Desember 1921

Waldstein-sonate

BEETHOVEN

Carnaval op. 9

SCHUMANN

Fantasie in f mineur

CHOPIN

Wals in A-mol majeur

CHOPIN

<u>Polonaise in f-kruis mineur</u>	CHOPIN
<u>Prelude in B majeur</u>	ROSENBLOOM
<u>Prelude in D majeur</u>	ROSENBLOOM
<u>Scherzo in B-mol majeur</u>	ROSENBLOOM
<u>Polonaise in E majeur</u>	LISZT

17 Desember 1921

<u>Carnaval op. 9</u>	SCHUMANN
<u>Sonate in g mineur op. 22</u>	SCHUMANN
<u>Bird song</u>	PALMGREN
<u>Scherzo in b-mol mineur op. 31</u>	CHOPIN
<u>Etude in E-mol majeur op. 10 no. 11</u>	CHOPIN
<u>Etude in B majeur op. 25 no. 18</u>	CHOPIN
<u>Etude in c mineur op. 25 op. 12</u>	CHOPIN
<u>Rapsodie in C majeur op. 11</u>	CHOPIN
<u>Studie in C majeur op. 5 no. 3</u>	ROSENBLOOM
<u>Studie in F majeur op. 5 no. 2</u>	ROSENBLOOM
<u>Capriccioso in f-kruis mineur op. 8</u>	ROSENBLOOM
<u>Rapsodie no. 12</u>	LISZT

Die twee konserte het weer aan musiek liefhebbers intense genoegdoening verskaf. Nie alleen is standaard-komposisies aan die publiek bekend gestel nie, maar was die uitvoering daarvan artistiek en oortuigend. Konserte op plaaslike vlak het in dieselfde jaar in toenemende mate werke van ernstige aard ingesluit (kyk Deel IV, pp. 564 - 572). Die konserte deur besoekende kunstenaars het dus beslis die plaaslike amateurs gestimuleer en geïnspireer.

4.1.4 Standaard gehandhaaf 1922

Alhoewel daar 'n afname in die getal aanbiedinge in 1922 was, het die gehalte van die konserte nie gedaal nie.

Arnold Harmonic Quartette

Op Vrydag 20 en Saterdag 21 Januarie het die veelsydige Arnold Harmonic Quartette Oos-Londen weer besoek met 'n program van 'up-to-date' ragtimes en 'the best classical

music'.²⁴ Hul eerste aanbieding was betreklik lig van aard en het onder meer bestaan uit die Valse Triste van SIBELIUS, die Barcarolle uit Die Verhale van Hoffman en SAINT-SAENS se Le Cygne. Individueel het mej. Muriel Percy (viool) hoë lof ingeoes met Variations Burlesque on Yankee Doodle (HENLEY) en Liebeslied (KREISLER). Sy het haarself ook as 'n 'charming' danseres bewys met puik vertonings in klassieke- en moderne dans. Mej. Arnold het 'artistry' getoon in haar vertolking van 'n Prelude van RACHMANINOFF en LISZT se Konsertstudie in D-mol majeur. Mnr. Arnold se klarinetsolo's het 'n polka, Perles Fines van BAUME, 'n Serenade en Ave Maria met variasies van SCHUBERT ingesluit. Op die harp het mme. Russell verskeie Walliese en nasionale airs gelewer, en saam met die ander twee dames die werke Wearing o' the Green en Ye Banks and Braes.

Benewens hulle konsert op Saterdag 21 Januarie het hulle ook op Donderdagaand 26 Januarie opgetree.²⁵

Kaapse Simfonie-orkes

Die beroemde Kaapse Simfonie-orkes het Oos-Londen weer op Saterdag 27, Maandag 29 en Dinsdag 30 Mei besoek met programme wat oorheersend lig, sentimenteel en gewild van aard was.²⁶ Hulle Saterdagagaandprogram was getiteld A Musical Tour Round Europe en het onder meer bestaan uit:²⁷

Engeland	<u>A Children's Overture</u>	QUILTER
Wallis	<u>Men of Harlech</u>	GERMAN
Oostenryk	<u>Blue Danube</u>	STRAUSS
Finland	<u>Valse Triste</u>	SIBELIUS
Rusland	<u>1812-Ouverture</u>	TCHAIKOVSKY

Sewentien lande is op dié manier verteenwoordig; Suid-Afrika deur Botha's Boys'-mars van WENDT.

Die program vir die Maandagaand het komposisies van TCHAIKOVSKY, WEBER, HOLST, GLAZOUNOV, DVORAK en RIMSKY-KORSAKOV bevat. Ook die Dinsdagaand is 'n populêre program aangebied wat onder andere komposisies van ROSSINI, SULLIVAN, MENDELSSOHN en

TCHAIKOVSKY ingesluit het.²⁸ Ten spyte van die wye keuse is Wendt versoek om die volgende werke by die laaste uitvoering in te sluit: Onvoltooide simfonie van SCHUBERT, MOZART se Towerfluit-ouverture en die Prelude en slottoneel uit Tristan en Isolde van WAGNER. Die orkes het deurgaans pragspel gelewer en dit was uiters bemoedigend dat besonder groot gehore die uitvoerings bygewoon het.

Harold Samuel

Daaropvolgend het die gevierde Engelse pianis Harold Samuel op Dinsdagaand 26 September 'n klavieruitvoering in die stadssaal van Oos-Londen aangebied.²⁹ Samuel, in lokberigte geloof as 'the finest living interpreter of BACH', het die volgende werke gespeel:

<u>Tokkate in c mineur</u>	BACH
<u>Franse Suite in G majeur</u>	BACH
<u>Preludes en Fugas (ses)</u>	BACH
<u>Partita in c mineur</u>	BACH
<u>Etude in A-mol majeur</u>	CHOPIN
<u>Wals in c-kruis mineur</u>	CHOPIN
<u>Rapsodie in b mineur</u>	BRAHMS
<u>Prelude in G majeur</u>	RACHMANINOFF
<u>Prelude in B-mol majeur</u>	RACHMANINOFF

Ongelukkig het die bywoningstal nie aan die verwagtinge voldoen nie, maar dié wat wel teenwoordig was 'made up in enthusiastic appreciation what they lacked in numbers'. Die resesent se analise van die aard en struktuur van BACH se musiek weerspieël insig:

Mr. Samuel has made a special study of old John Sebastian, and today he is without a rival as an interpreter of that master's music. There is a fairly general impression that BACH's music is severe and uninteresting, that much of it is of the nature of a very elaborate and complicated musical jigsaw, and that the human element is hardly to be found in it. Nothing could be further from the truth, as those who heard Mr. Samuel last night will readily admit. True, BACH is not much favoured by the amateur, partly because of his technical difficulty and partly because sloppy and sentimental stuff is not to be found in his works. Technique, and plenty of it, is the first essential for the pianist who would attempt BACH, for there is no room for

slovenliness and the slurring over of difficult passages, the besetting faults of most amateurs. Every note has its value and importance; and unless every note is played as it should be, the beauty of the composition is impaired. But something more is needed than technique and accuracy; the interpreter must bring sympathy and understanding to bear on his work.

Aan die einde van die ontleding het die resesent tot die slotsom gekom:

And yet behind all this intricate network of sound, this ingenuity of invention and master of technicalities, there is a real warm-blooded human soul.

Die Tokkate en die Fuga in C-kruis majeur is uitgesonder as die mees uitstaande items en Samuel is geloof vir die 'remarkable light and shade' wat hy aan die werke verleen het.

Kaapse Simfonie-orkes

Ná hierdie hoogs betekenisvolle konsert is Oos-Londen weer op Saterdag 30 September, Maandag 2 en Dinsdag 3 Oktober vereer met 'n besoek deur die Kaapse Simfonie-orkes.³⁰ Oor die algemeen was die werke lig van aard behalwe vir die Onvoltooide simfonie van SCHUBERT, die Nuwe Wêreld-simfonie van DVORAK en die Simfonie no. 5 van BEETHOVEN. Laasgenoemde werk is op Dinsdagaand 3 Oktober uitgevoer en die orkes is geloof vir 'n 'masterly and inspiring rendering of the immortal work'.³¹

4.1.5 Samevatting

Konserte deur besoekende kunstenaars was gedurende die periode 1919 - 1922 in meer as een opsig belangrike gebeurtenisse. Nie alleen is kunstenaars van wêreldgehalte aangehoor nie, maar die konserte was ook 'n platform vir die bekendstelling van ernstige werke.

In 1921 het aanbiedinge in dié genre 'n hoogtepunt bereik. In die jaar was Oos-Londen bevoorreg om die volgende kunstenaars en ensembles aan te hoor: Sydney Rosenbloom (klavier), Mona Watson (sang), Mark Hambourg (klavier), die Fort Hare Native

Choir, die Kaapse Simfonie-orke, die geselskap bestaande uit Ellie Marx (viool), Elsie Hall (klavier) en Pattie Price (sang), die Arnold Harmonic Quartette en Harold Samuel. Werke van ernstige aard het die programinhoud oorheers, en meer nog, die werke is gunstig deur die publiek ontvang. 'n Besonder verblydende faktor was die feit dat die algemene musiek liefhebber hom al hoe meer tot aanbiedinge van 'n ernstige aard gewend het. Heelwaarskynlik het Oos-Londen se musiek liefhebbers 'n versadigingspunt ten opsigte van ligte, populêre musiek bereik.

4.2 VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1919 - 1922

4.2.1 Afplating

Nieteenstaande die feit dat enkele verdienstelike verskeidenheidskonserte in die periode 1919-1922 voorgekom het, is die geheelbeeld een van trae momentum en oppervlakkige kwaliteit.

Steele-Payne Bellringers

Benewens optredes in November 1917 en Desember en Januarie 1918-1919 (kyk Deel III, pp. 545 en 546), het die Steele-Payne Bellringers Oos-Londen weer in Desember 1919 besoek.³²

African Theatres

Afgesien van die besoeke van dié groep, was al ander aanbieding in 1919 'n opvoering van die Kersfeespantomime Aladdin and His Wonderful Lamp op Dinsdagaand 4 Maart deur African Theatres.³³ Ten spyte van die lywige afmetings van die aanbieding, is die opvoering deur 'n konstante vitaliteit gekenmerk.

In 1920 was daar 'n effense oplewing in die getal verskeidenheidskonserte deur besoekende geselskappe.

New London Company

Die revue Thumbs up is vanaf Dinsdagaand 27 April 1920 in

die stadsaal deur die New London Company opgevoer.³⁴ Oor die aard, kwaliteit en impak van revue het die resensent beslis sy bedenkinge gehad:

You can't criticise revue. You like it or dislike it, but there are no rules for the author in its construction and none for the critic when he feels like destruction. Revue is Bolshevism on the stage, the product of an age which builds shacks out of motor-car packing-cases, while the bricklayer doubles his wages and halves the amount of the bricks he lays. With patience you sit through it till the curtains drop, amused in places, bored in others, and rather disgusted from time to time. The chief blessing is that you go home without wanting to whistle any of the tunes you've heard, because you haven't heard any.

Hierdie revue wat maar van swak gehalte was, het die resensent opsommend laat verklaar dat dit 'n opvoering was met 'no principles and only two principals'. Die twee hoofspelers was 'n dame en 'n heer wat enkele voortreflike sang- en dansitems gelewer het.

Musical Comedy Company

'n Meer toeganklike aanbieding is gegee deur Leonard Rayne se Musical Comedy Company wat op Donderdag 3 en Vrydag 4 Junie in Oos-Londen opgetree het.³⁵ Op 3 Junie is die musiekblyspel The Belle of New York, wat altyd gewilde aanklank in Oos-Londen geniet het, met matige sukses voor 'n 'excellent' gehoor opgevoer. Verskeie van die hoofspelers het nie beïndruk nie en die hele opvoering se sukses het grootliks gesteun op die sprankelende vertolking van Laurence Leinster as Karl Pumpnickle, 'the polite lunatic'. Daarbenewens was die sang slegs gangbaar terwyl die kooritems 'rather weak' was. Die dansitems was egter aanskoulik en bo die gemiddelde.

Hul tweede opvoering was die komiese opera La Poupée. Ook hierdie opvoering is gekenmerk deur swak koorsang en trae momentum. Benewens 'n dame wat die hoofrol van Alesia uitmuntend vertolk het, is Leinster weer geloof vir die feit dat hy die 'life and soul' van die opvoering was. Kapsie is egter gemaak teen 'n mme. Ailarius wat gedaal het na 'vulgarity to get laughs'.

New Musical Comedy Company

Twee maande later het nog 'n musiek-komediegroep, die New Musical Comedy Company van African Theaters teatergangers geprikkel toe hulle op Donderdagaand 19 Augustus in Oos-Londen geopen het met Katinka, 'one of the most delightful musical comedies staged here for some time'.³⁶ 'n 'Excellent house' het die openingsopvoering, wat gekenmerk was deur 'tuneful music, excellent dancing and charming costumes', ondersteun. As hoofspeelster is Zoe Corner gekomplimenteer vir haar aanvallige sang en 'pretty frocks'. Yes Uncle is op Vrydagaand 20³⁷ en Our Miss Gibbs op Saterdagdagaand 21 Augustus opgevoer.³⁸

Sleeping Beauty

In die daaropvolgende jaar het 'n geselskap van Dinsdagaand 1 Maart 1921 vier opeenvolgende aande die pantomime The Sleeping Beauty met groot sukses opgevoer.³⁹ 'n 'Abundance of rollicking fun and some admirable singing and dancing' het die pantomime gekenmerk. Ongetwyfeld was die ster van die aanbieding mnr. Lupino, 'the world's greatest dance comedian', skitterend ondersteun deur die sangeresse mejj. Leigh en Ellis. Eersgenoemde dame is as 'n 'exceptionally sweet singer' geklassifiseer, terwyl mej. Ellis geloof is vir haar pragtige kontralto. Hierdie aanbieding het 'immense popularity' geniet, met die gevolg dat nog twee bykomende opvoerings op Saterdag 5 Maart plaasgevind het.

Musical Madcaps

In die daaropvolgende week, vanaf Donderdagaand 10 tot Saterdagdagaand 12 Maart het die Musical Madcaps in Oos-Londen opgetree.⁴⁰ Hierdie groep van vyf lede wat 'intense in their skill in entertaining' was, se sang was 'superb', en in die besonder dié van mejj. Jeffries en Anderson.

Steele-Payne Bellringers

Met 'n kort seisoen wat op Maandagaand 26 Desember begin het, het die Steele-Payne Bellringers Oos-Londen se vermaaklikheids-gangers weer groot genot verskaf.⁴¹

Momentum traag 1922

Verskeidenheidskonserte kon maar nie op dreef kom nie en in 1922 is plaaslike vermaaklikheids-gangers ook op net twee aanbiedinge getrakteer.

Op Vrydag 15 en Saterdag 16 September het die Scarlet Troubadours in Oos-Londen opgetree en nie 'n wafferse indruk gelaat nie.⁴² Al ander aanbieding in hierdie genre in 1922 was 'n Concert Recital deur Enos Bacon op Saterdag-aand 7 Oktober in die Victoria-saal.⁴³ Bacon is bestempel as die Yorkshire Nightingale en het sy toehoorders getrakteer op monoloë, 'dramatic recitals' en sang.

4.2.2 Samevatting

Verskeidenheidskonserte deur besoekende geselskappe het nie gedurende die tydperk 1919-1922 'n belangrike rol in die musieklewe van Oos-Londen gespeel nie. Aanbiedinge was nie net baie sporadies nie, maar het soms ook mank gegaan aan kwaliteit. Daarbenewens is die musikale aspekte van sommige aanbiedinge totaal oorheers deur humoristiese situasies en talle dansitems. Nieteenstaande die feit dat die Steele-Payne Bellringers 'n uiters begaafde geselskap was, het hulle gaandeweg aan gewildheid ingeboet deurdat hulle Oos-Londen te gereeld besoek het. Afgesien van die Bellringers kon net een of twee ander geselskappe van musikale meriete in die genre getuig, naamlik die Musical Madcaps en die groep wat in Maart 1921 in die stadsaal opgetree het.

Verskeidenheidskonserte het 'n beduidende insinking getoon gedurende die periode 1919-1922. Nie net was die tendens waarneembaar in die geval van besoekende geselskappe nie,

maar ook op plaaslike vlak. In vreugdevolle teenstelling was daar besondere oplewing in konserte van ernstiger aard - op besoekers- sowel as plaaslike vlak.

4.3 OPERAS 1919 - 1922

4.3.1 Oplewing ontbreek

Geen buitelandse operageselskappe het Oos-Londen gedurende die tydperk 1914-1922 besoek nie, en dit was slegs twee besoeke deur die operageselskap van King William's Town wat aan dié genre 'n bietjie lewe verleen het.

GILBERT en SULLIVAN se The Yeomen of the Guard is op Saterdag 16 Oktober 1920 in die stadsaal met wisselvallige meriete opgevoer.⁴⁴ Dit is egter entoesiasties ondersteun. Kenmerkend van die geselskap was die puik spel van die orkes onder die leiding van mnr. Woodrow.

Nog 'n GILBERT en SULLIVAN-komposisie, Pirates of Penzance, is op Saterdag 19 Augustus 1922 opgevoer.⁴⁵ Gebrekkige diksie het in sommige van die liedere voorgekom, maar die resesent was van mening dat dit die saal se skuld kon wees. Een van die uitstaande individuele optredes was dié van mev. C Beresford wie se sang en toneelspel 'n ieder en 'n elk in vervoering gehad het. Die koorsang is uitgesonder as 'one of the features of the performance', terwyl die orkes weer eens geloof is vir hulle 'high standard'.

5 KOMPETISIES EN KUNSWEDSTRYDE 1921 - 19225.1 Musical Competition 1921

'n Globale blik oor die bedrywigheede van 1920 toon dat 'n nuwe gees van inisiatief en ontwikkeling posgevat het. Om al hierdie pogings op die plaaslike front hegte saam te snoer, is die prysenswaardige besluit vroeg in Desember 1920 geneem om 'n Musical Competition op 28 en 29 Januarie 1921 in die stadsaal te hou.¹ Daar sou in die kategorieë vokaal, instrumentaal en artistieke dans meegeding word met goue en silwer medaljes as toekennings. 'n Week later is die voorgeskrewe werke bekend gemaak:²

Singing Contest

Soprano	<u>A Request</u> , key C or D major - WOODFORDE FINDEN
Mezzo Soprano	<u>May Dew</u> , key A flat (Contralto Album Boosey, Cavendish Book 85) - BENNETT
Contralto	<u>Kashimiri song</u> , key B flat (from <u>Indian Love Lyrics</u>) - WOODFORDE FINDEN.
Tenor	<u>Where'er you Walk</u> , key B flat - SEMELE (Cavendish Book 131) - HANDEL
Baritone	<u>Devout Lover</u> , key E flat - WHITE
Bass	<u>Shipmates O'Mine</u> , key F - SANDERSON

Competitors in Singing Contests can only compete in one voice.

Vocal duets

Soprano and Contralto	<u>A Madrigal in May</u> , key G - NEWTON.
Tenor and Bass	<u>Love and War</u> , key C (Cavendish Book 85) - COOKE
Mixed Duet	Open to Male and Female Voices. Own choice of Duet.

Instrumental ContestPiano

Senior	<u>Hexentanz op. 17 no. 2</u> - MACDOWELL
Junior	<u>Song without words no. 14 in c minor, op. 38 no. 2</u> MENDELSSOHN

Violin

Senior	<u>Humoreske</u> (Arranged by Rehfeld) - DVORAK
Junior	<u>Madrigal</u> - SIMONETTE (age 15 or under)

An official Accompanist will be provided, but Competitors may bring their own if they desire to do so.

Dancing Contests

Junior	<u>Sailors' Hornpipe</u> (Children up to the age of 13 years)
--------	---

Senior

Spring Song - MENDELSSOHNPrizes

First Prize - Gold Medal; Second Prize - Silver with Gold Edge.

In Januarie 1921 is 'n dringende beroep op die 'music-loving public' van Oos-Londen gedoen om onverwyld hulle steun aan die onderneming toe te sê.³ Hulle is voorts daarop gewys dat die sukses van die poging sou bepaal 'whether or not a competition on the lines of the Johannesburg and Cape Town Eisteddfod is held later in the present year'. Pos-inskrywings sou tot so laat as 26 Januarie aanvaar word. Die beoordelaars vir die geskiedkundige gebeurtenis was mnr. Goodacre, Burns en lt.-kol. Smedley Williams (sang en instrumentaal), mnr. Myers en mej. Greenwood (dans), terwyl mnr. Leslie Needham as amptelike begeleier sou optree.⁴

Hierdie prysenswaardige instelling het op velerlei terreine die stoutste verwagtinge oortref:⁵

An Eisteddfod (if Welshmen will forgive the use of the term) on so large a scale was quite an innovation so far as this town is concerned, but the response on the part of local and visiting artistes was so extensive, the competition for the handsome gold and silver medals offered so keen, and Saturday's audience so genuinely appreciative, that it is proposed to hold a similar function during the winter season in June or July on an even bigger scale, and once a start has been made, and the fact demonstrated that the local public are behind the movement, it is hoped to promote in East London a musical festival second to none in South Africa. It is an ambitious project, but enterprise when supported by enthusiasm, good organisation and attention to detail, is rarely unrewarded, and there can be no doubt that such a festival would do more than anything else possibly could to foster and stimulate the local talent in which East London is so peculiarly rich, especially amongst the rising generation.

Hierdie eerste unieke poging is deur die Holiday Season and Publicity Committee georganiseer. Vyf en dertig inskrywings, wat deur 'n uitdun-rondte na twee en twintig verminder is, is ontvang. Die artistieke hoogtepunt was ongetwyfeld die sang van die kontralto, mev. Jack van King William's Town, wat met haar 'beautifully rich and well-trained voice' 'n goue medalje ingepalm het. Haar interpretasie van die Kashmiri Lied van FINDEN was 'n verruklike ondervinding. In die sopraankategorie

het mev. Franz Moeller die wenmedalje verower, gevolg deur 'n mej. Sutherland met die silwer medalje, terwyl mnr. Leslie McCallum (goue medalje) en mev. Franz (silwer medalje) onderskeidelik in die tenoor- en mezzo-sopraan kategorieë geseëvier het. In die kategorie vir bas het mnr. Griffiths met die louere weggestap, gevolg deur mnr. Carlisle. In die klavierafdeling (senior), het mej. Green 'n silwer medalje ingepalm en mejj. Attwell en Doreen Moeller goud- en silwermedaljes onderskeidelik in die junior kategorie. Laasgenoemde dametjie 'could hardly climb on the music stool without assistance'. MENDELSSOHN se Spring Song het goeie geleentheid aan die danseresse gebied, en die 'graceful agility' van mej. Morey het die knoop vir haar deurgehaak met mej. Gwen Jenkins in die tweede plek. Sailor's Hornpipe is deur die juniors vertolk met mej. Wrenford in die eerste plek en mej. Cooks in die tweede plek.

5.2 Oos-Londen se eerste volwaardige kunswedstryd, Januarie 1922

Dié eisteddfod was nie Oos-Londen se eerste nie, alhoewel die resesent in een van sy verslae dit so genoem het. Die eerste volwaardige kunswedstryd het op Vrydag 6 en Saterdag 7 Januarie 1922 in die stadsaal plaasgevind.⁶ Daar is om pryse in 'n wye veld meegeding. Voorlopige beoordeling het op 5 Januarie geskied, en belanghebbendes is meegedeel dat die sluitingsdatum vir inskrywings 15 Desember was.⁷

Hierdie kunswedstryd was 'n groot sukses.⁸ Puik organisasie, geesdriftige belangstelling deur beide deelnemers en die publiek, beoordelaars van hoogstaande gehalte en enkele uitstaande vertolkings het die gebeurtenis 'n hoogtepunt in Oos-Londen se musieklewe gemaak. As objektiewe waarnemer het die beoordelaar van die vokaal-instrumentale afdeling, prof. Wilby, uiters gunstige kommentaar oor die peil van musiek in Oos-Londen gelewer. Afgesien van dié pluimpie, was 'n ander bemoedigende faktor die feit dat deelnemers van ander provinsies - Transvaal, Natal en die Oranje-Vrystaat - ook deelgeneem het. Oor die eenhonderd en sewentig inskrywings is ontvang en daar is in die kategorieë

klavier, viool, sang, tjello en ballet meegeding.⁹ Om vir toekennings in aanmerking te kom is 'n hoë standaard gestel: 75% vir 'n bronsmedalje, 85% vir 'n silwermedalje en 95% vir 'n gouemedalje. Kandidate wat puik musikale voordragte gelewer het - toevallig almal van Johannesburg - was onder andere jongehr. Ambrose in die kategorie 14 tot 18 jaar met CHOPIN se Nokturne in E-mol majeur, jongehr. Borman Sack, met die Andante uit die Vioolkonsert van MENDELSSOHN, en mej. Lena Weinbren met MENDELSSOHN se Andante en Rondo Capriccioso in die senior kategorie, klavier.

6 VERENIGINGS 1919 -1922

In die hele tydperk 1919-1922 het net twee verenigings tot stand gekom, albei in 1922. In Maart is die Cambridge Music Society gestig en in Junie 1922 die West Bank Choral Society. Nieteenstaande die feit dat die Cambridge-vereniging veel meer geesdrif as die Wesbank-vereniging openbaar het, het nie een van die twee 'n noemenswaardige invloed op die musieklewe van Oos-Londen gemaak nie. Die rede hiervoor was dat die musiekaktiwiteite van die Cambridge-vereniging te oppervlakkig was, terwyl die Wesbank-vereniging nie werklik aan die gang kon kom nie.

6.1 Cambridge Music Society

Die wenslikheid van 'n Cambridge Musical Society is op 'n vergadering op Dinsdagaand 21 Maart in een van die raadsale agter die stadsaal van Cambridge bespreek.¹ Die gedagte was 'to commence rehearsing some choral work or give a series of concerts to foster the promotion of good music'. 'n 'Large and representative gathering' was genoegsame bewys dat vele ten gunste was van so 'n vereniging. Eenparig is besluit om so 'n vereniging te stig en mnr. Burns, wat die voorstander van die gedagte was, is tot voorsitter gekies. In sy openingsrede het hy verklaar:

It was a regrettable fact that to-day one heard very little work of an oratorio nature, and he hoped by this means to foster this art. Once the Society got down to real work, it should be possible to give concerts monthly, and by varying the programme between instrumental, vocal and oratorio items, gain the full support of the public.

Ledegeld sou vyf sjielings wees en alle lede sou die werke wat ingestudeer moes word, self aankoop.

Dié nuutgestigte vereniging se eerste konsert het om 20h15 op Woensdagaand 10 Mei in die Cambridge-stadsaal plaasgevind.² Onstuimige weer het ongelukkig 'n groot opkoms verhinder. Mnr. Burns se aanvanklike idee om 'n oratorium op te voer, is nie tydens die konsert verwesenlik nie, aangesien die program 'n verskeidenheidsryke samestelling van individuele instrumentale en vokale items was. Twee duette

uit Il Trovatore (VERDI), klaviersolo's van SCARWENKA en SCHÜTT, 'n klavierduet van BRAHMS, en liedere van SULLIVAN, ADAMS, GERMAN, FISHER en NICHOLLS is aangehoor. Daar was geen vokale ensemble items nie. Al die items is met sukses bekroon en belanghebbendes is in dieselfde verslag ingelig dat repetisiesessies met die oog op die uitvoering van sir STANFORD se The Revenge, gebaseer op 'n ballade van TEMPSON, om 20h00 op Maandag 22 Mei in die Cambridge-stadsaal sou begin.

Alhoewel hulle tweede poging wat op Saterdag 5 Augustus in die Cambridge-stadsaal plaasgevind het, steeds nie oratoriumwerke ingesluit het nie, het die program darem twee koorwerke bevat wat deur 'n koor van vyftig lede uitgevoer is.³

Die program was:

Liedere	<u>The Miller's Wooing</u>	SULLIVAN Koor
	<u>The Long Day Closes</u>	SULLIVAN Koor
	<u>The Valley of Laughter</u>	SANDERSON Mev. Griffith
	<u>Soul of Mine</u>	BAINES
	<u>The Devout Lover</u>	Mnr. McGregor
Klaviersolo's	<u>Valse de la Reine</u>	COLERIDGE- TAYLOR Mej. White
	<u>Polonaise in A majeur</u>	CHOPIN Mej. Attwell
Vokale kwartet	<u>In this Hour of Softened Splendour</u>	PINSUTI
	<u>A Regular Queen</u>	SULLIVAN Mevv. Griffith, Burns en mnr. Watson en Griffith

Ongelukkig is die aanbieding nie gerensenseer nie.

Hulle derde poging op Saterdag 11 November, weer in dieselfde stadsaal, het die volgende werke ingesluit: vier meerstemmige liedere deur die koor, Vikings Songs (FANING), Comrades Song of Hope (ADAMS), O Peaceful Night (GERMAN) en Old Scotch (LAURIE) met mnr. W en I Robertson

en T Thompson en mev. Martin en mej. Morrison as soliste.⁴ 'n Nuutgestigte ensemble, die Vincent Orchestra, het onder meer die Toy-simfonie van ROMBERG gespeel. Te midde van slegte weer was die saal gevul met 'n 'appreciative audience'. Al die items is voortreflik uitgevoer, maar die koorsang is uitgesonder as die 'outstanding feature' van die aand se verrigtinge.

'n Daaropvolgende artikel het gemeld dat die vereniging voortaan van die dienste van 'n instrumentale ensemble gebruik sou maak, steeds met die gedagte om werke van ernstiger aard bekend te stel:⁵

In order to more closely foster the musical interests of the Cambridge community, the above society contemplates inaugurating an instrumental section to assist the choir in rendering music of a more heavy and classical nature, and to this end, the assistance of those with a knowledge of the following instruments are required: violins, violas, 'cellos, double bass, flute and piccolo, clarinets, horn, cornets, trombone, euphonium, and percussion.

Dat hierdie vereniging se basiese uitgangspunt beslis prysenswaardig was, ly geen twyfel nie - net jammer dat hul konserte nie hulle voornemens, waaraan Oos-Londen beslis 'n behoefte gehad het, uitgevoer het nie.

Hul eerste konsert in die munisipale gebied van Oos-Londen het op Maandagaand 11 Desember in die Sons of England-saal plaasgevind.⁶ Die koor het met oortuigende bydraes vorendag gekom, onder meer met die programmatiese werk Song of the Vikings. 'n Uitstaande solo-item was die vertolking van die 'extremely difficult song' Floral Dance van MOSS deur mnr. MacGregor. 'n Ander puik item was die duet Miserere uit Il Trovatore van VERDI deur mev. Griffith en mnr. Watson. Volgens die resensent was mev. Jelly se musikale monoloog A Tragedy of Five Acts, 'just the needed touch of humorous relief to an otherwise serious concert' - 'n klinkklare bewys dat dié resensent wat tog veronderstel was om 'n kultuurstryder te wees, nog nie opgewasse was om 'n 'serious concert' te kon waardeer nie. Hierdie konsert het ook ROMBERG se Toy-simfonie ingesluit, 'necessitating as it did the use of several uncouth musical instruments'. Hierdie werk was 'quite amusing; one lady,

representing the Nightingale appeared to be trying to blow soap-bubbles in a tumbler'.

Dat 'n musiekvereniging tot stand gebring is met die doel om musiek van ernstiger aard bekend te stel, was beslis prysenswaardig. Ongelukkig het die vereniging se konserte geensins aan die doelstellings beantwoord nie. Die program inhoud was van stereotipe aard, terwyl die koor, afgesien van enkele verdienstelike bydraes, geensins 'n rigtinggewende bydrae gelewer het nie.

6.2 West Bank Choral Society

Heelwaarskynlik het die totstandkoming van die Cambridge Music Society musiek liefhebbers op die Wesbank aangespoor om 'n soortgelyke vereniging in die lewe te roep. Die Daily Dispatch het gemeld dat ⁷

the formation of a Choral Society for mixed voices has been discussed by a few of the musically inclined people of the West Bank, and it is considered that such a movement would meet with the approval of many of the West Bank vocalists.

Met die oog op die totstandkoming van so 'n vereniging is 'n vergadering om 20h00 op Vrydag 2 Junie in die St. Andrew-saal gehou.⁸ Op die vergadering is eenparig besluit dat 'n vereniging onmiddellik in die lewe geroep sou word. Een van die stigterlede het die wens uitgespreek dat:

this forming of a society will not only be an education in good music and singing, but would be the means of stimulating the social element among the residents of the West Bank.

'n Program sou reeds op Dinsdag 6 Junie aan die publiek gebied word.

Opvolgberigte was maar skraps en daar is slegs in Julie gemeld dat die vereniging met die instudering van die volgende gleees besig was: Awake Aeolion Lyre (DANBY), Good Night Beloved (PINSUTI), Excelsior (BIRCH), Moonlight (FANING), The Voyagers (TACER), In the hour of Softened Splendour (PINSUTI) en Night, lovely, Night (BERGER).⁹ Geen verdere beriggewing aangaande dié vereniging het weer in 1922 verskyn nie.

7 BLAASORKESTE 1919 - 19227.1 Verwikkelinge lei tot stewige grondslag

'n Hele aantal positiewe verwikkelinge met betrekking tot die samestelling, aard en betiteling van Oos-Londen se plaaslike blaasorkes gedurende die tydperk 1919-1922 het daartoe gelei dat die ensemble gaandeweg op 'n hefter grondslag fungeer het.

7.1.1 Wilson's Band

Onder kapelmeester Smith se leiding het die Wilson's Band (kyk Deel III, pp. 555 - 556) talle puik vertonings gelewer en in 'efficiency and popularity' toegeneem.¹ Op Sondag 5 Januarie 1919 byvoorbeeld, was 'n rekordskare in die Marine-park teenwoordig en die 'enclosure filled almost to its capacity'.²

In April het die orkes die voorreg gehad om op te tree by die Landboutentoonstellings van drie Grensdorpe naamlik Aliwal Noord, Cathcart en Queenstown.³ Al hulle konserte, wat afgesien van optredes by die skougronde ook promenade-konserte ingesluit het, het 'exceptionally favourable' indrukke nagelaat. Voorts het die orkes die gebruikelike Paasaanbiedinge behartig en daarna sporadies op Woensdae en Saterdag opgetree.⁴

Nuwe voorstelle

Hierdie ensemble se kontrak met die munisipaliteit sou op 31 Mei verstryk. Met dié inligting in gedagte, asook die feit dat die bestaande orkes nie werklik spel van 'n hoë gehalte gelewer het nie, is 'n breedvoerige skrywe aan die stadsraad voorgelê waarin die totstandkoming van 'n munisipale orkes weer eens bepleit is.⁵ Die belangrikste bepalinge van die verslag, voorgelê deur die stadsingenieur, was:

- 'n 'Really good band' was absoluut noodsaaklik, veral vir 'n kusvakansie-oord soos Oos-Londen;

- 'n Ensemble moes beslis meer finansiële steun geniet;
- Die getal lede van die orkes moes nie veertig oorskry nie.
- Sover moontlik moes 'n beroep op betrokkenes gedoen word om gedurende werks-ure te repeteer. Dit sou in oorleg met werkgewers geskied;
- 'n Gekwalifiseerde kapelmeester moes so gou moontlik aangestel word; en
- Die stadsraad moes die ensemble as 'n aparte entiteit subsidieer.

7.1.2 East London Municipal Band

Die voorstelle is deurgevoer en op Maandag 4 en Dinsdag 5 Augustus het die nuutgevormde East London Municipal Band, onder leiding van kapelmeester William Smith, hulle eerste openbare optredes gelewer.⁶

7.1.3 East London City Band

Aan die einde van Augustus is nog 'n uitnodiging deur die stadsraad aan belanghebbendes gerig om by die orkes aan te sluit.⁷ Die ensemble sou nou as die East London City Band bekend staan.

Die feesgety van 1919/1920 is op Maandagaand 1 Desember deur die burgemeester geopen.⁸ Tussen 1500 en 2000 mense het die verrigtinge ondersteun. Die volledige program was:

Mars	<u>The Bravest of the Brave</u>	GAY
Ouverture	<u>Giovanni D'f go</u>	VERDI
Wals	<u>Thoughts</u>	ALFORDE
Fantasie	<u>An Air Raid</u>	PRESCOTT
Keurspel	<u>Libertyland</u>	DOUGLAS
Mars		STRAUSS
Intermezzo	<u>A Kiltie Courtship</u>	HUME
Keurspel	<u>Hallo America</u>	KINCK
Jakkalsdraf		O'MARA

'n Sekere Fregeu het daarop gewys dat vele vakansiegangers

nie blaasorkeste in die kleiner dorpie kon aanhoor nie en dat die ensemble se spel sekerlik 'n verkwikking vir menige siel moes wees, maar dan voorts gevra:⁹

But how can people enjoy the band performances when, in promenading - and the concerts are designated 'Promenade' - they are suffocated by dust created in clouds fore and aft of them, through the really disgraceful condition of the circular walk. It can be supposed that the 'City Bands-men' find the dust-laden atmosphere anything but congenial and contributive to a good and entertaining performance.

'n Sekere Cooper het op die kritiek gereageer deur 'n aantreklike prentjie van Oos-Londen en die orkes te skilder.¹⁰ Hy het geglo dat die plekkie met al sy goeie hoedanighede die besoekers weer sou teruglok.

Aan die einde van Desember is gemeld dat twee bemoedigende faktore van die East London City Band se vertonings afgelei kon word, naamlik¹¹

the great improvement there is in both the selection of music and the rendering of it as compared to that of last year.

Ná afloop van die bedrywige gala-seisoen, asook 'n aantal optredes daarna, het die resensent in Maart oorsigtelik gerapporteer dat die orkes 'rapid strides in popularity' gemaak het, nie alleen met hul spel nie, maar ook in sy programopstelling.¹² Voorts het dit geblyk dat vakansiegangers uitvoerings by die Orientstrand verkies het bo dié in die Marine-park.

Die orkes het daaropvolgend met verdienstelike optredes tydens die Paasnaweek vorendag gekom¹³, en in Julie tydens 'n Sondagmiddagoptrede verwerkings uit Le Nozze di Figaro van MOZART gespeel.¹⁴

Gedurende die feesseisoen van 1920/21 het die orkes sy hoë reputasie gehandhaaf en is kapelmeester Smith aangeprys vir 'the high pitch to which he had brought those under his command'.¹⁵ Hulle is ook tydens dié seisoen deur die burge-meester gekomplimenteer:¹⁶

he had been about the country a lot lately and he could faithfully say that their band, under the control of Bandmaster Smith, was second to none - (cheers) - and he felt sure that under Mr. Smith it would become the foremost one. (Hear, hear.)

Soos al verskeie kere in die verlede gebeur het (kyk Deel II, pp. 481 - 482 en Deel III, pp. 552 - 553), het die stadsraad weer met die gedagte na vore gekom om 'n Municipal Band te stig.¹⁷ Die aankondiging is in Augustus 1922 gedoen en belanghebbendes is gevra om vir die pos van kapelmeester aansoek te doen.

Oos-Londen se amateurmusici het besonder geesdriftig op dié uitnodiging gereageer en uit 'n totaal van veertig aansoeke is George Freeman van Durban aangestel.¹⁸ Voor sy betrekking in Durban was hy die dirigent van die North Hampton Military Band en het daarby eersterangse kennis van 'organising and conducting military bands' in Suid-Afrika gehad. Die hoop is uitgespreek dat sy aanstelling sou lei tot 'n 'really good Municipal band for East London', en 'n 'valuable addition to the City's attractions, especially during the holiday season' sou wees. Dit lees amper soos 'n subtiele skimp dat die City Band nie aan sulke verwagtinge voldoen het nie.

Onder leiding van die nuutgekose dirigent met mnr. Flanagan as hulp-dirigent, het die nuutgevormde East London Municipal Band op Donderdagaand 14 Desember om 20h00 die feesseisoen geopen.¹⁹ Tydens die debuut-optrede het die orkes die bystand geniet van die Caledonian Pipe Band van Oos-Londen asook die Selborne College Bugle Band. Etlike duisende mense het die konsert ondersteun en die nuwe ensemble van sewe en twintig lede 'created a decidedly favourable impression'. Die samestelling is as 'well-balanced' beskryf en die oorwoë mening was dat:

they gave a finished and artistic performance of a most attractive and selective programme:

'Pas Redouble'	<u>The Prince of Wales' Own</u>	Mnr. Freeman
Ouverture	<u>Poet and Peasant</u>	SUPPE
Piccolo solo	<u>The Wren</u>	DAMARE
		Mnr. Flanagan

Keurspel	<u>Iolanthe</u>	SULLIVAN Orkes
Skuiftrompet- solo	<u>Mr. Thomas Cat (Humoristies)</u>	HALL Mnr. Horwood
Divertimenti	<u>Feast of Lanterns</u>	BOGETTI
Caprice	<u>Echos des Bastions</u>	KLING
Kornetsolo	<u>The Rosary</u>	NEVIN Mnr. Blackwell
Keurspel	<u>Reminiscenes of England</u>	GODFREY

7.2 Samevatting

In die tydperk 1919 - 1922 het blaasorkeste op 'n hegte grondslag fungeer. Alhoewel skommeling nog steeds plaasgevind het, het dié aspek van Oos-Londen se musieklewe beslis vooruitgang getoon.

Onder leiding van kapelmeester Smith het die East London City Band goeie vordering gemaak. Die stadsraad se voortdurende aanmoediging van dié aspek van Oos-Londen se musieklewe het egter daartoe gelei dat 'n nuwe ensemble weer in Augustus 1922 tot stand gekom het. Hierdie optrede van die stadsraad - 'n neiging tot vernuwing wat hulle ook dikwels in die verlede openbaar het - was effe duister, aangesien die bestaande orkes, in dié geval die East London City Band, met flink vertonings vorendag gekom het.

Stadsraadsverslae en briewe deur die publiek het duidelik laat blyk dat 'n blaasorkes van kardinale belang vir Oos-Londen was. Die feit dat veertig aansoeke vir die pos van kapelmeester in 1922 ontvang is, het gedui in hoe 'n hoë mate die publiek en ook amateur-musici betrokke gevoel het.

Die teenwoordigheid van 'n doeltreffende blaasorkes tydens die feesseisoen was vir Oos-Londen van groot belang. In hierdie opsig het sowel die East London City Band as die East London Municipal Band nie teleur gestel nie. Duisende vakansiegangers kon elke aand 'n genoeglike uurtjie of twee by die Marine-park deurbring. Ten spyte dus van voortdurende skommelings het die ensembles hulle primêre take met onderskeiding verrig. Dit is egter betreurenswaardig dat

resensente nie hulle weg oopgesien het om meer gedetailleerde, analitiese inligting met betrekking tot die orkes se musikale en tegniese vermoëns, balans, samestelling ensovoorts te verskaf nie. Deurgaans dus was daar 'n gebrek aan konstruktiewe evaluering.

8 MUSIEKONDERWYSERS 1919 - 1922

Na die Eerste Wêreldoorlog het die volgende musiekonderwysers Oos-Londen hul tuiste gemaak.

1919

- Mej. H Oberem - klavier en teorie.¹
- Mej. E M Robinson - klavier, teorie en harmonie.² (LCUM)

1920

- Mej. Laura Palmer - klavier, harmonie en teorie.³
- Mej. Jessie Strugnell - klavier, Amerikaanse orrel en teorie.⁴
- Mnr. Best Trevors - sang en elokusie.⁵
- Mej. Eugenie Vaux-Ellis - viool. (Leerling van Adolph Rebner van die dr. Hock-Konserwatorium, Frankfurt-a-Main.)⁶
- Mev. Frances Ellison - viool en klavier.⁷
- Mej. Jean Catto - klavier, teorie en harmonie.⁸ (ATCL)

1921

- Mej. Mavis Sargeant - klavier en harmonie.⁹ (Lisensiaat, Universiteit van Suid-Afrika)
- Mej. Dolly White - klavier, teorie en harmonie.¹⁰
- Mej. Gertrude Kurtz - klavier, teorie en harmonie.¹¹
- Mej. Doris Gimingham - klavier en teorie.¹²
- Mej. Zilla Weincier - viool.¹³
- Mnr. Bertram Collingwood - sang, orrel, klavier en harmonie.¹⁴ (ARCO)

1922

- Mnr. E Goodacre - gevorderde klavier, sang, harmonie en orrel.¹⁵ Orrelis en koormeester van die Trinity-kerk. Hy is in 1879 in Leeds, Engeland gebore en oorlede in Augustus 1940 in Oos-Londen. Goodacre was 'n goed toegeruste musikus, veral in die afrigting van kore, en het in die jare 1920-1940 'n belangrike bydrae gelewer tot die uitbou van Oos-Londen se musiekbedrywighede.¹⁶ (ARCO)
- Mej. Jean Catto - klavier, teorie en harmonie.¹⁷ (Onderwysdiploma)
- Mev. Violet Moeller - sang, viool en klavier.¹⁸

9 OORSIGTELIKE SAMEVATTING 1919 - 1922

Die musikale groeiproses van Oos-Londen het van sy wordingsjare tot aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog nie van noemenswaardige vordering getuig nie. Belowende tendense van korte duur, en konserte wat voortdurend in 'n groef van populariteit verval het, was die gevolg dat werklike momentum nooit bereik is nie. Rondom 1920 het daar weer eens bemoedigende klemverskuiwings plaasgevind wat, alhoewel nog vertroebel deur begrensde faktore, van meer blywende aard blyk te gewees het.

'n Paar dames met besondere inisiatief en ook waardevolle musiekaanleg het aan Oos-Londen se vaal konsertlewe nuwe dimensie en sprankel gegee. Mejj. Elaine Melville (sopraan), Phyllis Quinn (klavier), Eugene Vaux-Ellis (viool) en Bertha Hagart (klavier) het die leiding geneem en puik voordragte van hoogstaande werke is gelewer. Volledige vioolsonates van BRAHMS en GRIEG is uitgevoer, terwyl die pianiste oortuigende vertolkings van veeleisende werke van BEETHOVEN, CHOPIN en LISZT gegee het. Die feit dat mejj. Hagart en Quinn in 'n groter kultuursentrum soos Kaapstad naam gemaak het (eersgenoemde met 'n puik vertolking van die GRIEG-klavierkonsert en laasgenoemde met twee goue medaljes in die stad se kunswedstryd) het hul status as briljante pianiste onderstreep. Daarbenewens was mejj. Hagart ook nog wenner van die oorsese beurs vir Lisensiaatkandidate. Benewens hierdie dames se voortreflike optredes was die feit dat die publiek konserte van ernstiger aard beter en meer gereeld ondersteun het, besonder bemoedigend.

Nog 'n klemverskuiwing van groot waarde was die instelling van 'n volwaardig kunswedstryd vanaf 1922 wat ongetwyfeld in geen geringe mate nie bygedra het tot 'n hoër standaard van musisering. Kompetisies is al voorheen in Oos-Londen met 'n redelike mate van sukses aangebied, maar dit was veral die kompetisie van 1921 en die kunswedstryd van 1922 wat getoon het dat Oos-Londen daadwerklik sy sukkelende musikale opset ontgroeï het. In die bestek van slegs een jaar

het inskrywings toegeneem van vyftig (1921) tot eenhonderd en sewentig (1922), ook met talle inskrywings uit groter sentra soos Johannesburg. Hierdie kompetisies is uiters breedvoerig en met groot fanfare in die Daily Dispatch gerapporteer en was gewis 'n aansporing en stimulus vir amateurs, onderwysers en musiek liefhebbers. Met reg het 'n resensent tydens die eerste georganiseerde kompetisie die belangrikheid van dié instelling onderstreep:

there can be no doubt that such a festival would do more than anything else possibly could to foster and stimulate the local talent in which East London is so peculiarly rich, especially amongst the rising generation.

Aanvullend tot die verruiming en opbou van musiek in Oos-Londen was die betekenisvolle konserte deur besoekende kunstenaars. Nie alleen het uistaande musici, onder andere Rosenbloom, Sonnenberg en Hambourg, uitstaande vertolkings van 'high class music' gelewer nie, maar was die bywoningsgetal groter.

Faktore wat remmend op die musikale groeiproses ingewerk het was die feit dat verskeidenheidskonserte, alhoewel in 'n mindere mate, steeds lewendige aftrek geniet het. Daarbenewens het aanbiedinge van gewyde aard op enkele uitsonderings na, steeds geploeter in 'n rat van populariteit. Ook teleurstellend was die feit dat ernstiger werke wat in 1920 en 1921 nuwe momentum en gewig aan Oos-Londen se musieklewe verleen het, weer eens in 1922 afwesig was. Die feit dat twee van die stad se vooraanstaande musici, mejj. Quinn en Hagart, nie daardie jaar in Oos-Londen opgetree het nie, het beslis tot hierdie situasie bygedra - nog eens 'n bewys dat musikale leiding slegs in die hande van enkelinge gelê het.

Oorsigtelik beskou het Oos-Londen dus gedurende die tydperk 1919-1922, te midde van gegroefde bedrywigheide, tog tekens van konstruktiewe groei getoon. Hoewel hierdie tendense nog nie gestabiliseer was nie, was daar tog genoegsame bewyse dat die stad in die rigting van 'n hoër kunserveringsvlak beweeg het.

SLOT

Die musiekgeskiedenis van Oos-Londen is gedurende die tydperk 1872-1922 deur 'n trae groeiproses gekenmerk, wat in alle opsigte 'n voorbeeld is van die sukkelbestaan wat enige kunsoort noodwendig moet voer.

Westerse musiek, anders as die musiek van enige ander wêrelddeel, is 'n hoogontwikkelde kunsvorm wat 'n groot mate van opleiding verg om waardeur te word. Dit is nie 'n blote gebruiksartikel in 'n gemeenskap soos in byvoorbeeld die Oosterse lande nie. Daar is faktore van styl-suiwerheid, abstrakte seggingskrag, filosofiese strekking en tegniese vereistes wat vir selfs die meeste ontwikkelde Westerlinge self 'n onbekende wêreld is - laat staan dan nog die onontwikkelde. Dan maak die geredelike en toenemende beskikbaarheid van vermaaklikheidsmusiek wat binne elkeen se bereik is, ook die weg van kunsmusiek nog steiler: die meeste mense, ontwikkel en andersins, is nie geneë tot die verrykende en opheffende effek wat kuns bedoel is om uit te oefen nie, maar soek slegs na ontspanning en vermaak wat sonder inspanning geabsorbeer kan word.

Om 'n gemeenskap kultuurbewus te maak en waardering by die oningeligte persoon ten opsigte van musiek van hoë gehalte te kweek, is oortuigende vertolkings van dié musiek nodig. Weens die hoë tegniese en musikale vereistes wat dié musiek vra, is jarelange toegewyde voorbereiding deur selfs die talentvolste persone nodig om 'n enigsins aanvaarbare uitvoeringstandaard te bereik. Dit gebeur dan te dikwels dat oor-ambisieuse amateurs probeer om musiek in die openbaar uit te voer wat heeltemal bo hulle vermoëns is, wat gevolglik die verstandhouding tussen potensiële gehore en musiek finaal belemmer in plaas van bevorder. So byvoorbeeld is die uitvoering van BEETHOVEN se Appassionata-sonate selfs in die hande van die beste amateur iets wat betreklik ver verwyder is van 'n artistieke belewenis. Ongelukkig het Oos-Londen soos alle ander plekke, min

professionele musici gehad wat die kultuurboodskap kon oordra. Die andersins lofwaardige pogings van amateurs kon vanselfsprekend nie oortuigend gewees het nie.

Nog 'n uiters belangrike faktor in die konstruktiewe opbou van 'n jong gemeenskap se kultuurbelewensse is die gesindheid en leiding van kritici. Kommunikasie-middele soos die radio en plate het nie bestaan nie, en konsertgangers was ook nie kultureel ontwikkel genoeg om gefundeerde opinies oor werke van hoë gehalte en uitvoerings daarvan te vorm nie. In hierdie konteks beoordeel was die gemeenskap se kulturele ontvanklikheid dus afhanklik van die indrukke, entoesiasme en leiding van koerantkritici. Ongelukkig het baie van Oos-Londen se kritici nie doelbewuste opheffingswerk verrig nie, en hierdie gesindheid was sekerlik in geen geringe mate nie verantwoordelik vir die oppervlakkige ingesteldheid van die gemeenskap. Gebrekkige kennis, skeptisisme teenoor werke van 'n hoër gehalte en selfs blatante ignorering daarvan was in talle verslae van kritici te bespeur. MAX BRUCH se Vioolkonsert is geklassifiseer as 'not particularly interesting' (Deel I, p. 30), terwyl CHOPIN se Polonaise in c-kruis mineur beskryf is as 'hardly effective as a concert piece' (Deel I, p. 31). Daarbenewens is werke van CHOPIN, SINDING en GODARD beskryf as 'pieces of a modern character', maar tog 'thoroughly imbued with the spirit of the romantic school' (Deel I, p. 33). Nog erger was die feit dat eerste uitvoerings van belangrike werke soos BEETHOVEN se Pathetique-sonate en sy Sonate op. 81a nie eens in resensies gemeld is nie. Hierdie onverskillige gesindheid het die groeiproses vertraag en ook deur voortdurende aanprysing van swak musiek, 'n valse kultuurgerustheid by die gewone publiek wat nie van beter geweet het nie, gekweek.

Nog 'n probleem waarmee die oningeligte konsertganger te kampe gehad het rondom kunswaardering, is die feit dat evaluering met betrekking tot vertolkings slegs subjektief kan wees. Dit het tot gevolg gehad dat goed en sleg ewe entoesiasies aangeprys (of afgekeur) is deur selfs die besingeligte en welmenedste joernaliste. Die feit dat die

indrukke van kritici slegs subjektief en dus aanvegbaar was, het waardebeoordeling vir die leek bemoeilik. Soos 'n resensent na afloop van swak bywoning by 'n konsert deur uitstaande kunstenaars opgemerk het,

perhaps it is because the public have so often been taken in by third rate performers that it fights shy of all concert parties. (Deel I, p. 165.)

Natuurlik kan al die blaam nie aan die voete van kritici gelê word nie. Dit was juis 'n kunsbewuste kritikus wat by 'n geleentheid, na aanleiding van swak bywoning tydens 'n konsert van gehalte, 'n aanval gemaak het op konsertgangers se gevestigde voorkeure en gesindheid:

The better the concert, the worse the audience, seems to be the rule in East London. It does not speak well for the musical taste of East London that so little patronage should be bestowed on artists so eminently deserving it. According to the popular idea, the word music stands for something one can beat time to with one's feet, and join in the chorus. Hence it is not surprising that when the fare provided is not exactly of this nature, few should sit down to the feast. (Deel II, p. 381.)

Selfs binne die sfeer van vermaaklikheidsmusiek waarin die amateur hom so tuis gevoel het, het dit aan inisiatief en ywer ontbreek. Amateurs wat deelname gehad het aan 'n komiese opera is nogal deur 'n kritikus wat voorbereiding hoog aangeslaan het, geraps oor hul min deursettingsvermoë:

The frequent weakness of amateur theatricals is due to the fact that many of the performers do not take the work seriously enough. They attend the rehearsals because they think there is some fun to be got out of them, the idea that a successful performance means hard work and a certain amount of drudgery never entering their heads. (Deel II, p. 269.)

Verknogtheid aan vermaaklikheidsmusiek was in sommige gevalle so intens dat dit die groeiproses totaal gesmoor het, soos byvoorbeeld die instelling van vaudevilles en die magdom verskeidenheidskonserte gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Beheptheid met vermaaklikheidsmusiek is ook weerspieël in die feit dat die doen en late van plaaslike orkesensembles

voortdurend hittige polemieke in die Daily Dispatch uitgelok het. Geskille het egter selde die uitvoeringstandaard aangeraak, maar meestal gegaan oor die lokaal waar opgetree moes word, die toestand en plek van orkesverhoë, en ook pleidooie om meer 'English music' soos Auld Lang Syne en The Girl I Left behind me (Deel II, p. 201).

Binne die raamwerk van verskeidenheidskonserte het vermaaklikheidsmusiek ook 'n funksionele rol vervul. Welsyn en ander fonds-georiënteerde organisasies het in dié konserte 'n bron van inkomste gesien deurdat die konserte so goed ondersteun is. Daardeur is die beoefening van musiek om suiwer kunsredes verder vertroebel. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is toe VERDI-LISZT se Rigoletto tydens 'n pouse toe daar gekollekteer is, gespeel is. (Deel III, p.506.)

Gelukkig het Oos-Londen se musiekgeskiedenis nie net uit tendense bestaan wat goeie musiek teëgewerk het nie. Prysenswaardige opbouende werk is ook verrig, sodat daar sporadiese momentum in Oos-Londen se musieklewe gekom het.

Dit was die onvermoeide ywer en inisiatief van individue wat hierdie momentum bewerkstellig het. Die groei en vooruitgang van Oos-Londen se musieklewe was dus afhanklik van enkele individue wat in 'n milieu van musikale onbetrokkenheid baanbrekerswerk verrig het. Onder die begeesterde leiding van Hyde het die koorvereniging betekenisvolle uitvoerings van belangrike werke gelewer. Franz Moeller het op verskeie terreine dinamiese leiding geneem: Was stigter en leier van die orkesklas, onderwyser by uitnemendheid, leier van die blaasorkes en verteenwoordiger van musiekeksamens. Na slegs die eerste optrede van sy orkesklas is voorspel dat die ensemble 'bids fair to eclipse anything of the kind previously attempted in East London' (Deel I, p. 18). Die totstandkoming van hierdie ensemble, wat in 1905 uitgebrei het tot meer as veertig lede, was 'n besondere prestasie. Min groter kultuursentrums kon in die ooreenstemmende tydperk met 'n soortgelyke ensemble spog. W J Chapman het fyn vakmanskap as koorleier, orrelis en onderwyser aan die dag gelê. Sy pogings om Oos-Londen se musieklewe op 'n

hegter grondslag te plaas deur onder meer lesingkonsertere oor MENDELSSOHN en SCHUBERT, aan te bied, het hoë waardering by enkelinge sowel as kritici uitgelok (Deel II, pp. 292-293 en Deel IV, p. 570). Ander musici wat in geen geringe mate bygedra het tot 'n hoër estetiese belewenis van musiek in Oos-Londen was mev. Baker met haar solo klavier- en sanguitvoerings; Levy Howe, koor- en orkesdirigent; en Smedley Williams, koordirigent. Individue wat na die Eerste Wêreldoorlog reuse-aanvoorwerk gedoen het was mejj. Willows, Hagart, Vaux-Ellis en Quinn. Hierdie dames het uitsluitlik op die aanbod van hoë gehalte werke gekonsentreer en veel vermag om goeie musiek oortuigend by die gemeenskap tuis te bring.

Alhoewel die oorgrote meerderheid kritici nie kundige, sensitiewe oordeelsvermoë aan die dag gelê het nie, was daar tog 'n hele aantal wat nie net vir die dringendheid van kunswaardering gepleit het nie, maar ook insig in werke van gehalte getoon het. Met betrekking tot die voorbereiding van kantates het 'n resensent opgemerk:

sacred cantates unfortunately do not appeal to the majority, and it is, therefore as a rule difficult to entice an audience sufficiently numerous to compensate for the time, trouble and anxiety which is inseparable to the production of such works. (Deel II, p. 302.)

Konsertere van ernstiger aard wat swak bygewoon is, het kulturbewuste kritici nie ontgaan nie. Een kritikus het tot die gevolgtrekking gekom dat kunswaardering 'varies most considerably in different minds' (Deel I, p. 55), terwyl 'n ander een prontuit verklaar het, 'there is a distinct want of appreciation for classical music in East London (Deel II, p.376). Mev. Baker se ambisieuse solo-uitvoerings het hoë waardering by 'n kritikus uitgelok en hy het vir vol sale by haar konsertere gepleit 'in recognition of the efforts to keep up a high standard of musical excellence on the concert platform' (Deel II, p. 265). Na die Eerste Wêreldoorlog het konsertere van ernstiger aard groter aanhang geniet en met trots het 'n kritikus aangekondig:

East London can and will appreciate the best vocal and instrumental music. (Deel IV, p. 564.)

In geen geringe mate nie het hierdie welmenende joernaliste broodnodige opvoedingswerk verrig, en al was hulle in die minderheid met hulle raak gevolgtrekkings, opregte pleidooie en voortdurende aanmoediging, het hulle die kultuur-saak in Oos-Londen daadwerklik bevorder.

Talle vokale- en instrumentale ensembles van puik gehalte het Oos-Londen se konsertlewe versier en aan die musikale opset in Oos-Londen 'n kleurryker dimensie verleen. Koor- en orkesverenigings, 'n orkesklas van hoofsaaklik kinders, en verskeie uitstaande vokale ensembles waaronder The Owls, The Lyrics, The Excelsior Male Voice Party, en The Doraymees, het van imponerende inisiatief getuig. Oratoriums van HANDEL en MENDELSSOHN is deur koor- en orkesverenigings van tot honderd en vyftig lede uitgevoer. Daarbenewens het befaamde oorsese kunstenaars met groot lof van die spel en sang van die verenigings getuig. (Deel I, p. 130, Deel II, p.360). Ook was daar talle kleiner orkesensembles, vokale groepe en kerkkore wat op eiesoortige wyse sprankel aan Oos-Londen se musieklewe gegee het.

Op jeugvlak het Oos-Londen besondere belewenisse ervaar, veral rondom die jare 1898-1902 en 1905-1911. Verskeie School Exhibition-konserte was manjifieke suksesse, skoolkoorkompetisies het koorsang aansienlik bevorder, jeugkonserte het getoon dat Oos-Londen 'n ryke talenteskat gehad het, terwyl eksamens van die hoogtepunte van die jaar was. Ouers, onderwysers en leerlinge en selfs die stadsraad was teenwoordig by die oorhandiging van eksamensertifikate. Belangrike aspekte rondom die musiek van die kompetisies is breedvoerig bespreek, wat uiters leersaam en stimulerend was vir onderwyser en leerling. Ongelukkig het hierdie oorhandigingseremonies na 'n paar jaar uitgesterf. Maar jeugkonserte is deur volgepakte sale gekenmerk, die goeie werk van onderwysers is hoog aangeprys en die waarde van die konserte in die nuusblad beklemtoon (Deel II, p. 426, 427 en 428).

As enigste kommunikasieemiddel in die gemeenskap het die Daily Dispatch 'n uiters betekenisvolle rol gespeel in die bevordering van die dorps kultuurlewe. Konserte is deur banier-opskrifte aangekondig, indrukke is breedvoerig gerapporteer, elletlange lyste van suksesvolle eksamenkandidate is geplaas, programme is volledig aangegee, ensovoorts. Sonder hierdie nuusblad se noue betrokkenheid sou Oos-Londen 'n veel armer kultuursentrum gewees het.

Die instelling van 'n volwaardige kunswedstryd in 1922 was 'n bewys nie net van 'n stad wat kulturele ontplooiing ondergaan het nie, maar ook een waarin musisering op 'n meer georganiseerde, doelgerigte basis beoefen kon word. Hierdie instelling was uit die staanspoor 'n sukses en het veel vermoag om musiek op 'n hegte grondslag te plaas.

Die som van al hierdie faktore (positief opbouend teenoor negatief afbrekend) skets 'n frustrerende situasie waarin 'n klein minderheid daadwerklik vir kultuurbevordering en -betrokkenheid bepleit en gearbei het, teenoor 'n oorgrote meerderheid wat apaties en onsimpatiek was. Ten spyte dus van die feit dat lofwaardige werk in Oos-Londen gedoen is, is die geheelbeeld een van stagnansie. 'n Gemeenskap wat in sy geheel nie ontvanklik was vir hoër kunsbelewensisse nie en waar die groeiproses slegs deur enkelinge geïnisieer is, kon kunsmusiek wat 'n hoë mate van opvoeding en ontwikkeling vereis, nie ondersteun nie.

V E R W Y S I N G STOTSTANDKOMING VAN OOS-LONDEN

1	VernonI	1	
2	Van der WaltM	1	
3	PotgieterS	59	
4	<u>East London Centenary</u>	27	
5	VernonI	1	
6	<u>East London Centenary</u>	27	
7	Van der WaltM	2	
8	Van der WaltM	2	
9	Van der WaltM	2	
10	Van der WaltM	2	

D E E L I 1872 - 1902KONSERTE 1872 - 1902

1	Van der WaltM	2, 3	
2	<u>East London Centenary</u>	33	
3	<u>East London Centenary</u>	33	
4	<u>Daily Dispatch</u>	(voortaan DD)	25.06.77, 02.07.77
5	DD	15.04.78, 25.04.78	
6	AdamsN	Bylae A 683	
7	DD	15.06.78	
8	DD	08.01.79	
9	DD	11.10.79, 29.19.79	
10	DenfieldP	98	
11	DD	08.01.79	
12	CrouchK	Bylae A 684	
13	DD	12.02.81	
14	DD	09.04.81	
15	MooreL	Bylae A 685	
16	DD	16.07.81	
17	DD	16.11.82	
18	DD	18.01.82	
19	DD	25.11.82, 30.11.82	
20	DD	23.01.84	
21	DD	02.04.84	
22	DD	04.02.85	
23	DD	01.07.85	
24	DD	23.01.85	
25	SullivanL	Bylae A 686	
26	DD	23.01.86	
27	DD	08.05.86	
28	HydeL	Bylae A 687	
29	DD	08.05.86	
30	DD	08.12.86	
31	DD	16.04.87	
32	DD	29.01.90	
33	DD	05.04.90	
34	DD	12.04.90	
35	<u>Frontier Standard</u>	10.04.90	
36	DD	09.07.90	

37	DD 05.09.91
38	DD 16.09.91
39	<u>Frontier Standard</u> 14.09.91
40	DD 06.03.95, 24.07.95
41	DD 14.08.95
42	Kyk Deel I, p. 65
43	DD 08.07.96
44	DD 25.07.96
45	DD 18.11.96 (Kyk ook Deel I, p. 210)
46	<u>Frontier Standard</u> 20.11.97
47	DD 15.05.97
48	DD 09.06.97, 12.06.97
49	TostiG Bylae A 688
50	DD 19.06.97
51	<u>East London Standard</u> 18.06.97
52	DD 14.08.97
53	DD 28.08.97
54	DD 30.10.97, 10.11.97
55	DD 24.11.97
56	DD 06.07.98:3
57	DD 14.07.98:7, 21.07.98:2
58	DD 12.08.98:2, 10.10.98:7
59	DD 20.10.98:2, 31.10.98:7
60	DD 31.10.98:2, 02.11.98:2, <u>East London Standard</u> 30.09.98
61	DD 14.12.98:1, 21.12.98:9
62	DD 16.01.99:7
63	DD 11.03.99:2
64	DD 24.03.99:7
65	DD 28.03.99:7
66	<u>East London Standard</u> 30.03.99
67	DD 02.05.99:2
68	DD 16.05.99:8
69	DD 09.05.99:2, 10.05.99:2
70	DD 16.05.99:8
71	DD 23.05.99:7
72	DD 23.06.99:7, 05.07.99:7
73	DD 03.06.99:8
74	DD 03.06.99:8
75	KnightR Bylae A 689
76	DD 04.08.99:6
77	DD 15.07.99:2
78	DD 12.08.99:5
79	DD 23.08.99:
80	DD 02.09.99:7
81	VernonI 3

In haar inligtingstuk oor dié periode verskaf mev. G N Vernon die volgende inligting: Alhoewel daar geen sensussyfers rondom 1900 beskikbaar is nie, het Oos-Londen se inwonerstal geweldig gegroei; 'n direkte gevolg van die Anglo-Boereoorlog. Oos-Londen is deur die militêre gebruik as basis om manskappe, perde en voorrade na die gevegsfront te stuur. Daarbenewens is talle vlugtelingen in Oos-Londen gehuisves en versorg. Dit het tot vooruitgang in die handel en vervoer gelei en talle besigheidsmense het aansienlike profyt gemaak. Die aantal skepe wat by die hawe aangedoen het, het vermeerder van 174 in 1898 tot 398 in 1901. Hierdie toename in skeepsbedrywighede is tot 1903 gehandhaaf.

82 DD 26.09.99:2, 30.09.99:2, 04.10.99:9
 83 DD East London Centenary 35, 37
 84 DD Van der WaltM 15
 85 DD 18.02.77
 86 DD 18.02.77
 87 DD 02.12.99:2, 08.23.99:2
 88 DD 13.01.00:7
 89 DD 23.01.00:2, 26.01.00:4
 90 DD 28.06.00:2, 09.07.00:7
 91 DD 11.07.00:2, 17.07.00:2
 92 DD 03.08.00:2, 08.08.00:2
 93 DD 08.12.00:2 (Kyk Deel I, p. 210)
 94 DD 12.12.00:9
 95 DD 14.12.00:6, 17.12.00:2, 24.12.00:5
 96 DD 18.03.01:4
 97 DD 26.03.01:8
 98 DD 11.04.01:4, 29.04.01:8
 99 DD 01.05.01:4
 100 DD 18.06.01:4, 03.07.01:5, 08.07.01:4
 101 East London Standard 10.07.01
 102 DD 02.08.01
 103 PinsutiG Bylae A 690
 104 DD 02.08.01
 105 DD 17.04.02:5
 106 DD 31.08.01:6
 107 DD 12.09.01:5
 108 DD 05.03.02:4, 25.03.02:5, 02.04.02:4
 109 DD 07.04.02:5
 110 DD 02.04.02:4
 111 DD 07.04.02:4
 112 DD 07.04.02:5, 09.04.02:5
 113 DD 21.04.02:8
 114 DD 23.04.02:4
 115 DD 22.04.02:4, HumanM 451-452
 116 DD 01.05.02:4
 117 DD 05.05.02:5
 118 DD 06.04.02:4, 20.05.02:5
 119 DD 23.06.02:4, 30.06.02:4, 04.07.02:5
 120 DD 26.08.02:4
 121 DD 21.11.02:4
 122 DD 01.12.02:4
 123 DD 02.12.02:4
 124 DD 29.11.02:4
 125 DD 09.12.02:4, 16.12.02:6
 126 DD 18.12.02:5

GEWYDE AANBIEDINGE 1872 - 1902

1 DD 11.01.76
 2 East London Centenary 33
 3 DD 14.03.78
 4 DD 06.07.79
 5 DD 03.05.82
 6 DD 13.05.82
 7 DD 16.04.84
 8 DD 23.04.84
 9 DD 30.06.86, 07.07.86
 10 DD 07.07.86
 11 DD 27.10.86

12 DD 20.11.86, 27.11.86, 11.12.86
 13 DD 04.06.87
 14 DD 11.06.87
 15 DD 18.06.87
 16 DD 26.10.89
 17 DD 09.11.89
 18 DD 20.11.89
 19 DD 11.01.90
 20 DD 06.02.90, 12.04.90
 21 DD 20.09.90
 22 DD 01.10.90
 23 DD 17.12.90
 24 DD 21.01.91
 25 DD 24.06.91
 26 DD 01.07.91
 27 Piccolomini0 Bylae A 691
 28 DD 29.08.91, 09.09.91
 29 East London Standard 07.09.91
 30 DD 04.11.91
 31 DD 21.11.91
 32 DD 16.07.92
 33 Die einste Bentley is tydens die tweede Suid-Afrikaanse
 Kunswedstryd wat in 1893 in Durban plaasgevind het, met
 die tweede prys in die 'Hymn-tune'-kategorie bekroon.
 34 DD 13.09.93
 35 DD 17.12.92
 36 DD 06.05.93
 37 DD 12.08.93
 38 DD 26.08.93
 39 DD 07.02.94, 10.02.94
 40 DD 28.02.94
 41 DD 21.06.93
 42 DD 14.04.94
 43 DD 28.04.94
 44 DD 26.05.94
 45 DD 19.12.94
 46 DD 23.01.95
 47 DD 15.05.95
 48 DD 25.09.95
 49 DD 30.10.95
 50 DD 04.12.95
 51 DD 19.02.96
 52 DD 25.07.96
 53 DD 22.08.96, 29.08.96
 54 DD 18.11.96, 12.12.96
 55 DD 23.12.96
 56 East London Standard 24.12.96
 57 DD 23.12.96
 58 East London Standard 24.12.96
 59 DD 03.02.97, 24.02.97, 06.03.97, 24.03.97
 60 DD 01.05.97
 61 East London Standard 11.03.98
 62 DD 29.10.98:2
 63 DD 01.09.99:3
 64 DD 12.09.99:2
 65 DD 27.09.99:2, 03.10.99:02
 66 DD 08.02.00:4
 67 DD 15.08.00:2, 12.09.00:2, 15.09.00:2
 68 DD 15.05.01:3
 69 DD 17.04.02:5

70 DD 29.05.02:5
 71 DD 02.06.02:5
 72 DD 05.06.02:5
 73 DD 30.06.02:4
 74 DD 30.08.02:4, 22.08.02:8
 75 DD 18.09.02:8
 76 DD 17.09.02:6
 77 DD 23.09.02:6
 78 Kyk Deel I, p. 221
 79 DD 07.10.02:5

VERSCHEIDENHEIDSKONSERTE 1872 - 1902

1 DD 24.08.75, 31.08.75
 2 DD 14.09.75
 3 DD 02.05.76
 4 DD 23.05.76
 5 DD 13.06.76
 6 DD 11.07.76
 7 DD 25.06.77
 8 DD 12.07.77
 9 DD 19.07.77
 10 DD 23.07.77
 11 DD 13.09.77
 12 DD 14.09.78
 13 DD 31.12.78, 22.02.79
 14 DD 18.12.76
 15 DD 04.01.77
 16 DD 16.04.81, 27.04.81
 17 DD 20.02.84
 18 DD 24.07.86
 19 DD 19.08.87
 20 DD 28.04.88
 21 DD 02.07.90, 09.07.90
 22 DD 25.01.91, 21.01.93, 15.08.94
 23 DD 25.01.93, 15.08.94, 10.08.94
 24 DD 26.06.95
 'n Program wat op 31.10.96 voorgelê is, was ook van 'somewhat lengthy' proporsies.
 25 DD 04.11.96, 06.07.00, 28.03.02:5, 08.04.02
 26 DD 20.09.97, 13.11.97, 06.07.00:4
 27 DD 06.07.00:4, 28.03.02:5
 28 DD 01.01.96, 08.04.02:2
 29 DD 07.05.81
 30 DD 28.09.81
 31 DD 23.11.81
 32 DD 23.11.81
 33 DD 15.04.82
 34 DD 15.04.82
 35 DD 15.04.82
 36 DD 25.01.82
 37 DD 08.02.82
 38 DD 30.06.86, 07.07.86
 39 DD 27.10.86
 40 DD 09.06.86, 14.07.88, 29.08.88, 07.11.88
 41 DD 13.08.92
 42 DD 02.11.92
 43 DD 12.11.92
 44 DD 07.01.83
 45 DD 18.10.93
 46 DD 13.08.92
 47 DD 02.11.92

48 DD 12.11.92
 49 DD 07.01.93
 50 DD 18.10.93
 51 DD 25.10.93
 52 DD 10.10.94
 53 DD 24.06.96
 54 DD 05.09.96
 55 DD 03.10.96
 56 DD 30.06.97
 57 DD 14.07.97
 58 MoffatT Bylae A 692
 59 ClaribelC Bylae A 693
 60 DD 11.12.97
 61 DD 25.07.98:2
 62 Kyk Deel I, p. 17
 63 DD 11.7.99:7
 64 WallaceY Bylae A 694
 65 DD 15.07.99
 66 DD 16.09.01:8
 67 DD 15.09.83
 68 DD 17.05.84
 69 DD 04.10.84
 70 DD 03.06.85
 71 DD 08.12.86
 72 DD 20.08.87
 73 DD 14.09.87, 12.09.87
 74 DD 07.05.90, 10.05.90
 75 DD 02.06.90
East London Standard 12.05.90, 23.06.90
 76 DD 06.08.90
 77 DD 25.04.91, 29.04.91
 78 DD 10.06.91
 79 DD 06.07.95
 80 DD 10.06.96
 81 BalfeC Bylae A 695
 82 DD 05.12.88, 01.01.89
 83 DD 24.04.89
 84 DD 06.04.92
 85 DD 01.06.92
 86 East London Standard 30.05.92
 87 DD 20.10.94, 31.10.94
 88 DD 07.08.95
 89 DD 30.06.88
 90 DD 18.06.92, 24.06.93
 91 DD 30.09.93
 92 DD 18.10.93
 93 DD 21.12.93, 24.03.94
 94 East London Standard 22.06.94
 95 DD 05.09.94
 96 DD 02.05.96, 03.07.97
 97 DD 19.12.94
 98 DD 08.06.89
 99 DD 06.04.94
 100 DD 18.05.89, 23.08.93, 08.08.94
 101 DD 20.12.93
 102 DD 08.12.94
 103 BishopH Bylae A 696
 104 DD 11.09.99:8
 105 DD 24.11.02:5
 106 DD 30.10.89
 107 DD 25.05.95
 108 DD 13.04.95
 109 DD 22.06.95

- 110 DD 22.09.97
 111 Konserte in September 1897, Junie 1898, September 1898
 112 DD 06.03.95
 113 DD 01.04.95, 15.06.95
 114 East London Standard 01.05.96
 115 DD 20.05.96
 116 DD 29.05.97
 117 DD 08.08.83, 11.08.83
 118 DD 06.10.83
 119 Aanbiedinge het taamlik gereeld in 1887 en 1897 voorgekom, maar in die periode tussen die vermelde jare slegs sporadies.
 120 DD 08.11.90
 121 DD 31.10.94
 122 DD 21.04.97, 05.05.97, 12.05.97
 123 DD 06.12.98:9, 21.12.98:6
 124 DD 21.07.91 Presbiteriaanse-kerk
 DD 06.07.92, 07.09.92 Presbiteriaanse kerk Doo-London-Doo
 DD 26.07.08 Wesliaanse kerk
 125 DD Julie 1892 Presbiteriaanse kerk Doo-bank
 DD Julie 1893 Wesliaanse kerk
 DD Mei 1894 St. John-kerk
 126 DD April 1888 St. George-dag, herdenking deur die Albion-losie
 DD Junie 1896 Herdenking van 21jarige bestaan van die Buffalo-losie
 127 DD 22.02.99:9
 128 DD 07.06.99:9
 129 DD 14.07.99:2, 31.07.99:2
 130 DD 24.11.99:2, 29.11.99:7
 131 DD 20.07.00:7
 132 DD 29.10.00:7
 133 DD 25.10.99:7
 134 DD 02.01.00:2
 135 DD 12.01.00:2, 15.01.00:4
 136 DD 22.01.00:2
 137 DD 25.01.00:2
 138 DD 22.02.00:2, 08.03.00:5
 139 DD 25.05.00:2
 140 DD 24.06.00:8
 141 DD 08.08.00:7
 142 DD 29.08.00:2
 143 DD 03.10.00:2
 144 DD 21.05.01:8
 145 DD 27.07.01:4

VERENIGINGS 1872 - 1900

- 1 DD 15.10.72, 22.10.72, BarnbyS Bylae A 697
 2 DD 05.11.72, 19.11.72
 3 DD 03.12.72
 4 DD 17.05.82
 5 DD 24.05.82
 6 DD 03.06.82
 7 DD 30.08.82
 8 DD 30.09.82
 9 DD 11.11.82
 10 DD 21.11.82
 11 Van der Walt 4
 12 Van der Walt 4
 13 Van der Walt 4

- 14 DD 14.05.83
 15 DD 25.04.83
 16 DD 02.06.83, 09.06.83
 17 Van der WaltM 5
 18 DD 20.06.83
 19 DD 27.06.83
 20 DD 04.07.83
 21 DD 21.07.83
 22 DD 01.09.83
 23 DD 15.09.83
 24 WölpowitzJ 25-26
 25 DD 07.11.83
 In dieselfde uitgawe is gerapporteer dat die klavier
 herstel is. Mnre. S Phil en Cornuel was vir die
 restourasie van die klavier verantwoordelik.
- 26 DD 28.11.83
 27 DD Van der WaltM. 7
 28 DD 19.12.83
 29 DD 13.02.84, 20.02.84
 30 DD 12.03.84
 31 DD 19.03.84
 32 DD 05.04.84, 26.04.84
 33 GanzN Bylae A 698
 34 DD 11.06.84
 35 DD 27.06.84
 36 DD 23.07.84
 37 DD 02.08.84
 38 DD 02.08.84, 16.08.84
 Mej. van der Walt is in haar skripsie van mening dat die
 East London Choral Society met die konserte te kenne
 gegee het dat daar vervlakking in hulle programme inge-
 tree het. Van der Walt 7
- 39 DD 06.08.84
 40 DD 20.08.84
 41 DD 23.07.84
 'Jocular remarks' gemaak deur jeugdiges het ook 'n
 stoornis by die eerste vermaaklikheid veroorsaak.
- 42 DD 27.08.84
 43 DD 27.08.84
 44 DD 03.09.84
 45 WeissV Bylae A 699
 46 DD 17.09.84
 47 DD 24.09.84
 48 DD 01.10.84, 14.11.84, 19.11.84
 49 DD 07.03.85, 11.03.85
 50 DD 27.05.85
 51 DD 28.10.85
 52 DD 28.10.85
 53 DD 26.06.86
 54 DD 17.07.86, 28.07.86
 55 DD 03.07.87, 16.07.87, 20.07.97
 56 DD 16.06.88
 57 DD 07.07.88
 58 DD 04.08.88
 59 DD 15.08.88
 60 DD 12.12.88, 22.12.88
 61 DD 16.02.89
 62 Kyk Deel I, p. 154
 63 DD 18.10.90, 22.10.90
 64 DD 15.11.90

- 65 WolpowitzJ 28-29, MalanS Bundel II 3, 253
66 DD 26.11.90
67 DD 29.11.90
68 DD 06.12.90
69 DD 02.05.91
70 DD 06.05.91
71 East London Standard 04.05.91
72 DD 13.05.91
73 DD 20.05.91, 27.05.91
74 DD 18.07.91
75 DD 03.10.91
76 DD 14.10.91
77 DD 21.11.91, 09.12.91
78 DD 19.12.91, 30.12.91
79 DD 06.02.92
80 DD 13.02.92
81 DD 27.02.92
82 DD 05.03.92
83 DD 28.05.92
84 DD 06.07.92
85 DD 12.11.92
86 DD 25.01.93, 08.02.93
87 DD 10.05.93
88 DD 24.05.93
East London Standard 23.05.93
89 DD 20.05.93
90 DD 20.05.93
91 DD 05.07.93
92 DD 06.01.94, Van der Walt 10
Sy is van mening dat die laaste twee aanbiedinge van die East London Choral Society in 1893 hul laaste was, en dat die vereniging na afloop hiervan in 1893 tot niet gegaan het. Sy beskou die East London Choral and Orchestral Union, wat volgens haar skripsie eers gemeld word in September 1896, as 'n opvolger.
93 East London Standard 26.01.94
94 DD 06.01.94
95 DD 03.02.94
96 DD 07.02.94
97 DD 21.02.94
98 DD 19.09.94
99 DD 21.04.94
100 DD 09.05.94
101 East London Standard 06.02.94
102 East London Standard 01.05.94
103 East London Standard 15.05.94
104 DD 10.01.94
105 DD 27.06.94
106 DD 07.07.94
107 East London Standard 24.07.94
108 DD 08.12.94, 15.12.94
109 DD 13.03.95
110 DD 06.07.95
111 DD 14.08.95
112 DD 21.08.95
113 East London Standard 23.08.95
114 ScotchC Bylae A 700
115 DD 21.08.95, 28.08.95

- 116 DD 14.09.95
 117 East London Standard 13.09.95
 118 DD 25.09.95
 119 PinsutiQ Bylae A 701
 120 BrahamD Bylae A 702
 121 DibdinT Bylae A 692
 122 DD 18.06.96
 123 DD 23.09.96
 124 DD 30.09.96
 125 BalfesC Bylae A 695
 126 DD 02.10.96
 127 DD 11.11.96
 128 East London Standard 13.11.96
 129 DD 25.11.96, 10.02.97, 02.06.97, 16.06.97
East London Standard 18.06.97
 Die resesent van die Standard het ook die opvoering in sy geheel as 'very satisfactory' omskryf.
- 130 DD 23.06.97
 131 DD 30.10.97
 132 DD 30.10.97
 133 DD 10.11.97
 134 DD 02.09.98:2, 03.09.98:7
 135 DD 05.09.98:2, 07.09.98:7, 08.09.98:7
 136 DD 08.09.98:7
 137 DD 09.09.98:8
 138 DD 10.09.98:8
 139 DD 17.09.98:3, 03.10.98:7
 140 DD 14.11.98:7
 141 DD 16.11.98:8
 142 DD 17.11.98:3
 143 DD 17.11.98:7
 144 DD 22.11.98:2, 29.11.98:2, 05.12.98:7
 145 Van der Walt 11
 Hierdie feit weerlê mej. van der Walt se stelling dat Beavan se laaste optrede as dirigent geskied het tydens die opvoering van die opera The Yeomen of the Guard in September 1898.
- 146 DD 10.02.95
 147 DD 20.03.95
 148 East London Standard 22.03.95
 149 DD 13.07.95
 150 East London Standard 19.07.95
 151 DD 24.07.97
 152 DD 11.12.97, Van der Walt 11
 153 DD 22.12.97
 154 Van der Walt 11, DD 01.12.98:7
 Mej. van der Walt het gewys op die ongelukkige feit dat die aanbieding van die vereniging sy hoogtepunt was en dat opvallende verswakking daarna ingetree het veral ná die die oornam van die vereniging in Junie 1899, deur mnr. Hugh Gwynne. Hy het egter al in Desember 1898 die Choral Branch oorgeneem en aangesien die vereniging daarna met nog 'n paar goeie aanbiedinge vorendag gekom het, is haar argument aanvegbaar.
- 155 DD 19.07.98:5
 156 DD 18.11.98:4
 157 DD 14.01.99:2
 158 DD 28.03.99:2
 159 DD 10.04.99:2

160 East London Standard 14.04.99
 161 DD 07.08.99:7
 162 DD 03.06.99:2, 10.06.99:9, 16.10.99:2
 163 DD 02.12.99:2
 164 DD 22.12.99:4
 165 East London Standard 22.12.99
 166 DD 07.02.00:7
 167 DD 10.02.00:7, 12.02.00:7
 168 DD 28.03.00:2, 29.02.00:2
 169 DD 14.04.00:2, 24.04.00:7

BESOEKENDE KUNSTENAARS EN GESELSKAPPE 1872 - 1902

1 DD 17.05.79
 2 LindsayA Bylae A 703
 3 DD 11.06.79, 18.06.79
 4 DD 09.01.83, 16.01.83
 5 DD 04.04.83
 6 DD 05.09.83
 7 DD 01.02.88
 8 DD 28.01.88, 01.02.88, 21.05.90, 04.06.90
 9 DD 01.10.90, 08.10.90
 10 Van der WaltM 11
 n Vereniging wat hom daarop toegespits het om rondreisende kunstenaars in Oos-Londen te laat optree. Dié vereniging se bestaan was egter van korte duur.
 11 DD 19.10.92
 12 DD 22.10.92, 26.10.92, 28.10.92
 13 East London Standard 28.10.92
 14 DD 04.03.93
 15 East London Standard 14.03.93
 16 DD 27.05.93
 17 DD 03.06.93
 18 DD 10.06.93
 19 DD 14.06.93
 20 DD 14.06.93
 21 East London Standard 09.06.93
 22 DD 09.11.95, 16.11.95
East London Standard 15.11.95
 23 DD 12.02.96
 24 DD 29.07.96
 25 DD 15.08.96
 26 DD 11.12.97, 15.12.97, 24.12.97
 27 DD 06.08.98:2, 12.08.98:2
 28 DD 15.08.98:7
 29 DD 05.06.99:2
 30 MalanM Bundel I 51, 52, 53
 31 DD 30.06.99:7
 32 East London Standard 01.07.99
 33 DD 23.08.00:2
 34 DD 23.08.00:2
 35 DD 27.08.00:2
 36 DD 28.08.00:2
 37 DD 29.08.00:2
 38 Kyk Deel I, pp. 183-184
 39 DD 17.03.02:5
 40 DD 21.03.02:5
 41 DD 22.03.02:4
 42 DD 24.04.02:5
 43 DD 13.06.02:4, 20.06.02:4

44 DD 02.07.02:4, 16.07.02:4
 45 DD 23.07.02:4
 46 DD 16.11.02:4, 17.11.02:5, 14.11.02:4
 47 DD 17.11.02:5
 48 DD 15.12.02:8
 49 DD 24.12.02:5
 50 DD 24.09.79, 28.09.79
 51 DD 23.11.92, 05.12.82
 52 DD 28.11.83, 01.12.83
 53 DD 05.12.83
 54 DD 19.12.83
 55 DD 09.08.84
 56 DD 10.10.84, 14.10.84
 57 DD 17.10.84 17.10.84
 58 DD 24.10.91, 28.10.91
 59 DD 30.03.92, 02.04.92
 60 DD 15.10.92
 61 DD 28.12.92
 62 DD 27.09.93, 11.10.93
 63 DD 14.02.94, 21.02.94
 64 DD 28.07.94
 65 DD 20.03.95
 66 DD 27.03.95
 67 DD 29.05.95, 01.06.95
 68 DD 20.11.95, 23.11.95, 27.11.95
 69 East London Standard 29.11.95
 70 DD 11.12.95, 18.12.95, 24.12.95
 71 DD 24.12.95
 72 DD 06.06.96
 73 DD 06.03.97
 74 DD 20.03.97
 75 DD 22.09.97
 76 DD 26.06.97, 30.06.97, 03.07.97
 77 DD 16.08.99:10
 78 DD 28.08.99:2
 79 DD 07.11.99:2, 10.11.99:7
 80 DD 13.11.99:7, 17.11.99:2, 24.11.99:2, 14.12.99:2
 81 DD 18.04.01:4, 19.04.10:4, 19.04.01:8, 10.04.01:5
 82 DD 28.06.01:5, 02.07.01:5
 83 MalanS Bundel II 510-511
 84 DD 28.06.01:5
 85 DD 18.11.02:4
 86 DD 21.03.76, 28.03.76
 87 DD 17.10.76
 88 DD 04.06.81
 89 DD 26.08.82, 30.08.82
 90 DD 08.02.88
 91 DD 15.02.88
 92 DD 12.07.90, 16.07.90, 30.07.90
 93 DD 02.08.90, 09.08.90
 Aanvanklik sou The Royal Middy op Vrydagaand 18 Julie
 aangebied word.
 94 DD 18.11.91, 25.11.91, 02.21.91
 95 DD 01.17.92, 20.02.92
 96 DD 20.05.93, 27.05.93
 97 DD 22.06.95
 98 DD 22.06.95
 99 DD 02.04.96, 01.07.96
 100 East London Standard 03.07.96
 101 DD 09.09.96, 12.09.96

102 DD 24.02.97, 03.03.97
 103 DD 18.08.97
 104 DD 18.08.97, 21.08.97
 105 DD 13.10.97
 106 DD 13.09.98:7
 107 East London Standard 16.09.98
 108 DD 19.09.90:2
 109 DD 21.09.98:7, 22.09.98:7, 23.09.98:7, 24.09.98:7
 110 DD 23.10.99:2, 28.10.99:7, 01.11.99:9
 111 DD 03.11.99:7
 112 DD 07.11.99:2
 113 DD 10.11.99:2, 14.11.99:7
 114 DD 17.05.00:2
 115 DD 30.05.00:7, 01.06.00:7, 02.06.00:7
 116 DD 05.06.00:2, 06.06.00:7, 08.06.00:7
 117 DD 01.08.00:7, 04.08.00:2
 118 DD 22.11.00:9, 24.11.00:2
 119 DD 24.04.01:4
 120 DD 29.04.01:5, 07.05.01:5, 08.05.01:4, 09.05.01:4
 121 DD 09.06.99:9, 20.06.99:9
 122 DD 16.09.02:4
 123 DD 19.09.02:5
 124 DD 03.10.02:5
 125 DD 21.04.86, 28.04.86
 126 DD 01.12.88
 127 DD 19.12.88
 128 DD 19.12.88
 129 DD 24.12.90
 130 DD 02.10.97, 13.10.97
 131 DD 14.03.99:2
 132 DD 20.05.99:9
 133 DD 03.07.00:5
 134 DD 23.05.01:4
 135 DD 01.09.02:5, 08.09.02:3

BLAASORKESTE 1872 - 1902

1 DD 21.04.82
 2 DD 25.04.82
 3 DD 12.12.83
 4 DD 20.02.86
 5 DD 26.03.97
 6 DD 25.06.97
 7 DD 05.08.87
 8 DD 17.04.89, 08.05.89
 9 DD 23.05.89
 10 East London Standard 25.09.90
 11 DD 22.04.91
 12 Kyk Deel I, p. 195
 13 DD 02.05.85
 14 DD 21.07.86
 15 DD 16.06.86
 16 DD 11.08.86
 17 DD 06.10.86
 18 DD 28.05.87
 19 DD 12.09.88
 20 DD 04.04.88, 31.10.88, 27.06.88
 21 DD 29.01.90
 22 DD 29.01.90
 23 DD 28.05.90

24 DD 03.05.90
 25 DD 05.07.90
 26 DD 17.09.90, 01.10.90
 27 DD 11.10.90
 28 DD 13.05.91, 15.08.91
 29 DD 07.10.91
 30 DD 01.03.93
 31 DD 27.01.94
 32 DD 17.02.94, 10.03.94
 33 DD 11.08.94
 34 DD 10.11.94, 05.12.94, 19.12.94
 35 DD 03.10.94
 36 DD 22.12.94
 37 DD 29.06.95
 38 DD 10.07.95
 39 DD 01.02.96
 40 DD 23.06.97
 41 DD 11.08.97, 25.08.97
 42 DD 25.08.97

43 East London Standard 22.10.97

44 East London Standard 29.10.97

'n Lid van die publiek het ook in November 1897 deur middel
 van die Daily Dispatch gepleit vir ten minste een optrede
 per week en daarby gevoeg:

it's a great pity that such musical talent should be
 hidden under a bushel and so seldom brought to light.

45 DD 08.08.98:7
 46 DD 15.08.98:2
 47 DD 16.08.98:2
 48 DD 27.12.98:9
 49 DD 28.12.98:7
 50 DD 24.12.98:2
 51 DD 28.12.98:1
 52 DD 30.12.98:2
 53 DD 04.01.99:9, 31.01.99:2, 24.02.99:2, 02.03.99:2
 54 DD 19.08.99:2
 55 DD 20.12.99:7
 56 DD 09.10.00:7
 57 DD 29.05.01:5
 58 DD 09.05.02:5
 59 DD 20.06.02:1
 60 DD 12.07.02:4
 61 DD 02.08.02:4
 62 DD 01.07.02:8
 63 DD 01.08.02:5
 64 DD 04.08.02:4
 65 DD 20.09.02:4
 66 DD 24.11.02:5
 67 DD 24.12.02:4
 68 DD 24.06.93
 69 DD 27.09.93
 70 DD 29.11.93
 71 DD 27.01.94
 72 DD 10.03.94
 73

SKOOLKOORKOMPETISIES 1899 - 1902

1 MalanS Bundel II 55-57
 DD 14.04.99:9

Frederick Farrington wat in Chester gebore is, het as musiekinspekteur van die Departement van Onderwys 'n veelvuldige bydrae gelewer tot die opheffing van sang, en was die voorloper om die tonika sol-fa in die Oos-Kaapse skole te loods. Hy was ook die stigter van die skoolkoorkompetisie.

2	DD	20.09.99:2,	20.09.99:7
3	DD	25.10.99:7	
4	DD	28.10.99:7	
5	DD	23.11.00:8,	28.11.00:2, 1.12.00:10
6	DD	01.11.02:4	
7	DD	04.11.02:5	

MUSIEKONDERWYSERS 1881 - 1902

1	DD	24.09.81,	28.09.81,	08.10.81,	04.02.82
2	DD	11.01.82,	14.01.82,	18.01.82,	12.01.82,
	DD	01.02.82,	08.02.82,	11.02.82,	15.02.82
3	DD	24.09.81,	28.09.81,	08.10.81,	04.02.82
4	DD	09.12.82			
5	DD	23.05.83			
6	DD	27.06.82			
7	DD	15.04.85			
8	DD	01.09.83			
9	DD	03.11.83			
10	DD	12.01.84			

Daarna in talle uitgawes Januarie tot April 1884.

Kyk ook Deel I, p. 6 en p. 109 vir haar waardevolle bydraes tot die musieklewe van Oos-Londen.

11	DD	02.08.84			
12	DD	03.02.86			
13	DD	24.01.85			
14	DD	23.09.85			
15	DD	10.09.87			
16	DD	21.05.90			
17	DD	26.07.90			
18	DD	29.11.90			
19	DD	24.12.90			
20	DD	31.01.91			
21	DD	04.02.91			
22	DD	29.08.91			
23	DD	05.09.91			
24	DD	30.01.92			
25	DD	01,10.92			
26	DD	05.04.93			
27	DD	25.11.93			
28	DD	22.06.95			
29	DD	07.03.96			
		MalanS	Bundel I	144	
30	DD	24.06.95			
31		MalanS	Bundel I	145	
32	DD	02.07.98:1			
33		MalanS	Bundel I	145	
34	DD	28.07.97			
35	DD	11.09.97			
36	DD	15.07.98:8			
37	DD	28.07.98:2			
38	DD	13.08.98:2			

39 DD 03.09.98:2
 40 DD 22.09.98:2
 41 DD 29.09.98:2
 42 Van der WaltM 14
 43 Van der WaltM 15
 44 Van der WaltM 15
 45 Van der WaltM 16
 46 DD 04.10.98:2
 47 DD 21.10.98:2
 48 DD 13.03.99:2
 49 DD 23.03.99:2
 50 DD 30.03.99:2
 51 DD 10.04.99:2
 52 DD 10.04.99:2
 53 DD 12.04.99:2
 54 DD 11.05.99:2
 55 DD 14.07.99:2
 56 DD 07.03.01:8
 57 DD 14.07.99:3
 58 DD 30.08.99:2
 59 DD 06.10.99:2
 60 DD 21.04.00:2
 61 DD 16.01.00:2
 62 DD 17.01.00:2
 63 DD 01.08.00:2
 64 DD 19.09.00:2
 65 DD 29.09.00:8
 66 DD 10.01.01:4

Frank Hyde was die broer van James Hyde wat in die negentiger jare van die neëntiende eeu in King William's Town woonagtig was. Eersgenoemde was gemoed met die skoolkoorkompetisies en het in 1900 die produksie van die opera Maritana gehartig. Hy het Oos-Londen in 1902 verlaat. MalanS Bundel II 252

67 DD 10.01.01:4
 68 DD 09.03.01:8
 69 DD 21.03.01:4, 03.01.02:8
 70 DD 30.05.01:8
 71 DD 18.06.01:8
 72 DD 22.06.01:1
 73 DD 03.01.02:8
 74 DD 07.01.02:8
 75 DD 08.05.02:4
 76 DD 16.07.02:4
 77 DD 21.08.02:4
 78 DD 17.10.02:8
 79 DD 28.11.02:4
 80 MalanS Bundel I 264
 81 DD 28.07.02:3

EKSAMENAKTIWITEITE 1891 - 1902

1 DD 14.01.91
 2 DD 09.09.91
 Dit is opvallend dat King William's Town drie en twintig inskrywings uit die Klooster getrek het, plus nog tien private leerlinge van mnr. Goold, terwyl Oos-Londen slegs agt inskrywings kon toon.
 3 DD 14.09.91

4	DD	07.06.93,	26.08.93
5	DD	07.06.93	
6	DD	02.12.93	
7	DD	06.06.94,	18.08.94
8	DD	03.11.94	
9	DD	15.12.94	
10	DD	21.08.95	
11	DD	12.02.96	
12	DD	14.10.96,	10.03.97
13	DD	19.08.96,	02.12.96
14	DD	24.03.97	
15	DD	10.07.97	
16	DD	06.11.97	
17	DD	15.09.97	
18	DD	25.08.97	
19	DD	13.04.99:2,	19.04.99:8
20	DD	21.04.99:5	
21	DD	27.04.99:3	
22	DD	29.04.99:3	
23	DD	17.06.99:9	
24	DD	19.12.99:9	
25	DD	15.08.99:5	
26	DD	06.09.99:10	
27	DD	11.12.99:5	
28	DD	05.04.00:3	
29	DD	29.10.00:8	
30	DD	26.05.00:3,	24.06.00:4, 07.08.00:2
31	DD	20.08.00:7	
32	DD	07.01.02:6	
33	DD	07.04.02:5	

HANDELAARS, FIRMAS EN STEMMERS 1882 - 1902

1	DD	08.02.82,	11.02.82,	15.02.82,	22.02.82,	25.02.82
2	DD	01.03.82				
3	DD	22.03.81,	25.03.81,	29.03.81		
4	DD	06.04.81				
5	DD	15.04.81				
6	DD	08.11.82				
7	DD	15.02.82				
8	DD	06.01.83				
9	DD	13.06.83				
10	DD	25.07.83				
11	DD	01.08.83				
12	DD	17.11.83				
13	DD	20.08.84				
14	DD	30.08.84				
15	DD	15.04.85				
16	DD	29.02.88,	04.07.88			
17	DD	06.06.88				
		Dok in Junie en Julie 1888				
18	DD	28.12.88				
19	DD	06.02.89				
20	DD	16.10.89				
21	DD	28.09.89				
22	DD	09.10.89,				
23	DD	23.10.89				
24	DD	21.02.91				
25	DD	16.01.92				

26	DD	23.01.92		
27	DD	23.01.92		
28	DD	26.07.93		
29	DD	16.09.93		
30	DD	06.09.93		
31	DD	16.09.93		
32	DD	02.07.98:5		
33	DD	03.10.98:2		
34	DD	20.01.99:1		
35	DD	07.06.99:10		
36	DD	07.06.99:10		
37	DD	10.01.02:4, 07.03.02:8		
38	DD	18.03.82		
39	DD	01.04.82		
40	DD	11.11.82		
41	DD	14.03.83		
42	DD	12.01.84, 07.05.84		
43	DD	26.11.84		
44	DD	19.08.85		
45	DD	28.04.88		
46	DD	07.09.89, 28.09.89, 12.04.90		
47	DD	31.01.91		
48	DD	11.07.91		
49	DD	27.10.94		
50	DD	22.11.90, 04.07.98:1		
51	DD	09.08.99		
52	DD	17.04.99:2, 20.04.99:2, 03.05.99:2		
53	DD	15.08.99:8		
54	DD	08.09.00:2		
55	DD	09.02.01:4		
56	DD	21.01.02:		
57	DD	11.10.02:1		

D E E L II 1903 - 1914KONSERTE 1903 - 1914

1	<u>Daily Dispatch</u>	(voortaan DD)	15.04.03:4
2	DD	08.05.03:2	
3	DD	22.07.03:8	
4	DD	18.12.03:5	
5	DD	26.07.04:4	
6	DD	29.07.04:4	
7	DD	01.08.04:4	
8	DD	29.10.04:4, 31.10.04:5	
9	DD	05.05.05:5	
10	DD	15.02.06:4	
11	DD	02.05.06:5	
12	DD	19.01.03:4, 05.02.03:5	
13	DD	18.08.03:4, 26.08.03:4	
14	DD	21.04.04:5	
15	DD	06.04.04:5	
16	DD	02.05.04:4, 29.04.04:4	
17	DD	06.08.04:4	
18	DD	18.07.04:4, 19.07.04:5	
19	DD	27.01.03:5	
20	SmithD	426-438	
21	DD	21.01.03:4	
22	DD	06.03.03:5, 19.03.03:8	
23	Naughtw	Volume 17 46	
24	Naughtw	Volume 17 297	
25	DD	25.04.03:3	
26	ChambersB	Volume I 539	
27	DD	01.09.03:4	
28	DD	02.12.03:5	
29	Naughtw	Volume 17 28-29	
30	DD	23.01.04:5, 17.03.04:5, 25.01.05:5	
31	DD	26.01.07:5	
32	DD	20.12.04:1	
33	DD	09.01.05:5, 11.01.05:4, 16.01.05:4	
34	DD	18.02.05:4	
35	DD	17.03.05:4	
36	DD	02.03.05:4	
37	DD	04.03.05:4	
38	DD	31.03.05:4, 06.04.05:3	
39	DD	17.05.05:4	
40	DD	31.05.05:6	
41	DD	07.06.05:4, 10.06.05:5, 26.06.05:4	
42	DD	01.07.05:5	
43	DD	22.11.06:5	
44	DD	06.04.07:4	
45	DD	09.04.07:4	
46	DD	11.04.07:4	
47	DD	16.05.07:4	
48	DD	13.06.07:4	
49	DD	18.08.05:4, 22.08.05:4	
50	DD	07.12.05:5	
51	DD	16.02.06:4	
52	DD	23.02.06:3	
53	DD	23.02.06:7	
54	DD	01.02.06:4	

55	DD	09.02.06:4	
56	DD	16.08.06:4	
57	DD	28.09.06:5	
58	DD	14.12.06:7	
59	DD	21.05.07:4	
60	DD	10.07.07:5	
61	DD	23.09.07:4	
62	DD	21.09.07:4	
63	DD	15.10.07:4	
64	DD	24.04.08:6	
65	DD	20.05.08:5	
66	DD	04.09.08:4	
67	DD	12.10.08:5	
68	DD	02.12.08:4	
69	DD	22.01.09:6	
70	DD	04.03.09:4, 08.03.09:4	
71	DD	02.09.09:8	
72	DD	11.10.09:5	
73	DD	26.07.10:3	
74	DD	26.07.10:3	
75	DD	06.10.10:5	
76	DD	30.01.11:3	
77	DD	12.06.11:5	
78	DD	03.08.11:4	
79	DD	12.09.11:4	
80	DD	11.10.11:3	
81	DD	12.04.12:8	
82	DD	03.01.13:5	
83	DD	06.01.13:5	
84	DD	07.07.13:7	
85	DD	15.12.13:6	
86	DD	21.03.14:12	
87	Kyk	Deel II, pp. 496, 497	
88	DD	06.05.14:10	
89	DD	15.06.14:5	
90	DD	20.07.14:5	

GEWYDE AANBIEDINGE 1903 - 1914

1	DD	14.03.03:5	
2	DD	30.03.03:5	
3	DD	22.04.03:5	
4	DD	24.06.03:4	
5	DD	11.07.03:5	
6	DD	19.10.03:4	
7	DD	23.10.03:5	
8	DD	10.06.03:2	
9	DD	16.10.03:6	
10	DD	20.10.03:6	
11	DD	11.05.03:4	
12	DD	20.05.03:6	
13	DD	26.05.03:8	
14	DD	03.06.03:5	
15	DD	08.06.03:5	
16	DD	13.06.03:4, 19.06.03:4	
17	DD	30.11.04:4, 03.12.04:5	
18	DD	18.12.03:4, 19.12.03:5	
19	DD	26.01.04:4	
20	DD	06.08.04:6	

21 DD 10.10.04:6
 22 DD 18.11.04:4
 23 DD 09.12.04:4
 24 DD 20.12.04:4
 25 DD 06.02.05:8
 26 DD 17.02.05:6
 27 DD 21.02.05:6
 28 DD 20.05.05:5
 29 DD 14.04.05:4
 30 DD 14.04.05:4, 20.04.05:4
 31 DD 12.06.05:6
 32 DD 28.09.05:2
 33 DD 13.10.05:4, 26.10.05:5
 34 DD 27.10.05:6
 35 DD 30.10.05:5
 36 DD 31.10.05:3
 37 DD 03.04.06:5
 38 DD 24.05.06:4
 39 DD 09.04.06:3
 40 DD 17.05.06:4, 19.05.06:5
 41 DD 14.07.06:5
 42 DD 11.10.06:4
 43 DD 01.11.06:4
 44 DD 24.11.06:5
 45 DD 20.12.06:5
 46 Hierdie werk is in Maart 1907 deur die koor van die St. George Presbyteriaanse kerk tydens die lydenstyd, met mej. Hector en mnr. Maitland as soliste uitgevoer. DD 15.03.07:4
 47 DD 23.02.07:4
 48 DD 29.03.07:5
 49 DD 15.04.07:7, 17.04.07:4
 50 DD 06.08.07:7
 51 DD 06.11.07:7
 52 DD 14.11.07:4
 53 DD 03.04.08:7
 54 DD 23.12.08:4
 55 DD 05.06.08:4
 56 DD 21.12.08:4, 24.12.08.8
 57 HumanM 451-457
 58 DD 05.06.08:4
 59 DD 04.01.09:5
 60 DD 25.01.09:5
 61 DD 11.01.09:5
 62 DD 13.03.09:5
 63 DD 17.07.09:5
 64 DD 04.08.09:5
 65 DD 06.12.09:5
 66 DD 17.12.09:5
 67 DD 23.02.10:5, 25.02.10:5
 68 DD 15.07.10:8, 03.09.10:9
 69 DD 07.07.10:5
 70 DD 03.09.10:9
 71 DD 16.12.10:4
 72 DD 14.02.10:4, 18.04.10:5, 23.05.10:5
 73 DD 14.02.10:4
 74 DD 16.04.10:5
 75 DD 22.08.10:4
 76 Kyk Deel II, pp. 426, 429, 431-432, 433-434, 436-437
 77 17.09.10:5, 19.09.10:8

78	DD	24.10.10:5	
79	DD	24.10.10:5	
80	DD	19.05.11:5	
81	DD	29.06.11:4	
82	DD	06.11.11:4,	30.12.11:7
83	DD	12.05.11:5,	02.12.11:8
84	DD	13.05.11:4	
85	DD	24.05.11:7	
86	DD	22.06.12:6	
87	DD	27.06.12:7	
88	DD	25.11.12:5	
89	DD	20.07.12:5	
90	DD	27.04.12:7	
91		Keurspele uit dié opera het by talle uitvoerings in 1910 en 1911, asook in Februarie 1912, voorgekom.	
92	DD	14.06.13:7	
93	DD	14.06.13:7	
94	DD	21.06.13:7	
95	DD	27.06.13:4	
96	DD	26.07.13:6	
97	DD	15.08.13:5	
98	DD	14.10.13:10	
99	DD	18.10.13:6	
100	DD	25.10.13:7	
101	DD	20.12.13:7	
102	DD	15.12.13:10	
103	DD	25.01.13:7	
104	DD	20.09.13:6,	08.11.13:6
105	DD	08.08.13:10	
106	DD	08.08.13:10	
107	DD	07.10.13:4,	09.10.13:4
108	DD	28.02.14:6,	02.03.14:5
109	DD	06.07.14:4	
110	DD	25.05.14:5	

VERSKEIDENHEIDSKONSERTE 1903 - 1914

1	DD	16.04.03:6	
2	DD	07.05.03:5	
3	DD	08.10.03:4	
4	DD	09.11.03:5	
5	DD	07.07.03:4	
6	DD	14.07.03:5	
7	DD	24.10.03:4	
8	DD	16.01.04:3	
9	DD	08.02.04:4	
10	DD	09.02.04:4	
11	DD	04.03.04:5	
12	DD	08.03.04:6	
13	DD	27.06.04:4	
14	DD	04.07.04:4	
15	DD	07.07.04:5	
16	DD	28.07.04:4	
17	DD	19.01.05:4,	03.02.05:4
18	DD	06.02.05:4	
19	DD	29.11.04:4	
20	DD	06.12.04:4	
21	DD	15.12.05:4	
22	DD	26.01.06:5,	09.02.06:4, 23.02.06:4, 08.03.06:6

23	DD	28.02.06:5		
24	DD	20.06.06:4,	21.06.06:4	
25	DD	01.12.06:6,	03.12.06:4	
26	DD	24.12.06:3		
27	DD	04.04.07:3		
28	DD	16.05.07:5		
29	DD	30.05.07:4,	03.06.07:4	
30	DD	01.11.07:4		
31	DD	04.11.07:4		
32	DD	07.05.08:4,	09.05.08:5,	06.07.08:4
33	DD	18.09.08:5,	15.09.08:4	
34	DD	30.09.08:4		
35	DD	02.10.08:4		
36	DD	21.01.09:5		
37	DD	24.03.09:3		
38	DD	07.10.09:8		
39	DD	18.04.10:8		
40	DD	26.05.10:5		
41	DD	06.09.10:5,	09.09.10:5	
42	DD	06.09.10:5,	09.09.10:5,	28.09.10:4
43	DD	10.05.11:5		
44	DD	14.07.11:6		
45	DD	02.10.11:5		
46	DD	14.12.11:5		
47	Kyk	Deel II, pp. 441-462		
48	DD	16.03.12:6		
49	DD	22.03.12:7		
50	DD	25.04.12:5		
51	DD	19.04.12:4		
52	DD	10.05.12:5		
53	DD	03.07.12:5		
54	DD	11.07.12:5		
55	DD	03.09.12:5		
56	DD	22.08.12:4		
		ShinglerW 129		
57	DD	20.09.12:5		
58	DD	26.09.12:4		
59	DD	07.10.12:4		
60	DD	19.10.12:5		
61	DD	31.10.12:6,	24.10.12:4	
62	DD	07.11.12:6		
63	DD	20.11.12:9		
64	DD	05.12.12:4,	11.12.12:5,	14.12.12:6
65	DD	31.12.12:5,	03.01.13:5	
66	DD	27.05.13:5,	02.06.13:5	
67	DD	12.07.13:7,	19.07.13:7	
68	DD	07.08.13:7		
69	DD	23.12.13:12		
70	DD	27.03.03:4		
71	DD	07.09.03:4		
72	DD	02.11.03:5		
73	DD	02.02.04:4		
74	DD	13.01.06:4		
75	DD	10.12.06:3,	14.12.06:4,	21.12.06:5
76	DD	25.04.03:4,	27.04.03:6	
77	DD	22.06.03:3		
78	DD	06.10.03:6		
79	DD	21.03.05:3		
80	DD	23.02.05:4,	24.02.05:4	

81	DD	21.03.05:3		
82	DD	23.03.05:6,	01.06.05:4,	24.10.05:4
83	DD	21.01.04:6		
84	DD	08.10.06:6		
85	DD	24.08.07:4		
86	DD	16.12.07:5		
87	DD	01.10.03:8,	09.10.03:8	
88	DD	01.05.05:4		
89	DD	18.10.05:5,	04.12.05:4	
90	DD	08.02.07:5		
91	DD	03.03.08:7		
92	DD	05.11.08:4		
93	DD	12.11.08:4		
94	DD	16.06.09:5		
95		ShinglerW 77		
96	DD	01.08.10:6		
97	DD	16.05.06:4		
98	DD	06.04.07:5		
99	DD	16.08.07:4		
100	DD	13.09.07:5		
101	DD	25.05.08:5		
102	DD	07.05.08:5		
103	DD	12.08.08:5,	14.08.08:4	
104	DD	11.12.08:4		
105	DD	07.04.10:5		
106	DD	08.04.10:5		
107	DD	23.04.10:3		
108	DD	07.05.10:4		
109	DD	03.06.10:4		
110	DD	13.06.10:8		
111	DD	15.06.10:5		
112	DD	11.06.10:7		
113	DD	28.07.10:4		
114	DD	26.08.10:4		
115	DD	21.10.10:3		
116	DD	19.11.10:5		
117	DD	23.12.10:4		
118	DD	22.04.11:6		
119	DD	06.06.11:4		
120	DD	29.06.11:5,	30.06.11:4	
121	DD	27.07.11:4		
122	DD	09.09.11:5,	11.09.11:4	
123	DD	05.10.11:4,	20.10.11:5,	18.11.11:11,
	DD	04.10.12:5,	30.12.12:7,	18.06.12:9,
			24.01.13:4,	21.02.13:8
124	DD	15.12.11:5,	19.12.11:7	
125	DD	11.03.12:5		
126	DD	18.06.12:9		
127	DD	04.10.12:5		
128	DD	11.03.12:5,	18.11.11:11	
129	DD	18.09.13:8		
130	DD	13.11.13:5,	15.11.13:12	
131	DD	19.02.14:4,	23.02.14:4	
132	DD	01.05.14:12		
133	DD	29.05.14:12		

VERENIGINGS 1904 - 1909

1	VernonI	3
2	DD	30.07.04:8
3	DD	02.09.04:4

4	DD	17.08.04:4			
5	DD	02.09.04:4			
6	DD	19.09.04:4			
7	DD	25.02.05:4			
8	DD	16.03.05:4,	23.06.05:4		
9	DD	17.07.05:4			
10	DD	18.11.05:5			
11	DD	12.04.06:4			
12	DD	07.09.06:5,	08.09.06:5,	10.09.06:4	
13	DD	08.09.06:5			
14	DD	10.09.06:4			
15	DD	02.03.07:4,	25.03.07:4		
16	DD	26.08.07:5,	30.08.07:4		
17	DD	02.09.07:5			
18	DD	25.07.08:5			
19	DD	25.07.08:5,	27.07.08:5		
20	DD	16.08.09:4			
21	DD	17.08.09:7			
22	DD	18.08.09:7			
23	DD	19.08.09:7,	20.08.09:7		
24	DD	17.06.10:5			
25	DD	18.06.10:5			
26	DD	04.07.10:5			
27	DD	03.08.10:5			
28	DD	11.04.12:4			
29	DD	18.03.11:4,	18.04.11:4,	29.05.11:4	
30	DD	19.04.12:4			
31		Ongelukkig is die dagblad wat die resensie bevat nie beskikbaar nie.			
32	DD	01.08.12:5			
33	DD	11.06.13:6,	05.06.13:6,	16.06.13:8	
34	DD	11.07.13:5			
35	DD	01.12.05:8			
36	DD	04.12.05:5			
37	DD	07.12.05:4			
38	DD	07.12.05:5,	13.12.05:8		
39	DD	03.10.06:4			
40	DD	17.11.06:9			
41	DD	06.11.07:5			
42	DD	05.08.08:5			
43	DD	13.11.03:4,	28.11.03:4,	05.12.03:5,	07.12.03:4
44	DD	16.11.04:4,	28.11.04:4,	03.12.04:5	
45	DD	09.12.04:4			
46	DD	20.07.05:4,	04.08.05:5,	05.08.05:8,	07.08.05:4
47	DD	02.11.05:5			
48	DD	11.09.06:4,	14.09.06:4,	15.09.06:5	
49	DD	16.07.07:4,	18.07.07:5		
50	DD	06.02.08:4			
51	DD	30.03.08:3			
52	DD	21.04.08:4,	23.04.08:4		
53	DD	31.04.08:4			
54	DD	03.12.08:4			
55	DD	31.12.08:5,	06.01.09:5		
56	DD	11.02.09:4			

BESOEKENDE KUNSTENAARS EN GESELSKAPPE 1903 - 1914

1	DD	04.06.03:4,	19.06.03:5,	20.06.03:5
2	DD	24.06.03:4		
3	DD	30.06.03:5		

4	DD	09.97.03:4			
5	DD	06.07.03:6			
6	DD	05.03.04:4			
7	DD	09.03.04:4			
8	DD	03.03.04:4,	09.03.04:5		
9	DD	11.03.04:4,			
10	DD	15.03.04:4			
11	DD	14.03.04:4,	15.03.04:4		
12	DD	17.03.04:5,	18.03.04:5		
13	DD	19.03.04:4			
14	DD	19.03.04:4,	21.03.04:4		
15	DD	29.03.04:4			
16	DD	05.04.04:5			
17	DD	06.04.04:5			
18	DD	14.09.04:4			
19	DD	19.09.04:4			
20	DD	20.09.04:5			
21	DD	28.03.05:4,	08.04.05:5		
22	DD	30.08.05:4,	04.09.05:5		
23	DD	07.07.05:4,	08.07.05:5		
24	DD	10.07.05:5			
25	DD	13.09.05:4,	15.09.05:5		
26	DD	23.11.05:4			
27	DD	21.11.05:4,	23.11.05:5,	28.11.05:4,	29.11.05:5
28	DD	21.07.06:10			
29	DD	27.06.07:5			
30	DD	03.07.07:4			
31	DD	30.05.08:4			
32	DD	02.06.08:5			
33	DD	03.06.08:7			
34	DD	15.08.08:4			
35	DD	03.07.09:4			
36	DD	07.07.09:5			
37	DD	05.07.09:5,	10.07.09:5		
38	MalanS Bundel I 53				
39	DD	22.07.09:4,	02.08.09:5,	03.08.09:5	
40	DD	27.08.09:5,	28.08.09:4		
41	DD	07.10.09:4			
42	DD	25.01.10:6			
43	DD	09.07.10:5			
44	DD	14.07.10:6			
45	Talle verslae het hierdie konsert in Oktober voorafgegaan				
46	DD	14.10.10:5			
47	DD	15.10.10:5			
48	DD	06.12.10:5,	10.12.10:5,	17.12.10:6,	19.12.10:4
49	DD	20.12.10:5			
50	DD	06.06.11:5,	22.06.11:5		
51	DD	23.06.11:4,	24.06.11:7,	26.06.11:5	
52	DD	27.11.11:5			
53	DD	24.11.11:5			
54	DD	01.07.12:4,	04.07.12:4		
55	DD	12.01.12:3			
56	DD	13.09.12:4,	28.09.12:7		
57	DD	19.11.13:9,	29.11.13:12		
58	DD	17.06.14:4			
59	DD	23.06.14:4			
60	DD	17.08.03:4,	26.08.03:5		
61	DD	25.06.04:4,	27.06.04:8,	28.06.04:4	
62	DD	24.09.04:5,	26.09.04:8		
63	DD	21.09.05:5,	22.09.05:5		

64	DD	25.02.08:4	
65	DD	07.08.08:5,	08.08.08:5
66	DD	04.11.09:4,	08.11.09:4
67	DD	09.12.09:5;	10.12.09:4
68	DD	13.12.09:5	
69	DD	13.12.09:5,	14.12.09:4
70	DD	17.12.09:4	
71	DD	21.12.09:5	
72	DD	21.04.10:5,	25.01.10:5
73	DD	28.06.10:5,	12.08.10:5
74	DD	06.02.11:5,	01.05.11:5
75	DD	14.01.11:5	
76	DD	13.01.12:5	
77	DD	15.01.12:8	
78	DD	31.12.12:10	
79	DD	22.03.13:7,	24.03.13:8, 26.03.13:5
80	DD	21.05.13:10,	22.05.13:4
81	DD	12.05.13:6	Wheeler-Edwardes Gaiety-geselskap
	DD	04.12.13:6	Wilson-Denver Columbian Vaudeville-geselskap
	DD	16.02.14:5	W E Holloway-geselskap
82	DD	22.03.05:4	
83	DD	07.03.05:5	
84	DD	08.03.05:5,	09.03.05:5
85	DD	10.03.05:5	
86	DD	10.06.05:5,	12.06.05:5
87	DD	09.08.04:4,	13.08.04:4
88	DD	07.02.06:8,	10.02.06:5
89	DD	13.04.07:4,	15.04.07:5, 27.12.07:4
90	DD	23.08.09:8	
91	DD	07.01.13:6	
92	DD	08.01.13:4	
93	DD	09.01.13:5	
94	DD	11.01.13:7	
95	DD	13.10.13:8	
96	DD	21.09.04:4	
97	DD	02.10.04:5	
98	DD	03.10.04:5	
99	DD	02.11.04:4	
100	DD	05.11.04:5,	07.11.04:5
101	DD	23.12.04:4	
102	DD	24.12.04:4	
103	DD	18.04.05:4,	20.04.05:4
104	DD	22.04.05:4,	25.04.05:4
105	DD	19.10.05:4,	19.12.05:4, 21.12.05:4
106	DD	05.03.06:4,	09.03.06:4
107	DD	09.07.06:3,	11.08.06:5
108	DD	18.08.06:5	
109	DD	17.05.06:4,	24.12.06:3, 09.01.07:3, 13.01.07:3,
	DD	16.01.07:3,	20.01.07:3
110	DD	10.01.07:3	
111	DD	11.01.17:3	
112	DD	15.01.07:7	
113	DD	16.01.07:3	
114	DD	17.01.07:4	
115	DD	19.01.07:5	
116	DD	23.12.07:4	
117	HumanM	161-162	
118	DD	24.12.07:5	
119	DD	10.03.08:5	
120	DD	17.12.08:5,	19.12.08:5

121	DD	19.12.08:5	
122	DD	04.01.09:5	
123	DD	21.12.08:5	
124	DD	19.01.09:5	
125	DD	16.12.09:5,	
126	DD	17.12.09:5	
127	DD	04.05.10:5	
128	DD	17.12.10:7,	HumanM 170
129	DD	17.12.10:7	
130	DD	23.12.10:5	
131	DD	15.04.11:5	
132	DD	08.04.11:4	
133	DD	15.04.11:5	
134	DD	13.06.11:6	
135	DD	13.06.11:6	
136	DD	16.06.11:4	
137	DD	19.06.11:4	
138	DD	15.07.11:9	
139	DD	15.07.11:9	
140	DD	14.12.11:5,	16.12.11:7
141	DD	18.12.11:5	
142	DD	29.12.11:4	
143	DD	30.12.11:5	
144	DD	31.01.12:5,	01.02.12:5
145	DD	14.12.12:7	
146	DD	14.12.12:12	
147	DD	17.12.10:7	
148	DD	23.12.10:5	
149	DD	17.03.13:4	
150	DD	30.09.13:4,	04.10.13:7
151	DD	29.12.13:5	

JEUGKONSERTE 1903 - 1911

1	DD	17.01.03:5	
2	DD	20.05.03:4	
3	DD	06.06.03:6	
4	DD	11.06.03:4	
5	DD	19.06.03:4	
6	DD	23.06.03:5	
7	DD	24.06.03:8	
8	DD	24.06.03:8	
9	DD	25.06.03:5	
10	DD	26.06.03:5	
11	DD	24.06.03:5	
12	DD	18.12.03:6	
13	DD	16.05.04:4	
14	DD	06.05.05:4	
15	DD	08.05.05:6	
16	DD	26.05.06:12	
17	DD	25.07.06:3	
18	DD	10.12.06:3	
19	DD	24.06.07:6	
20	DD	21.08.07:4	
21	DD	30.05.08:4,	01.06.08:5
22	DD	19.08.08:4	
23	DD	16.09.08:7	
24	DD	25.09.08:5	
25	DD	09.11.08:4	
26	DD	18.11.08:5	

27 DD 03.12.08:4, 07.12.08:4, 17.12.08:5, 26.11.09:8
 28 DD 05.07.09:6
 29 DD 24.09.09:5
 30 DD 26.11.09:8
 31 DD 15.12.09:5
 32 DD 12.03.10:4, 21.03.10:5
 ShinglerW 77
 33 DD 14.07.10:4
 34 DD 23.09.10:5
 35 DD 30.11.10:10
 36 DD 22.09.11:5, 08.11.11:4
 37 DD 16.12.11:7
 38 DD 14.11.12:5
 39 DD 02.10.13:5, 03.10.13:5
 40 DD 31.10.13:5

VAUDEVILLES 1911 - 1914

1 Potgieters Volume 3 147, 234

2 Groved 524, 567

3 DD 22.03.11:5, 11.04.11:5

4 DD 29.08.11:4

5 DD 22.03.11:5

6 DD 27.03.11:6

7 DD 28.03.11:4

8 DD 11.04.11:5

9 DD 05.06.11:4

10 DD 06.06.11:5

11 DD 29.08.11:4

The South African Weekly Standard 04.08.11:40

Hierdie koerant het voorspel dat die 'thoroughly up-to-date and comfortable photo-play theatre' Oos-Londen se vermaaklikheidsaktiwiteite aansienlik sou verruim het.

12 DD 05.09.11:8

13 Kyk Deel II, pp. 280-282, 314-318

14 DD 12.09.11:5

15 DD 26.09.11:4

16 DD 26.09.11:4

17 DD 11.10.11:8

18 Groved 544

'n Soubrette word omskryf as 'n 'stock character of 18th century French theatre':

the clever but impertinent servant girl who comments wryly on the behaviour of the ladies and gentlemen of the household, and who often becomes an agent of intrigue.

Die term verwys ook na operarolle wat 'n ligte, beweeglike sopraanstem vereis.

19 DD 17.10.11:5

20 DD 24.10.11:5

21 DD 01.11.11:5

22 DD 03.11.11:5

23 DD 07.11.11:5

24 DD 14.11.11:5

25 DD 28.11.11:10

26 DD 05.12.11:5

27 DD 03.04.12:5, 09.04.12:4

28 DD 03.04.12:5

29 DD 16.04.12:5

30 DD 24.04.12:8

31 DD 23.04.12:4

32 DD 23.04.12:4, 24.04.12:8
 33 DD 30.04.12:4
 34 DD 21.05.12:9
 35 DD 04.06.12:10
 36 DD 11.06.12:5
 37 DD 28.06.12:4
 38 DD 08.07.12:8
 39 DD 09.07.12:5
 40 DD 12.07.12:12
 41 DD 20.08.12:8
 42 DD 03.09.12:10
 43 DD 05.09.12:5
 44 DD 10.09.12:5
 45 DD 17.09.12:5
 46 DD 10.09.12:5
 47 DD 17.09.12:5
 48 DD 07.10.12:4, 08.10.12:4
 49 DD 15.10.12:4
 50 DD 17.10.12:4
 51 DD 23.10.12:4
 52 DD 22.10.12:5
 53 DD 25.10.12:10
 54 DD 05.11.12:10
 55 DD 16.11.12:6
 56 DD 20.11.12:10
 57 DD 10.12.12:5
 58 DD 04.03.13:5
 59 Scholes 962

Die Oxford Companion to Music omskryf 'n skets as 'a brief, slight instrumental composition, generally for piano, and, it may be, having some pictorial suggestion'.

60 DD 18.03.13:10
 61 DD 15.04.13:4
 62 DD 05.04.13:4
 63 DD 12.05.13:8
 64 DD 19.05.13:4
 65 DD 18.07.13:6
 66 DD 30.09.13:10
 67 DD 21.10.13:5
 68 DD 18.11.13:7
 69 DD 25.11.13:12
 70 DD 28.11.13:10
 71 DD 09.12.13:7
 72 DD 23.12.13:12
 73 DD 26.01.14:4, 27.01.14:7
 74 DD 24.02.14:12
 75 DD 10.03.14:10
 76 DD 17.04.14:5
 77 DD 21.04.14:5
 78 DD 28.04.14:12
 79 DD 05.05.14:5
 80 DD 19.05.14:10
 81 DD 26.05.14:10
 82 DD 02.06.14:10
 83 DD 23.06.14:10
 84 DD 07.07.14:3
 85 DD 08.07.14:3
 86 DD 14.07.14:5
 87 DD 17.07.14:5

SKOOLKOORKOMPETISIES 1903 - 1912

1	DD	28.10.03:4,	04.11.03:5	
2	DD	29.10.04:5		
3	DD	03.11.04:6		
4	DD	19.10.05:4		
5	DD	21.10.05:5		
6	DD	16.06.06:5		
7	DD	22.10.06:1,	23.10.06:4	
8	DD	05.11.06:6,	13.06.07:4,	15.06.07:5
9	DD	20.06.08:4		
10	DD	08.12.08:2,	10.12.08:4	
11	DD	16.12.08:5		
12	DD	07.09.09:4,	13.09.09:5,	03.09.09:5
13	DD	21.09.11:6		
14	DD	12.12.12:5		
15	DD	09.09.04:4		
16	DD	12.09.04:4		
17	DD	14.09.05:4,	05.10.05:7	
18	DD	06.10.05:4,	07.10.05:5	
19	DD	22.03.06:4		
20	DD	24.04.06:4		
21	DD	03.05.06:4		
22	DD	02.08.06:4		
23	DD	27.07.06:4		
24	DD	03.08.06:8		
25	DD	03.08.06:8,	04.08.06:8	
26	DD	06.08.06:4		
27	DD	06.06.07:5		
28	DD	08.07.08:4,	14.07.08:4	

REGIMENTORKES 1903 - 1914

1	DD	08.05.07:5			
2	DD	09.05.03:5,	11.05.03:4		
3	DD	28.08.03:4,	05.09.03:4		
4	DD	17.10.03:4			
5	DD	29.12.03:1			
6	DD	19.12.03:5			
7	DD	19.12.03:4			
8	DD	29.12.03:1			
9	DD	29.12.03:5			
10	DD	01.02.04:4			
11	DD	11.02.04:4			
12	DD	20.02.04:4			
13	DD	04.03.04:4			
14	DD	04.04.04:4,	11.04.04:5		
15	DD	23.04.04:5			
16	DD	07.05.04:4,	20.05.04:4,	03.06.04:4,	25.07.04:4
17	DD	17.09.04:4			
18	DD	27.02.05:4			
19	DD	27.02.05:4			
20	DD	03.07.05:4			
21	DD	23.08.06:4			
22	DD	13.08.06:3,	14.09.06:7,	17.09.06:6,	18.09.06:7
23	DD	13.08.06:3			
24	DD	14.09.06:7			
25	DD	17.09.06:6			

26	DD	18.09.06:7,	19.09.06:7,	20.09.06:3,	21.09.06:3
	DD	22.09.06:7,	24.09.06:3		
27	DD	28.08.06:4			
28	DD	17.10.06:4			
29	DD	20.11.06:3			
30	DD	24.11.06:4			
31	DD	24.12.06:4			
32	DD	31.07.07:4			
33	DD	21.08.07:4			
34	DD	17.09.07:4			
35	DD	22.10.07:4			
36	DD	02.12.07:4,	11.12.07:4,	11.01.08:4,	14.07.08:4
37	DD	10.09.08:4			
38	DD	09.11.08:4			
39	Van der Walt	M	19		
40	DD	03.12.08:5			
41	DD	16.01.09:5			
42	DD	18.01.09:5			
43	DD	28.01.09:4			
44	DD	03.02.09:5			
45	DD	07.06.10:5			
46	DD	07.06.10:5			
47	DD	30.06.10:5			
48	DD	02.07.10:5,	13.07.10:5,	20.07.10:5,	24.07.10:5
49	DD	18.07.10:5			
50	DD	29.08.10:4,	08.09.10:5,	12.09.10:4	
51	DD	31.01.12:5			
52	DD	01.02.12:6			
53	DD	18.01.13:7,	01.02.13:12		
54	DD	12.03.13:4			
55	DD	24.03.13:4			
56	DD	24.03.13:4			
57	DD	07.08.13:4			
58	DD	11.08.13:6			
59	DD	27.10.13:8			
60	DD	18.12.13:6			
61	DD	18.12.13:6			
62	DD	22.12.13:7			
63	DD	30.12.13:5			
64	DD	10.01.14:7,	12.01.14:8,	19.01.14:7,	20.01.14:5
65	DD	31.01.14:6,	02.02.14:4		

DEEL III 1914 - 1918KONSERTE 1914 - 1918

- 1 VernonI 4
 Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het Oos-Londen 'n tydperk van ekonomiese depressie beleef. Hawe-aktiwiteite het aansienlik afgeneem wat gelei het tot 'n daling in invoer. In 1913 het vyfhonderd vier en veertig skepe by die hawe aangedoen. In 1914 vierhonderd drie en tagtig en in 1918 slegs tweehonderd een en vyftig skepe.
- 2 Daily Dispatch (voortaan DD) 09.09.14:7
 3 DD 12.09.14:4, 16.09.14:4, 21.09.14:4
 4 DD 22.09.14:4, 28.09.14:4
 5 DD 26.09.14:4
 6 DD 02.10.14:4
 7 DD 08.10.14:5
 8 DD 09.10.14:5
 9 DD 12.10.14:4
 10 DD 15.10.14:4, 19.10.14:4
 11 DD 22.10.14:4
 12 DD 26.10.14:7
 13 DD 31.10.14:6
 14 DD 30.10.14:8
 15 DD 04.11.14:4
 16 DD 19.11.14:4
 17 DD 23.11.14:4
 18 DD 31.11.14:7
 19 DD 03.12.14:8
 20 DD 08.12.14:5
 21 DD 16.12.14:8
 22 DD 07.12.14:4, 12.12.14:5
 23 DD 28.12.14:8
 24 DD 18.01.15:8
 25 DD 15.02.15:6
 26 DD 12.05.15:11
 27 DD 07.06.15:6
 28 DD 06.08.15:8
 29 DD 08.07.15:6, 05.07.15:4
 30 DD 17.04.16:6
 31 DD 05.05.16:3
 32 DD 23.06.16:5
 33 DD 26.06.16:4
 34 DD 07.08.16:6
 35 DD 14.07.16:3
 36 DD 11.09.16:7
 37 DD 11.09.16:7
 38 DD 23.10.16:8
 39 DD 04.11.16:8, 07.11.16:4
 40 DD 13.11.16:3
 41 DD 01.12.16:3, 14.12.16:8, 18.12.16:6
 42 DD 19.02.17:3,
 43 DD 11.06.17:6
 44 DD 21.08.17:5
 45 DD 21.08.17:5
 46 DD 05.11.17:6
 47 DD 19.02.17:3
 48 DD 01.05.17:4
 49 DD 07.01.17:4
 50 DD 23.05.17:4

51	DD	18.97.17:4	
52	DD	27.06.17:6	
53	DD	24.11.17:8	
54	DD	14.07.17:5	
55	DD	14.08.17:7	
56	DD	21.12.17:6	
57	DD	09.03.17:6	
58	DD	21.11.17:3	
59	DD	24.11.17:6	
60	DD	19.03.17:4	
61	DD	19.09.17:3	
62	DD	24.01.18:6	
63	DD	17.06.18:4	
64	DD	16.09.18:4	
65	DD	10.10.18:7	
66	DD	23.01.18:4,	29.01.18:3
67	DD	06.02.18:4	
68	DD	25.06.18:4,	01.07.18:6
69	DD	09.09.18:6	
70	DD	31.05.18:6	
71	DD	13.06.18:6	
72	DD	13.06.18:4	
73	DD	13.06.18:4	
74	DD	29.06.18:7	
75	DD	29.06.18:7	
76	DD	25.07.18:5	
77	DD	19.07.18:6	
78	DD	25.11.18:6	
79	DD	18.03.18:6	
80	DD	22.10.18:5	

GEWYDE AANBIEDINGE 1914 - 1918

1	DD	16.09.14:4	
2	DD	26.09.14:5	
3	DD	24.09.14:4	
4	DD	11.09.14:4	
5	DD	14.09.14:4	
6	DD	18.09.14:4	
7	DD	25.09.14:4	
8	DD	19.12.14:8	
9	DD	02.04.15:3	
10	DD	08.-4.15:4	
11	DD	17.04.15:3	
12	DD	29.07.15:6	
13	DD	10.07.15:8	
14	DD	10.07.15:8	
15	DD	14.02.16:6	
16	DD	21.02.17:6	
17	DD	09.11.17:3,	01.11.17:4
18	DD	27.12.17:5	
19	DD	18.06.17:6	
20	DD	18.06.17:6,	30.07.17:6
21	DD	27.08.17:6	
22	DD	24.09.17:6	
23	DD	05.11.17:6	
24	DD	08.10.17:6	
25	DD	18.02.18:6	
26	DD	13.05.18:6	
27	DD	10.06.18:5	

28 DD 08.07.18:6
 29 DD 11.09.18:7
 30 DD 22.07.18:6, 19.08.18:4
 31 DD 17.05.18:4, 21.05.18:4, 22.05.18:6
 32 Van GraanL 27-36, MalanS Bundel II 44-47

AANBIEDINGE DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS EN/OF GESELSKAPPE

1914 - 1918

1 DD 81.81.14:8, 10.08.14:7, 15.08.14:7
 2 DD 07.08.14:3
 3 DD 04.01.14:4
 4 DD 03.05.16:5, 13.05.16:8
 5 DD 10.06.16:6
 6 DD 08.07.16:9
 7 DD 02.01.17:4, 06.01.17:7
 8 DD 09.07.18:6
 9 DD 09.07.18:6, 12.07.18:5
 10 DD 16.07.18:7, 22.07.18:7
 11 DD 12.08.18:6
 12 DD 14.08.18:6
 13 DD 12.01.15:4
 14 DD 26.08.15:6, 23.08.15:4
 15 DD 11.01.16:4
 16 DD 02.02.16:4, 24.02.16:6
 17 DD 24.03.16:6
 18 DD 11.10.17:4
 19 DD 19.10.17:5
 20 DD 15.11.17:5
 21 DD 08.12.17:6
 22 DD 10.01.18:6
 23 DD 27.12.18:5
 24 DD 02.01.19:4
 25 DD 31.08.15:4, 01.09.15:6, 02.09.15:6, 03.09.15:6
 26 DD 31.08.15:4, 01.09.15:6, 02.09.15:6, 03.09.15:6
 27 DD 27.09.16:8, 28.09.16:6, 29.09.16:6, 02.10.16:6
 28 DD 08.01.16:6

BLAASORKESTE 1914 - 1918

1 DD 05.01.15:4, 07.01.15:8
 2 DD 13.01.15:4
 3 DD 21.-1.15:4
 4 DD 27.05.15:4
 5 DD 11.06.15:4, 15.06.15:4
 6 DD 10.08.15:4
 7 DD 13.08.15:4
 8 DD 04.01.16:8
 9 DD 07.01.16:5, 15.01.16:8, 17.01.16:6, 21.01.16:8
 10 DD 08.01.16:7
 11 DD 15.01.16:8
 12 DD 21.01.16:10
 13 DD 07.02.16:3
 14 DD 21.04.16:4
 15 DD 24.04.16:4
 16 DD 25.04.16:4
 17 DD 23.05.16:7

18	DD	19.06.16:6	
19	DD	04.08.16:4	
20	DD	05.08.16:6	
21	DD	10.08.16:2	
22	DD	20.09.16:3	
23	DD	25.09.16:6	
24	DD	21.10.16:6	
25	DD	14.12.16:4	
26	DD	15.12.16:4	
27	DD	26.12.16:8	
28	DD	27.12.16:9	
29	DD	30.03.17:6	
30	DD	02.04.17:7	
31	DD	06.04.17:4	
32	DD	26.04.17:6	
33	DD	21.06.17:4,	25.06.17:4
34	DD	29.08.17:4,	01.10.17:6
35	DD	14.12.17:4,	15.12.17:6
36	DD	15.02.18:4	
37	DD	27.03.18:4	
38	DD	28.03.18:7	
39	DD	31.03.18:6	
40	DD	07.05.18:4	
41	DD	31.05.18:4	
42	DD	29.07.18:4,	26.07.18:4

DEEL IV 1919 - 1922KONSERTE 1919 - 1922

- 1 Daily Dispatch (voortaan DD) 28.03.19:6
 2 Eyssen (1890-1981) het 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Afrikaanse kultuur. Malans Bundel II 44-47
- 3 DD 02.06.19:5
 4 DD 23.09.19:6, 19.09.19:6
 5 DD 27.09.19:12
 6 DD 29.10.19:6
 7 DD 18.03.19:6
 8 DD 23.10.19:4
 9 DD 18.05.20:8, 12.05.20:6
 10 DD 12.07.20:6, 07.07.20:6
 11 DD 13.07.20:4, 19.07.20:7
 12 DD 25.09.20:6, 28.09.20:4, 30.09.20:4
 13 DD 02.10.20:4
 14 DD 29.11.20:6, 07.12.20:6
 15 DD 11.12.20:6, 15.12.20:5
 16 DD 05.01.20:6
 17 DD 10.01.21:4, 11.01.21:4, 14.01.21:6
 18 DD 22.01.21:6
 19 DD 12.04.21:8, 20.04.21:4
 20 DD 26.05.21:4, 27.05.21:4
 21 DD 02.06.21:4
 22 DD 07.06.21:7
 23 DD 15.06.21:7
 24 DD 21.06.21:8
 25 DD 23.06.21:4, 29.06.21:6
 26 DD 29.06.21:4, 30.06.21:4
 27 DD 06.07.21:4, 13.07.21:4, 21.07.21:4, 26.07.21:4
 28 DD 01.06.21:6, 24.06.21:6
 29 DD 24.08.21:4, 27.08.21:6, 30.08.21:2, 09.09.21:8
 30 DD 27.08.21:6
 31 DD 30.09.21:6
 32 DD 04.10.21:8, 20.10.21:6
 33 DD 05.11.21:6, 10.11.21:6
 34 DD 09.03.22:4, 11.03.22:6, 14.03.22:8
 35 DD 29.03.22:4, 05.04.22:7
 36 DD 11.04.22:7, 20.04.22:4
 37 DD 10.05.22:4, 17.05.22:4
 38 DD 14.06.22:4, 20.06.22:6, 01.07.22:4, 10.08.22:4
 DD 12.08.22:6, 22.08.22:4
 39 Malans Bundel II 66
 Camillo Fiore, gebore in Napels in 1884 en oorlede in Oos-Londen in 1929, het in Julie 1922 Oos-Londen sy tuiste gemaak en veral naam gemaak as orkesdirigent. Hy was ook musikale-direkteur van African Theatres en was tot met sy dood klavierspeler van die 'orkes' by die Vaudette-teater.
- 40 DD 12.08.22:6
 41 DD 31.03.22:4
 42 DD 26.07.22:4
 43 DD 27.07.22:4

GEWYDE AANBIEDINGE 1919 - 1922

- 1 DD 15.03.19:8
 2 DD 15.04.19:4
 3 DD 09.10.19:4

4	DD	25.03.20:4,	01.04.20:4
5	DD	15.04.20:4,	16.04.20:4
6	DD	05.05.20:6	
7	DD	06.11.20:4,	13.11.20:8
8	DD	29.11.20:4,	06.12.20:4, 15.12.20:8
9	DD	21.12.20:7	
10	DD	15.04.20:4,	17.04.20:8, 20.09.20:6
11	DD	03.09.20:4,	06.09.20:4
12	DD	07.08.20:6	
13	DD	27.10.20:4	
14	DD	08.01.21:6	
15	DD	06.07.21:7,	09.07.21:4
16	DD	08.10.21:6	
17	DD	11.11.21:12,	22.11.21:6
18	DD	27.12.21:6	
19	DD	21.06.21:4	
20	DD	19.03.21:6,	23.03.21:4
21	DD	22.03.21:4,	24.03.21:6
22	DD	15.12.21:4	
23	DD	17.12.21:6,	20.12.21:8
24	DD	24.12.21:6,	31.12.21:4
25	DD	29.01.21:5,	18.02.21:4
26	DD	08.04.21:7,	09.04.21:11, 12.04.21:7
27	DD	13.04.22:4	
28	DD	03.06.22:6,	06.06.22:8
29	DD	05.10.22:4,	19.10.22:4
30	DD	19.10.22:4	
31	DD	20.10.22:3	
32	DD	03.11.22:3	
33	DD	26.09.22:8	
34	DD	16.12.22:7	
35	DD	23.12.22:6,	29.12.22:3
36	DD	04.02.22:6	
37	DD	01.04.22:6	
38	DD	02.11.22:4	
39	DD	26.06.22:4	

VERSCHEIDENHEIDSKONSERTE 1919 - 1922

1	DD	15.03.19:7	
2	DD	04.10.19:8	
3	DD	27.03.19:5	
4	DD	22.05.19:6	
5	DD	28.04.19:7	
6	DD	18.10.19:7	
7	DD	28.02.19:5	
8	DD	19.05.19:4	
9	DD	21.06.19:8	
10	DD	03.05.19:8	
11	DD	20.12.19:7	
12	DD	19.01.20:7	
13	DD	27.03.19:5	
14	DD	13.10.19:7	
15	DD	14.11.19:5	
16	DD	12.05.19:7	
17	DD	16.06.19:3	
18	DD	06.10.19:7	
19	DD	20.09.19:13	
20	DD	14.02.20:6,	17.02.20:7
21	DD	04.05.20:3	
22	DD	02.06.20:5	
23	DD	12.06.20:11	
24	DD	12.06.20:11	
25	DD	26.08.20:6	

26	DD	01.11.20:6		
27	DD	16.09.20:6		
28	DD	22.09.20:4,	11.12.20:9	
29	DD	10.01.21:6		
30	DD	02.04.21:8		
31	DD	09.12.21:6		
32	DD	02.12.21:4		
33	DD	16.01.22:7		
34	DD	06.05.22:6,	18.05.22:4,	20.05.22:8
35	DD	10.08.22:6,	14.08.22:4,	23.09.22:6
	DD	05.10.22:6,	07.10.22:6	
36	DD	05.09.22:4		
37	DD	11.09.22:7		

AANBIEDINGE DEUR BESDEKENDE KUNSTENAARS/GESELSKAPPE

1919 - 1922

1	DD	04.04.19:5		
		HumanM 543-548		
2	DD	07.07.20:6,	02.07.20:4,	14.07.20:4
3	DD	16.10.20:6,	25.10.20:3	
4	DD	08.11.20:4,	10.12.20:7	
5	DD	14.12.20:4,		
6	DD	14.12.20:4,	16.12.20:4	
7	DD	14.02.21:4,	15.02.21:4	
8	DD	21.02.21:6		
9	DD	23.02.21:6		
10	DD	07.04.21:6		
11	DD	05.04.21:6		
12	DD	03.06.21:4,	08.06.21:6,	09.06.21:4,
13	DD	16.06.21:4,	01.07.21:6	10.06.21:6
14	DD	16.07.21:4,	20.07.21:4	
15	DD	20.07.21:4		
16	DD	29.07.21:4,	30.07.21:4	
17	DD	01.08.21:6		
18	DD	27.10.21:4		
19	DD	15.11.21:4,	17.11.21:4	
20	DD	15.11.21:6,	17.11.21:4	
21	DD	19.11.21:8		
22	DD	21.11.21:6		
23	DD	15.12.21:6,	19.12.21:6	
24	DD	18.01.22:8,	18.01.22:4,	21.01.22:8
25	DD	23.01.22:4		
26	DD	08.05.22:4		
27	DD	17.05.22:4,	29.05.22:4	
28	DD	29.05.22:6,	30.05.22:6,	31.05.22:6
29	DD	16.08.22:4,	18.09.22:6,	27.09.22:6
30	DD	04.09.22:4		
31	DD	02.10.22:6,	03.10.22:6,	04.10.22:6
32	DD	27.12.18:5,	02.01.19:4,	27.12.19:7
33	DD	05.03.19:8		
34	DD	28.04.20:6		
35	DD	04.06.20:6,	07.06.20:8	
36	DD	20.08.20:6		
37	DD	21.08.20:7		
38	DD	21.08.20:7		
39	DD	19.02.21:6,	20.03.21:8	
40	DD	11.03.21:6		

41	DD	27.12.21:6	
42	DD	07.10.22:6	
43	DD	07.10.22:6,	10.10.22:6
44	DD	13.10.20:4,	18.10.20:5
45	DD	21.08.22:6	

KOMPETISIES EN KUNSWEDSTRYDE 1920 - 1922

1	DD	04.12.20:6,	11.12.20:10
2	DD	11.12.20:10	
3	DD	12.01.21:4	
4	DD	26.01.21:4	
5	DD	31.01.21:7	
6	DD	10.10.21:4	
7	DD	08.12.21:4	
8	DD	07.01.22:7	
9	DD	07.01.22:7,	09.01.22:3

VERENIGINGS 1919 - 1922

1	DD	18.03.22:6,	23.03.22:8
2	DD	16.05.22:6,	10.05.22:3
3	DD	02.08.22:4	
4	DD	08.11.22:4,	14.11.22:8
5	DD	14.11.22:6	
6	DD	27.11.22:4,	29.11.22:4, 12.12.22:6
7	DD	31.05.22:4	
8	DD	06.06.22:4	
9	DD	11.07.22:4	

BLAASORKESTE 1919 - 1922

1	Verdere optredes het plaasgevind in Desember 1918 en Januarie en Februarie 1919. DD 28.12.18:6, 31.12.18:4, DD 15.02.19:6, 29.01.19:6, 01.02.19:6, 08.02.19:6		
2	DD	07.01.19:4	
3	DD	07.04.19:7	
4	DD	19.04.19:6,	24.04.19:6, 28.04.19:4
5	DD	16.05.19:3	
6	DD	02.08.19:6	
7	DD	25.08.19:2	
8	DD	01.12.19:4,	02.12.19:6
9	DD	12.12.19:7	
10	DD	19.12.19:6	
11	DD	30.12.19:6	
12	DD	19.03.20:4	
13	DD	03.04.20:6	
14	DD	12.07.20:4	
15	DD	01.12.20:6,	02.12.20:6
16	DD	02.12.21:6	
17	DD	26.08.21:6	
18	DD	15.09.22:2	
19	DD	15.12.22:6	

MUSIEKONDERWYSERS 1919 - 1922

1	DD	13.02.19:4	
2	DD	02.10.19:4	
3	DD	10.01.20:6	
4	DD	03.02.20:4	

5	DD	04.05.20:4	
6	DD	09.06.20:6	
7	DD	22.06.20:6	
8	DD	12.07.20:4	
9	DD	20.01.21:4	
10	DD	28.01.21:4	
11	DD	02.02.21:4	
12	DD	02.02.21:4	
13	DD	28.05.21:6	
14	DD	06.09.21:4	
15	DD	10.01.22:4	
16	Malans	Deel II	101
17	DD	11.03.22:6	
18	DD	29.04.22:6	

BYLAE A

Words by
FRED E. WEATHERLY, M. A.
Moderato

NANCY LEE

Music by
STEPHEN ADAMS

Piano

The piano introduction consists of two systems of music. The first system features a treble clef with a key signature of two sharps (F# and C#) and a 6/8 time signature. It begins with a forte (f) dynamic and includes a repeat sign. The second system continues the piece, ending with a fortissimo (ff) dynamic and an accent (>).

Of all the wives as e'er you know, Yeo ho! lads! ho! Yeo

The first line of lyrics is accompanied by a vocal line and a piano accompaniment. The vocal line starts with a forte (f) dynamic. The piano accompaniment is in the same key and time signature as the introduction.

ho! yeo ho! There's none like Nan-cy Lee, I trow, Yeo

The second line of lyrics continues the vocal and piano accompaniment. The piano accompaniment features a steady eighth-note pattern in the right hand and a more active bass line in the left hand.

ho! lads! ho! yeo ho! See there she stands an' waves her hands up,

The third line of lyrics continues the vocal and piano accompaniment. The piano accompaniment maintains its rhythmic pattern, with some dynamic markings like accents and slurs.

on the quay, An' ev'ry day when I'm a-way She'll watch for me, An'

The fourth line of lyrics concludes the vocal and piano accompaniment on this page. The piano accompaniment ends with a final chord in the right hand and a sustained bass line in the left hand.

KATHLEEN MAVOURNEEN.

Words by Mrs. CRAWFORD.

Music by F. N. CROUCH

Andante e penseroso.

Piano.

The first system of piano accompaniment features a treble and bass clef with a key signature of two flats (B-flat and E-flat) and a 4/4 time signature. The tempo is marked 'Andante e penseroso'. The music begins with a mezzo-forte (*mf*) dynamic. The right hand plays a series of chords and moving lines, while the left hand provides a steady accompaniment with chords and eighth notes.

The second system continues the piano introduction. It includes a section marked 'ad lib.' (ad libitum) in the right hand, where the tempo is more freely interpreted. The dynamic remains mezzo-forte (*mf*). The accompaniment continues with a mix of chords and melodic fragments.

Key Eb.

The first line of the vocal melody is written in a treble clef with a key signature of two flats. The lyrics are: "Kath - leen Ma - vour - neen! the grey dawn is breaking, — The horn of the hun - ter is". The piano accompaniment is in a bass clef, providing harmonic support with chords and moving lines. Dynamics include mezzo-forte (*mf*) and piano (*p*).

The second line of the vocal melody continues with the lyrics: "heard — on the hill: The lark from her light wing the bright — dew is". The piano accompaniment continues with chords and melodic fragments. Dynamics include mezzo-forte (*mf*) and piano (*p*).

The third line of the vocal melody concludes with the lyrics: "shak - ing; Kathleen — Ma - vour - neen! — what! slum - bring still." The piano accompaniment continues with chords and melodic fragments. Dynamics include mezzo-forte (*mf*) and piano (*p*).

The Last Rose of Summer.

Andante moderato.

T. MOORE.

Piano introduction in G major, 4/4 time. The right hand features a melodic line with grace notes and a final flourish. The left hand plays a steady accompaniment of eighth-note triplets.

8

1. 'Tis the last rose of sum-mer Left bloom - ing a - lone, All her
 2. I'll not leave thee, thou lone one, To pine on the stem, Since the
 3. So soon may I fol - low, When friend - ships de - cay, And from

Piano accompaniment for the first system of lyrics, featuring a steady eighth-note accompaniment in the left hand and a melodic line in the right hand.

love - ly com - pan - ions Are fad - ed and gone ! No
 love - ly are sleeping, Go, sleep thou with them : Thus
 love's shin - ing cir - cle, The gems drop a - way, When

Piano accompaniment for the second system of lyrics, continuing the steady eighth-note accompaniment and melodic line.

ad lib.

flower of her kin - dred, No rose - bud is nigh To re -
 kind - ly I scat - ter Thy leaves o'er the bed Where thy
 true hearts lie with - er'd, And fond ones are flown, Oh !

colla voce. *p*

Piano accompaniment for the third system of lyrics, concluding with a *colla voce* section and a final *p* dynamic marking.

The Lost Chord

Words by
ADELAIDE PROCTOR

The Oxford
Music by
ARTHUR SULLIVAN
Arranged by
HENRY GEBHL
1st Floor Tel: (0431) P.O. Box 1410
GARLICKS 29572 EAST LONDON
Oxford Street 5200 South Africa

Andante moderato

PIANO

p *cresc.*
con Ped.

1st VOICE

Key Ab

2nd VOICE

Seat-ed one day at the

Seat-ed one day at the

dim. *p* *p*
Ped. *

or-gan, I was wea-ry and ill at ease, And my fin-gers wan-der'd

or-gan, I was wea-ry and ill at ease, And my fin-gers wan-der'd

Ped. *

THE LAND OF "GOOD HOPE."

WORDS BY AN OLD COLONIST.

MUSIC BY JAMES HYDE

A tempo moderato ma con spirito

PIANO.

f

rit ar dan do

I sing of a land where the

Ritard. - - - *a Tempo*
sun ev-er beams, And the skies are as bright as a lover's young dream, Where the

colla voce. *a Tempo.*

Più lento e con espress
flow'rs and the fruits of the tropics will grow Whilst the rose and the vi-o-let

P colla voce.

GOOD-BYE !

→ Song ←

Words by
G. J. WHYTE-MELVILLE

N.3. Mezzo-Sop. or Bar.

Music by
F. PAOLO TOSTI

ANDANTINO

pp legato assai

pp

Fall - ing leaf, and fa - ding tree,

rit.

pp legato

rit.

Lines of white in a sud - den sea, Sha - dows ri - sing on you and

me; - sha - dows ri - sing on you and me; - The

legato

ROCKED IN THE CRADLE OF THE DEEP.

J. P. KNIGHT

With repose.

Piano.

Musical notation for the piano introduction, consisting of two staves (treble and bass clef). The key signature has two flats (B-flat and E-flat), and the time signature is common time (C). The music features a steady, rocking accompaniment with chords and moving lines in both hands. Dynamics include *fz* (forzando) and *dim.* (diminuendo).

Key B^b

Musical notation for the first vocal line, in treble clef. It begins with a repeat sign and contains the lyrics for the first two lines of the song.

1. Rock'd in the cradle of the deep,..... I lay me down..... in peace to
 2. And such the trust that still were mine,..... Tho' stormy winds..... swept o'er the

Musical notation for the piano accompaniment corresponding to the first two lines of the vocal line. It features a consistent rhythmic pattern with chords and moving lines in both hands.

Musical notation for the third vocal line, in treble clef, continuing the melody and lyrics.

sleep. Se- cure, I rest up- on the wave,..... For Thou, O Lord hast power to
 brine; Or tho' the tem-pest's fie- ry breath..... Rous'd me from sleep to wreck and

Musical notation for the piano accompaniment corresponding to the third line of the vocal line.

Musical notation for the fourth vocal line, in treble clef, concluding the phrase.

save. I know Thou wilt not slight my call, For Thou dost mark the spar- row's
 death, In O- cean cave still safe with Thee, The hope of im- mor- tal- i-

Musical notation for the piano accompaniment corresponding to the fourth line of the vocal line.

GOOD NIGHT, GOOD NIGHT, BELOVED

THE WORDS WRITTEN BY LONGFELLOW

THE MUSIC COMPOSED BY

CIRO PINSUTI.

(ARRANGED FOR S.S.A., UNACCOMPANIED.)

LONDON: NOVELLO AND COMPANY, LIMITED; NEW YORK: THE H. W. GRAY CO., SOLE AGENTS FOR THE U.S.A.

Andante cantabile.

1st SOPRANO. *pp* Good night, good night, be - lov - ed! I come to watch o'er thee! . . . Good

2nd SOPRANO. *pp* Good night, good night, be - lov - ed! I come to watch o'er thee! . . . Good

ALTO. *pp* Good night, good night, be - lov - ed! I come to watch o'er thee! . . . Good

(For practice only.) *pp*

night, good night, be - lov - ed! I come to watch o'er thee! I come to watch o'er thee!

night, good night, be - lov - ed! I come to watch o'er thee! I come to watch o'er thee!

night, good night, be - lov - ed! I come to watch o'er thee! I come to watch o'er thee!

f *p* *sf* *pp* *un poco rit.*

risoluto. *cres.* *f* *rf*

To be near thee, to be near thee, A - lone is peace for me, To be near thee, to be

f *cres. risoluto.* *f* *rf*

risoluto. To be near thee, A - lone is peace for me, To be

To be near thee, A - lone is peace for me, To be near thee,

f *risoluto.* *cres.* *f* *rf*

ORA PRO NOBIS.

WRITTEN BY A. HORSPOOL.

COMPOSED BY M. PICCOLOM

ANDANTINO. (M.M. ♩ = 63.)

PIANO. *mf*

con molto espressione.

Out the dark and dreary street; Out of the cold and dry
 street; In - to the church the folk had gone,
 Lea - ving the or - phan child a - lone. Tatter'd, and so for - lorn w

The musical score is written in common time (C) and consists of a piano introduction and a vocal section. The piano introduction is marked 'PIANO' and 'mf' (mezzo-forte), with a tempo of 'ANDANTINO' (M.M. ♩ = 63). The vocal section is marked 'con molto espressione' and begins with the lyrics: 'Out the dark and dreary street; Out of the cold and dry street; In - to the church the folk had gone, Lea - ving the or - phan child a - lone. Tatter'd, and so for - lorn w'. The piano accompaniment features a steady eighth-note accompaniment in the right hand and a more active bass line in the left hand. There is a significant ink smudge or redaction over the piano accompaniment in the third system of the vocal section.

TOM BOWLING.

CHARLES DIBDIN.

Arranged by ALFRED MOFFAT.

Andante.

Piano.

Musical notation for the piano introduction, consisting of two staves (treble and bass clef) with a key signature of one flat (B-flat) and a common time signature (C). The tempo is marked 'Andante' and the dynamics include 'p' (piano) and 'rit.' (ritardando).

Key C.

First system of the song, including vocal melody and piano accompaniment. The vocal line has three verses. The piano accompaniment is in two staves.

1. Here a sheer hulk, lies poor Tom Bow ling, The dar - ling of our crew; No
 2. Tom nev - er from his word de - part - ed, His vir - tues were so rare, His
 3. Yet shall poor Tom find plea - sant wea - ther, When He who all com - mands, Shall

Second system of the song, including vocal melody and piano accompaniment. The vocal line continues with three verses. The piano accompaniment is in two staves.

more he'll hear the tem - pest howl - ing, For death has broach'd him to. His
 friends were ma - ny and true - heart - ed, His Poll was kind and fair. And
 give to call life's crew to - ge - ther, The word to pipe all hands. Thus

Third system of the song, including vocal melody and piano accompaniment. The vocal line continues with three verses. The piano accompaniment is in two staves. Dynamics include 'cres.' (crescendo) and 'p' (piano).

form was of the man - liest beau - ty, His heart was kind and soft, (a) Faith - ful be - low, Tom
 then he'd sing so blithe and jol - ly, Ah! ma - ny's the time and oft, But mirth's turned to
 death, whokings and tars des - patches, In vain Tom's life hath doffed, For though his bo - dy's

Fourth system of the song, including vocal melody and piano accompaniment. The vocal line continues with three verses. The piano accompaniment is in two staves. Dynamics include 'rit.' (ritardando).

did his du - ty, And now he's gone a - loft, And now he's gone a - loft.
 me - lan - cho - ly, For Tom is gone a - loft, For Tom is gone a - loft.
 un - der hatch - es, His soul is gone a - loft, His soul is gone a - loft.

"COME BACK TO ERIN."

WORDS AND MUSIC BY
CLARIBEL.

VOICE.

MODERATO.

PIANO

mf

FORTE.

PED.

PED.

PED.

PED.

Come back to Erin, Ma

PED.

PED.

PED.

your neen, Mavour neen, Come back Aroon, to the land of thy birth.

rit.
C. H. W. G.

YES! LET ME LIKE A SOLDIER FALL

W. V. WALLACE

Tempo di marcia.

Trumpets.

Piano.

pp Drums. *mf*

The first system of the score shows the piano accompaniment and drum part. The piano part is in the left hand, and the drum part is in the right hand. The tempo is marked 'Tempo di marcia.' and the dynamics are *pp* for the piano and *mf* for the drums.

The second system of the score continues the piano accompaniment and drum part. The piano part is in the left hand, and the drum part is in the right hand. The tempo is marked 'Tempo di marcia.' and the dynamics are *mf* for the piano and *mf* for the drums.

Key B^b

The third system of the score shows the vocal line. The tempo is marked 'Tempo di marcia.' and the dynamics are *mf*. The key signature is B^b.

1. Yes! let me like a Sol - dier fall, Up - on some op - en
 2. I on - ly ask of that prou - race, Which ends its blaze in

The fourth system of the score continues the piano accompaniment and drum part. The piano part is in the left hand, and the drum part is in the right hand. The tempo is marked 'Tempo di marcia.' and the dynamics are *p* for the piano and *mf* for the drums.

The fifth system of the score shows the vocal line. The tempo is marked 'Tempo di marcia.' and the dynamics are *mf*. The key signature is B^b.

plain, This breast, ex - pand - ing for the ball, To blot out ev - ry
 me, To die the last, and not dis - grace Its an - cient chi - val -

The sixth system of the score continues the piano accompaniment and drum part. The piano part is in the left hand, and the drum part is in the right hand. The tempo is marked 'Tempo di marcia.' and the dynamics are *p* for the piano and *mf* for the drums.

COME INTO THE GARDEN, MAUD.

CAVATINA.

Words by TENNYSON.

Music by M. W. BALLOU
W. H. II.

Piano.

First system of piano introduction. Treble and bass clefs. Dynamics: *mf*.

Second system of piano introduction. Treble and bass clefs. Dynamics: *mf*, *dim.*, *p*.

Key C.

d' . m : f . s t : - . l s : - | : s . s l : l r' : - . d' t : - | - :
Come in-to the gar - den, Maud, For the black bat, night, has flown;

Vocal melody and piano accompaniment for the first line of lyrics. Treble and bass clefs. Dynamics: *pp*, *pp*.

d' . m : f . s t : - . l s : - | : s . s l : l l t : - | - :
Come in-to the gar - den, Maud, I am here at the gate

Vocal melody and piano accompaniment for the second line of lyrics. Treble and bass clefs. Dynamics: *pp*.

HAIL TO THE CHIEF.

SIR WALTER SCOTT.

(The Tonic Sol-fa Reporter, No. 180.)

SIR HENRY R. BISHOP.

Andantino. *f* SOLI. ♩ = 104.

Hail to the chief who in tri - umph ad - van - ces! Honour'd and bless'd be the

Hail to the chief who in tri - umph ad - van - ces! Honour'd and bless'd be the

Hail to the chief who in tri - umph ad - van - ces! Honour'd and bless'd be the

Hail to the chief who in tri - umph ad - van - ces! Honour'd and bless'd be the

f *mf*

ev - er - green pine! Long may the tree in his banner that glan - ces, Flourish, the

ev - er - green pine! Long may the tree in his banner that glan - ces, Flourish, the

ev - er - green pine! Long may the tree in his banner that glan - ces, Flourish, the

ev - er - green pine! Long may the tree in his banner that glan - ces,

SWEET AND LOW.

(A LULLABY.)

WORDS BY ALFRED TENNYSON.

MUSIC BY J. BARNBY.

SOPRANO.
pp *Larghetto.*

ALTO.
Sweet and low, Sweet and low, Wind of the west-ern sea, Low, low, breathe and blow,

TENOR.
pp

BASS.
Sweet and low, Sweet and low, Wind of the west-ern sea, Low, low, breathe and blow,

pp

Wind of the west-ern sea, O-ver the roll-ing wa-ters go, Come from the dy-ing moon, and blow,
Come from the

Wind of the west-ern sea, O-ver the roll-ing wa-ters go, Come from the dy-ing moon, and blow
Come from the

p *mf* *pp*

Blow him a-gain, to me While my lit-tle one, while my pret-ty one, sleeps.....

Blow him a-gain, to me While my lit-tle one, while my pret-ty one sleeps.....

f *p* *rall.* *dim.* *pp*

THE NIGHTINGALE'S TRILL.

WILHELM GANZ.

Allegro moderato.

p *cres.* *mf*

1. Nightingale! nightingale! trill thou thy lay, Sha-dows are steal - ing o'er the bright
 2. Nightingale! nightingale! lor'at thou eve's star? Shin - ing so bright - ly in re - gions so

p

day, Nightingale! nightingale! why is thy voice Ne'er in the sun-shine heard to re-joice?
 far? Nightingale! nightingale! for its pure ray, Pour forth thy prais-es till dawn of day,

Ne'er in the sun - shine heard to re - joice? . . . But be it by day or at eve as you will,
 Pour forth thy prai - ses till dawn of day.

cres. *rall.* *a tempo.*

Song bird of night, I would hear thy sweet trill. Song bird of night, I would

hear thy sweet trill, I would hear thy sweet trill, thy sweet, sweet trill, I would hear thy sweet trill, thy sweet, sweet trill.

trill, thy sweet trill,

thy sweet trill,

thy sweet trill, thy sweet, sweet trill.

THE VILLAGE BLACKSMITH.

Words by
LONGFELLOW.Music by
W. H. WEISS.

Allegro moderato.

Piano.

Key Bb.

Un - der a spread - ing chest - nut tree The vil - lage smith - y stands; The

Key Bb.

smith a migh - ty man is he, With large and sin - ewy hands; And the mus - cles of his

Key Bb.

braw - ny arms Are strong as i - ron bands. His hair is crisp and black and long, His

face is like the tan. His brow is wet with hon - est sweat, He earns what e'er he

Comin' Thro' the Rye.

Not too slow, with harmony.

1. Gin a bo-dy meet a bo-dy

p *rall.* *p*

Ped.

Detailed description: This system contains the first line of music. The vocal line starts with a treble clef and a common time signature. The piano accompaniment is in a grand staff with treble and bass clefs. Dynamics include piano (*p*) and a *rallentando* (*rall.*) section. A pedal point is indicated by 'Ped.' below the bass line.

Com-in' thro' the rye; Gin a bo-dy kiss a bo-dy, Need a bo-dy cry?

p

Detailed description: This system contains the second line of music. The vocal line continues with the same clef and time signature. The piano accompaniment includes a piano (*p*) dynamic marking.

Il - ka lassie has her laddie, Nane, they say, ha'e I! Yet a' the lads they smile at me, When

mf *p* *rall.*

Detailed description: This system contains the third line of music. The vocal line continues. The piano accompaniment includes mezzo-forte (*mf*), piano (*p*), and *rallentando* (*rall.*) markings.

a tempo. com-in' thro' the rye. *D.S.*

a tempo. *mf* *p*

Detailed description: This system contains the fourth line of music. The vocal line begins with the instruction *a tempo.* and ends with *D.S.* (Da Capo). The piano accompaniment includes *a tempo.*, mezzo-forte (*mf*), and piano (*p*) markings.

QUEEN OF THE EARTH

(Man's Guardian Angel)

SONG

THE POETRY BY
H. L. D'ARCY JAXONE

N.º 3

THE MUSIC BY
CIRO PINSUTI

ANDANTE MODERATO.

Piano introduction in G major, 2/4 time. The music features a simple harmonic accompaniment with a melody in the right hand and a bass line in the left hand. The tempo is marked 'Andante Moderato'.

VOICE

Voice and piano accompaniment for the first line. The voice part begins with a rest followed by the lyrics "An an-gel in all but". The piano accompaniment includes dynamic markings: *p* (piano), *cres.* (crescendo), *dim.* (diminuendo), and *p* (piano).

Voice and piano accompaniment for the second line. The voice part continues with the lyrics "name is she,..... O'er life her vi-gil keep-ing; Whose". The piano accompaniment continues with the same harmonic structure as the first line.

THE DEATH OF NELSON.

Larghetto.

Music by BRAHAM.


Voice. 


Piano. 








RECIT.


Key Eb. 











Auld Robin Gray.

LADY ANN LINDSAY.

Larghetto.

Old Melody.

PLANO. *mf*

The piano introduction consists of two staves. The right hand plays a melodic line starting with a quarter note G4, followed by eighth notes A4, B4, C5, D5, E5, F5, G5, and a dotted quarter note G5. The left hand provides a harmonic accompaniment with chords and single notes.

Young Ja - mie lo'ed me weel, and he sought me for his bride, But

The first line of the song features a vocal melody and piano accompaniment. The vocal line begins with a quarter note G4, followed by eighth notes A4, B4, C5, D5, E5, F5, G5, and a dotted quarter note G5. The piano accompaniment is marked *p* and consists of chords and single notes.

sav - ing a crown he had nae-thing else be-side; To make that crown a pound, my


The second line of the song continues the vocal melody and piano accompaniment. The vocal line begins with a quarter note G4, followed by eighth notes A4, B4, C5, D5, E5, F5, G5, and a dotted quarter note G5. The piano accompaniment is marked *p* and consists of chords and single notes.

Ja-mie gaed to sea, And the crown and the pound were baith for me.

The third line of the song concludes the vocal melody and piano accompaniment. The vocal line begins with a quarter note G4, followed by eighth notes A4, B4, C5, D5, E5, F5, G5, and a dotted quarter note G5. The piano accompaniment is marked *p* and consists of chords and single notes.


BYLAE B

KAFFRARIAN REGIMENT-ORKES



BYLAE 8


KAFFRARIAN REGIMENT-ORKES



MENDELSSOHN EN KIE.

EAST LONDON WEDNESDAY, OCTOBER 31, 1883.

THE UNRIVALLED
BRINSMEAD PIANOS.



GRAND PIANO
Imported for the Trade Hall, Queenstown, by the SOLE AGENTS,

E. MENDELSSOHN & CO.,
Queenstown, King Williamstown, and East London.


TO
OUR CONSTITUENTS.

The GREAT DEMAND FOR JOHN
BRINSMEAD & SONS' PIANOS exceeding
our regular supply we have been

Compelled to Cable

For INCREASED ORDERS, and pending
their arrival we would ask the KIND IN-
DULGENCE OF THOSE WHO HAVE
FAVOURERD US WITH THEIR ORDERS.

E. Mendelssohn & Co.



Brinsmead Piano now in the Palace of Prince LIGIPOLD, Duke of Albany.

THESE PIANOS

CAN BE
Purchased from us Only
EITHER ON

TIMELY PAYMENTS
OF

£3 PER MONTH,
Or for Cash, less Discount

Every Instrument Gauran-
teed
BY MAKERS AND OURSELVES.

E. Mendelssohn & Co.

Sub-Agents: A. WIENER, Aliwal North; J. SQUIRES, Sterkstroom; D. TENNANT, Bloemfontein, O.F.S

Now Landing, ex "Norham Castle" ...6 PIANOS.

J. A. HAMMERLAND

Printed in the "East London Dispatch," January 23rd, 1892.

J. A. HAMMERLAND,
WATERLOO-SQUARE,
EAST LONDON.

AGENT AT
KING WILLIAM'S TOWN,
MR. A. L. BAYLY.

Waterloo Square, East London.


MUSIC.

J. A. Hammerland,

EAST LONDON MUSIC & PIANO WAREHOUSE, Waterloo Square.

THESE PREMISES ARE NOW OPEN. The Stock comprises the very latest and most successful **SONGS** (personally selected in London), and **PLANO MUSIC**, together with a fine selection of **POPULAR STANDARD MUSIC** Vocal and Instrumental, **Classical and Modern DIDACTIC WORKS** for the Voice, Piano, Violin, Cello, Harmonium, etc.; **CHEAP MUSIC IN BOOK FORM**; **PIANOS**, and other **MUSICAL INSTRUMENTS**; and the usual assortment of **MUSICAL STUNDRIES**.

New Shipments will arrive by almost every Steamer, and it is the intention within a short time to make the EAST LONDON MUSIC WAREHOUSE one of the most complete establishments of its kind in the Colony.




Particular attention is directed to the different **MODELS OF PIANOS** just unpacked, every one of which has been specially manufactured for this business by one of the most eminent of **ENGLISH PLANOFORTE MAKERS**.

P.T.O.

J. A. HAMMERLAND

J. A. HAMMERLAND,

Oxford Street, East London.



Sole Agent for J. & J. HOPKINSON'S Iron-framed PIANOS. In Touch, Tone, Elegance of design, Durability, and Price these instruments hold a unique position throughout the World. Extensive selection. No fancy prices. Easy terms of payment.

Sole Agent for Lyon and Healy's (Chicago) Peloubet Church Organs—Reed Chamber Organs—Washburn Guitars, Banjos, Mandolines.

—Illustrated Price Lists of Pianos and Organs post free on application.—

Pianos Tuned, Repaired, Exchanged, Removed, Bought, and lent on Hire. Second-hand Pianos (thoroughly Renovated and Guaranteed) from £15 upwards.

RUBENSTEIN.—"The Grand Pianos of J and J HOPKINSON, London, are very remarkable. All the qualities which can be demanded by an experienced virtuoso—vigour of attack, openness of sound, possibility to give the necessary shade to the music, and to produce effects of extreme delicacy—are found in Hopkinson's Pianofortes. They possess also a sonority of a crystalline nature, which gives them a certain charm, and characterises their own personality."

CHARLES GOUNOD.—"I have had occasion to test HOPKINSON'S Pianos in London and Paris, and I am bound to declare that with regard to power, evenness of tone, and equality of touch, I have found them of rare excellence. They are instruments that all pianists ought to appreciate, for they allow them to give expression to their feelings, and to play with the most delicate nuances."

CHRISTINE NILSSON.—"I state with pleasure that the Grand Pianos of Messrs J & J HOPKINSON of London, which I have had the opportunity of hearing and trying myself, are remarkable for their fabrication and for their wonderful power and elasticity of touch. I should wish no other for my personal use and to accompany me in my concerts."

GUSTAV ERNEST.—"I have been using Messrs J & J HOPKINSON'S Pianos exclusively for the last eight years, and am very pleased to have this opportunity of testifying as to their excellence. HOPKINSON'S Pianos possess the two qualities most essential to a good instrument and so rarely found together—a beautiful easy touch and that fulness and richness of tone without which a truly practical interpretation of the works of the Masters is an impossibility. I may add that after using one of Messrs HOPKINSON'S instruments for over eight years I find it still in splendid condition."—(July 4th, 1893.)

PROF. J. F. BRIDGE.—"Your Pianofortes are well known to me, in fact as a boy I practised upon one of your instruments, which is still in my possession and in excellent order. I also constantly use one in my classes at the Royal College of Music, and am glad to be able to say that, in my opinion, your Pianos are in every way excellent, and worthy of your great reputation."—(May 7th, 1893.)

CARL MOELLER DEPOT

CARL = MOELLER,

Pianoforte Depot,

Oxford-street, opposite 'Dispatch Office,' East London.

P.O. BOX 180.



HIGH CLASS PIANOS ONLY, expressly manufactured for the climate, by celebrated Makers. Double overstrung, full Trichord, Solid Metallic Frame, Metal Plank and Metal Sound Post. Latest Patent Check and Repeating Action, Ivory Keys, perfect touch, full rich tone. Also

. LARGEST STOCK .

in all kinds of Musical Instruments,
Italian Strings, &c.

Do not invest in an unknown and inferior trade Instrument without a guarantee, when you can purchase, on EASY TERMS, WITH A FIVE YEARS' GUARANTEE, a first-class Instrument to last for a life time, as supplied by CARL MOELLER.

Tuning of Pianos and Harmoniums. 5843

FRANZ MOELLER-ORKESTRA (1903)



Mr. R. J. Wilson Mr. L. Pacl Mr. W. M. Jackson Mr. W. Rein (Leader) Mr. Wilkes
Mr. H. Theeman Miss M. Counts Miss E. Mills Miss M. Elton Miss E. Pearce Mr. J. Jackson Mr. W. Martin
Master R. Ziehl Master T. Novik Miss E. Mann Miss H. Rein Mr. Franz Moeller (Conductor) Mr. W. Tinsy Miss N. Polpy Miss E. Rein
Miss C. Mann Miss A. Grass Miss I. Elton Master L. Ziehl Master D. Rein

FRANZ MOELLER-ORKESTRE (OKTOBER 1910)



ORKESTREVERHOOG, STRAND (1907)



ORKESVERHOOG, STRAND (1911)



Band performance by Night. Marine Park Beach, East London.

KAFFRARIAN REGIMENT-ORKES (1914)



WILSON'S BAND



B I B L I O G R A F I EKOERANTE

- 1 The East London Dispatch and Shipping and Mercantile Gazette, 1872 - 1880
- 2 The East London Dispatch and Frontier Advertiser, 1881 - 1922
- 3 East London Daily Dispatch, Februarie 1977
- 4 Frontier Standard and East London Gazette, Februarie 1890 - September 1891
- 5 East London Standard and Border Gazette, Oktober 1891 - 1899
- 6 The Daily East London Standard and Border Gazette, Oktober 1899 - Desember 1899
- 7 The Weekly Standard, 1900 - 1901
- 8 The South African Weekly, Maart 1911 - Desember 1911

PROEFSKRIFTE EN SKRIPSIES

- HumanM Human, J.L.K., Die Musieklewe in Bloemfontein 1900 - 1939, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1976.
- Van der WaltM Van der Walt, E.H., Die Musieklewe in die stad Oos-Londen tussen die jare 1880 - 1962, ongepubliseerde studie, Merensky Biblioteek, Pretoria, 1964.
- WolpowitzJ Wolpowitz, L., James and Kate Hyde and the development of Music in Johannesburg up to the First World War, gepubliseerde D.Phil.-proefskrif Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 1966.

BOEKE

- BlomG Blom, E., Grove's Dictionary of Music and Musicians, Volume viii, vyfde uitgawe, Macmillan & Kie., St. Martin's Press, New York, 1954.
- ChambersB Chambers, R., The Book of Days, a Miscellany of Popular Antiques, Volume 1, W & R Chambers, Ltd., London en Edinburgh.
- DenfieldP Denfield, J., Pioneer Port, the illustrated History of East London, Howard Timmins, Citadel Press, Cape Town, 1965.
- MalanS Malan, J. P. red., Suid-Afrikaanse Musiekgeskiedenis, Bundel I A - D, Oxford University Press, Kaapstad, 1980.
- MalanS Malan, J. P. red., Suid-Afrikaanse Musiekgeskiedenis, Bundel II E - I, Oxford University Press, Kaapstad, 1982.
- MalanM Malan, J. P. red., Musiekwoordeboek, Tafelberg-uitgewers Beperk, 1971.
- NaughtlW Naughtl, W.H. red., The World Book Encyclopedia, S - Sn, Volume 17, World-Book Childcraft International Inc., United States of America, 1981.
- PotgietersS Potgieter, D.J. red., Standard Encyclopedia of Southern Africa, Volume 5, eerste uitgawe, Nasou, 1972.
- ScholesC Scholes, P.A., The Concise Oxford Dictionary of Music, London Oxford University Press, New York, Toronto, 1960.
- ShinglerW Shingler, J.P., Women of East London 1900 - 1979, Griffith Standard, 1980.
- SmithD Smith, S. red., Dictionary of National Biography, Volume vii, Elder & Co., 15 Waterloo Place, London 1886.

TYDSKRIFTE EN BROSJURES

- LoganE Logan, C.L. voors., East London Centenary 1848 - 1948, official brochure, F. Howe (Pty.) Ltd., East London, 1948.
- Van GraanL Van Graan, R. red., Lantern, Volume 31, no. 3, Skinnerstraat 211, Pretoria, Julie 1982.
- VernonI Vernon, J., Inligtingsstuk, Oos-Londen Museum, Oos-Londen, 1984.

OPSOMMING

Die musiekgeskiedenis van Oos-Londen het gedurende die tydperk 1872 tot 1922 nie van konstruktiewe groei of vooruitgang getuig nie. Hoofsaaklik twee redes was hiervoor verantwoordelik: aan die een kant die voorkeur vir vermaaklikheidsmusiek by die oorgrote meerderheid van die inwoners en die gepaardgaande onwilligheid om na musiek van hoë estetiese waarde te luister; en aan die ander kant 'n gebrek aan deursettingsvermoë by dié persone wat sporadies so ver gekom het om die inisiatief te neem in die vorming van byvoorbeeld kore, sodat verskeie belowende aanvangs na 'n kortstondige bestaan weer doodgeloop het.

Die groeiproses was om begryplike redes traag gedurende die dorp se wordingsjare. Konsertsale het ontbreek, daar was min musiekonderwysers en geen musiekhandelaars nie, en vervoer- en kommunikasiemiddels was primitief, terwyl die gemeenskap in elk geval op die algemene kulturele vlak nog onontwikkeld was. Die oprigting van die sentraal geleë Mutualsaal in 1880, asook 'n toename in sosio-ekonomiese aktiwiteite op die Oosbank rondom dieselfde datum, het vooruitgang in daardie tyd gestimuleer. 'n Koorvereniging is in die lewe geroep en optredes deur besoekende kunstenaars het toegeneem. Die bevolking het natuurlik ook gegroei, sodat dit algaande nodig geword het om meer kerkgeboue op te rig waarin meer orrels en kerkkore was wat 'n rol kon begin speel. Die gewilde vorm van musikale aktiwiteit onder so 'n jong gemeenskap was egter vermaaklikheidsmusiek, soos dit ook verwag kon word. Die meeste van Oos-Londen se musiekbedrywighede het vanselfsprekend om ontspanningsgeleenthede gewentel en selfs koorverenigings moes hulle oorspronklike doelstellings laat vaar en sogenoemde Popular Concerts gee om enige belangstelling te wek. Blaasorkesaktiwiteite het ook baie aandag geniet: die blaasorkes wat uit die geledere van die Kaffrarian Rifles (die plaaslike militêre regiment) saamgestel is, het gereeld by die strand en in die dorp opgetree, en voortdurende polemieke in die koerant oor hulle doen en late dui op die publiek se noue betrokkenheid.

In die laaste dekade van die neëntiende eeu het die inisiatief en ywer van sekere individue Oos-Londen se begrensde opset aansienlik uitgebou. James Hyde het aan die koorvereniging status verleen deur die gehalte van sy uitvoerings, Franz Moeller het 'n orkes op die been gekry en instrumentale musiek oor die algemeen bevorder, terwyl William Chapman as orrelis, pedagoog en koorleier veel vermag het om musiek van 'n hoë gehalte bekend te stel. Sy aanbiedings van oratoriums, asook die instel van 'n skoolkoorkompetisie en die totstandkoming van 'n aantal goeie vokale ensembles soos die Owls het die musieklewe van die dorp merkbaar verruim.

Ná die Anglo Boere-oorlog was daar ook nie 'n noemenswaardige groei in musiekaktiwiteite nie. In die periode 1903 tot 1914 was sporadiese sang- en klavieruitvoerings, enkele goeie jeugkonserte, en veral die uitvoerings van 'n paar kantates deur verskillende kerkkore en die koorvereniging saam met besoekende soliste, geïsoleerde hoogtepunte wat nie op werklike momentum gedui het nie. En sedert 1911 het Vaudevilles oorgeneem: hierdie vrolike brouels het geesdriftige ondersteuning geniet en die aanvraag na goeie musiek 'n verdere knou toegedien.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het daar radikale omwentelings nie net op sosio-ekonomiese vlak plaasgevind nie, maar ook in die kulturele lewe. Konsertering ter wille van die musiek as sodanig is opsy geskuif en die uiteenlopende struktuur van verskeidenheidskonserte het die geleentheid geword vir die uitlewing van patriotisme en, veral, die insameling van fondse vir patriotiese doeleindes. Ná die oorlog was daar oënskynlik 'n klemverskuiwing in die rigting van groter waardering vir ernstige musiek. Veral 'n aantal instrumentaliste het die leiding geneem om werke van 'n hoë gehalte bekend te stel. Ook het die instelling van 'n volwaardige kunswedstryd in 1922 die musieklewe op 'n hefter grondslag geplaas.

Oorsigtelik beoordeel is Oos-Londen se musiekbedrywighede deurgaans gekenmerk deur 'n patroon van voortdurende fluktuering tussen vermaaklikheidsmusiek en musiek van 'n ernstige aard, met die voordeel baie definitief aan eersgenoemde kant.